HERSTELLING.

Twee bladsye is per abuis as bl. no. 16 genommer.

-----oOo----

"... WE ARE RATHER DEFICIENT, IN THE HISTORICAL SENSE, IN SOUTH AFRICA AND HAVE TOO LITTLE FEELING FOR WHAT IS PICTURESQUE IN OUR PAST...."[1)]

---

1). Uit 'n brief van genl. Smuts aan mnr. J.X. Merriman. Merriman versameling no. 582 van 1909. 4/10/09.

# TRANSVAAL EN DIE TOTSTANDKOMING VAN DIE UNIE VAN SUID - AFRIKA.

1906 - 1910.

Proefskrif aangebied deur Ferdinand Vermooten, M.A., in vervulling van die vereistes vir die D. Litt. -graad in die vak Geskiedenis aan die Potchefstroomse Universiteit.

1955.

------oOo------

## DIE NASIONALE KONVENSIE.



ONDERSTE RY: J.W. SAUER, J.X. MERRIMAN, M.T. STEYN, A. FISCHER, H. DE VILLIERS, L. BOTHA, F. MOOR, W. MILTON, P. FITZPATRICK.

TWEEDE RY: E. WALTON, E.M. GREENE, H.C. VAN HEERDEN, M. BECK, G.H. MAASDORP, H.L. LINDSAY, F.S. MALAN, S.W. BURGER, T. SMARTT, C.R. DE WET, S. JAMESON, H.C. HULL, J.B.M. HERTZOG, E. KILPIN.

DERDE RY: J.H. DE LA REY, W.B. MORCOM, A. BROWNE, T. HYSLOP, J.W. JAGGER, C.J. SMYTHE, G. FARRAR, J.C. SMUTS, A.M.N. DE VILLIERS.

BOONSTE RY: G. PLOWMAN, W.E. BOK, G.R. HOFMEYR, W. STANFORD, C. COGHLAN.[1)]

---

1). Slegs die manne van wie die name nie onderstreep is nie was lede van die Nasionale Konvensie. Bok was die tolk en Kilpin, De Villiers en Hofmeyr was die sekretarisse.

# I N D E L I N G.


| | | Bl. |
|---|---|---|
| 1. AFKORTINGS. | | V |
| 2. INLEIDING. | | V1 |
| 3. HOOFSTUK 1. | VOORSPEL. | 1 |
| HOOFSTUK 2. | EERSTE DEEL. NASIONALE BEWUSWORDING. | 16 |
| | TWEEDE DEEL. DIE SELBORNE-MEMORANDUM. | 27 |
| HOOFSTUK 3. | TOENADERING. | 40 |
| HOOFSTUK 4. | EERSTE DEEL. GEBEURE ELDERS. | 77 |
| | TWEEDE DEEL. PROPAGANDA. | 83 |
| HOOFSTUK 5. | FINANSIES. | 113 |
| HOOFSTUK 6. | DIE PRETORIAKONFERENSIE. | 128 |
| HOOFSTUK 7. | PARLEMENTÊRE GOEDKEURING. | 162 |
| HOOFSTUK 8. | REËLINGS. | 177 |
| HOOFSTUK 9. | DIE NASIONALE KONVENSIE. | 143 |
| HOOFSTUK 10. | BESWARE. | 305 |
| HOOFSTUK 11. | DIE BEKRAGTIGING VAN DIE UNIEAKTE. | 348 |
| HOOFSTUK 12. | UNIFIKASIE. | 386 |
| 4. BYLAE. | | V111 |
| 5. BRONNE GERAADPLEEG. | | XX1 |
| 6. INDEKS. | | XXV111 |


## LYS VAN ILLUSTRASIES.


| | | |
|---|---|---|
| 1. | BOTHA NA ENGELAND. | 58A |
| 2. | BOTHA IN ENGELAND. | 59A |
| 3. | BOTHA AS BRITSGESINDE. | 62A |
| 4. | DIE INDIËRKWESSIE | 70A |
| 5. | DIE ARBEIDERKWESSIE. | 73A |
| 6. | BOTHA NA DURBAN. | 243A |
| 7. | GEHEIMHOUDING. | 254A |
| 8. | DIE NASIONALE KONVENSIE IN KAAPSTAD. | 286A. |


-----0-----

# A F K O R T I N G S.

Met 'n enkele uitsondering is alle afkortings wat in hierdie werk gebruik word, volgens die „Afrikaanse Woordelys en Spelreëls" van 1953. Die uitsondering is die Latynse „Sic." om aan te dui dat 'n fout in die oorspronklike bron voorkom.

Behalwe die erkende afkortings is die volgende woorde, wat herhaaldelik gebruik word, as volg afgekort:-

| | | |
|---|---|---|
| Aangehaalde werk | --- | A.w. |
| „Agent General" | --- | A.G. |
| Kaapkolonie | --- | K.K. |
| Oranje Rivier Kolonie | --- | O.R.K. |
| Koloniale Sekretaris | --- | Kol. Sekr. |
| Merriman versameling | --- | Mer. vers. |
| Versameling | --- | Vers. |

Omdat die gebruik van die aanspreekvorm by die name van persone met herhaling eentonig word, word daar in hierdie werk slegs van die aanspreekvorm gebruik gemaak as die naam van 'n persoon vir die eerste keer genoem word, of as dit in 'n sitaat voorkom, of as dit, weens effek, nodig geag word.

In alle sitate is die woordgebruik en die spelling korrek weergegee.

------oOo------

# INLEIDING.

Toe die ruiter-standbeeld van genl. Louis Botha op 15 Augustus 1946 onthul is, het etlike Afrikaners my gevra waarom die standbeeld juis op daardie plek, voor die Uniegebou, geplaas is. By sommige persone was daar verbittering omdat genl. Botha dan nie sou verdien het dat sy standbeeld so 'n prominente plek kry nie.

Omdat ek onder die besef gekom het dat my persoonlike kennis van die rol wat genl. Botha in ons volkslewe gespeel het gebrekkig was, en omdat ek ontnugter is deur die feit dat genl. Botha vir talle van my mede-Afrikaners 'n onbekende historiese figuur is, was ek dankbaar toe die Senaat van die Universiteit van Suid-Afrika toegestem het tot die keuse van my onderwerp.

Die aanvoorwerk was maklik. Daar is letterlik honderde boeke wat die geskiedenis van Suid-Afrika, tot en met die jaar 1904, behandel. Met die nagaan van die tydvak daarna het die moeilikhede begin. Geskiedenisboeke en outobiografiee oor die periode 1900 tot 1910 verraai soms onsekerheid en soms oppervlakkigheid. Aangesien die bronne t.a.v. daardie tydperk tot onlangs toe nog nie beskikbaar was nie, is dit begryplik dat daar geen diepgaande studie van hierdie tydperk van ons geskiedenis gemaak kon word nie. Die persoonlike korrespondensie van genl. J.C. Smuts sal, volgens deur die personeel van die Transvaalse argief aan my meegedeel, pas na 1960 vir vorsers beskikbaar wees. Hierdeur is die bestudering van die onderwerp aansienlik bemoeilik en soms is daar gevoel dat daar leemtes is wat later aangevul sal moet word.

Gelukkig, egter, was genls. Botha en Smuts tot teen die middel van 1909 baie goed bevriend met mnr. John Xavier Merriman. Hulle het gedurig met hom gekorrespondeer en hierdie versameling van briewe is pragtig deur die personeel van die Kaapse biblioteek versorg en bewaar. Aan die personeel van die Kaapse biblioteek en argief wil ek graag langs hierdie weg my dank en waardering uitspreek vir die wyse waarop ons historiese dokumente deur hulle versorg word en vir die

voortreflike manier waarop besoekers deur hulle behandel word.

Ook wil ek hiermee my dank uitspreek teenoor die personele van die Transvaalse argief, die Staatsbiblioteek, die Johannesburgse Stadsbiblioteek en die Natalse argief vir hul vriendelikheid en hulpvaardigheid.

Aan prof. dr. D.W. Krüger, van die P.U. vir C.H.O., my dank en waardering vir sy simpatieke leiding en aanmoediging asook vir die boeke waarmee hy my vertrou het.

Aan mnr. Lionel Curtis my opregte dank omdat hy, in die aand van sy lewe, my van publikasies, ongepubliseerde materiaal en persoonlike herinneringe voorsien het.

Geen man sal ooit besef wat sy eggenote terwille van sy studie opoffer nie. Die hulp, die aanmoediging, die advies en die jare van vereensaming is 'n offer wat nie vergoed kan word nie, en daarom word hierdie werk met dankbare erkentlikheid opgedra aan my lewensmaat.

Die Skrywer.

--------oOo-------

# H O O F S T U K 1.

## VOORSPEL.

| | Bl. |
|---|---|
| 1. SUID-AFRIKA VERENIG ONDER EEN VLAG. | 2 |
| 2. DIE SLUITING VAN 'N EKONOMIESE UNIE. | 6 |
| 3. DIE SJINESE WERKVOLK. | 7 |
| 4. DIE STIGTING VAN DIE „HET VOLK" -PARTY. | 8 |
| 5. DIE STIGTING VAN ANDER POLITIEKE PARTYE. | 9 |
| 6. DIE HERBEGRAFNIS VAN PRES. PAUL KRUGER. | 11 |
| 7. DIE TOEKENNING VAN VERANTWOORDELIKE BESTUUR. | 11 |
| 8. DIE „WEST RIDGEWAY COMMISSION." | 13 |
| 9. DIE VERKIESING VAN 1907. | 15. |

--------o0o--------

# HOOFSTUK 1.

## VOORSPEL.

### SUID-AFRIKA VERENIG ONDER EEN VLAG.

Alhoewel daar tydens die negentiende eeu kragtige pogings aangewend is om die verskillende state in Suid-Afrika te verenig, het hierdie pogings misluk omdat dit nie tot 'n volksbeweging omgeskep kon word nie. Die state wou nie hul onafhanklikheid prysgee nie en die inwoners van die gebiede het vreemd teenoor mekaar gestaan.

Die weg tot unifikasie is deur die Tweede Vryheidsoorlog voorberei. Dit het al die gebiede onder een vlag gebring, dit het Boer en Brit geleer om mekaar te respekteer, dit het die nasionale bewussyn van die Afrikanervolk bevorder en, as gevolg van die onderlinge verskille tussen die leiers van Transvaal en die Vrystaat, het dit eersgenoemde in staat gestel om die inisiatief te neem sodat Transvaal 'n belangrike stempel op die vorm van die Unie kon afdruk.

Op 21 Desember 1900 het mnr. Lionel Curtis, 'n lid van die administratiewe personeel van lord Milner, as volg geskryf. "... Reading Buller's speeches makes one feel it an imperative duty to report as accurately as one can how things look. Buller talks as if the Boers under arms were mercenary and scalliwags. If Buller's information is always of this kind it goes far to account for Colenso and other incidents. Is it a characteristic of mercenaries not to know when they are beaten and to continue fighting for masters who cannot pay them? Let us recognise the truth and speak it... The men left in the field are the thrice bolted flower of the Dutch people...."[1] Ook het die Boerevrou, in haar vernedering, so gunstig vergelyk met die Britse hoteldame dat Curtis op dieselfde dag geskryf het: "...When we saw the ladies with their painted faces and pinched bodies I could not help thinking that for refinement and dignity we had something to learn from the inhabitants of these mean cottages.

1). Lionel Curtis: "With Milner in South Africa," bl. 184.

They have some worth in life beyond striking attitudes...."[1]

Gedurende die oorlog het daar 'n splitsing in die geledere van beide die vegtende partye gekom. Vir die Boeremagte was dit fataal. Die aantal „National Scouts" en „Orange River Colony Volunteers" het tot so 'n mate aangewas dat dit een van die grootste faktore was wat die Bittereinders beweeg het om die ongelyke stryd te staak.[2] Die verdeeldheid wat daar in die Britse geledere geheers het, was te ver van die kuste van Suid-Afrika af verwyder om enige invloed op die houding van die Britse leërmag uit te oefen. Die „South African Conciliation Committee," met persone soos sir Henry Campbell-Bannerman, lord Courtney, regter Mackarness en mej. Emily Hobhouse as lede, het hulle in Engeland vir die Boeresaak beywer.[3] Hulle is egter as „Pro-Boer" uitgejou en met die oorweldigende meerderheid wat die Konserwatiewes en die Unioniste in die verkiesing van 1900 behaal het, het die Britse volk oortuigend bewys dat daar anders opgetree moes word as wat in 1880 die geval was.[4]

Vanaf die begin van die twintigste eeu het daar 'n duidelike kentering in die Britse politieke lewe gekom. Die denkbeeld van „British Supremacy" het vinnig vervaag voor die ontwaking van imperiale bewustheid. Reeds in Junie 1900 het die Britse kabinet die moontlike vredesvoorwaardes begin bespreek en die algemene gevoel was dat „... from a British point of view the union of South Africa under the British flag was a thing every lover of the British Empire would welcome with rejoicing. It would put an end to all anxiety as to the future of South Africa and be a sensible addition to the strength of the Empire...."[5]

Ook in Suid-Afrika is hierdie houding deur die Engelssprekendes aangeneem, maar daar is besef dat met 'n verkiesing die Boere in die meerderheid sou wees en dat die oorlog dan verniet sou plaasgevind het.

---

1). Lionel Curtis. A.w. Bl. 187 - 188.
2). „The Times History of the War in South Africa, 1899-1902. General Editor: L.S. Amery." Vol. V, bl. 580-590. (Geneem uit 'n toespraak van genl. Botha.)
3). Annette Terblanche: „Emily Hobhouse," bl. 37.
4). F.J.C. Hearnshaw: „Edwardian England. A.D. 1901-1910. A series of lectures delivered at King's College, University of London, during the session 1932-1933," bl. 84 en 148.
5). Edith Lyttelton: „Alfred Lyttelton. An account of his life," bl. 236.

Verdeeldheid sou die blanke rasse net verder van mekaar af dryf en dan kon die naturellemoeilikhede vir politieke doeleindes aangewend word.[1)] Die enigste ander alternatief was, soos Lionel Curtis dit op 24 November 1900 gestel het, dat Milner en sy personeel „...is to enter as a third party, standing outside the local quarrels and accustom both sides to the ideas of blessed compromise...."[2)]

Na die dood van kmdt. genl. P.J. Joubert, op 28 Maart 1900, is genl. Louis Botha bevorder tot kommandant-generaal van die Transvaalse leërmag. Hy het, vier maande nadat pres. Kruger sy land verlaat het, ingestem om lord Kitchener, die Britse bevelvoerder, op 28 Januarie 1901 te ontmoet met die doel om tot 'n bevredigende vredesooreenkoms te geraak. By Middelburg het Kitchener so onder die indruk van die persoonlikheid en die gewildheid van Botha gekom dat hy geskryf het dat Botha, in 'n amptelike hoedanigheid, van groot waarde vir die toekomstige regering sou wees.[3)]

Die fondament vir die wederkerige agting, wat later tot versoening in die verbitterde gemoedere sou lei, is in Middelburg gelê. Ook is daar die grondslag gelê vir die bepalinge wat later in die vredesverdrag van Vereeniging opgeneem sou word.[4)]

Reeds tydens die oorlog was daar tekens dat daar 'n verskil in politieke sienswyse tussen die leiers van Transvaal en die leiers van die Vrystaat was. President Steyn, die enigste Vrystaatse leier wat versoening met die Engelse sou verwelkom,[5)] kon weens swak gesondheid hom nie in hierdie rigting beywer nie. Generaal Botha, wat by Middelburg openbaar het dat hy ten gunste van nouere samewerking was, kon staat maak op die steun van genl. Smuts wat, deur sy Engels-georiënteerde opvoeding, potensiëel daarvoor te vinde was.

Vanaf 15 Mei 1902, toe sestig Boere-afgevaardigdes in Vereeniging vergader het, het onderhandelings tussen die twee vyandelike groepe in alle erns begin. 'n Kommissie is op 19 Mei benoem om met lord

---

1). Sir Edgar H. Walton: „The Inner History of the National Convention of South Africa, together with a memorandum by Mr. Gys R. Hofmeyr, one of the Secretaries to the Convention," bl. 11.
2). Lionel Curtis. A.w. Bl. 167.
3). Dr. F.V. Engelenburg: „General Louis Botha, with an introduction by the Right Hon. General J.C. Smuts," bl. 63 tot 70.
4). „The Times History of the War in South Africa." A.w. Bl. 185-188.
5). Earl Buxton: „General Botha," bl. 4.

Kitchener en lord Milner te onderhandel. Toe 'n dooiepunt bereik is as gevolg van die ontoegeeflike houding van Milner, het Kitchener vir Smuts opsy geneem en hom meegedeel dat, na alle waarskynlikheid, die Liberale party die volgende verkiesing in Engeland sou wen en dat die gewese republieke dan verantwoordelike bestuur sou kry.[1] Die nuus was vir Smuts deurslaggewend en saam het die Transvaalse afgevaardigdes die Vrystaters oorreed om die vredesverdrag te onderteken.[2]

Betreffende die Vredesverdrag van Vereeniging van 31 Mei 1902 is dit van belang om daarop te let dat pres. S.J.P. Kruger, die draer van die gedagte van die Afrikanervolk, nie toegelaat sou word om na sy land terug te keer nie. Om die Afrikaanse oorwig in Transvaal te verminder sou Utrecht, Vryheid en 'n deel van die Wakkerstroomse distrik by Natal gevoeg word en, volgens art. 7, sou: „...Military administration in the Transvaal and in the Orange River Colony, as soon as it is possible, be followed by civil government; and, as soon as circumstances permit it, a representative system tending towards autonomy shall be introduced...."[3]

Op 21 November 1902 is die militêre bestuur beëindig en die voormalige republieke het kroonkolonies van Engeland geword. Lord Milner sou die bestuur waarneem en hy is bygestaan deur twee luitenant-goewerneurs asook 'n Wetgewende Raad van benoemde lede en 'n Uitvoerende Raad van amptenare vir elk van die twee kolonies.[4] Daar is onmiddellik geprobeer om toestande in die nuwe kolonies in ooreenstemming met die toestande in die ouer kolonies te bring. Sir Henry de Villiers het hom verset teen die beweging om die Britse wet in die nuwe kolonies in te voer omdat die Romeins-Hollandse wet ook in die K.K. van toepassing was. Sir Henry het sy sin gekry met die gevolg dat die naastenby uniforme wetstelsels van daardie drie kolonies behou is.[5]

---

1). H.C.Armstrong: „Grey Steel. J.C.Smuts. A study in arrogance," bl.105.
2). George Mc.Call Theal: „South Africa. The Union of South Africa, Rhodesia, and all territories south of the Zambesi," bl. 417.
3). G.W. Eybers. „Select Constitutional Documents illustrating South African History. 1795-1910," bl. 245-347.
4). A.J.H. van der Walt, J.A.Wiid, A.L.Geyer: „Geskiedenis van Suid-Afrika," deel 2, bl. 67.
5). Eric A.Walker: „A history of South Africa," bl. 408.

Met die doel om fondse vir die verarmde Boere te verkry het generaals Botha, De la Rey en De Wet in Augustus 1902 in Engeland aan wal gestap. Hulle het tydens hul verblyf aldaar talle uitnodigings ontvang. Nuttige toekomstige kontakte is gemaak en die leiers van die Liberale party het Botha die versekering gegee dat die Konserwatiewe kabinet na die volgende verkiesing sou val.[1)]

Generaal Botha, wat die mag van Engeland gesien en leer bewonder het, het tot die oortuiging geraak dat die regte plek vir Suid-Afrika slegs in die Britse Ryk was. Na sy terugkeer het hy sy gevolgtrekkinge met Smuts bespreek. Smuts was dit met hom eens en saam het hulle op hul program van aksie besluit: „...They would studiously observe the treaty...they would proclaim acceptance of the Empire, but they would, on all occasions and on all points, attack Milner and his administration. They would refuse to give him any active help. Milner would need their help and advice. Advice they would give, but without taking any responsibilities. Milner would make mistakes. They would use them. It was a shrewd, clever policy created by the brain of Smuts and given weight and dignity by Botha....''[2)]

In Julie 1902 het lord Salisbury weens siekte bedank en is as premier deur mnr. Balfour opgevolg. In Mei 1903 het ook mnr. Chamberlain bedank en sy plek is deur sir Alfred Lyttelton ingeneem. Daar het nou 'n skeuring in die geledere van die Konserwatiewe party in Engeland gekom waardeur die Liberaliste saamgesnoer is en lord Milner sy steun verloor het.[3)]

DIE SLUITING VAN 'N EKONOMIESE UNIE.

Die tolunies van 1889, 1896 en selfs die oorlog, kon die probleem van die handelsverkeer tussen die kusprovinsies en die binneland nie oplos nie. Ter wille van die verkryging van naturellearbeiders vir die goudmyne het Milner 67% van die Transvaalse handel in sy „Modus Vivendi'' aan Mosambiek toegesê. Die Kaapkolonie

1). Eric Rosenthal: „General de Wet. A Biography,'' bl. 123-125.
2). H.C.Armstrong. A.w. Bl. 114-117.
3). E. Lyttelton. A.w. Bl. 279.

en Natal het veronreg gevoel en het dit verwelkom toe Milner, met die doel om 'n politieke federasie te bevorder, verteenwoordigers vanaf alle Britse gebiede suid van die Sambesie genooi het om 'n tolkonferensie te Bloemfontein by te woon. As gevolg van hierdie konferensie is daar 'n tolunie tussen dié gebiede, insluitende die Protektorate, gesluit, wat vanaf 1 Julie 1903 van krag sou wees. Die ooreenkoms sou vir twee jaar geldig wees en daarna vir 12 maande vanaf die datum waarop enige van die kontrakterende gebiede kennis van terugtrekking gee. Deur die tolunie is alle tariefmure tussen die kontrakterende gebiede uitgewis en handelsvoorkeur is aan Engeland toegesê asook aan die dele van die Britse Ryk wat soortgelyke voordele aan Suid-Afrika sou gee. 'n Ekonomiese unie is dus gesluit waardeur die weg tot politieke unifikasie voorberei is. 1)

DIE SJINESE WERKVOLK.

Die kwessie van die verkryging van ongeskoolde arbeiders vir die goudmyne is ook op die tolkonferensie te Bloemfontein bespreek. Daar is besluit dat die invoer van Asiate, soos in die geval van Natal, nadelig vir die land sou wees, maar dat die invoer van ongeskoolde Asiatiese arbeiders onder 'n stelsel van regeringsbeheer, wat voorsiening sou maak vir die inboek van die arbeiders en vir repatriasie na verstryking van die kontraktyd, wel toegepas kan word. 2)

Om sy rekonstruksiewerk en sy immigrasiebeleid te laat slaag was Milner van die goudmyne afhanklik. Vir die myne was die verkryging van goedkoop ongeskoolde arbeid noodsaaklik. Die plaaslike Bantoe, verryk en bederf tydens die oorlog, het 'n maklike bestaan gemaak en was onwillig om ondergrond te gaan werk. Die naturelletoevoer vanaf die Portugese gebied was onvoldoende, die werwing van naturellearbeiders in ander dele van Afrika het misluk en selfs 'n eksperiment om van ongeskoolde blankes gebruik te maak het nie geslaag nie. Twee-derdes van die myne se meulens het in Mei 1902 gestaan. 'n Kommissie van ondersoek is deur die Kamer van Mynwese aangestel en

---

1). „Official Year Book of the Union of South Africa," no. 1, bl. 493.
2). Violet R.Markham: „The New Era in South Africa with examination of the Chinese Labour Question," bl. 103.

hul bevinding was dat minstens 70,000 ongeskoolde arbeiders gevind moes word. Die komitee het die invoer van ongeskoolde Sjinese koelies aanbeveel want daardeur sou talle naturelle vrygestel kon word vir diens op die landerye en in die industrieë. Die aanbeveling is deur die Kamer van Mynwese in Februarie 1903 goedgekeur en op 10 Februarie 1904 het die Wetgewende Raad van Transvaal, met goedkeuring van Alfred Lyttelton, die „Labour Importation Ordinance" aangeneem. Op 18 Junie 1904 het die eerste 1,055 koelies by Durban aan wal gestap en in 1906 was daar reeds 50,000 van hierdie Asiate op die Witwatersrand.[1)]

Onmiddellike protes is deur die Afrikanervolk aangeteken en Smuts het hierin die voortou geneem. Aan Emily Hobhouse het hy o.a. geskryf dat die Boerebevolking geskok was omdat die Britse owerhede die belange van die land verontagsaam het deur nog 'n gekleurde ras in te voer.[2)]

Sonder om die toestemming van genl. Smuts te vra het mej. Hobhouse die brief in die „Times" van 15 Maart 1904 laat publiseer. 'n Opskudding is daardeur in Engeland veroorsaak. Die ontvangs van verdere berigte het die ontevredenheid laat toeneem. Op 21 Maart 1905 het sir William Byles in die Britse laerhuis 'n formele mosie van afkeuring van lord Milner voorgestel omdat hy hom aan onwettige praktyke insake Sjinese werkvolk op die Witwatersrand skuldig sou gemaak het. Mnr. Winston Churchill het dit met 'n amendement tot 'n bedekte mosie van afkeuring gewysig en Milner moes bedank.[3)]

Die Britse opposisie het die regering van Sjinese slawerny beskuldig. Die verkiesing van 1905 het 'n verpletterende neerlaag aan die pro-Sjinese besorg en die Liberale party onder die leiding van sir Henry Campbell-Bannerman het aan bewind gekom. Daardeur is 'n groot struikelblok in die weg van nadere aaneensluiting in Suid-Afrika uit die weg geruim.[4)]

DIE STIGTING VAN DIE „HET VOLK"-PARTY.

Generaal Louis Botha, 'n Nataller van geboorte en daarom goed

1). Owen Letcher: „The Gold Mines of Southern Africa. The History, Technology and Statistics of the Gold Industry," bl. 148-152.
2). Abel Coetzee: „Die opkoms van die Afrikaanse Kultuurgedagte aan die Rand," bl. 152-153.
3). A.J.H.van der Walt, Wiid en Geyer. A.w. Deel 1, bl. 624-625.
4). do. Bl. 633.

bekend met die Indiërprobleem, het in die invoer van die Sjinese koelies 'n groot bedreiging vir sy land gesien. Hul geheimsinnigheid, hul eienaardige gebruike, spesiale voedsel en hul neiging om hul lone, ten bedrae van miljoene ponde, na die buiteland te stuur, het werklike gevaar opgelewer. Botha was van mening dat die land se eie kragbronne nie goed nagegaan is nie en dat Milner en die leiers van die mynindustrie, uit vrees vir 'n tydelike depressie, die belange van die land uit die oog verloor het.

Op 2 Julie 1903 het Botha 'n groot vergadering te Heidelberg toegespreek om te protesteer teen die invoer van die Sjinese, om gelyke taalregte te eis en om te vra dat geen verdere geldlenings van Engeland geneem sou word voor die instelling van selfregering nie. Verskeie ander vergaderings is gehou en daar is besluit om afgevaardigdes te stuur na 'n volkskongres wat die volgende jaar in Pretoria gehou sou word.[1)]

Op 23 Mei 1904 is die volkskongres in die Volkstemgebou gehou. Die „Het Volk" -party is gestig wat vir die volgende sewe jaar die mees dominerende faktor in die politieke lewe van Suid-Afrika sou wees. Genl. Botha, wat as voorsitter gekies is, het die kongresgangers aangeraai om die „National Scouts" te vergewe en om die hand van vriendskap aan hul Engelssprekende landgenote te reik.

In uitvoering van een van die pligte deur die kongres aan hom opgedra, het Botha 'n verslag van die gebeure aan pres. Kruger gekabel. In antwoord daarop is die bekende laaste boodskap van pres. Kruger ontvang.[2)]

DIE STIGTING VAN ANDER POLITIEKE PARTYE.

Genls. Botha en Smuts het rassesamewerking beskou as die enigste manier waardeur die ongewenste bestuur van lord Milner beëindig kon word en waardeur die Afrikaners hul standpunt hoorbaar kon stel. Hulle kon reken op die steun van die Engelse gematigdes, daar hul leier sir Harry Solomon, hulle in die „Transvaal Leader" van 12 Desember 1904

---

1). A.J.H. van der Walt, Wiid en Geyer. A.w. Deel 1, bl. 629-630.
2). C.M. van den Heever. A.w. Bl. 210-211.

van sy samewerking verseker het mits hulle die oppergesag van Engeland respekteer en in belang van die land optree.[1)]

Na die stigting van die „Het Volk" -party het die Engelse in Transvaal ook begin organiseer en gedurende dieselfde jaar is verskeie ander politieke partye gestig, nl. die „Responsible Government Party" onder leiding van Harry en E.P. Solomon en die „Transvaal Progressive Association" onder leiding van sir George Farrar, sir Percy Fitzpatrick en mnr. Abe Bailey. Die arbeiderspartye, wat gedurende die jare 1903-1904 tot stand gekom het, is deur H.W. Sampson saamgesnoer tot die „Independent Labour Party."[2)]

In teenstelling met die „Het Volk" -party en die „Responsible Government Party" was dit die doelstelling van die „Progressive Association" om die instelling van volle verantwoordelike bestuur teen te werk aangesien hulle, uit vrees vir die getalsterkte van die Boerebevolking, slegs ten gunste van die toekenning van verteenwoordigende bestuur was.[3)]

In die Oranje Rivier Kolonie het daar ook onder die Afrikaners 'n politieke oplewing gekom en die „Orangia Unie" -party is gestig terwyl die Engelse aldaar die „Constitutional Party," met 'n doelstelling soortgelyk aan dié van die „Progressive Association," in die lewe geroep het.[4)]

Die bande tussen die Afrikaners in die twee verowerde kolonies en die Afrikaners in die K.K. is deur die oorlog versterk.[5)] Deurdat duisende rebelle hul stemreg verloor het, is die „Bond" -party verslaan en dr. Jameson en sy „Progressive Party" het die septer geswaai. Talle van die gematigde inwoners is deur Jameson vervreem en hulle het by die „Bond" -party, wat as die „Suid-Afrikaanse" -party gerekonstitusioneer is, aangesluit. Die leiers van hierdie party was mnre. Merriman, Hofmeyr en Sauer.[6)]

---

1). „The Transvaal Leader," 12 Desember 1904, bl. 7.
2). J.Albert Coetzee: „Politieke groepering in die wording van die Afrikanernasie," bl. 327.
3). Lees die brief van Richard Currie in die bylae, bl. Vlll.
4). J. Albert Coetzee. A.w. Bl. 328.
5). C.W. de Kiewiet: „A history of South Africa, Social and Economic, bl. 147.
6). J. Albert Coetzee. A.w. Bl. 326.

DIE HERBEGRAFNIS VAN PRESIDENT PAUL KRUGER.

Ook die herbegrafnis van pres. Paul Kruger, wat op Dingaansdag 1904 te Pretoria plaasgevind het, het gedien om die Afrikaners met mekaar in kontak te bring en om hulle hegter aan mekaar te bind.

Die mantel van pres. Kruger het op die held van Colenso, die gewilde leier van die „Het Volk" -party, geval.[1] Hy het die lyk op sy treinreis vanaf Kaapstad vergesel en op alle stasies het skares saamgedrom om die laaste eer aan pres. Kruger te bewys. Deur die takt van Botha is die samewerking van die verskeie regerings verkry en die respek en die simpatie van die Engelse is afgedwing.[2]

By die graf het Botha die laaste boodskap van pres. Kruger voorgelees en 'n liberaal-progressiewe[3] vertolking daaraan gegee: „... Uit zijn graf roept hij ons tot verzoening, tot die onderlinge zamenwerking van alle blanken die alleen dit land zal groot maken en zijn ideaal verwezenliken ... Het doet mij grote vreugde te zien dat Engelsman en Boer, de Engelsman en de Afrikaner vanaf Kaapstad over geheel Zuid-Afrika ook heden tezamen geschaard staan en deelnemen aan zijne begrafenis...."[4]

DIE STRYD OM DIE TOEKENNING VAN VERANTWOORDELIKE BESTUUR.

Die dag na die herbegrafnis van pres. Kruger het die mees vooraanstaande Boereleiers lord Milner versoek om geen verandering in die regering teweeg te bring alvorens volle verantwoordelike bestuur toegestaan is nie. Reeds op 31 Maart 1904 is die sg. „Letters Patent" vir die toekenning van verteenwoordigende bestuur aan Transvaal in Londen uitgegee.[5] Verantwoordelike bestuur kon nie toegelaat word nie omdat invloedryke Engelse kringe van mening was dat hulle nie dit wat hulle op die slagveld gewen het, op die politieke platform moes verloor nie.[6]

---

1). C.M. van den Heever. A.w. Bl. 211.
2). F.V. Engelenburg. A.w. Bl. 135.
3). Die liberaal-progressiewe groep, onder leiding van genl. Joubert, was die politieke teenstanders van pres. Kruger. Hul doelstelling was om die Uitlanders in die burgerskap van die Republiek in te lyf. Genl. Botha was 'n ondersteuner van hierdie party.
4). „De Volkstem," 17 Desember 1904, bl. 9.
5). E. Lyttelton. A.w. Bl. 306.
6). „The Star," 28 November 1904, hoofartikel.

Gevoelens in Transvaal het hoog opgevlam. Die Solomons was in botsing met die ander Engelse partye en W.T. Stead het, na 'n besoek aan Suid-Afrika, die Britte prontuit gewaarsku dat die toekenning van selfbestuur noodsaaklik was om rus in Suid-Afrika te verseker.[1)]

Stead het die gevaar beslis nie oordryf nie. 'n Brief van genl. Smuts aan mej. E. Hobhouse, op 4 Maart 1904 geskryf, het duidelik getoon dat die Boere nie veel langer sou wag nie. Hy het aanbeveel dat selfbestuur onmiddellik aan Transvaal toegestaan moes word om die Boere te kalmeer en om die toekomstige belange van Engeland in Transvaal te beveilig.[2)]

Op Saterdag 28 Januarie 1905 het die Boere, versterk deur die nie-Britse Uitlanders, wat deur Milner vervreem is, in die Empressteater in Pretoria vergader om die eerste twee takke van die „Het Volk" -party te stig.[3)] Op 20 April het die „Responsible Government Party" met die „Het Volk" -party begin onderhandel met die doel om op politieke gebied saam te werk. Die doelstelling van die „Responsible Government Party," nl. die verkryging van verantwoordelike bestuur, het, as gevolg van die onderhandelinge, ook die vernaamste strewe van die „Het Volk" -party geword.[4)]

Na die vertrek van Milner, in April 1905, het generaals Botha, Smuts en Beyers besluit om die bul by die horings te pak. In Mei het hulle op die Wanderersterrein in Johannesburg 'n massavergadering toegespreek. Die generaals is deur die nie-Britse Uitlanders gesteun met die gevolg dat Smuts teen die einde van die jaar na Engeland gestuur is om Campbell-Bannerman, die nuwe Britse premier, van die wenslikheid van die instelling van verantwoordelike bestuur vir Transvaal te oortuig.[5)]

Die nuwe Britse regering, nog onbekend met die besonderhede t.a.v. die administrasie, was ontevrede met die spoedige besoek van Smuts. Genl. Smuts het egter daarin geslaag om onderhoude met prominente persone, soos Churchill en Morley, te reël en hy het 'n

---

1). Eric A. Walker. A.w. Bl. 415
2). Sarah Gertrude Millin: „General Smuts," bl. 209.
3). Abel Coetzee. A.w. Bl. 158 tot 159 en bl. 174.
4). do. Bl. 176.
5). A.J.H. van der Walt, Wiid en Geyer. A.w. Deel 1, bl.626, deel 2, bl. 68.

memorandum, wat Botha se sienswyses vertolk, in die Koloniale Kantoor gelaat. „...Let it be clearly understood," is meegedeel, „once and for all, that the Boers and their leaders do not wish to raise the question of the annexation of the new Colonies of the British flag. They accept accomplished facts and therefore wish to take part in responsible government...."[1]

Generaal Smuts het ook daarin geslaag om met Campbell-Bannerman te gesels en die Britse premier daarvan te oortuig dat die toekenning van verantwoordelike bestuur in belang van beide Engeland en Transvaal sou wees.[2]

Die volgende dag, 8 Februarie 1906, het Campbell-Bannerman 'n indrukwekkende beroep op sy kabinetsraad gedoen. Hulle moes Boer en Brit in Transvaal die geleentheid gee om self hul lot uit te werk. Die toespraak, gelewer in 'n tydsbestek van tien minute, was so indrukwekkend dat, waar aanvanklik slegs twee van die lede met Campbell-Bannerman dit eens was, hy na die toespraak die volle steun van die hele kabinet verkry het.

Vyf dae later het die Britse regering besluit om die Lyttelton-grondwet te herroep en om 'n koninklike kommissie van ondersoek, die sg. „West Ridgeway Commission," na Suid-Afrika te stuur.[3]

DIE „WEST RIDGEWAY COMMISSION."

Die harde kors van ongenaakbaarheid wat sedert die begin van die eeu so duidelik in Transvaal merkbaar was, het begin ontdooi en die onderdrukte Afrikaanse volksenergie kon uiting soek in politieke skeppingswerk. Die gewaagde proefneming, soos Balfour dit genoem het, het onmiddellike resultaat gelewer. Generaal Smuts het verklaar dat dit hom vir ewig in liefde aan Engeland gekoppel het en daarna het hy en Botha hulle onder so 'n swaar morele verpligting bevind dat hulle steeds verder moes saamgaan waar dit ryksbelange aangegaan het. Hulle het nie besef dat die toekenning van verantwoordelike bestuur volgens belofte was en nie as 'n guns gegee is nie.[4]

---

1).Mer. vers. No. 198 van 1906. 30 Augustus 1906
2).Basil Williams: „Botha, Smuts and South Africa," bl. 54-55.
3).A.J.H. van der Walt, Wiid en Geyer. A.w. Deel 1, bl. 633-634.
4).do.

Ook het hulle nie daaraan gedink dat dit die enigste manier was waarop die nuwe Britse regering van die lastige Sjinere-kwessie, wat hulle aan die roer van sake gebring het, bevry kon word nie. Transvaal sou nou self die arbeidervraagstuk moes oplos en die Engelse regering kon sy hande in onskuld was.

Die opdrag van die „West Ridgeway Commission," wat in Mei 1906 met sy werksaamhede in Pretoria begin het, was om ondersoek in te stel na beide die Sjinese-kwessie en die beste bestuursvorm vir Transvaal. Aanvanklik was die Boere nie geesdriftig oor die sending van hierdie kommissie nie aangesien hulle bevrees was dat die kommissie 'n te groot parlementêre verteenwoordiging vir die Witwatersrand sou aanbeveel en dat hulle op die Kaapse stelsel van stemreg vir nie-blankes sou aandring. Hierdie vrees word mooi uitgebeeld in 'n skrywe van pres. Steyn aan mnr. Merriman nadat hy 'n besoek aan Transvaal afgelê het: „...I had a long chat with Smuts. He seems to be well satisfied with his visit to London, although he does not consider us quite out of danger yet. The 'one vote one value' principle is still hanging like the sword of Damocles over our heads. If they leave that principle and refer the Chinese question to the Transvaal Legislature it virtually means that the Chinese question is decided. Unless the outrages of these celestials are stopped I foresee grave difficulties from what Botha tells me... Botha and Smuts have great difficulty in preventing the Boers from taking the law in their own hands...."[1)]

Die Britse regering het egter voet by stuk gehou en lord Elgin, die koloniale sekretaris, het bekendgemaak dat verantwoordelike bestuur sonder versuim in Transvaal toegepas sou word.[2)]

In die nuwe kolonies, waar die C.N.O. -skole en die Tweede Afrikaanse Taalbeweging oortuigend bewys gelewer het dat

---

1). Mer. Vers. No. 79 van 1906. 21 Maart 1906.
2). Eric A. Walker. A.w. Bl. 518.

nòg oorlog nòg onderdrukking die Boer se liefde vir sy land, sy taal en sy kultuur kon demp, het die nuus van die toekenning van verantwoordelike bestuur 'n gemengde ontvangs gehad. Vir die Boereleiers, generaals Botha, Smuts, Hertzog en mnr. Hofmeyr, asook vir die leiers van die „Responsible Government Party," was dit 'n geweldige oorwinning. Johannesburg, egter, was werklik in 'n toestand van beroering. Dit was so erg dat dit vergelyk is met die spanning wat daar geheers het net voor die Jameson-strooptog. Die redakteur van die „Star" het dit beskou as 'n aanval op die Britse gesag in Transvaal[1)] en op 'n vergadering van 29 Januarie 1906 het kol. sir Aubrey Woolls-Sampson gewaarsku dat „...If a Boer majority were returned tomorrow, it would mean a Boer Government with a Boer Premier...."[2)]

Teen die einde van Julie het die „West Ridgeway Commission" besluit dat daar 'n genomineerde Wetgewende Raad van 15 lede sou wees. Na vier jaar sou die lede daarvan gekies word. Ook sou daar 'n gekose Wetgewende Vergadering van 69 verteenwoordigers wees waarvan die Witwatersrand 34, Pretoria 6 en die res van Transvaal 29 lede sou kies.[3)]

DIE VERKIESING VAN 1907.

In Februarie 1907 is 'n algemene verkiesing volgens die nuwe grondwet van Transvaal gehou. Die „Het Volk" -party het 'n oorwinning behaal deur 37 setels te verower. Die „Nasionale" -party, vroeër bekend as die „Responsible Government Party," het 6 setels verower. Die „Progressive Party" het 21 setels verower en die Arbeiders en die onafhanklikes saam het 5 setels bekom. Generaal Louis Botha het daarop die eerste premier van Transvaal geword en generaal Smuts is in die kabinet opgeneem as Koloniale Sekretaris en Minister van Onderwys. In die genomineerde Hoërhuis

---

1). „The Star," 26 Januarie 1906, hoofartikel.
2). do. 30 Januarie 1906, hoofartikel.
3). M.S. Geen: „The making of the Union of South Africa. A brief history. 1487-1939," bl. 154.

# HOOFSTUK 2.

## EERSTE DEEL — NASIONALE BEWUSWORDING.

| | Bl. |
|---|---|
| STANDAARD TYD. | 17 |
| DIE SUID-AFRIKAANSE STATISTIESE BURO. | 17 |
| DIE FEDERASIE VAN DIE HOF. | 17 |
| POGINGS TOT DIE FEDERASIE VAN TRANSVAAL EN NATAL. | 19 |
| POGINGS TOT DIE VERENIGING VAN DIE UNIVERSITEITE. | 22 |
| DIE INTERKOLONIALE SPRINKAANBURO. | 24 |
| POGINGS TOT DIE VERENIGING VAN DIE VERDEDIGINGSMAGTE. | 25 |

## TWEEDE DEEL — DIE SELBORNE-MEMORANDUM

| | |
|---|---|
| DIE OORSAKE VIR DIE OPSTEL VAN DIE MEMORANDUM | 27 |
| DIE VERSOEK VAN DIE KAAPSE MINISTERS. | 30 |
| DIE REAKSIE VAN DIE BRITSE GEBIEDE IN SUID-AFRIKA. | 31 |
| DIE MEMORANDUM | 34 |
| KRITIEK OP DIE MEMORANDUM. | 35. |

------oOo------

# HOOFSTUK 2.

## EERSTE DEEL SAMEWERKING.

Onmiddellik na afloop van die Tweede Vryheidsoorlog, toe die Suid-Afrikaanse state onder een vlag saamgesnoer is, het daar 'n drang ontwikkel om, waar moontlik, aangeleenthede van landsbelang as een te behandel.

### STANDAARD TYD.

Op 3 November 1902 het die Uitvoerende Raad van Transvaal besluit dat dit wenslik sou wees om standaard tyd vir Suidelik-Afrika in te stel. Die 30° O.L. -meridiaan sou as die basis van tydberekening dien. Die ander Britse gebiede, sowel as Portugees-Oos-Afrika, het ook die beginsel goedgekeur en op 1 Maart 1903 het dit in werking getree.[1)]

### DIE SUID - AFRIKAANSE STATISTIESE BURO.

In 1904 is daar deur die regerings van die vier kolonies besef dat dit noodsaaklik was om alle statistiek t.a.v. invoer, uitvoer en interkoloniale handel op 'n uniforme basis te hou. Daar is toe 'n kantoor vir statistieke, bekend as die „Suid-Afrikaanse Statistiese Buro," in die lewe geroep wat op 1 Julie 1905 met sy werksaamhede begin het.[2)]

### DIE FEDERASIE VAN DIE HOF.

In 1905 is daar reeds gevoel dat die gebrek aan uniformiteit in die interpretasie van die wet groot moeilikhede veroorsaak. 'n Vergadering van die Prokureurs-Generaal van die vier kolonies en Rhodesië het die saak bespreek en op 26 Januarie 1905 het hulle

---

1). „Secretary. Transvaal Administration. Correspondence Files." (Hierna as Kol. Sekr. Tvl. aangedui.) Band 701. No. 10423.
2). „Official Year Book," 1917. A.w. Bl. 494-495.

verslag gelewer. Volgens hul mening was daar geen gesaghebbende wat by magte was om die lede van ŉ algemene appélhof te benoem nie en hulle het aanbeveel dat dit uitgestel moes word tot na die totstandkoming van ŉ politieke federasie.[1)]

Die strekking van die Kaapse immigrasiewette was dieselfde as dié van Transvaal, maar die bewoording van die wette was verskillend. Die gevolg hiervan was dat die beslissings van die Hoërhof van die Kaap nie as rigsnoer vir Transvaal kon dien nie. Veral die Indiërimmigrasie vanaf Natal het groot moeilikhede in Transvaal veroorsaak. Indien ŉ persoon eers tot die een kolonie toegelaat is, was dit baie moeilik om hom toegang tot die ander te belet. Ook is moeilikheid veroorsaak deurdat die drankwette in die verskillende kolonies nie eenders was nie. Uniformiteit was verder nodig vir die bestryding van epidemies en vir die standardisering van die onderwys.[2)]

Om hierdie moeilikhede die hoof te bied was dit noodsaaklik om een appélhof vir Suid-Afrika te bekom. Daarom het genl. Botha op die Imperiale Konferensie te Londen, met toestemming van die Kaapse en Natalse premiers, ŉ mosie ingedien om ŉ Suid-Afrikaanse appélhof, met of sonder politieke federasie, in te stel.[3)]

Nadat genl. Botha te Kaapstad aan wal gestap het, het hy weer eens hierdie saak aangeroer. Hy het meegedeel dat „...dit beginsel unaniem werd erkend en ik hoop dat in Zuid-Afrika alle partijen zullen zaamwerken om dit doel te bereiken, omdat dit een der krachtigste stappen is in de richting van federatie van Zuid-Afrika...."[4)]

Op 22 Julie 1907 het genl. Smuts aan sir H. de Villiers geskryf: „should federation be relegated by the developments of the immediate future to a more distant day, then the Appeal Court will have to be considered by itself...."[5)]

---

1). „The Closer Union Society." „The Government of South Africa." Vol. 1. Bl. 60.
2). do. Bl. 154-174.
3). Eric A. Walker. A.w. Bl. 420.
4). „De Zuid-Afrikaan verenigd met Ons Land." 30 Mei 1907, bl. 5.
5). J.C.Smuts. „Jan Christian Smuts," bl. 110.

Dit was egter nie nodig om dieper op hierdie aangeleentheid in te gaan nie aangesien die grotere unie kort daarna alle aandag in beslag geneem het.

POGINGS TOT DIE FEDERASIE VAN TRANSVAAL EN NATAL.

Op 28 Maart 1906 het sir Graham Bower vanaf Mauritius aan Mnr. Merriman geskryf: „...For my part I have always held and still hold that the true solution (vir Suid-Afrikaanse vraagstukke) is in the Union of the Transvaal and Natal and Free State and the Cape...."[1]

Die opvatting dat afsonderlike federasies van die state in Suid-Afrika wenslik sou wees, is ook ondersteun deur mnr. Jagger, voorsitter van die Kaapse Kamer van Koophandel. By geleentheid van ŉ vergadering het hy gesê: „...It must be remembered that federation will be an expensive business, for in addition to five State Governments we would have a Federal Government as well to maintain. South Africa was too big a coutry for unification but it would be a good thing if some of the parliaments could be unified...He cordially welcomed the movement of federation of Natal and Transvaal—it was entirely in the right direction...as a step towards unification...."[2]

In Natal en in Johannesburg was daar talle Engelse wat ŉ vereniging van Transvaal en die Tuinkolonie begeer het. Die Johannesburgse Engelse wou daardeur hul geledere versterk en die Natallers het handelsvoordele met Transvaal begeer.[3] So sterk het hierdie beweging begin ontwikkel dat die Britse „Morning Post" sy besorgdheid daaroor uitgespreek het aangesien dit ŉ Suid-Afrikaanse federasie sou vertraag.[4] Ook genl. Smuts het dit nodig geag om in te gryp: „...At Krugersdorp on Friday night General Smuts, dealing with the federation of South Africa, and particularly with the Union

1). Mer. vers. No. 86 van 1906. 28 Maart 1906.
2). „Cape Times". 30 Augustus 1906, bl. 7. „S.A. Federation."
3). „The South African News," 3 September 1906, bl. 5.
4). do.

of the Transvaal and Natal, said that Natal was in Borrow Street and wanted to get out of it...He asked what would become of the O.R.C. and the Cape Colony. If there had to be unification then let it be the unification of every part of South Africa...if they had separate unions they would only increase the hostility with the others. He concluded by asking all to strive for the federation of all the South African Colonies."[1)]

Mnr. Quinn, die burgemeester van Johannesburg, wat die voorgestelde vereniging van Transvaal en Natal sterk gepropageer het,[2)] het teen meer en meer teenkanting gestuit aangesien die Transvalers bang was vir die Natalse Indiërkwessie.[3)] Ook mnr. Moor het gewaarsku dat „...a union of two of the states would be premature and would lead to dissension and would prove disasterous to the federation of all...."[4)]

In 'n manifes, wat Moor net voor die verkiesing in Natal uitgegee het, het hy hom weer eens sterk teen so 'n vereniging uitgelaat en die publiek gevra om vir geen kandidaat te stem wat daarvoor was nie.[5)]

Mnr. Morcom, wat 'n vergadering te Prestbury, Natal, toegespreek het, het daarop gewys dat die Natalse premier, Smythe, en drie van die ministers die voorgestelde vereniging goedgesind was. Die grootste beswaar teen so 'n vereniging was dat „...Natal would find itself without State rights beyond resumption when the scheme of federatiom came forward. Natal would have been absorbed by Transvaal. As a separate State Natal would have the same number of representatives in the Upper Chamber of the federated States as even the Cape Colony...."[6)]

Die „Cape Daily Telegraph" het gewaarsku dat „...if Natal

---

1). „The South African News." 3 September 1906, bl. 5.
2). do.
3). do. 10 September 1906, bl. 5.
4). „The Star." 10 September 1906, bl. 7.
5). „The Times of Natal." 10 September 1906. Eerste uitgaaf. Hoofartikel.
6). do. Spesiale Platteland Uitgaaf. 10 September 1906, bl. 5.

wants an object-lesson, let her consider the history of the O.R.C. under the new regime. After the war settlement the two new Colonies were placed under one administration. The close alliance between them was to form the foundation...of a British South Africa Federation. They were to work as partners on equal terms, and the interest of both were to be equally considered. Result? ... From the very start off the O.R.C. was relegated to the back stoep. All control was centred in Pretoria and Johannesburg. The head officials were moved away from Bloemfontein and within a few weeks lord Milner signed the Modus Vivendi...without regard to the interests of the O.R.C. ...We hope Natal will take warning at the plight of the O.R.C. The Transvaal is flattering her now with many soft phrases and alluring promises, but...she only means to use Natal for her own purpose...." [1] Die „Transvaal Advertiser" het gewaarsku: „...This challenge and threat...must be resisted...Lourenco Marques and Portugal would be the first to reply effectively...the Cape Colony and the O.R.C. would be driven into an offensive and defensive league in commerce and industry...." [2]

Dat die voorgenome vereniging van Transvaal en Natal, wat die ideaal van 'n paar manne in beide die kolonies was, sou misluk, was duidelik. Tydens die jaarlikse dinee van die „Northumberland and Durham Association" het mnr. Quinn in 'n toespraak openbaar dat hy die gedagte aan die engere vereniging prysgegee het. „...He hoped that the substitution of 'South Africa' for the toast of 'Our Country' was a sign of the times, for why should any arbitrary division be made by man that split this fair country into sections?... Coalition should begin at home. The Dutch race was all right, and they would be sound and right on every important matter. The coalition they wanted was among the men of their own blood, Britishers and those of British parentage...." [3]

---

1). „Times of Natal." 12 September 1906. Eerste uitgaaf, bl. 5.
2). „The South African News." 12 September 1906, bl. 5.
3). „Times of Natal." 10 September 1906. Eerste uitgaaf, bl. 6.

Op 13 September 1906 het die „Times of Natal" beweer dat die voorgenome vereniging van Transvaal en Natal slegs die strewe van sommige mynmagnate was, as gevolg waarvan „...the commercial public on the Rand naturally took it up because it would suit them to be able to control the port of Durban. The people in Natal were divided, as was also the Ministry. Thereupon Mr. Moor issued a memorandum condemning the whole project...this immediately had a good effect. From all over the country voices have been raised warning Natal against the union and Prime Minister Smythe has himself felt obliged to speak in a tone which no doubt represents his sincere convictions. He pours scorn over the whole suggestion...."[1)]

POGINGS TOT DIE VERENIGING VAN DIE UNIVERSITEITE.

Op 5 Maart 1906 het mnr. J.E. Adamson, die Transvaalse Direkteur van Onderwys, 'n skrywe aan lord Selborne gerig om sy aandag te vestig op 'n resolusie wat die Uitvoerende Raad op 28 Februarie aangeneem het: „...The proposal to invite representatives of the interests of higher education in the various Colonies to an inter-colonial conference seems to me to be timely. There have been recently two clear indications that the oldest and most flourishing institutions of the Cape Colony which are doing work of a university character, are dissatisfied with the form of control to which higher education is at present subject. The South African College, Capetown, has published a report advocating that colleges of a certain rank should become teaching universities. The Victoria College, Stellenbosch, has published a memorandum favouring a federal university of constituent colleges... The conditions of South Africa point directly to a federal university for the whole sub-continent. Such a university might well consist of any and every teaching institution which is doing work of a university grade. Such a federation of constituent colleges, of

---

1). „Times of Natal." 13 September 1906. Tweede uitgaaf, bl. 5.

whatever geographical position, might form a South African University whose senate would correlate and equilibriate the work of the various colleges without encroachment upon their internal autonomy...As I have indicated the present seems an opportune moment for bringing the representatives of the Colonies together so that the question may be discussed from the federal rather than the Colonial point of view.

I would add that a South African University representing a federation of the intellectual forces of the various Colonies seems to me to be an objective worthy of the highest endeavour." [1)]

Om te verhoed dat die Kaapse Universiteit geaffronteer sal voel het Adamson op 17 April aan die Assistent Koloniale Sekretaris voorgestel dat lord Selborne die Universiteit van die Kaap van Goeie Hoop moes vra om as sameroeper van so 'n vergadering op te tree. [2)]

Mnr. C.J. Mudie, die Superintendent van Onderwys van Natal, het lord Selborne laat weet dat Natal eens was met die voorstel van die Transvaalse Onderwysdepartement en dat dr. James Hyslop as hul verteenwoordiger benoem is. [3)]

Die regering van die O.R.K. het ook die voorstel verwelkom en het hul Direkteur van Onderwys, mnr. H. Gunn, en die hoof van die Greykollege, mnr. Lyle, as hul afgevaardigdes benoem. [4)]

Die Administrateur van Suid-Rhodesië het laat weet dat hulle ook die voorstel ondersteun maar dat hulle nie afgevaardigdes kon benoem nie. [5)]

Aangesien 'n komitee reeds deur die Kaapse Universiteitsraad benoem was om die kwessie van hoër onderwys te bestudeer was die Kaapse ministers van mening dat so 'n interkoloniale konferensie meer kwaad as goed sou doen. Hulle het gevra dat daar gewag moes word tot na die indiening van die verslag van die komitee voordat

---

1). Kol. Sekr. Tvl. Band 160. No. 8421.
2). do.
3). do.
4). do.
5). do.

ŉ Interkoloniale-kommissie die aangeleentheid begin bespreek.[1]

As gevolg van die versoek van die Kaapse regering het die hoofde van die verskeie onderwysdepartemente op 6 Oktober 1906 in Bloemfontein byeengekom. Daar is besluit om in Januarie 1907 te Kaapstad ŉ konferensie te belê wat die wenslikheid van interkoloniale universiteitsopleiding sou bespreek. Die Kaapkolonie sou sewe afgevaardigdes stuur, Transvaal drie, Natal en die O.R.K. twee en Suid-Rhodesië een.[2]

Nadat al die state reeds hul afgevaardigdes benoem het, het die Raad van die Kaapse Universiteit ŉ stok in die wiel gesteek. Genoemde Raad was verontwaardig omdat hul Koloniale Sekretaris deur middel van die Hoë Kommissaris alle reëlings getref het sonder om die Universiteitsraad te raadpleeg.[3]

DIE INTERKOLONIALE SPRINKAANBURO.

Op 17 Mei 1907 is daar ŉ merkwaardige vergadering in die Hooggeregshofgebou in Pretoria gehou. Amptelike afgevaardigdes van al die Britse kolonies van Suid-Afrika asook van die Duitse en Portugese gebiede is deur lord Selborne verwelkom by die eerste vergadering van die Interkoloniale Sprinkaanburo. Lord Selborne het dit veral hoog waardeer dat herr Francke en lt. Graca teenwoordig was en hy het aangedui dat die suksesvolle bestryding van sprinkane slegs die gevolg van onderlinge samewerking kon wees.

Nadat genl. Smuts as voorsitter van die konferensie gekies is, het hy ook op die noodsaaklikheid van samewerking gewys. Die ander afgevaardigdes het in dieselfde trant gepraat en daar is besluit dat al die kolonies sprinkane in die voetgangerstadium sou bestry, dat informasie t.a.v. sprinkane onderling oorgedra sou word en dat Rhodesië, wat weens die sitting van hul Wetgewende Raad nie

---

1). Kol. Sekr. Tvl. Band 160. No. 8421
2). do.
3). do.

verteenwoordig was nie, gevra sou word om saam te werk.[1]

## POGINGS TOT DIE VERENIGING VAN DIE VERDEDIGINGSMAGTE.

Om die gemeenskap te beveilig was ŉ probleem wat beide ontevredenheid en kwesbaarheid in die hand gewerk het. Ondersoek het aangedui dat alhoewel ŉ aanval oor land deur enige vreemde moondheid feitlik onmoontlik sou wees, enige land wat ŉ sterk genoeg seemag het, Suid-Afrika kon bedreig. Om hierdie bedreiging die hoof te kon bied is slegs op die beskerming van die Britse vloot staat gemaak. Die beskerming het die land as geheel beveilig, maar slegs die kusprovinsies het bygedra tot die koste van hierdie beskerming. Die Kaapkolonie het jaarliks £50,000 aan die Britse vloot afgestaan en Natal £35,000. Daarbenewens het elk van hierdie twee kolonies ŉ eie korps van marinevrywilligers gehad.[2]

Die gevolg van hierdie reëling was dat die belastingbetalers van Kimberley en Pietermaritzburg bydraes moes lewer en die belastingbetalers van Johannesburg nie. Die onbillikheid van hierdie reëling blyk duidelik as daar in aanmerking geneem word dat Kimberley verder van die see af geleë is as enige ander stad of dorp suid van die Limpopo.

Dat daar wel gevaar van toekomstige bedreiging was waarteen gewaak moes word, blyk uit ŉ waarskuwende brief wat genl. Smuts op 26 Junie 1908 aan mnr. Merriman geskryf het na aanleiding van sekere voorstelle wat die Duitsers van Walvisbaai aan die Kaapse premier gemaak het: „...From the point of view of South Africa's future the German Empire is no desireable neighbour. I think you would subject yourself to just and damaging criticism if you were ever to listen to the German proposals...."[3]

Ook is daar ŉ Britse staande mag in Suid-Afrika aangehou. Deels moes hulle die strategiese seeroetes na Indië en Australië

---

1). „Times of Natal." 12 Julie 1907, bl. 3.
2). „The Government of South Africa." A.w. Vol. 1, bl. 100.
3). Mer. Vers. No. 73 van 1908. 26 Junie 1908.

bewaak maar veral moes hulle die blankes teen die oormag van die nie-blankes beveilig. Hierdie mag het die Britse belastingbetalers £2,500,000 p.j. gekos en verder was daar ɦ bedrag van £6,500,000 wat betaal moes word vir die oprigting van barakke en ander militêre installasies.[1)]

Op 20 April 1907 het genl. Botha, in ɦ toespraak tydens die sitting van die Interkoloniale Konferensie te Londen, gesê dat, indien die Britte hul troepe uit Transvaal uit wegneem, Transvaal sonder verdediging sou wees. „...I have discussed the matter with Dr. Jameson and Mr. Moor, and my idea is that, if as yet we cannot bring about a general federation of South Africa, we should at any rate attempt to federate on this question of defence. If we succeed in doing this I think it will be a very effective way of aiding the Empire...."[2)]

Omdat daar besef is dat sommige van die kolonies nie selfstandigerwys ɦ naturelleopstand sou kon demp nie, is daar in Januarie 1907 in Johannesburg ɦ konferensie van die vier state gehou waarheen ook Rhodesië uitgenooi is. Daar is beraadslaag oor: „...a scheme under which all these governments should co-operate to suppress insurrection in any one of their territories. For this purpose an agreement was drafted...Under its terms any government which found itself in serious difficulties with its natives was entitled to call upon all the other governments to furnish a certain number of trained men. The Cape Colony would be required to supply 1,500, the Transvaal 1,000, the Orange River Colony 500, Natal 500, and Southern Rhodesia 200, making a total of 3,700 men. The whole cost was to be paid by the colony summoning the levy, which would have the supreme command of the united forces. But no colony was to require the assistance of the others, until it had first called out three fourths of its own volunteer or militia forces...."[3)]

Hierdie ooreenkoms het tot in 1910 van krag gebly toe die verskeie weermagte met Unifikasie verenig is.

---

1). „The Government of South Africa." A.w. Vol. 1, bl. 100.
2). „Imperial Blue Books." Vol. 34, bl. 114.
3). „The Government of South Africa." A.w. Vol. 1, bl. 101-102.

# HOOFSTUK 2.

## TWEEDE DEEL. DIE SELBORNE-MEMORANDUM.

### DIE OORSAKE VIR DIE OPSTEL VAN DIE MEMORANDUM.

Alhoewel dit reeds in 1906 'n uitgemaakte saak was dat die vier Britse kolonies in die nabye toekoms sou saamsmelt, was dit nog glad nie 'n uitgemaakte saak wie die leiding sou neem nie. Op 26 April 1906 het genl. Smuts aan mnr. Merriman geskryf: „... I can see no lasting prosperity that can ever come to this country unless you have a federation of all the Colonies with a parliament based on popular representation, and the man who is strong enough to bring this to a successful issue will be the saviour of South Africa...."[1)]

In al die kolonies, maar veral in Natal, was daar talle persone wat teen die strewe tot 'n nouere aaneensluiting van die gebiede gekant was. Die Kaapse filantrope het daarin 'n bedreiging vir hul kleurlingvriende gesien. Die Boeregemeenskap in die O.R.K. het verwag dat dit die ondergang van die Afrikanerdom sou inlui. Die Transvaalse belastingbetaler het verwag dat hy meer aan belastings sou moes betaal en die Natallers was bang vir die Afrikaanse oorwig in die ander kolonies.[2)]

In Suid-Afrika het die vorige eeu vir Engeland afgesluit met 'n gevoelige verlies aan prestige en menselewens. 'n Nietige aantal Boere het die kwesbaarheid van die Britse oorlogsmasjien duidelik aan die wêreld openbaar. Die huidige eeu het vir Engeland begin soos die vorige eeu afgesluit is. Die Britse belastingbetaler moes sy hand diep in sy sak steek om die verwoeste land te help opbou en die Sjinese-kwessie het aan die Konserwatiewe regering 'n gedugte neerlaag besorg. Daar is toe duidelik besef dat Suid-Afrika 'n perdebynes is wat aan homself oorgelaat moes word.

Generaal Smuts het die ontnugtering van die Engelse pragtig

---

1). Mer. Vers. No. 110 van 1906. 26 April 1906.
2). „The Star." 21 Maart 1908, bl. 9.

uitgebeeld: „...The British people had said to them: 'Transvaal, we are heartily tired of you. You have given us more trouble than any other of our Colonies for years. We want to be rid of all this nuisance...and we want to trust you with the government of the country yourselves, which we have been unable to do for you to your and our satisfaction."[1)]

Oor die Europese gesigseinder het donker oorlogswolke te voorskyn gekom. Na afloop van sy oorsese besoek het pres. Steyn onomwonde verklaar dat ŉ oorlog tussen Engeland en Duitsland spoedig sou ontbrand[2)] en ŉ nietige voorval het die Britse volkswoede teen hul Saksiese broers laat opvlam.[3)] Die posisie was so kritiek dat mnr. J. Bryce, ŉ Britse parlementslid, aan mnr. Merriman geskryf het: „...the question most in men's minds is the state of relations with Germany and the alleged need for still further increasing the Navy...."[4)]

Dit was dus vir Engeland van groot belang dat die Britse gebiede in Suid-Afrika so gou as moontlik moes verenig sodat hulle dan hul moederland in die komende stryd sou kon bystaan.[5)] Deur vereniging sou die Britse owerheid bevry word van die jaarlikse onderhoudskoste, ten bedrae van £2,500,000, vir die Britse staande mag in Suid-Afrika[6)] en die soldate sou op meer strategiese punte gestasioneer kon word.

Dit was dus noodsaaklik om die publiek bewus te maak van die groot en onoorbrugbare moeilikhede wat die gevolge van verdeeldheid was. Die publiek moes voorberei word om die unifikasiegedagte te ondersteun.

Lord Selborne, wat sedert sy aankoms in Suid-Afrika die sterk Britse drang tot unifikasie vertolk het, het Lionel Curtis, die

---

1). „The Star." 8 Februarie 1907. „The Campaign." Toespraak van Smuts oor die oorsake vir die toekenning van selfbestuur aan Transvaal. Bl. 8.
2). C.M. van den Heever. A.w. Bl. 261.
3). „The Star." 28 Maart 1908. Hoofartikel. Daar is nl. beweer dat die Duitse keiser ŉ verantwoordelike Britse minister wou omkoop.
4). Mer. Vers. No. 160 van 1908. 29 Augustus 1908.
5). C.M. van den Heever. A.w. Bl. 263.
6). Sien bl. 26 van hierdie werk.

toenmalige Assistent-Koloniale Sekretaris van Transvaal, na die Kaapkolonie, Natal en die O.R.K. gestuur om uit te vind of hierdie drie kolonies hom in sy unifikasiebeleid sou steun. Van sy besoek aan die Kaapkolonie deel Lionel Curtis die volgende mee: „...It was there that I got into touch with Jameson, and found what a different man he was from what I had fancied...My report to Selborne was based on what Jameson said. He agreed that Campbell-Bannerman was right in promising responsible government to the Transvaal and Orange Free State (Sic.), but if that was done and nothing else, the two ex-republics would inevitably drift into conflict with the Cape and Natal which controlled their communications with the sea. The only way to avoid another South African war was to realise Rhode's policy of uniting South Africa under one responsible government.

Selborne agreed and adopted my draft.

How to publish it was the next question. Jameson solved it by writing an official letter to Selborne asking him as British High Commissioner to survey the situation and advise the four governments how to avoid its inherent dangers. Selborne replied by sending his memorandum to all the South African governments....."[1)]

Uit bostaande aanhaling blyk dus baie duidelik dat die Selborne-Memorandum opgestel was nog voordat enige regering gepols is oor die wenslikheid daarvan; dat dit opgestel is met die doel om die Suid-Afrikaanse staatsmanne en burgers wakker te skud sodat hulle sonder verdere verspilling van tyd hulle sou beywer vir unifikasie wat ŉ grootse ideaal vir Suid-Afrika sou wees, maar wat beslis van die grootste belang vir die moederland was.

Die manne wat onder leiding van Lionel Curtis die Selborne-Memorandum opgestel het, „...were men who had been at Oxford, and then joined Milner's staff in South Africa and were handed on to Selborne. These men were Patrick Duncan, the Rt. Hon. R.H. Brand,

---

1). Lionel Curtis. „Broadcast on Dr. Jameson."

Philip Kerr and D.O. Malcolm, whom Selborne brought out as his Private Secretary. George Craik, Secretary of the Chamber of Mines, also attended the group."[1]

DIE VERSOEK VAN DIE KAAPSE MINISTERS.

In die Kaapkolonie is die wenslikheid van ŉ vereniging van die Britse kolonies in Suid-Afrika prominent onder die aandag van die publiek gebring deur die publikasie van ŉ reeks artikels oor: „Een Verenigd Zuid-Afrika" in „Ons Land" deur F.S. Malan, die redakteur van die blad.[2]

Aangesien die moontlikhede van ŉ vereniging van die Suid-Afrikaanse state selfs in ŉ Kaapse koerant bespreek is, het dit niemand verbaas toe dr. Jameson, wat op 10 November uit Engeland vertrek het, „...immediately on his arrival...launched, on the 28th November 1906, his famous memorandum to the Cape Governor, Hely Hutchinson, for submission to the High Commissioner, Lord Selborne...This set the ball rolling...to him must be ascribed the credit of having taken the first practical step in the formation of Union."[3]

Die memorandum, wat deur die Kaapse ministers opgestel is, is voor die versending daarvan ook deur die regering van Natal goedgekeur.[4] Die inleidende brief van dr. Jameson word dan ook afgesluit met die versoek dat „...the Governor be pleased to submit these representations to Lord Selborne, with an expression of their desire and hope that...he will undertake to review the situation in such a manner that the public may be informed as to the general position of affairs throughout the country. Their object in urging this course being that they consider it due to the people of South Africa that they should have a timely opportunity of expressing a voice upon the desirability, and, if

---

1). Lionel Curtis. Brief aan die skrywer. 17 Mei 1954.
2). „Ons Land." Hoofartikels van 6 Augustus tot 11 September 1906, saamgevat en gepubliseer as ŉ byvoegsel tot die koerant in die uitgaaf van 15 September 1906.
3). Sir Lewis Michell. „Half a century in and out of South Africa. 1864-1919." ACC. 540 No. 29. Bl. 334.
4). „Prime Minister's Office. Correspondence Miscellaneous." Tvl. (Hierna as Premier, Tvl. aangedui.) Band 10. No. 45/2/07.

acknowledged, the best means of bringing about a central national Government embracing all the Colonies and Protectorates under British South African administration."[1]

Op 29 November het sir Walter Hely Hutchinson die memorandum aan lord Selborne gestuur en gevra dat hy die versoek van die Kaapse ministers ernstig en gunstig sal oorweeg.[2]

Op 21 Desember het lord Selborne die volgende skrywe aan die regerings van Transvaal, die O.R.K., Natal en Suid-Rhodesië gerig: „...I have the honour to transmit to you a copy of a despatch from the Governor of the Cape Colony enclosing a minute from his Ministers in which they call upon me as High Commissioner to review the general situation in South Africa in such a manner as may enable the people of this country to appreciate the difficulties of administration under the present system and to consider whether and, if so by what means, it is advisable to establish a central national Government embracing all the British Colonies and Protectorates.

I shall be glad to receive expression of the views of (your) Government in regard to the representations made in the Cape Minister's Minute."[3]

DIE REAKSIE VAN DIE BRITSE GEBIEDE IN SUID-AFRIKA.

Aangesien die Natalse regering vooraf insae in die memorandum van die Kaapse ministerie gehad het, het die antwoord van sir Henry McCallum, die goewerneur van die Tuinprovinsie, verraai dat die ministers van Natal die aangeleentheid reeds deeglik bespreek het en dat hulle daarin 'n bedreiging vir hul kolonie gesien het: „...with reference to your despatch...regarding the desirability of political and administrative unification or federation of the British South African Colonies, I have the honour to inform you that my ministers concur in the recommendation of Cape Ministers

1). „Imperial Blue Books." A.w. Vol. 35. Bl. 5.
2). do. Bl. 4.
3). Premier. Transvaal. Band 10. No. 45/1/07.

as contained in the LAST PARAGRAPH of Dr. Jameson's Minute of the 28th November...."[1]

Ook mnr. W.H. Milton, die administrateur van Suid-Rhodesië, het op ondubbelsinnige wyse laat weet dat sy regering, net soos Natal, slegs ŉ memorandum van lord Selborne sou verwelkom maar dat hulle beslis nie ten gunste van ŉ Suid-Afrikaanse federasie was nie: „...This administration is unable at this stage to commit itself to any conclusive opinion on the main question, which would involve issues of considerable intricacy. It desires however to express its full concurrence in the request of the Cape Government that Your Excellency should undertake the task of reviewing the situation generally in order that the people of the Country may be informed as to the general position in South Africa."[2]

Die antwoord wat lord Selborne van H. Goold Adams, die luitenant-goewerneur van die O.R.K., ontvang het, was geheel en al ontwykend: „...The members of this government...are of the opinion that Your Excellency, in deciding how far the suggestion of the Cape Ministers can be given effect to by yourself, should principally be **guided** in the present circumstances by the views of those Colonies in possession of full Responsible Government...."[3]

Die ware gevoelens van die leiers in die O.R.K. word weerspieël in ŉ skrywe van pres. Steyn aan Merriman op 30 Januarie 1907: „...I was getting very suspicious of the whole movement. Malan's strong articles allayed my fears to a great extent, but even now I see no reason why we should rush the settlement of so delicate a question. Surely Australia ought to be an object lesson to us not to federate in haste...Our duty, I take it, is to see that we are not jockeyed into some or other kind of readymade federation scheme...."[4]

---

1). A. Ek beklemtoon.
B. „Imperial Blue Books." A.w. Vol. 35. Bl. 10.
2). Premier. Transvaal. Band 10. No. 45/1/07.
3). „Imperial Blue Books." A.w. Vol. 35. Bl. 11.
4). Mer. vers. No. 8 van 1907. 30 Januarie 1907.

Slegs die antwoord wat lord Selborne van die Transvaalse regering ontvang het, kan as bemoedigend aanvaar word. Mnr. P. Duncan, die luitenant-goewerneur van Transvaal, het met vrymoedigheid kon skryf: „...this Government willingly associates itself with the views expressed by the Government of the Cape of Good Hope...The experience of past Conferences in regard to railway questions and other matters affecting the Inter-Colonial relations has demonstrated beyond doubt that no permanent solution of these questions can be reached by such means and indeed every such conference leaves behind it an undiminished number of sources of disagreement and friction. The Council...think themselves entitled to express the opinion...that no permanent settlement can be reached of questions...which are in reality common to the whole of South Africa and that, until some Constitutional machinery has been created by which the people of South Africa as a whole can deal with questions vitally affecting their common interests, it is useless for any one Colony to attempt to solve them inside its own borders.

A settlement of the railway difficulties referred to by the Cape Ministers is urgent and cannot be delayed. Other questions may cause less immediate and visible friction but delay in settling them on a South African basis is none the less dangerous.

My Council therefore desires to unite with the Cape Government in asking his Excellency the High Commissioner an expression of his views in regard to the causes and consequences of the present position of the British South African Colonies in relation to each other, so that the people, in whose hands any attempt to find a remedy must lie, may have before them a statement of the case from the only authority in South Africa which can claim to stand impartially outside the different political members into which it is at present divided."[1)]

---

1). Premier. Transvaal. Band 10. No. 45/1/07.

DIE MEMORANDUM.

Lord Selborne het die konsep, wat hy van Curtis ontvang het, aan Smuts voorgelê. „...I showed my covering despatch to General Smuts at Johannesburg some weeks ago," het hy aan Botha geskryf, „and it was a great satisfaction to me to find that on the whole he liked it...."[1)]

Selborne het toe die memorandum in beide die landstale laat opstel en aan elk van die regerings van die verskillende state ŉ kopie gestuur. In ŉ meegaande brief aan genl. Botha het hy na die spoorwegkwessie verwys en beweer dat ŉ „...absolute crisis will be reached when the Inter Colonial Railway Conference assembles next November, or if, as I hope, the Conference is postponed to enable the new Government of the O.R. Colony to get comfortably into the saddle, about this time next year.

In my judgement the Conference must either lead directly forward to federation or directly away from it. I am quite sure that matters cannot remain as they are. The worst of it is that hardly anybody in the Transvaal, and I imagine comparatively few in the other colonies, realise how great the issue at stake is, or are really aware of the exact position to be maintained.

I suppose it was some such reflection as this that induced the Governments of the Cape Colony and Natal at the end of last year to invite me to review the present inter-colonial position — not to make any sort of proposal as regards Federation, but simply to state the actual facts as they now exist in relation to railways and other inter-colonial questions...I do not suppose that you will look at this before you sail for England, but you may be able to find time on board ship. Whenever you are able to read it I should greatly value a perfectly frank expression of opinion from you upon its merits and demerits...."[2)]

In die memorandum, gedateer te Johannesburg op 7 Januarie 1907, toon lord Selborne aan hoe botsings tussen die kolonies na die Hoë Kommissaris verwys word wat dit dan weer aan die Britse Staat-

1). Premier. Transvaal. Band 10. No. 45/1/07.
2). do. No. 45/2/07.

sekretaris moet voorlê sodat die interne aangeleenthede van Suid-Afrika uiteindelik deur die Imperiale parlement beslis moet word. Vir Suid-Afrika was daar slegs drie moontlike weë om te volg: hulle kon of voortgaan om hul onderlinge botsings na die Hoë Kommissaris te verwys, of hulle kon onafhanklik van mekaar, soos die Europese state, ontwikkel, of hulle kon federeer.

Na 'n pragtige uiteensetting van die spoorwegmoeilikhede,[1] die nadele van die verskillende wetstelsels en verdeelde weermagte, toon lord Selborne aan hoe 'n gesamentlike optrede die doeltreffende bestryding van peste en plae sou meebring. Ook sou die arbeiderprobleem, die naturelleprobleem en die Asiateprobleem met goeie gevolg aangedurf kon word. Deur unifikasie sal die land gestabiliseer word.

Die memorandum word afgesluit met 'n woord van dank aan die persone wat dit opgestel het. „...I accepted the co-operation volunteered by some gentlemen...and the memorandum...embodies the result of their labours. To those who have helped me in this matter I herewith tender my grateful asknowledgments (Sic.). I have personally edited their work and thrown it into the form of a memorandum of my own, for which I accept the entire responsibility; the credit, however, for the thought and work which this memorandum represents belongs to them."[2]

KRITIEK OP DIE MEMORANDUM.

Dit is duidelik dat die Selborne-Memorandum nie 'n dokument is wat die voordele van unifikasie aantoon nie, maar wel die gevare van verdeeldheid. Die kerngedagte wat deur hierdie dokument oorgedra word, is dat die moeilikhede slegs deur samesmelting of deur die swaard besleg kon word.

Die Selborne-Memorandum het 'n diepe indruk op die publiek, oor die lengte en die breedte van Suidelik-Afrika, gemaak.

Drie dae na die publikasie van die dokument skryf die „Star":

---

1). Sien bl. 123-124van hierdie werk.
2). „Imperial Blue Books." A.w. Vol. 35. Bl. 8 tot 9.

„...In the three days since its publication Lord Selborne's Memorandum has been received with a chorus of approval which is almost dangerously unanimous...."[1] Op 31 Desember 1907 het dieselfde blad, in ŉ oorsig oor die belangrike gebeure van die afgelope jaar, geskryf: „...If 1907 were known to the future for nothing else, it would be memorable for having brought to a head the vague recognition by the South African people of the causes and dangers of political disunion...."[2]

Op 3 Oktober het sir Henry de Villiers, in ŉ toespraak voor die Kaapstadse „Closer Union" -vereniging, gesê: „...Lord Selborne, to whom great credit was due for the attention he has given to the...review of the mutual relations between the South African Colonies, wrote what in the speaker's opinion, was one of the most statesmanlike documents ever produced. Lord Selborne gave a fresh impetus to the movement which had extended by leaps and bounds...."[3]

Alhoewel die „Orangia Unie" en die „Constitutional Party" van die O.R.K. die dokument verwelkom het as ŉ definitiewe stap wat tot unifikasie sou lei,[4] was pres. Steyn minder ingenome daarmee. „I have just had Selborne's pamphlet read to me," het hy aan Merriman geskryf. „It is the fashion, I know, to praise it, but I must say that after having heard it I did not see that he removed or showed us how to remove the many difficulties that are in our way to federation. The whole pamphlet is crude. Full of rhetoric and bad history. If I understand him correctly then his main reason for Federation is to prevent Imperial interference to which he ascribes all our past evils. But what he seems to forget is that Imperial interference only came in support of the demand for such interference from Imperial servants in South Africa...."[5]

In Natal is die publikasie van die Selborne-memorandum deur

1). „The Star," 6 Julie 1907, hoofartikel.
2). do. 31 Desember 1907, hoofartikel.
3). do. 3 Oktober 1908, bl. 11.
4). „Times of Natal," 12 Julie 1907, eerste uitgaaf, hoofartikel.
5). Mer. Vers. No. 98 van 1907. 11 September 1907.

die „Times of Natal," onder die opskrif van: „Dawn of Federation," as die „...most important correspondence ever published..."[1] verwelkom. Dieselfde koerant het geskryf: „...Lord Selborne's historical Memorandum on federation has accomplished a great work and one that was urgently needed, in placing before the public of South Africa the existing conditions of the country, a clear knowledge of which is absolutely necessary before any attempt can be made to build up the unity of the South African States upon a practical and perpetual basis. The ground to be cleared was vast and encumbered with a multitude of complex political growths, and the task performed by the High Commissioner was consequently an arduous one. That he has performed it so effectively is not only a lasting honour to himself but a boon of immense value to the whole people of the subcontinent. He has done an immense service in not only detailing the advantages to be reaped by unity, but also in painting in vivid colours the evils arising from the fetters which are at present binding federation...."[2]

Die „Natal Witness" was ook besonder ingenome met die memorandum. „...The letter is something more than the mere formal expression of opinion which might be expected from any statesman... It is a hearty plea for the cause of federation...supported and substantiated by an array of facts which show almost at a glance by what process the mind that conceived it was brought to its present conclusion. As a plea for federation Lord Selborne's letter should be frankly and freely accepted, and the attitude of mind towards it should be one of responsive sympathy towards the aspirations of one, the sphere of whose beneficial influence would be so much enlarged were they to be realised...The authority, as Lord Selborne says, must come from the people of South Africa: the initiative, we venture to assert, should come from its statesmen, not only individually...but by their combined effort in the shape of a conference...we believe no man in South Africa is better

---

1). „Times of Natal," 4 Julie 1907, eerste uitgaaf, hoofartikel.
2). do. Saterdag 6 Julie 1907, hoofartikel.

fitted to make that move than the Prime Minister of Natal, to whom the whole country would be grateful were he to request the High Commissioner to call a conference of delegates to discuss the position at the earliest opportunity...."[1)]

Die Botha-ministerie, wat na die opstelling van die memorandum aan bewind gekom het, het beswaar geopper teen die houding wat in die memorandum teenoor hul Portugese bure ingeneem is. Aangesien daar besluit is om die Selborne-memorandum op 3 Julie 1907 gelyktydig in al die belanghebbende gebiede te laat publiseer, het lord Selborne telegrafies versoek dat die volgende telegram, die beswaar van die pas saamgestelde Transvaalse regering, gelyktydig met die memorandum gepubliseer sou word: „...I am requested by the Transvaal Government to remind you that the despatch and accompanying Memorandum on the subject of the federation of the British South African Colonies from the High Commissioner were written and sent before they came into office and that they therefore cannot be supposed to associate themselves with all the views expressed therein, especially those parts which concern the policy of the Transvaal towards Portuguese East Africa. They adhere to their often expressed opinion in favour of the federation of South Africa and they cordially agree with most of the opinions expressed in the Memorandum, but their attitude towards Portuguese East Africa will always be that of sincere friendship, and they would welcome a solution of the federation question which would extend the community of South African co-operation to the province of Mozambique."[2)]

Dit is derhalwe vanselfsprekend dat die Portugese die houding, soos teenoor hulle in die Memorandum geopenbaar, sterk sou afkeur. Die „Lourenço Marques Guardian" van 7 Julie 1907 skryf: „The unique position in which the Portuguese stand in regard to any scheme of South African Federation is reflected very clearly throughout this important review, and while Lord Selborne is careful not to exceed

---

1). A. „The Natal Witness," 5 Julie 1907, hoofartikel.
B. Op bl. 8 van 11 Julie het dieselfde blad berig dat die voorstel tot die hou van so 'n konferensie deur 'n Kaapse minister voorgestel sou word en die hoop is uitgespreek dat die konferensie in Natal gehou sou word.

2). „Imperial Blue Books." A ...

the limits of fair speaking, it is evident that he has little or no concern with what might happen outside the federated borders, so long as the main principle of British Unity was secured. In this connection his lordship may be sure of the hearty support from the Coastal Colonies, but the last word remains, as it always has been since Pretoria was linked to the sea by the eastern route, ... with Transvaal...There is, consequently, a very prudent drag on the wheel of progress when it threatens to obliterate — so far as the Transvaal goes — that Colony's most convenient sea gateway."[1)]

Ook in Engeland was daar 'n verskil van mening t.a.v. die voor- en nadele van die publikasie van die Selborne-memorandum. Die „Daily Telegraph," soos aangehaal deur die „South African News," het dit verwelkom as : „...Lord Selborne's enthralling document on the question of federation....," en daaraan toegevoeg: „if the pledges of General Botha and the Bond leaders in the Orange River Colony and the Cape can be accepted without reserve there ought to be no insuperable obstacle to a settlement...."[2)]

Volgens dieselfde blad was die mening van die „Standard" dat die publikasie van die dokument voorbarig was. „...The time is not ripe for a political partnership and it cannot be pretended that racial animocities have...subsided...."[3)]

Binne enkele dae na die publikasie van die memorandum het die besprekings van die onderwerp sulke onrusbarende afmetings aangeneem dat genl. Smuts daarin 'n gevaar en 'n bedreiging gesien het. Op 15 Julie het hy aan Merriman geskryf: „...You know I am an enthusiast for Federation or, if possible, Unification. But the procedure adopted in certain quarters is, in my humble opinion, only calculated to damn the cause...The problem of Federation is a great enough one for our political intellects to wrestle with...But we shall do nothing till affairs are straightened in the O.R.C. and at the Cape.[4)]

------oOo------

1). „The Star," 6 Julie 1907, bl. 8, sitaat oorgeneem uit die „Lourenço Marques Guardian" van 7 Julie 1907.
2). „The South African News," 6 Julie 1907, bl. 7.
3). do.
4). Mer. Vers. No. 74 van 1907. 15 Julie 1907.

# HOOFSTUK 3.

## TOENADERING.

| | Bl. |
|---|---|
| DIE POLITIEKE LEIERS IN TRANSVAAL. | 41 |
| A. LORD SELBORNE. | 41 |
| B. GENERAAL LOUIS BOTHA. | 42 |
| C. GENERAAL JAN CHRISTIAN SMUTS. | 43. |
| TOENADERING TOT DIE ENGELSE IN TRANSVAAL. | 44 |
| A. DIE PERIODE ONMIDDELLIK VOOR EN NET NA DIE VERKIESING. | 44 |
| B. GENERAAL SMUTS SE ONDERWYSWET. | 49 |
| TOENADERING TOT DIE SUSTERKOLONIES. | 52 |
| TOENADERING TOT DIE IMPERIALE REGERING. | 57 |
| TOENADERING TOT DIE ENGELSE KONING. | 65 |
| ALGEMENE VERTROUE WORD GEWEN DEUR DIE SUKSESVOLLE OPLOSSING VAN DIE ARBEIDERKWESSIE. | 69 |

----oOo----

# HOOFSTUK 3.

## TOENADERING.

### DIE POLITIEKE LEIERS IN TRANSVAAL.

As gevolg van die toekenning van verantwoordelike bestuur aan Transvaal kon hierdie staat, met sy groot minerale rykdomme, die mees toonaangewende gebied van die Britse besittings in Suid-Afrika word.

Die manne wat in Transvaal die leiding sou neem, het spoedig bewys gelewer dat hulle bekwame staatsmanne was wat almal die hoë ideaal van vereniging van die Britse gebiede nagestreef het. Om daarin te kan slaag sou dit nodig wees vir die regering van Transvaal om toenadering te soek tot die Engelse opposisie in Transvaal, die susterkolonies, die Imperiale regering en selfs die koning.

### LORD SELBORNE.

Lord Selborne, wat beskryf is as: „...an aristocrat with a pleasant, courteous manner, ...."[1] is deur sowel die Britse regering as die opposisie in Engeland hoog geag weens sy geroemde onpartydigheid en sy nugtere denke.

Op 12 September 1904 het Milner aan Lyttleton geskryf dat, naas Lyttleton self, Selborne sy mees geskikte opvolger sou wees.[2]

In Februarie 1905 is Selborne as Milner se opvolger benoem omdat die Konserwatiewe regering daarvan oortuig was dat, indien die Liberale party die verkiesing wen, Selborne in sy betrekking sou bly.[3]

Onmiddellik na sy aankoms in Suid-Afrika, in April 1905, het hy 'n studie begin maak van die toestande in die land as geheel, asook van registrasie, delimitasie en die ander nodige voorbereidings vir die verandering van regeringsvorm wat in die vooruitsig gestel

---

1). Edith Lyttleton. A.w. Bl. 308.
2). do.
3). do.

is. Hy het sommige Boere, wat in gevaar gestel is deur rooftogte van die Sjinese koelies, van geweers voorsien. Hy het die polisiemag laat bewapen en die mynbase gewaarsku dat, indien hulle nie die koelies in toom kon hou nie, die koelies teruggestuur sou word.[1)]

Lord Selborne, Hoëkommissaris in Suid-Afrika en goewerneur van sowel Transvaal as die O.R.K., het, toe sy regering in Engeland tot 'n val gekom het, reeds veel gedoen om die haat en wantroue tussen Boer en Brit te verminder. Met die val van die Konserwatiewe regering was daar 'n sterk moontlikheid dat Selborne teruggeroëp sou word. Talle briewe, hoofsaaklik van Hollandssprekende Afrikaners, is deur die Koloniale kantoor ontvang om te vra dat die voortreflike werk van Selborne nie onderbreek moet word nie.[2)] Die Liberale regering het besluit om Selborne in sy amp te behou en daardeur is die verwagtinge van sy Konserwatiewe aanstellers bewaarheid.

Lord Selborne se populariteit blyk mooi uit 'n toespraak van mnr. Abel Erasmus van Lydenburg: „...who complimented the Imperial Government on the possession of a servant like Lord Selborne, and congratulated the people on the possession of such a 'stepfather' who might reasonably expect good 'step children'."[3)]

Dat Selborne hierdie kompliment waardig was, word bewys deur 'n toespraak wat hy voor 'n Engelssprekende gehoor te Barberton gelewer het en waarin hy aangedui het dat hy, as Britse saakgelastigde, onpartydig tussen die Engelssprekende en Afrikaanssprekende dele van die bevolking sou staan, „...declaring himself the sworn enemy of anything tending towards disunion, whether between miners and agriculturalists or Boer and Briton...."[4)]

GENERAAL LOUIS BOTHA.

In sy strewe tot versoening en toenadering is Selborne kragdadig bygestaan deur die leiers van die „Het Volk"-party,

1). Eric A. Walker. A.w. Bl. 518.
2). H.C. Armstrong. A.w. Bl. 124.
3). „The South African News," 10 September 1906, bl. 5.
4). „Cape Argus," 11 September 1906, bl. 5.

'n party wat weldra deur sy teenstanders beskryf is as: „...de best georganiseerde politieke partij ter wereld...."[1]

Generaal Louis Botha, die voorsitter van die „Het Volk"-party, was die leier van die Boerebevolking van Transvaal. Net soos die geval met pres. Kruger was, so is ook hy deur sy mense vereer as raadgewer en as vriend.[2] Hy was groot en grof gebou. Sy vel was bruin van kleur en sy opgeruimde gelaat en wakker oë het 'n diepe humorsin verraai. Hy was 'n mensekenner, 'n sakeman en 'n voortreflike boer. As Minister van Landbou het hy verbeteringe op plase aangemoedig, stoetvee en goeie saad laat invoer, model plase laat oprig, navorsing t.a.v. boerderyaangeleenthede laat doen, jong manne na die V.S.A. gestuur om nuwe boerderymetodes aan te leer en 'n Landbank opgerig om die boere van ruim lenings te voorsien.[3]

Generaal Botha was 'n gewilde leier. In sy huis was daar altyd besoekers. Daar is koffie gedrink en gerook terwyl die probleme van sy gaste met voortreflike advies uit die weg geruim is.[4] Sy vriend, genl. Smuts, het in 'n skrywe aan John X. Merriman beweer dat Botha „...is really one of the finest men South Africa has produced. If he had culture as he has chivalry and common sense, there would not be his equal in South Africa...."[5] Later het gen. Smuts hom beskryf as: „...'n vriend sonder weerga...die grootste, skoonste en soetste siel van my hele land en dae...."[6]

## GENERAAL JAN CHRISTIAN SMUTS.

In sy uiters moeilike posisie, as hoof van 'n Boereregering in 'n pasverowerde Britse gebied, is genl. Botha bygestaan deur genl. Jan Christian Smuts. Hy was 'n man met baie morele moed en 'n kil-doelmatige denkvermoë. Hy het sy kollegas tot so 'n mate oorheers dat A.W. Lloyd, 'n spotprenttekenaar, in 'n skets van 'n Kabinetsvergadering, al ses die ministers met die gesig van genl.

---

1). „De Volkstem," 9 Februarie 1909, hoofartikel.
2). J. Albert Coetzee. A.w. Bl. 329.
3). Sien bl. 61 van hierdie werk.
4). F.V. Engelenburg. A.w. Bl. 130.
5). Mer. Vers. No. 230 van 1906. 30 Augustus 1906.
6). „Louis Botha." Gedenkkomitee-album. 15 Augustus 1946. Bl. 4.

Smuts geteken het.[1]

Generaal Smuts het oor 'n verbasende werkvermoë beskik. Hy het laat op kantoor gebly waar stapels boeke, dokumente en korrespondensie deurgewerk en afgehandel is. Hy het sy ondergeskiktes nie veel vertrou nie en het derhalwe die grootste deel van die werk self afgehandel. Omdat die ander ministers, met die uitsondering van Botha, nie bekwaam genoeg was nie, het Smuts in die parlement op die vrae van die opposisie geantwoord en regeringstukke deur die parlement geloods.

Die Transvaalse regering was feitlik in sy hande. Hy het besnoei, slegs bekwame amptenare aangehou, streng teenoor die mynmagnate en mynwerkers opgetree en die onderwysstelsel hervorm. Slegs voor Ghandi en die Indiërs het hy geswig.[2]

In die geval van laasgenoemde wou Smuts die Indiërimmigrasie belet en het geëis dat vingerafdrukke van Indiërs op hul registrasiedokumente aangebring moes word. Die Indiërs, onder leiding van Ghandi, het teen hierdie vernedering in verset gekom. Daar was spoedig groot gevaar dat die suikerindustrie van Natal belemmer sou word. Dit sou baie nadelig vir die toenaderingsbeleid van die regering teenoor Natal wees, met die gevolg dat Smuts moes toegee.[3]

<u>TOENADERING TOT DIE ENGELSE IN TRANSVAAL.</u>

A. <u>DIE PERIODE ONMIDDELLIK VOOR EN NET NA DIE VERKIESING.</u>

Die Johannesburgers was verontwaardig toe hulle verneem dat die Britse regering besluit het om verantwoordelike bestuur aan Transvaal toe te staan. „...It means that the battle which was won and lost in the fields of war must be fought again on the political platform...Surely, Johannesburg, at all events, has had sufficient reason to remember what a Dutch majority meant in the past...we do feel very strongly that the future of the country demands that...the most enlightened and progressive section of the community

---

1). F.S. Crafford. „Jan Smuts. A Biography." Bl. 73.
2). do. Bl. 74-75.
3). Sien bl. 55 van hierdie werk.

should not be in the minority...."[1] Ook is daar beweer dat „...The Boers at last see a reasonable chance of regaining their position as a privileged class. The British community feels that it is in serious danger of becoming once more a community of Uitlanders."[2]

Dit was dus dringend noodsaaklik vir die nuwe Boereregering om die Engelse in Transvaal te kalmeer. Dat hierdie taak veeleisend sou wees, blyk duidelik uit 'n skrywe van Smuts aan Merriman: „...You cannot expect any British Government to put in the wrong their own compatriots in the Transvaal, even in the year 1906; and when their compatriots are such as you and I know them to be, the position of a poor devil of a 'Dutchman' becomes very difficult indeed...We do our best to use long spoons. Let us never be in too great a hurry, knowing that the good can well afford to wait and will assuredly arrive. Our English friends have to be conciliated and their suspicions have to make way for wholehearted trust and loyalty of spirit before we shall succeed."[3]

Die „Transvaal Progressive Association," die Engelse pers en die mynmagnate het die Boereleiers gewantrou en hulle was openlik aggressief in hul optrede. Die „Witwatersrand Trades and Labour Council" het gedreig om sommige myne te sluit as die Regering dit sou waag om die Sjinese koelies te repatrieer.[4]

Om hierdie teenstanders tevrede te stel en tot samewerking te stem was genls. Botha en Smuts bereid om groot offers op hul volksaltaar te lê. Selfs die naam van hul party het onder die soeklig gekom. „We want to change our name too which is a stone of stumbling to many a weak brother, but we hear the Responsibles (van die Kaapkolonie) are going to take the name of 'South African Party' which we would have preferred ourselves...."[5] het Smuts aan Merriman geskryf.

Op 23 Desember 1906 het Smuts Merriman meegedeel: „...I have

1). „The Star," 19 Januarie 1906, hoofartikel.
2). do. 26 Januarie 1906, hoofartikel.
3). Mer. vers. No. 184 van 1906. 11 Julie 1906.
4). Kol. Sekr. Transvaal. Band 653. No. 7905.
5)..Mer. vers. No. 184 van 1906. 11 Julie 1906.

selected as my seat the northern suburbs of Pretoria — a large virile community, mostly English, arrived after the War. I held a meeting last night and foresee no difficulty in getting elected."[1) ] Basil Williams deel ook mee dat 'n verbasende groot aantal Engelssprekendes vir „Het Volk"-kandidate gestem het.[2)]

Op 13 Januarie 1907 het Smuts weer eens 'n vergadering te Villieria, Pretoria, toegespreek en sy kiesers meegedeel dat die oë van die hele land op Transvaal gerig was. „...They had a great opportunity now for setting an example to the whole of South Africa and initiate that spirit of co-operation and unity which would result in a great united South African Nation."[3)]

Op 19 Januarie 1907 het Botha in sy setel, Standerton, hom as volg uitgelaat: „...De Konstitutie is...een vertrouwen dat in ons gesteld is, dat ik bezonder appresieer. Ik wil u vragen om dit waardig te wezen en om eerlik tegenover uzelf en tegenover de Britsche Regering -- en vooral tegenover Ou Transvaal —te wezen... Ik hoop dat de vaderlandsliefde van Engelsman en Boer van die aard zal wezen dat wij hand aan hand tezamen die verantwoordelikheid in de toekomst op ons kunnen nemen. Wij moeten opnieuw een huis bouwen in Transvaal en onthouden, dat dit huis een beschutting zal geven aan elke nasionaliteit, vanwaar zij ook komen. Laat ons dat huis bouwen met stenen die geen barsten of scheuren hebben en laat ons het sterkste zement gebruiken om alle nasionaliteiten voor goed en altijd vas te binden..."[4)] Om die myneienaars gerus te stel het Botha hulle verseker dat hy geen Sjinese koelie sal repatrieer sonder om te sorg dat sy plek deur 'n naturelle-arbeider gevul word nie.[5)]

Hoewel die „Star," as mondstuk van die opposisie, die verkiesingsuitslag met misnoeë aangekondig het en beweer het:„... the second Colenso is as complete as the first...."[6)] het die „Volkstem,"

---

1). Mer. vers. No. 230 van 1906. 23 Desember 1906.
2). Basil Williams. A.w. Bl. 56.
3). „The Star," 14 Januarie 1907, bl. 10.
4). „De Volkstem," 19 Januarie 1907, bl. 6.
5). „Ons Land," 24 Januarie 1907, bl. 6.
6). „The Star," 22 Februarie 1907, hoofartikel.

as mondstuk van die „Het Volk"-party, probeer om die Engelssprekendes tot bedaring te bring. „...Toch stemt de grote overwinning tot dankbaarheid...Ook wijden we een woord van erkentlikheid aan de tegenwoordige Rijksregering, die de moed heeft gehad genoegzaam vertrouwen te stellen in de bevolking van Transvaal...De door "Het Volk" vertegenwoordigde Partij zal de tans aangeboden gelegenheid niet ongebruikt laten om aan 't Imperiale Gouvernement te tonen dat het geschonken vertrouwen niet aan onwaardigen werd besteed"[1])

Met sy eerste toespraak as premier het Botha hom as volg uitgelaat: „Een gevoel van diepe dankbaarheid bezielt...de bevolking. Want de Koning van Engeland, de Britse Regering, en het Britse volk hebben de gehele bevolking der Transvaal vertrouwd op een wijze die geen weerga vindt in de geschiedenis...Het gevolg is dat vele mannen, die 5 jaar geleden een voornaam aandeel in de oorlog namen, vandaag Britse Ministers zijn. Is het mogelik voor de Boeren ooit een zo grote daad van edelmoedigheid en rechtvaardigheid te vergeten? Nooit. Als er ooit goed zaad gezaaid is in Zuid Afrika, dan is het in deze vrije konstitutie...De wereld zal zien dat deze regering even jaloers is, en naarstig voor de eer van de vlag die over ons waait, als enig ministerie ooit zal kunnen zijn..."[2])

Die liberale en gerusstellende houding van Botha en Smuts blyk ook mooi uit hul optrede t.a.v. die „Kindergarten" amptenare van Milner. Volgens ŉ belofte van Botha, tydens ŉ verkiesingstoespraak te Standerton, is hierdie staatsamptenare almal behou met die uitsondering van ŉ paar wat self besluit het om te bedank.[3]) Ook het die nuwe regering die meeste van Milner se skemas ter bevordering van die landbou en industrie behou.[4]).

Die Engelse in Transvaal het die Boereleiers bly wantrou. Die „Star" het voorspel dat die kabinet slegs uit Boere, met Smuts as premier, saamgestel sou word.[5])

---

1). „De Volkstem," 23 Februarie 1907, hoofartikel.
2). do. 13 Maart 1907, bl. 6.
3). „Ons Land," 29 Januarie 1907, bl. 5.
4). C.M. van den Heever. A.w. Bl. 65.
5). „The Star," 23 Februarie 1907, hoofartikel.

In 'n skrywe aan Merriman op 25 Februarie 1907 het Smuts beide hierdie bewerings geloënstraf: „...Solomon's defeat settled any doubt in connection with the premiership. Botha will now form the government. At the same time we feel sorry for Solomon, and if he will serve under Botha (as I think he will) he may be A.E. or A.G.[1] I am anxious not to have a pure Het Volk ministry. In our policy of racial peace we carried many English with us, and I think we should continue that policy night and day. Unfortunately the Nationals have few men of particular noteability, we shall take, I believe, Hull and Solomon[2]...There is a great work ahead; we mean to proceed very cautiously but very firmly...."[3]

Op 4 Maart 1907 is die samestelling van die kabinet amptelik bekend gemaak. Naas Botha en Smuts is Henry Charles Hull in die kabinet opgeneem as Koloniale Tesourier, Edward Philip Solomon as Minister van Publieke Werke, Jacob de Villiers as Prokureur-Generaal en Minister van Mynwese, en, indien sir Richard Solomon 'n setel kon kry, sou hy Minister van Justisie word.[4]

Bogenoemde bekendmaking het die volgende kommentaar van die „Volkstem" ontlok: „...Aan genl. Botha is door de Gouverneur, de keuze opgedragen van 't vijftal dat, volgens bepalingen der Konstitutie, met de Eerste Minister zich verantwoordelik zal stellen voor 's lands bestuur; en de door onze voormannen gedane keus bewijst dat 't beginsel van "Het Volk" om samewerking te zoeken tussen Boer én Engelsman, ruimschoots werd toegepast en eerlik werd opgevolgd...."[5]

Op 11 Maart 1907, tydens 'n dinee te Pretoria met die doel om die verkiesingsuitslae te vier, het Botha weer eens samewerking bepleit: „...The keynote of his speech, almost needless to say, was "CO OPERATIE."[6] That was the spirit which had inspired the Government of England to trust the people of the Transvaal in a

---

1). A. "Agent Extraordinary or Agent General."
B. Sir Richard Solomon is deur Botha aangestel as die A.G. van Transvaal in Londen.
2). Dit is E.P. Solomon, 'n broer van sir Richard.
3). Mer. Vers. No. 14 van 1907. 25 Februarie 1907.
4). „The Star," 4 Maart 1907, bl. 7.
5). „De Volkstem," 6 Maart 1907, hoofartikel.
6). „The Star" beklemtoon.

manner of which history shows no parallel...."[1]

Om sy teenstanders gerus te stel het Botha die toekomstige beleid van sy regering as volg geskets: Die gee van verantwoordelike bestuur aan Transvaal sal met milde bewyse van dankbaarheid onthou word, mynbou sal bevorder word, die vereniging van al vier die kolonies in Suid-Afrika sal nagestreef word, moedertaalonderwys sal ingestel word, 'n gematigde naturellebeleid en die geleidelike opheffing van die naturel sal beoog word. Daar sal probeer word om vryhandel vir Suid-Afrika te verky en daar sal 'n beleid van kontinuïteit en konstruksie gevolg word.[2]

Tydens sy openingsrede van die eerste sitting van die Eerste Parlement van Transvaal, op 21 Maart 1907, het lord Selborne beweer dat die verbittering tussen Boer en Brit vinnig afneem. Dit was 'n groot kenmerk van die verkiesing en daar was oral 'n goeie verstandhouding tussen die twee rasse wat tot hul vereniging mag lei.[3]

Lord Selborne het met dieselfde geleentheid bekend gemaak dat genl. Louis Botha 'n uitnodiging na die premierskonferense te Londen aanvaar het. Die doel van die konferensie sou wees om sake in belang van die Britse Ryk te bespreek en om harmonie tussen die verskillende Britse kolonies te bewerkstellig.[4]

B. GENERAAL SMUTS SE ONDERWYSWET.

Reeds in 1905, nadat die koalisie-ooreenkoms tussen die „Het Volk" - en die „Responsible Government" -partye aangegaan is, het Botha verklaar: „...Samenwerking is 't hoofdoel om van beide blanke rassen een natie te maken...Beginzelkwesties zijn hoofdoorzaken waardoor Boer en Brit tans verdeeld zijn. En ik kan u zeggen dat 't Hoofdkomite zijn beginzelen achter houdt, omdat zijn doel is Boer en Brit tezamen te brengen...U zult zien, op onderwijs gebied hebben we moeten toegeven. Maar 't is met geen ander doel dan om 't grote ideaal van ons te bereiken, namelik in dit land een natie van

1). „The Star," 12 Maart 1907, hoofartikel.
2). Fremantle Versameling. Kaapse Argief. Band 6. No. 608.
3). „Debatten van die Wetgevende Raad van de Transvaal. (Eerste zitting van het Eerste Parlement.) 1907. Gedruk deur die Regering's drukkery, Pretoria. Bl. 3.
4). do.

blanken te zien...."[1]

Hierdie toegewing aan die Solomongroep het dan ook die hoeksteen van die Smutsonderwyswet, wet no. 25 van 1907, geword. Dit is die volledigste wet oor onderwys wat Transvaal nog ooit gehad het. Die opstelling daarvan getuig dat 'n wetgeleerde aan die roer van sake gestaan het. Dit is in wetlike terme opgestel en laat geen twyfel oor die doelstelling daarvan nie.[2] Die inspirasie van die wet het van Botha af gekom.[3] Alle laer onderwys sou gratis wees en alle fooie i.v.m. hoër onderwys sou as algemene inkomste beskou word. Verpligte onderwys vir kinders van 7 tot 14 jaar, wat binne 'n radius van 3 myl vanaf die naaste skool woon, is ingestel. In die laer klasse sou die moedertaal die medium van onderrig wees. Engels sou in st. 3 aan Afrikaanssprekende leerlinge geleer word. Na st. 3 mag twee vakke aan hierdie leerlinge deur middel van hul moedertaal geleer word en 'n deeglike kennis van Engels sou 'n vereiste vir bevordering wees. Hollands sou aan alle kinders, Afrikaans- of Engelssprekend, onderrig word, tensy die ouers van so 'n kind dit anders verlang.[4] Die gevolg van hierdie bepaling was dat elke kind Hollands mag leer maar Engels moes leer.

Vir die Engelse en Engels-gesindes „...it was in essence one of language equality...English was made a compulsory language and Dutch optional...."[5] Die „Star" skryf dan ook: „...The well-deserved tribute which Sir George Farrar paid to Mr. Smuts for his courageous, statesmanlike and timely pronouncements on the educational policy of the Government should satisfy the Ministry, if the members had any doubt on the point, that it can rely upon the cordial support of the Opposition in all measures which are calculated to promote the permanent interests of the Colony."[6]

Binne die tydsbestek van slegs drie maande na die verkiesing

---

1). „De Volkstem," 20 Mei 1905. bl, 3.
2). Abel Coetzee. A.w. Bl. 98.
3). F.V. Engelenburg. A.w. Bl. 159.
4). Abel Coetzee. A.w. Bl. 102.
5). J.C. Smuts. A.w. Bl. 102.
6). „The Star," 16 April 1907, hoofartikel.

het die mondstuk van die opposisie vir beide genls. Botha en Smuts begin prys. Op 26 Junie 1907 skryf die „Star" :„...As Minister of Education Mr. Smuts continues to be above criticism. The speech in which he introduced the second reading of the new Bill yesterday afternoon has, if anything, increased the reputation for breadth of view and freedom from party bias of which he laid the foundation at Boksburg on March 26...."[1)]

Op 4 Desember 1907 het die „Star" vir genl. Smuts verder lof toegeswaai deur te skryf dat „...In no department of the Administration has the Government won so great a measure of public applause as in that of education. Mr. Smuts has responded to the widespread desire that education should be dealt with on non-political, non-racial, lines in a manner that does credit to his ability...Mr. Smuts has every reason to feel satisfied as all interested in the wellfare of the rising generation must feel gratified, with the results which have attended this policy of co-operation."[2)]

Dit is dus duidelik dat die onderwyswet van 1907, waaraan die name van genl. Smuts en Dr. Adamson[3)] onafskeidelik verbind is, kragtig meegewerk het om die vyandige opposisie te kalmeer. Deur die Afrikaner en sy taal minderwaardig te behandel is die Engelse element versoen en die weg tot samewerking gebaan.

Die enigste persone wat skynbaar nie ingenome met die Smuts-onderwyswet was nie, was die Afrikaanse predikante,[4)] die C.N.O.-leiers, die Gereformeerdes van Potchefstroom[5)] en die Vrystaatse Afrikaners. Hulle het veral fout gevind met die beperking van die seggenskap van ouers t.a.v. die leerplanne, die bepalinge t.a.v. die tale en die bepalinge t.a.v. die godsdiensonderrig. So het pres. Steyn op 16 April 1907 aan Merriman geskryf: „...The first great need of the Transvaal is compulsory education. To pass such a law will require

1). A. „The Star," 26 Junie 1907, hoofartikel.
B. Sien bl. 104 van hierdie werk.
2). „The Star," 4 Desember 1907, bl. 8.
3). A.K. Bot. „Honderd jaar onderwys in Transvaal. 1836-1936," 1936, bl. 98.
4). Basil Williams. A.w. Bl. 61.
5). Abel Coetzee. A.w. Bl. 99 en 120.

the assistance of all friends of education. I think they are strong enough to force such a measure through but to commit it with a hard and fast system of State Education is, I think, a mistake. He is throwing the apple of discord amongst the educationalists. He will lose both measures. Smuts is, I am afraid, in a hurry and that is a mistake....."[1)]

TOENADERING TOT DIE SUSTERKOLONIES.

Generaals Botha en Smuts het deeglik besef dat feitlik alle probleme van Transvaal sou ooreenstem met soortgelyke probleme in die ander kolonies. Die land was kunsmatig in vier dele verdeel wat botsings onvermydelik gemaak het. Lord Milner het, met die doel om die gebiede stil te hou terwyl hy hulle „opvoed" vir vereniging, ʼn tydelike „Doeane- en Tariefkonvensie" daargestel.

Na die vier kolonies gelyke status gekry het, het die wedywering verskerp. Met vier wetstelsels, vier regerings, vier invoerstelsels en drie spoorwegstelsels[2)] het wrywing vinnig toegeneem. Transvaal was ryk maar het geen hawe gehad nie. Deur tariewe en invoerbelastings wou die Kaap en Natal hul skatkisse vul. Vir Transvaal was lae tariewe noodsaaklik om die lewenskoste laag te hou. Die Kaap en Natal wou lae tariewe op landbouprodukte hê en Transvaal wou sy eie boere beskerm. ʼn Tariefstryd het ontwikkel. Die kompetisie tussen die kusprovinsies het toegeneem en dit is verder verskerp deur die handel met Lourenco Marques wat deur beide pres. Kruger en lord Milner as die natuurlike hawe van Transvaal beskou is. Die Portugese het aan Transvaal baie gunstige handelsvoorwaardes gebied en het ook, in ruil vir die handel, die goudmyne van naturelle-arbeiders voorsien.

Alle konferensies tussen die Britse kolonies het misluk. Wrywing tussen die state het toegeneem en die moeilikhede is deur beraadslagings onder ʼn vergrootglas geplaas.[3)]

---

1). Mer. vers. No. 39 van 1907. 16 April 1907.
2). Na die oorlog is die spoorweë van die O.R.K. en Transvaal onder een bestuur geplaas, bekend as die „Central South African Railways."
3). H.C. Armstrong. A.w. Bl. 143 tot 144.

Dit was duidelik dat hierdie moeilikhede slegs deur ŉ politieke vereniging permanent opgelos sou kon word. Voordat daar tot so ŉ stap oorgegaan kon word, moes daar bande van vriendskap tussen die politieke leiers gelê word, en hierdie taak het Botha en Smuts op hul skouers geneem.

Beide die Boeregeneraals was vir hierdie moeilike taak besonder goed toegerus as gevolg van hul persoonlike verlede. Generaal Botha, ŉ Nataller van geboorte, was met ŉ dame van Ierse herkoms getroud. Te Colenso, Natal, het hy sy grootste roem tydens die oorlog verwerf. Die Natallers het ŉ baie hoë dunk van genl. Botha gehad. Op 17 Julie 1907 het die „Natal Witness" vir genl. Botha in die bresse getree toe Engelse in Engeland die Boeregeneraal aangeval het. „...There is a certain section...in England...which would prefer to see the existing differences maintained...This was shown more particularly at the time Mr. Botha assumed the office of Prime Minister, and, by his conciliatory speeches, drew upon himself and upon his Government the vicious attacks of disappointed partisans, who saw in his accession to power the immediate overthrow of British — that is to say Tory — dominance in South Africa. No abuse or misrepresentation was too scandalous for the occasion, nor was any event of recent years more unscrupulously used to defame the Liberal Government, whose just estimate of the political requirements of this country rendered Mr. Botha's accession possible."[1)]

Generaal Smuts was ŉ Kolonialer van geboorte. Sy grootste roem tydens die oorlog is met sy veldtog in die Kaapkolonie verwerf. Sy naam was daar aan almal goed bekend. Baie van die Kolonialers was sy vriende en met sommige van hulle, soos F.S. Malan, J.X. Merriman en sir H. de Villiers, het hy gedurig gekorrespondeer.[2)] Hy was goed op hoogte van politieke aangeleenthede in beide die kusprovinsies en hy het verwag dat Merriman met die volgende verkiesing vir Jameson

1). „Natal Witness," 7 Julie 1907, „Evening Edition," hoofartikel.
2). Bettie Cloete. „Die lewe van senator F.S. Malan," bl. 101.

sou verslaan. Vandaar dan ook sy simpatieke skrywe aan Merriman op 30 Augustus 1906: „...I am sorry to hear about the corrupting influence of the government party at the Cape and have noticed from the votes in connection with the Customs Union that something was wrong with some members of the S.A. Party. There are always in every army cowards and fools who want to surrender on the very eve of victory, and your army is no exception. But victory will come all the same....."[1]

Genl. Smuts het aan Merriman 'n memorandum gestuur wat ooreenstem met die memorandum wat hy 'n kort rukkie later in Campbell-Bannerman se kantoor gelaat het.[2] In hierdie memorandum het hy 'n pleidooi vir die toekenning van konstitusionele vryhede aan die Oranje Rivier Kolonie gelewer. „...The Boers in Transvaal desire that, whatever rights are conceded to the Transvaal, the people of the O.R.C. shall be dealt with in the most generous spirit. Whatever our mistakes in the Transvaal before the war, it is generally admitted that the administration of the O.F.S. was the simplest, most efficient and satisfactory in South Africa. The O.F.S., in a spirit of chivalrous attachment to its legal obligations towards the Transvaal, sacrificed its all in the war. And it is our sincere wish that the O.R.C. may be given the freest and best constitution in all South Africa, as its people is in every way worthy and ripe for it...."[3]

Tydens die besoek van die „West Ridgeway Commission" het sir Henry de Villiers etlike suggesties aan die lede gemaak en genl. Smuts daarvan verwittig. Aan hom het genl. Smuts op 3 Mei 1906 geskryf: „I was very agreeably surprised by the receipt of your letter...the information you gave and the suggestions you made were most welcome and useful, and General Botha...joins me in thanking you very heartily for what you wrote...."[4] Aan Merriman het hy op 5 Mei naastenby in dieselfde trant geskryf: „...Sir H. de Villiers

---

1). Mer. vers. No. 198 van 1906. 30 Augustus 1906.
2). Sien bl. 13 en bl. 229 van hierdie werk.
3). Mer. vers. No. 240 van 1906. Ongedateerd.
4). E.A. Walker. „Lord de Villiers and his times. South Africa. 1842-1914," bl. 482.

had a very long talk with them in Cape Town and I hope you will also use your influence with them. We are fighting a big fight and cannot bring every bit of reserve into the field...."[1] Daarop het hy Merriman bedank vir boeke wat hy voorgestel het dat hy moet lees en vra toe nog verdere voorstelle t.o.v. leesstof.[2] Hierdie brief moes Merriman bepaald baie gevlei het.

Op 2 Junie 1906 het Smuts aan Merriman geskryf: „...I am sure a determined stand by you and others at the Cape will have a most beneficial effect (op die „West Ridgeway Commission") and will never be forgotten by us...."[3] Verder het hy meegedeel dat hy op 21 Junie of kort daarna in die Kaap sou wees om Merriman se opvattings oor die Sjinese kwessie te vra.

Toe Smuts in Oktober 1907 verneem dat dit die voorneme van Merriman was om Transvaal te besoek, deel hy Merriman mee dat hy voorwaar ʼn baie aangename rus in Transvaal sou geniet. Hy nooi daarop vir Merriman en sy vrou uit om by hom tuis te gaan. Aangesien Botha slegs ʼn paar honderd tree van hom af gewoon het, sou hulle baie sake van belang kon bespreek.[4]

Die ernstige pogings van Botha en Smuts om Transvaal tot ʼn goeie buurstaat van Natal te omskep het as gevolg gehad dat die Natallers in hulself verdeeld geraak het. Terwille van Natal het Smuts die onderspit teen Ghandi en sy Indiërs gedelf,[5] en waar die tariefkwessie in die verlede nog altyd die grootste wrywingspunt tussen Transvaal en die kusprovinsies was, kon Smuts op 8 Julie 1907 met voldoening aan Merriman skryf: „...The difficulty with Natal over the freight question has been satisfactorily settled due to the moderation of Botha who has a personal regard for Moor as a good South African...."[6]

Die verskil van opinie in Natal blyk mooi uit die toesprake van mnre. Watt en Moor. Mnr. Watt het sy gehoor die versekering gegee dat dit die doel van die binnelandse state was om Natal te dwing tot

1). Mer. vers. No. 121 van 1906. 5 Mei 1906.
2). do.
3). do. No. 142 van 1906. 2 Junie 1906.
4). do. No. 108 van 1907. 18 Oktober 1907.
5). Sien bl. 44 van hierdie werk.
6). Mer. vers. No. 67 van 1907. 8 Julie 1907.

ŉ federasie wat vir die kusprovinsies onaanneemlik sou wees.[1] Mnr. Moor het weer beweer: „...Both Dutch and British realised that there was no room in South Africa for these two races to be pulling in different ways. They must pull together...shoulder to shoulder for the advancement of the land which they loved so dearly."[2]

In Junie 1907 is verantwoordelike bestuur aan die O.R.K. toegestaan. Gebind aan die Boere van Transvaal met bande van bloed, het hulle saam die lief en leed van die oorlog deurgemaak. Hoewel die Boere in die O.R.K. die toenaderingsbeleid van Botha en Smuts afgekeur het en teleurgestel was omdat aan Transvaal selfbestuur toegeken is terwyl hulle nog onder kroonkoloniebestuur gestaan het, moes hulle ongetwyfeld die pleidooie van die leiers van Transvaal, vir die toekenning van die mees vrye konstitusie moontlik aan die O.R.K., gewaardeer het.[3]

Met die sitting van die kongres van die Orangia Unie op 6 Julie 1907 was genl. Botha teenwoordig. Botha is luid toegejuig en in sy toespraak het hy gewys op die talle bande en die sake van gemeenskaplike belang wat die twee state aan mekaar bind. Hy het daarop die hoop uitgespreek dat die twee gebiede soos broers sou saamwerk.[4]

Toe die afgevaardigdes van die verskeie kolonies in 1907, vir die eerste keer nadat verantwoordelike bestuur aan Transvaal en die O.R.K. toegestaan is, op ŉ konferensie vergader het, was die gunstige uitwerking van die toenaderingsbeleid van Transvaal reeds duidelik merkbaar. Prof. Newton skryf in verband hiermee: „...The Colonial Conference of 1907 differed fundamentally from earlier conferences. It was much more like a series of co-equal and separate, though closely associated, powers than they had been. The tone and temper of the colonial representatives at the Conference of 1907 were amiable and constructive in regard to matters of common interest rather than

---

1). „Ons Land." 30 April 1907, bl. 5.
2). „The Star," 3 Mei 1907, bl. 11.
3). Sien bl. 54 van hierdie werk.
4). „The South African News," 8 Julie 1907, bl. 5.

suspicious and distrustful...as they had been at the Conference of 1902." [1]

TOENADERING TOT DIE IMPERIALE REGERING.

Die Campbell-Bannerman regering was die Boere goedgesind. Soos reeds aangetoon het hulle die vorige regering se oorlogsprogram in Suid-Afrika afgekeur. [2] Hulle het die Boereleiers ondersteun in hul agitasie teen die invoer van Sjinese arbeiders en hulle het ook rassesamewerking en die vereniging van die Britse gebiede in Suid-Afrika begeer.

Die „Program van Beginsels" van die „Het Volk"-party toon 'n treffende ooreenkoms met dit wat deur die Engelse regering begeer is.. Volgens die vredesverdrag van Vereeniging sou die Britse oppergesag eerbiedig word. Mynbou sou bevorder word. Die invoer van Asiate sou belet word en die ingeboekte Sjinese arbeiders sou gerepatrieer word sodra hul kontraktyd verstreke was. Daar sou verder gepoog word om die blanke rasse te versoen en te laat saamwerk vir die spoedige verwesenliking van die ideaal van 'n verenigde Suid-Afrika. [3]

Terwyl die „Transvaal Constitution Bill" deur die Parlementshuise in Engeland bespreek is, het die Suid-Afrikaanse Rugby-voetbalspan groot lof in die Verenigde Koninkryk ingeoes. In 'n skrywe van 30 Januarie 1907 aan De Villiers het Botha beweer dat dit sy ernstige oortuiging is dat die toer meer daartoe bygedra het om rassehaat te verwyder as enig ander gebeure tydens daardie jaar. [4]

Dat die Engelse regering gretig was om toenadering en samewerking onder die blankes in Suid-Afrika verwesenlik te sien, blyk uit die woorde van Sir Lewis Michell „...On the 29th June I received a curious round robin from 22 Members of the House of Commons, 11 of each side, asking for facilities to visit South Africa and bring about a better understanding, but the scheme fell through, as we were already planning our own measures to bring about that result by a

---

1). F.J. Hearnshaw. A.w. (Geneem uit 'n artikel deur prof. A.P. Newton.) Bl. 158 tot 159.
2). Sien bl. 3 van hierdie werk.
3). A. Mer. Vers. No. 241 van 1906. Ongedateerd.
B. Sien bylae. Bl. X van hierdie werk.
4). E.A. Walker. A.w. Bl. 420.

Union of the Provinces."[1]

Die eintlike geleentheid waarvan die Transvaalse regering gebruik kon maak om toenadering tot die Engelse regering en volk te soek, was die Imperiale Konferensie wat in 1907 in Londen gehou sou word.

Aanvanklik het lord Elgin daaraan getwyfel of dit raadsaam sou wees om genl. Botha uit te nooi: „...His Majesty's Government would, in ordinary circumstances, have welcomed the presence of the Prime Ministers of other self-governing Colonies on that occasion," het hy aan Selborne geskryf. „As, however, the meetings of the Conference will commence on the 15th of April, His Majesty's Government have thought that no useful purpose would be served by an invitation to the Transvaal."[2] Daar is egter besluit om tog 'n uitnodiging te stuur. Genl. Botha het dit onmiddellik aanvaar en 'n boodskap aan die Engelse volk gestuur. „Generaal Botha's boodschap aan het Engelse Volk, door "Reuter's Agentschap" naar Engeland gekabeld, heeft niet nagelaten... een zeer gunstige indruk te maken. Zelfs de uiterste Jingo-pers durft de woorden van de voorzitter van "Het Volk" niet met haar gewone laster behandelen...De liberale pers is natuurlik zeer ingenomen met de boodschap. De "Daily News" zegt: "Zij betekent het einde van een hoofdstuk en het begin van het eerherstel van het land"...."[3]


Beide Merriman en Steyn was van mening dat Botha onwys gehandel het deur die uitnodiging te aanvaar. Merriman het aan Goldwin Smith geskryf: „...The new government (in Transvaal) includes some of the cleverest men in S. Africa, who have proved their manhood in the field as well as their talents elsewhere. The only danger is that they will have too much of the Dutch characteristic of trying to make things pleasant for their opponents, which goes curiously enough with them in

---

1). Sir Lewis Michell. „Half a Century in and out of South Africa. 1864-1919." Ongepubliseerd. Kaapse argief. ACC. 540 no. 29. Bl. 325.
2). Kol. Sekr. Tvl. Band 693. No. 10,000.
3). „De Volkstem," 9 Maart 1907, bl. 6.

THE SPIDER AND THE FLY.

("A number of the advanced Radical members of the House of Commons will seek an interview with General Botha on his arrival, and will probably invite him to dinner." ---
Cable from London.)




WILL HE BE CAUGHT?

„The Star," 29 Maart 1907, bl. 8.

clogged obstinacy in certain matters...." [1] Merriman was van mening dat Botha liewer nie die uitnodiging moes aanvaar het nie en het beweer: „...Botha...is not a great statesman and I question the wisdom of his going off to this conference without having any true grip of the political system under the new order of things. I can see that a great deal of mischief may come out of this meeting...." [2]

Pres. Steyn, wat niks van Botha se houding teenoor die Engelse gehou het nie, het aan Merriman geskryf: „...With you I agree that it would be better if Botha did not lay the loyalty butter on so very thick. I daresay he is afraid to be misjudged. I am sorry he went to London. No good will come out of it for us...In justice to him I must say that he was not anxious to go. Their (sy kollegas se) object to let him go was to get money for a 'land bank.' Will they get it? I wonder...." [3]

Net soos die Engelse vir genl. Smuts, kort nadat hy die Lyttelton-konstitusie laat opsy skuif het, aangestel het as ʼn „Privy Councillor," [4] het hulle vir genl. Botha, kort voor sy vertrek na Engeland, saam met sir Starr Jameson, sir Frederick Moor en sir Joseph Ward van Nu-Zeeland, op dieselfde manier vereer. [5] Dit, dan, was die aanvang van ʼn eerbetoon wat selfs die mees nugterdenkende persoon duiselig sou laat voel het..

Vergesel van sy dogter, sy suster, mnre. Beyers, Blanckenberg en Enslin, het genl. Botha na Engeland vertrek waar sy geselskap in die „Hotel Cecil" tuisgegaan het. [6]

In die „Guildhall" is die koloniale ministers deur die burgemeester van Londen ontvang en, na ʼn verwelkomingsadres, het elkeen die ereburgerskap van Londen ontvang. Sir Wilfred Laurier van Kanada het by hierdie geleentheid daarop gewys dat genl. Botha en dr. Jameson gedurig in mekaar se geselskap verkeer. [7]

---

1). „De Volkstem," 9 Maart 1907, bl. 6.
2). Mer. vers. No. 28 van 1907. 26 Maart 1907.
3). do. No. 39 van 1907. Ongedateerd.
4). J.C. Smuts. A.w. Bl. 99.
5). F.V. Engelenburg. A.w. Bl. 153.
6). „The Star," 16 Maart 1907, bl. 7.
7). „De Volkstem," 20 April 1907, bl. 6.

# "L I O N I S E D ."

("The British public are making General Botha the 'lion' of the hour.")




Of course Papa must "make a fuss" of the new baby.

„The Star," 18 April 1907, bl. 3.

Die toespraak van genl. Botha tydens die sitting van die Imperiale Konferensie het verreikende gevolge gehad. Bygestaan deur sir Richard Solomon, wat sy toespraak uit Hollands in Engels vertaal het, het hy gesê: „...When the invitation arrived to attend the Conference my Government did not hesitate to express the opinion that the invitation should be accepted at once...Having been the leader of the Boer population...and because the Government have now received great priveleges from the Imperial Government, it is a source of great pleasure to me to attend this Conference on behalf of the Transvaal people and to prove by such attendance at the Conference that the old Dutch population of the Transvaal would work equally loyally with the English population for the welfare of the Transvaal and of the whole British Empire...I am here...with a fixed purpose of assisting my colleagues as far as I can, to forward the interests of the various portions of the British Empire...."[1)]

Die „London Times" het die toespraak van Botha bewonderenswaardig gevind. Die toespraak toon „...dat de Regering voor haar edelmoedigheid beloond zal worden op een wijze als waarop weinig Engelse durfden te hopen..." Die toespraak getuig nie net van lojaliteit nie, maar ook van praktiese en opbouende imperialisme.[2)]

Sir Richard Solomon het die uitwerking van Botha se teenwoordigheid in Engeland en van sy toespraak voor die Konferensie as volg aan Rose-Innes beskryf: „...Botha has done very well here and I can assure you his party, including the ladies, took the shine out of the other colonial parties. Botha has been most discreet in all his public utterances. I am told that at the Conference he was most sensible on all questions which came before it. There is no doubt about the excellent impression he has created...If they can only satisfactorily solve the labour question they will have got over the chief difficulty...."[3)]

Vir menige persoon het dit as eienaardig voorgekom dat Botha

1). „Imperial Blue Books." Vol. 34. Bl. 13.
2). „Ons Land." Aanhaling geneem uit die „London Times," 18 April 1907, bl. 4.
3). Rose-Innes versameling. Kaapse Biblioteek. No. 449. 10 Mei 1907.

die Hollandse taal, selfs in die Konferensie, gebesig het. Op 'n vraag van 'n Franse verslaggewer het Botha meegedeel „...dat hij Hollands spreekt, omdat hij zich in 't Engels slechts met moeite kan uitdrukken...en men moest dan ook niet menen dat hij Hollands spreek om Engeland te ergeren...." [1] „Ons Land" deel mee dat Selborne self vir Botha aangeraai het om Hollands te besig. Geen Engelse blad het daar iets verkeerds in gesien nie. „...De natuurlike en ongeveinsde fierheid van Botha, en de prijsenswaardige oprechtheid en korrektheid der Engelse Overheden tegenover zijn taalrecht, steken scherp af bij de hier bestaande betreurenswaardige en onnatuurlik toestanden...." [2]

Botha en die ander premiers is op 'n dinee in die „Eighty Club" deur 600 van die vernaamste lede van die Liberale Party onthaal. Toe Botha opstaan om te praat, is hy met luide en aanhoudende toejuiging begroet. Eers het hy 'n heildronk op die Ryksregering ingestel. Toe het hy, telkens onderbreek deur toejuiging, verklaar „...dat de bevolking van Transvaal haar lojaliteit zou tonen door haar daden... De ganse volk van de Transvaal...had Brittanje's hand van vriendschap aangevat en zou die niet weder loslaten. Het vertrouwen der Rijksregering was het beste zaad in Suid-Afrika gezaaid, en de vruchten van dat vertrouwen zouden Zuid Afrika verenigen en kracht geven aan het roemvol Rijk...." [3]

Op 4 Mei het lord Elgin genl. Botha meegedeel dat sy aansoek om 'n verdere lening van £5,000,000 toegestaan is en dat dit deur die Britse regering gewaarborg is. Hierdie geld sou deur Transvaal aangewend word vir belangrike publieke werke en vir die oprigting van 'n landbank om die boere van fondse te voorsien. [4]

Botha se taak in Engeland was nou afgehandel en hy het begin om voorbereidings vir sy terugreis te tref. In sy afskeidstoespraak voor die Imperiale Konferensie het hy o.a. gesê dat dit vir hom 'n

---

1). „De Volkstem," 24 April 1907, bl. 6.
2). „Ons Land," 9 Mei 1907, bl. 5.
3). „Ons Land." 18 April 1907, bl. 5. „Eighty Club."
4). Premier Transvaal. Band 53. Omslag 3

groot voorreg was om die ander afgevaardigdes te ontmoet en dat hy altyd daarna sou streef om sy vriendskap met die ander koloniale premiers te versterk.[1]

Generaal Botha was nou besonder gewild in Engeland. Hy is met eerbewyse oorlaai. Op 10 Mei 1907 het die Universiteit van Edinburgh aan hom 'n eredoktorsgraad in die Regte toegeken.[2] Hy het ook die vryheid van twee ander stede, Edinburgh en Manchester, ontvang.[3] Gedurende die oggend van 11 Mei het hy talle afskeidsbesoeke afgelê „...en werd op hartelijke wijze in privaat ontvangen door Zijn Majesteit, op Buckingham paleis...." Nadat hy onderhoude met lord Elgin, Winston Churchill en sir Francis Hopwood gehad het, het hy en sy geselskap na Waterloostasie gegaan. Toe die trein vertrek „...werd hem door de massa aanwezigen op het station een luide ovatie gebracht...." Die burgemeester van Southampton het hom 'n keurig-versierde adres aangebied waarin die hoop uitgespreek is „...dat hij nog lang gespaard moge blijven, om het goede en verstandige werk, door hem ter hand genomen, uit te voeren...Generaal Botha werd in de dokken te Southampton luide toegejuicht. De "Armadale Castle" vertrok onder een geweldig hoerageroep en wuiven van zakdoeken...."[4]

S.G. Millin skryf oor die geweldige ophef wat daar van die Boeregeneraal gemaak is, dat Botha in Engeland dieselfde verwelkoming en gasvryheid geniet het waardeur talle van Engeland se bekende vyande tot Engeland se bekende vriende omgeskep is.[5]

Dit is vanselfsprekend dat die groot ophef wat daar in Engeland van Botha gemaak is, 'n algehele ommeswaai van die houding van die Transvaalse opposisie in die guns van die premier sou teweegbring. Op 24 Mei 1907 het die „Star" sy hoofartikel aan die nuutontdekte held gewy en geskryf van 'n „...Prime Minister, whose enthusiasm for the Empire has left the people of England delirious with self-satisfaction...."[6] Ook is daar nou beduie: „...Everywhere...there

---

1). „Imperial Blue Books." A.w. Vol. 34. Bl. 548.
2). S.G. Millin. A.w. Bl. 228.
3). „Ons Land." 14 Mei 1907, bl. 5.
4). do.
5). S.G. Millin. A.w. Bl. 228.
6). „The Star," 24 Mei 1907, hoofartikel.

HIS NEW LIVERY.

(General Botha is said to be delighted with the reception he has received in England, and, according to his speeches, is fast becoming an ardent Imperialist.")




Botha: "Voor eerst onbekent, maar dit is niet zoo slecht."
("It felt strange at first, but, after all, it is not so bad.")

„The Star," 27 April 1907, bl. 8.

has been the most hearty co-operation with the Government, and all parties have joined in making the situation as pleasant as possible for the Premier and his colleagues...."[1]

Op 29 Mei het Botha en sy geselskap by Tafelbaai aan wal gestap.[2] Ter verwelkoming van die Generaal is 'n artikel in „Ons Land" geplaas. Daarvolgens het Botha verklaar dat hy daarvan oortuig is dat sy besoek aan Engeland baie daartoe bygedra het om die goeie verstandhouding tussen die twee volkere, nie net in Transvaal nie, maar in die hele Suid-Afrika te verbeter. Die Britse volk sou alle pogings aanmoedig om 'n sterk en verenigde volk in Suid-Afrika op te bou, 'n volk wat dieselfde mate van vryheid sal geniet as die bevolkings van Kanada en Australië. „...Generaal Botha's persoonlijk tegenwoordigheid, sijn mannelik, kalm, bezadigd doch vastberaden optreden, zijn rondborstigê en ruiterlike verklaringen te Londen, dit alles heeft op 't verstand en 't hart van 't Britse volk een diepe indruk gemaakt. Generaal Botha stond daar als vertegenwoordiger van de gevestigde bevolking van Zuid Afrika. Geen wonder, dus, dat een betere verstandhouding het gevolg daarvan was. Zijn gehele toespraak ademt een gezond, ruim Zuid Afrikaanse nationaliteits-gevoel. Men merkt bij de Transvaalse Premier hoegenaamd niets van de bekrompenheid en naijver, door de afgevaardigden van de Kamer van Koophandel van de Transvaal nog onlangs aan de dag gelegd...."[3]

Op 27 Mei 1907 het Molteno, 'n voormalige premier van Kaapland, aan Merriman geskryf dat, ofskoon hy niks van die verrigtinge van die Imperiale Konferensie hou nie, „...still a little good came out of it all ---. It brought Botha over here and enabled him to be seen by leading men of both parties who proffered him their aid...Laurier put him on excellent terms with the leading men of our party...As to Botha's position, I do not think it ought to harm him with his people — remember he has come to England in the hands of men who hated and opposed the war and who are the living embodiment of the highest

1). „The Star," 31 Mei 1907, hoofartikel.
2). „De Volkstem," 29 Mei 1907, bl. 5.
3). „Ons Land," 30 Mei 1907, hoofartikel.

traditions of freedom...The task (van versoening en samewerking) is no easy one, there may be serious difficulties ahead but in that event the good understanding just established by Botha's visit will be very valuable...."[1]

Die toenaderingsbeleid van Botha en Smuts was, drie maande nadat hulle die bestuur van Transvaal aanvaar het, reeds ʼn volslae sukses. In die „Notes and Comments" van die „Star" van 6 Julie 1907 verskyn dan ook die volgende versekering: „...Henceforth there is no more distinction between 'British' and 'Boer' than there is between 'British' and 'farmer.' We trust we violate no confidence when we say that the Speaker of the Transvaal Assembly, in a speech to his Parliamentary guests, spoke in the same reassuring strain...It is unquestionable that the present esteem in which the world holds General Botha is based on the belief that he is veritably and at heart Engelsch gezind...."[2]

Voor die Transvaalse Wetgewende Vergadering het Botha, gesekondeer deur Farrar, op 19 Augustus voorgestel dat die goewerneur versoek sal word om die Britse regering te bedank vir die toekenning van verantwoordelike bestuur aan Transvaal en die Oranje Rivier Kolonie.[3] Op 21 September het daar gevolglik weer eens ʼn artikel in die „Star" verskyn om die Premier lof toe te swaai: „...General Botha has quite taken the place of the 'Ou President' in the Boer mind, but the Prime Minister has this great advantage over the President, that instead of engendering hatred and contempt for the urban population he preaches the doctrine of community of interest and national unity...."[4]

Onder die opskrif: „Co-operation," skryf dieselfde blad op 23 September: „...Unlike the bulk of mankind, who look upon the Prime Minister's parrot pleas for 'co-operation' as so much hum-bug, we continue to believe that General Botha really does mean what he says and says what he means when he stumps the country preaching peace and good will...."[5]

---

1). Mer. vers. No. 50 van 1907. 27 Mei 1907.
2). A. „The Star," 6 Julie 1907, bl. 8.
B. L.w. Die „Star" noem beide die Boeregeneraals nou ook „General."
3). „De Transvaal. Notulen der Wetgevende Vergadering." A.w. 19 Augustus 1907. Bl. 393.
4). „The Star," 21 September 1907, hoofartikel.
5). do. 23 September 1907.

By sommige van sy eie mense was genl. Botha so gewild dat hulle hom verafgood het.

Onder leiding van dr. F.V. Engelenburg is daar begin met die insameling van £500 om die koste van 'n olieverfskildery van Botha, deur F.D. Oerder, te bestry.[1] Bydraes het so ruim ingestroom dat op 27 September, by geleentheid van die verjaarsdag van Botha, die verantwoordelike komitee hom veel meer as net die skildery kon aanbied. Daardie dag het hy, as huldeblyk, ook 'n album met 30,000 handtekeninge van die publiek ontvang. 'n Silwer servies en 'n eetkamerstel is aan mev. Botha oorhandig en, as 'n spesiale verrassing, is die Statebybel, vroeër deur mnr. William Roland Thompson aan die Trekkerleier P.L. Uys geskenk, nou aan Botha gegee.[2]

Terwyl menige roker in die rookwolk van sy keurige „Louis Botha"-sigarette[3] tuur, kon hy nadink oor die groot prestasies van sy premier; 'n man wat so gewild was dat daar op 14 April 1908 'n honderd perderuiters opgedaag het om hom na die markplein van Pretoria te neem waar adresse hom aangebied is.[4]

TOENADERING TOT DIE KONING.

Koning Eduard VII was geen vriend van die Boere nie. Hy het sy simpatie met Rhodes nooit verbloem nie en aan Milner het hy sy volle steun gegee. Talle van die invloedrykste Engelse was dit eens met hul koning in sy opvatting dat dit ongewens sou wees om die state in Suid-Afrika onder leiding van die Boere te laat verenig.

Botha het besef dat meer as dank- en lofbetuigings nodig sou wees om hierdie struikelblok in die weg tot unifikasie te verwyder. 'n Daad wat van weergalose lojaliteit sou kon getuig was nodig. Die moontlikheid tot die uitvoering van hierdie daad was reeds daar want in Transvaal is die grootste en skoonste diamant van alle eeue gevind.

Die Cullinandiamant is deur mnr. F. Wells, die bogrondse bestuurder van die Cullinanmyn, op 25 Junie 1905 ontdek. Mnr. Wells

1). „De Volkstem," 15 Junie 1907, bl. 6.
2). A. „De Volkstem," 18 September 1907, bl. 6. „Botha Huldeblyk."
B. do. 2 Oktober 1907, bl. 6.
3). do. 23 Junie 1908, bl. 2.
4). do. 14 April 1908, bl. 6.

het 'n beloning van £2,000 ontvang en die steen van 3,025·75 karaat is in 'n brandkas in Londen toegesluit omdat daar geen koper daarvoor gevind kon word nie.[1]

Botha en sy kollegas het in Oktober 1907 met die bestuurders van die „Premier Diamond Mining Company" begin onderhandel oor die aankoop van die diamant. Volgens wet het 60% van die waarde van die diamant aan die staat behoort en daarom sou die Regering slegs vir 40% van die totale waarde daarvan moes betaal.

Op 22 Oktober het die direkteurs van die maatskappy ingewillig om hul aandeel aan die Regering te verkoop teen betaling van vier paaimente van £15,000 elk.[2]

Op 16 Augustus het Botha, onder applous van die regeringslede, aan die parlement voorgestel: „...Dat het Gouwt. geautoriseerd worde de nodige stappen te nemen ten einde al die rechten te verkrijgen op wat bekend is als de 'Cullinan Diamant,' ...en dezelve, namens het volk van de Transvaal, Zijne Majesteit Koning Edward de Zevende, Zijne Erfgenamen en Opvolgers aan te bieden als een teken van de getrouwheid en gehechtheid, welke het Transvaalse volk voor Zijne Majesteits persoon en Troon gevoelt, de steen in kwessie verrewog de meest waardevolle van zijn soort zijnde die ooit gedurende de geschiedenis van de wereld is ontdekt en daarom bij uitstek geschikt zijnde om het schitterendste juweel in Zijne Majesteit's kroon te vormen...."[3]

Op 19 Augustus het die heer W.A. Martin kennis gegee van 'n teenvoorstel omdat dit sy mening was dat die geskenk nie gekoop moes word met geld wat deur verpligte belasting verkry is nie.[4]

Die volgende dag het hy versoek dat 'n byvoegsel tot sy voorstel gemaak sal word, nl.: „...dat dit Huis de gift van harte toejuicht indien de kosten uit vrijwillige bijdragen besteden worden."[5]

Tot groot teleurstelling van die Regeringslede het die opposisie eenparig teen die voorstel van die Premier gepraat. Die Huis moes

---

1). F.V. Engelenburg. a.w. Bl. 161.
2). Premier. Transvaal. Band 1. No. 5/14/07.
3). „Debatten van de Wetgevende Vergadering." 16 Augustus 1907. Bl.390.
4). „Debatten van de Wetgevende Raad." 19 Augustus 1907. Bl. 489.
5). do. Bl. 540.

verdeel en met die stemming het die Regering wel ŉ meerderheid van 42 teen 19 in die Wetgewende Vergadering en 7 teen 5 in die Wetgewende Raad gekry, maar die gewenste eensgesindheid het ontbreek met die gevolg dat die koning beledig was en die aanbieding kon weier.[1]

Die „Diamant-debat" het opspraak verwek in Transvaal, in die susterkolonies en in Engeland. Die pers van die opposisie het die Regering heftig aangeval. Op 17 Augustus het die „Star" beweer dat Botha homself vooraf daarvan moes oortuig het dat almal in die parlement eens sou wees met sy voorstel.[2] Op 19 Augustus skryf dieselfde blad: „...There were a great many important matters in which both white races were concerned. It was their duty not to work for their own pockets or their own interest, but their object should be to keep in view the people's higher ideals...He (Botha) admitted that it was so, and that the purpose was that the tie of friendship between Transvaal and England should be strengthened to a degree higher than that of any other time."[3]

Hierdie aantyging word deels weerspreek deur ŉ konfidensiële skrywe van Botha aan sir Francis Hopwood: „...As to your question regarding the diamond, ...I regret to tell you that the attitude adopted by the Opposition, especially by the leaders of it...shows a great narrowmindedness and I may say that they acted in conflict with their own feelings. I negotiated with them for 12 days in order to obtain their consent for supporting the motion...During all these negotiations they never cited any plausible reason against it. Although they entirely agreed with the proposal, they stated that the time was inopportune and when I asked why, they were unable to give an explanation.

The Opposition was against it and has even compelled the House to divide. I, however, was very pleased to see that they had only a small minority with them, and am glad to tell you that nine out

---

1). „De Volkstem," 21 Augustus 1907, bl. 6.
2). „The Star," 17 Augustus 1907, hoofartikel.
3). do. 19 Augustus 1907, bl. 7.
Dit is duidelik dat Botha se prosedure verkeerd was en dat hy nie die mosie moes ingedien het nie.

of the ten Englishmen in this country have absolutely approved of the attitude of the government with regard to the Cullinan diamond. I even notice that their own newspaper, viz. the Star, has changed its opinion in the matter and states that although the Progressives did not vote in favour of it, they are all in favour of the King accepting the diamond...."[1)]

Lord Selborne het aan die koning geskryf om hom aan te moedig om die geskenk aan te neem. Campbell-Bannerman het die gebrek aan eensgesindheid in Transvaal afgekeur. Die Prins van Wallis het sy vader aangeraai om die geskenk aan te neem maar lord Esher het die koning meegedeel dat Transvaal te arm was om so 'n koninklike geskenk aan te bied. Pas op 10 Oktober het sir Richard Solomon aan genl. Botha kon telegrafeer dat die koning die geskenk sou aanneem.[2)]

Daar is gereël dat sir Richard Solomon die aanbieding op die koning se verjaarsdag, 9 November 1907, namens die Transvaalse regering sou maak.[3)]

Die regeringskoerant, „De Volkstem," sluit sy beskrywinge van hierdie belangrike geskiedkundige gebeure as volg af: „...Moge zegen rusten op de Transvaalse diamant, zoals die nu een deel zal worden van de kroon-sieraden der Engelse monarchie. Moge belangeloze vriendschap voortspruiten uit dit geschenk en moge die vriendschap aan het machtige Albion en aan 't veel geplaagde Zuid-Afrika ten goede komen...."[4)]

As gevolg van die Cullinan diamant-episode het pres. Steyn, met bewonderenswaardige simpatieke benadering, die volgende skrywe aan Merriman gerig: „...When I first heard of it I felt as you did, but knowing what difficulties they have with high placed personages and that they must do everything in their power to keep in with the Imperial Government I could, although not approve, yet understand the motive which induced them to make the presentation...notwithstanding their difficulties the Transvaal Ministry is doing exceedingly well.

1). Premier. Transvaal. Band 53. Omslag 9.
2). do. Band 1. No. 5/14/07.
3). do.
4). „De Volkstem," 6 November 1907, hoofartikel.

By their broad policy they have succeeded in bringing closely together all those who really have the country's interest at heart...."[1]

ALGEMENE VERTROUE WORD GEWEN DEUR DIE SUKSESVOLLE OPLOSSING VAN DIE ARBEIDERVRAAGSTUK.

Die arbeiderkwessie, wat die oorsaak was vir die val van die voormalige regerings in beide Engeland en Transvaal, moes beslis met sukses opgelos word indien Botha en Smuts hul eie prestige en dié van die Britse Ministerie wou handhaaf.

In Transvaal was daar twee opvattinge oor die Sjinese koelies waarvan daar 150,000 in die myne werksaam was.[2] Die Regering, gesteun deur die Boerebevolking, was van mening dat die Sjinese gerepatrieer moes word. Reeds in Mei 1906 het die Boeregemeenskap getoon dat hul geduld min word. Die gebeure blyk mooi uit 'n brief van Smuts aan Merriman: „...An important deputation on Chinese Labour met Selborne yesterday and some very interesting speeches were made by some farmers. The condition is now intolerable and I could see that even Selborne dares not pretend to defend them any more. This evidence was unanimous that such a state of terrorism...has not been known in the Transvaal since the occupation of the country by the Voortrekkers. One farmer alone has captured 250 on his farm within the last 11 months...."[3]

Die dorpsbewoners van die Witwatersrand wou, as gevolg van propaganda, nie die Sjinese koelies sonder meer die land laat uitstuur nie. Ook hul houding word mooi weerspieël in 'n ander brief van Smuts aan Merriman: „...Among the urban population, and especially along the Rand, a strong current is setting in against Chinese repatriation. The cry of a substitute first is proving very successful. This...is making the situation very awkward for us. If the British Government trust us however, I hope and feel certain that the matter will come right. My meeting in the Wanderers was held to stem this Chinese

---

1). Mer. vers. No. 98 van 1907. 11 September 1907.
2). Premier. Pretoria. Band 15. No. 73/23/07.
3). Mer. vers. No. 121 van 1906. 5 Mei 1906.

undercurrent, but it has not been successful in achieving this object...."[1]

Botha was van mening dat die vorige regering nie Suid-Afrika se arbeidsbronne goed genoeg nagegaan het nie. Uit vrees vir 'n tydelike depressie is landsbelange uit die oog verloor. Deur middel van 'n deeglike organisasie en deur takt te gebruik sou voldoende naturellearbeiders na die myne gelok kon word.

Tydens sy openingstoespraak van die eerste sessie van die Eerste Transvaalse Parlement het lord Selborne gesê dat die ministers besluit het om so gou moontlik met die Sjinese arbeiders op die myne weg te doen. Slegs 407 Sjinese se kontraktyd sou teen Junie verstreke wees en daarna sou daar nie weer kontraktye om wees voor Augustus nie. Die Ministers het met die ander Suid-Afrikaanse regerings in verbinding getree om te verneem of ongeskoolde arbeiders uit hul gebiede verkry kon word.[2] In die „Program van Beginsels" van die „Het Volk"-party is daar besluit om die mynindustrie te bevorder „...in die algemene belang, en als middel voor blanke arbeid. Verskaffing van voldoende Kaffer werk-volk...Verbod van Sjinése-invoer, en terugsending van die Sjinése wat reeds ingevoer is...."[3] Aan hierdie voornemens kon egter nie sonder meer uitvoering gegee word nie want „...The Government," het die „Star" geskryf, „recognised the difficulty of breaking existing contracts and the inconvenience of replacing all Chinese at once, and so they considered it in the interests of the country as a whole that they should allow the contracts to expire and then send away the Chinese. The last contract of the last Chinaman would expire in January 1910."[4]


Die „Asiatewet Wysigingswet" van 3 Junie 1907 was een van die eerste wette wat deur die Transvaalse Parlement aangeneem is. Die doelstelling van hierdie wet was om Transvaal van die las van die Sjinese koelies en van die instroming van Indiërs vanaf Natal te

---

1). Mer. vers. No. 230 van 1906. 23 Desember 1906.
2). Wetgewende Raad. Transvaal. Debatten. A.w. 21 Maart 1907. Bl.3.
3). Sien bylae. Bl. X van hierdie werk.
4). „The Star," 6 September 1907, bl. 8.

WHITE TO MOVE AND CHECK.

(A cable from London states that Lord Elgin has advised His Majesty to allow the Asiatic Registration Bill.)




The White Knight will now be able to move into the "Asiatic Ordinance" square, and thus save his Castle from the Black King and compel the latter to fall back on "India."

„The Star," 4 Mei 1907, bl. 8.

bevry.[1]

Nie net die Indiërs nie, maar ook die Sjinese, het teen hierdie wet in verset gekom. So het Wang Tahsieh, 'n Sjinese minister, aan die Ondersekretaris van State vir Kolonies geskryf dat die ordonnansie "...repugnant to the policy of fairness and equality, which is always advocated for in the United Kingdom...."[2] is.

Met die vertrek van Botha na Engeland het Smuts as premier ageer. Hy het sy volle aandag aan die arbeiderkwessie gegee. Op 27 Maart het sy sekretaris aan die Sekretaris van Naturellesake geskryf: "...I am directed by the Acting Prime Minister to state that he is considering the advisability of establishing a small Bureau or Department to obtain for the Government full information regarding the available supply of Native Labour from all parts of South Africa for the Mines, whose duty it would also be to secure adequate control of the labour supply. The Department would obtain information not only of natives actually engaged and employed by the Mines, but of all offers made to the Mines or made to labour agents, and not accepted by either: it might also ascertain what amount of labour is available either in locations or elsewhere which is not tapped by labour agents.

Mr. Smuts desires me to request you to submit this matter to the Minister for Native Affairs, and to ask if he can be informed fully:

1. How far the above objects are already attainable through existing machinery;
2. What further provisions should be made to secure the above information and to secure full Government control;
3. What provisions, if any, will, in Mr. Rissik's opinion, require legislative sanction."[3]

As gevolg van hierdie optrede van die Regering is daar spoedig verslae van werwingsagente uit alle dele van Suidelik-Afrika ontvang.

---

1). Premier, Transvaal. Band 4. No. 14/1/07.
2). do.
3). Premier. Transvaal, Band 15. No. 73/10/07.

ŉ Agent wat naby die Portugese grens ondersoek ingestel het, het beweer dat hy daar genoeg arbeiders gevind het om in al die behoeftes van die myne te voorsien. ŉ Ander agent het 700 naturelle vanaf Pietersburg na die goudvelde gestuur. Van hierdie groep is 250 naturelle medies ongeskik bevind.[1)]

ŉ Brief is op 17 Mei van mnr. C.Maladry, werwingsagent in die Kongo, ontvang. Hy beveel nie werwing in die gebied noord van Rhodesië aan nie want daar is reeds ŉ gebrek aan arbeiders in daardie gebiede. Ook is die lone aldaar dieselfde as in Transvaal, die naturelle is nog baie baar, daar is baie formaliteite nodig om toestemming van die plaaslike besture te kry, die kafferhoofde se toestemming moet ook gekry word, daar is minder naturelle in daardie gebiede as wat vermoed is, weens geografiese toestande is reise en rekrutering moeilik en die Kongonaturelle leef van piesangs en ander tropiese vrugte wat hulle ook op die Witwatersrand sou moes kry.[2)]

Met behulp van die informasie deur die Regering ingewin, is ŉ tabel opgestel waarop ŉ territoriale analise van naturelle met paspoorte in die arbeidsdistrikte aangedui word. Die groot-totaal was 201,450 moontlike naturellearbeiders.[3)]

Op 29 Mei 1907 het Smuts aan Selborne geskryf dat ŉ „Regering's Naturellearbeidersburo" in Johannesburg daargestel is met mnr. H.M. Taberer as direkteur. „...In considering the important question of Native labour in connection with the mining industry of this Colony at the present time, it appears to Ministers that a closer relationship between the supply and demand is urgently necessary, and one of the principal objects of the Bureau will therefore be to bring the employers and employés into more immediate contact and to extend to them every facility for entering into agreements of service...." Die Ministers het verwag om hierdeur voorsiening te maak vir die verkryging van arbeiders, om die naturelle tevrede te hou en om die

---

1). Mer. vers. No. 9 van 1907. 12 Februarie 1907.
2). Premier. Transvaal. Band 15. No. 73/17/07.
3). do. No. 73/8/07.
4). do. No. 73/10/07.

toevoer van arbeiders na die myne te reguleer. Die administrasies van verskeie Britse gebiede in Suidelik-Afrika en ook dié van Portugees-Oos-Afrika is gevra om mnr. Taberer by te staan en om hom direkte toegang tot hul plaaslike amptenare te gee.[1]

In 'n memorandum, op versoek van Smuts deur die President van die Kamer van Mynwese opgestel, word die volgende interessante feite geopenbaar: Voor die invoer van die Sjinese is bereken dat die myne binne die volgende vyf jaar 250,000 ongeskoolde arbeiders nodig sou hê en dat hierdie getal binne tien jaar tot 320,000 sou styg. „...On the other hand, the great expansion of the industry which was prophesied by those who supported Chinese importation, did not immediately take place. The fact was that most of those concerned in the industry, having woken up to the truth that the labour problem must be removed before great expansion could take place, concentrated their attention to this fact alone, and spoke and thought as if it only needed this difficulty to be removed for everything to go ahead by leaps and bounds...When recruiting arrangements in Northern China proved able to supply an unlimited quantity of labour at very short notice, the supply almost at once outran the demand...and the arrangements for importing labour had to be cut down nine months after they had been started...."[2]

Talle briewe het gedurende hierdie tyd in die „Star" verskyn om die repatriasiebeleid van die Regering aan te val. So het „Colonist" o.a. geskryf: „Today the Rand Gold Mining industry commences a new era. The labourers who are responsible for 40 per cent of the gold output of the Rand and 15 per cent. of the gold output of the world, who have been trained with such care that they now represent a national asset, have been given notice to quit. The future of Transvaal is now quite clear. The producing mines or such of them as can stand the competition for native labour, will continue to the end of their lives. The developing mines will have

1). Premier. Transvaal. Band 15. No. 73/10/07.
2). do. No. 73/23/07.

## AN INSECURE FOOTING.

Sir George Farrar, in his recent speech, pointed out that the prime cause of the present depression in the Transvaal was the uncertainty as regards labour, which was compelling investors to hesitate before bringing their capital into the Colony.




"Dare I venture?"

---

„The Star," 8 Januarie 1907, bl. 8.

to depend on what is left, ...But the large areas yet undeveloped, which require a reasonable prospect of a continued labour supply, must remain idle...."[1)]

Al die aanvalle en venyn was nie bestand teen die oortuigde manier waarop Botha en Smuts die arbeidersprobleem aangedurf het nie. In die „Star" is ŉ skrywe geplaas waarin mnr. Leopold Albu vir Botha prys oor die repatriasie van die Sjinese. Hy was daarvan oortuig dat Botha die Sjinese sou kon vervang met naturellearbeiders en hy felisiteer die Regering omdat hulle die saak met behulp van ŉ offisiële buro aandurf.[2)]

Aangesien talle Engelse finansiers groot belange in die goudmyne en dus ook in die arbeiderkwessie gehad het, was dit vir Botha, tydens sy besoek aan Engeland, herhaaldelik nodig om hierdie mense gerus te stel.

In ŉ onderhoud met ŉ korrespondent van die „Tribune" het Botha verklaar dat die Regering nie landbou ten koste van mynbou sou aanmoedig nie. Hulle sou slegs daarna streef om die belange van die produktiewe myne te bevorder en hul uiterste doen om die opening van myne wat nie ontgin word nie, aan te moedig. Ook het die Regering geglo dat daar genoeg naturelle was om die ongeskoolde werk te kan doen.[3)]

By ŉ ander geleentheid het Botha verklaar „...zonder aarzelen te kunnen meedelen dat de Transvaalse regering haar best zou doen om de mijnindustrie suksesvol te maken, aangezien ze wel inzagen dat de welvaart en vooruitgang van Transvaal en geheel Suid Afrika van die industrie afhingen."[4)]

ŉ Deputasie, onder leiding van lord Harris, het Botha in die Hotel Cecil kom spreek oor die repatriasie van die Sjinese. Botha het weer eens met nadruk bevestig dat geen Sjinees teruggestuur sou word alvorens hy deur ŉ ander ongeskoolde werker vervang is nie.

---

1). „The Star," 15 Junie 1907, bl. 9.
2). do.
3). „Ons Land." 16 April 1907, bl. 5.
4). „De Volkstem," 4 Mei 1907, bl. 6.

Hy het verder verklaar dat hy en sy regering volle simpatie met die mynindustrie het en dat hulle daarna sou strewe om die toevoer van naturelle te vermeerder. Hy het daarop gewys dat hy reeds voor die verkiesing verklaar het dat sy beleid dié van repatriasie en vervanging sou wees.[1)]

Dat die oplossing van die arbeiderkwessie vir die Transvaalse regering op hierdie stadium bepaald rooskleurig was, blyk mooi uit 'n konfidensiële brief van Botha aan Richard Solomon op 3 Julie 1907: „...At present there is a total glut in the labour market. The monthly figures shew that while employment of natives in all other directions has been all along increasing in the aggregate there has also been a continuous increase up to the end of April and a large surplus of native labour which cannot be absorbed by any industry. you know that at this time of the year there is always a very serious decrease in the native labour supply...this year the decrease since April has been very small indeed. There is a large surplus of labour at present which the mines cannot turn to use and...this surplus will become greater as the year goes on. I therefore entertain no doubt that for the next twelve months at any rate a substitute can be found for the repatriated Chinese even if we look only in the direction of an increased native labour supply. You know, however, that we hold very strongly that to some extent white labour and to a still larger extent mechanical appliances ought to supplement the supply of unskilled labour for the mines, and I am sure that this will be the case more and more in the future in consequence of our policy of Chinese repatriation. We are taking ample measures at present to provide for a more efficient exploitation of our native labour resources. As you are aware, Taberer, as the Director of the Government Labour Bureau, is arranging a scheme for Government recruitment in the Cape Colony in conjunction

---

1). „De Volkstem," 11 Mei 1907, bl. 6.

with the Cape Government,[1] and about the middle of this month he will proceed to Natal to organise a similar system there which is to come into operation as soon as the present Tout's Act in Natal has been repealed.[2] You may therefore reassure our friends in England that the policy which, after a great deal of careful consideration, we have embarked upon in this country, is not a policy which is likely to cripple the mines but one which will eliminate one of the most contentious features from our present industrial system, and lead to the larger use of white labour and machinery...."[3]

As gevolg van die sistematiese manier waarop die Transvaalse regering die arbeidervraagstuk aangedurf het, het die aantal naturelle in die myne vanaf Maart 1907 tot Augustus 1910 toegeneem van 81,500 tot 185,500.[4] Die myneienaars was verplig om te erken dat hulle oorhaastig was met die besluit om die Sjinese koelies in te voer.[5] Die klad van „Sjinese-slawerny" is uitgewis, die Britse publiek is tevrede gestel, die eleksiekreet van die Britse regering is as geregverdig bewys en die Campbell-Bannerman -kabinet was baie dank aan genls. Botha en Smuts verskuldig.

-----oOo-----

---

1). Die ooreenkoms met die Kaapse „Native Labour Bureau" is aangegaan in Augustus 1907. Premier. Transvaal. Band 15. No. 73/10/07.
2). Op 13 April 1908 is die rekrutering van naturelle in Natal toegelaat. „Prime Minister Letter Book. Confidential." Natal. Hierna as Premier, Natal, aangedui. Band 105. No. 52/1908.
3). Premier. Transvaal. Band 58. Omslag 1.
4). F.V. Engelenburg. A.w. Bl. 155.
5). Mer. vers. No. 9 van 1907. 12 Februarie 1909. Brief van mev. Merriman (sr.) aan Agnes, die eggenote van mnr. Merriman.

# H O O F S T U K 4.

Bl.

## EERSTE DEEL. GEBEURE ELDERS.

1. DIE O.R.K. KRY SELFBESTUUR. 78
2. DIE VERKIESING IN DIE KAAPKOLONIE. 78
3. DIE DOOD VAN SIR HENRY CAMPBELL-BANNERMAN. 80

## TWEEDE DEEL. PROPAGANDA.

1. DIE ROL VAN DIE PERS. 83
2. DIE „CLOSER UNION" -VERENIGINGS. 84
3. VERDEELDHEID IN NATAL. 89
4. TOESTANDE IN DIE O.R.K. 91
5. PROPAGANDA IN DIE K.K. 92
6. PROPAGANDA IN TRANSVAAL.
   A. LORD SELBORNE. 94
   B. DIE OPPOSISIE. 95
   C. GENERAAL BOTHA. 96
   D. TEENKANTING IN TRANSVAAL 101
   E. GENERAAL SMUTS. 102

------oOo------

## H O O F S T U K 4.

EERSTE DEEL. GEBEURE ELDERS.

### DIE O.R.K. KRY SELFBESTUUR.

Vier maande nadat verantwoordelike bestuur aan Transvaal toegestaan is, het ook die O.R.K. selfbestuur gekry. Die „Orangia Unie"-party het die verkiesing van Junie 1907 gewen en die premier, mnr. Abraham Fischer, het genl. J.B.M. Hertzog in sy kabinet opgeneem as Prokureur-Generaal en Minister van Onderwys en genl. C. de Wet as Minister van Landbou.[1]

Omdat 'n paar weerbarstige inspekteurs van onderwys geskors is en omdat die regering van die O.R.K. die regte van die Afrikaner volgens die letter van die Vredesverdrag van Vereeniging gehandhaaf het, het hulle vir hulself die gramskap van die Engelse in Suid-Afrika op die hals gehaal.[2]

Die toekenning van selfbetsuur aan die O.R.K. was 'n doelbewuste stap in die rigting van die vereniging van die state van Suid-Afrika,[3] maar daardeur sou die wrywing tussen die verskillende regerings weer eens so verskerp word „...dat er gevaar is dat de bevolking van Transvaal in beslag zal worden genomen door plaatselike aangelegenheden en daardoor de oneindig dringender kwestie van federatie uit het oog zal verliesen,...."[4] het „Ons Land" verklaar.

### DIE KAAPSE VERKIESING.

Die komende verkiesing in die K.K. was vir die Afrikaners van uitstaande belang. Genls. Botha en Smuts het duidelik te kenne gegee dat hulle mnr. Merriman en sy „Suid-Afrikaanse" -party moreel steun[5] en pres. Steyn het aan Merriman geskryf dat dit 'n terugslag vir die

---

1). „Official Year Book" A.W. Bl. 24.
2). H.C. Armstrong. A.W. Bl. 155.
3). Bettie Cloete. A.w. Bl. 252.
4). „Ons Land," 26 Februarie, 1907, bl. 6.
5). Mer. vers. No. 10[illegible] van 1907. 4 Oktober 1907.

land as geheel sou wees as die Unioniste die verkiesing wen.[1)]

In die Kaapkolonie was die impopulariteit van dr. Jameson aan toeneem. Die moontlikheid dat die Unioniste die verkiesing sou wen, was inderdaad gering. Die Afrikaners, wat tydens die Oorlog ontkieser was, het hul stemreg teruggekry en die 10% belasting op minerale profyte het die De Beersmaatskappy so swaar getref dat Jameson ook hul ondersteuning verloor het.[2)]

Alhoewel die „South African Party" van Merriman nie begerig was om die bestuur te aanvaar voor die algemene toestande verbeter het nie, was hulle tog genoodsaak om die Unioniste te beveg omdat daar nie toegelaat sou kon word dat die moontlike vereniging van die Suid-Afrikaanse state deur hul opponente bewerkstellig word nie.[3)]

Op 28 September 1907 het Merriman sy manifes laat publiseer. Smuts was so ingenome met die inhoud van die manifes dat hy dieselfde dag nog aan Merriman geskryf het: „...Your manifesto...has given me the greatest pleasure, because it breathes the wise spirit of a common national sentiment as distinguished from commercial makeshifts...."[4)]

Soos verwag is, het die „South African Party" die verkiesing gewen. Mnr. Merriman is gevra om 'n ministerie saam te stel. Hy het mnre. Sauer, Malan, de Waal, Burton, Currey en D.P. de Villiers-Graaff as kabinetslede benoem en hy het besluit om self die finansies te behartig.[5)]

Tydens 'n noenmaal, net nadat die nuwe Kaapse ministerie op 12 Februarie 1908 ingesweer is, het mnr. Merriman gesê dat sy regering alles in hul vermoë sou doen om die vereniging van die Suid-Afrikaanse state te bewerkstellig.[6)]

Met enersgesinde regerings in die Kaapkolonie, die O.R.K. en Transvaal aan bewind was die weg tot harmonieuse samewerking ter verkryging van nasionale eenheid nou oop. Slegs Natal, die

---

1). Mer. vers. No. 103 van 1907. 4 Oktober 1907.
2). E.A. Walker. A.w. Bl. 528.
3). Op 16 Julie 1908 het Fischer aan Merriman geskryf: „I have also heard that every possible effort will be made to prevent any form of union being adopted until our 'Progressive' friends out here and the Jingos other side are again in power." Mer. vers. No. 85 van 1908. 16 Julie 1908.
4). Mer. vers. No. 103 van 1907. 28 September 1907.
5). „The Star," 3 Februarie 1908, bl. 7.
6). do. 14 Februarie 1908, bl. 7.

nietigste van die Britse gebiede suid van die Limpopo, sou teenstribbel, maar as gevolg van die gevare wat isolasie vir Natal sou inhou, kon ook hierdie teenkanting maklik oorkom word.

DIE DOOD VAN SIR HENRY CAMPBELL-BANNERMAN.

Alhoewel die siekte, die aftrede en die dood van sir Henry Campbell-Bannerman vir die Boereregering in Transvaal 'n gevoelige slag was, het hy en sy regering reeds soveel vir die vereniging van die Suid-Afrikaanse kolonies gedoen dat hierdie ongelukkige verlies nie die unifikasiestrewe in Suid-Afrika sou kon benadeel nie.

Op Dinsdag, 7 April 1908, het die „Volkstem" o.a. die volgende van Bannerman geskryf: „...Sir Henry C. Bannerman had alreeds de zeventig overschreden toen hij de leiding aanvaarde van het ministerie dat vandaag de richting aangeeft der lotgevallen van 't Britse Imperium. Een tweetal jaren heeft hij het Premier-schap met eer waargenomen; tans heeft zijn gezondheid hem gedrongen tot neerlegging van zijn ambt;...Voor Zuid Afrika is Sir Campbell Bannerman merkwaardig omdat hij onder de Engelsen heefd behoord die de moed hadden alreeds gedurende de oorlog te wijzen op 't goede recht der Afrikaners. Hij heeft vervolgens de oorlog voor Engeland onnodig, lichtzinnig en misdadig genoemd...De figuur van Sir Henry Campbell Bannerman heeft veel er toe bijgedragen om die reputasie van Groot Brittannië te herstellen in die weegschaal der geschiedenis."[1)]

Op 15 Junie 1908 het genl. Botha in die Wetgewende Vergadering voorgestel: „Dat dit Huis, met diep leedwezen kennis genomen hebben van het overlijden van den Hoog Edelachtbaren Sir Henry Campbell-Bannerman, die, met standvastigheid het gezag der Kroon handhavende, steeds streefde naar de rechten en de vrijheid van het Volk, wenscht zijn groote waardering uit te spreken voor de diensten door hem als Eerste Minister van het Vereenigd Koninkrijk bewezen, en zijn diep

---

1). „De Volkstem," 7 April 1908, hoofartikel.

leedwezen uit te spreken over het verlies dat het Rijk door zijn overlijden heeft geleden." [1] 'n Soortgelyke mosie is in die Wetgewende Raad deur die Minister van Lande, namens die premier, ingedien en deur die lede staande aangeneem. [2]

Die dood van sir Henry Campbell-Bannerman het aan Botha weer eens 'n geleentheid gebied om sy lojaliteit teenoor die Britse Ryk te betuig en om samewerking en unifikasie te bepleit. Aan die Britse regering het hy laat kabel: „...I have learnt with deepest sorrow of the passing of C.B., in whom the Empire loses one of its wisest statesmen and the Transvaal one of the truest friends. In securing self-government for the new colonies he not only raised an imperishable monument to himself, but through the policy of trust he inspired the people of South Africa with a new feeling of hopefulness and co-operation. In making it possible for the two races to live and work together harmoniously, he had laid the foundation of a united South Africa." [3]

Die verandering wat in die Britse kabinet teweeggebring is as gevolg van die aftrede en die dood van Campbell-Bannerman, is met byval deur die „Volkstem" begroet. „...Met de heer Asquith als premier en met een vernieuwd ministers-personeel is het Liberale Kabinet verjongd uit de Bannerman-as herrezen, en kan verwacht worden dat met méér energie dan tot dusver zal worden weerstand geboden aan de voortschrijdingen der opposisie. Bij ons in Zuid Afrika — waar de meerderheid der bevolking de koloniale politiek der Liberale Partij pleegt toe te juichen — zal de reorganisasie van 't Kabinet van Westminster met blijdschap worden vernomen, omdat daarin een waarborg ligt voor de verlengde levensduur van het tegenwoordige Engelse Gouvernement." [4]

Op 29 Augustus 1908 het die heer J. Bryce aan Merriman o.a. geskryf: „...the ministers have undoubtedly lost strength in the country since 1906. They are however still very strong in the House

---

1). „De Transvaal. Notulen der Wetgevende Vergadering." Tweede sessie. Eerste parlement. 15 Junie tot 22 Augustus 1908. Bl. 4.
2). „Debatten van de Wetgevende Raad van de Transvaal. (Tweede zitting van het Eerste Parlement.) 1908. Bl. 2.
3). Basil Williams. A.w. Bl. 56.
4). „De Volkstem," 19 Mei 1908, hoofartikel.

of Commons and it is understood that they don't contemplate any dissolution next year, perhaps not even till 1910...There seems no reason to think that a new ministry, if it come, would try to alter the S.African policy of the present Government."[1)]

-----oOo-----

1). Mer. vers. No. 160 van 1908. 29 Augustus 1908.

# HOOFSTUK 4.

## TWEEDE DEEL. PROPAGANDA.

### DIE ROL VAN DIE PERS.

Om in beperkte ruimte reg te laat geskied aan die uiters belangrike rol wat die drukpers in die unifikasiebeweging gespeel het, is 'n bykans onmoontlike taak. Dit is 'n onderwerp wat op sigself boekdele sal beslaan en daarom kan hier slegs 'n baie oppervlakkige en algemene oorsig gegee word.

Met die uitsondering van 'n wispelturige houding van die pers in Natal, was al die Suid-Afrikaanse nuusblaaie die unifikasiebeweging goedgesind. Die mondstukke van beide die regerings en die opposisie in al die state het gedurig hul lesers op die moontlike vereniging voorberei. Die bal is aan die rol gesit deur die publikasie van 'n reeks inleidingsartikels onder die opskrif: „Een Verenigd Zuid Afrika" in „Ons Land" van 30 Augustus tot 11 September 1906. Op 16 September is die artikels saam as 'n byvoegsel tot „Ons Land" gepubliseer. Op 17, 19, 22 September en 3 Oktober is hierdie artikels in 'n vertaalde vorm deur die „Star" gepubliseer en toe was die sluise oopgeruk vir 'n stortvloed van pamflette, koerantartikels en publike ovasies.

Na die publikasie van die Selborne-Memorandum was daar bykans geen keer meer aan die landswye bespreking van die unifikasiegedagte nie. Selfs in Natal het die pers nou besonder gunstig gereageer. Artikels is geskryf, belangrike toesprake is gepubliseer, lesers is van gevraagde informasie voorsien, daar is op gevare gewys, wenke is gegee en alle opposisie teen die unifikasiebeweging is heftig bestry. Aangeleenthede soos die tolkonferensie te Bloemfontein in Julie 1907 is aangegryp om op die gevare van verdeeldheid te wys.[1)]

Tot en met Uniedag, 1910, was die unifikasiegedagte feitlik deurgaans die hoof-nuus van die pers in Suid-Afrika. Dit was die

---

1). A. „The Star," 6 Julie 1907, hoofartikel.
B. „De Volkstem," 6 Maart 1908 en verder. Reeks hoofartikels.

pers wat die publieke belangstelling gaande gehou het. Dit was die pers in Natal wat die referendum in die Tuinkolonie ŉ gunstige afloop verseker het. Die uiteindelike verwesenliking van die unifikasiegedagte was tot ŉ baie hoë mate aan die Suid-Afrikaanse pers te danke.

DIE „CLOSER UNION SOCIETIES."

Slapende honde is in Suid-Afrika deur die Selborne-Memorandum wakker gemaak met die gevolg dat feitlik almal, hoe onkundig ook al, die voor- en nadele van unifikasie begin bespreek het.

Reeds op 15 Julie 1907 het Smuts in ŉ skrywe aan Merriman gekla dat sommige persone deur hul onoordeelkundige uitlatinge die unifikasiestrewe benadeel.[1)]

Op 26 Oktober 1907 het Merriman dieselfde onderwerp met Goldwin Smith bespreek. „...As for Union, everyone is plunging about long words without very well knowing what they mean. Imagine a population of 1,200,000 Europeans with 300 paid members of Parliament in eight debating chambers with a debt of some £120,000,000, apart from municipal obligations, then contemplating setting up another Parliament. We have four Governors, four Supreme Courts and all the costly paraphernalia. On the other hand the difficulties of unification are very great. The local jealousies, the terrible native question which is always with us and to which we have added the Asiatic trouble...."[2)]

Dit is as gevolg van hierdie feit dat daar besluit is om „Closer Union"-verenigings in die lewe te roep. Dit sou die taak van hierdie verenigings wees om ŉ deeglike studie van alle moeilikhede en probleme te maak, om die voor- en nadele van vereniging en verdeeldheid, van unifikasie en federasie na te gaan, en om dan die regeerders en die volk te lei deur middel van publikasies, vergaderinge en besprekinge.

Van die stigting, die doelstellinge en die organisasie van die

---

1). Sien bl. 39 van hierdie werk.
2). Mer. vers. No. 111 van 1907. 26 Oktober 1907.

„Closer Union"-verenigings deel hul orgaan, „The State," die volgende mee:-

„THE FORMATION OF CLOSER UNION SOCIETIES."

„Early in 1908 a few individuals, belonging to different parties, held an informal meeting in Cape Town. They were impressed by the belief that a crisis in the national affairs had arisen. But the fact that the leaders of all parties had united to deal with it — a thing unprecedented in the history of this country — inspired them with hope, and they felt that an effort must be made to secure that the matter should be dealt with on similar lines by the people themselves. In any case, the National Union of South Africa was not an undertaking which should be left to the unaided efforts of a few political leaders. They should have at their back the strenuous support of every man who meant to make this country his home, and in giving this support, it was essential that the rank and file should understand the problems involved, and think out for themselves the measures which ought to be applied to their solution. And above all things, it was necessary that in doing this the different parties should imitate the example set by their leaders by assisting union in co-operation with and not in opposition to one another. With this object in view it was decided to establish forthwith a society for the promotion of the Closer Union of South Africa, to which the members of all parties might belong, so that they might discuss with one another how an United South Africa could be brought into existence and what form its constitution should take.

The idea first mooted was to establish such a society for the Cape Colony...But there was nothing to be gained by an arrangement of this kind, for the primary object in view was the establishment of some organisation which would enable men of all parties in each locality...to meet together for the purpose of discussion. It was decided therefore to establish in the first place a society for Cape Town only, ...and then encourage the creation of societies on

similar lines...in all parts of South Africa, with a view to the ultimate union of the various local societies in one National Association. As a first step, the Closer Union Society of Cape Town was formed under the presidency of Mr. W.P. Schreiner of men representative of the South African and Unionist parties and of the Afrikaner Bond.

Simultaneously with this movement in Cape Town, a similar movement was on foot in the Transvaal, and at a meeting held in Johannesburg a few days after the Cape Town meeting, which was attended by representative men without distinction of political party, it was decided to form a society on the same lines as that which had been formed at Cape Town, and with practically the same constitution. Similar action was taken at other centres, and there are now Closer Union Societies in existence at Beaconsfield, Beaufort West, Bloemfontein, Cradock, Durban, East London, Grahamstown, Johannesburg, Kimberley, Kingwilliamstown, Klerksdorp, Modder Rivier, Oudtshoorn, Pietermaritzburg, Port Elizabeth, Pretoria, Queenstown, Stellenbosch and Uitenhage...

Let us make up our minds now therefore that if the present Convention should fail, there shall be no slackening in our efforts or purpose until we have persuaded the people of South Africa to appoint a second Convention, and to go on appointing Conventions until one has succeeded where the others have failed...If, however, our present hope of early success should be disappointed, and the old struggles between races and states should revive, we must resolve more firmly than ever that South Africa should unite. Let perpetual disunion be the one contingency we cannot conceive and will not accept...."[1]

Die Transvaalse regering het die stigting van die „Closer Union" -verenigings verwelkom deur £3,000 te skenk vir die publikasie van 'n eentalige Engelse werk, „The Government of South Africa."[2]

---

1). „The State." Gedruk deur die „Cape Times Ltd.," en uitgegee deur die Closer Union Society." Vol. 1. Bl. 21 tot 23.
2). „De Volkstem," 13 Oktober 1908, bl. 6.

Die „Volkstem" het verklaar: „...de Transvaalse regering heeft aldus het zegel van haar officiéle goedkeuring aan dit nuttig en kostbaar boek gehecht en...daardoor de schrijvers van de zware verantwoordelikheid, welke hun zelfopofferende pogingen met zich mee brengen, ontheffende...."[1)]

Hierdie werk, wat uit twee boekdele bestaan, behandel alle aspekte van die moontlike unifikasie van die state in Suid-Afrika. Die werk is besonder deeglik gedoen omdat dit die doel van die samestellers was om die afgevaardigdes na die Nasionale Konvensie van soveel moontlik nuttige informasie te voorsien.[2)]

Die „Het Volk"-en die „Progressiewe" -partye het hulle saam beywer om die werk van die „Closer Union" -vereniging te vergemaklik. Die vergaderinge wat hierdie verniging gehou het, soos by Witbank en Middelburg, is deur die „Het Volk" - en „Progressiewe" -partye georganiseer.[3)]

Nadat die „Closer Union" -verenigings van die verskillende provinsies saamgesmelt het, is daar besluit om h maandblad, „The State," te publiseer.[4)]

Abe Bailey, L.W.V. van Krugersdorp, het hierdie blad met h skenking van £6,000 ondersteun. Die „Daily Mail" het mnr. Bailey heftig aangeval omdat hy so h reuse bedrag geskenk het vir die oprigting van h blad wat ook Hollands-Afrikaanse kolomme sou hê.[5)]

Die houding van die „Mail" het h skerp reaksie van die „Volkstem" uitgelok: „...Dit standpunt is totaal verkeerd. Wie heeft de eerste stoot gegeven aan de praktiese verwezenliking der Afrikaanse eenheid? Genl. Botha, de politieke voorman der "Dutch." Wie hebben sich tot 't laatste ogenblik verzet? De meest Engelse van alle Z. Afrikaanse staten: Natal."[6)]

Die hartlike samewerking van die regering en die opposisie in

---

1). „De Volkstem," 13 Oktober 1908, bl. 6.
2). „The Star," 26 Mei, 1908, hoofartikel.
3). do. 11 Januarie 1909, bl. 7
4). do. 13 Januarie 1909, bl. 7.
5). „De Volkstem," 27 Oktober 1908, hoofartikel.
6). do.

Transvaal met betrekking tot die unifikasie-strewe blyk mooi uit die feit dat beide Botha en Farrar bydraes gelewer het om die eerste uitgaaf van „The State" te verwelkom.

Genl. Botha het geskryf: „It is with the greatest pleasure that I welcome your magazine. No better work could be undertaken to-day than the education of our people to a proper appreciation of the problems in connection with the Closer Union of the various Colonies, and the necessity of such a union. Your magazine, I am convinced, will become of the greatest value in bringing about such an undertaking, and I therefore wish it every possible success." 1)

Sir. G. Farrar se verwelkomingsboodskap was: „...To all who take an interest in South Africa and more particularly in the great question of Closer Union the proposed publication, "The State," must surely be welcome, and I sincerely hope that every success will attend it. It should perform valuable work in assisting the people of South Africa more fully to appreciate the problem requiring solution." 2)

Onmiddellik na die publikasie van die eerste nommer van hierdie nuwe blad het die Afrikaner oorsaak gehad om te voel dat hy weer eens nie billik behandel is nie: „Ofschoon de wijze, waarop de wenslikheid ener hollandse uitgave van dit maandschrift werd ingekleed, niet erg taktvol geweest is en ons...aanleiding gaf tot 'n woord van protest, zo sou 't onverstandig wezen om wegens deze eerste faux pas 'n onvriendelike houding jegens "de Staat" aan te nemen, ...." 3) het „De Volkstem" op 8 Desember 1908 geskryf.

Die aanvanklike wanklank is egter spoedig vergeet aangesien vermaarde persone soos C.J. Langenhoven, F.S. Malan, J.F. van Oordt, lord Selborne, P. Fitzpatrick, H.G. Wells, P. Kerr en E. Roworth skitterende bydraes gelewer het.

Die „Closer Union" -verenigings kon daarop roem dat hulle betyds in 'n baie groot behoefte voorsien het, dat hulle voorligting aan

---

1). „The State." Vol. 1. No. 1. Januarie 1909, bl. 5.
2). do.
3). „De Volkstem," 8 Desember 1908, hoofartikel.

beide die regeerders en die onderdane gegee het en dat, aangesien hulle verteenwoordigend van alle bevolkingselemente was, hulle die verteenwoordigers was van die publieke opinie van Suid-Afrika.

Omdat die „Closer Union" -vereniging morele steun aan die lede van die Nasionale Konvensie wou gee is daar besluit om in Durban te vergader as die Nasionale Konvensie sitting neem. Feitlik al die takke van die vereniging het verteenwoordigers gestuur en op 13 Oktober het hulle, onder die voorsitterskap van mnr. C. Clark, in Durban met hul besprekings begin.[1)]

VERDEELDHEID IN NATAL.

Die Selborne-Memorandum het in Natal, net soos in die ander kolonies, 'n diep indruk gemaak. Voor die publikasie van hierdie dokument was daar geen strewe tot samesmelting met die res van die land in Natal te bespeur nie. Na die publikasie daarvan het daar egter 'n verandering gekom.[2)] Die Natallers het tot die besef gekom dat die vereniging van die land binne afsienbare tyd die terrein van die praktiese politiek sou binnedring en daarom het mnr. F.R.Moor, die leier van die opposisie, 'n manifes uitgereik waarin hy daarop gewys het dat die premier in sy manifes versuim het om melding van die kwessie van vereniging te maak alhoewel hy, Maydon en Watt, hulle reeds ten gunste van vereniging uitgelaat het. Daarop het Moor aangetoon dat die kwessie van federasie spoedig 'n brandpunt in die politiek sou word en hy het sy kiesers gewaarsku om nie die belange van hul kolonie in gevaar te bring nie.[3)]

Die „Times of Natal" het die gebruik van federasie as 'n eleksievraagstuk sterk afgekeur omdat die hele aangeleentheid nog so vaag was dat niemand 'n definitiewe standpunt kon inneem nie.[4)] Indien daar 'n poging tot federasie sou ontstaan, sou Natal, so het hierdie blad

1). „The State." 13 Oktober 1908. Vol. 1, bl. 23 tot 24.
2). H.C. Armstrong. A.w. Bl. 144.
3). „Ons Land." 11 September 1906, bl. 6.
4). „The Times of Natal," 10 September, 1906, hoofartikel.

gewaarsku, dit afkeur.[1]

Gelei deur hul pers het die politieke leiers in Natal die federasie-idee al meer en meer begin afkeur. Op 29 April 1907 het minister Watt te New Castle gewaarsku dat dit die doel van die binnelandse state was om Natal te dwing tot ŉ federasie op voorwaardes wat vir Natal onaanneemlik sou wees.[2]

Op 3 Mei 1907 het mnr. Moor, by geleentheid van ŉ dinee van die „African Society," weer eens getoon dat hy ten gunste van federasie was. Hy het gesê: „...There is a determination in South Africa by all Colonies towards bringing about A FEDERAL MOVEMENT[3] which in the near future would produce a united South Africa. This feeling existed not only among the British South Africans, but also among the Dutch. Both Dutch and English realised that there was no room in South Africa for these two races to be pulling in different ways. They must pull together...to bring about that success and prosperity which they are determined to achieve. The only way they could do that was by trying to make a common cause, a common people, and a common destiny. Dutch and English pulling together shoulder to shoulder for the advancement of the land which they loved so dearly."[4]

Natal was in homself verdeel. Daar was ŉ gebrek aan eensgesindheid en ŉ gebrek aan leiding. Die leiers wat wel die saak aangeroer het, was nie konsekwent nie met die gevolg dat hulle nou teen en later vir vereniging gepraat het.[5] Dit was duidelik dat hulp van elders moes kom met die gevolg dat mnr. Merriman genl. Botha gevra het om sy invloed in Natal te gebruik.[6] Dit is dan ook die oorsaak waarom genl. Botha aan mnr. M. Myburgh, L.W.V., geskryf het om hom te vra om Moor by te staan[7] en waarom lord Selborne in Junie 1908 na Natal gereis het.[8]

---

1. „The Times of Natal," 10 September 1906, hoofartikel.
2. „Ons Land," 30 April 1907, bl. 5.
3. Die „Star" beklemtoon.
4. „The Star," 3 Mei 1907, bl. 11.
5. „Ons Land," 30 April 1907, bl. 5.
6. Premier. Transvaal. Band 60. Omslag 2. 26 Junie 1908.
7. Sien bl. 99 van hierdie werk.
8. Mer. vers. No. 68 van 1908. 10 Junie 1908.

TOESTANDE IN DIE O.R.K.

Pres. Steyn, wat aanvanklik getwyfel het of dit wenslik en voordelig vir die O.R.K. sou wees om met die ander state te federeer,[1] het geleidelik van opinie verander sodat hy 'n baie groot propagandis vir hierdie saak geword het.

Op 18 Maart 1908 het hy by geleentheid van die jaarlikse kongres van die Orangiaunie 'n toespraak gehou waarin hy op die belangrikheid van eenwording gewys het. „...Die dag na die slag van Graspan, naby Reitz, waar genls. De Wet en De la Rey 'n vrouelaer verlos het," het hy gesê, „het ek op die slagveld gekom en die plek is aan my getoon waar drie van ons manne gesneuwel het, 'n Kolonialer, 'n Vrystater en 'n Transvaler. Ek het gesien hoe hulle lewensbloed in een groot plas tesaam gestroom het. Ek het asof vasgenael by die plas gestaan!... Dit was vir my 'n heilige oomblik. Nuwe hoop en nuwe moed het my vervul,...oortuig in my hart dat ek die ware vereniging van Suid-Afrika gesien het, want dié bloed kon geen mens meer skei nie...."[2]

By 'n ander geleentheid, op 13 April, toe hy die heildronk op 'n paartjie wat in die huwelik getree het ingestel het, het die unifikasie-idee reeds so diep by pres. Steyn ingeslaan dat hy gesê het dat hy, as ondersteuner van nouere unie, bly was om 'n praktiese vorm van nouere unie te sien; in daardie geval tussen twee baie ou families, die een vanaf die Kaapkolonie en die ander van die Vrystaat.[3]

Genl. de Wet het in Augustus 1907 ook getoon dat hy ten gunste van unifikasie was. Hy het 'n vergadering te Viljoensdrif toegespreek en gesê dat hy lojaal teenoor Engeland was sedert hy sy wapens neergelê het. „...Viljoen's Drift lay very close to the historical Vereeniging where he had accepted the British flag. At that time Lord Kitchener had said: 'De Wet, if it were not for your obstinacy we could now make peace,' and his (De Wet's) answer was: 'I still have my weapon in my hand.' He had been accused of obstinacy, but since he had surrendered no one could accuse him of disloyalty to

---

1). Sien bl. 32 van hierdie werk.
2). C.M. van den Heever. A.w. Bl. 261.
3). „The Star," 13 April 1908, bl. 7.

the British flag...The day for calling each other Boer and Englishman had gone; and if not yet gone it was time it had gone...."[1)]

Generaal Hertzog, wat besonder gesteld was op die handhawing van die taalregte wat deur die Vredesverdrag van Vereeniging aan die Boere toegestaan is, het spoedig die haat van die Engelse op sy hals gehaal deurdat hy sommige van die Milnerampetenare ontslaan en 'n onderwyswet opgestel het wat absolute gelyke regte aan die twee tale verleen het.[2)] Genls. Botha en Smuts, met hul opofferende toenaderingsbeleid, kon dit nie waag om simpatiek teenoor generaal Hertzog op te tree nie. In hul unifikasiestrewe het hulle genl. Hertzog omseil as 'n „lastige geval"[3)] en daarom het hulle verkies om met pres. Steyn en genl. De Wet, maar veral met die leiers in die Kaapkolonie, te onderhandel.

PROPAGANDA IN DIE KAAPKOLONIE.

Die artikels wat F.S. Malan, onder die opskrif „Een Verenigd Zuid Afrika" in „Ons Land" laat publiseer het, het die bal in die K.K. aan die rol gesit.[4)]

Op 23 Julie 1907 het mnr. F.S. Malan, in 'n toespraak voor die Wetgewende Vergadering in Kaapstad, die wenslikheid van die vereniging van die Suid-Afrikaanse kolonies bespreek. Hy het daarop gewys dat hulle die saak stadig maar seker moes aanvoor; nie te stadig nie, maar darem versigtig. Daar moes niks gedoen word voor die O.R.K. nie selfbestuur het en voor daar nie minstens twaalf maande verloop het nie, maar 'n verslag sou met die volgende sitting van die parlement ingedien moes word. Verder het hy beweer dat dit paslik sou wees as die Kaapkolonie die leiding neem, die nodige informasie inwin en die publiek opvoed sodat hulle 'n „Vrij verenigde volk onder die Suiderkruis" as hul ideaal kon opbou.[5)] Daarop het hy die volgende mosie voorgestel: „Dat

---

1). „The Star," 10 Augustus 1907, bl. 9.
2). H.C. Armstrong. A.w. Bl. 155.
3). C.M. van den Heever. A.w. Bl. 262.
4). Sien bl. 83 van hierdie werk.
5). F.S. Malan vers. Kaapse argief. Band 3. ACC. 583.

in de opinie van dit Huis het wenschelijck is dat het Gouvernement van dese Kolonie gedurende het reces de regeering van de andere zelf-regeerende Britsche Kolonies in Zuid Afrika nadere om te overwegen de raadzaamheid van voorloopige stappen te nemen ter bevordering van de vereeniging van Britsch Zuid Afrika; de uitslag van zoodanige onderhandelingen voor het Parlement met de volgende sessie te worden gelegd."[1]

Hierdie mosie is deur die premier, dr. Jameson, gesekondeer en dit is algemeen aangeneem.

Bostaande gebeure is van groot betekenis omdat dit aangetoon het dat hierdie aangeleentheid nie as partypolitiek beskou sou word nie en dat, in soverre dit die Kaapkolonie betref, daar geen opposisie van enige deel van die bevolking sou wees nie.

Genl. Smuts het hierdie houding van mnr. Malan afgekeur omdat hy daardeur vir dr. Jameson op die voorgrond druk as 'n unifikasie-voorstander wat nadelig vir mnr. Merriman in die komende verkiesing sou wees. Hy het gevolglik op 1 Augustus aan Merriman geskryf en hom gewaarsku: "...Jameson wants to raise the new election issue to make out that you and Sauer are at heart hostile to an issue which is very dear to the South African heart...Your wisest course is not to be deflated from the South African national course by your antipathy to the rotten or disgraceful tactics of opponents...To me the issue is sacred and ought not to be a party pawn. I shall write to Malan and give him brotherly advice...."[2]

Mnr. Hofmeyr, die hooffiguur van die Bondparty, het in 'n toespraak, by geleentheid van die inwyding van 'n nuwe saal van die Bondparty te Wellington, laat blyk dat hy 'n ondersteuner van die vereniging-idee was.[3] Van alle Kolonialers was mnr. Merriman egter die persoon wat unifikasie die meeste bevorder het. Op 22 Mei 1907 het hy op versoek van die Kaapstadse Parlementêre Debatsvereniging, die vergadering toegespreek en sy opinies oor unifikasie gegee. Hy

1). Malan vers. Band 3. ACC. 583
2). Mer. vers. No. 90 van 1907. Geen datum.
3). J.H. Hofmeyr. A.w. Bl. 611.

het sy rede afgesluit deur te sê: „...Ik hoop dat ek zal leven, totdat deze onderneming enige stappen gevorderd zal zijn. Ik weet niet of ik zal leven om haar voltooid te zien, doch ik zal zeker altijd bereid zijn mijn warme en hartelike ondersteuning eraan te geven."[1)]

Toe verantwoordelike bestuur aan Transvaal en die O.R.K. toegestaan is, het mnr. Merriman van die geleentheid gebruik gemaak om sy toegeneentheid teenoor die Boerebevolking in die binneland te betuig. Hy het verklaar dat die betreurenswaardige en kunsmatige skeiding wat daar nog altyd tussen Boer en Engelsman was nou sou ophou om te bestaan en dat die Boere verander sou word tot 'n: „... English-thinking and English-feeling people...."[2)]

Na die Kaapse verkiesings het Merriman 'n kolonie geërf waarin die unifikasiegedagte reeds ryp was en daarom het hy hom meer bepaald tot die vorm wat die unie moes aanneem, kon bepaal. By die skrikkerige regeringslede van die O.R.K. het hy vertroue ingeboesem. In die afkeurige Natal het hy positiewe gedagtes geplant en aan die Transvaalse regering, wat reeds die voortou in die unifikasiebeweging geneem het, het hy voortreflike advies gegee.

PROPAGANDA IN TRANSVAAL.

A. LORD SELBORNE.

Lord Selborne, wat die propagandaveldtog in Suid-Afrika met die publikasie van sy memorandum aan die brand gesteek het, het die saak nie daar gelaat nie.

Te Klerksdorp het hy, op 26 Maart 1908, die kinders van 'n „Milner"-skool op treffende wyse toegespreek. „...His Excellency expressed the pleasure it gave him to meet the children, and then proceeded to give them a most illuminating object lesson. He asked the children for the names of the two local streams, and receiving in

---

1). „Ons Land," 23 Mei 1907, bl. 4.
2). „The Star," 6 Julie 1907, hoofartikel.

reply 'Brakspruit and Schoonspruit,' said he likened one to the Boer and one to the Briton, and just as it was impossible to separate the two streams after they had met in the Vaal River, so they could not separate the two races. The Vaal he compared with the Transvaal, the two races making one people. He then asked what river the Vaal flowed into, and being told the Orange River, he said that represented South Africa, and the ocean into which it flowed was the British Empire, which was their inheritance."[1)]

B. DIE OPPOSISIE.

In Transvaal, net soos in die Kaapkolonie, was daar, wat die unifikasiestrewe betref, algehele eensgesindheid tussen die lede van die twee politieke partye. Die unifikasiebeweging was nie 'n politieke aspirasie nie maar wel 'n nasionale ideaal.

Lionel Curtis het op 17 April 1905 gewaarsku dat die koöperasiepleidooie van die Boereleiers slegs vroom praatjies is: „...You must remember that when the Boer was dominant here he placed the Uitlander on a plane of inferiority...The Boer interpretation of independence was not that of liberty, as it is understood in England, but of a monopoly of the rights to rule. You know that it was not uncommon for him to remind us that he was Baas...Is it not possible that if you had a Boer majority in the country in the next Legislative Council, that there would be a great temptation for them to reduce the number of police, to vote themselves arms - for protection of course - and to take other steps in regard to language and other matters in this country in which you would not approve. Are these things not possible?...."[2)]

Teen die einde van 1906 het mnr. Curtis reeds anders begin voel oor die moontlikheid van toekomstige samewerking met die Boere. Op 30 Oktober 1906 het hy in 'n toespraak daarop gewys dat alle Transvaalse probleme vasgekoppel is aan die probleme in die res van die land.

---

1). „The Star," 26 Maart 1908, bl. 9.
2). Abel Coetzee. A.w. Bl. 176.

„...Think of the great men who have come and gone in this country. All their faces were turned to the same goal — the goal of South African Union. Grey, Brand, Frere, Kruger and Rhodes all wrought and toiled for this end...They have left us their own uncompleted task of making such a country...The vision they saw remains for us to fulfil...."[1)]

Toe die „Closer Union"-verenigings gestig is, was mnr. Curtis die man wat in Transvaal die leiding op hom geneem het en voortreflike informasie vir die regering en die volk beskikbaar gestel het.[2)]

Dat sir George Farrar, die leier van die opposisie, onder die invloed van Selborne, ŉ voorstander van unifikasie was, blyk uit ŉ toespraak wat hy op 9 Desember 1907 te Kleinfontein gelewer het. „...The case for union is based...on three main lines of argument. In the first place, it would mean greater freedom and less dependence on Downing Street control...In the second place, union would mean an end to all the quarrels which justify interference, and peace within the borders of South Africa...And, lastly, he pointed to the scarcity of able and leisured men — not more than enough in all South Africa, he said, to form one good Government and one good Opposition — and the cramping influence of petty State politics. I am one of those who believe that if South Africa was governed by the people of this country with a united voice and one central Parliament, the people would look on things from a far broader point of view than they do to-day."[3)]

C. GENERAAL BOTHA.

Die „Het Volk"-party het die vereniging van die Suid-Afrikaanse state as ŉ ideaal in sy „grondbeginsels" opgeneem.[4)] Dit was een van die eleksiekrete van die „Het Volk"-kandidate en na die verkiesing het die leiers hul deurgaans daarvoor beywer.

1). Lionel Curtis. A.w. Bl. 353.
2). „The Star," 3 Oktober 1908, bl. 11.
3). „The Star," 10 Desember 1907, hoofartikel.
4). Sien bylae, bl. X van hierdie werk.

Toe die verkiesingsuitslae in Transvaal bekendgemaak is, is 'n dinee in Pretoria gereël om die oorwinning van die „Het Volk" -party te vier. In sy toespraak het genl. Botha 'n oorsig van die toekomstige beleid van sy regering gegee en die hoop uitgespreek dat daar reeds ver gevorder sal wees in die verwesenliking van die federasie-ideaal voor die regering se dienstermyn verstreke is.[1)]

Feitlik onmiddellik na sy diensaanvaarding is genl. Botha, soos reeds aangedui,[2)] na Engeland om die premierskonferensie by te woon. Tydens sy onderhoude met lord Elgin, W. Churchill en sir F. Hopwood het genl. Botha dit duidelik gestel dat hy ten gunste was van „...een geleidelik schema ter verkrijging van federatie in Zuid Afrika...."[3)] Toe genl. Botha in die „Eighty Club" 'n eetmaal bygewoon het, het hy sy toespraak afgesluit deur te sê: „...Wij vraagen u ons te helpen om één groot gefedereerd Zuid Afrika te stichten onder het Britse vlag...."[4)] In die konferensiesaal het genl. Botha, toe die verdediging van die Britse Ryk bespreek is, ook na die wenslikheid van unifikasie verwys. Met hierdie geleentheid was sy houding dat, indien 'n politieke federasie nie binne afsienbare tyd bewerkstellig kon word nie, die verdedigingsmagte van die land moes federeer.[5)]

Onmiddellik na sy aankoms in Kaapstad het genl. Botha verklaar dat die Britse regering ten gunste van die vereniging van die Britse kolonies in Suid-Afrika was en dat hy self liewer as premier van Transvaal sou bedank as om van die ideaal van vereniging af te sien.[6)]

Genl. Botha het sy houding so duidelik gestel dat „Ons Land" dan ook die volgende opmerking moes maak: „...Het is bij hem niet te doen om in belang van de Transvaal alleen te werken, maar wel van geheel Zuid Afrika...."[7)]

Op 26 Augustus 1907 het genl. Botha die konferensielede van die Transvaalse Landbou-Unie te Pretoria toegespreek. Hy het, na aanleiding van die ruspeplaag in die Wakkerstroomse distrik, die

---

1). Fremantle vers. ACC. 608. Vol. 6, 12 Maart 1907.
2). Sien bl. 58 van hierdie werk.
3). „Ons Land," 16 April 1907, bl. 5.
4). Sien bl. 61 van hierdie werk.
5). Sien bl. 26 van hierdie werk.
6). „Ons Land," 30 Mei 1907, hoofartikel.
7). do.

Boere daarop gewys dat die samewerking van alle boere nodig is om peste en plae in Suid-Afrika doeltreffend te kan bestry.[1)]

ŉ Kragtige pleidooi vir vereniging is deur genl. Botha op 14 Februarie 1908 by geleentheid van die Lydenburgse Landboutentoonstelling gelewer: „...Als we terugzien naar de toestand van 6 jaar geleden dan bevinden we dat toentertijd de Boer aan de strot van de Engelsman, en de Engelsman aan de strot van de Boer was. En nu zitten Engelsman en Boer hier samen gloria te houden. Lettende op de voorspoed in dit distrikt, moet men erkennen, dat het bloed en de tranen niet tevergeefs hebben gevloeid. We vinden hier militairen van beide partijen, voormannen der beide politieke partijen, vertegenwoordigers van de goudvelden en van de landbouw aan dezelfde tafel en allen lijken gelukkig en tevreden. Wat is er schoner dan in liefde een VERENIGD ZUID AFRIKA[2)] te bewerkstelligen. De belangen van de Boer zijn ook die van de Engelsman; de belangen van de mijnindustrie die van de landbouw. Waarom dus niet geprobeerd om op gezonde Zuid Afrikaanse beginselen elkaar de broederhand te reiken?...."[3)]

ŉ Week later het genl. Botha in sy kiesafdeling, Standerton, weer eens ŉ pleidooi om samewerking gelewer. By hierdie geleentheid het hy dit vir die eerste keer baie duidelik gestel dat hy unifikasie begeer en nie ŉ federasie nie.[4)]

Met die kongres van die „Het Volk" -party in April 1908 het genl. Botha weer eens die noodsaaklikheid van unifikasie onder die aandag van die kongreslede gebring,[5)] en toe 100 perderuiters genl. Botha op 14 April 1908 na die markplein van Pretoria geneem het om hom adresse aan te bied, het hy o.a. gesê: „...de Regering was vóór proteksie, maar niet alleen voor de Transvaal, doch aan de kusten moesten invoerrechten worden geheven...."[6)]

Toe daar bekend gemaak is dat ŉ Nasionale Konvensie gehou sou word met die doel om die Suid-Afrikaanse state te verenig, het die

---

1). „The Star," 26 Augustus 1907, bl. 7.
2). Die „Volkstem" beklemtoon.
3). „De Volkstem", 14 Februarie 1908, bl. 9.
4). do. 21 Februarie 1908, bl. 8.
5). „The Star," 10 April 1908, bl. 7.
6). „De Volkstem," 14 April 1908, bl. 6.

„Natal Mercury" en die „Times of Natal", die besluit heftig aangeval en mnr. Moor as sondebok uitgekies.[1] Genl. Botha het besluit om in te gryp en het die volgende brief aan mnr. M. Myburgh, lid van die Wetgewende Vergadering van Natal, gerig: „...Myne meening is dat de tyd nu ryp is voor nauwere vereeniging. Wy moeten een goedkoopere Regeeringsvorm verkry — dan de vier bestaande — om voldoende bezuiniging in Zuid Afrika te verkrygen in dat opzicht is alleen mogelyk door nauwere vereeniging. Zoals U weet bestaat er de grootste moeilykheid met de tol- en spoorweg overeenkomsten. Het is duidelyk dat een verdere tol conventie onmogelik is — het verleden heeft bewezen dat met de beste wil van alle zyden dergelyke overeenkomsten niemand tevreden stellen. Er staan nu slechts twee wegen open. Vereenig Zuid Afrika en vorm een natie of laat verder alle overeenkomsten varen en laat iedere kolonie voor zich zelf zorgen en ingaan voor een politiek van isolatie. Deze laatste richting heb ik in de Transvaal steeds tegengewerkt — maar natuurlyk, indien dit gebeurt, zal de Transvaalsche boer en de Transvaal in het algemeen veel voordeel krygen. Doch zelf daardoor heb ik my niet laten bewegen om ten gunste van een kleinere en engere politiek te werken die noodwendig moet uitloopen op een tarieven oorlog tusschen de Zuid Afrikaansche kolonies en allen in Zuid Afrika in de grootste moeilykheden zal brengen. Om nu deze grooten en nieuwe politiek een succes te maken hebben wy mannen noodig en ook de menigte — en ik vraag u medewerking er voor.

Moor, die een goed Zuid Afrikaan is schynt my zwak by zyne party te staan, ...en ik zou gaarne zien dat U en andere Zuid Afrikaners by elkaar kwamen om de wenschelykheid te bespreken om Moor in deze zaak te ondersteunen en daardoor ook uwe bloedverwanten en stamgenooten in Zuid Afrika om dit ideaal te bereiken met voorspoed en geluk in Zuid Afrika. Indien U enig punt hierover wenscht te bespreken dan zou het mischien goed zyn als een klein klompie Afrikaners my onofficieel in Pretoria een besoek bracht.

---

1). „The Star," 11 Mei 1908, bl. 7.

Het spyt my zeer de agitatie in Durban tegen nauwere vereeniging te zien...."[1]

Die versoek van Botha het 'n gunstige reaksie uitgelok. Binne vier dae nadat Botha sy brief versend het, het mnr. Myburgh geantwoord: „...wees verzekerd van mijne medewerking en ondersteuning tot het uiterste toe...Ons zal Durban en de jingoes nog vecht dat hulle zoo bars...."[2]

Die voortdurende weerstand in en buite Transvaal het veroorsaak dat genl. Botha soms sy pleidooie met waarskuwings en dreigemente vervang het. Toe daar ook in die Kaapkolonie onrusbarende verset teen die unifikasiebeweging ontwikkel het, het Botha aan Merriman geskryf: „...If we are not succesful in obtaining Closer Union now I very much fear that it will be infinitely more difficult to get the Transvaal to join later on. Our financial position is steadily improving and I would not be surprised if under the new Gold Law the Gold Industry brings us an entire million, so that our surplus at the end of the present financial year may be larger than ever. I think that we should do our utmost now to inspire the people of South Africa with a South African spirit...."[3]

Op die vooraand van die sitting van die Nasionale Konvensie, net voordat genl. Botha en sy geselskap per trein vanaf Standerton na Durban vertrek het, het die korrespondent van die „Star" genl. Botha gevra dat hy 'n laaste boodskap vir die volk vir publikasie in sy blad moes gee. Genl. Botha het ingewillig en die volgende boodskap gegee: „Tell the people of the Transvaal and South Africa to prepare themselves for something great. Tell them that every country has in its history an opportunity and that South Africa has its opportunity now. I hope that every well-thinking person in South Africa will make use of this opportunity. I expect great things of South Africa and of this Convention. We are on the eve of, I hope, great happenings,

---

1). Premier. Transvaal. Band 60. Omslag 2. 14 Mei 1908.
2). do. 18 Mei 1908.
3). Premier. Transvaal. Band 60. Omslag 5. 4 Julie 1908.

and I expect that the result of this Convention will include unity, and that from this union there will arise and develop a happy, a prosperous, a strong, and a healthy nation of which South Africa may well be proud."[1]

Twee dae later het dieselfde blad die opmerking hom laat ontval dat genl. Botha baie meer optimisties was as die premiers van die ander state in Suid Afrika. Die onvermoeide staatsman en idealis het self geglo wat hy sy volk voorgehou het. Hy was oortuig daarvan dat hy 'n goeie saak dien en daarom het hy geglo aan die suksesvolle voleindiging daarvan.

D. TEENKANTING IN TRANSVAAL.

Die teenkanting wat daar in Transvaal teen die unifikasiestrewe was, was baie klein van omvang. So het mnr. Abe Bailey op 23 Maart 1908 die Transvaalse regering heftig aangeval: „...The Government, when it came into power, ...lent itself for an ultimate political purpose to a base party in England, and sold its birthright...He did believe that these men thought it was only a temporary surrender of principle, and that they would be able to put matters right. But they were children in statesmanship...and did not know that the mischief they set on foot was a mischief they could not stem at their wish...."[2]

Mnr. A.D.W. Wolmarans, lid van die „Het Volk" -party en een van die lede van die Wetgewende Raad, het hom heftig teen die unifikasie-poging van genl. Botha verset. Op 16 Junie 1908 het hy aan Botha geskryf dat dit 'n morele en 'n finansiële moord op die Transvaalse volk sou wees om met die ander kolonies te verenig sonder om die volk te raadpleeg. Hy het beswaar aangeteken teen die feit dat Transvaal minder verteenwoordigers op die Nasionale Konvensie sou hê as die Kaapkolonie. Hy wou hê dat al die state ewe veel verteenwoordigers moes hê. Die volk moes volledig ingelig word oor al die voor- en nadele

---

1). „The Star," 9 Oktober 1908, bl. 7.
2). do. 23 Maart 1908, bl. 8.

aan vereniging verbonde. Hy het sy brief in 'n eng provinsialistiese gees afgesluit deur te konstateer: „...ten slotte blijf ik toch handhaven: Eerst Transvaal en de belang van dit volk, en daarna de belangen van anderen."[1]

Die teenkanting van Wolmarans het baie tyd, moeite en geduld van Botha geverg. Die „Volkstem" en die „Star" het beweer dat 'n Suid-Afrikaanse sentiment al mnr. Wolmarans se besware sou oplos.[2] Omdat Wolmarans 'n lid van die hoofkomitee was het Botha sy aandag gevestig op die program en die notule van die „Het Volk" -party waarin die strewe vir die verkryging van vereniging baie sterk beklemtoon is.[3] Ondanks dit alles het die heer Wolmarans in sy teenstand bly volhard tot unifikasie 'n voldonge feit was.[4]

Ook Harry Solomon, een van die stigters van die Nasionale Party wat later met die „Het Volk" -party verenig het,[5] het hom teen die unifikasiestrewe uitgelaat. Hy het beweer dat hulle geen reg het om tot so 'n stap oor te gaan tydens die heersende depressie nie.[6]

E. PROPAGANDA VAN GENERAAL SMUTS.

In sy eerste belangrike politieke toespraak, te Kimberley op 29 Oktober 1895, het genl. Smuts, op uitnodiging van die „De Beer's Consolidated Political and Debating Association," gepraat oor die onderwerp „The fundamental principles of the South African political situation." Hierdie toespraak, wat die volgende dag in die „Cape Times" gepubliseer is, was 'n pleidooi vir unifikasie. Dit het 'n diepe insig in die sielkundige vereistes vir 'n unifikasiebeweging verraai. „...What they wanted was not a merely materialistic compromise of conflicting interests but a great South African nationality pervaded by national sentiment. The Afrikaner Bond first introduced in Cape Politics the great idea of nationality. It was the momentous historical mission of the Bond to spread the truth that there must be a people

1). a. Premier. Transvaal. Band 60. Omslag 5. 16 Junie 1908.
    b. Wolmarans benadruk.
2). a. „De Volkstem," 3 Julie 1908, hoofartikel.
    b. „The Star," 2 Julie 1908, hoofartikel.
3). Sien bylae. Bl. X van hierdie werk.
4). Sien bl. 339 van hierdie werk.
5). Sien bl.10 en 15 van hierdie werk.
6). „Ons Land," 30 November 1907, bl. 5.

before there could be a State: that there must be national unity before there could be political unity...."[1]

In ŉ skrywe aan Merriman het Smuts, voor die toekenning van selfregering aan Transvaal, beweer dat die toekenning van verantwoordelike bestuur noodsaaklik is aangesien „...Even larger issues than those already referred to will be profoundly affected by the character of the Transvaal constitution. The S.A. Colonies are so situated geographically and economically that the question of Federation, or perhaps even Unification, will become a practical one as soon as Responsible Government has been granted to the new Colonies. The people, and I may perhaps add, the statesmen of South Africa, are in favour of Federation. With a truly popular constitution in the Transvaal we may see Federation, or Union, in South Africa perhaps within the next five years...."[2]

Op 23 Desember 1906, dus ook nog voor die verkiesings in Transvaal, het Smuts weer eens aan Merriman oor die vereniging van die state in Suid-Afrika geskryf: „...(I) rejoice to see that in the old Colony, as here, the South African idea is silently working to the front. That idea — and its noiseless operation and progress — is our chief political asset. It is waging a mortal war with the organised money power...This too is my reason for favouring Federation or rather (if possible) Unification. Believe me, as long as we stand divided and separated in South Africa the money power will defeat us in the Transvaal Government and as a consequence over the rest of South Africa. I know the practical difficulties which will be well-nigh insurmountable. Greatest caution too will be necessary otherwise we may buy a cat in the bag. But once we are convinced that that way alone — the time solution and the triumph of the people's interest all over South Africa we should go that way and not be deterred by practical difficulties. A tremendous effort will be made as soon as

1). „The Truth Legion." „Greater South Africa. Plans for a better world. The speeches of General the Right Honourable J.C. Smuts. One Country and One People." Bl. 1 tot 2.
2). Mer. vers. No. 240 van 1906. Ongedateer.

parliament meets here, to get rid of the Customs Union and to isolate our railway policy. The Rand is clamoring against protection and railway receipts here are falling at the rate of about a million per annum. Unless we have political union commercial union will become impossible and an intolerable situation will soon arise. I am against public selfishness as much as against private selfishness and therefore I say let us follow the better way and through selfsacrifice to lay the foundation of a united South African people...."[1)]

Op 9 Junie 1907 het Smuts aan Merriman geskryf dat sy toespraak te Burgersdorp „...was to prevent the language question of being made a political one... (it is) felt that it was a social question which will soon disappear if both languages are treated absolutely on equal footing. Nothing keeps the races more apart than an idea that one wishes to master it over the other, or that the one has greater privileges than the other...."[2)] Ook het Smuts meegedeel dat die verenigingidee nie oorhaastig aangepak moes word nie. Hy het die saak met Botha bespreek en „...he was quite at one with us that the question of Federation ought not to be hurried and it cannot be thought of before our Government is properly in the saddle...."[3)]

Op 26 Maart 1906 het Smuts, as Minister van Onderwys, vir die eerste keer in die publiek by 'n skool in Boksburg opgetree. „Mr. Smuts spoke as a pervervid enthusiast in education. He had thought for many years over this question because it was one that had always interested him beyond all questions...there was no subject so intimately bound up with the future of this country...Only one course now seemed open and that was the way to union...If they wanted union they had to start in the schools...."[4)]

Toe F.S. Malan oorhaastig word en 'n mosie t.a.v. federasie by die Kaapse Parlement ingedien het, het Smuts die gevaartekens daarvan gesien en op 1 Augustus 1907 aan Merriman geskryf om dit met hom te

---

1). Mer. vers. No. 230 van 1906. 23 Desember 1906
2). Mer. vers. No. 58 van 1907. 9 Junie 1907.
3). do.
4). A. „The Star," 27 Maart 1907. hoofartikel.
   B. Sien bl. 51 van hierdie werk.

bespreek: „...I notice disquieting signs in Cape Politics; both in the Railway Board and Federation debates point to a further danger. I rely on your wisdom and tactful handling to smooth it away...I feel certain that if you do not get impatient and bring wisdom and sympathy to Malan in the situation, you will find in him just the loyal lieutenant whom you need...My own opinion is that Federation or rather Unification is a good and wise ideal...but great caution and circumspection is required in pushing it and working towards it. I agree with you that almost insoluble problems stand in the way and that the fanatics have not yet faced the facts —— perhaps they are incapable of doing so. Only make allowance for effervescence and optimism and enthusiasm on the part of other in a great cause. Do not throw cold water, but wisely guide a movement which, under favourable circumstances, may promptly lead to great things. I shall not be rushed. The Progressives wish to introduce Malan's motion here, but I have absolutely declined to join. To me the issue is sacred and ought not to be a party pawn. I shall write to Malan and give him brotherly advice...."[1)]

Op 28 September 1907 het Smuts 'n baie belangrike skrywe aan Merriman gerig. Hierdie brief kan met reg as die beginpunt van unifikasie beskou word. Hy het o.a. as volg geskryf: „...Our wishes and prayers go with you, for much, very much for South Africa depends on your victory. By good fortune and hard work we have got together a majority here which, though apparently large, is by no means stable. You will win at the Cape and an unique opportunity will present itself for righting the situation in South Africa, an opportunity such as may not recur in our lifetime. The O.R.C. is all right. Natal has also a well-disposed government. There is the chance to neutralize all the evil effects of the war, to weld South Africa into a compact South African Nation, and to rid ourselves of those internal discords which always and inevitably invite Downing Street interference.

---

1). A. Mer. vers. No. 90 van 1907. 1 Augustus 1907.
B. Sien bl. 93 van hierdie werk.

Your manifesto, which the newspapers reproduced this morning, has given me the greatest pleasure, because it breathes the wise spirit of a common national sentiment...Your Government will be confronted with a most difficult task. The Conference on Railway and Customs to be held next year will mark the cross-roads — if by any possibility, we could make that the starting point for a United South Africa.[1] No consummation could be better. Otherwise I am afraid we shall drift further apart and develop vested rights alien to the establishment of Union...."[2]

Te Blaauwbank het Smuts op 7 Februarie 1908 driehonderd boere toegespreek. „...He was particularly outspoken in regard to the cry for protection raised for the farmers and said: 'During the war you learned the lesson that if anything could be satisfactorily attempted you must all work together. I wish you now in times of peace to raise your commandos not to fight each other but to work hand in hand and to guarantee your markets. I simply get worried about this talk of protection, and it will not help you in any way as farmers or South African citizens. I wish to impress on you Krugersdorp people that the Orange Free State fought on our side, and she sacrificed everything for Transvaal during the war, and there were thousands in the Cape Colony who sacrificed their all for your cause. It makes me feel sore now that some people in the Transvaal wish to leave their tried and staunch friends in the old Free State and the Cape Colony in the lurch and want to have nothing at all to do with those who had acted as their brothers in time of need. I tell you candidly what I am going to fight for...Let us all be united as one great united white race against the whole world...."[3]

Op 18 Februarie 1908, toe Merriman pas drie weke op kantoor was, het Smuts ʼn brief aan hom gerig en gesuggereer dat die tyd vir aksie ryp is. Hy begin die brief deur te skryf dat hy met genoeë die

---

1). Ek beklemtoon.
2). Mer. vers. No. 103 van 1907. 28 September 1907.
3). „The Star," 8 Februarie 1908, bl. 9.

toespraak, wat Merriman te Robertson gelewer het, gelees het, want daaruit straal „...a spirit of anmity and brotherhood between the races and States of South Africa. A spirit of self-help in economic matters, and closer union to crown all — surely this is as wide and broad a foundation as could be laid by South African statesmen...."[1) ] Hy het daarop aangeraai dat die Kaapse regering nie te veel sake op die agenda van die komende tolkonferensie moet plaas nie want „... perhaps we shall find that Federation is so near that we had better address ourselves to the greater issue without too much waste of time...."[2)] Daarop het genl. Smuts 'n oorsig oor toestande in Transvaal gegee as gevolg waarvan hy gepleit het dat vereniging bespoedig moet word: „...I wish to put to you briefly the situation here, as affecting a Customs Union and Federation. For the last few months a very dangerous movement has been growing in the Transvaal — a movement of Separation similar to that which existed before the war. Farmers and Industrialists clamour for protection against the rest of South Africa, for putting a ring-fence around our border and for forced development of our own industries and agricultural production and for protecting local markets. For some months now General Botha and myself have been stumping the country in order to combat this insane retrograde movement, but there is no denying that it is strong and becoming stronger and that it may finally yet sweep us off our feet. The fact is that the Transvaal is now at the parting of the ways: henceforth we must move either in the direction above indicated or we must hurry Union. There is no middle-course. Perhaps we, who are now at the head of affairs, are still strong enough to carry the day for Union; but much delay would be fatal, for very powerful and sinister influences are secretly at work among every section of the population.

Such being the political situation here just now, you will understand that it is impossible for us to do more than renew the Customs Union for another twelve months with such modifications in detail as

---

1). Mer. vers. No. 24 van 1908. 18 Februarie 1908.
2). do.

seem most pressing...Another consequence of our position is that the only safe course for the friends of South African union is to let no grass grow under their feet. Otherwise the separation movement will sweep us away and you will soon see such a state of turmoil and strife and the rest as has not been known since the war or of a very happy continuation of circumstances. For a very short while the latter alternative is left us. Let us make the most of our opportunity. You must not consider me an alarmist, but I assure you there is a very ugly spirit growing...Do not let us give it too much time...."[1]

Daar het nou 'n periode van hartlike samewerking tussen Smuts en Merriman ontstaan. Op 12 Maart het Merriman dan ook aan Steyn geskryf: „...there is a Eulenté Cordiale between ourselves and the Transvaal — There is a feeling in certain quarters that the Free State is somewhat luke warm...As regards the Union I am inclined to endorse the Transvaal feeling, that it is now or never, that if we let the present opportunity pass we shall witness the growth of separatist feelings...."[2]

Die samewerking en die propaganda was spoedig so intens dat die „Star" op 18 Maart 1908 berig het: „...the Cape and Transvaal politicians of either party have been vying with one another lately to be champions of South African Union."[3]

Die brief van Smuts aan Merriman, wat seker die ernstigste brief is wat Smuts in hierdie jare geskryf het, het die gewenste uitwerking gehad. Op 24 Februarie het Merriman geantwoord: „...I quite agree with you as to the necessity for pushing the question of Union. There is just a probability that if we three States, Transvaal, O.R.C., and Cape insist, we can carry the thing by a coup-de-main while if we wait I can quite forsee that it may be a very long business, and, in the interval, we may be crushed by the financial situation...I am not arrogant of the

1). Mer. vers. No. 24 van 1908. 18 Februarie 1908.
Vergelyk ook 'n skrywe van Rose-Innes aan Merriman op 8 Junie 1908: „...You are quite right — we must either unite or fight. The points of difference are so numerous and the causes of friction so constant, that if we do not put an end to them we are not likely even to remain friends...." Mer. vers. No. 68 van 1908.
2). Mer. vers. No. 34 van 1908. 12 Maart 1908.
3). „The Star," 18 Maart 1908, hoofartikel.

feeling of narrow isolation that you describe. With you it is material — with us it also exists, but is based on the natural jealousy of an old community that does not like to lose what is has for so long held. I feel that beneath the surface the same force is at work. With you it appeals to self interest, with us to local jealousy. It finds its natural allies in the Rhodesian clique...and the feeling, not yet extinct in England, that a 'Dutch Majority' is something to be dreaded...it also exists on the Liberal benches though they are afraid or ashamed to own it. It is for this reason that I think it so supremely important that our Party should be strengthened by members from English Communities and incidentally I think that the visit of yourself and Botha to Port Elizabeth[1] would have a very good effect...[2] I am entirely at one with what I take to be your views, that the nearer we get to an unified form of Government the better it will be, and I think we may accomplish this in spirit if we do not in letter...In conclusion do let me ask you to try to persuade Botha to come with you to the Port Elizabeth Show and to get Fischer and Hertzog also. It will be such a good opportunity for **friendly** conversation...."[3]

Op 29 Februarie het Smuts, wat toe weer op 'n rondreis was, 'n vergadering te Wolmaransstad toegespreek. Hy het die gehoor bedank vir hul ondersteuning en samewerking en hulle meegedeel dat die leiers van die opposisie tans die Regering en sy werk waardeer. „...Hij waarschuwde tegen de momories die zoveel getekend werden om proteksie. Hij wilde liever dat Transvaal arm werd dan dat het zijn eergevoel verloor en de andere kolonies onbillik behandelde, want dan zou hij zich schamen om een Transvaler te zijn, maar er zou zeker nog veel water onder de bruggen lopen, voordat het zover kwam. Met een behoorlike spoorwegregeling zou Transvaal zijn natuurlike bescherming hebben, en de Kaap moest niet met verlies produkten over zijn lijnen vervoeren... Men moest één groot Zuid Afrika erkennen als zijn vaderland, dan kon men zichzelf beschermen tegen de rest van de wereld en meer doen dan

1). By geleentheid van 'n landboutentoonstelling.
2). Merriman benadruk.
3). Mer. vers. No. 26 van 1908. 24 Februarie 1908.

enig deel afzonderlik. Door ringmuren zou men het graf van Zuid Afrika delven. Men moest liever DE VERENIGING VAN HARTEN[1] die reeds bestond, uitdrukken in een politiek stelsel."[2]

Op 3 Maart het genl. Smuts ŉ belangrike skrywe aan Merriman gerig. Nadat hy aangedui het dat daar twee punte is wat t.a.v. vereniging van die state oorweeg moet word, stel hy dit soos volg: „... 1) The principles to be embodied in any document of Union.
2) The procedure by which Union is going to be achieved.

You touch on the first, but just at present and in view of the fact that the question of Union is going to be discussed at the forthcoming Conference, I think that the subject of procedure requires more urgent consideration. And I think at the Conference we ought to settle the procedure which the S.A. Governments ought to follow in trying to bring about Union. A wrong procedure will lead us to a blind ally and delay or wreck the cause...."[3] Nadat Smuts ŉ oorsig van die bestuursvorme van Kanada en Australië gegee het, het hy voortgegaan: „...Are we going to adopt the Canadian or Australian procedure, or combine the two? It will be a question of nice calculation whether the Parliaments of the peoples of the Colonies will be more favourable, and that time alone can show. I would favour the idea (as a first stage) of delegates being chosen by Parliament in our forthcoming Sessions to a Convention which will sit after the prorogation of Parliaments and report before the sessions of 1909. The Constitution will be published, and if favourably received, might be pushed through Parliaments or referred to another Convention of Parliamentary delegates for ratification. If Parliaments are hostile and people favourable, a referendum to the electorate might be taken for final confirmation.

It seems to me that this question of procedure will be very important and therefore I wish you to consider it very carefully. A wrong procedure might prove very dilatory, or even fatal...."[4]

---

1). „De Volkstem" beklemtoon.
2). „De Volkstem," 3 Maart 1908, bl. 8.
3). Mer. vers. Kopie no. C/30 (a) van 1908. 3 Maart 1908.
4). do.

In sy antwoord het Merriman beaam dat die kwessie van prosedure van die grootste belang is. „...Yours of the 3rd opens up a very important question. Anxious as I am to push the thing through we must avoid 'Raw Haste, the sister of Delay.' I favour, subject of course to discussion, —

1. That at the Conference...we should not go further than to approve of the principle of Union in a resolution and further ask that the several Parliaments should nominate delegates to a Convention, such delegates to be on the basis of the European population in each state and to be chosen as each Parliament may prescribe.
2. The Convention so chosen should proceed to draw up the Constitution which...should be submitted to the several Parliaments for acceptance or amendment.
3. That such amended Constitution should be again considered by the Convention and then
4. Submitted for ratification to plebiscite of States...

But another question arises. Our Constitutions are not Parliamentary Constitutions. They are given by the King who has no power except with our consent to revoke his gift...and we shall consider carefully whether we should desire a Parliamentary Constitution for our Union. Whether it should not be our own act approved by the Crown...Here in South Africa at present there is among the Governments — with the exception perhaps of Natal — a strong sense and feeling for Union which ought to smooth away difficulties...The constituent Constitution might meet at the end of this year and the Constitution be submitted to the Parliaments at their sessions in April - March 1909. That is if we are determined which will depend on the attitude of the O.R.C. which is, I am afraid, rather difficile (sic.)....[1]"

Van die ywer, deur genl. Smuts aan die dag gelê, skryf S.G. Millin: „...Wherever one looks at the work that preceded union,

---

1). Mer. vers. No. 31 van 1908. 12 Maart 1908.

there one sees Smuts. He laid the foundation with responsible government. He propagated the idea by letter, talk, print and public speech...."[1]

Genl. Smuts het elke beskikbare tydjie gebruik om unifikasie-aangeleenthede te bestudeer. Hy het informasie ingewin t.a.v. alle vorige unies, federasies en ander vorms van samesmelting van state. Hy het veral baie aandag aan die konstitusie van die Verenigde State van Amerika gegee hoewel hy van mening was dat die sentrale regering te min gesag het en dat die grondwet te onelasties is. In 'n skema wat hy opgestel het, het hy beweer: „...We have no right to attempt to hamper and bind ourselves by any cast-iron system of constitution which only a revolution can amend...."[2] Hy het die Britse grondwet bewonder omdat daar geen dokument is wat die mag van die parlement aan bande lê nie. Daarom was dit dan ook sy doel om 'n buigbare grondwet daar te stel wat soewereine mag aan die parlement sou verleen.[3]

------oOo------

---

1). S.G. Millin. Bl. 251.
2). do.
3). Sien bl. 181 en verder van hierdie werk.

# HOOFSTUK 5.

## FINANSIES.

| | Bl. |
|---|---|
| 1. STATISTIEK T.A.V. DIE BODEM EN DIE BLANKE BEVOLKING. | 114 |
| 2. TRANSVAALSE FINANSIES. | 115 |
| 3. NATALSE FINANSIES. | 117 |
| 4. DIE FINANSIES VAN DIE KAAPKOLONIE | 118 |
| 5. DIE FINANSIES VAN DIE O.R.K. | 121 |
| 6. SPOORWEGBEHEER EN -INKOMSTE. | 122 |
| 7. DIE OORSAKE WAAROM TRANSVAAL HOM UIT DIE TOLUNIE WOU ONTTREK. | 125 |
| 8. FINANSIES EN UNIFIKASIE. | 127 |

----oOo----

# HOOFSTUK 5.

## FINANSIES.

### STATISTIEK T.A.V. DIE BODEM EN DIE BLANKE BEVOLKING.

Die aangeleentheid wat in Suid-Afrika die meeste moeilikheid gelewer het en wat gevolglik een van die grootste oorsake was waarom die land moes verenig, was die kwessie van finansies en handel.

As gevolg van die na-oorlogse depressie en as gevolg van die konkurrensie op handelsgebied was daar in al die Suid-Afrikaanse state 'n gebrek aan geld. Daar was 'n gebrek aan kapitaal by die indiwidue en by die state. Daar was 'n gebrek aan koopkrag en 'n gebrek aan krediet.

Op 17 April 1904 is daar, vir die eerste keer in die land se geskiedenis, 'n sensus gelyktydig in al die kolonies gehou. Volgens hierdie opname was die Kaapkolonie, met sy 276,966 vk. myl grond en sy 579,741 blankes, die grootste en die sterkste van al die state. Tweede was Transvaal met 110,430 vk. myl grond en 297,277 blankes. Dan volg die O.R.K. met 50,389 vk. myl grond en 142,679 blankes en Natal met 35,291 vk. myl grond en 97,101 blankes.[1)]

In die K.K., waar die na-oorlogse depressie swaar gedruk het, was die staatskis so leeg dat talle van die swaarbelaste inwoners die gebied verlaat het.[2)] Baie van hierdie mense het na Transvaal verhuis sodat daar in 1906 reeds 17,542 blankes meer as in die sensusjaar was.[3)] Hierdie vermeerdering het aangehou sodat 'n totaal van 425,161 in 1911 bereik is.[4)]

Indien die getalsterkte van die blanke bevolking in die vier kolonies met mekaar vergelyk word, dan is dit opmerklik dat slegs in die K.K. daar, tussen die jare 1904 en 1911, 'n vermindering was en wel van 0·55%. In al die ander kolonies was daar 'n toename nl. 40·42% in

---

1). „The Government of South Africa." A.w. Vol. 2, bl. 1, stelling 1.
2). „Official Year Book." A.w. Bl. 148. Tussen die jare 1904 en 1911 het die blanke bevolking van die K.K. met 3,152 siele verminder.
3). Koloniale Sekretaris. Transvaal. Band 716. No. 1/11022.
4). „Official Year Book." A.w. Bl. 148.

Transvaal, 22·79% in die O.R.K. en ŉ nietige 0·71% in Natal. 1)

TRANSVAALSE FINANSIES.

Die grootste oorsaak vir die vinnige magsverskuiwing na die noorde was die steeds stygende goudopbrengs in Transvaal. In 1904 is goud ter waarde van £16,000,000 geproduseer en in 1906 het dit gestyg tot ŉ bedrag van £24,600,000. Gedurende hierdie tydperk is dan ook 5,000 meer blankes deur die goudmyne in diens geneem sodat die blanke bevolking aan die Witwatersrand binne die kort tydperk van 20 maande na die sensusopname van 1904 met 30% gestyg het. 2)

As gevolg van die koöperasiebeleid van die regering het die wanverhouding tussen die Engelse myneienaars en die Afrikaanse armblankes vinnig plek begin maak vir harmoniese samewerking. Beide groepe het tot die besef gekom dat dit noodsaaklik vir die een hand is om die ander een te was. So kon pres. Steyn, na ŉ besoek aan Transvaal, o.a. die volgende aan Merriman skryf: „...What pleased me most in the Transvaal was that I seemed to notice a better understanding between the mining industry and the rest of the country. Thanks to the strike the mine owners are more willing now to take young Afrikanders into the mines than they were previously. One of my objects in going to the Transvaal was to discuss with Botha and other friends there the advisability of working one or other Gold Mine by the Government, not so much for profit but as a school where young South Africa could be trained to become skilled miners. To my delight I found that the Ministry had already the matter under consideration and that there was every likelihood of a scheme being devised by which our young men could be trained to become certificated miners.

I was told in Johannesburg that the mine owners were only too anxious to get young men to work in the mines, but their difficulty was that the Cornish miner sees in the Africander a strong competition

1). „Official Year Book." A.w. Bl. 148.
2). E.A. Walker. A.w. Bl. 514. Voetnoot.

and it is with difficulty that his employer can get him to teach the young Boer.

Although I am strongly in favour of getting our people back to the land I feel if we could draft the superfluous ones into the mines it will go far to solve the poor white problem..."[1)]

Transvaal was die enigste van die vier kolonies wat 'n batige saldo in 1905-1906 gehad het. Die inkomstes, uitgawes en publieke skulde van die vier gebiede was as volg:

| KOLONIE. | INKOMSTE. | UITGAWES. | PUBLIEKE SKULD. |
|---|---|---|---|
| K.K. | £8,269,299 | £8,264,671 | £54,000 |
| Transvaal. | £46,702,230 | £4,953,496 | £30,000,000 |
| O.R.K. | £769,306 | £775,239 | £12,102 |
| Natal. | £3,384,849 | £3,829,588 | £20,597,870 [2)] |

Vanaf 1906 het die mynbouindustrie in Transvaal met reuse treë vooruitgegaan. Mynmaatskappye het op groot skaal begin amalgameer. Die vereniging van die „Crown Mines" - en die „East Rand Proprietary" -groepe het hulle tot die grootste goudprodusente van die wêreld omgeskep.[3)] Waar elke myn in sy eie stoom- en elektriese behoeftes moes voorsien, was daar nou 'n kapitaalkrag wat groot ondernemings moontlik gemaak het. Op 17 Oktober 1906 is die „Victoria Falls Power Company" gestig om die hele Witwatersrand van elektriese krag te voorsien.[4)] Wetenskaplike ondersoek i.v.m. mynbouaangeleenthede het gelei tot verbeterde metodes soos die gebruik van buismeulens en lugbore, die ontwerp van moderne ventilasiemetodes en die daarstelling van higiëniese reëls vir ondergrondse werkers. Nuwe ondernemings kon nou aangedurf word, soos die „Midas Deep," suid van Randfontein, en die ontginning van die groot kom van die Verre-Oosrand in 1909.[5)]

As gevolg van die reuse vordering wat daar op die gebied van mynbou gemaak is, het die finansiële posisie van Transvaal jaarliks

1). Mer. vers. No. 98 van 1907. 11 September 1907.
2). P.A. Silburn. „The Constitutional Crisis in South Africa." Gedruk deur „Robinson & Co. Ltd.," bl. 5 tot 9.
3). Owen Letcher. „The Gold Mines of Southern Africa. The History, Technology and Statistics of the Gold Industry," bl. 161.
4). do. Bl. 162.
5). do. Bl. 162 tot 163.

sterker geword. Die finansiële jaar van 1906 - 1907 is afgesluit met ŉ batige saldo van £1,195,182 - 8 - 10.[1)]

Op 8 Junie 1908 het Rose-Innes aan Merriman geskryf dat ook daardie jaar „...the Transvaal is going to come out on the right side of the budget in spite of the necessary £400,000 which was expected from the Premier mine...and in spite of having executed numerous public works not of revenue and of having distributed £500,000 through the Land Bank. Next year we ought to have a big surplus...."[2)] Die surplus van 1907 - 1908 was £411,000.[3)]

Op 23 September 1908 het Botha aan Merriman geskryf: „...Our financial position is steadily improving and I would not be surprised if, under the new Gold Law, the Gold industry brings us an entire million, so that our surplus at the end of the present financial year may be larger than ever...."[4)]

Onder die opskrif „Schatkist Welvaart" het die „Volkstem" van 2 Februarie 1909 ŉ oorsig van die finansiële jaar van 1908 - 1909 gegee. Sonder die byvoeging van die waarde van die staatsaandele in die Premierdiamantmyn was die inkomste £4,700,000. Die inkomste uit die goudmynindustrie is op £820,000 geskat terwyl die departement Pos- en Telegraafwese £343,000 sou lewer. Teen die einde van Junie 1909 sou die bedrag in die skatkis die beraming met £500,000 oorskry.[5)]

NATALSE FINANSIES.

Die gunstige finansiële posisie van Transvaal vorm ŉ skerp teenstelling met die geldelike moeilikhede waarmee die kuskolonies te kampe gehad het.

In Natal het toestande geleidelik versleg. In 1905-1906 het die uitgawes die inkomste reeds met £444,739 oortref en in 1906-1907 is ŉ verdere £209,982 aan die debiet toegevoeg[6)] met die gevolg dat die totale tekort op 25 Julie 1907 £526,000 bedra het.[7)] Die gesamentlike

1). „The Government of South Africa." A.w. Vol. 1. Bl. 274.
2). Mer. vers. No. 67 van 1908. 8 Junie 1908.
3). „The Star,"7 Julie 1908, bl. 7.
4). Mer. vers. No. 222 van 1908. 23 September 1908.
5). „De Volkstem," 2 Februarie 1909, hoofartikel.
6). P.A. Silburn. A.w. Bl. 7.
7). „The Times of Natal," 25 Julie 1907, eerste uitgaaf, hoofartikel.

„Redistribution Committees" van Natal het daarop in 'n verslag verklaar: „...There has been gross extravagance in our State expenditure, rendering our financial position one of grave embarrassment and the future of our Colony a cause of great disquietude, if not alarm...."[1) ] Die komitees het voorgestel dat 'n finansiële verslag gepubliseer sal word om bostaande bewering te staaf, maar, „...in obedience to the entreaties of those who feared that such a balance-sheet would do the credit of the Colony serious injury, the committees decided to leave the electors uninlightened on this important point...."[2)]

Dat dit bykans onmoontlik was vir Natal om uit sy finansiële penarie te kom, blyk uit die hoofartikel van die „Star" van 24 Julie 1908. Nadat die jaarlikse vermeerdering van die Natalse skuldelas bespreek is, skryf die „Star:" „...a Colony with a gross revenue... of just over three and a half millions cannot go on year after year adding deficit to deficit without hampering its own usefulness and impairing the credit of the Colony...So far as we can judge Natal is no nearer a solution of her financial troubles to-day than she was a year or two ago. With an estimated revenue for the current year of £3,491,440, and a probable expenditure of £3,695,000, the new treasurer has been called upon to provide for a prospective deficit of £200,000...."[3)]

DIE FINANSIES VAN DIE KAAPKOLONIE.

In 1907 was die finansiële posisie van die K.K. reeds in so 'n haglike toestand dat dr. Jameson 'n belasting van 10% op alle minerale profyte moes hef waardeur hy vir hom die gramskap van die De Beers maatskappy op die hals gehaal het.[4)] Dit is dus begryplik dat Merriman, wat deur „Ons Land" as die bekwaamste finansier in Suid-Afrika beskryf is,[5)] in die K.K. 'n eleksie-oorwinning behaal het en op 12 Februarie 1908 as premier en as Minister van Finansies ingesweer is.

1). „The Star," 4 Maart, 1908, hoofartikel.
2). do.
3). do. 24 Julie 1908, hoofartikel.
4). Sien bl. 79 van hierdie werk.
5). „Ons Land," 28 September 1907, hoofartikel.

Mnr. Merriman het duidelik besef dat daar ŉ baie moeilike dienstermyn op hom gewag het. Op 12 Maart het hy aan pres. Steyn geskryf: „...the condition of the finances is deplorable and if a crisis is to be averted we shall have to use very drastic methods, unfortunately election times are not those when even the best government can take up the pruning knife...."[1]

Na afloop van die finansiële jaar van 1907-1908 was daar ŉ tekort van £648,124 - 18 - 5 in die Kaapse kas.[2] Om sy man teen Transvaal te kon staan was dit noodsaaklik vir Merriman om ŉ batige saldo te hê wanneer die Suid-Afrikaanse state verenig. Sy regering het gevolglik besluit om, afgesien van die gevolge daarvan, die finansiële posisie van die Kaapkolonie reg te ruk.

Op 7 Mei 1908 het die „Star" berig dat die Kaapse regering „...is determined to cut down expenses with bold slashes of the pruning knife, and it is prepared to justify itself before Parliament, no matter what amount of private misery and suffering is entailed...."[3] Daar is verder berig dat „...the Government has in preparation a scheme of retrenchment in the public service, which will in its drastic character surpass anything that has preceded it. Nothing definite will be done until the return of the Ministers from the Pretoria Conference, when serious attention will be given to devising the cutting down of expenses to an amount of close upon £1,000,000. The Public Works Department stores will be amongst the first to suffer. They will be taken over by the Railway Department. In other directions there will be sweeping reductions and contrivances to effect economies, which will involve the dismissal of hundreds of men...."[4]

Onder die opskrif: „Kaapse Parlement Bankroet?" gee „De Volkstem" van 3 Julie Merriman se begrotingsrede as volg weer: „...De Hr. Merriman verklaarde, dat in plaats van een overschot van £30,000 (zoals door 't vroegere Ministerie verwacht) er in 't afgelopen jaar

1). Mer. vers. No. 34 van 1908. 12 Maart 1908.
2). „The Government of South Africa." A.s. Vol. 2. Bl. 271.
3). „The Star," 7 Mei 1908, bl. 7.
4). do.

een tekort is geweest van bijna een miljoen pond stg. Hij verweet dit verschil aan de hoge schatting van de inkomsten. Verwacht werd, dat de spoorwegen in 't nu begonnen jaar £594,000 minder zouden opbrengen tengevolge van onzekerheid en depressie...

De Hr. Merriman stelde voor het tekort te dekken, eerstens door een inkomsten-belasting; mensen met een inkomen van tussen £50 en £100 zouden 10 shillings moeten betalen; tussen £100 en £300 £1; op alle inkomen tussen £300 en £1,000 bovendien nog 5 persent, terwijl allen die een inkomen hebben van £2,000 en hoger 5 persent van 't hele bedrag zouden moeten betalen. Verder stelde hij voor een gegradueerde belasting op grondbezit, een verhoging van belasting op transporten, een niewe (sic.) zegelbelasting op patent medisijnen, verhoging van handels en andere lisensies, 't stoppen van 't amortisasiefonds, vermindering van 't salaris van Gouvernements ambtenaren met 5 persent. Hij dacht op die manier 905 duizend pond stg. meer te krijgen, waardoor het tekort zou worden gedekt...."[1]

Dat die groot surplusse van die Transvaalse regering die owerhede van die K.K. laat watertand het, blyk pragtig uit ŉ brief wat Merriman op 9 Junie aan Botha geskryf het: „...Our financial position is very weak[2] and our people have been so accustomed to live on war money that they are reluctant to face the situation. — The fatal habit of expecting 'something to turn up' is the curse of South Africa ...I congratulate you heartily on your financial position — and am inclined to break the tenth commandment...."[3]

Generaal Smuts het op 10 Junie 1908 aan Merriman geskryf om hom te waarsku teen die gevare wat sy drastiese finansiële maatreëls ingehou het: „...In my opinion it would not do much good and may do very much harm if you tried to right the financial position there this year. In all these matters we should now be slow not to create local ill-feeling, and you might very justifiably take up the position

1). „De Volkstem," 3 Julie 1908, bl. 7.
2). Merriman beklemtoon.
3). Premier. Transvaal. Band 60. No. 03.

that the financial recovery of the Cape must be spread over a certain limited number of years and cannot be brought about in one year...."[1)]

In sy dagboek het sir Lewis Michell aangeteken: „...When carrying out a policy of retrenchment and increasing taxation, a Prime Minister is never popular and Mr. Merriman was no exception to the rule, indeed, he paid dearly for his financial integrity...."[2)]

Op Saterdag 1 Augustus 1908 is daar in Kaapstad vertoë teen die premier en sy regering gerig. „...Some strong language was used at a demonstration on the Parade,...of workers and unemployed, who are smarting under the sneers and snubs of the Prime Minister, not to mention the proposal to take by way of income tax ten shillings from the wages of every man earning as little as £50 a year.

Mr. McManus declared...'unless...he(Merriman) looks out, we'll raise a rumpus in this Colony; we've strong right arms, and hearts courageous enough to do and dare, and unless he mends his ways, something will have to be broken...' Mr. Needham said that the unemployed problem was just as serious as a big native war,...A resolution was carried amidst shouts and yells expressing dissatisfaction at the inaction and utter callousness of the Government in not taking immediate steps to allay the terrible poverty that exists in the Colony...."[3)]

DIE FINANSIES VAN DIE O.R.K.

Soos die regering van die K.K. die finansiële welvaart van Transvaal beny het, so was Natal op sy beurt afgunstig op die finansiële posisie van die O.R.K.

Op 24 Julie 1907 het die „Times of Natal" geskryf: „The Orange River Colony...will be enabled to enter upon its career of Responsible Government under the most favourable auspices...the Orange River Colony was not placed at so serious a disadvantage by the prevailing distress of the last three years as the sister colonies, the volume

1). Mer. vers. No. 68 van 1908. 10 Junie 1908.
2). Lewis Michell versameling. Hoofstuk 15. Bl. 349.
3). „The Star," 3 Augustus 1908, bl. 7.

of business not having materially decreased though the number of competitors for it had largely increased. The treasurer is in the happy position to possessing a surplus of £10,000..."[1]

SPOORWEGBEHEER EN -INKOMSTE.

Die handelsverkeer met die binneland, wat sedert die laaste kwart van die vorige eeu 'n twisappel in Suid-Afrika was, was 'n probleem wat die staatsmanne nie bevredigend kon oplos nie. Al die belanghebbende state het oorsaak tot ontevredenheid gehad en almal het fout met die regering van Transvaal gevind, sodat lord Selborne, in sy vermaarde memorandum, met reg kon konstateer: „...Of all the questions fruitful in divergence of opinion or of interest to the Colonies of South Africa, there is none so pregnant with danger as the railway question. It is not an exaggeration to say that a field more thickly sown with the seed of future quarrel and strife than the railway systems of South Africa does not exist...."[2]

Die eerste poging tot die oplossing van hierdie probleem was die tolooreenkoms van 1 Julie 1889 tussen die K.K. en die O.V.S., wat aangegaan is omdat daar besef is dat beide state „...are entitled to a share in duties of Customs collected on goods imported through either and consumed in the other Colony or State, and that it is desirable that there should be a general Customs Union between all the Colonies and States of South Africa...."[3]

Om aan bogenoemde begeerte te voldoen is daar in 1896 'n poging aangewend om Natal, Transvaal en Mosambiek te oorreed om by die tolunie aan te sluit. Omdat die toenmalige Transvaalse regering sy onwilligheid daartoe te kenne gegee het, het ook Natal en Mosambiek geweier om afgevaardigdes te stuur.[4]

In April 1898 is daar in Kaapstad 'n tolkonferensie gehou waarop Natal verteenwoordig was. 'n Nuwe tolooreenkoms is aangegaan wat

1). „The Times of Natal," 24 Julie 1907, eerste uitgaaf, hoofartikel.
2). „Imperial Blue Books." A.w. Vol. 35. Bl. 6.
3). „Official Year Book." A.w. Bl. 492
4). do.

Natal ingesluit het. Hierdie ooreenkoms het van krag gebly tot in Mei 1903 toe daar in Bloemfontein ŉ tolooreenkoms tussen die genoemde gebiede, asook Transvaal en Rhodesië, aangegaan is. Daar is o.a. besluit dat die ooreenkoms op 1 Julie 1903 van krag sou word, dat dit vir ŉ tydperk van twee jaar van krag sou bly en dat enige kontrakterende staat wat hom uit die tolunie wou onttrek, minstens 12 maande kennis van so ŉ voorneme moes gee.[1)]

Die spoorweë was die eiendom van die regerings van die vier state en dit is dan ook deur die staatsregerings beheer. In die Kaapkolonie is die spoorwegadministrasie behartig deur die Kommissaris van Publieke Werke. In Natal is die spoorweë deur die Minister van Spoorweë en Hawens beheer en in Transvaal en die O.R.K. het die „Inter Colonial Council" die verantwoordelikheid van spoorwegadministrasie gedra. Hierdie raad het een keer p.j. vergader en het die bestuur van die spoorweë opgedra aan ŉ komitee bestaande uit ŉ voorsitter, ŉ tesourier en sewe ander lede. Na die selfstandigwording van die twee kolonies is daar voortgegaan met die gesamentlike beheer deur ŉ raad van vyf lede, waarvan Transvaal drie en die O.R.K. twee benoem het.[2)]

In sy memorandum het lord Selborne o.a. verklaar: „...There is a competitive struggle between the ports of Cape Colony and Natal to snatch from each other every ton of goods which can be snatched. The Orange River Colony desires as many tons of goods as possible to be passed to the Transvaal through its territory, but it is to the interest of Cape Colony that no such tons of goods should pass into the Transvaal through the Orange River Colony. On every ton which, on its way to the Transvaal, passes into the Orange River Colony at Norval's Pont, the Cape Colony loses revenue compared with what she would receive if it passed into the Transvaal by the Kimberley - Fourteen Streams - Klerksdorp line. In the same way it is to the interest of Natal to pass the goods consigned to the Transvaal from

---

1). „Official Year Book." A.w. Bl. 492 tot 493.
2). „The Government of South Africa." A.w. Vol.1. Bl. 203.

Durban into the Transvaal at Volksrust, and not at Vereeniging through the Orange River Colony. Thus the interests of Cape Colony, of Natal, and of the Orange River Colony conflict the one with the other. But when it comes to considering the railway interests of the Transvaal, then it will be found that the interest of the Transvaal is diametrically opposed to the interests of Cape Colony, of Natal and of the Orange River Colony. The Transvaal loses revenue on every ton of goods which enters the Transvaal by any other route than that from Delagoa Bay...."[1)]

Selfs die Portugese owerhede, wat kragtens die bepalinge van die Modus Vivendi 67% van die handel met Transvaal ontvang het,[2)] het gevoel dat hul posisie onseker was en dat die gebrek aan sekuriteit uiters nadelig vir die ontwikkeling van hul kolonie was.

In Mei 1906 het die koerant, „Portugal em Africa," na aanleiding van 'n kongres van die Suid-Afrikaanse Kamers van Koophandel te Durban, gekla oor die teleurstellende gevolg van die Modus Vivendi en die daaropvolgende optrede van hul ministers: „...We feel that our country has again lost the opportunity of negotiating a Commercial Tariff treaty with the British South African Colonies which would definitely consolidate the provisional situation created by the modus vivendi, to the advantage of Lorenzo Marques and the whole Zambesia District. That modus vivendi has been appreciated and discussed solely from the railway point of view. It seems to be forgotten that it also deals with the Customs question, guaranteeing to us facilities which have not given the results which they ought to have given. This is for the simple reason that no one wishes to start business under the provisions of a modus vivendi which may at any moment be denounced... We ought to enter the South African Customs Union and at the same time transform the modus vivendi into a permanent Treaty, giving a guarantee to capital stimulating industrial enterprise and compensating us for the sacrifices imposed by the modus vivendi with the hope of future profits which are slow in coming...."[3)]

---

1). „Imperial Blue Books." A.w. Vol. 35. Bl. 6.
2). Sien bl. 6 van hierdie werk.
3). Koloniale Sekretaris, Transvaal. Band 660. No. 8395. „Extract from 'Portugal em Africa.'"

Die Portugese regering het daarop aan die Transvaalse regering geskryf dat hul van voorneme was om geheel of gedeeltelik by die Suid-Afrikaanse tolunie aan te sluit en om dan die Modus Vivendi met ꞌn blywende verdrag te vervang.[1)]

ꞌn Nuwe tolooreenkoms, wat op 1 Julie 1906 van krag sou word, is in Maart 1906 in Pietermaritzburg aangegaan.

Die uiteenlopende ekonomiese belange van die verskeie gebiede, soos in die Selborne-Memorandum uiteengesit, is deur hierdie konferensie duidelik aan die lig gebring. ꞌn Laslap-ooreenkoms is aangegaan omdat die afgevaardigdes bang was vir die gevolge van ꞌn moontlike mislukking, en die Transvaalse afgevaardigdes het die vergadering meegedeel dat Transvaal hom op 30 Junie 1908 uit die tolunie sou onttrek.[2)]

DIE OORSAKE WAAROM TRANSVAAL HOM UIT DIE TOLUNIE WOU ONTTREK.

Op 30 April 1908 het mnr. J.W. Honey, die direkteur van die Transvaalse doeane-afdeling, aan mnr. H.C. Hull, die koloniale tesourier, geskryf om hom mee te deel waarom die Transvaalse regering van voorneme was om hom uit die tolunie te onttrek. Die oorsake was as volg: "...

1. The existence of preferential rates which

(a) to a certain extent deprive the Transvaal producer of the benefits of his geographical position in supplying his own markets.

(b) The effect of the preferential rates on sugar which entails a very heavy loss on the Transvaal Revenue, Natal consuming almost entirely imported sugar which pays duty and the Transvaal consuming Natal sugar which comes in free. Natal derives some £22,000 a year from this and the duty on Natal sugar imported into the Transvaal, if levied, would amount to £55,000.

Natal should first consume its own sugar before exporting it to the other states free. I do not think there would be any

1). Koloniale Sekretaris. Transvaal. Band 660. No. 8395. "Extract from 'Portugal em Africa.' "
2). do. Band 637. No. 6298, 6650 en 3/5298.

objection on the part of the other States to using Natal's surplus, but the present situation is one that should not continue.

2. The large difference between the duty on Cape spirits and the imported article which entials a very heavy loss to our revenue. In 1907, 157,000 gallons were imported from the Cape and the loss of revenue amounted to £70,000.
3. The charge of 5% for collection which is considered to be excessive. The Cape Colony collects for itself £1,729,769 for £48,000 or under 3% and Natal £539,886 for £15,635 or just about 3%. Further, in our contribution to the Bureau, we are paying twice over for work which should be performed under the 5% charge.
4. The fact that the Transvaal receives no duty on imported articles which enter, to an appreciable extent, to South African manufacturers, with the exception of tobacco and flour.
5. The granting of bounties in one State and not another which is detrimental to the manufacturers in the non-granting State.

There are, of course, other minor reasons for the amendment of the Tariff but the foregoing are the principal ones...."1)

Dit is dus duidelik dat die spoorweginkomste vir al die Suid-Afrikaanse state van groot belang was. Gedurende die jaar geëindig 30 Junie 1908 het die O.R.K. £198,833 aan spoorweginkomste ontvang en Transvaal £1,400,374.2) Van die beraamde totale inkomste van £8,067,219 sou die Kaapkolonie £3,679,800 as spoorweginkomste kry, en van die beraamde totaal van £3,510,250 sou Natal £1,953,000 as spoorweginkomste kry. In die Kaapkolonie was die spoorweë dus verantwoordelik vir 'n bedrag van slegs £707,619 minder as die helfte van die totale inkomste, en in Natal was die spoorweë verantwoordelik vir £395,750 meer as die helfte van die totale inkomste.3)

Aangesien dit die doelstelling van die Botharegering was om toenadering tot die susterkolonies te soek, was die heffinge op die produkte en die goedere wat vanaf die susterkolonies ingevoer is, so gering dat mnr. Quinn kon verklaar: „...No organised party in

1). Premier. Transvaal. Band 59. Omslag 1.
2). Malan vers. Vol. 3. ACC. 583.
3). „The Government of South Africa." A.w. Vol. 2. Bl. 194.

Transvaal advocates any longer that the products of other South African Colonies should be subjected to heavy Customs duties on entering the Transvaal. The Transvaal Protection League and influential sections of the Het Volk party are now wedded to the advocacy of 'a universal flat rate' for the whole of South Africa...."[1]

FINANSIES EN UNIFIKASIE.

Lord Selborne het gewaarsku dat dit onwaardig van enige staatsman sou wees om die finansiële posisie van enige van die kolonies as die hoofargument ten gunste van vereniging aan te voer.[2] Aangesien die finansies en die handel so nou aan mekaar verbonde was, het die ongunstige finansiële toestande van die kuskolonies ook 'n negatiewe uitwerking op die twee binnelandse kolonies gehad. Met unifikasie as hul strewe was dit beslis in belang van beide Transvaal en die O.R.K. om die K.K. en Natal se finansiële posisie te help bevorder. Daarom kon die „Star" dan ook skryf: „...It is not our interest or any one's to see the Cape and Natal faced with deficit, and piling up a debt which one day — whether sooner or later — we shall have to share the burden. In that respect again there is already a community of interest which oversteps political boundaries and makes us in a sense partners with our neighbours, whether we like it or not. From that point of view also, therefore, the bearing of the present financial position is an argument for, and not against, union...."[3]

-----oOo-----

---

1). „The Star," 21 Maart 1906, bl. 6.
2). do. 8 Augustus 1908, hoofartikel.
3). do.

# HOOFSTUK 6.

## DIE PRETORIAKONFERENSIE.

| | Bl. |
|---|---|
| 1. DIE BESLUIT OM 'N KONFERENSIE TE HOU WAT DIE WEG TOT UNIFIKASIE SOU BAAN. | 129 |
| 2. DIE BLOEMFONTEIN-KONFERENSIE. | 131 |
| 3. REËLINGS I.V.M. DIE HOU VAN 'N NASIONALE KONVENSIE. | 132 |
| 4. DIE VOORSITTER EN SEKRETARISSE VAN DIE PRETORIAKONFERENSIE. | 132 |
| 5. MNR. MERRIMAN WORD MET TAKT BEHANDEL. | 138 |
| 6. VOORLOPIGE REËLINGS I.V.M. UNIFIKASIE. | 140 |
| 7. SPEKULASIE. | 141 |
| 8. DIE KONFERENSIE. | 143 |
| 9. DIE PUBLIEKE REAKSIE. | 151 |
| 10. DIE VOORTSETTING VAN DIE BESPREKINGE. | 154 |
| 11. GENERAAL SMUTS T.A.V. DIE BESLUITE VAN DIE KONFERENSIE. | 156 |
| 12. GENERAAL SMUTS BEMOEDIG MERRIMAN. | 158 |
| 13. DIE WOLMARANSVERSET IN TRANSVAAL. | 159. |

-----oOo-----

# H O O F S T U K 6.

## DIE PRETORIAKONFERENSIE.

### DIE BESLUIT OM 'N KONFERENSIE TE HOU WAT DIE WEG TOT UNIFIKASIEBESPREKING SOU BAAN.

Na afloop van die Pietermaritzburg-konferensie het pres. Steyn, Botha, Smuts, Beyers en Esselen landsake van algemene belang by Kaalspruit bespreek. As gevolg van hierdie bespreking het Steyn aan Merriman geskryf: „...I took advantage of the opportunity of laying before them your idea of a convention. They agreed with the advisability of such a convention but considered that the time was not there yet. They held, and the Free Staters present shared their view, that we in the new Colonies could only enter into such a convention after we have full responsible government. In a question of such supreme importance the people must be consulted which cannot be done under the present form of government...."[1)]

Minder as drie maande later het die Kaapse Kamer van Koophandel besluit om by die regering daarop aan te dring :„...to request Lord Selborne to assemble an Inter Colonial Conference as early as possible to deal with the whole question of railway rates...."[2)]

Die volgende dag het die Kamer van Koophandel van die O.R.K. ook besluit: „...that railway matters in South Africa have become so hopelessly complicated, and that agreement under existing conditions seems impossible, suggests that all the existing railway agreements, including the Modus Vivendi, shall be abrogated, and a conference of all the South African Colonies be convened for the purpose of arriving at a satisfactory compromise, acceptable to all parties...."[3)]

Lord Selborne het daarop voorgestel dat 'n spoorwegkonferensie in Johannesburg gehou sou word en dat die Modus Vivendi nie bespreek

1). Mer. vers. No. 79 van 1906. 21 Maart 1906.
2). „The South African News," 21 September 1906, bl. 5.
3). do. 22 September 1906, bl. 5.

sou word nie, aangesien dit die begeerte van die Imperiale regering was dat die verantwoordelike Transvaalse regering self daaroor sou besluit.[1] In ŉ buitengewone Staatskoerant van 19 November het lord Selborne die saak as volg gestel: „...I believe that it is of the greatest importance to the welfare and the harmony of South Africa that, when once Responsible Government is in operation, a general Conference of representatives of the British Colonies of South Africa should be held to endeavour to arrive at a permanent adjustment of all outstanding railway questions, and I shall take the earliest opportunity open to me to propose such a Conference to the Governments concerned. Such a Conference, however, cannot meet until some months hence and in the meantime the very existence of certain railway disputes was in itself a great evil. I have been therefore recently exerting myself...to negotiate a temporary settlement of all outstanding disputes, except those arising from the Modus Vivendi with Portugal, and I am happy to be able to state...that they have agreed among themselves to a settlement...."[2]

Nadat genl. Botha en sy regering die bestuur van Transvaal oorgeneem het, het lord Selborne in ŉ skrywe vir genl. Botha gewaarsku: „...The railway question is, as I have more than once said, the most difficult problem Ministers will have to deal with in the near future, and it is very important, as you or the Colonial Secretary observed yesterday, that they should master it in all its details as soon as possible...."[3]

Op 19 April het Smuts, as waarnemende premier, die spoorwegbeleid van die nuwe Transvaalse regering, by geleentheid van ŉ vergadering te Klerksdorp, as volg beskryf: „...Door de regeling van spoorwegtarieven en van invoer-rechten ons achterlike land gelegenheid aanbieden om krachtig te worden tegen de verafgelegen staten, die op dit ogenblik onze Transvaalse markten beheersen en iedere ondernemings-

1). „The South African News," 1 November 1906, bl. 5.
2). Malan vers. ACC 583. Vol. 6. Bl. 26 tot 27. 20 November 1906.
3). Premier. Transvaal. Band 12. No. 56/1/1907. 9 Maart 1907.

geest hier te lande verlammen. Deze gedragtslijn mag...onze naburen ontstemmen en teleurstellen; doch...bij enig nadenken zal elk goed Zuid-Afrikaner inzien dat op de duur ons werelddeel meer gebaat is bij een welvarend Transvaal...dan bij een uitgemergeld Transvaal...."[1)] Sewe dae later het Smuts gewaarsku dat die nuwe Transvaalse regering die bestaande tolooreenkoms sou afkeur by die eersvolgende konferensie.[2)]

DIE BLOEMFONTEIN-KONFERENSIE.

Op 6 Julie 1907 het die Brits-Suid-Afrikaanse kolonies te Bloemfontein weer eens 'n spoorwegkonferensie gehou. Daar is besluit om die spoorwegtariewe nie te verander nie en dat hawegelde op so 'n manier verminder sou word dat die status quo van voor Julie 1907 bewaar sou bly.[3)]

Die onderhandelinge wat daarop met die Portugese regering gevoer is, was goedgeslaagd en die vriendelikheid van die Portugese owerhede het 'n diep indruk op Transvaal gemaak.[4)]

Dit was nou duidelik dat daar in Transvaal, onmiddellik nadat die Botharegering die bestuur oorgeneem het, 'n nuwe gees en gevoel aan ontwikkel was. Prof. A.P. Newton het dan ook beweer dat „...the Colonial Conference of 1907 differed fundamentally from all earlier conferences. It was much more like a series of negotiations between the representatives of co-equal and separate, though closely associated, powers than they had been. The tone and temper of the colonial representatives at the conference of 1907 were amiable and constructive in regard to matters of common interest...."[5)]

Ook die „Star" het opgemerk dat daar 'n ligstraal deur die onderhandelinge gebreek het: „...We must frankly confess that the outcome of the Bloemfontein Conference is satisfactory beyond all anticipations. Not only does the Modus Vivendi come to by the representatives of the British Colonies — and since accepted by the

1). „De Volkstem," 20 April 1907, hoofartikel.
2). Fremantle vers. ACC 608. Vol. 6. 26 April 1907.
3). „Debatten van de Wetgevende Raad" 1907. A.w. Bl. 61.
4). do.
5). F.J.C. Hearnshaw. „Edwardian England. A.D. 1901-1910. A series of lectures delivered at King's College. 1932-1933," bl. 158 tot 159.

Portuguese Government — ensure maintainance of the status quo, but it establishes a precedent which cannot well be ignored when a similar conflict of interests arises in the future...."[1)]

REËLINGS I.V.M. DIE HOU VAN 'N NASIONALE KONVENSIE.

Op 28 September 1907 het Smuts aan Merriman geskryf: „...The Conference on Railway and Customs to be held next year will mark the cross-roads — if by any possibility we could make that the starting point for a United South Africa. No consummation could be better. Otherwise I am afraid we shall drift further apart and develop vested rights alien to the establishment of Union...."[2)]

Dieselfde mening is deur die „Star" van 24 Oktober 1907 uitgespreek: „...The question of Union has just been brought back to the public view in practical shape by the first sitting of the Transvaal Industries Commission. Since the next Customs Conference must inevitably leave the South African States either much nearer than they are or much further apart, and since the choice rests largely with the Transvaal Government, it follows that the Commission which is to shape the policy of the Transvaal delegates to the Conference has infinitely larger issues in its keeping than all the other innumerable Commissions...."[3)]

DIE VOORSITTER EN SEKRETARISSE VAN DIE PRETORIAKONFERENSIE.

Op 25 November 1907 het H.C. Hull 'n skrywe aan Moor, Fischer en Merriman gerig om hulle te pols voordat die Transvaalse regering sou voorstel dat Selborne uitgenooi word om as voorsitter tydens die spoorwegkonferensie, wat waarskynlik in April 1908 gehou sou word, op te tree. Met betrekking tot die sekretarisse van die konferensie het Hull, in dieselfde brief, voorgestel dat mnr. Brand, Sekretaris van die „Inter Colonial Council," en 'n ander persoon uit een van die naburige kolonies, benoem sou word.[4)]

---

1). „The Star," 18 Julie 1907, hoofartikel.
2). Mer. vers. No. 103 van 1907. 28 September 1907.
3). „The Star," 24 Oktober 1907, hoofartikel.
4). Premier. Natal. Privaat korrespondensie. Band 104/1907. No.244/1907.

Merriman het nie op sy antwoord laat wag nie. Op 29 November het hy ernstig beswaar teen die bywoning van die konferensie deur Selborne geopper: "...I look upon the Customs and Railway Conference as a body constituted...for the purpose of imposing taxation on the people of South Africa and I hold that in such a body an Imperial Officer should have no part...."[1)]

Merriman het aan die hand gedoen dat die afgevaardigdes een uit hul midde as voorsitter sou kies. Hy het verder meegedeel dat hy geen beswaar het teen die aanstelling van Brand en enige ander persoon as sekretarisse nie, mits hulle bekwaam was.[2)]

Op 4 Desember het Fischer aan Merriman geskryf om sy houding mee te deel en te verneem wat die reaksie van die K.K. op die voorstel van Transvaal sou wees. Hierdeur het Fischer duidelik verraai dat hy en sy regering in hul onderhandelings met Transvaal vreemd teenoor die Botharegering gestaan het en verkies het om in harmonie met hul suidelike buurstaat te werk. Sy mening was dat Selborne nie die konferensie moes bywoon nie en dat die afgevaardigdes hul eie voorsitter moes kies. Hy het geen beswaar teen die aanstelling van Brand as Sekretaris gehad nie.[3)]

Aangesien Moor pas op 3 Desember aan Hull geskryf het om hom mee te deel dat Natal dit sou verwelkom as lord Selborne as voorsitter sou optree,[4)] het Hull dieselfde dag aan Merriman geskryf dat die houding van beide die O.R.K. en Natal waarskynlik soos dié van Merriman sou wees en daarom sou hy die saak nie weer aanroer nie. Verder het hy beweer dat hulle nie Suid-Rhodesië moes uitgenooi het om afgevaardigdes te stuur nie aangesien Suid-Rhodesië oor geen spoorweg beskik het nie. Dit was dus noodsaaklik om te besluit dat die afgevaardigdes vanaf daardie gebied slegs aan besprekings mag deelneem wat betrekking op hul tarief het. Met betrekking tot stemming op die konferensie het hy aangedui dat dit wenslik sou wees as daar per staat gestem word.

1). Mer. vers. No. 144 van 1907. 29 November 1907.
2). do.
3). do. No. 1a van 1908. 4 Desember 1907.
4). Premier. Natal. Privaat korrespondensie. Band 104/1907. No.244/1907.

Verder het hy meegedeel dat elke kolonie slegs twee afgevaardigdes behoort te stuur waarvan elk 'n stem sou hê, maar dat hierdie afgevaardigdes 'n onbeperkte aantal adviseurs mag saambring. Ten slotte het hy aanbeveel dat die konferensie in Pretoria sou sit.[1)]

Na ontvangs van die bemoedigende brief van Moor het Botha besluit om self die saak in hande te neem. Hy wou baie graag vir Selborne as voorsitter benoem hê en het gevolglik op 12 Desember aan Merriman geskryf en hom versoek om sy besluit in heroorweging te neem. „...I think that not only is your objection not quite well founded, but there are also the strongest reasons for having him as Chairman of the Conference...Lord Selborne does not merely represent the Crown, he is to-day...the legal responsible head of the C.S.A. Railways which are still vested in him...In questions of Railway Policy and Administration he has followed the advice of Ministers, but if he chose he could act otherwise. Is it fair in a Conference which deal largely with railway matters that he should be passed over? He could, if he chose, simply ignore the decisions arrived at by the Conference in regard to the C.S.A. Railways...In the second place, the Province of Mozambique is coming to the Conference and the Governor General has signified his intention of being present in person. If lord Selborne does not preside, the Conference could not elect one of the Prime Ministers as Chairman without giving the gravest offence to the Governor General. His standing is above that of a Prime Minister...Would it be right to keep Lord Selborne out in order to put the Governor General into the Chair?

In the third place I feel very strongly that we should not have one of the delegates in the Chair. Such a chairman will be a partisan, and in view of the fact that this Conference will meet at a grave crisis in the fortunes of South Africa and that matters of the utmost contention, which have accumilated for years, will then come to a head, I think we would be justified in taking every preliminary

---

1). Mer. vers. No. 17. van 1908. 3 Desember 1907.

precaution to avoid unnecessary friction and to look in advance for an outside impartial Chairman. Such a Chairman, you agree, Lord Selborne will be. He will have no vote and no voice in the Conference and will, I feel sure, abstain most carefully from influencing in any way our proceedings...Mr. Moor has cordially accepted our suggestion, and I do hope you too will recognise the force of the above considerations and reconsider your former decision ....[1]"

Alhoewel hierdie brief vir Merriman in ŉ uiters moeilike posisie geplaas het, het dit hom nie van stryk gebring nie. Op 20 Desember het hy aan Botha geskryf en hom oor die vingers getik: "...I notice that you say that Mr. Hull wrote 'to ask my consent' in certain matters. I had not read his letter in that light as he only asked for an expression of my views. It is of course premature for me to give my consent at the present juncture before consultation with my party or my colleagues...I consider that any Conference in such matters as Customs or Railways should be a meeting between equals and that the presence of high officials...would be out of place...I have replied to your semi-official in the only way I could as I presume that you will communicate my reply to Lord Selborne. It is certainly very awkward to have to write about such matters when one really has no locus standi....[2]"

Die onwrikbaarheid van Merriman en die standvastigheid van Fischer het die lot van Selborne as potensiële voorsitter beslis. Op 2 Januarie 1908 het Fischer aan Merriman geskryf en hom meegedeel dat hy beswaar teen die benoeming van Selborne as voorsitter aangeteken het. Hy het voorgestel dat die Goewerneur-Generaal van Oos-Afrika versoek moes word om nie die konferensie by te woon nie en dat die Portugese regering liewers ŉ minister of ŉ ander afgevaardigde moes stuur.[3]

---

1). Mer. vers. No. 17 van 1908. 12 Desember 1907.
2). do. 20 Desember 1907.
3). Mer. vers. No. 1 van 1908. 20 Desember 1907.

Dat die korrespondensie, wat vir Merriman in 'n moeilike posisie geplaas het, aan Selborne voorgelê sou word, of dat Selborne daarvan sou verneem, is tereg deur Merriman vermoed. Hierdie saak sou later weer sy reperkussies hê. Dit was nie die eerste keer wat hierdie twee manne met mekaar onklaar getrap het nie en die houding oor die voorsitterskap kan toegeskryf word aan die eerste botsing.

In September 1906 het lord Selborne beweer : „...the prosperity of the gold fields was of immense importance to the trade of all South Africa and to the financial success of the railway lines, which have been built for the express purpose of serving those gold fields...." [1)]

In die Kaapse parlement het Merriman, tydens 'n debat, verklaar: „that Lord Selborne had described 'the goldfields as South Africa.' — This is just one of those statements conveyed in a catchy phrase, which is likely to gain a wide circulation...Lord Selborne did right in communicating at once with Mr. Merriman and asking where and when he had made use of the words quoted. After several weeks...Mr. Merriman was compelled to admit that he could not quote his authority and to express regret that...he had attributed to Lord Selborne sentiments which were not his...." [2)]

Aangesien Merriman sy uitlating in die openbaar gemaak het, was Selborne genoodsaak om sy verweer te laat publiseer. Hy het sy spyt t.a.v. die voorval te kenne gegee en Merriman daarvan verseker „... that once I have the matter right, I shall never think of it again...." [3)]

Die smaad van die neerlaag is vir Merriman vergroot deurdat daar in die pers geskryf is: „...The Cape Rupert of debate is an orator and a singularly accomplished politician, but his besetting sin is impetuosity, and he is not sufficiently careful as to his facts, if he can only make the desired impression at the moment...." [4)]

Dat 'n gevoel van weerwraak verantwoordelik was vir die houding van Merriman t.a.v. die voorsitterskap van die Pretoriakonferensie is

---

1). „The South African News," 10 September 1906, bl. 5.
2). „The Times of Natal, 13 September 1906, eerste uitgaaf, bl. 4.
3). „The South African News, " 10 September 1906, bl. 5.
4). „The Times of Natal," 13 September 1906, eerste uitgaaf, bl. 4.

ŉ feit. Soos reeds aangetoon het hy aan Hull geskryf dat dit sy eerlike kontensie was dat een Imperiale saakgelastigde sitting mag hê in ŉ liggaam wat die publiek sou belas nie.[1] Aan Botha het hy geskryf dat dit by hom ŉ kwessie van beginsel is. As daar ŉ unie tot stand gebring word, moes dit slegs deur Suid-Afrikaners gedoen word en geen buitestander mag deel daarin hê nie.[2] Op 4 Mei 1908, op die eerste dag van die sitting van die Konferensie te Pretoria, het hy in ŉ brief aan sy vrou, wat derhalwe sy ware gevoelens weerspieël het, ŉ uitlating gemaak wat beide bostaande bewerings van hom geloënstraf het. Hy het geskryf: „...I just keep wishing for one link to complete this chain and that is sir William Butler. He should be here as High Commissioner and he should have been chairman at this Conference...."[3]

Op 7 Januarie het Steyn aan Merriman geskryf en hom gewaarsku dat daar gekonkel word. „...I am glad you raised the question of Lord Selborne's Chairmanship...I am wholly one with you in this matter...I have not seen Fischer since the opening of Parliament and I do not correspond with him — I refrain from giving advice unless asked for... General de Wet says that Fischer shares your view and that he told Sir Hamilton Goold Adams so when the latter tried 'en-passant' to draw them — Fischer took the opportunity to be very clear on that point. I presume Lord Selborne was behind Goold Adams...P.S. Tuesday evening. Mr. Fischer drove out this afternoon to see me and confirmed what General de Wet told me...."[4]

Op 17 Januarie het Smuts aan Merriman geskryf om hom te waarsku dat Jameson as informant by lord Selborne optree: „...Jameson was here last week and said to Lord Selborne that he heard (we presume from Goold Adams) that you were averse to the idea of his chairmanship and that his Government were going to take official action in the

1). Sien bl.133 van hierdie werk.
2). Mer. vers. No. 17 van 1908. 20 Desember 1908.
3). do. No. 52 van 1908. 4 Mei 1908.
4). Mer. vers. No. 2 van 1908. 7 Januarie 1908.

matter! Botha has warned Lord Selborne that such a course would under any circumstances be fatal to his wishes. Fischer is quite inflexibly opposed to Selborne's chairmanship so that we now look upon the matter as finished...."[1]

Tien dae later het genl. Smuts weer aan Merriman geskryf en hom meegedeel: „...Dr. Jameson has actually written to Genl. Botha that he has heard (at the Cape!) that there is some opposition to the High Commissioner's presiding at the Inter Colonial Conference and that he and his colleagues are unanimous in their desire to see Lord Selborne preside...."[2]

Die kwessie van die voorsitterskap van Selborne was nou finaal afgehandel. Merriman het weer eens 'n klad op sy naam gekry veral omdat Jameson, en nie hy nie, op daardie tydstip die premier van die Kaapkolonie was. Dit was dus slegs die onwrikbare houding van Fischer wat deurslaggewend was. Selborne het besef dat Merriman hom nie goedgesind was nie en Botha, wat aanvanklik by Merriman onder verdenking was, het as voorspraak en beskermer van die persoonlike belange van Merriman uit die wrywing na vore getree.

Op 7 Maart het Botha, met die doel om die heelhartige samewerking van Natal te verkry, voorgestel dat Moor, as senior premier, gevra sou word om as voorsitter op te tree. Hierdie voorstel is deur beide Merriman en Fischer goedgekeur.[3]

MNR. MERRIMAN WORD MET TAKT BEHANDEL.

Aangesien Merriman, as gevolg van Botha se begeerte om Selborne as voorsitter van die Pretoriakonferensie aangewys te kry, gekwets was, het die Transvaalse leiers besluit om baie versigtig teenoor die nuwe Kaapse premier op te tree sodat die unifikasie-ideaal nie benadeel sou word nie.

In sy brief van 27 Januarie 1908 het Smuts reeds geskryf: „...

1). Mer. vers. No.17 van 1908. 17 Januarie 1908.
2). do. No. 9 van 1908. 27 Januarie 1908.
3). Premier. Transvaal. Band 28. No. 27/1/08.

I do hope that it will be possible for the South African governments to do a great day's work. Such a chance does not occur in a lifetime. Let us try on sound lines to unite this land of ours and so safeguard future autonomy and independent development along natural lines. There will be immense opposition and we must proceed with all the caution...."[1)]

Op 18 Februarie het Smuts, na aanleiding van sekere voorstelle van Merriman, die volgende diplomatiese skrywe aan die Kaapse premier gerig: „...There is no objection to the date you mention nor to the number of ministers (3) you desire to see as representing their Governments. I think your number is better than ours. You will see also that besides Customs and Railways the Cape has formally raised Closer Union, Natal Defence, Transvaal Weights and Measures. We have also procured the consent of Natal to raise the whole question of Indian Immigration. You now also mention Insurance, which is most important, but so are Insolvency, Patents and Trade Marks and a South African Patent Commissioner, which is all important. Perhaps we shall find that Federation is so near that we had better address ourselves to the greater issue without too much waste of time...."[2)]

Die brief het in sy doel geslaag. Merriman het geredelik afgesien van sy voorstel om assuransie op die agenda te plaas. Aangesien Transvaal egter nie genoeë met die datum, soos deur Merriman voorgestel, kon neem nie, moes hy op 'n ander manier omvleuel word.

Op 26 Februarie het Botha 'n telegram van Moor ontvang waarin Moor hom meegedeel het dat beide Natal en die O.R.K. die datum van die Konferensie, soos deur Merriman voorgestel, nie kon aanvaar nie. Moor het daarop voorgestel dat die Konferensie op 4 Mei 'n aanvang sou neem.[3)] Aangesien hierdie datum ook vir Transvaal en die O.R.K. geleë sou wees, het Botha vir Moor gevra om met Merriman in verbinding

1). Mer. vers. No. 9 van 1908. 27 Januarie 1908.
2). do. No. 24 van 1908. 18 Februarie 1908.
3). Premier. Natal. Privaat Korrespondensie. Band 105. No. 52/1908. 29 Februarie 1908.

te tree en hom te oorreed om genoemde datum te aanvaar. Moor het dit gedoen en Merriman het ingewillig.[1]

VOORLOPIGE REËLINGS I.V.M. UNIFIKASIE.

In sy brief van 18 Februarie 1908 aan Merriman het Smuts 'n saaklike oorsig van 'n groeiende drang tot proteksie en isolasie wat in Transvaal aan ontwikkel was gegee en daaraan toegevoeg: „...Such being the political situation here just now, you will understand that it is impossible for us to do more than renew the Customs Union for another twelve months with such modifications in detail as seem most pressing...Don't you agree that this is a better course?...."[2]

Op 24 Februarie het Merriman aan Smuts geskryf en 'n uiteensetting gegee van die beginsels wat, volgens sy mening, in enige dokument t.a.v. unifikasie opgeneem behoort te word.[3] Smuts het sy brief op 3 Maart beantwoord[4] en Merriman het die brief van Smuts aan sir Henry de Villiers, die Hoofregter van die Kaap Kolonie, voorgelê. Op 30 Maart het De Villiers aan Merriman geskryf: „...The proposals shadowed forth in that letter seem to open the way to a practical solution of the question of Union...."[5] De Villiers het aan die hand gedoen dat al die kolonies 'n gelyke aantal afgevaardigdes na die Konvensie sou stuur, nl. vyf per kolonie, dat die parlemente finaal oor die konstitusie sou besluit en dat dit daarna aan die Imperiale Parlement vir goedkeuring voorgelê moes word.[6]

Op 3 April het Merriman aan Smuts geskryf om hom mee te deel wat De Villiers se opvattinge was. Hy het daaraan toegevoeg dat hy nie eens was met die idee van gelyke verteenwoordiging van die state nie en dat daar voorkom moes word dat die opvatting posvat dat die Konvensie slegs 'n vergadering van politieke leiers sou wees.[7]

Met die doel om die reëlings te bespoedig het Merriman versoek dat Botha en Smuts na die komende Landboutentoonstelling te Port

1). Premier. Natal. Privaat Korrespondensie. Band 105. No. 52/1908. 29 Februarie 1908.
2). Mer. vers. No. 24 van 1908. 18 Februarie 1908.
3). do. No. 27 van 1908. 24 Februarie 1908.
4). Sien bl. 110 van hierdie werk.
5). Mer. vers. No. 39 (Kopie van no. 39A) van 1908. 30 Maart 1908.
6). do.
7). Mer. vers. No. 47 van 1908; 3 April 1908.

Elizabeth moes kom en dat hulle in Bloemfontein vir Hertzog en Fischer moes probeer oorreed om saam met hulle te gaan.[1)]

By hierdie geleentheid is daar ooreenstemming oor die basis van verteenwoordiging bereik, nl. dat die Kaapkolonie 12, Transvaal 8 en die O.R.K. en Natal elk 5 afgevaardigdes sou benoem.[2)]

SPEKULASIE.

Tot nou toe was die publiek nog oningelig, en die houding wat die O.R.K. en Natal sou inneem, was onbekend.

Op 8 Februarie het die „Star" geskryf dat die ministers: „... have kept a stony silence about the frame of mind in which they propose to meet their bretheren from the other Colonies at the Customs Conference. Would they cultivate a cheap popularity with their constituents by a 'top-dog Transvaal' policy — the one course perfectly certain to break the Union? Would they go with an open mind? ...Or would they make a bold stand for their 'National South African ideal?' .....[3)]" Nadat die koerant aangedui het dat Transvaal die mag het om sy eise te kan stel, is meegedeel dat „...General Botha has risen superior to the popular sentiment. On three successive occasions within a week he has declared himself diametrically opposed to protection for the Transvaal against the other South African States...Protection for South Africa as one country, one people and one Government was a different matter. Protection for the Transvaal seemed to him to be a small minded and presumptious policy....[4)]"

Op 18 Maart het die „Star" sy besorgdheid oor die moontlike houding wat Natal en die O.R.K. kon inneem te kenne gegee. „...What is the attitude of the smaller States towards South African Union? Cape and Transvaal politicians of either party have been vying with

---

1). Eric A. Walker. A.w. Bl. 426.
2). Mer. vers. No. 60 van 1908. 21 Mei 1908.
3). „The Star," 8 Februarie 1908, hoofartikel.
4). do.

one another lately to be the champions of the movement, but there has been no clear declaration so far of the frame of mind in which Natal and the Orange River Colony are approaching the important Conference which assembles in Pretoria on May 4...The frame of mind in which the smaller States are sending their delegation to Pretoria is naturally a matter of the keenest speculation...."[1] Nadat die „Star" na 'n toespraak van Steyn te Bloemfontein op 16 Maart verwys het, het die blad verklaar: „...In this Colony the backveld stands for separation and the Government for Closer Union...."[2] Slegs 'n paar reëls verder lui dit weer: „...The Free State is an isolated self-satisfied community. The backveld stands for Union, and Mr. Steyn is its prophet...."[3] Vanselfsprekend is die feit dus dat die houding van die O.R.K. so duister was dat selfs die lesers van die „Star" nie hul eie blad se verduideliking kon volg nie.

Van Natal deel dieselfde blad mee: „...The position of Natal is equally difficult to define. Mr. Moor was nevertheless 'drawn' last week into an explicit declaration in favour of preserving the Colony from 'extinction.' A letter of Mr. Watt's,...suggested the possibility that Mr. Moor might be forced by the other South African Premiers into some undertaking as regards unification in return for certain favourable consideration under the Customs Union. At this letter Mr. Moor seems to have risen like a trout, for on the following day he publicly expressed his unflinching adherence to the manifesto... in which he solemnly warned the electors not to endanger the political independence of the Colony...The position, therefore,...is that the Ministry is still halting between two opinions. Mr. Moor is being pressed on the one side by the intense local patriotism, to which he owes his present position, and on the other side by flattering offers to join the band of Dutch-born patriots who are determined to unify South Africa on racial lines...."[4]

---

1). „The Star," 18 Maart 1908, hoofartikel.
2). do.
3). do.
4). do.

Op 20 April 1908, dus slegs enkele dae voordat die Pretoria-konferensie 'n aanvang sou neem, is die faktore ten gunste van die welslae van die besprekinge, asook die faktore wat daarteen was, deur die „Star" uiteengesit. Daarmee het hierdie blad vir die laaste keer 'n wanklank teen die Botharegering die wêreld ingestuur: „...The new South African Ministers — none of them has been in office for eighteen months — have decided to settle matters by themselves. Unlike the two previous Conferences at Bloemfontein and Maritzburg, there will be no unofficial delegates with a voice in the proceedings. The credit or discredit attending to the result will rest entirely with the predominant political party in each State. Considering the complete inexperience of the whole assembly it is rather a bold experiment. At the same time the experiment is obviously limited in scope by the fact that these predominant parties are all of the same political complexion. A Conference which includes Messrs. Merriman and Sauer, Messrs. Botha and Smuts, and Messrs. Fischer and Hertzog starts of course with a great initial advantage. Men who have contrived, as they have, to be in such harmonious agreement during the past ten years of South African history are not likely, on the face of it, to quarrel unnecessarily about such comparative details as Customs duties and railway rates. That, no doubt, was the motive in confining the Conference to Ministers...."[1)]

DIE KONFERENSIE

Die Tolkonferensie van Mei 1908 was die laaste tolkonferensie wat daar in Suid-Afrika gehou is.

Op 4 Mei 1908 het die afgevaardigdes, die adviseurs en die sekretarisse in die Raadsaal te Pretoria vergader om met hul uiters belangrike besprekinge te begin.

Mozambiek is verteenwoordig deur sy eksellensie Thomas Antonio Garcia Rosado en eerste lt. Boaventura Mendes D'Almeida. Senor Jose

1). „The Star," 20 April 1908, hoofartikel.

Carlos de Lara Everard en kaptein Lisboa de Lima het hulle as adviseurs vergesel.

Die Kaapkolonie is verteenwoordig deur mnre. J.X. Merriman, J.W. Sauer en F.S. Malan. Hul adviseurs was mnre. A.H. Wilshere en T.S. McEwen.

Natal is deur mnr. F.R. Moor, dr. C.O'Grady Gubbins en mnr. Charles Hitchins verteenwoordig. Mnre. E.R. Ross, G.Maydon en G.T. Plowman was hul adviseurs.

Die O.R.K. is verteenwoordig deur mnr. Abraham Fischer, genl. J.B.M. Hertzog en dr. A.E.W. Ramsbottom. Hul adviseurs was sir Charles Elliott en mnr. P.B. Hertslet.

Rhodesië is verteenwoordig deur sir Lewis Michell, mnr. F.J. Newton en mnr. E.C. Baxter. Mnr. J.A. Stevens was hul adviseur.

Die Transvaalse afgevaardigdes was genl. Louis Botha, genl. J.C. Smuts en mnr. H.C. Hull. Hul adviseurs was sir. T.R. Price en mnr. J.W. Honey.

Mnr. R.H. Brand is gekies as sekretaris en hy sou bygestaan word deur 'n assistent-sekretaris, mnr. P.H. Kerr van die „Inter Colonial Council."[1)]

Deur die verskeie regerings is ooreengekom dat die volgende onderwerpe bespreek sou word:

1. 'n Toluniekonvensie en -tarief.
2. Spoorvraggeld en aangeleenthede t.a.v. spoorwegbeheer.
3. 'n Suid-Afrikaanse Nasionale Unie.
4. Asiatiese immigrasie.
5. Uniforme mate en gewigte. (Kaap.)
6. Die viering van Dingaansdag as openbare vakansiedag. (Natal.)
7. Skeepsvervoerkontrak. (Kaap.)
8. Die beskerming van inheemse diere, voëls en visse.
9. Die administrasie van die „S.A. Customs Statistical Bureau." (Kaap.)

---

1). Premier. Pretoria. Band 59. Omslag 1.

10. Die terugtrekking van Natal uit die „Customs Statistical Bureau." (Transvaal.)

11. ŉ Gesamentlike Spoorweg-vergoedingsfonds. (Transvaal.)[1]

Afgesien van bostaande onderwerpe, wat op die agenda aangebring is, het elke gebied ook nog ŉ eie lys van onderwerpe gehad wat bespreek moes word. So was daar nie minder as twintig aangeleenthede wat Transvaal en die O.R.K. gesamentlik voor die ministers wou lê nie.[2]

Aangesien al die afgevaardigdes bewus was van die groot en verantwoordelike taak wat hulle besluit het om op hul skouers te neem, was ŉ gespanne atmosfeer en ŉ toegeeflike stemming reeds geskep toe die lede die vergadersaal binnegestap het. Dieselfde dag het Merriman aan sy vrou geskryf en die diepere gewaarwordinge van die afgevaardigdes verraai: „...It is one of the greatest events in our South African history, this meeting from every part of the country. In one way it is already a true Union as all the heads are true South Africans and have one feeling in common — that there must be a Closer Union. Smuts says he personally feels much like playing a game of Bridge. No trump cards, and only twos and threes in his cards!...."[3]

Op voorstel van Botha is Moor as President gekies.[4] Dit was vir Merriman moeilik om hom daarmee te versoen. Hoewel hy in die vergadersaal geswyg het, het hy tog nie kon nalaat om aan sy vrou te skryf nie: „...Mr. Moor is in the Chair on account of his seniority as Premier, not by age, but by length of service...."[5]

Aangesien dit reeds vooraf gereël was, is daar sonder teenstand besluit dat stemming per staat sou geskied met die voorbehoud dat geen staat toegelaat sou word om vir ŉ saak te stem wat hom nie aangaan nie. Ook is daar besluit dat hulle van 10 vm. tot 1 nm. en van 2.30 nm. tot 5.30 nm. sou sit.[6]

Op voorstel van Smuts is daar besluit om die onderwerpe op die agenda in ŉ teenoorgestelde volgorde te neem; m.a.w. om met die laaste

1). Premier. Pretoria. Band 59. Omslag 1. 4 Mei 1908.
2). Sien Malan vers., ACC 583, Vol. 6 van Mei 1908 vir die volledige lys van onderwerpe.
3). Mer. vers. No. 52 van 1908. 4 Mei 1908.
4). Premier. Transvaal. Band 59. Omslag 1. 4 Mei 1908.
5). Mer. vers. No. 52 van 1908. 4 Mei 1908.
6). Premier. Transvaal. Band 59. Omslag 1. 4 Mei 1908.

onderwerp te begin.[1]

Die enigste bron waarin daar besonderhede t.a.v. die aanvanklike besprekinge voorkom, is 'n brief wat sir Lewis Michell op 6 Mei aan dr. Jameson geskryf het.

Hy begin die brief deur te meld dat hy die Konferensie as gas van die Transvaalse regering bywoon, „...whose generosity was as generous and kindly as in the days of Kruger and Leyds...."[2] Verder het hy geskryf: „...You will like to have some information regarding the proceedings of the Conference which opened on the 4th instant. One of its features is the unprecedented number of advisers brought up by the Cape and Natal Governments in order apparently to conciliate every interest and give their men a cheap holiday. Botha made short work of them at the outset by announcing that discussion would be confirmed to Ministers of Colonies and Rhodesian delegates. The various officials, experts and private secretaries were thereupon excluded and though a few of them were subsequently re-admitted for a time, they were again called upon to retire, and also the four Portuguese Delegates, as soon as the Conference came to the question of Closer Union. Rhodesians were permitted to speak, but were of course without a vote.

Three of the self-governing Colonies seem to have handed to the High Commissioner a Minute to the effect that, in their judgement, he should not take any part in the deliberations even as representing the Protectorates. His reply, which was read by Hull, expressed some annoyance, and indeed protested against the decision, but Botha promptly moved Moor into the Chair, and after a speech from the latter, and an address of welcome from Botha, we got to work. There seemed an indecision to come to close quarters with the questions (Customs and Railways) on which we have nominally been summoned. Hull led off with a reference to inter-state correspondence and asserted that its volume and dilatory character were due to the system of

---

1). Premier. Transvaal. Band 59. Omslag 1. 4 Mei 1908.
2). Sir Lewis Michell vers. Hoofstuk 15. Bl. 349.

red tape under which H.M. Government communicated with the Transvaal through the High Commissioner instead of direct through the Governor. It was evident that this was purposely done to discredit the office and suggest the elimination of the Imperial factor. Merriman followed with a fierce attack on the office of the High Commissioner which he characterised as an anachronism. He closed by declaring that our policy should be 'South Africa for the South Africans;' that Swaziland should be given to the Transvaal and the Bechuanaland Protectorate to the Cape, and that no Imperial Official was now required specially to protect Native interests. It appeared to me that all this had been suggested to Merriman by a politician less honest but more astute than himself.

No vote was taken, probably to avoid defeat. The Conference proceeded to discuss the question of a South African mint having the right to all profits on silver, and a sub-committee was appointed to report.

Natal then urged approval of the recent Inter Colonial Defence Committee's Report, but both Merriman and Sauer objected to the power it conferred on H.M. Government to call out our Forces and they went to condemn, in strong terms, the right of a Governor to proclaim Martial Law even on the advice of his Ministers and in the gravest emergency. The attack was so bitter that the three Transvaal Ministers preserved a dignified silence. In the end the report was shelved. Again no vote was taken. Comment on this strategy is unnecessary.

A Joint Superannuation Fund was then agreed to and a debate followed on the threatened retirement of Natal from the Statistical Bureau, and a committee was appointed to endeavour to meet the objections of that.

The question of Closer Union was then brought forward...." 1)

Dit was op 5 Mei 1908, die tweede dag van sitting, en dit kan as een van die belangrikste dae in die geskiedenis van Suid-Afrika

1). Sir Lewis Michell vers. Hoofstuk 15. Bl. 349 tot 350.

beskou word. Genl. Smuts het die vergadering meegedeel dat toestande in Suid-Afrika onuithoubaar geword het en dat, as daar nie daadwerklik opgetree word nie, die toestand tot verdere verdeeldheid sou lei.

Die belangrikste aangeleentheid waaroor daar onmiddellik besluit moes word, was die aanvangsprosedure. Nadat genl. Smuts 'n beskrywing gegee het van hoe die saak in die V.S.A., in Kanada en in Australië aangevoor is, het hy aan die hand gedoen dat elke kolonie afgevaardigdes sou benoem om op 'n debaterende en adviserende konvensie te sit en wel op die volgende basis, soos opgestel volgens hul parlementêre verteenwoordiging:

Die Kaapkolonie: 107 parlementslede. Neem een vir elke tien parlementslede, een vir die res wat meer as vyf is en voeg een by; dus 11 + 1 = 12 afgevaardigdes.

Transvaal: 69 parlementslede; dus 7 + 1 = 8 afgevaardigdes.

Die O.R.K.: 38 parlementslede; dus 4 + 1 = 5 afgevaardigdes.

Natal: 43 parlementslede; dus 4 + 1 = 5 afgevaardigdes. 1)

Mnr. Merriman het daarop gewys dat, volgens die werklike bevolkingsyfer, die verteenwoordiging dan as volg sou uitwerk:

Die Kaapkolonie: Een per 50,000 = 600,000.

Transvaal: Een per 35,000 = 280,000.

Die O.R.K.: Een per 30,000 = 150,000.

Natal: Een per 20,000 = 100,000.

Mnr. Merriman het daarop voorgestel dat die verteenwoordiging per hoof en nie volgens die state sou wees nie. 2)

Die lede het daarop die beste manier van optrede teenoor die nie-selfregerende Britse gebiede bespreek. Die algemene mening was dat die naturellegebiede nie reg op erkenning het nie en dat dit wenslik sou wees om Suid-Rhodesië op 'n geleë tydstip by die Unie in te sluit. 3)

Met slegs die ministers en hul sekretarisse in die raadsaal teenwoordig, het genl. Smuts toe sy volledige resolusie voorgestel:

1). Mer. vers. No. 60 van 1908. 21 Mei 1908.
2). do.
3). do.

" a. Dat volgens de mening van deze Konferentie de beste belangen en de voortdurende welvaart van Zuid Afrika alleen verzekerd kunnen worden door een spoedige vereniging onder de Kroon van Groot Brittanje van de verschillende zelfbesturende Kolonies.

b. Dat Rhodesia gerechtigd zal zijn zich bij de in het voorgaande besluit voorgestelde vereniging op zulke voorwaarden aan te sluiten als hierna moge worden overeengekomen.

c. Dat de leden van deze Konferentie overeenkomen bovenstaande resoluties aan de Parlementen van hun respektieve Kolonies voor te leggen en de nodige stappen te nemen om hun toestemming te krijgen tot het benoemen van afgevaardigden naar een Nationale Zuid Afrikaanse Konventie, met het doel om de meest wenselike vorm van Zuid Afrikaanse Unie in beraad te nemen, dienaangaande verslag uit te brengen en een Koncept Konstitutie op te trekken;

d. De Konventie zal bestaan uit hoogstens twaalf (12) afgevaardigden van de Kaap Kolonie, hoogstens acht (8) afgevaardigden van de Transvaal, en hoogstens vijf (5) afgevaardigden van Natal en de Oranje Rivier Kolonie respektievelik; en zij zal zo spoedig mogelik na de eerstvolgende sessies van al de Parlementen gehouden worden, met dien verstande dat zodra als ten minste twee Kolonies haar afgevaardigden benoemd zullen hebben de Konventie gekonstitueerd beschouwd zal zijn;

e. Dat de Konventie de Koncept Konstitutie zo spoedig mogelik publiceren zal en in overleg met die Gouvernementen van de zelfregerende Kolonies bepalen zal welke verdere stappen in verband daarmede genomen zullen worden;

f. Dat op de Konventie de stemming per hoofd en niet per Kolonie zal zijn. Een voorzitter zal uit het midden der leden gekozen worden, die het recht van spreken en stemmen zal hebben en in geval van de stemmen staken, een beslissende stem." 1)

Mnr. Merriman het die voorstel gesekondeer "...and hailed the resolutions as the first step towards National Union...." 2)

1). "Notulen van Verrichtingen met Aanhangsels (Uitgekozen) van de Zuid Afrikaanse Nationale Konventie gehouden te Durban, Kaapstad en Bloemfontein. 12 Oktober 1908 tot 11 Mei 1909." Aanhangsel A.
2). Mer. vers. No. 60 van 1908. 21 Mei 1908.

Nadat daar besluit is dat die Konvensie in Oktober sou sit en dat hulle hul verslag aan hul parlemente in 1909 sou voorlê, is die basis van verteenwoordiging, soos in die voorstel uiteengesit, verder bespreek. Die afgevaardigdes het onder die besef gekom van die groot opofferinge wat deur al die kolonies gemaak sou moes word en 'n gees van terneergedruktheid het in die raadsaal geheers. Genl. Smuts het weer eens aan die woord gekom. „...Smuts made another spirited appeal. We must get on at once and go ahead. We must take this question by the hand and deal with it firmly. If the thing is not tackled boldly there will be talkee-talkee and nothing done...Smuts... moved that the Convention should meet as soon as delegates from a majority of the States could meet...after the conclusion of Session of Parliament...."[1)]

Moor het 'n pleidooi om meer verteenwoordigers gelewer maar na 'n bespreking daarvan het hy sy versoek teruggetrek en die voorstel van Smuts is met 'n algemene stem aangeneem.[2)]

„...In the closing discussion," het sir Lewis Michell aan dr. Jameson geskryf, „Merriman repeated and amplified his previous remarks on the destiny of the Native Protectorates, now contending that Basutoland should pass to the Orange Free State. It was a singularly unnecessary utterance and with all his ability and experience, he did not see that he was 'put up' to pull the chestnuts out of the fire, by men who themselves remained silent.

It was abundantly evident that, in the main, the Resolutions of the Conference were skilfully drafted well in advance, the chief organiser being General Smuts.

The stress laid on the dominant claim of 'Africa for the Africanders' was audible throughout all our discussions and doubtless for a set purpose, but the utilization of the impetuosity of the Premier of the Cape Colony was masterly in the extreme, and the tendency was to weaken the authority of H.M. Govt. in regard to

---

1). Mer. vers. No. 60 van 1908. 21 Mei 1908.
2). Sir Lewis Michell vers. Hoofstuk 15. Bl. 350.

the protection of Native races in South Africa.

I don't think Natal was in the plot, but that the other Colonies acted by agreement...."[1]

DIE PUBLIEKE REAKSIE.

Op voorstel van Merriman is daar besluit dat „...the above resolutions will be published at an early date to be mutually agreed upon by the Governments of the self-governing Colonies after the rising of the Conference, and that the following communique be issued to the press at once: 'The delegates from the self-governing Colonies have adopted the principle of Closer Union and undertake to submit certain resolutions to their Parliaments in reference thereto. They also undertake to recommend to their Parliaments the appointment of delegates to a National Convention for the purpose of framing a draft constitution.' "[2]

Toe die resolusie gepubliseer is, het die „Star" opgemerk: „...the resolutions which the delegates will submit to their various parliaments on the question of closer union are naturally private for the time, but the feeling is distinctly prevalent that one of the most important steps ever taken in the direction of closer union has now been successfully and officially launched...."[3]

Dieselfde blad het in 'n hoofartikel beweer: „...to all intents and purposes the Pretoria Conference came to an end at yesterday noon. A day and a half's discussion had sufficed to carry the important resolutions in favour of the closer union of South Africa... There is a general desire to avoid the raising of questions which might disturb the present harmony of the different Governments... The discussion of weights and measures, of the observance of Dingaan's Day, or even of such a thrilling subject as the 'joint railway superannuation fund' must have lost all its savour since yesterday.

1). Sir Lewis Michell vers. Hoofstuk 15. Bl. 350.
2). Premier. Transvaal. Band 59. Omslag 1.
3). „The Star," 6 Mei 1908, bl. 7.

No one is going to make difficulties about the details of inter-State controvercy now that he realises that the whole relationship of the South African States to one another is to be reviewed in the next few months from a broader outlook...In heading straight for the 'larger policy,' instead of wasting time over preliminary details, the delegates have accurately gauged the prevailing popular sentiment...The circumstances of the present meeting make it safe to conclude that the moving spirits in the resolution were the representatives of the Transvaal Government, who held the key to the financial and therefore to the political situation...."[1)]

Die besluit van die afgevaardigdes is in Engeland hartlik verwelkom. Die „Star" het o.a. meegedeel: „...The decision of the Inter-Colonial Conference is warmly applauded by to-day's newspapers as a political step forward...Members of the House of Commons who have been interviewed regard closer union as an inevitable step in the evolution of the sub-continent...."[2)]

Lord Selborne, vir wie die vereniging van die Brits-Suid-Afrikaanse gebiede ʼn lewensideaal geword het, was besonder ingenome met die pragtige verloop van sake. Op 5 Mei het hy ʼn telegram van gelukwensing aan Botha gestuur en hierdie telegram is die volgende dag aan die afgevaardigdes voorgelees: „...I hope that the members of the Conference will accept my hearty congratulations on the passing of those resolutions on Closer Union unanimously. The weight of such a pronouncement is very great and must have a potent influence on public opinion in South Africa."[3)]

Op uitgelate wyse het Selborne by geleentheid van ʼn noenmaal, gegee deur die Pretoria se Landbouvereniging, verklaar: „...Yesterday was a historical day in the history of South Africa. Yesterday for the first time statesmen representing the people in all four great

---

1). „The Star," 6 Mei 1908, hoofartikel.
2). do. 7 Mei 1908, bl. 7.
3). Premier. Transvaal. Band 59. Omslag 1.

white Colonies of South Africa decided that the time had come when a National Convention should be summoned to consider the question of closer union...The statesmen copied this idea from the farmers and the farmers got it from the locusts who disregarded all artificial boundaries...."[1]

Dit het egter nie lank geduur nie of die ou provinsiale egoïsme het weer eens sy kop uitgesteek om 'n skadu van negatiewe kritiek op die blye vooruitsig van vereniging te laat val. Die „Cape Argus" en die „Cape Times" was op 10 Mei reeds van mening dat 'n baie belangrike saak eenvoudig deur die afgevaardigdes afgejaag is.[2] Die „Natal Mercury" en die „Times of Natal" was dieselfde mening toegedaan, veral omdat hul afgevaardigdes punte no. d, e en f van die resolusie aanvaar het.[3] Daar is beweer dat die Natallers „...were dragooned into acquiescence...we regret most profoundly that the Pretoria Conference should have decided upon a course of action which is bound to excite hostility throughout Natal...."[4] 'n Vergadering is in Pietermaritzburg gehou en daar is besluit om die volmag van hul verteenwoordigers, wat die resolusie aangeneem het, te betwis.[5]

Die oorsaak vir hierdie venynige houding van die Natallers vind die „Star" in 'n gebrek wat daar in die Natalse parlementêre verteenwoordiging was: „...The commercial and industrial interests of Natal are most glaringly under-represented in the Legislature... When people feel that they are being driven blindly along a road which leads to the surrender of their political independence, and that their interests are in the hands of men in whom they have no confidence, protest and repudiation are the natural results...."[6]

Op 11 Mei het selfs die „Star" met die besluite van die afgevaardigdes fout gevind. Die koerant het gekla omdat al die praktiese stappe t.a.v. die verkryging van unifikasie vir die

---

1). „The Star," 7 Mei 1907, bl. 7.
2). „The Star," 11 Mei 1908, bl. 7.
3). do.
4). „The Times of Natal," 10 Mei 1908, eerste uitgaaf, hoofartikel.
5). „The Star," 23 Mei 1908, hoofartikel.
6). do.

regerings gereserveer is. Dit is hulle wat die afgevaardigdes sou benoem, dit is hulle wat deur die konvensielede geraadpleeg sou word en dit is hulle wat die volle verantwoordelikheid sou dra.[1)]

Op 12 Mei het die „Star" berig dat die publiek ook ontevrede met die besluit van die afgevaardigdes was. „...The resolutions of the Pretoria Conference have not been taken kindly by the public... and though we remain of opinion that much of the clamour is probably unnecessary and certainly premature, there is nothing gained by attempting to minimise the very widespread feeling of distrust which the South African Ministers will have to dispel before they can hope to carry their scheme of union...."[2)]

## DIE VOORTSETTING VAN DIE BESPREKINGE.

Op 7 Mei het die afgevaardigdes, op voorstel van Merriman, besluit om Indiërimmigrasie vanaf enige ander wêrelddeel na Suid-Afrika te belet. Die samewerking van die Portugese owerheid is gevra en laasgenoemde het versoek dat die besluit nie op die Indiërs van Portugees-Oos betrekking sou hê nie aangesien hulle reeds die Europese lewenswyse aangeneem het.[3)]

Toe is daar besluit om, indien die parlemente die sitting van ʼn Nasionale Konvensie goedkeur, sir Henry de Villiers te vra om as voorsitter van die Konvensie op te tree.[4)]

Op voorstel van Fischer is daar besluit om te verdaag en om die besprekinge in Kaapstad te hervat. Die volgende verklaring sou dan, volgens die genoemde voorstel, aan die pers uitgereik word: „The Conference has had under consideration various matters in connection with tariff and railway rates, but no final decision upon these questions has yet been reached. The Conference will meet again to continue the consideration of these subjects at Capetown on 26th May."[5)]

---

1). „The Star," 11 Mei 1908, hoofartikel.
2). „The Star," 12 Mei 1908, hoofartikel.
3). Premier. Transvaal. Band 59. Omslag 1. 7 Mei 1908.
4). „The Star," 15 Mei 1908, bl. 7.
5). Premier. Transvaal. Band 59. Omslag 1.

Op 26 Mei, die dag waarop die sitting in Kaapstad hervat is, het sir Lewis Michell die volgende interessante skrywe aan sy broer gerig: „...We have been sitting...ostensibly to fix up a Customs Convention, but really to endeavour to lay on a firm basis the foundation of the United States of South Africa. It is a great privilege to feel that one has had a hand in such a work. The idea of Closer Union is abroad and old enmities are dying down. I am dining to-night with that strong political opponent, Merriman, and on Thursday I entertain at Groote Schuur the entire Conference and its Secretaries, besides the judges and the Speaker...It is an interesting attempt at reconciliation. Merriman and Sauer have never set foot in Groote Schuur since that day in 1893 when Rhodes offended them by reconstituting his Minstry and leaving them out. Since the Raid it has, of course, been admittedly anathema to them. It was an experiment also because there are three Boer Generals at the Conference, Botha, Smuts and Hertzog, to say nothing of Abraham Fischer, Premier of the Orange Free State. They might have easily demurred to coming to the house in which the Author of the Raid habitually resided. But they all accepted with enthusiasm, Botha particularly, and I hope the gathering may do some good...."[1)]

Die besprekinge en die besluite wat te Kaapstad i.v.m. unifikasie afgehandel is, is geheim gehou. Aan die pers is slegs 'n tevredestellende verslag oor finansiële en ekonomiese besluite gegee sodat die „Star" kon verklaar: „...having regard to the practical impossibility under existing conditions, of reconciling the differences in financial requirements and the economic policies of the various South African Governments, having regard also to the fact that if satisfactory settlement results from the proposals of closer union any alteration now made in Customs and Railway Tariffs must of necessity be temporary and provisional, besides that it is inexpedient to disturb the existing fiscal arrangements and that the present

---

1). Sir Lewis Michell vers. Hoofstuk 15. Bl. 352.

Customs Convention to be continued until the 30th of June, 1909, subject to such minor modifications as may be agreed upon at this Conference, and thereafter for periods of twelve months provided that any party thereto may give not less than three months' notice either before or after the 30th June, 1909, of its intention to retire therefrom as from the 30th June following such notice...."[1)]

Die gevolg van hierdie besluit was dus dat die Transvaalse regering sy kennisgewing i.v.m. sy onttrekking uit die tolkonvensie teruggetrek het, dat ʼn paar byvoegings en amendemente in ʼn protokol tot die 1906-ooreenkoms bygevoeg is en dat die veranderinge op 15 Augustus 1908 in werking sou tree.[2)]

In Kaapstad is daar besluit dat die Nasionale Konvensie op 12 Oktober 1908 in Durban sou byeenkom.[3)] As gevolg van hierdie besluit is daar voldoen aan die begeerte wat reeds op 11 Julie 1907 in Natal uitgespreek is[4)] en daardeur sou die opposisie in Natal ook tot ʼn baie groot mate verminder kon word.

Die seël op die suksesvolle afloop van die Konferensie is deur die „Volkstem" gedruk, wat van hierdie unieke geleentheid gebruik gemaak het om sy lesers se entoesiasme t.o.v. die komende poging tot unifikasie op te wek: „...Tans is...met sukses te Kaapstad een Konferensie...be-eindigd, welke ons werelddeel tot zegen belooft te strekken...De drang naar unifikasie is vandaag groter dan ooit tevoren. En aangezien ons publiek verzekerd kan blijven van de kracht, waarmee ons Botha-ministerie de aanspraken van Transvaal als eerste faktor in Zuid Afrika's welvaart bepleit, kunnen we met goede hoop de toekomst tegemoet zien."[5)]

GENERAAL SMUTS T.A.V. DIE BESLUITE VAN DIE KONFERENSIE.

Op 28 Mei 1908 het genl. Smuts ʼn „Cornish Banquet" bygewoon.

---

1). „The Star," 29 Mei 1908, bl. 7.
2). a) „Official Year Book." A.w. Bl. 493.
   b) Sien bl. 140 van hierdie werk.
3). Malan vers. ACC 583. Vol. 6. 3 September 1908.
4). Sien die voetnoot op bl. 38 van hierdie werk.
5). „De Volkstem," 2 Junie 1908, hoofartikel.

Hy het by daardie geleentheid oor die toe pas afgelope konferensie gepraat. Hy het aangetoon dat indien daar gelyke verteenwoordiging aan al die kolonies op die Nasionale Konvensie toegelaat is, die unifikasiepoging sou misluk. Om 'n goeie konstitusie daar te stel moes die manne na die Konvensie gaan, nie as verteenwoordigers van hul eie state nie, maar wel as afgevaardigdes van die volk van Suid-Afrika. Daarop het Smuts, met verwysing na die skielike opposisie teen vereniging, hom as volg uitgelaat: „...As you know, we have arrived at a very significant stage in the history of South Africa. We have arrived at the close of one epoch in the history of South Africa, and we are standing at the entrance to a new epoch...You will find that people will make speeches and news-papers will print brilliant leading articles on union...but as soon as they are brought face to face with the practical issue they are frightened and startled. You see that has happened now. Here some of us, perhaps stupid people, have been sitting in Pretoria trying to give a practical shape to these ideals existing in ...South Africa. Then we see the Press, which has always been writing about union and pressing union, gets frightened at once and does not know what it has to think or say... Let me only say that the thing has been started, and we cannot draw back. I see in South Africa the weak knees appearing already...but we cannot draw back. We have a general issue, and must go forward until this union, which will be the best and noblest in South Africa, is fully and completely realised...As our friends in Natal are somewhat afraid, and I say to them, to the Mayor to-night, a born Natalian, and to Mr. Lucas, whom we all congratulate on the brilliant essay he has written on 'Unification' — I say to the whole people of Natal, small as they are: 'Do not be afraid. You will find champions arise for you, strong champions, from quarters you do not expect. Go in on a basis of trust. Trust the larger States, because they are prepared to act in a spirit of fairness to all concerned!"[1)]

---

1). „The Star," 18 Mei 1908, bl. 8.

Genl. Smuts het ook van die geleentheid gebruik gemaak om die skielike opwelling van wantroue, wat deur die pers van die opposisie geuit is, vir goed uit die weg te ruim. So het die „Star" van 12 Mei geskryf: „...The very first step on the programme — the selection of delegates to compose a 'National Convention' — will be a serious tax on the judgement and self-restraint of the predominant party if the Convention is to be 'national' in anything but name. How will they be chosen? By Ministers or by Parliament? Will they be confined to party politicians, or include,...representatives...who...are profoundly interested in the broad South African questions of native policy, immigration, and the like...Will the Governments insist on a safe majority of their own party? Or will they...trust their project to the willing consent of both parties in all Parliaments? Complete unanimity is too much to be expected...To quote the Selborne Memorandum,... it is 'one of those few matters on which every Government must take every Opposition into its confidence without reserve....' "[1)]

Na aanleiding van hierdie artikel het Smuts sy gehoor meegedeel dat dit die doelstelling van die regerings was om 'n konstitusie daar te stel wat oor 'n honderd jaar nog sou staan omdat dit gegrondves sal wees op die beginsels van regverdigheid, billikheid en redelikheid. Daarom sou dit dan ook noodsaaklik wees vir die regerings om in volle medewerking met die opposisie die afgevaardigdes na die Nasionale Konvensie te benoem. Slegs die bekwaamste manne, afgesien van hul politieke kleur, sal gestuur word, en daarom sou dit hom nie verbaas as sir George Farrar die afgevaardigdes wat genl. Botha voorstel, sou sekondeer nie.[2)]

GENERAAL SMUTS BEMOEDIG MERRIMAN.

As gevolg van teenkanting in die Kaapkolonie, die venynige aanvalle van die „Cape Argus" en die „Cape Times" op die oorhaastige

---

1). „The Star,"12 Mei 1908, hoofartikel.
2). do. 18 Mei 1908, bl. 8.

optrede van die regerings[1] en ook weens die onrusbarende nuusberigte uit Natal, het Merriman begin twyfel of die tyd vir unifikasie wel ryp was en of die grootse taak wat die regeerders aangedurf het, wel met sukses deurgevoer sou kon word. Die wankelmoedigheid van die Kaapse premier het sulke afmetings aangeneem dat Smuts besluit het dat dit nodig was om Merriman te bemoedig. Op 10 Junie het hy derhalwe aan Merriman geskryf: „...I see no cause for discouragement...we, who have taken up this issue have practically burnt our boats and may therefore not look back. If we fail, we shall be ruined politically, so that there is this additional inducement to do our best to achieve success within reasonable time...."[2]

DIE WOLMARANSVERSET IN TRANSVAAL.

Die hoofbestuur van die „Het Volk"-party het 'n vergadering van alle lede gereël sodat hulle die besluit i.v.m. nouere aaneensluiting met die ander kolonies kon bespreek.

Op 16 Junie het mnr. A.D.W. Wolmarans, 'n lid van die Wetgewende Raad, aan genl. Botha geskryf dat hy reeds 'n ander afspraak het en derhalwe nie teenwoordig sou kon wees nie. Hy het daaraan toegevoeg dat „...ek noch van 't zelfde opienie ben, als door my uitgesproken op ons laatste Congres, nl. Dat't een moreele en finantieel moord zal zyn op 't Transvaalsche Volk, om hen nu...te univiceer met andere Colonies die op't ogenblik in een veel beter economische omstandigheid zyn, Dat zulk een Zaak van zoo grote belang — naar myn oordeel niet mag behandel worden (of er op worde ingegaan) Alvorens het Volk van dit land daarover is geraadpleegd...En ten slotte Blyf ek noch handhaven Eerst Transvaal en de belang van Dit Volk, en daarna de belangen van anderen...."[3]

Die provinsialisme van Wolmarans het vir Botha dwars in die krop gesteek met die gevolg dat hy op 23 Junie aan hom geskryf het

---

1). Sien bl. 153 van hierdie werk.
2). Mer. vers. No. 68 van 1908. 10 Junie 1908.
Premier. Tvl. Band 60. Omslag 5. 16 Junie 1908.

om te vra watter dag dit vir hom geleë sou wees om sy brief van 16 Junie met die Hoofkomitee te bespreek.[1]

Wolmarans se reaksie op die skrywe van Botha skep die indruk dat sy hele verset teen die unifikasiegedagte slegs daaraan toegeskryf kan word dat hy graag 'n bietjie aandag op sy persoon wou vestig. Te oordeel na die manier waarop sy taal en spelling nou versorg is, in vergelyking met sy vorige brief, het hy baie groot geskrik. Op 25 Junie het hy geskryf: „...Mij is 't echter nie duidelijk met welke doel de inhoud van mijn brief met 't Hoofd Comité moet besproken worden, daar, zoover mij bekend, het unificatie plan niet uitging van het Hoofd Comité...."[2]

Op 4 Julie het Botha in 'n skrywe aan Wolmarans sy aandag daarop gevestig dat dit in die program van beginsels van die „Het Volk"-party baie duidelik gestel is dat hulle hul sou beywer vir vereniging.[3]

Die „Star" het Wolmarans daarvan beskuldig dat hy die gees van eensgesindheid in die Wetgewende Raad versteur het. Die blad het daaraan toegevoeg dat, indien Wolmarans 'n sweem van Suid-Afrikaanse sentiment gehad het, daar geen moeilikheid sou gewees het nie.[4]

Op 3 Julie het die „Volkstem" berig dat die besprekinge t.a.v. nouere unie in beide die Transvaalse parlementshuise goedgeslaagd was en dat die aanbevelings van die afgevaardigdes na die Pretoria-konferensie aangeneem is. Die enigste wanklank is in die Hoërhuis gehoor waar mnr. A.D.W. Wolmarans, sonder enige grondige besware, teen die aanbevelings gestem het.[5]

Die gevoel teen Wolmarans het so opgehoop dat hy op 11 Augustus by Botha gekla het dat daar van die regeringslede was wat die publiek

---

1). Premier. Tvl. Band 60. Omslag 5. 23 Junie 1908.
2).do. 25 Junie 1908.
3).do. 4 Julie 1908.
4).„The Star," 2 Julie 1908, hoofartikel.
5).„De Volkstem," 3 Julie 1908, hoofartikel.

teen hom opsweep.[1]

Botha het daarop 'n koukusvergadering belê met die doel om die Wolmaransmoeilikheid finaal uit die weg te ruim. Wolmarans het die vergadering nie bygewoon nie met die gevolg dat Botha aan Wolmarans geskryf het en hom versoek het om hom te kom spreek.[2]

Wolmarans het daarop laat weet dat hy opsetlik nie die vergadering wou bywoon nie en dat hy Botha nie kon kom spreek nie daar hy van voorneme was om na sy plaas toe te gaan.[3]

Met bewonderenswaardige lankmoedigheid het Botha aan Wolmarans geskryf dat hy hom baie graag die volgende oggend om 11.30 sou spreek sodat daar reëlings getref kon word vir die debat van die Hoërhuis op die eersvolgende Saterdag.[4] Wolmarans het die uitnodiging aanvaar maar sy houding is daardeur geensins verander nie. So het hy op die koukusvergadering van 23 Februarie 1909 besware teen die grondwet geopper en 'n referendum geëis aangesien die parlement geen mandaat van die volk sou hê nie.[5]

Toe beide Botha en Smuts weer eens vrugtelose pogings aangewend het om 'n onderhoud met Wolmarans te reël, het Botha alle verdere korrespondensie stopgesit deur aan hom te skryf: „...Na Uw toespraak in Caucus kwam U by Smuts en my en, voor zoover ik my herinner, zeide u toen dat als Smuts of ik U verder wilden zien U daartoe gaarne bereid zoudt zyn. Ik herinner my niet dat ik u uitnoodigde om later of my of Generaal Smuts te komen zien. Immers...alles is uitvoerig behandeld zoodat voorzover wij betroffen waren er niets meer uit te leggen is...."[6]

------oOo------

---

1). Premier. Transvaal. Band 60. Omslag 3. 11 Augustus 1908.
2). do. 13 Augustus 1908.
3). do.
4). do. 20 Augustus 1908.
5). do. Omslag 5. 9 Maart 1909.
6). do. 10 Maart 1909.

# H O O F S T U K 7.

## PARLEMENTÊRE GOEDKEURING.

| | | |
|---|---|---|
| | | Bl. |
| 1. | VOORAFGAANDE REËLINGS. | 163 |
| 2. | DIE OPENINGSREDE VAN LORD SELBORNE. | 164 |
| 3. | DIE INLEIDINGSREDE VAN GENERAAL BOTHA. | 164 |
| 4. | DIE TOESPRAAK VAN GENERAAL SMUTS. | 168 |
| 5. | MOEILIKHEID IN NATAL. | 173 |
| 6. | GENERAAL SMUTS PROPAGEER UNIFIKASIE. | 174 |
| 7. | GENERAAL BOTHA PROPAGEER UNIFIKASIE. | 175 |

-------oOo------

# HOOFSTUK 7.

## PARLEMENTÊRE GOEDKEURING.

### VOORAFGAANDE REËLINGS.

Die eerste stap wat die unifikasievoorstanders nou moes doen was om die besluite van die Pretoriakonferensie deur hul parlemente te laat goedkeur.

Op 12 Junie het Merriman aan Botha getelegrafeer dat dit sy voorneme was om 'n kopie van die resolusie op die eerste dag van sitting reeds aan sy parlement voor te lê sodat dit op Maandag 22 Junie bespreek kon word. Botha het dit goedgekeur en Merriman versoek om die ander premiers te oorreed om dieselfde prosedure te volg.[1]

Moor het laat weet dat hy dieselfde stappe sou doen maar dat hy nie kon sê wanneer sy parlement die saak in oorweging sou neem nie.[2]

Fischer het laat weet dat hy ook dieselfde prosedure sou volg maar aangesien slegs 'n gedeelte van die resolusies van die Konferensie gepubliseer is, wou hy graag van Botha weet hoe hy van voorneme was om die resolusie voor te stel ten einde uniformiteit van optrede te verseker.[3]

Botha het daarop aan Fischer getelegrafeer: „...I gave notice of following motion last Monday begins This House resolves that etc. giving terms of Closer Union resolutions...only altering C to read as follows, delegates be appointed to a National S.A. Convention whose object shall be to consider and report on the most desirable form of S.A. Union and to prepared draft constitution..."[4]

Op 17 Junie het Fischer aan Botha geskryf dat, volgens sy mening, dit slegs nodig was vir die Huis Verteenwoordigers om oor die aangeleentheid te debatteer en dat hul besluit slegs vir goedkeuring aan die genomineerde Hoërhuis voorgelê sou word.[5] Botha het daarop getelegrafeer dat so 'n optrede aanstoot mag gee.

---

1). Premier. Transvaal. Band 60. Omslag 2. 12 Junie 1908.
2). do. 15 Junie 1908.
3). do. Omslag 5. 17 Junie 1908.
4). do.
5). do.

Hy het Fischer aangeraai om sy ondersteuners in die Raad te spreek en hom van hul ondersteuning te verseker. Hulle mag slegs as ŉ uiterste maatreël geïgnoreer word.[1)]

DIE OPENINGSREDE VAN LORD SELBORNE.

Gebruiklikerwys het die Transvaalse parlementshuise op 17 Junie 1908 saam gesit tydens die openingsrede van lord Selborne.

Selborne het aangetoon dat daar die vorige maand ŉ Konferensie gehou is omdat die Transvaalse regering die bestaande tolooreenkoms afgekeur het. Nuwe reëlings is getref wat op 23 Junie gepubliseer sou word. „...But by far the most momentous subject dealt with by the Conference, and the most important public issue now before the people of British South Africa," het Selborne verklaar, „is that of Closer Union. Certain resolutions on this subject were adopted at the Conference, and it will be submitted for your consideration. If you approve of them then you will be asked to appoint delegates to a National Convention to meet this year after the prorogation of the South African Parliaments in order to discuss this question, and to prepare a draft Constitution for South Africa. It is my earnest prayer that, where so much is at stake for the whole of South Africa and for the future of its people, you may have the Divine Guidance in your deliberations and conclusions.[2)]

DIE INLEIDINGSREDE VAN GENERAAL BOTHA.

Op 22 Junie het genl. Botha die volgende voorstel in die Wetgewende Vergadering van Transvaal gemaak, nl. dat „...

(a) De ware belangen en de voortdurende welvaart van Zuid Afrika alleen verzekerd kunnen worden door een spoedige aaneensluiting, onder de Kroon van Groot Brittannië, van de verschillende Kolonies met zelfbestuur;

---

1). Premier. Transvaal. Band 60. Omslag 2. 17 Junie 1908.
2). „The Parliament of the Transvaal. Minutes of Proceedings of the Legislative Council. From June the 15th 1908, to August the 22nd 1908. Second Session. First Parliament. 1908." Bl. 5 tot 6.

(b) Rhodesië gerechtigd zal zijn zich bij de in het voorgaande besluit voorgestelde aaneensluiting op zulk een tijd en op zulke voorwaarden aan te sluiten als hierna moge worden overeengekomen;

(c) Afgevaardigden benoemd worden voor een Nasionale Zuid Afrikaanse Konvensie, waarvan het doel zal zijn de meest gewenste vorm van Zuid Afrikaanse aaneensluiting te behandelen en daarover te rapporteren en om een konsept konstitusie op te trekken;

(d) De Konvensie zal bestaan uit niet meer dan (12) twaalf afgevaardigden van de Kaapkolonie, niet meer dan (8) acht afgevaardigen van de Transvaal, niet meer dan (5) vijf afgevaardigden van Natal en de Oranje Rivier Kolonie respektievelik, en zo spoedig mogelik na de eerstvolgende sessies van al de Parlementen gehouden zal worden; met dien verstande dat zodra ten minste twee Kolonies hun afgevaardigden benoemd zullen hebben de Konvensie beschouwd zal worden daargesteld te zijn;

(e) De Konvensie de Konsept-Konstitusie zo spoedig mogelik publiseren zal, en, in overleg met de Gouvernementen van de Kolonies met zelfbestuur, bepalen zal, welke verdere stappen er met betrekking daartoe genoemen zullen worden;

(f) Op de Konvensie de stemming hoofdelik zal zijn en niet volgens de staten. Een voorzitter zal uit de leden gekozen worden, zal het recht van spreken en stemmen hebben en zal, in geval van staking van stemmen, een beslissende stem hebben."[1)]

Nadat hy die voorstel gemaak het, het genl. Botha die volgende uiteensetting van die omstandighede wat die maak van die voorstel meegebring het, gegee: „Mr. Speaker, door de historiese omstandigheden van Zuid Afrika zijn verschillende zelfregerende kolonies ontstaan. Wij hebben vier kolonies mèt zelfbestuur, maar de bevolking in alle vier bestaat uit dezelfde rassen. Van de Kaap tot de Zambezi en van de Kaap tot Durban wonen in de vier Kolonies dezelfde witte rassen.

---

1). „De Transvaal. Notulen der Wetgevende Vergadering." Tweede Sessie. Eerste Parlement. 15 Junie tot 22 Augustus 1908. Bl. 33 tot 34.

Sedert ettelike jaren hebben ernstige staatsmannen, die in de toekomst zagen, zich het ideaal van een Verenigd Zuid Afrika voor ogen gesteld. Dit kon totnogtoe nog nooit verwezenlikt worden. De reden daarvoor is gemakkelik te vinden. Als wij teruggaan in die Zuid Afrikaanse historie vinden wij, dat er vroeger niet alleen Kolonies waren, maar ook Republieken, en zo lang als er meer dan één vlag was, bleef het onmogelik om van een Verenigd Zuid Afrika te spreken. De verdeeldheid, die vroeger bestond, heeft geleid tot allerlei moeilikheden. Wij weten, dat zij tot moeilikheden hebben geleid tussen de Kolonies en de Republieken, en wel tot een der bloedigste oorlogen, ooit in Zuid Afrika gevoerd. Wij weten, dat die oorlog door verdeeldheid gekomen is, dat zij zeer verwoestend en nadelig was.

Die oorlog heeft bloed en tranen gekost, maar, Mr. Speaker, hij kostte ook nog meer, hij kostte miljoenen, ja honderde miljoenen gelds, en hij deed honderden en duizenden van de dapperste zonen van beide zijden in Zuid Afrika een rustplaats vinden in de aarde. Totdat die oorlog voorbij was, bleef het onmogelik te denken of te spreken over een Verenigd Zuid Afrika.

Die periode werd besloten, toen wij, na de oorlog, te Vereniging bij elkaar kwamen om vrede te sluiten. Bij die vrede hebben wij elkaar de hand van broederschap gegeven. Daarmede begonnen wij een nieuw tijdperk. Wij bouwden weer op, wat ongelukkig door de twee rassen was afgebroken. De les, door ons beiden in die ongelukkige strijd geleerd, zal ons, hoop ik, drijven tot meer zamenwerking en grotere idealen, zoals een Verenigd Zuid Afrika. Na de vrede is een politiek gevolgd van tolbonden en spoorwegkonvensies, maar die politiek kwam ongelukkig uit, want daaronder werd niemand, hetzij in Transvaal of in de rest van Zuid Afrika, geheel tevreden gesteld. Overal ontstond ontevredenheid, en die scheen tot nog grotere ontevredenheid te zullen leiden.

Dit was de posisie, toen wij hier zelfbestuur kregen. Op de

onlangs gehouden Konferensie is duidelik gebleken, dat het zeer moeilik zou zijn, die Tolunie nog lang voort te zetten. Die handelstransaksies, die niemand tevredenstellen, moeten ophouden en vandaag moeten wij òf geheel breken met de andere kolonies, òf verder gaan dan tot hiertoe gegaan is. De belangen van de ene kolonie zijn feitelik dezelfde, als de belangen van de andere, maar toch, doordat er verschillende regeringen zijn, houdt elk op zijn eigen wijze er een politiek op na. Maatregelen, die de ene regering neemt, passen niet bij de wetgeving van de andere, en al deze zaken leiden duidelik naar de verwezenliking van een ideaal en dat is één grote Regering in Zuid Afrika om voor allemaal te zorgen...Vandaag zijn wij zo ver gekomen dat alle hinderpalen uit de weg geruimd zijn, en de zaak word nu een verantwoordelikheid van dit Huis en van de bevolking der Kolonies. Het berust bij hen, of zij willen samenwerken om dat grotere ideaal te bereiken...Wij moeten deze zaak niet opvatten als een partijzaak...maar als een grote Zuid Afrikaanse zaak...

Wat werd aangenomen door de Konvensie, daar was maar een weg open en die was om het besluit voor te stellen, wat voor ons ligt. Wij hebben grote kritieken gehoord over dit besluit. Bij dit besluit is geen bijbedoeling, het heeft alleen de bedoeling om in het belang van geheel Zuid Afrika te werken...

Ik denk, dat bij die Konvensie een grote klomp Staatsmannen bij elkaar zal komen en de bedoeling is, dat die veel goeds tot stand zal brengen. Nu is er al gezegd, dat die Konvensie te ver zal gaan, maar laten zij de omstandigheden zo opvatten: wanneer dit besluit aangenomen is, dan zal de Konvensie bijeenkomen, om een konstitusie op te trekken en niet om een verenigd Zuid Afrika te verwezenliken. Zij moet slechts de konstitusie optrekken, die wij willen hebben; daarna zal die gepubliseerd worden en dan zal elk lid van die Huis zijn publiek daarover raadplegen, daarna zal de zaak voor het Parlement komen en daar zal zij besproken worden. De leden zullen over die konstitusie diskuseren en ook amenderen en deze amendementen zullen weder verwezen worden naar de Konvensie...

Mr. Speaker, vandaag wordt in elke Kolonie van Zuid Afrika over deze zaak gesproken en wat ik wil duidelik maken is dit; ik heb met de voorman van de Opposisie gekonfereerd met betrekking tot de afgevaardigden naar de Konvensie. Wij zijn niet van plan om de namen van die afgevaardigden te geven, alvorens dit besluit door beide Huizen van het Parlement is aangenomen, en dan zullen de namen voor het Parlement gelegd worden en zal daarover gestemd worden. Ik wil nog zeggen, dat wij in overeenstemming met die voorman van de Opposisie, zullen voorstellen vier Engelsen en vier Boeren. Bij geval van sterfte of ziekte of bedanking van een afgevaardigde, heeft de Regering het recht om, na overleg met de voorman van de Opposisie, een nieuwe afgevaardigde te benoemen.

Laten wij toch niet de zaak vooruit lopen, maar die zaak onderzoeken of er iets goeds voor ons in is en wij moeten niet zeggen: ik wil eerst dit en dan dat, maar laten wij de handen inéénslaan en doen wat Transvaal en Zuid Afrika van ons verwacht en daarom ben ik blij om te zeggen, dat, al is het tot nu toe moeilik geweest om samenwerking te krijgen, wij nu vooruitgaan en dat wij spoedig zullen zien een verenigd Zuid Afrika, opdat wij kunnen zeggen; Één God, één volk, één land."[1)]

Net soos Smuts, in sy toespraak by geleentheid van die „Cornish Banquet" voorspel het, het Farrar die voorstel van Botha gesekondeer.[2)] Ook hy het verklaar dat die strewe tot vereniging nie 'n kwessie van partypolitiek is nie. Hy het daarop vir Botha geluk gewens omdat hy daarin geslaag het om die samewerking tussen die state te bewerkstellig en hy het die lede gevra om saam te werk ten einde hierdie grootse doelstelling te verwesenlik.

DIE TOESPRAAK VAN GENL. SMUTS.

Pas teen die einde van die besprekinge het Smuts aan die woord gekom. Sy toespraak was so boeiend en sy entoesiasme so oorweldigend dat mnr. C.F. Lane, een van sy sekretarisse, 'n afskrif daarvan aan

1). „Notulen der Wetgevende Vergadering." 1908. A.w. Bl. 35.
2). do. Bl. 35 tot 36. Sien ook bl.158 van hierdie werk.

mnr. A.C.G. Lloyd gestuur het met die volgende nota daarby: "... My chief was in great form and spoke for 1 hr. 10 min... There was a little quiet amusement among the members on both sides when Smuts was speaking on the subject of 'no gold going out of the land, but only the notes going and the gold remaining. Everyone was tickled at the enthusiasm...."[1)]

Smuts het begin deur aan die lede te verduidelik waarom en hoe die basis van verteenwoordiging vir die Nasionale Konvensie uitgewerk is soos dit was. Toe het Smuts, na aanleiding van punt no. (c) van die voorstel, verduidelik hoe die goedkeuring van die publiek vir die konsepakte verkry sou word deurdat lede vergaderings in hul kiesafdelings met daardie doel sou belê.

Na aanleiding van sommige onbesonne bewerings wat gemaak is, nl. dat die unifikasiedrang nie 'n drang is wat uit die volk gebore is nie, maar slegs om die ambisie van 'n paar slim manne te bevredig, het Smuts gesê: "...with regard to them I would like to say this — I have gone fairly deeply into the literature of this subject so far as it affects the origin of Federation in America, United States, Canada and Australia, and it is my profound conviction that in none of these countries was there such a strong, steady opinion behind the movement as there is to-day in South Africa... There is absolutely nothing artificial about this movement... Geographically we are already one country... You have practically the same people in somewhat different proportions over the Colonies of South Africa and you have, therefore, all the natural conditions that are required for Closer Union. They are divided only by artificial and historical boundaries. Is it to be wondered at that for a long time now — for thirty years past — this movement has been going forward in South Africa. It is not to be wondered at, but what is especially gratifying to us in the Transvaal is this — that some of the most serious efforts towards

---

1). Mer. vers. No. 72 van 1908. 24 Junie 1908.

union in South Africa have emanated from the Transvaal. Before the war, so far as it was possible to go, the Transvaal tried and succeeded in getting an alliance with the Orange River Colony, and after the war...that policy was further prosecuted by the government of this country, and was embodied in the policy of the Inter Colonial Council...

We cannot say this is a movement which has emanated from the press. I say rather the press has not understood the subject, and from its injudicious remarks has damaged the question; it has not gauged the true position of the subject. I think we have reason, knowing the sentiment of the people, to say that this is a movement which has emanated from the people of South Africa....[1]"

Daarop het Smuts 'n oorsig gegee van die politieke, maatskaplike en ekonomiese faktore wat unifikasie 'n dringende behoefte gemaak het.

Wat die aard van die konstitusie betref het Smuts gesê dat dit plasties en buigbaar moes wees om aan te pas by die behoeftes van 'n jong en groeiende volk. Dit moet dus op Britse lees geskoei wees en nie onbuigbaar soos die Amerikaanse grondwet nie. Om aan hierdie vereistes te kon voldoen sou dit nodig wees om nie 'n federasie daar te stel nie, „...but a constitution of the unified type, which gives one great central authority, legislative and executive, to rule the country...What we want is a supreme national authority to give expression to the national will that there is in South Africa and the rest is really subordinate. There will remain the question, if you have such a national parliament and executive, in how far you are going to constitute local authorities and recognise provinces, and the further question as to what authority you will give, and the powers you will give to those subordinate parliaments or local authorities. These are questions which will, no doubt, be very difficult to solve, and we may find it the hardest thing of all to solve. But it has to be solved, and it is a very important question for South Africa, and I think the solution will be a very difficult

---

1). „Rand Daily Mail," 24 Junie 1908, bl. 4.

one to arrive at with all these conflicting interests and diverse opinions, which are held all over South Africa on this question...."[1]

Genl. Smuts het toe verduidelik waarom dit, selfs in unifikasie, nodig sou wees om te waak teen die isolasie van Transvaal. Sy uiteensetting was gebaseer op 'n baie gesonde kennis van die verlede, die hede en ook 'n meesterlike insig in die toekoms: „...Sir, there are other very important questions, and one question that will be very important for us here in the Transvaal is the fact that we are an inland State, that we are in the interior of South Africa. It has always been the weakness, the great weakness, of our situation here, and hon. members know what desperate efforts have been made in the past history of the Transvaal to get to the sea...The grave aspect of the matter is this, that the most valuable...part of South Africa, on which the future of South Africa depends, is the interior, and one of the most important problems that will have to be considered, not only by delegates to this Convention...is the formulation of some scheme which will prevent the throttling of South Africa which will not prevent that larger and more rapid development of South Africa, which could only come from a larger and more rapid development of the interior...this is not a Transvaal question, but affects the whole of South Africa...."[2]

Smuts het daarna verduidelik waarom, volgens sy mening, dit wenslik sou wees om unifikasie deur te loods en nie te wag op 'n latere geleentheid nie: „...I only wish to say that to me it seems that the present is the acceptable time to carry through this change. We are just emerging and scarcely emerging from a time of the greatest depression and suffering here in Transvaal and in South Africa. But I feel, Sir, if I read the signs of the times correctly, we are also on the brink of great developments, and of a large and permanent prosperity in South Africa. Once prosperity has come and once the tide has finally turned in the sufferings of South Africa, it will be very difficult to get the people of South Africa to turn their

1). „Rand Daily Mail," 24 Junie 1908, bl. 5.
2). do.

attention to this question of a United Government. They will be thinking again of making money, and everyone will be thinking again of making his own fortune, and one of the greatest influences impelling the people of South Africa towards union will be lost. If we do not push this on now, we will lose one of the most important occasions that ever presented itself to affect this large ideal which has been before us now for more than a generation...."[1)]

Generaal Smuts het sy toespraak, wat deurgaans met toejuiging onderbreek is, afgesluit deur die volgende pragtige beroep op die lede te doen: „...I submit, sir, that the most important solvent of all our questions in South Africa will be the spirit of South African patriotism. When we are young and inexperienced we think that intellect solves the problems of the world, that it is the intellect, the reason of man, that solves great problems, but as we get older, sir, we see that while intellect does much it is really the spirit of union, of comradeship, the spirit of friendship amongst men that forms the strongest impelling force among mankind. And if we want to apply any methods to the solution of our problems let us have this dynamic energy of South African patriotism and the sooner the better...."[2)]

Na 'n langdurige toejuiging het nog 'n paar ander lede die woord gevoer. Geen enkele lid het teen die mosie gepraat nie met die gevolg dat dit sonder teenstem goedgekeur is en op 24 Julie deur die Klerk van die Wetgewende Vergadering na die Wetgewende Raad geneem is.[3)]

As gevolg van hierdie belangrike debat het die „Volkstem" op 23 Junie 1908 geskryf: „...Aan de Transvaalse Volksraad is de eer te-beurt gevallen van de eerste parlementaire beraadslaging over 't resultaat der jongste Konferensie, spesiaal wat betreft, nauwer aaneensluiting van Zuid Afrika's staats-gemeenschappen. En 't is wel 'n bemoedigend begin geweest, aangezien geen enkele stem is

1). „Rand Daily Mail," 24 Junie 1908, bl. 5.
2). do.
3). „Notulen der Wetgevende Vergadering." 1808. A.w. Bl. 8.

opgegaan tegen 't beginsel 'twelk, door Genl. Botha ingeleid, door Sir George Farrar, als leider der opposisie, werd ondersteund. Zelfs politici, zoals de heer Gregorowski, wier inzichten nog geen definitieve vorm schenen te hebben erlangd, openbaarden zich als krachtige voorstanders; en ofschoon kritiek op de gedragslijn der Regering niet uitbleef, tegen het streven naar staatkundige en ekonomiese eenheid is alsnog geen verzet aangetekend.

We hopen dat degenen onzer lezeressen en lezers, die gewoonlik maar min aandacht schenken aan de verslagen der Volksraads verrichtingen, ditmaal met oplettendheid onze parlementskolommen zullen door lezen. Want 't geldt hier een zaak, die nog minder onszelven dan 't Afrikaner nageslacht betreft. En by de be-oordeling van de vraag of Zuid Afrikaanse eenheid tans wenselik is verlieze men toch nooit uit 't oog dat ons volk in de toekomst moet staren en niet zich moet vast klampen aan kleine dingen van 't heden."[1)]

MOEILIKHEID IN NATAL.

Net soos in Transvaal is die ses resolusies van die Pretoria-konferensie ook sonder veel moeite in beide die K.K. en die O.R.K. aanvaar.[2)] In Natal was die geval egter heel anders. Op 10 Julie het die „Star" berig: „...The Natal Ministry is in so parlous a plight that the resignation of Mr. Moor and his colleagues may be announced at any moment...Ministerial crises in Natal have been so frequent in recent years that the events of Wednesday night might have attracted little attention outside the Colony but for circumstances which have a direct bearing on the question of closer union...It is noteworthy, however, that member after member insisted with... vehemence that no system of closer union which involves the elimination of Natal as a self-governing unit will be acceptable to, or accepted by, the Colony. Natal...desires to retain a large measure of

---

1). „De Volkstem," 23 Junie 1908, hoofartikel.
2). Premier. Kaap. Band 237. No. 170/08 en 271/08. 2 Julie 1908.

autonomy; in other words, if she cannot obtain union on a federal basis she will have nothing to do with any scheme upon which the other three Colonies may be agreed...."[1)]

Op 10 Julie het Smuts aan Merriman geskryf: „...Lord Selborne is soon going to Natal for a couple of weeks and will...try to disarm the opposition there...."[2)] Die poging van Selborne om die medewerking van Natal te verkry het egter op 'n mislukking uitgeloop want 'n maand later het Smuts weer eens aan Merriman geskryf: „... It seems to me that Moor is losing ground in Natal but I hope that he will be able to 'trap vas' with his reconstructed cabinet. For the sake of South Africa I hope that Moor will be able to hold on because I fear that if he were to fall the Jingo spirit will gain ground again in South Africa...."[3)]

GENERAAL SMUTS PROPAGEER UNIFIKASIE.

Sonder dat die publiek daarvan bewus was, het die verskeie regerings onderling druk gekorrespondeer om die nodige reëlings t.a.v. die komende Konvensie te tref. Die leiers het intussen ook die menings van die volk getoets en hulle aangemoedig om die unifikasie-gedagte te ondersteun.

Op 5 Oktober het Smuts 'n vergadering van die „Het Volk"-party toegespreek en hulle meegedeel dat „...they must not expect a party speech from him that night, for they were busy on very important constructive work, work which required, more than ever before in the history of South Africa, the co-operation of all parties in this country. He had been told by people...that they were astonished at the way things were going in the Transvaal, at the way suspicion was being removed, at the peace reigning among them. This was largely due to General Botha and their party...and they had been working towards a broader basis all the time. He hoped they would work more and more to this end and that before the end of their organisation was run, there would be no distinction between English and Dutch...

1). „The Star," 10 Julie 1908, hoofartikel.
2). Mer. vers. No. 68 van 1908. 10 Junie 1908.
3). do. No. 83 van 1908. 15 Julie 1908.

The people of the Transvaal had the courage, and he was glad to say their party had the courage, to take the lead in this question in order, if possible, to bring about this consummation in the history of South Africa. They had taken the lead and if they were fortunate they hoped to keep the lead and lead on this cause of victory in the history of South Africa...."[1)]

Generaal Smuts het sy toespraak afgesluit deur 'n beroep op die Transvalers te doen om nie die leisels te laat slap hang terwyl die Konvensielede in Durban is nie, maar om die goeie werk in Transvaal voort te sit en daardeur sukses te verseker.

GENERAAL BOTHA PROPAGEER UNIFIKASIE.

Ook genl. Botha het geen geleentheid verlore laat gaan om unifikasie te bepleit en te bevorder nie. Hy het Merriman gewaarsku teen anti-unie-strominge in die Kaapkolonie,[2)] en op die jaarlikse skou van die Potchefstroomse Landbouvereniging het hy die aandag van die boere gevestig op die besluite wat op die Pretoriakonferensie geneem is. Hy het gevra dat die boere moes saamstaan en nie in hierdie belangrike saak verdeel moes raak nie. Die Bybel het hulle geleer dat 'n huis wat teen homself verdeel is, nie kan bly voortbestaan nie. Verdeeldheid het in die verlede groot moeilikhede besorg. Die kunsmatige grense tussen die kolonies moes uitgewis word en hy het voorspel dat dit baie gouer sou gebeur as wat destyds vermoed is. Om vrede te waarborg en om 'n gelukkige bevolking te hê was dit nodig vir die afgevaardigdes om onselfsugtig te wees en mekaar se regte te respekteer. 'n Gelukkige volk is 'n trotse volk en 'n trotse volk is welvarend. Slegs unifikasie kan geluk en permanente voorspoed waarborg en daarom moes die publiek help deur geen moeilikhede in hul weg te plaas nie.[3)]

Botha het, net soos Smuts, dit ook nodig gevind om aan Merriman te skryf en hom aan te moedig om in die moeilike taak te volhard.

---

1). „The Star," 6 Oktober 1908, bl. 8.
2). Mer. vers. No. 222 van 1908. 23 September 1908.
3). „The Star," 20 Mei 1908, bl. 7.

"...The difficulties with which we shall have to contend at the Convention will certainly be very great but I do not think that they will prove insurmoutable. This I am convinced of, however, that before we attain Closer Union we shall have a great number of 'handsuppers.' I am building on the manliness and the broadmindedness of the majority of those who will sit on the Convention to save us from petty and narrowminded political principles...If we are not successful in obtaining Closer Union now I very much fear that it will be infinitely more difficult to get the Transvaal to join later on...."[1)]

-----oOo-----

---

1). Mer. vers. No. 222 van 1908. 23 September 1908.

# HOOFSTUK 8.

## REËLINGS


| | Bl. |
|---|---|
| 1. GENERAAL SMUTS WIN INFORMASIE IN. | 178 |
| 2. GENERAAL SMUTS SE SKEMA. | 181 |
| 3. KRITIEK OP DIE SKEMA VAN SMUTS. | 189 |
| 4. UNIFIKASIE OF FEDERASIE. | 194 |
| A. Generaal Smuts. 194 | |
| B. Generaal Botha. 196 | |
| C. Die Engelse in Transvaal. 198 | |
| D. President Steyn. 199 | |
| E. Mnr. Merriman. 199 | |
| F. Sir Henry de Villiers. 200 | |
| G. Mnr. F.S. Malan. 201 | |
| H. Teenkanting in K.K. 201 | |
| I. Natal. 203 | |
| 5. DIE DATUM VAN DIE NASIONALE KONVENSIE. | 204 |
| 6. DIE VISE-PRESIDENT. | 206 |
| 7. DIE AFGEVAARDIGDES. | 207 |
| A. Transvaal. 207 | |
| B. Die O.R.K. 211 | |
| C. Natal. 212 | |
| D. Die Kaapkolonie. 213 | |
| E. Suid-Rhodesië. 214 | |
| 8. DIE SEKRETARISSE. | 215 |
| 9. DIE TOLKE. | 218 |
| 10. DIE ADVISEURS. | 219 |
| 11. DIE TRANSVAALSE ADVISEURS. | 219 |
| 12. DIE OPSTELLERS VAN DIE KONSEPWET. | 220 |
| 13. REËLINGS I.V.M. DIE PROSEDURE. | 221 |
| 14. GESLOTE DEURE. | 225 |
| 15. GELYKE TAALREGTE. | 226 |
| 16. HOUDING T.O.V. DIE NATURELLE. | 228 |
| 17. VROUESTEMREG. | 235 |
| 18. VERTEENWOORDIGING. | 236 |
| 19. DIE PROTEKTORATE. | 238 |
| 20. DIE HANDEL MET PORTUGEES-OOS-AFRIKA. | 239 |
| 21. REËLINGS I.V.M. DIE VERBLYF IN DURBAN. | 240 |
| 22. REËLINGS I.V.M. SOSIALE FUNKSIES IN DURBAN. | 241 |


------oOo------

# HOOFSTUK 8.

## REËLINGS.

### GENERAAL SMUTS WIN INFORMASIE IN.

Die grootste taak wat op die potensiële lede van die Nasionale Konvensie gewag het, was ongetwyfeld om informasie oor verskillende soorte van bestuursvorme in te win, om alle moontlikhede tot in die fynste besonderhede te bestudeer en om opinies te wissel en daardeur eenstemmigheid te probeer verkry voordat die Konvensie met sy werksaamhede begin.

In die soek na informasie en in die bestudering van moontlikhede het genl. Smuts ongetwyfeld die voortou geneem. So het mnr. S. Malcolm, een van Smuts se sekretarisse, reeds op 22 Mei 1907 na Engeland gekabel om die Transvaalse A.G. aldaar te vra om so spoedig moontlik alle moontlike afskrifte van werke i.v.m. federasie en unifikasie, wat in Engeland, die V.S.A. of op die vasteland gepubliseer is, te bekom en aan te stuur.[1]

In antwoord op hierdie kabel het mnr. Solomon 'n lys saamgestel waarvan 12 boeke en pamflette onmiddellik aangestuur sou word terwyl 33 ander werke, wat verkrygbaar was, later versend sou word.[2] Op 6 Junie is daar verder berig dat die Amerikaanse publikasies i.v.m. federasie bestel is en dat daar gereël is dat die Australiese publikasies direk na Pretoria aangestuur sou word.[3]

Lektuur oor federasie en unifikasie het Pretoria nou letterlik binnegestroom. Op 3 September is daar reeds vir 70 boeke betaal[4] en lang lyste van werke wat ontvang is, verskyn in die lêers van die Koloniale Sekretaris.[5]

Die massa informasie was klaarblyklik nie voldoende na die mening van genl. Smuts nie, met die gevolg dat hy op 6 Januarie 1908 aan lord Selborne geskryf het: "...In view of the National Convention

---

1). Kol. Sekr. Transvaal. Band 716. No. 11155. 9 Julie 1907.
2). do. No. 3/11155.
3). do.
4). do. 3 September 1908.
5). do. No. 4/11155.

composed of representatives of the several Colonies, which is to meet in a few months time to draft a constitution for a united South Africa, Ministers are desirous of gaining as much information as possible with regard to the experience of other countries in which a federated Government has been established, and particularly with regard to the methods adopted in the creation of the central government and in the distribution of functions between the central government and the previous existing governments.

The problems arising from the creation of a new government with new departments and new functions and from the withdrawal of powers entrusted to the central government from the local governments must be to some extent identical in all cases and Ministers anticipate that information of much value might be obtained from the experience of other countries and especially of Australia and Canada.

Ministers would therefore be glad if His Excellency the Governor would communicate with the Governor-Generals of Canada and Australia on this subject...Generally speaking Ministers would be grateful for any information with regard to the experience of Australia in the transition from disunion to union and with regard to the difficulties which were encountered and the means by which they were surmounted....."[1]

'n Skrywe is ook aan die Johannesburgse Kamer van Koophandel gerig waarin hulle versoek is om hul opvattings te stel sodat dit deur die ministers in oorweging geneem kon word.[2]

As gevolg van sy brief aan Selborne het Smuts die uiteensetting van die Australiese grondwet, deur Northcote, ontvang,[3] en as gevolg van die brief aan die Johannesburgse Kamer van Koophandel is 'n verslag deur 'n komitee van daardie liggaam opgestel en aan die premierskantoor gestuur. Daarin is aanbeveel dat die Suid-Afrikaanse state moes unifiseer, en nie federeer nie, omdat die spoorweg- en

1). Premier. Transvaal. Band 29. No. 45/1/1908. 6 Januarie 1908.
2). do. 17 September 1908.
3). do.

tariefkwessie slegs deur unifikasie besleg sou kon word. Daar is gewaarsku teen die gevaar van 'n verskuiwing van die Transvaalse industrieë na die kus na unifikasie met 'n gevolglike devaluasie en werkloosheid in die binneland. Daar is ook aangeraai dat die Transvaalse ministers 'n noukeurige studie van die finansiële posisie van die ander kolonies moes maak om te voorkom dat Transvaal, deur samesmelting, 'n te swaar finansiële verpligting onderneem. Verder is aanbeveel dat die administratiewe sentrum van die spoorweë in Johannesburg moes wees, dat die spoorweë buite die sfeer van die politiek geplaas moes word, dat daar op 'n stelsel van proporsionele verteenwoordiging aangedring moes word en dat Pretoria die hoofstad van die Unie moes wees omdat dit dan naby aan die administratiewe kantore van die spoorweë sou wees.[1)]

In die verkryging en die assimilering van informasie het genl. Botha geheel en al op die breinkrag en regskennis van sy vertroueling staat gemaak. Met sy heldere insig en sy vinnige begripsvermoë het Smuts verreweg die meeste besonderhede van die Suid-Afrikawet uitgewerk. So deeglik was die studie wat hy gemaak het dat H.C. Armstrong hom die volgende opmerking laat ontval het: „...He had all ready down to the smallest details, with facts and figures and illustrations and parallels to be quoted and with answers, and alternative compromises to meet every possible objection. From these he prepared a general memorandum, which he sent round to the leaders in all the other Colonies, asking for comments, and from these again he completed his final scheme and discussed it with the principal leaders such as Merriman and de Villiers and obtained their approval, so that by the time the Convention opened he was prime and ready...."[2)]

Kopieë van die skema, waarvan Armstrong melding gemaak het, is op 29 Augustus 1908 deur Smuts aan De Villiers, Merriman, Moor, Fischer en Steyn gestuur. In 'n meegaande brief het Smuts geskryf: „... The

---

1). Premier. Transvaal. Band 29. No. 45/1/1908. 17 September 1908.
2). H.C. Armstrong. A.w. Bl. 147-148.

paper represents merely my personal opinions...If the main ideas are approved...I am prepared to proceed with the drafting of a constitution ...to expedite the work of the Convention...." 1)

GENERAAL SMUTS SE SKEMA.

Op 29 Augustus het genl. Smuts, soos aangetoon, 'n skema opgestel en dit aan die belanghebbende leiers in die ander kolonies gestuur. In 'n begeleidende brief het hy geskryf: „...I have just dictated the main results of my cogitations on the subject of Closer Union and send you a copy for your consideration. The paper represents merely my own personal opinions. It aims at a form of Union which is really Unification, but leaves sufficient power to provincial bodies to carry local feeling with us and to prevent the over-loading of the Central Authority with detail work. The part of the scheme which is novel refers to the definition of the provinces of the central and local authority. After careful thought I consider my idea better in theory and more likely to prove workable in practice than the models of America and Australia. The arrangement of constituencies on a population basis is intended to meet our opposition which will, I fear, insist on the voter's basis as settled in the constitutions of the Transvaal and O.R.C. ...You are at liberty to shew it to such friends (delegates to the Convention) as you deem proper. For the rest it is really confidential. If the main ideas are approved, I am prepared to proceed with the drafting of a Constitution on the lines sketched especially as some such basis as a Draft Bill will enormously expedite the work of the Convention and time is very important in this matter..." 2)

Die skema, wat as „Highly Confidential" versend is, lui as volg: „...The question of South African political union presents many difficulties but the most fundamental of all centres round the question whether any and what form of local government should be permitted and provided for inside the Union. It is felt that to

1). Mer. vers. No. 158 van 1908. 29 Augustus 1908.
2). do.

sweep away the present Colonial administrations and legislatures and to erect in their stead one common Parliament and Government for South Africa would not only meet with the most determined opposition from the people of the various Colonies, but may also prove in the end an unworkable scheme, as it would overload the Central Parliament and Government with work with which, for many years to come at any rate, they would not be able to cope, thus resulting in an administrative and legislative deadlock which might seriously retard the peaceful progress of South Africa. On the other hand it is felt equally strongly that any form of political union must provide for a CENTRAL AUTHORITY WHICH IS SUPREME AND WHOSE SUPREMACY IS UNDISPUTED.[1]) The problem is therefore to devise a form of political union which will, as far as possible, leave in existence a substantial form of local administration and legislation to carry on the work with which a Central Authority could not usefully cope and to erect, over and besides these local administrations, an undoubtedly supreme authority for all common concerns of South Africa as a whole.

The solution here suggested is as follows. An Act of the Imperial Parliament should be passed creating an indissoluble union of the various South African Colonies under the name of South Africa. The Union shall consist of five Provinces, namely the Eastern and Western Provinces of the Cape of Good Hope, the Orange Province to which Griqualand West is added, the Transvaal to which Bechuanaland is added, and Natal. Any future Provinces or territories not of the status of Provinces may be established on admission by the Parliament of the Union. The division of the Cape Colony into two Provinces is rendered absolutely necessary by its enormous area and the impossibility of any small local legislature coping with the diverse needs of so large an area and so scattered a community as that of the Cape Colony. The arrangements suggested would create within the area of the present Cape Colony two Provinces which would be somewhat smaller than the Transvaal and would therefore tend as far as possible to equalise the

---

1). Ek beklemtoon.

Provinces of the Union.

The Central Parliament of the Union will consist of a Senate and a House of Representatives. It would be advisable from many points of view to follow in regard to the Senate the precedent which has been laid down in the constitutions of the United States and Canada and of Australia and to give equal representation in the Senate to all the existing South African Colonies. Such a step would materially smooth away the difficulties of the smaller Colonies in entering into a Union in which their influence will be considerably reduced. Taking the Senate as consisting of 48 members, this would mean that the Transvaal and Orange Provinces and Natal would each get 12 representatives therein and the two Provinces of the Cape Colony would each get 6 members therein.

With regard to the representation of the Provinces in the other Chamber which it is proposed to call the House of Representatives, it is felt that it would be impossible to carry the principle of representation on the basis either of the total population or the registered voters of the Provinces, as that would be practically tantamount to the annexation by the Cape Colony of the rest of South Africa. The Cape Colony outnumbers the whole of the rest of South Africa both in white population and in registered voters. A compromise is therefore necessary and it seems that no fairer compromise would be possible than that which was originally adopted in the allocation of representation to the various Colonies at the Convention for Closer Union. That is to say, the allocation of representatives from the various Colonies must be, at any rate for some period of years (say 25 years) fixed arbitrarily and should be some multiple of their representation at the Union Convention. Taking the House of Representatives as consisting of 120 members, this means that the Cape Colony would get 48 for its whole area, or 24 for each of its Provinces, Natal and the Orange Province would get 20 members and the Transvaal would get 32 members.

It would be impossible for the Convention to settle the vexed question of a universal franchise law for the Union, which would involve the solution of the most difficult question of the native franchise for the Union, and it is therefore proposed that franchise laws of the existing Colonies should apply in the corresponding Provinces. The Dominion of Canada, although established in 1867, and in the meantime all the elections for the Dominion Parliament were held under the varying franchise laws of the Provinces of the Dominion. In South Africa the need for letting well alone is even greater than it was in Canada.

Both the Senate and the House of Representatives will be elected bodies and the question arises as to the basis on which electorial areas ought to be settled in the various Provinces. In two of the present Colonies constituencies are based on the numbers of registered voters, while in the remaining two electoral areas it has been settled on a more or less arbitrary basis. It is suggested that the most feasible course is to have the electoral areas both for the Senate and the House of Representatives fixed on a population basis, which is a course intermediary between two extremes now obtaining in South Africa. A cencus of the white population would have to be held immediately after the passing of the Act of Union and thereafter every five or ten years, and Commissioners would have to be appointed to demarcate the Provinces into electoral areas. It is suggested that for the Senate an electoral area should return its members on some such principle as that of proportional representation which will ensure the representation of minorities. The Provinces of Natal, the Orange and the Transvaal should each be cut up into electoral areas for this purpose whereas in the Cape Colony each Province would vote as one constituency; each such electoral area would return 6 Senators.

For the House of Representatives it is suggested that constituencies should each return 4 members also on some principle of proportional representation in order to give some voice to minorities. The Commission would divide all the Provinces into

electoral areas on this basis. Automatic redistribution will take place every five years or 10 years according as the cencus is taken every five or 10 years, and attempts at gerrymandering by political parties will be avoided as far as possible.

As regards the relations of the two Houses the ordinary principles of the British Constitution which are very clearly laid down in the present Constitutions of the Transvaal and the Orange River Colony may be followed and the machinery provided in these two constitutions for preventing legislative deadlocks by making the two Houses vote together in cases of prolonged disagreement may also be usefully adopted.

The Provinces will have a legislative consisting of a Lieutenant-Governor appointed exactly as in Canada by the Governor-General in Council and a House of Assembly containing the same number of members as represents the Provinces in the House of Representatives. That is to say, the Houses of Assembly of the Eastern and Western Provinces of the Cape of Good Hope will each contain 24 members and those of the Orange Province, Natal and the Transvaal will contain 20, 20, and 32 members respectively. Provinces will continue to be administered by Responsible Governments, although the number of Ministers may be very usefully reduced. For the rest the Colonial Constitutions and constitutional laws will remain unimpaired until altered by the local legislatures or Parliament.

The next most difficult question of all is that of the allocation of powers between the Central Parliament and the local legislatures. The constitutions of the United States, Canada and Australia provide for a separation of powers as between the two, but it is felt that such an arrangement is very difficult in itself, it would be practically unworkable in South Africa and must be avoided at all costs. It is clear that for a long time to come a Central Parliament could only deal with a limited number of the most important of the Common concerns of South Africa and would gladly leave all the rest to the

local legislatures. The proper arrangement therefore seems to be not to create a hard and fast division of power at the outset but to provide for a large amount of elasticity in the constitution, so that the Central Parliament may gradually assume more and more of the functions ehich properly belongs to it without being saddled with all of them from the beginning. It would therefore be necessary to delcare that the Central Parliament is the supreme legislative authority, that the local legislatures are the proper legislative authority for all matters of merely local or private nature in the respective Provinces, that all matters in regard to which the Central Parliament has not yet assumed power of legislation must continue to be dealt with by the local legislatures as heretofore, and that as the Central Parliament takes up a matter as the subject of legislation it becomes no longer possible for the local legislature to deal therewith, and finally that all laws of the local legislatures in conflict with any laws of the Central Parliament should be null and void. Under such an arrangement the Central Parliament could, as the years go on, gradually extend its sphere of legislation, and yet there would always be left quite sufficient work of an important character for the local legislatures to perform in respect of their Provinces. The value of this scheme is that it removes all doubt as to the supremacy of the Contral Parliament, and at the same time it may leave in practice a larger field of operation to the local legislatures than is left to them either in Australia and Canada.

It will however be necessary from the very outset in the constitution to withdraw from the province of local legislation certain matters of very urgent common concern, such as railways and harbours, customs and excise, posts and telegraphs, naval and military defence, natives, external relations, immigration, etc., etc. To leave it possible for local legislatures to deal with these subjects might provoke the very conflicts which the Union is established to deal with in the present situation of South Africa. Again, a scheduled

list of local laws will be unalterable without the concurrence of the local legislature.

What is said here in regard to the relations of the Central Parliament and local legislatures would apply also to the Central and Local Governments. It would be unwise to overwhelm the Central Government from the outset with a vast number of administrative questions, and it would be a far better course to leave a good deal of the administration of the Provinces to be carried on by the Local Governments until the Central Government feels itself fairly in the saddle. It seems therefore advisable to provide that the Central Government shall from the outset deal only with the limited number of important South African questions, such as those just enumerated, and to have the power from time to time to assume control of departments which concern common South African interests. Here too the principle of elasticity would prevent an administrative deadlock and would leave it free to the Government of the Union to consider larger questions of policy and development instead of being immersed in the administrative detail of a large number of departments.

The capitals of the Union and of the Eastern Province of the Cape of Good Hope would probably have to be settled in the Constitution.

It would be necessary to create a Supreme Court of South Africa which would not only be a Court of Appeal from the High Courts of the Provinces which will take the place of the present Supreme Courts of the Colonies, but will also have original jurisdiction in a large number of questions arising under the Constitution or between the Provinces or residents of different Provinces, or under any special laws of the Central Parliament. It would be advisable to provide that all present Judges of the Supreme Courts of the Colonies should become officers of the Union, and that all the Superior Courts should also be Courts of the Union.

As regards the natives, the Governor-General would be the paramount chief and would exercise, on the advice of the Executive

Council, the powers which have hitherto been vested in the Governors of the Colonies or in His Excellency the High Commissioner for South Africa.

The precedent of the Transkei might be usefully followed and the Governor-General in Council might be invested not only with administrative but also with legislative power over the various native territories which are at present directly administered by the Governor-General in Council, and among these territories it might also be advisable to include the Transkei and Zululand, as being large native reserves, very much on the same footing as Basutoland and Bechuanaland.

As regards finance it would be advisable for the Union to take over all the national debts of the Colonies, and also all the railways which are the principal assets corresponding to these debts. Customs would also immediately go to the Union and probably some other large source of income out of which the interest and sinking fund of the consolidated national debts would have to be met. Provision will have to be made for financial assistance to be given by the Union to the Provinces in case the assumption of many sources of revenue by the Union should tend to cripple the finance of the Provinces.

The railways and harbours will have to be run by a Railway Board on which the Provinces are represented on commercial lines as a business undertaking with a view solely to the development of the territory and resources of the Union. Railway rates will have to be so regulated that the nett annual revenue does not exceed the amount of interest and sinking fund payable on the total railway capital. No preferential railway rates will be allowed which are unreasonable or unfair to any Province. In case the Government of a Province complains that **any** of these provisions have been broken a Court of Arbitration will be appointed to inquire into and decide on the matter, and its decision shall be binding of the Railway Administration.

The treaty obligations of any of the present Colonies will have to be respected by the Union.

Equal rights will have to be accorded to the English and Dutch languages in the Parliament and Law Courts of the Union.

Provision will have to be made with regard to the rights and the duties of Civil Servants transferred to the Union.

And finally provision will have to be made for any alteration which may become necessary in the Constitution. It is suggested that such an alteration shall not be possible except by a law of the Central Parliament which has been passed by an absolute majority of both Houses of Parliament and which has also been approved by the legislatures of any Provinces directly affected by the alteration. [1] ...."

KRITIEK OP DIE SKEMA VAN GENERAAL SMUTS.

Die Natallers het die ywer en die harde werk van genl. Smuts nie waardeer nie. Inteendeel, hulle was van mening dat hy voorbarig in sy optrede was soos blyk uit 'n brief wat hy van Moor ontvang het: "...I have consulted with my colleagues with reference to your confidential letter...and as the resolution passed at Pretoria expressly provides that the preparation of the draft Constitution shall be undertaken by Convention, we are of opinion that no action in direction indicated in your letter should be taken in anticipation of meeting of Convention.... [2]"

Merriman het laat weet: "...I have read with great interest the suggested scheme for South African Union, and would venture to offer the following criticisms and tentative suggestions:

(2) [3] I start from the assumption that the whole aim and object of the Convention is 'Closer Union' — not the creation of some elaborate and costly machinery which while perpetuating local jealousies will superadd to them an entirely new set of differences.

(3) The crying need of South Africa at the present moment is economy of administration. A very superficial study of the figures will serve to convince anyone in this respect.

1). Mer. vers. No. 158 A van 1908. 29 Augustus 1908.
2). Premier. Transvaal. Band 60. Omslag 4.
3). Foutiewe numerasie in bron.

(4) Any proposed system that does not deal with this manifest evil is predoomed to failure, and on the other hand success can only be achieved if we keep this vital matter steadily in view.

(5) I am therefore of opinion that we should at the outset lay down the principle that THERE SHOULD BE ONLY ONE LEGISLATURE IN SOUTH AFRICA, THAT IT SHOULD BE SUPREME BOTH OVER THE COURTS OF LAW AND THE LOCAL BODIES THAT MAY THEREAFTER BE CREATED.[1)]

(6) I mean that the legislature and not the Courts should lay down the law of the constitution and that the courts should be bound to administer the law so laid down whithout cavil or dispute. This is the Swiss system, as opposed to that of the United States, Canada and Australia where endless friction is caused by the power given to the Courts to override the Legislature in the interpretation of a written document.

(7) I recognise the position taken up by Smuts that there will be a reluctance in some communities to surrender certain rights. But surely this lies at the very root of the whole movement. No State makes a surrender, it merely merges itself in the common body for the general good of the whole of South Africa with the object of forming one strong political entity in the place of a bundle of jarring and wrangling little communities — extravigant and over governed. In a word, I am for 'unification,' and I think that any form of government that approaches the federative model will increase rather than diminish the difficulties under which we now suffer.

(8) At the same time I recognise that local administration must be provided for on broad and generous lines — There should be provincial councils and provincial executive officers who may be styled Presidents or Secretaries — To have a set of subordinate responsible 'ministers' with Lieut. Governors would simply perpetuate the ruinous extravagance that is now the vogue.

---

1). Ek beklemtoon.

(9) The power and the functions of these local councils will have to be very carefully considered. Primary Education? Health? Agriculture — Roads and Bridges — Private Bill legislation, within limits, they should be empowered to issue ordinances subject to the veto of the Central Government.

(10) As to the constitution of the Central Legislature — I suppose we must follow the beaten track and have two Houses — though I confess that I prefer a single chamber and a restricted referendum — As regards the House of Assembly I am inclined to agree with Mr. Smuts as to numbers. It will be a certain sacrifice for the Cape Colony but not, I think, an undue one in view of its size and members which are not of proportion to those of the other communities concerned. Quality in these matters is far more important than quantity —

(11) The principle of dividing the Cape into Provinces would, I think, be a convenient one but I question whether the annexation of Griqualand to the O.F.S. would be agreeable or whether that of tacking Bechuanaland on to the Transvaal would be convenient — The area of the Transvaal is inconveniently large as it is — I should incline if a division is to be made to suggest the formation of a new Province, but this is a minor detail.

(12) As regards the Senate (if we fix on the name) I would rather suggest that the members should be elected by the Provincial Councils. Experience has certainly taught us, that the system of large constituencies in our Colony has not worked well — I do not think that any one would contend that it has resulted in getting together the cream of the Legislative ability in the Colony. I would certainly also plead for the inclusion of a certain length of official tenure — might have ex-officer membership — Not perhaps a very democratic doctrine but one which would certainly add weight to the Senate.

(13) The mode of distributing the seats in the Assembly and the

Franchise are both highly contentious matters upon which it is difficult to lay down hard and fast rules. Taking the population basis — (European population only,) would tend to throw the weight of representation into urban communities, largely now South African; which would certainly not give satisfaction. Wealth, occupation and area are all factors, to say nothing of the native population which has to be taken into consideration in this Colony — I do not believe that we can hit on any doctrinaire contrivance and that we shall be driven back on the old fashioned rule of some solution in one shape or another. The question of periodical redistribution according to 'census' figures seems to pre-suppose a failure in our attempt to form one people and a perpetuation of our mischievous local divisions.

(14) On the franchise question I agree with Mr. Smuts. For the present each division must retain its own and certain guarantees will have to be inserted in the constitution to this effect. After all this departure from the democratic rule is, or was an outstanding feature of the English system, and as Mr. Smuts rightly points out, was followed in Canada without, as far as I know, any inconvenience. To me manhood suffrage is intensely distasteful, to others I suppose the Native would be equally unpleasant — but we must have toleration or we shall achieve nothing.

(15) I do not understand the allusions in the memorandum in connection with Native Affairs to the Supreme Chief. We cannot have anyone supreme except the Parliament of the Country — I am totally opposed to any thing in the shape of an imperium in imperio. I think we should be very unwise to embody in our Constitution any hard and fast rule as to the way in which Parliament of South Africa shall exercise its functions. Provisions of that kind will surely create suspicion and friction.

(16) There should be one Supreme Court sitting in divisions though personally I think single judge courts of first instance have

much to recommend them. And one Appeal Court which, if possible, should be final without appeal to the Privy Council — that rich man's luxury —

(17) The question of the Capital I confess does not greatly interest me in comparison with the larger issue — but it bulks disproportionately large in the minds of many. I think therefore it would be well to fix it in the Constitution and it will probably lead to more dissension than much more important matters.

(18) Above all we must constantly bear in mind that as Europeans we are but a handful in the face of an overwhelming mass of an inferior race — That we have, what I verily believe, the most costly government in the world — totally disproportionate to our resources and singularly inefficient — Our task is to mend this if we can and no sacrifice in reason will be too great if we can achieve a satisfactory result.

(19) I must apologise for the fragmentary nature of these remarks as I have only been able to devote a few moments at the fag-end of a most troublesome session to the consideration of this grave subject which requires the closest study."[1)]

Dat genl. Smuts vir mnr. Merriman opreg dankbaar was vir die nuttige wenke wat hy gegee het, blyk uit 'n skrywe van Smuts aan Merriman op 16 September 1908: „Many thanks for your remarks on my scheme. There is a lot in what you say and I am now trying to recast my ideas...I am considering whether Transvaal should not be divided into two provinces (Rand and the rest) and the Cape into 3 — West, East and North with provincial assemblies and councils to look after their local affairs. That I take to be fundamentally your view. The difficulty about it is that all existing machinery is swept away...and all the institutions, both central and local, are new... No doubt you will give your best attention to this thorny point...."[2)]

1). Mer. vers. No. 159 van Augustus 1908.
2). do. No. 200 van 1908. 16 September 1908.

Op 5 September het Smuts ook 'n antwoord van De Villiers ontvang. Afgesien van sommige wysiginge wat hy voorgestel het, was hy baie ingenome met die skema van genl. Smuts omdat die uiteensetting van Smuts in ooreenstemming met sy persoonlike opvattings was. De Villiers was gekant teen die verdeling van die K.K. in twee provinsies aangesien dit die ou rassehaat sou laat herleef en die administrasiekoste sou verhoog. Net soos Merriman het hy ook aanbeveel dat die Senatore deur die Provinsiale Rade gekies moes word om daardeur die kolonies te vergoed vir die opofferings wat hul regerings sou moes maak. Die instelling van 'n Luitenant-Goewerneur, 'n Huis van Afgevaardigdes en 'n klein ministerie vir elk van die kolonies sou 'n te sterk federale mag daarstel en dit sou botsings met die sentrale bestuur onvermydelik maak. De Villiers het bevind dat die Luitenant-Goewerneurs van Kanada persone sonder veel aansien was. Hulle het speelballe van die politiek gebly en daarom sou dit wenslik wees om hulle deur die sentrale bestuur te laat aanstel en om hulle „Hoofkommissarisse" of „Administrateurs" te noem.[1)]

UNIFIKASIE OF FEDERASIE.

GENERAAL SMUTS.

Die vorm wat die voorgenome vereniging sou aanneem, of dit 'n federasie en of dit 'n unie sou wees, was een van die belangrikste vraagstukke wat voor die sitting van die Nasionale Konvensie besleg moes word.

In 1906, dus nog voordat selfregering aan Transvaal toegestaan is, het Smuts reeds aan hierdie aangeleentheid gedink. Aan Merriman het hy geskryf: „...The question of Federation, or perhaps even Unification, will become a practical issue as soon as Responsible Government has been granted to the new Colonies. The people, and I may perhaps add, the statesmen of South Africa, are in favour of Federation, and with a truely popular constitution in the Transvaal

---

1). E.A. Walker. A.w. Bl. 439 tot 442.

we may see Federation, or Unification, in South Africa perhaps within the next five years...."[1)]

Uit die aard van bostaande brief blyk dit duidelik dat, alhoewel Smuts toe reeds unifikasie bo federasie verkies het, hy unifikasie beskou het as 'n ideaal wat nie bereik sou kon word nie.

Op 26 Desember 1906 het Smuts al tot die besef gekom dat die verkryging van unifikasie 'n praktiese moontlikheid was. Dit blyk ook uit 'n brief wat hy aan Merriman i.v.m. die georganiseerde geldmag in Suid-Afrika geskryf het: „...This too, is my reason for favouring Federation or rather, if possible Unification...."[2)] Slegs 'n maand later het hy aan Merriman geskryf: „...As regards Federation your remarks are but too true. I am naturally most keen to have it, namely Unification, but we cannot shut our eye to the fact that there are sinister influences at work — submarine operations which will have to be carefully watched...."[3)]

Die feit dat al die lêers waarin die Koloniale Sekretaris sy stukke t.a.v. vereniging gebêre het, as „Federation" gemerk is, sal diegene wat Smuts se insig en takt waardeer, nie verbaas nie. Die woord „Federasie" is destyds algemeen as 'n sinoniem van „vereniging" gebruik en daarom kon Smuts, sonder om die suspisie van sy personeel te wek, hom vir die hoër ideaal, nl. unifikasie, beywer.

Onder die invloed van genl. Smuts het manne soos Richard Feetham, Philip Kerr, Lionel Curtis, Robert Brand, J.X.Merriman, W.P. Schreiner, J.H. Hofmeyr en selfs lord Selborne aan die moontlikheid van unifikasie, in teenstelling met federasie, begin dink.[4)]

Op 26 Maart 1907 was dit by Smuts reeds 'n uitgemaakte saak dat unifikasie die enigste vorm van vereniging was wat vir Suid-Afrika aanneemlik sou wees. Hy het daardie dag, as Minister van Onderwys, 'n nuwe skool te Boksburg geopen en gesê: „...only one course seemed open and that was the way to Union. If they wanted Union they had to start in the schools..."[5)]

1). Mer. vers. No. 240 van 1906. Ongedateerd, 1906.
2). do. No. 230 van 1906. 23 Desember 1906.
3). do. No. 7 van 1907. 25 Januarie 1907.
4). Basil Williams. A.w. Bl. 64.
5). „The Star," 27 Maart 1907, hoofartikel.

Die grootmoedigheid van Smuts i.v.m. die aard van die voorgenome bestuursvorm blyk pragtig uit die feit dat hy hom dit laat welgeval het dat Merriman die voorstel in diè verband sou indien. Merriman het sy voorstel geformuleer en aan Smuts vir insae gestuur waarop genl. Smuts, op 2 Oktober 1908, die volgende aanbevelings gemaak het: „...I do very strongly agree with you that any scheme of essential Federation is out of the question and that Legislative Union is the only Union worth having. At the same time, as prudent men, we shall not quarrel about the form if the substance is secured. Even with a scheme of Legislative Union it will be necessary to delegate powers to provincial assemblies...to meet the smaller Colonies...I would frame the resolution so as not to rouse the fears of Natal and the O.R.C. that Unification pure and simple is intended. I would sugar the pill by referring to provinces endowed with local self government subject to the Sovereign authority of the Union. If necessary, in order to sooth the smaller states, I would even say that they shall be maintained as units of local government. I have re-drafted your resolution from this point of view and I think it will prove more palatable to the weaker brethern...." 1)

GENERAAL BOTHA.

Generaal Botha het hom aanvanklik nie gesteur aan die vorm wat die begeerde vereniging sou aanneem nie. Hy het 'n vereniging van die Suid-Afrikaanse state nagestreef wetende dat Smuts vir die fynere besonderhede daarvan sou sorg. Heel waarskynlik het Botha aanvanklik die woord „federasie" as 'n sinoniem van „vereniging" gebruik sonder om te besef dat die woord „federasie" 'n besondere betekenis besit.

In al sy toesprake van 1907 het Botha slegs van die woord „federasie" gebruik gemaak. So het hy tydens die Premierskonferensie te Londen gesê dat hy „...ten gunste is van een geleidelik schema

---

1). Mer. vers. No. 240 van 1908. 20 Oktober 1908.

ter verkrijging van federatie in Zuid Afrika...."[1] By geleentheid van die eetmaal in die „Eighty Club" het hy sy gehoor versoek „...ons te helpen om één groot gefedereerd Zuid Afrika te stichten onder Britsche Vlag...."[2] Toe hy die kwessie van die verdediging van Suid-Afrika bespreek het, het hy gesê: „...if as yet we cannot bring about a general federation of South Africa we should at any rate attempt to federate on this question of defence...."[3] Toe hy in die dokke van Kaapstad verwelkom is, het hy gesê dat hy hoop dat „...wij tezamen zullen werken niet slechts voor de Transvaal, maar voor geheel Zuid-Afrika, ten einde deze depressie te doen ophouden, en gij kunt er op vertrouwen, dat van mijn kant, wij veel zullen bijdragen tot de federatie van Zuid Afrika...."[4]

In 1908 het genl. Botha skielik baie versigtig met sy woordgebruik in hierdie verband geword. So het hy op 14 Februarie, in 'n toespraak te Lydenburg, verkies om 'n neutrale aanduiding te gebruik en gevra: „...Wat is er schoner dan in liefde een <u>verenigd Zuid Afrika</u> te bewerkstelligen?...."[5] Pas 'n week later het hy te Standerton unifikasie bepleit en gesê: „...Laat ons in Zuid Afrika één verenigde nasie krijgen. Federasie van Zuid Afrika is onmogelik want 5 gouvernementen zijn al te duur en dan zouden wij nog een zesde bovenop krijgen...."[6]

In April 1908 het genl. Botha laat blyk dat dit by hom nog glad nie 'n uitgemaakte saak was of unifikasie 'n meer praktiese bestuursvorm sou wees as federasie nie, en dat, afgesien van die vorm, dit slegs die vereniging van die land is wat by hom werklik van belang was. So het hy op 10 April 'n „Het Volk"-kongres toegespreek en voorgestel dat 'n kommissie benoem sou word om 'n deeglike studie van federasie en unifikasie te maak en dan aan te beveel watter vorm die beste vir 'n verenigde Suid-Afrika sou wees.[7]

---

1). „Ons Land," 16 April 1907, bl. 5.
2) do. 18 April 1907, bl. 5.
3). „Imperial Blue Books." A.w. Vol. 34. Bl. 114. 20 April 1907.
4). „Ons Land," 30 Mei 1907, bl. 5.
5). A. „De Volkstem," 14 Februarie 1908, bl. 9.
B. Die „Volkstem" benadruk.
6). do. 21 Februarie 1908, bl. 8.
7). „The Star," 10 April 1908, bl. 7.

DIE ENGELSE IN TRANSVAAL.

Reeds op 'n vroeë datum het die Engelse in Transvaal voorkeur aan 'n geunifiseerde Suid-Afrika gegee. So het Lionel Philips, na die publikasie van die Selborne-memorandum, 'n reeks koerantartikels onder die opskrif „A few notes on Fusion" geskryf en aangedui dat unifikasie, terwille van besparing, verkieslik bo federasie was. 'n Sterk sentrale parlement sou die naturelle- en Indiërvraagstukke meer doeltreffend kon oplos en dit sou die enigste middel wees om rasseskille in die land te besleg.[1)]

Die „Star" het dit benadruk dat „...there is no room for misunderstanding what Mr. Philips means by 'Union.' He is quite clear about his own preference for unification in the rather academic quarrel with federation...Mr. Philips 'wants to make a fresh start, to treat the whole of South Africa as though it had never been divided into separate Colonies, to have a clean slate....' "[2)]

Op Saterdag 23 November 1907 het sir Percy Fitzpatrick in 'n vergadering te Johannesburg gesê: „...If they had unification, they would have one State, one Government, one Parliament, one capital. The whole of South Africa would be one, just as the Transvaal was to-day, with their boundaries wiped out, and all divisions wiped out, with one set of laws, one native policy, one liquor policy, one Customs, one railway policy. South Africa would be one unit, and not each Colony...."[3)]

Sir George Farrar het hom, tydens 'n vergadering te Kleinfontein, ook ten gunste van unifikasie uitgelaat aangesien dit die beste manier sou wees om die Suid-Afrikaanse probleme op te los en ook omdat dit die beste waarborg vir toekomstige voorspoed sou wees.[4)] Drie maande later het hy in Roodepoort 'n vergadering van die Progressieweparty toegespreek en weer eens 'n kragtige pleidooi vir unifikasie gelewer.[5)]

---

1). „Ons Land," 26 November 1907, bl. 5.
2). „The Star," 26 November 1907, hoofartikel.
3). do.
4). do. 10 Desember 1907, hoofartikel.
5). do. 7 Maart 1908, bl. 9.

PRESIDENT STEYN.

In die O.R.K. het die politieke leiers, net soos in die geval van genl. Botha, aanvanklik die woord „federasie" as 'n sinoniem vir „vereniging" gebruik.

Op 9 Junie het Steyn aan Merriman geskryf dat die politieke leiers „...have discussed the matter of Federation...Federation must not be hurried...."[1] Op 11 September het Steyn in 'n skrywe aan Merriman laat blyk dat Smuts die moontlikheid van unifikasie onder hul aandag gebring het: „...I talked this matter of Federation over with Botha and Smuts. — They are quite decided that nothing ought to be done until our Government is not only formed, but fully in the saddle — they both seem to favour Unification — in fact the more you think about it the more you become convinced that that is the only kind of Union we ought to accept...."[2]

MNR. MERRIMAN.

Aangesien Smuts in al sy briewe aan Merriman die moontlikheid van unifikasie aangedui het, het ook die Kaapse politieke leier aan hierdie sy van die saak aandag gegee en selfs in sy eleksieveldtog daarvan gebruik gemaak.

Op 3 Maart 1908 het hy 'n vergadering te Victoria-Wes toegespreek en gesê: „...Unification meant having one Parliament only, while federation meant having five Parliaments and one more on top of them. He was inclined for one Parliament, and so were many of his friends in the other Colonies...."[3]

Op 12 Maart het hy o.a. aan Steyn geskryf: „...I have been exchanging views with Smuts and if you care for it I can send you the correspondence. I suggested to him[4] that we shall aim at one

1). Mer. vers. No. 58 van 1907. 9 Junie 1907.
2). do. No. 98 van 1907. 11 September 1907.
3). „The Star," 4 Maart 1908, bl. 7.
4). Ek beklemtoon.

Parliament with Provincial Councils rather than what is usually known as the Federative system...."[1]

Op 27 September 1908 het Merriman aan Botha geskryf: „...It does seem to me that there has been a sort of a set back in the feeling about union and the conviction is growing in my mind that the result will largely depend on what line you, Smuts and Steyn take up and that you will have a very hard task to carry opinion with you. I think I may say that our delegates are all strong unificationists...."[2]

SIR HENRY DE VILLIERS.

Sir Henry de Villiers, 'n man wat altyd uitermate versigtig met sy uitlatinge was, was aanvanklik 'n voorstander van 'n federale bestuursvorm.[3]

Toe De Villiers die driehonderdjarige feesvierings te Quebec as 'n „Privy Councillor" sou bywoon het hy besluit om die federale regeringsvorm aldaar te bestudeer. Aan Merriman het hy geskryf: „...My visit to Canada would give me a good opportunity of enquiring into the working of the federal constitution. I am particularly anxious to ascertain whether it would be possible to work a constitution which allotted to the Provincial Legislatures even smaller powers than those conferred on the Canadian provinces. It might be possible to effect a compromise between the supporters of federation and the supporters of unification in South Africa by adopting a federal system with very limited powers for the different State Legislatures...The expenses of a federal system would, I think, be no greater, where the powers of the provincial legislatures are reduced to a minimum, than the expenses of carrying a single government for the whole of South Africa. Under my system there would be a great many purely local matters which could be best attended to by local representatives...."[4]

1). Mer. vers. No. 34 van 1908. 12 Maart 1908.
2). Premier. Transvaal. Band 60. Omslag 2. 27 September 1908.
3). E.A. Walker. A.w. Bl. 431.
4). do. Bl. 434 tot 435.

De Villiers se bevinding was dat daar in Kanada te veel mag verleen is aan die provinsiale parlemente met die gevolg dat daar ŉ mate van onsekerheid was i.v.m. die magte van die Dominium-parlement. Die gevolg daarvan was dat sommige provinsies sterk Frans georiënteerd gebly het en nooit Kanadees sou word nie.[1]

De Villiers het teruggekeer „...as a convinced and ardent unificationist"[2] sodat Merriman aan Botha kon skryf: „...Sir H. de Villiers has come back from Canada very much impressed with the weakness and evils of the Federation system as against the legislative Union...."[2]

MNR. F.S. MALAN.

Mnr. F.S. Malan wat, volgens sy eie verklaring, aanvanklik ook die federale bestuursvorm begeer het, het in Maart 1907 reeds tot ander insigte gekom. Op 29 Maart het hy ŉ beroep op die kongreslede van die „Bond" gedoen om hulle aandeel tot die bevordering van unifikasie by te dra, en op sy voorstel is daar ŉ kommissie benoem om op die wenslikheid van unifikasie en federasie in te gaan.[3]

Op 15 Oktober 1908, met die aanvang van die besprekinge in die Nasionale Konvensie, het Malan verklaar: „...Some four years ago I commenced seriously to consider the problem of the Union of South Africa that I started as a Federalist. However, as time went on and my knowledge increased I was reluctantly forced to the conclusion that the only feasible solution is to be found in complete unification...."[4]

TEENKANTING IN DIE KAAPKOLONIE.

In die Kaapkolonie het die filantrope ŉ heftige agitasie teen die unifikasiegedagte op tou gesit. Hulle is in hul houding gesterk

---

1). Premier. Transvaal. Band 60. Omslag 2. 27 September 1908.
2). do.
3). „The Star," 30 Maart 1907, hoofartikel.
4). Malan vers. Volume 4. ACC 583. 15 Oktober 1908.

toe dr. Abdurahman op 28 November 1907 'n Naturellekonferensie te Queenstown toegespreek het en beweer het dat „...unification would not suit the natives and coloured men. The only feasible scheme was federation, by which each State retained control of its affairs, with the exception that some specified subjects...were given to the Federal Parliament. The natives and coloured men must insist upon the franchise, as at present in the Cape Colony, being the basis of the federation. With federation the Cape Colony could continue to develop its native policy, and the Transvaal and Orange River Colony[1] could continue their policy if they wished to...."[2]

Mnr. W.P. Schreiner, die leier van die Kaapse filantrope, was van mening dat die regte van die gekleurde rasse slegs deur federasie beveilig kon word. Hy sou as een van die Kaapse afgevaardigdes die sitting van die Nasionale Konvensie bywoon. Toe Dinizulu terselfdertyd verhoor sou word, was Schreiner van mening dat sy dienste in die verdediging van die Zoeloeopperhoof van groter belang was en daarom is sy plek deur 'n ander filantroop, kol. Stanford, geneem.[3]

Mnr. J.H. Hofmeyr was ook 'n federalis omdat, soos hy verklaar het, „...Recommendations of Unification I always regarded as councils of perfection, and Federation as far more practicable...."[4]

Op 26 November 1907 het Lionel Curtis dit nodig gevind om Hofmeyr aan te val omdat hy, tydens 'n onderhoud „...declared that he saw no hope from this new fad of federation that was influencing the public mind...."[5]

Alhoewel Hofmeyr 'n groot invloed in die Kaapkolonie uitgeoefen het, is hy weens gesondheidsredes nie as 'n afgevaardigde na die Nasionale Konvensie benoem nie.[6] Hy het sy opposisie teen unifikasie opgekrop en pas toe die besluite van die Nasionale Konvensie gepubliseer is het hy in verset gekom.

---

1). Die naam van Natal is skynbaar doelbewus weggelaat omdat die Britsgesinde Tuinkolonie net so onverbiddellik soos die twee binnelandse kolonies teen die toekenning van naturellestemreg gekant was.
2). „The Star," 29 November 1907, bl. 6.
3). Johan F. Preller: „Die Konvensie-dagboek van Sy edelagbare F.S. Malan. 1908-1909." Bl. 24. Hierna verwys as F.S. Malan.
4). J.H. Hofmeyr, A.w. Bl. 616.
5). „The Star," 26 November 1906, hoofartikel.
6). Premier. Transvaal. Band 60. Omslag 1. 28 Mei 1909.

Die federaliste van die Kaapkolonie is kragtig gesteun deur die „Cape Argus." Genoemde blad het beweer: „...In the absence of any great pressure from without forcing the States to unite as a measure of safety, the sordid view must prevail. Union cannot remove the State differences which spring from the needs of the mining industry and the demands of the other States for the protection of infant industries...if union must be we prefer the federal system...."[1]

NATAL.

In Natal was daar ʼn baie sterk gevoel teen unifikasie omdat daar gevrees is dat Natal, as ʼn klein Brits-georiënteerde kolonie, sy identiteit in ʼn unie sou verloor.[2] Namate die entoesiasme vir unifikasie in die ander kolonies toegeneem het, het die onrustigheid in Natal aangewas. Op 30 Oktober 1908 het die „Star" dan ook opgemerk: „...The people, and especially the Press, of the Garden Colony are no less suspicious to-day than they were when the Pretoria Resolutions were first published. In Natal the attitude is unfortunate and contrasts rather badly with the other Colonies...But the action of the Government in inviting the co-operation as technical adviser, of so prominent a member of the late Government and so able a publicist as Mr. Patrick Duncan, has undoubtedly gone far to reassure the British section of the public and to allay whatever suspicions there may have been of the sinister designs on the part of the Het Volk leaders...."[3]

Toe die Nasionale Konvensie in Durban sitting neem, was dit duidelik dat daar op ʼn unie besluit sou word. „The Transvaal expressed itself with surprising unanimity in favour of the principle of Unification; the Orange River Colony followed suit, and the Cape opinion inclined pretty decisively in the same direction...."[4]

---

1). „The Star," 26 November 1907, bl. 7.
2). Eric A. Walker. A.w. Bl. 431.
3). „The Star," 30 Oktober 1908, hoofartikel.
4). J.H. Hofmeyr. A.w. Bl. 618.

DIE DATUM VAN DIE NASIONALE KONVENSIE.

Op 22 Julie 1908 het Merriman aan al die ander Premiers 'n skrywe gerig en daarop gewys dat aangesien die Hoë Kommissaris nie op die Nasionale Konvensie sitting sou hê nie, hy dit gerade ag om met die ander premiers in verbinding te tree om noodsaaklike voorlopige reëlings te tref. Hy het daarop meegedeel dat dit wenslik was om so gou as moontlik in Durban te vergader en aanbeveel dat hulle op 'n datum vroeg in Oktobermaand moes besluit.[1)]

In antwoord hierop het Botha geskryf dat die Transvaalse afgevaardigdes van mening was dat die Nasionale Konvensie op 2 November met hul besprekinge moes begin. Daardeur sou die afgevaardigdes tyd hê om na die parlementsitting te rus en ook om 'n deeglike studie van die sake, wat bespreek sou word, te maak.[2)]

Dat daar nie lank getalm kon word met die bepaling van die datum nie, was spoedig duidelik. Op 7 Augustus het Selborne aan Botha geskryf dat die Britse regering 'n vlooteskader na Durban wou stuur om eer aan die afgevaardigdes te betoon. Dit was derhalwe nodig om die Britse regering so gou as moontlik te laat weet watter datum die Nasionale Konvensie met hul besprekinge sou begin.[3)]

Botha het Selborne daarop meegedeel dat hy 2 November aan die ander kolonies voorgestel het maar dat dit nog 'n paar dae sou duur voor hulle hom sou antwoord.[4)]

Op 11 Augustus het Merriman aan Botha getelegrafeer: "...Regret you do not see your way to meet earlier than November. Durban will be insufferably hot and there will be a press Congress going on which will not add to our comfort...."[5)]

Op 13 Augustus het Fischer die houding van die O.R.K. as volg in 'n skrywe aan Botha weergegee: "...The date for the meeting suggested by you, viz. 2nd November, seems to us to be inconveniently late, regard being had to usual climatic conditions obtaining at

---

1).A. Mer. vers. No. 90 van 1908. 22 Julie 1908.
B. Dit is duidelik dat mnr. Malan 'n fout gemaak het toe hy op 3 September 1908 beweer het dat die datum van die Nasionale Konvensie deur die Konferensielede in Kaapstad bepaal is. Sien bl.156 van hierdie werk.
2). Premier. Transvaal. Band 60. Omslag 7. 5 Augustus 1908.
3). do. Omslag 8. 7 Augustus 1908.
4). do.
5). do. 11 Augustus 1908.

Durban at that time of the year. I am afraid that unless the Convention could be got together early in October, it may be found impracticable for one of our delegates (President Steyn) to attend when once the hot weather sets in.

To prevent needless duplication of correspondence, I beg to repeat for your consideration, the proposal, that the arrangement of preliminaries, mode of procedure, and correspondence in connection therewith, should initiate with the Prime Minister of the Cape as being the oldest Parliamentarian amongst us; and that we should agree that he should be the convenor of the first meeting of the Convention...."[1]

Op dieselfde dag waarop Botha die brief van Fischer ontvang het, het Merriman laat weet dat die Transvaalse voorstel deur sy kollegas aanvaar is.[2] Botha het daarop die inhoud van Fischer se brief aan Merriman getelegrafeer en ook daaraan toegevoeg: "...I am discussing the matter here to-day and shall wire later on. I agree with Fischer's suggestion that all preliminary arrangements and correspondence should initiate with Prime Minister Cape."[3] Botha het 'n kopie van hierdie telegram ook aan Fischer gestuur.[4]

Farrar het Botha laat weet dat hulle enige dag na 10 Oktober gereed sou wees om die Konvensie by te woon.[5] Botha het Merriman daarvan verwittig en op 18 Augustus het Merriman aan die ander premiers getelegrafeer dat die Nasionale Konvensie op Maandag 12 Oktober te Durban byeen sou kom.[6] Merriman sou die Rhodesiese owerheid daarvan verwittig[7] en Botha sou sorg dat Selborne onmiddellik daarvan in kennis gestel word.[8]

Op hierdie stadium het Natal moeilikheid veroorsaak. Moor het laat weet dat sy regering nie tot 12 Oktober kon toestem nie

---

1). Mer. vers. Aangeheg aan no. 108 van 1908. 13 Augustus 1908.
2). Premier. Transvaal. Band 60. Omslag 8. 17 Augustus 1908.
3). Mer. vers. No. 114 van 1908. 17 Augustus 1908.
4). Premier. Transvaal. Band 60. Omslag 8. 17 Augustus 1908.
5). do. 13 Augustus 1908.
6). do.
7). do. Omslag 7. 18 Augustus 1908.
8). do. Omslag 8. 18 Augustus 1908.

aangesien hul parlement dan nog sou sit.[1]

In ŉ telegram aan Botha het Merriman sy misnoeë met die houding van Moor te kenne gegee[2] en Fischer het Botha gevra om Moor tot instemming te oorreed.[3] Merriman se geduld was egter op en hy het aan Moor getelegrafeer dat „...they cannot concur in later date than 12th and in the event of insistance by Natal suggest change of place to Bloemfontein...insistance in objection to date fixed may bear to undesirable complications...."[4]

Merriman se telegram aan Moor het die gewenste uitwerking gehad. Natal het onmiddellik toegestem tot 12 Oktober as datum. Merriman was ingenome met sy doeltreffende optrede en het aan Botha en Fischer getelegrafeer: „...Happy to say Moor has now agreed to 12th."[5] Botha en Smuts, wat Natal reeds jare lank gepaai het, het geen kommentaar gelewer nie. Twee dinge was nou egter baie duidelik, en dit was dat die Natalse regering besef het dat hulle by die voorgenome Unie sou moes aansluit en dat hulle tot die uiterste toe sou veg vir konsessies ten gunste van hul kolonie.

DIE VISE-PRESIDENT.

Op 25 Augustus het Merriman gesuggereer dat Steyn gevra sou word om tydens die sitting van die Nasionale Konvensie as vise-president op te tree.[6]

Genl. Botha was ingenome met die suggestie. Hy het aan Merriman getelegrafeer dat hy hom sterk sou ondersteun as hy die aangeleentheid amptelik voorstel.[7]

Toe Botha op 9 September nog niks verder oor die vise-presidentskap verneem het nie, het hy die saak in ŉ brief aan Merriman aangeroer en hom gevra hoe ver daarmee gevorder is.[8]

Merriman, wat die brief op 13 September ontvang het, het aan

---

1). Premier. Transvaal. Band 60. Omslag 7. 19 Augustus 1908.
2). do.
3). do. Omslag 8. 20 Augustus 1908.
4). Mer. vers. No. 140 van 1908. 20 Augustus 1908.
5). Premier. Transvaal. Band 60. Omslag 8. 20 Augustus 1908.
6). Mer. vers. No. 148 van 1908. 25 Augustus 1908.
7). do.
8). Mer. vers. No. 182 van 1908. 9 September 1908.

Botha getelegrafeer dat dit hom ongelukkig ontgaan het maar dat hy dadelik met Steyn in verbinding sou tree.[1]

Aan Steyn het hy getelegrafeer: „...It has been pointed out that our Convention lacks a Vice President and with the concurrence of the other parties I venture to express the hope that Your Honour will allow yourself to be nominated for that position feeling sure that your doing so will be a source of gratification to us all and that it will add to the dignity of the Convention."[2]

Steyn het op 14 September beantwoord: „...If you think it will assist the cause of union I will accept nomination as vice president. I appreciate the kindness that prompted the proposal."[3]

Merriman het die ander premiers daarvan verwittig waarop Botha laat weet het dat hy bly was dat Steyn dit aanvaar het,[4] en dat die Natalse regering te kenne gegee het dat dit ook hul goedkeuring wegdra.[5]

Dit is opvallend dat Merriman versuim het om Natal in hierdie belangrike saak te raadpleeg. Dat die Natalse afgevaardigdes nie protes aangeteken het nie, kan slegs toegeskryf word aan die nare ondervinding wat hulle op 20 Augustus opgedoen het.

DIE AFGEVAARDIGDES.

TRANSVAAL

As gevolg van die geslaagde toenaderingsbeleid van genl. Botha het die Transvaalse opposisie soos klei in die hande van die regering geword. Toe Botha Farrar se hulp inroep in die verkiesing van die Transvaalse afgevaardigdes, het Farrar voorgestel dat hulle liefs die afgevaardigdes uit die Huis van Verteenwoordigers moes kies, maar dat daar geen beswaar was as Botha sou besluit om sommige persone buite die parlement te kies nie aangesien hy begerig was om heelhartig met Botha saam te werk sodat daar eensgesindheid in die Parlement

1). Mer. vers. No. 189 van 1908. 13 September 1908.
2). do. No. 188 van 1908. 12 September 1908.
3). do. No. 191 van 1908. 14 September 1908.
4). do. No. 194 van 1908. 15 September 1908.
5). Premier. Transvaal. Band 60. Omslag 10. 22 September 1908.

sou wees.[1)]

Fischer, wat graag leiding wou hê, het geskryf om Botha te vra hoe hy van voorneme was om te werk te gaan om die Transvaalse afgevaardigdes te kies. Botha het daarop laat weet: „...I shall simply ask Assembly to approve of resolution. No names of delegates shall be mentioned. After motion has passed both Houses the Government shall submit the names of delegates to the Houses and ask their consent."[2)]

Die verkiesing van die Transvaalse afgevaardigdes het 'n onverwagte moeilikheid opgelewer. Op 8 Junie het Rose-Innes, die hoofregter van Transvaal, aan Merriman geskryf: „...It will be a thousand pities if Lionel Philips were not a member of the Convention. All the same I don't think he will be. The Transvaal only has 8 — of them 5 will be Government and 3 will be opposition. Each side will nominate stalwarts and each side will blame the other for not nominating Lionel Philips — and they will both be right. But Lionel Philips will fall out. A public calamity but I am afraid inevitable. To proceed by way of resolution seems to me the only feasible plan...."[3)]

Die laaste sin van hierdie brief, wat onvolledig is, dui aan dat Rose-Innes heel waarskynlik vir Merriman van die planne van Smuts in kennis gestel het sodat Merriman sou weet wat om te verwag as die moeilikheid nie deur die regering en die opposisie opgelos kon word nie. Geen uitweg kon gevind word nie met die gevolg dat Smuts op 26 Junie aan Merriman geskryf het: „...We cannot take Philips and the Progressives refuse to take him as one of their delegates. At the same time he could be a most useful man to have at the Convention. Have you ever thought of our having some advisory members at the Conference? That might be a way out of the difficulty ...."[4)]

1). Premier. Transvaal. Band 50. Omslag 3. 21 Mei 1908.
2). do. 5 Junie 1908.
3). Mer. vers. No. 67 van 1908. 8 Junie 1908.
4). do. No. 75 van 1908. 26 Junie 1908.

Merriman het daarop aanbeveel dat Philips by die verteenwoordigers, wat deur die regering aangewys word, gevoeg sou word.[1] Botha het toe geskryf dat as hy dit sou doen, vyf van Transvaal se afgevaardigdes Engelssprekend sou wees, nl. Farrar, Fitzpatrick, Lindsay, Hull en Philips. „...The older population will say that they are not adequately represented and our difficulties will be great indeed. They do not know and will not understand that Philips would go with us...I pointed this out to Philips and what I don't understand is that he does not press his claim stronger with the Progressive Party. He is Chairman of the Chamber of Mines, belongs to the firm which controls all the newspapers of Johannesburg and surely he could, if he wished to, force them to accept him.

De la Rey and Schalk Burger will not be of great assistance at the Convention but they will be a great strength to me... especially now that A.D.W. Wolmarans has given me notice that he will oppose any form of Closer Union...."[2]

Merriman het daarop aan Botha geskryf: „...I quite understand your position about Philips, but I am very sorry for I consider Fitzpatrick and Farrar. I do not know the other as quite trifling men and not at all likely to add any weight to the Conference, perhaps they cannot do much harm. I am glad De la Rey, Burger and de Wet are included as I have always recognized that unless we carry the 'platteland' with us we shall make a failure and in a national matter like this 'wetsgeleerden' are not the only people to be considered...."[3]

Aangesien daar vir Botha en Smuts geen ander uitweg was nie, het Botha op 6 Julie 1908 die volgende persone as Transvaalse afgevaardigdes by die Wetgewende Vergadering voorgestel: Genl. S.W. Burger, genl. J.H. de la Rey, sir J.P. Fitzpatrick, sir G.H. Farrar,

---

1). Mer. vers. No. 74 van 1908. 26 Junie 1908.
2). do. No. 75 van 1908. 29 Junie 1908.
3). Premier. Transvaal. Band 60. Omslag 3. 26 Junie 1908.

mnr. H.C. Hull, mnr. H.L. Lindsay, genl. J.C. Smuts en genl. L. Botha. Botha het, nadat hy die afgevaardigdes voorgestel het, gesê: „... het spijt mij, dat het getal afgevaardigden naar de Konvensie zo beperkt is, omdat het door de beperking onmogelik is, om elke seksie van de bevolking vertegenwoordiging te geven. In elk geval wil ik zeggen, dat, wanneer er vakatures ontstaan, de Regering de opposisie zal raadplegen en meer dan dit, de afgevaardigden zullen van tijd tot tijd gelegenheid hebben, om alle seksies van de bevolking te horen, met betrekking tot Nauwere Aaneensluiting, opdat zij de opinie van de gehele bevolking met zich kunnen nemen."[1)]

Dit is dus baie duidelik dat Burger en De la Rey slegs benoem is omdat daar aan die verwagtinge van die Boerebevolking voldoen moes word en omdat hulle, as teenwig teen die Wolmaransverset, nie geaffronteer mag word nie. Hulle sou saamgaan omdat hulle die regering in sy unifikasiestrewe sou steun, maar andersins sou daar nie veel van hulle verwag kon word nie.

Dit is vanselfsprekend dat waar daar slegs 8 verteenwoordigers uit 'n bevolking van meer as 350,000 blankes benoem moes word, daar heelwat kritiek op die keuse uitgeoefen kon word. Mnr. Quinn, die burgemeester van Johannesburg en 'n lid van die Wetgewende Vergadering, was van mening dat partypolitiek 'n rol in die keuse van die afgevaardigdes gespeel het. Hy het dit verrassend gevind dat die Arbeiders, wat in die regeringsbanke in die Huis sit, nie verteenwoordig was nie en hy het dit betreur dat die Huis self geen seggenskap in die benoemings gehad het nie.[2)]

Op 8 Julie het die waarnemende sekretaris van die Johannesburgse Kamer van Koophandel aan Botha geskryf: „...The members of my Chamber have learnt with the keenest disappointment that no Commercial representative, no one in fact having the remotest claim

1). „Notulen der Wetgevende Vergadering." 1908. A.w. Bl. 98.
2). „De Volkstem," 7 Julie 1908, bl. 15.

to an intimate and first hand knowledge of mercantile and industrial...matters, has been chosen. It is regarded as most unfortunate that gentlemen should have been selected apparently because they belonged to one political party or the other and not because of the kind of experience they possess...."[1] Verder is aanbeveel dat die regering, om hierdie leemte aan te vul, 'n paar ervare sakemanne as adviseurs sou benoem.

Botha het geantwoord dat dit vir hom ongelukkig onmoontlik was om 'n persoon, soos deur hulle beskryf, as afgevaardigde te benoem, maar dat die afgevaardigdes gedurig volle aandag aan handelsaangeleenthede sou skenk en die Kamer van Koophandel, wanneer nodig, sou raadpleeg.[2]

Die lede van die Kamer van Koophandel was nie tevrede met die antwoord van die premier nie en hulle het gevra dat hy twee sakemanne as adviseurs sou saamneem.[3] Hierdie versoek is deur Botha van die hand gewys en hy het verdere korrespondensie stopgesit deur hulle te vra om 'n uiteensetting van hul belange aan die afgevaardigdes te stuur.[4]

DIE O.R.K.

Op 11 Junie 1908 het Steyn aan Hofmeyr geskryf dat beide Hertzog en Merriman hom versoek het om as 'n afgevaardigde na die Nasionale Konvensie te gaan. Hy het verder meegedeel dat hy dit as sy taak sou beskou om op te tree as 'n kampvegter vir taalgelykheid.[5]

Op 29 Junie het Botha aan Merriman geskryf: "...I have been in communication with Pres. Steyn to persuade him to go to the Convention...His great difficulty is with reference to the Dutch language and he has objection in going to the Convention unless we are in earnest as regards the absolute equality of both languages. I gave him my assurance on this point, telling him that it would be

---

1). Premier. Transvaal. Band 28. No. 45/2/1908.
2). do.
3). do.
4). do.
5). Hofmeyr vers. Vol. 13. Afdeling B. 11 Junie 1908.

impossible for me to carry my party with me unless this principle were adopted. I also said that I felt convinced that the Cape would take the same line...he consented to go."[1]

Op 25 Augustus het Fischer vir Botha laat weet dat pres. M.T. Steyn, mnr. A. Fischer, sir J. Fraser, genl. C.R. de Wet en genl. J.B.M. Hertzog gekies is as die afgevaardigdes van die O.R.K.[2] Op 29 Augustus is die name van hierdie manne gepubliseer.[3]

NATAL.

In Natal het die verkiesing van die afgevaardigdes heelwat hoofbrekens veroorsaak. Op 29 Junie het Botha aan Merriman geskryf om die toestand in Natal te skets. „...Natal, or may I say, gallant little Natal, is still sitting on the fence and I only hope that common sense will prevail and prevent them from freezing on the fence...."[4]

Byna 'n maand later het Moor nog niks gevorder nie. Merriman het aan Botha getelegrafeer dat Moor van voorneme was om sy afgevaardigdes deur die Parlement te laat kies.[5] Die gevaar van so 'n optrede was dat Natal onsimpatieke afgevaardigdes sou kies en daarom het Botha laat weet dat hy onmiddellik aan Moor sou skryf.[6] Hy het toe die volgende brief aan die premier van Natal gerig: „...I was very pleased to see that you have satisfactorily reconstructed your Cabinet and that things promise to run smoothly with you now...I understand that it is your intention to have your delegates to the Closer Union Convention selected by ballot. I trust that you will not take my writing to you about this amiss but I would like to say that this procedure seems to me to be a very dangerous one — you might possibly get delegates selected who cannot work well together and who would not work harmoniously with the delegates from the other Colonies. Is it not possible for you to get Parliament to approve

---

1). Mer. vers. No. 74 van 1908. 29 Junie 1908.
2). Premier. Transvaal. Band 60. Omslag 3. 25 Augustus 1908.
3). „The Star," 29 Augustus 1908, bl. 7.
4). Mer. vers. No. 74 van 1908. 29 Junie 1908.
5). Premier. Transvaal. Band 60. Omslag 3. 23 Julie 1908.
6). do.

of the appointments as have been done in the other Colonies? ...."[1]

Moor het die suggestie van Botha aangeneem. Sy taak is bemoeilik deurdat die Natallers ontevrede was met die aantal afgevaardigdes wat hulle toegelaat is om te stuur met die gevolg dat hulle nie 'n enkele Hollandssprekende verteenwoordiger benoem het nie. Moor het besef dat dit onbillik was en hy het aan Botha geskryf: „...I sincerely regret that I have been unable to get a Natal Dutchman as one of our delegates...."[2]

Op 15 September het Moor aan Botha geskryf dat sir F.R. Moor, mnr. W.B. Morcom, sir T. Hyslop, kol. E.M. Greene en mnr. C.J. Smythe as die afgevaardigdes van Natal benoem is.[3]

Mnr. Merriman kon nie nalaat om kritiek op die keuse van die Natallers te lewer nie. Op 4 Augustus het hy aan Botha geskryf: „...I do not know what Moor's selection is like, but I do not see the name of any of the Dutch population. I suppose that this is what that most progressive community calls 'protecting the rights of the minority' about which we hear so much...."[4]

<u>DIE KAAPKOLONIE</u>.

Vanaf die staanspoor was dit duidelik dat W.P. Schreiner as afgevaardigde gekies sou moes word en dat hy die enigste Kaapse afgevaardigde sou wees wat as lastig of as gevaarlik beskou kon word. In 'n skrywe van 29 Julie het Merriman sy nood by Botha gekla en beweer dat Schreiner oneindig lank kan praat en dat hy alles in sy vermoë sou doen om sake te bemoeilik.[5]

Toe Schreiner, terwille van die Dinizuluverhoor, besluit het om nie die sitting van die Nasionale Konvensie by te woon nie,[6] was dit vir Merriman 'n ware verligting. Sake is egter ook bemoeilik deur dr. Jameson. Op 14 September het Merriman aan Botha geskryf: „...I have an uncompatable feeling that there will be an effort made

---

1). Premier. Natal. Konfidensiële korrespondensie. Band 106/1908. No. 112/1908. 23 Julie 1908.
2). Premier. Natal. Konfidensiële Korrespondensie. Band 106/1908. No. 112/1908. 4 Augustus 1908.
3). „National Convention Papers." Natalse argief. Band 110. 28 Julie 1908.
4). Premier. Transvaal. Band 60. Omslag 7. 4 Augustus 1909. <u>NOTA.</u> Nadat die Nasionale Konvensie in Kaapstad verdaag het, het Morcom as lid bedank en sy plek is deur sir T. Watt geneem.
5). Premier. Transvaal. Band 60. Omslag 6. 29 Julie 1908.
6). Sien bl.202 van hierdie werk.

to postpone a decision until our friends in England get out of office which it looks as if they were going to do. At present all our span are, as far as I can tell, Unificationists, but whether they will remain so after the arrival of Jameson I do not know. It is a little short of scandal to his being on the Convention at all, as he is in no sense a South African, but he will voice the opposition in England and may mislead our Progressive representatives...Stanford is a good fellow and has seen and knows too much about natives to be an ultra negrophile — whatever he agrees to will be accepted on the other side and I look to him to help us with the native territories which will be a stumbling block...."[1)]

Die twaalf Kaapse afgevaardigdes, soos op 7 September bekend gemaak, sou wees: Sir Henry de Villiers, mnr. J.X. Merriman, mnr. J.W. Sauer, mnr. F.S. Malan, sir Starr Jameson, sir T.W. Smartt, sir E.H. Walton, sir J.H.M. Beck, mnr. J.W. Jagger, mnr. C.H. van Heerden, kol. W.E.M. Stanford en mnr. G.H. Maasdorp.[2)]

SUID-RHODESIË.

Vanaf die staanspoor was dit baie duidelik dat Suid-Rhodesië slegs 'n objektiewe belangstelling gehad het in die politieke woelinge suid van die Limpopo. 'n Ou inwoner van die gebied het in 1908 hul houding as volg aan 'n verslaggewer van die „Star" geskets: „...I should say it is one of considerable caution. Rhodesia has her own natural port in Beira; the public at present have no national debt; they are fortunate now in having their hands full of profitable work in developing their own resources, and closer union is not a burning question to them."[3)]

Dit is dus begryplik dat, indien daardie gebied genooi sou word om afgevaardigdes te benoem om die sitting van die Nasionale Konvensie by te woon, dit slegs sou wees as gevolg van 'n hoflikheidsgebaar van die selfbesturende Britse kolonies. Daarom het

1). Premier. Transvaal. Band 60. Omslag 2. 14 September 1908.
2). Sir Edgar H. Walton. A.w. Bl. 28 tot 29.
3). „The Star," 23 Mei 1908, bl. 9.

Merriman op 22 Julie die ander premiers gevra of hulle, as 'n hoflikheidsgebaar, die Rhodesiërs sou vra om 'n amptelike afgevaardigde te stuur wat nie die reg om te praat of te stem sou hê nie.[1]

Botha het die voorstel goedgekeur aangesien "...Rhodesia (is) the only other British Colony in South Africa with a considerable white population (and) should be treated on a different footing to the Native Territories...."[2]

Op 28 Augustus het Selborne aan Merriman geskryf en 'n soortgelyke voorstel gemaak, waarop Merriman se woede teen die Hoë Kommissaris weer eens ontvlam het. Aan Botha het hy geskryf: "... To me the action of the High Commissioner seems incomprehensible as he has no locus standi --- There must be some mistake. Kindly let me know. Of course we could not give them votes and it is a great concession to have them at all...."[3]

Botha het daarop laat weet dat aangesien Selborne weg was hy nie met hom in verbinding kon tree nie. Hy het egter voorgestel dat 'n uitnodiging aan Rhodesië gestuur sou word om twee afgevaardigdes sonder die reg om te stem, te stuur.[4]

Merriman het daarop die uitnodiging aan Suid-Rhodesië gestuur waarop die "B.S.A. Company" vir sir Lewis Michell en sir William Milton as hul verteenwoordigers benoem het.[5] Die Wetgewende Raad van Rhodesië was hiermee baie ontevrede en hulle het aan Botha geskryf en gevra of 'n derde verteenwoordiger, wat die Rhodesiese bevolking sou verteenwoordig, en nie die geoktrooieerde maatskappy nie, benoem kon word. Botha het die versoek baie billik gevind en dit aan Merriman oorgedra.[6] Merriman het dit ook goedgekeur[7] met die gevolg dat sir C.P.J. Coghlan as die derde verteenwoordiger van Suid-Rhodesië benoem is.[8]

DIE SEKRETARISSE.

Op 11 Julie 1908 het Merriman aan Botha geskryf om te verneem

---

1). Mer. vers. No. 90 van 1908. 22 Julie 1908.
2). Premier. Transvaal. Band 60. Omslag 5. 5 Augustus 1908.
3). Mer. vers. No. 157 van 1908. 28 Augustus 1908.
4). do. No. 166 van 1908. 3 September 1908.
5). do. No. 183 van 1908. 10 September 1908.
6). Premier. Transvaal. Band 60. Omslag 8. 18 Augustus 1908.
7). Mer. vers. No. 225 van 1908. 23 September 1908.
8). Sir Edgar H. Walton. A.w. Bl. 30.

of hy die benoeming van mnr. C.R. Hofmeyr en sir E.F. Kilpin as sekretarisse van die Konvensie sou goedkeur.[1] Smuts het die brief beantwoord en Merriman meegedeel dat genl. Botha die voorstel verwelkom.[2]

Merriman het daarop met die ander premiers in verbinding getree[3] en twee dae daarna het Botha vir Merriman laat weet dat as die ander premiers besware opper, hy vir Merriman baie sterk in sy voorstel sou ondersteun.[4]

Op 4 Augustus het Moor aan Botha geskryf om te verneem wat Transvaal se houding t.o.v. die benoeming van die sekretarisse was aangesien die voorstel van Merriman die belange van die O.R.K. en Natal oor die hoof gesien het.[5]

Botha het daarop aan Moor geskryf dat hy die voorstel van Merriman sou ondersteun omdat beide Hofmeyr en Kilpin baie bekwaam en ook absoluut tweetalig was. Verslae van toesprake sou in beide tale geskryf moet word en daarom was dit 'n belangrike oorweging in die guns van daardie twee manne.[6]

Fischer was dit eens met Moor en het voorgestel dat elk van die kolonies 'n sekretaris sou benoem met Kilpin as sekretaris en die ander as assistent-sekretarisse.[7]

Beide Botha en Moor het die voorstel van Fischer goedgekeur[8] en daar is besluit dat Kilpin vooraf na Natal sou gaan om alle voorlopige reëlings te tref.[9]

Geleidelik, egter, het die besef tot Botha deurgedring dat Transvaal in hierdie geval nie as die gelyke van die K.K. behandel is nie, maar wel as 'n gelyke van die kleiner kolonies. Daarom het hy op 27 Augustus weer eens die saak aangeroer deur aan die ander premiers te skryf en te vra dat Hofmeyr en Kilpin gelyke status moes hê.[10]

---

1). Premier. Transvaal, Band 60. Omslag 4. 1 Julie 1908.
2). Mer. vers. No. 81 van 1908. 13 Julie 1908.
3). do. No. 90 van 1908. 22 Julie 1908.
4). do. No. 92 van 1908. 24 Julie 1908.
5). Premier Natal. Konfidensiële korrespondensie. Band 106/1908. No. 112/1908. 4 Augustus 1908.
6). do. 6 Augustus 1908.
7). Mer. vers. No. 193 van 1908. 27 Julie 1908.
8). Premier. Transvaal. Band 60. Omslag 7. 18 en 19 Augustus 1908.
9). do.
10). Mer. vers. No. 152 van 1908. 27 Augustus 1908.

Merriman het laat weet dat hy geen beswaar teen so 'n verandering het nie.[1] Fischer laat weet dat hy die saak as van minder belang beskou. Hy het voorgestel dat elke kolonie sy sekretaris moes benoem en dat die vier sekretarisse self moes besluit wie die leiding sou neem.[2] Moor het gevra dat die besluit wat geneem is nie verander moes word nie.[3]

Botha was nou lelik in die moeilikheid. Op 9 September het hy aan Merriman geskryf en gevra of dit nie moontlik was om die vier sekretarisse op gelyke voet te stel nie.[4]

Alhoewel hy geen beswaar teen so 'n reëling gehad het nie, het Merriman in sy antwoord aan Botha tog duidelik openbaar dat hy hom vererg het. Hy het as volg geskryf: „In answer to yours of the 9th on the Secretary business. I am sorry that there should have been all this fuss arising as it seems to me out of the wounded armour of Hofmeyr. We have had a good many changes already but if four secretaries seem to you the best pray understand that I have no objection. Only I think that confusion will ensue. Fischer to whom I have mentioned the matter tells me that his man will not serve under Hofmeyr to whom he is senior but has no objection to being under Kilpin who has in a way trained them all in Parliamentary practice. I must say that it is rather distressing and not very hopeful for the larger matters when we have such difficulties over trivialities. Why cannot Hofmeyr understand that if two men ride on a horse one must sit in front?...."[5]

Merriman het die hele aangeleentheid met De Villiers bespreek en as gevolg daarvan die volgende telegram aan Botha gestuur: „ After consultation with Chief Justice I think that it will be better for each delegation to bring its own secretary and to leave the selection of Chief Secretary to the Convention. Hope this will suit you."[6]

---

1). Premier. Transvaal. Band 60. Omslag 7. 28 Augustus 1908.
2). do. 1 September 1908.
3). do. 1 September 1908.
4). do. 9 September 1908.
5). do. 13 September 1908.
6). do. 17 September 1908.

Aangesien Moor en Fischer hierdie voorstel aanvaar het, is sir E.F. Kilpin en mnre. G.R. Hofmeyr, G.T. Plowman (Natal) en A.M.N. de Villiers (O.R.K.) as sekretarisse gekies.

Een van die eerste take van die Nasionale Konvensie was om 'n hoofsekretaris aan te wys. Die keuse het op Kilpin geval.[1]

Merriman het in hierdie geval, as dit in so 'n lig beskou mag word, 'n oorwinning oor Botha behaal. Deurdat hy egter 'n baie onbeskofte houding aangeslaan het toe Botha in 'n verleentheid was, het hy veroorsaak dat Botha hom, toe hy in 1910 in 'n baie groter verleentheid was, nie wou help nie.[2]

DIE TOLKE.

Op 25 Julie 1908 het Botha aan Merriman geskryf dat, afgesien van die sekretarisse en adviseurs, daar ook tolke aangewys moes word.[3]

Merriman het van hierdie aanbeveling gebruik gemaak om te sinspeel op die feit dat, wat tweetaligheid betref, die Kaapkolonie nie nodig gehad het om skaam te wees nie. Hy het aan Botha geskryf: „...As regards interpreters none will be required for our Colony as our delegates are sufficiently familiar with both languages, but I think your suggestion that any State requiring such should bring one, a good one, the responsibility for the character of the individual resting upon the State, but I think, for convenience, one would be better than two to keep an uniform style...."[4]

Fischer was ook van mening dat die benoeming van 'n tolk noodsaaklik sou wees en Moor het laat weet dat hy dit aan Botha oorlaat om 'n geskikte „dutch interpreter...." te kry.[5]

Die heel eerste besluit van die Nasionale Konvensie was, op voorstel van genl. Botha, dat dr. W.E. Bok as tolk van die Konvensie sou optree.[6]

1). Sir Edgar Walton. A.w. Bl. 30.
2). Sien bl. 410 - 415 van hierdie werk.
3). Premier. Transvaal. Band 60. Omslag 7. 17 Augustus 1908.
4). do.
5). do. 19 Augustus 1908.
6). F.S. Malan A.w. Bl. 22.

DIE ADVISEURS.

In sy brief van 22 Julie aan die ander premiers het Merriman melding gemaak van die wenslikheid van die benoeming van adviseurs, „...who, without being present, might be consulted on certain specific points i.e. for example, Taberer and Stanford on native questions, others on mercantile matters or finance — others on mining — It seems to me that the presence of people might expedite matters and remove friction — but I do not feel very strongly and merely throw it out as a suggestion...."[1] Op 5 Augustus het hy weer eens die saak aangeroer en geskryf: „...we do not consider it advisable to appoint official advisers on Native or any other questions, and are of opinion that it should be left to the delegates from each Colony to consult experts on various matters when occasion arises as they deem fit...."[2]

Botha was met hierdie gewysigde voorstel tevrede.[3] Fischer het geen besware daarteen gehad nie maar het versoek dat daar so min moontlik adviseurs moes wees om wrywing te voorkom en om geheimhouding te verseker.[4] Moor het Botha laat weet dat hy ook met die voorstel genoeë neem.[5]

DIE TRANSVAALSE ADVISEURS.

Generaal Botha het dit oorweeg om adv. De Wet as 'n adviseur saam te neem maar Farrar wou dit nie goedkeur nie omdat daar dan ook ander wetgeleerde parlementslede sou wees wat kon eis om saam te gaan.[6] Farrar was verder van mening dat Duncan as adviseur t.a.v. spoorweg-aangeleenthede moes gaan.[7]

Botha was redelik verontwaardig oor die houding van sir George en het op 10 September aan hom geskryf: „Referring to your letter of the 24th ultimo, I was very surprised to see what you wrote as regards to inviting Advocate de Wet...When we all met the last time in my office

---

1). Mer. vers. No. 90 van 1908. 22 Julie 1908.
2). do. No. 102 van 1908. 5 Augustus 1908.
3). Premier. Natal. Konfidensiële korrespondensie. Band 106/1908. No. 112/1908. 6 Augustus 1908.
4). Mer. vers. No. 93 van 1908. 27 Julie 1908.
5). Premier. Transvaal. Band 60. Omslag 7. 19 Augustus 1908.
6). do. Omslag 8. 24 Augustus 1908.
7). do. 25 Augustus 1908.

we agreed to invite both Mr. Duncan and Mr. de Wet to accompany us. You undertook to speak with Mr. Duncan whilst I was to speak to Mr. de Wet. Shortly after that meeting I spoke to Mr. de Wet about it and invited him to accompany us. Your letter puts me in a very awkward position and I feel that it is impossible to withdraw the invitation now...."[1)]

Dieselfde dag het Botha aan beide De Wet en Duncan geskryf en hulle uitgenooi om as adviseurs die Transvaalse afgevaardigdes te vergesel.[2)]

Op 23 September het Farrar laat weet dat hy hom met die benoeming van De Wet versoen het maar dat Duncan geaffronteer voel omdat hy nog nie 'n uitnodiging ontvang het nie.[3)] Drie dae later het Botha egter 'n skrywe van Duncan ontvang waarin hy ontvangs van die uitnodiging van die tiende erken en dit met dank aanvaar.[4)]

Op 16 September het Botha ook vir sir Thomas Price gevra om as adviseur op te tree, 'n uitnodiging wat ook hy met dank aanvaar het.[5)].

Toe die Transvalers na Durban vertrek het, is hulle vergesel van 'n personeel van 19 sekretarisse en adviseurs. Aangesien hierdie manne almal deskundiges op een of ander gebied was, het hulle veel daartoe bygedra om die Nasionale Konvensie glad te laat verloop. Hulle was die manne wat gehelp het om probleme, waarmee die Konvensielede te doen gekry het, op te los en hulle het ook gehelp met die opstel van die Konsepwet.[6)]

DIE OPSTELLERS VAN DIE KONSEPWET.

Op 30 Junie 1908 het Botha aan die ander premiers geskryf: "... It has been suggested to me that we ought to make provision to secure the services of a thoroughly competent draughtsman at the Convention in order to draft the Constitution (under the supervision of a

1). Premier. Transvaal. Band 60. Omslag 8. 10 September 1908.
2). do.
3). do. 23 September 1908.
4). do. 26 September 1908.
5). do. 16 en 18 September 1908.
6). Sir Edgar Walton. A.w. Voorberig. Bl. VIII.

sub-committee if necessary) when the resolutions embodying the main points have been passed by the Convention. It will be a very important and also a very difficult piece of work merely as a matter of draughtsmanship, and would require in the draughtsman a large knowledge of South African conditions. My colleagues and myself consider that Sir Richard Solomon would be the best man for this work, both on account of his skill as a draughtsman and his wide knowledge of affairs. There is the additional consideration that his presence in London thereafter and his influence with the Liberal Government might be very useful when the draft Constitution comes to be criticised in England...."[1]

Moor het laat weet dat hy by ʼn latere geleentheid op hierdie voorstel sou reageer[2] en Fischer, wat op 1 Julie as vriend geantwoord het, het meegedeel dat hy bang was dat Solomon, wat ʼn filantroop was, teleurgestel sou wees met hul besluite t.a.v. die nie-blankes en met die toekenning van gelyke taalregte. Solomon sou dan van sy aansien in Londen misbruik maak en die unifikasiepoging daardeur benadeel. Fischer het voorgestel dat Botha liefs vir adv. De Wet as opsteller moes benoem.[3]

Merriman het laat weet dat die opstelwerk aan ʼn kommissie, waarvan al die lede nie noodwendig Konvensielede behoort te wees nie, toevertrou moes word. Die kommissie, met manne soos De Villiers, Smuts, Schneider en Hertzog as lede, sou dan elk van die kolonies verteenwoordig maar die Konvensie moes die reg behou om hul president te kies. Daardeur sou Transvaal dan die reg hê om sir Richard Solomon as hul opsteller aan te wys indien hulle dit sou verkies.[4]

Botha het aan Merriman geskryf dat hy sy voorstel waardeer en sy eie ten gunste daarvan sou terugtrek.[5]

## REËLINGS I.V.M. DIE PROSEDURE.

Op 29 Julie het Merriman ʼn reeks voorstelle, gemaak deur Kilpin,

---

1). Premier. Transvaal. Band 60. Omslag 4. 30 Junie 1908.
2). Premier. Natal. Konfidensiële korrespondensie. Band 905. No. 52/1908. 30 Junie 1908.
3). Premier. Transvaal. Band 60. Omslag 4. 1 Julie 1908.
4). Mer. vers. No. 80 van 1908. 10 Julie 1908.
5). do. No. 83 van 1908. 15 Julie 1908.

aan Botha gestuur en gevra dat Botha dit sal deurlees. „...I do not know whether we could lay down any rules before meeting," het hy geskryf, „but we might have them cut and dried...."[1)]

Die voorstelle van Kilpin was die volgende: „...

1. The voting shall be per capita.
2. The president shall have a casting as well as a deliberative vote.
3. Eight members shall form a quorum. (Natal en die O.R.K. saam sou dan in staat wees om ŉ kworum te vorm.)
4. A resolution may be rescinded on notice given, provided that not less than two-thirds of the Convention are in favour of it.
5. Motions do not require to be seconded.
6. Questions shall be decided by the majority of voices.
7. If the President's decision is challenged there shall be a division.
8. Should a difference of opinion arise in regard to the order in which business shall be put down for consideration on a future day, or, in the absence of an order list, the order in which business shall be taken during a sitting of the Convention, the President may, at his discretion, put the question upon any motion which may have been moved to regulate the same.
9. Members may speak more than once on the same question."[2)]

Die Kaapse Wetgewende Vergadering het ŉ byvoeging by hierdie lys van oorwegings gemaak om die doelstelling van punt no. 4 nader te omskryf en t.o.v. punt no. 7 het hulle bevind dat dit ŉ gebrek aan respek sou openbaar om, sê 30 lede, te laat staan terwyl sekretarisse hul name noteer. Hulle het voorgestel dat daar van gedrukte lyste gebruik gemaak sou word. As ŉ lid se naam uitgelees word, kan hy net meedeel hoe hy stem en dan sou dit op die lys afgemerk word.[3)]

Op 5 Augustus het Botha aan Merriman geskryf om hom te bedank vir die suggesties wat hy aangestuur het. Hy het meegedeel dat hy die voorstelle, met uitsondering van nommers 4 en 7 aanvaar. Hy het

---

1). Mer. vers. No. 95 van 1908. 29 Julie 1908.
2). do. Aangeheg aan no. 95 van 1908. 28 Julie 1908.
3). do.

voorgestel dat hierdie twee punte as volg sou lui:

No. 4. Lees slegs: „A resolution may be rescinded on notice given."

No. 7. Plaas 'n byvoeging by, nl. : „If the President's decision is challenged there shall be a division by standing up," met 'n verdere amendement daarby: „Provided that the number of members present, when the resolution for decision is taken, be not less than the number present when the original resolution was taken."[1]

Fischer was bereid om die reëls i.v.m. die prosedure, soos deur Kilpin voorgestel, te aanvaar[2] maar Moor het aan Botha geskryf „... that a quorum should consist of 15 instead of 8 members. We prefer that rule 4 should provide that no resolution should be rescinded on notice given unless a clear majority of the total delegates to the Convention are in favour of it...."[3] Verder het Moor voorgestel dat in alle gevalle waarvoor daar nie vooraf in die reëls voorsiening gemaak is nie, die reëls van die Kaapse Wetgewende Vergadering van toepassing sou wees.

Op 22 September 1908 het G.R. Hofmeyr 'n lang lys van wenke i.v.m. die prosedure aan Merriman gestuur om daardeur 'n aanduiding te gee van die rigting waarin hy werk. Die belangrikste wenke wat hy aan die hand gedoen het, was die volgende: „...

1. The Convention...should be nearly as free and easy as that of a round table conference...the following resolutions (be adopted) on the first day of meeting, viz. :-

a. That the Convention...shall meet daily, Saturdays and Sundays excepted, punctually at 10 a.m., and shall sit till 6 p.m., with an interval from 1 - 2 p.m., provided that the Convention may on any day by majority decide...to suspend business at 6 p.m. and resume at 8 p.m.

b. That official minutes be kept and, after being signed by the President, be printed with Notices of Motion and Orders of the Day

---

1). Premier. Pretoria. Band 60. Omslag 6. 5 Augustus 1908.
2). Mer. vers. No. 105 van 1908. 7 Augustus 1908.
3). Premier. Transvaal. Band 60. Omslag 7. 19 Augustus 1908.

and circulated amongst the Representatives.

c. That an official verbatin record of the debates of the Convention be made.

d. That in the debate and proceedings...the Standing Orders and Practice of the Cape House of Assembly be observed...with the specific alteration that the Representatives may speak more than once to a question.

e. That...the proceedings of the Convention be conducted in public.

2. Returns.

Those responsible for regulating the business of the Convention should beforehand see that records are available...from which can... be compiled some such returns as the following:-

Return showing for each Colony and Territory...the population, ... revenue and expenditure, ... public indebtedness, ... the Railways, ...appeals...to the Privy Council...

3. Books and Records to be on the Table.

These should be for all the Colonies and Territories; as many of the Official Publications as possible should cover the last 25 years, all, if possible, should be in duplicate.

A. Colonial Office Publications. ('n Lys van 12 werke word gegee.)

B. Other Reference Works. ('n Lys van 10 werke word gegee.)[1] ....

Soos later sal blyk is sommige van die wenke van mnr. Hofmeyr deur die Nasionale Konvensie aanvaar. Afgesien van die bepaling van die sittingsure en die voorsiening van 'n wye referensie, waarvoor tog gesorg sou word, was sy wenk i.v.m. die vrye manier waarop debatte gevoer sou word, van uitstaande belang. Dit het een van die vernaamste eienskappe van die Nasionale Konvensie geword en daardeur het dit 'n groot bydrae gelewer tot die deeglike en suksesvolle verloop van die besprekinge. Sy aanbeveling dat die notule van die Nasionale Konvensie bewaar sou word, was 'n aangeleentheid waaroor Smuts en Merriman later van mening sou verskil.[2]

---

1). Mer. vers. No. 216 van 1908. 22 September 1908.
2). Sien bl. 302 van hierdie werk.

GESLOTE DEURE.

Die eerste persoon wat hierdie aangeleentheid aangeroer het, was mnr. Harry Solomon toe hy op 6 Julie 1908 in die Transvaalse Wetgewende Vergadering sekere inligting gevra het: „...Er is echter nog een andere vraag waarover ik gaarne enige inlichtingen zou willen hebben, en dat is of de Konvensie zal gehouden worden met open of met gesloten deuren. Het is mijn stellige mening dat het in het belang van het publiek is presies te weten wat er op de Konvensie besproken wordt."[1] Die Spreker het egter beslis dat bogenoemde vraag buite orde is.[2]

Vier dae later het Merriman hom ook daaroor uitgelaat. Hy het aan Fischer en Botha geskryf: „...Should the Convention sit with open or closed doors? I am most strongly[3] in favour of not admitting the Press...If we have publicity you will inevitably have long orations to the gallery and the ill informed comments of the London Press thereon. I am convinced that if we sit with open doors Union will be far off...."[4]

Fischer was dit met Merriman eens. Op 16 Julie het hy aan hom geskryf: „...I am entirely with you that we want no speechifying to the gallery and no 'man in the street' daily criticisms for the Convention and so must exclude the Press from the deliberations...."[5]

In Transvaal was daar 'n verskil van mening oor hierdie aangeleentheid. Farrar, Fitzpatrick en Lindsay, die drie verteenwoordigers van die opposisie, het blykbaar nog nie besef dat hulle, as afgevaardigdes na die Nasionale Konvensie, 'n deel van die Transvaalse afvaardiging is waarin daar geen tweespalt mag wees nie. So het Botha op 5 Augustus aan Merriman geskryf: „...With reference to the question whether or not the meetings of the Convention should be held in public we do not agree. Sir George Farrar, Sir Percy Fitzpatrick and Mr. Lindsay are in favour of public sittings leaving it to the Convention

---

1). „Notulen der Wetgevende Vergadering. 1908." A.w. Bl. 98.
2). do.
3). Merriman beklemtoon.
4). Mer. vers. No. 80 van 1908. 10 Julie 1908.
5). do. No. 85 van 1908. 16 Julie 1908. (Fischer beklemtoon.)

to go into Committee when it is deemed desireable. The other delegates from the Transvaal are most strongly of opinion that this would be fatal to the success of the Convention...Sir George, Sir Percy and Mr. Lindsay are however, I understand, prepared to bow to the will of the majority of all the delegates on this point...."[1]

Toe berig ontvang is dat ook Natal sou verkies dat alle besprekinge in kamera gehou sou word, het Merriman die ander premiers laat weet dat ook hierdie aangeleentheid finaal afgehandel is.[2]

GELYKE TAALREGTE.

Die liefde wat die Boer vir sy moedertaal het, is 'n liefde wat met diep wortels stewig in sy volksverlede vasgeanker is. Hierdeur word die tradisie van die verlede opgeneem en bewaar sodat dit kan lei tot 'n gesonde groei wat sade sal vorm waarmee daardie tradisie voortgeplant kan word. Dit is die oorsaak waarom die Boer altyd die leiers van die O.R.K. opreg dankbaar sal wees omdat hulle, in hierdie kritieke tyd, nie geskroom het om as kampvegters vir hul moedertaal op te tree nie.

Aanvanklik wou pres. Steyn nie die sitting van die Nasionale Konvensie bywoon nie omdat hy bang was dat sy taal deur hierdie liggaam misken sou word. Pas nadat Botha hom die versekering gegee het dat dit nie die geval sou wees nie, het hy ingestem om te gaan.[3]

Vir Steyn was die erkenning van die gelyke reg van sy moedertaal so vanselfsprekend dat dit nie tot die vernederende vlak van politieke diskussie neergehaal moes word nie. Dit was dan ook sy gedagtegang tydens 'n toespraak te Burgersdorp waarvan hy aan Merriman geskryf het: "...The language question was a social question which would soon disappear if both languages are treated absolutely on equal footing. Nothing keeps races more apart than an idea that the one wishes to master it over the other or that the one has greater priveleges than the

1). Premier. Transvaal. Band 60. Omslag 7. 5 Augustus 1908.
2). Mer. vers. No. 112 van 1908. 17 Augustus 1908.
3). Sien bl. 211 van hierdie werk.

other...."[1]

Waar die miskenning van Hollands in Transvaal in 1908 reeds sulke onrusbarende afmetings aangeneem het dat „De Volkstem" die Hollandse taal met 'n „Kreupele donkie" vergelyk het,[2] het genl. Hertzog, as Minister van Onderwys in die O.R.K., nie geskroom om taalgelykheid in sy kolonie verpligtend te maak nie.[3]

Toe Hertzog verneem dat Steyn as gevolg van die taalkwessie nie die sitting van die Nasionale Konvensie wou bywoon nie, het hy by Steyn daarop aangedring dat hy moes gaan sodat hy hom kon bystaan in die saak waaroor hulle altwee so sterk voel. Hierdie feit is deur Steyn weergegee in 'n skrywe aan Hofmeyr waaraan hy toegevoeg het dat „...bij mij de gelijkstelling van de rassen op den voorgrond staan, en dat ek nooit tot een constitutie zal toestemmen waarin de gelijkheid niet is neergelegd...ik...begrijp dat wij voor de rechten van onze taal enz. met de oppositie zullen te kamperen hebben, en dat ik daarvoor bereid ben — maar dat ik niet bereid ben om voor de rechten met mannen uit onze partij te strijden...."[4]

Mnr. Hofmeyr het die brief van Steyn aan Merriman voorgelê en Merriman het dit aan Hofmeyr oorgelaat om te besluit wat die houding van die Kaapkolonie sou wees.[5] Dit was toe duidelik dat ook die afgevaardigdes van die Moederkolonie absolute taalgelykheid sou voorstaan.

Bo en behalwe die feit dat genl. Botha vir pres. Steyn die versekering gegee het dat taalgelykheid deur die Nasionale Konvensie gerespekteer sou word, het hy, met die aanstelling van die sekretarisse, daarvoor gesorg dat hierdie beginsel gehandhaaf sou word.[6] By Botha was dit egter nie soseer 'n kwessie van liefde vir sy moedertaal nie, maar eerder 'n middel om wrywing tussen die twee blanke rasse te voorkom.

---

1). Mer. vers. No. 58 van 1907. 9 Junie 1907.
2). „De Volkstem," 1 Mei 1908, hoofartikel.
3). do.
4). Hofmeyr vers. Vol 13. Afdeling B. Band: Nasionale Konvensie. Algemene korrespondensie. Junie 1908 tot Augustus 1909. 11 Junie 1908.
5). do.
6). Premier. Transvaal. Band 60. Omslag 7. 9 September 1908.

By die aanvang van die sitting van die Nasionale Konvensie is daar talle petisies uit verskeie dele van die land voorgelees waarin daar versoek is dat die Hollandse taal gelyke regte met die Engelse taal sou geniet. So was daar petisies van die „Afrikaanse Christelike Vrouwenvereniging," die „Oranje Vrouwen Vereniging"[1] en die sekretaris van die „Zuid Afrikaanse Taalbond" van die Kaapkolonie wat, eienaardig genoeg, in Engels opgestel was. Laasgenoemde lui as volg: „...The Hoofdbestuur respectfully beg to intimate that this, the closest of all possible Unions, would be greatly promoted and lastingly cemented by mutual concessions between our two great European races in regard to their respective languages..."[2]

HOUDING T.O.V. DIE NATURELLE.

Op 13 Maart 1906 het genl. Smuts aan Merriman geskryf: „...I sympathise profoundly with the native races of South Africa whose land it was long before we came here to force a policy of 'disponère' on them and it aught to be the policy of all parties to do justice to the natives and to take all wise and prevalent measures for their civilisation and improvement. But I don't believe in politics for them...so far as the natives are concerned politics will to my mind only have an unsettling influence. I would therefore not give them the franchise, which in any case would not affect them...When I consider the political future of the natives in South Africa I must say that I look into shadows and darkness; and then I feel inclined to shift the intolerable burden of solving that sphenic problem to the ampler shoulder and stronger trains of the future...My feeling is that strong forces are at work which will transform the Africander attitude to the natives. As against the somewhat crude missionary hoping Africander views were bound to be somewhat anti-native; but the mine-owner and exploiter have taken the place of the missionary and as against him we

1). Sir Edgar Walton. A.w. Bl. XVI.
2). Hofmeyr vers. Vol. 13. Afdeling B. Band: Nasionale Konvensie. Algemene korrespondensie. Mei tot Junie 1909.

are rapidly all becoming negrophilists...You must bear in mind that I discussed many matters with the English Government to which I have not referred in the memo. The native question I discussed on the above lines and they seemed impressed that a Boer should have such views. But events are showing them who is the real slave driver in South Africa...."[1]

Die houding van mnr. Merriman was die teenoorgestelde van dié van Smuts. Aan mnr. Goldwin Smith het hy geskryf dat hy, „...like most white men who live under South African conditions, (have) a great distaste for colour. I must confess that, viewed merely as a safety valve, I regard the franchise as having answered its purpose.

Now none of the other three Colonies have any approach to our system. In the two Boer states they refused the native civil rights. In Natal the whole system has been designed to keep him in a state of barbarism. In any negotiations for union they will attempt to get us to abandon our franchise...The best course would be to adopt a high franchise with a real educational test which would shut out all but the native who was fit to exercise the rights of a citizen while not denying to any man the privilege of citizenship on the ground of the accident of his colour...

There is an alternative of keeping the Cape franchise for the Cape and having a different franchise for the other parts of South Africa...."[2]

Toe Merriman in November 1907 'n besoek aan Transvaal afgelê het, het hy in 'n skrywe aan sy vrou verraai dat hy sterk negrofilistiese neigings gehad het. In die leeglêers wat die bekoring van die Johannesburgse sakedele besoedel, het hy gesien „...men who beg their bread in cities built but yesterday...."[3] By hom het daar 'n drang opgewel om hul lot te verbeter, want „...if I could do that I should feel that I had not lived in vain...."[4] en toe ene Phokoo hom besoek het, was hy so aangedaan dat hy moes meedeel dat „...he was most

1). Mer. vers. No. 68 van 1906. 13 Maart 1906.
2). do. No. 11 van 1907. 26 Oktober 1907.
3). do. No. 131 van 1907. 11 November 1907.
4). do.

intelligent. I was pleased to think that these people look on me as a friend...."[1]

Die naturellestemreg-kwessie was ongetwyfeld die moeilikste probleem wat deur die afgevaardigdes na die Nasionale Konvensie aangedurf moes word. Met die een leier as 'n antipode van die ander, met 'n nie-blanke meerderheid wat in stamme, met verskil in lewensstandaarde, oor die lengte en breedte van die land versprei was, met 'n opinie in Engeland wat juis die oorsaak vir die trek na die binneland was, met dit alles in aanmerking geneem, was die kwessie van die toekenning van gelyke regte aan die nie-blankes soos 'n poging om 'n oseaan met 'n hangbrug te oorspan.

Tog is daar ernstige pogings aangewend om ook hierdie kwessie op te los. Op 24 Februarie 1908 het Merriman aan Smuts geskryf: „...The great difficulty is the franchise. This might, I think, be overcome by allocating members to each Province in proportion to the European inhabitants only, leaving the question of the franchise to the provinces themselves and providing that local franchise should not be altered except on a two-third majority to be ascertained by a plebiscite of registered voters in the province...."[2]

Aan Steyn het Merriman 'n ander moontlike oplossing voorgehou: „...The Native Question might be got over by enacting that the representation of each constituent province be in proportion to its European population and that its quota of members should be elected on its franchise which could be safeguarded in the Constitution. This will enable us to elect members at the Cape on the existing franchise leaving those of the other province's intact. I am pretty sure that neither would they advance in one direction such as I wish they could, nor is it possible that we could abandon our position to which all parties here are immediately pledged...."[3]

In Engeland het hierdie aangeleentheid ook aandag geniet. Mnr.

---

1). Mer. vers. No. 131 van 1907. 11 November 1907.
2). do. No. 26 van 1908. 24 Februarie 1908.
3). do. No. 34 van 1908. 12 Maart 1908.

John Hobson het aan Smuts geskryf om van hom 'n uiteensetting van sy standpunt te vra. Smuts het aan die versoek voldoen en terselfdertyd 'n kopie daarvan aan Merriman gestuur. Aan Hobson het Smuts geskryf: „You ask me for my views to the way the Native question has to be dealt with in the Union. I don't mind telling you quite frankly what are my views. They are for your information and not for publication.

My impression is that the only sound policy at this stage is to avoid any attempt at a comprehensive solution of the various questions surrounding the political status and rights of the natives. With the chaotic state in which public opinion on this subject is at present, any solution would be a poor compromise which might probably prejudice a fairer and more statesmanlike settlement later on. Public opinion in the majority of the South African States is against a native franchise in any shape or form, and while it cannot be denied that on this delicate subject responsible public men are probably in advance of the rather crude attitude of the people at large and would be prepared to consider the subject on its merits, still the fear of the people will be with them and they will probably shrink from any far-reaching innovation. The danger then is that a poor makeshift arrangement will be framed, and there is the further and graver danger that the people, who will have to ultimately ratify any constitution, may veto it on the ground that it confers the franchise on natives. This latter danger is a very real one, and will be a strong inducement to all who seriously desire to bring about a United South Africa to shelve this question at this stage in order to attack it under more favourable conditions after Union has been brought about. My view is that the different franchise laws of the several Colonies ought to be left undisturbed and that the first Union Elections ought to take place thereunder, and that the question of a uniform franchise law be gone into after the Union has been brought about. You will then avoid the dangers I have referred to; and you will in the union Parliament, representing as it will all that is best in the whole of South Africa, have a far more powerful and efficient instrument for the solution of the question along broad and statesmanlike lines than you will have in the Union

Convention...The political status of the natives is no doubt a very important matter, but vastly more important to me is the Union of South Africa, which, if not carried now, will probably remain in abeyance until another deluge has swept over South Africa. If you have Union you will also admittedly have a far better chance of handling the whole native question properly...

When Union has been brought about, and supposing it assumes the form of Unification, or approaches the Unified Type, as I think it will, a general franchise law for South Africa will become necessary. And it seems to me that the great probablility is in favour a simple manhood suffrage for all whites such as we have now in the Transvaal and Orange River Colony. Now, evidently, that franchise could not be conferred on the native population also. Manhood suffrage for whites would inevibably mean a different franchise for natives. And I think such a differential franchise could be justified on the strongest grounds. Every white man, however poor or ignorant, is born into a community with a long civilized past behind it and with training and traditions which constitute a strong presumption in favour of his being capable of exercising his franchise properly. But in favour of the native there is no such historical and cultural presumption. The onus probandi is distinctively on him, and he has first to prove his fitness before he is admitted into the charmed circle.. In other words, any native franchise will have to contain certain tests of education and civilised life which would not be applied to the whites. What these tests are to be I do not consider it above the wit of man to determine. But I do think that the problem should not be attacked before the consummation of Union...."[1)]

In reaksie op hierdie uiteensetting het Merriman geskryf dat aangesien die kwessie van naturellestemreg 'n delikate kwessie is, die Imperiale Regering nie die bestuur van die 4,500,000 gekleurdes onvoorwaardelik aan die goeddunke van 'n skamele 1,200,000 onderdane in

1). Mer. vers. Aangeheg aan no. 81 van 1908. 13 Julie 1908.

die kolonies kon oorlaat nie. Die hoofdoel van unifikasie sou wees om Suid-Afrika van onbillike oorsese kritiek te vrywaar en daarom sou hy daarop aandring dat die Kaapse stemreg onveranderd bly. „...I have tried to find a better solution in vain. One alternative would be to cut off the Native territories and govern them as provinces allowing large privileges in local government as we do in the Transkei. And as we shall have to do if Basutoland is annexed. To this solution Natal and indeed our own Eastern districts and the Northern Transvaal would form a grave difficulty to any scheme of fancy representation...When one sees on one side the drunken degraded European or the apathetic hopeless poor white and on the other the decent respectable native farmer or artisan, one has misgivings as to the future akin to despair...To me personally the idea of a native franchise is repellent but I am convinced that it is a safety valve...that so far from its leading to any immediate danger it will be generations before the European political supremacy will be menaced while it does undoubtedly...give them a content which puts an end to political unrest that any unrepresented population always will have for this reason...."[1)]

'n Maand later het Merriman aan Rose-Innes geskryf: „...The native question will be the chief difficulty — not made any smoother by foolish speeches like those of Wattermeyer (sic.) etc., etc. The whole thing is complicated by the absurd franchise in the Transvaal and O.R.C. ...."[2)]

Die gevolgtrekkinge waartoe die Engelse parlementslid, J. Bryce, na 'n besoek aan die V.S.A. geraak het, en wat hy aan Merriman gestuur het, het slegs gedien om water op die meule van die Kaapse premier te gooi. Hy het gewaarsku: „...What I have seen in the U.S. makes me feel anxious that the native should be well treated, contented, friendly to the white element; otherwise he must be dangerous when he acquires knowledge and organization which can't in the long run be kept from him...."[3)]

---

1). Mer. vers. No. 86 van 1908. 16 tot 20 Julie 1908.
2). Rose-Innes vers. No. 459. 17 Augustus 1908.
3). Mer. vers. No. 160 van 1908. 29 Augustus 1908.

Miskien sal die grense van welvoeglikheid nie oortree word as daar op hierdie stadium stilgestaan word om die houding van Merriman, soos deur homself weergegee, krities te ondersoek nie.

Die eerste opvallende feit is dat die Johannesburgse bedelaar-naturel, wat ŉ spesifiek blanke gebied besoedel het, die simpatieke opheffingsbegeerte van Merriman wakker gemaak het, terwyl sy medeblanke burger wat tot ŉ val gekom het, ŉ rilling deur sy lyf laat gaan het. Die tweede feit is dat Merriman sy opvatting van die naturel in die algemeen bepaal het volgens enkele indrukke wat eerbare en gegoede naturelle op hom gemaak het. Net so het hy die swak indrukke wat ŉ paar agterlike blankes op hom gemaak het veralgemeen om sy houding teenoor die armblankes te vertroebel. Die derde feit is dat Merriman erken dat die hele Suid-Afrika, insluitend die Oostelike Provinsie, die toekenning van naturellestemreg afkeur. Intussen gebruik hy die Transkei, oos van die Oostelike Provinsie, om te bewys watter goeie resultaat die toekenning van stemreg vir daardie naturelle gehad het. Die vierde feit is dat Merriman erken het dat die toekenning van naturellestemreg ŉ gevaar vir die toekoms van die land inhou. Die gevaar sou eers na ŉ paar geslagte akuut word en intussen sou dit politieke rus verskaf. Die belange van die nageslag kon negeer word so lank as wat daar vir die moment gesorg word. Dit was ook die houding van sir George Grey toe hy teen die middel van die vorige eeu Indiërs vir die bewerking van die Natalse suikerplantasies laat invoer het. Ten slotte was Merriman bewus daarvan dat daar slegs ŉ nietige agitasie onder die naturelle self vir die toekenning van stemreg was. In die Kaapkolonie het dr. Abdurahman gevra dat die Kaapse stemregvereistes onveranderd sou bly.[1] In Transvaal het die kleurlinge op die Witwatersrand,[2] asook naturelle

---

1). Sien bl. 202 van hierdie werk.
2). „Minutes of Proceedings with Annexures (Selected) of the South African National Convention held at Durban, Cape Town and Bloemfontein. 12th October, 1908 to 11th May, 1909." Bl. XV1 tot XX1 asook bl. 304 tot 306.

onder leiding van C.H. Chake van Marabastad gevra dat hulle direk in die Unieparlement verteenwoordig sal word.[1] Die groot massa van die naturellebevolking het geen stemreg begeer nie en hierdie feit het hul koerant, die „Imvo," in Maart 1909 baie duidelik gestel.[2] Die agitasie wat daar wel was, was die agitasie van negrofiliste soos Merriman, Schreiner en Stanford. Terwille van hul houding, en terwille van die Britse pers, moes die verenigde Suid-Afrika weerhou word van 'n uniforme stemregbasis.

Op 2 Oktober 1908, dus slegs enkele dae voordat die Nasionlae Konvensie met sy werksaamhede sou begin, het Smuts vir oulaas aan Merriman geskryf en by hom gepleit om die stemregkwessie te laat bly soos dit was en om nie daarop aan te dring dat die Kaapse stelsel in die noordelike state toegepas moet word nie. „...I feel pretty certain that a native franchise imported into the Constitution would make Union impossible," het hy geskryf. „To us Union means more than the native question and it will be the only means of properly handling that vexed problem...."[3]

<u>VROUESTEMREG.</u>

Op 12 November 1906 het Smuts aan Merriman geskryf: „...I note what you say of Botha's speeches in regard to the suffrage of women... I don't understand Botha seriously to advocate this measure. Like Campbell-Bannerman he is merely coquetting with what appears to be a harmless delusion. C.B. has already found out his mistake...Botha may yet be undeceived in a similar manner. He has never yet spoken to me about the matter, but I shall warn him now to be careful. Africanders are conservative and will resent these revolutionary innovocations...."[4]

Merriman het geen doekies om die afkeur wat hy t.o.v. die toekenning van stemreg aan vroulikes gehad het, gedraai nie. Aan Goldwin Smith het hy geskryf: „...The English race in its old home

---

1). „De Volkstem," 27 November 1908, bl. 5.
2). „The Star," 3 Maart 1909, bl. 6.
3). Mer. vers. No. 240 van 1908. 2 Oktober 1908.
4). A. In Aug. 1908 het Merriman 'n ander houding openbaar. Sien bl.193 van hierdie werk.
B. Mer. vers. No. 215 van 1906. 12 November 1906.

seems to be losing its fibre, and to be going after false Gods. Any one who can get hold of the lay educated masses with some new fad seems to be able to get an audience. England used to be Roman, she is rapidly becoming Greek — without the saving grace of the Greek intellect... Female suffrage is indeed a 'putent of putant' but thank God the suffragettes have killed that for a while with their antics...."[1)]

Aangesien beide Smuts en Merriman baie sterk teenstanders van die toekenning van stemreg aan vroulikes was, was dit vanselfsprekend dat Moor, wat baie sterk vir die saak gevoel het en wat op halfhartige wyse deur Botha gesteun is, nie veel kans op sukses sou hê nie.

Die Nasionale Konvensie het petisies van 1,415 Natalse dames en van 2,318 dames uit die res van die land ontvang om te vra dat stemreg ook aan vroue verleen sou word. Toe daar egter ook petisies van 7,256 vroue ontvang is wat hulle teen so 'n toekenning uitgelaat het, was die saak beklink.[2)] Op voorstel van genl. Smuts het die Nasionale Konvensie besluit: „...that Parliament shall have the power by a bare majority to confer the franchise on women of European descent."[3)] Die voorstel van Stanford, om die laaste drie woorde van Smuts se voorstel te skraap, het 'n opskudding in die Konvensiesaal veroorsaak.[4)] Stanford was klaarblyklik die enigste lid wat aan so iets kon dink.

VERTEENWOORDIGING.

Aangesien proporsionele verteenwoordiging in beide Transvaal en in die O.R.K. met groot sukses toegepas is en ook omdat dit vir die stedelike gebiede van Natal baie voordelig sou wees, het daar 'n agitasie ontstaan om unifikasie teen te werk indien proporsionele verteenwoordiging nie as die basis van verteenwoordiging vir die Unie aanvaar word nie. As gevolg van hierdie agitasie het genl. Botha op 6 Augustus 1908 aan Merriman geskryf: „...I understand that certain

---

1). Mer. vers. No. 28 van 1907. 26 Maart 1907.
2). „Notulen van Verrichtingen met Aanhangsels (Uitgekosen) van de Zuid Afrikaanse Nationale Konventie gehouden te Durban, Kaapstad en Bloemfontein. 12 Oktober 1908 tot 11 Mei 1909." Bl. XVl tot XXl en bl. 304 tot bl. 306.
3). „Minutes...National Convention." A.w. Bl. 305.
4). do. Bl. 306.

parties here with others in the other Colonies will urge most strongly at the Convention, as regards the representation on the one vote one value principle with automatic redistribution, and that if they do not get this they will wreck the Closer Union policy. I should like you to go into the question of how this one vote etc. principle would effect the Cape Colony, and take two quotas, one of 1,000 and one of 1,500. In Natal of course it would give Durban and Maritzburg two thirds of the members if not more — so that, between us, you can easily see what is behind all this. In the Transvaal we have these principles to-day and also in the O.R.C. but all depends on the Cape Colony. I hope that you will let me know confidentially how it would work in the Cape...."[1]

Merriman het daarop laat weet dat so 'n stelsel ongeskik vir 'n land soos Suid-Afrika sou wees aangesien dit die „aristocrats" te veel mag teenoor die plattelander sou gee. „...If we are to keep this country in a sane and sober state we must see to it that the balance of power is in the hands of the landed interest, and with the 'one man one vote' principle this is impossible. Believe me, in the settlement of this lies the whole future destiny of South Africa. You can see in our present state of financial ruin the effect of putting the government in the hands of the floating population of the towns who are at once cruelly extravagant and absolutely unfitted to be entrusted with the control of the native population with whom they never come into contact[2] ... I do not think that our people would even consent to this; they would rather remain as they are...The forces behind all this pretend love for democratic principle. They really wish to see the Capitalist from oversea the master instead of the man on the land...I hope that we may count on you to see that this evil is averted. I think you can reckon on the Cape. I am sure you can on the Free State, but I fear that Natal is past praying for in these matters...."[3]

Met hierdie skrywe het die bespreking van die kwessie van

---

1). Mer. vers. No. 103 van 1908. 6 Augustus 1908.
2). Die refleksie het natuurlik betrekking op dr. Jameson.
3). Mer. vers. No. 113 van 1908. 17 Augustus 1908.

proporsionele verteenwoordiging doodgeloop. Die „Closer Union" -verenigings het onderneem om 'n studie van hierdie aangeleentheid te maak. Op 28 September het R.H. Brand 'n voorlesing oor proporsionele verteenwoordiging gehou en sy uiteensetting het wye publisiteit geniet.[1] Die informasie wat deur die „Closer Union" -verenigings ingewin is, is aan die lede van die Nasionale Konvensie voorgelê.

DIE PROTEKTORATE.

Toe daar in 1908 reeds 'n drang ontstaan het om die naturelle-protektorate by die verskeie Suid-Afrikaanse kolonies in te lyf, het Smuts vir Selborne oor die saak gepols. Die reaksie van Selborne was negatief met die gevolg dat Smuts aan Merriman geskryf het: „... Lord Selborne's idea is to hand over the native protectorates, not to this or that Colony, but to the future Federation, and in the meantime to have them governed from Downing Street. I am afraid the British government is in full agreement with him on this question so that nothing will be done unless we hurry on Union...."[2]

Toe daar ses maande later verneem is dat daar in Engeland daaraan getwyfel word of dit wenslik sou wees om die protektorate aan die Unie te oorhandig, het Smuts sy persoonlike opvattinge kristalhelder in 'n skrywe aan mnr. John Hobson, een van die Britse Liberale parlementslede, gestel: „...You raise the ... question of the inclusion of the great reserves like Basutoland, Bechuanaland, etc. in the Union from the start. I think there cannot be two opinions about the advisability of that. Zoutpansberg in the Transvaal has as large a native population as Basutoland, and Zululand in Natal has a much larger population. There cannot therefore be any reason in entrusting the natives of Zoutpansberg and Zululand to the Union and keeping out those of Basutoland and similar reserves. If I were a British Statesman I would trust the people in South Africa in this matter and commit the

---

1). „The Star," 28 September 1908, hoofartikel.
2). Mer. vers. No. 3 van 1908. 8 Januarie 1908.

government of the whole of British South Africa unreservedly to their charge. Such trust is not likely to be misplaced and will most impressively bring home to South Africans their solemn duties in the matter...."[1)]

Die houding van die Britse regering, soos weergegee deur Bryce, Selborne en Walton, kom daarop neer dat die Basoeto's onder Britse bestuur verbasend vinnig ontwikkel het en dat hulle graag die goeie werk wou voortsit. Omdat die Britse regeerders besef het dat daar 'n staat in 'n staat sou wees as Basoetoland nie by die Unie ingelyf word nie, is besluit dat die naturellegebiede by die Unie ingelyf sou word mits die naturelle self daarom vra.[2)]

Aangesien die lede van die Nasionale Konvensie nie bereid was om stemreg aan die naturelle te verleen nie, was die inwoners van die protektorate onwillig om by die Unie ingelyf te word. Dit is dan ook die oorsaak waarom hierdie belangrike aangeleentheid nie met unifikasie opgelos is nie.

DIE HANDEL MET PORTUGEES-OOS-AFRIKA.

Soos reeds aangetoon, het lord Selborne, by geleentheid van die publikasie van sy memorandum, 'n nota van die Transvaalse regering laat publiseer waarin meegedeel is dat genoemde regering van voorneme was om die bande van vriendskap met hul Portugese bure te handhaaf.[3)]

Die Kamers van Koophandel, wat van 27 tot 29 April 1908 'n kongres te Port Elizabeth gehou het, het bevind dat Mosambiek 'n te groot deel van die handel met die Witwatersrand ontvang het, en daarom is dit aan hul sekretaris, mnr. E.J. Cattell, opgedra om lord Selborne te versoek om die Modus Vivendi te heroorweeg sodat die Transvaalse regering oorreed kon word om kennis te gee dat dit gekanselleer sou word.[4)]

As gevolg van die naderende Unie het die Transvaalse regering

1). Mer. vers. Aangeheg aan no. 81 van 1908. 13 Julie 1908.
2). do. No. 160 van 1908. 29 Augustus 1908.
3). Sien bl. 38 van hierdie werk.

besef dat die Modus Vivendi se dae getel was en daarom het hulle met hul Portugese buurstaat begin onderhandel ten einde 'n nuwe handelsverdrag, wat ook na unifikasie van krag sou wees, daar te stel.[1] Dat die voorlopige reëlings besondere gunstige voorwaardes vir die Portugese ingehou het, word bewys uit die houding van hul goewerneur, majoor D'Andradé, toe hy op 'n vraag van 'n verslaggewer t.o.v. die komende Unie geantwoord het: „...That is quite out of my line...we must keep outside, although I do not believe it will be a bad thing for us in a general way, but of course the situation in South Africa is such that it is difficult to deal with all the interests involved...."[2]

REËLINGS I.V.M. DIE VERBLYF IN DURBAN.

Sir Matthew Nathan, die goewerneur van Natal, het dit goed geag om die premiers van die drie susterkolonies uit te nooi om by hom tuis te gaan tydens die sittingstyd van die Nasionale Konvensie aldaar.[3] Fischer het daarop aan Botha geskryf om te vra hoe om dit van die hand te wys sonder om aanstoot te gee.[4] Botha het daarop laat weet dat hy reeds Nathan vir die uitnodiging bedank het maar dat, aangesien die afgevaardigdes en hul personeel saam gehuisves moes word, hy nie die uitnodiging kon aanneem nie.[5]

Die gasvryheid van Natal het egter nie toegelaat dat die saak so maklik afgehandel word nie. Op 1 September het Moor die volgende skrywe aan Botha gerig: „I have the Honour on behalf of the Natal Govt. to invite you and the other delegates and staffs from the Transvaal who will be attending the National South African Convention to be our guests during their stay in Natal. Arrangements will probably be made to accomodate the guests from all Colonies in the same Hotel."[6]

Weer eens het Fischer met Botha in verbinding getree aangesien

1). Mer. vers. No. 146 van 1908. 20 Augustus 1908. Brief van Botha aan Merriman.
2). „The Star," 21 September 1908, bl. 7.
3). Premier. Transvaal. Band 60. Omslag 2. 5 Augustus 1908.
4). do. Omslag 8. 13 Augustus 1908.
5). do.
6). do. Omslag 2. 1 September 1908.

die gesondheidstoestand van Steyn nie sou toelaat dat hy saam met al die afgevaardigdes in een hotel kon bly nie.[1] Botha het daarop aan Fischer en Merriman getelegrafeer dat, volgens sy mening, die afgevaardigdes en personeel wel in dieselfde hotel kon tuisgaan, maar dat elk verantwoordelik sou wees vir sy eie koste wat hulle dan proporsioneel kon bereken.[2]

Merriman het laat weet dat hy dit met Botha eens was alhoewel hy reeds die uitnodiging aanvaar het. „...Our delegates whom I have consulted would prefer to make their own arrangements. I propose to give each £2-2-0 per day for that purpose. I question whether one hotel would work. People's ideas of comfort are so different. If I were a bachelor I would choose a club...."[3]

Nadat hy die saak met Smuts en Hull bespreek het, het Botha aan Merriman getelegrafeer: „...We consider that each Colony should make its own arrangements for accomodation...I think that we should send identical replies...."[4] Hierdie voorstel is aangeneem en op 5 September het die drie premiers dan ook die Natalse regering bedank vir hul vriendelikheid en daarop gewys dat hulle, om talle oorwegings, sou verkies om hul eie reëlings te tref en hul eie onkoste te dra.[5]

REËLINGS I.V.M. SOSIALE FUNKSIES IN DURBAN.

Genl. Botha, wat reeds oorsee gesien het hoe werksaamhede van 'n belangrike vergadering deur sosiale aangeleenthede belemmer kon word, was die eerste persoon om hierdie saak aan te roer.

Op 31 Julie 1908 het hy aan Moor geskryf: „...You know what our experience has been in London during the last Inter Colonial Conference when all serious work was practically made impossible on account of the great number of social functions. I feel sure therefore that you will not take it amiss if I write to you about this matter. I think that we should all agree to refuse all invitations. If you could make

1). Premier. Transvaal. Band 60. Omslag 2. 1 September 1908.
2). do. 3 September 1908.
3). Mer. vers. No. 171 van 1908. 4 September 1908.
4). do. No. 170 van 1908. 4 September 1908.
5). Premier. Transvaal. Band 60. Omslag 2. 5 September 1908.

it clear in Durban that the delegates have come to work and should like to attend as few social functions as possible I think you will be assisting us a great deal...."[1)]

Moor het geantwoord: "...I...agree as regards these social functions. I shall have to move with circumspection, however, in order to avoid giving offence...."[2)]

As gevolg van die aard van die saak kon alle uitnodigings nie van die hand gewys word nie. Die afgevaardigdes moes genoeë neem met 'n onthaal, gegee deur die Durbanse Stadsraad, net voordat die sitting 'n aanvang geneem het, en ook met 'n uitnodiging na die goewerneurswoning op die eerste Woensdag van hul verblyf in Durban.

Danksy die vroegtydige optrede van Botha kon die lede van die Nasionale Konvensie dus ongestoord hul werksaamhede in Durban, Kaapstad en Bloemfontein afhandel.

------oOo------

1). Premier. Natal. Konfidensiële korrespondensie. Band 106/1908. No. 112/1908. 31 Julie 1908.
2). Premier. Transvaal. Band 60. Omslag 7. 4 Augustus 1908.

# HOOFSTUK 9.

## DIE NASIONALE KONVENSIE.

| | Bl. |
|---|---|
| 1. OKTOBER 1908. | 244 |
| 2. FEESTELIKE ONTHAAL. | 249 |
| 3. DIE OPENING VAN DIE NASIONALE KONVENSIE. | 250 |
| 4. DIE MANNE WAT DIE GRONDWET OPGESTEL HET. | 252 |
| 5. GEHEIMHOUDING. | 254 |
| 6. UNIFIKASIE OF FEDERASIE? | 255 |
| 7. DIE TAALKWESSIE. | 256 |
| 8. VERDERE BESLUITE. | 259 |
| 9. DIE MAGTE VAN DIE UNIEPARLEMENT. | 259 |
| 10. DIE STEMREGKWESSIE. | 260 |
| 11. DIE VYFTIEN RESOLUSIES VAN SMUTS. | 265 |
| 12. RESOLUSIE NO. 7. | 267 |
| 13. RESOLUSIE NO. 9. | 270 |
| 14. DIE SALARIS VAN DIE PARLEMENTSLEDE. | 279 |
| 15. PROVINSIALE BESTUUR. | 280 |
| 16. BRANDSKADE IN DIE O.R.K. | 284 |
| 17. HITTE IN DURBAN. | 285 |
| 18. KAAPSTAD. | 286 |
| 19. REGTERLIK. | 287 |
| 20. DIE PROTEKTORATE. | 287 |
| 21. VROUE STEMREG. | 290 |
| 22. DIE HOOFSTAD VAN DIE UNIE. | 290 |
| 23. VERGOEDING AAN DIE KOLONIALE HOOFSTEDE. | 297 |
| 24. DIE NAAM VAN DIE O.R.K. | 298 |
| 25. DIE FINANSIËLE KOMMISSIE. | 299 |
| 26. DIE KONSEPKONSTITUSIE. | 300 |
| 27. REËLINGS I.V.M. PROSEDURE. | 301 |
| 28. DIE NOTULE VAN DIE NASIONALE KONVENSIE. | 302 |
| 29. DIE VERDAGING VAN DIE NASIONALE KONVENSIE. | 303 |
| 30. HULDE AAN BOTHA. | 303 |

-----o0o-----

F O R  C L O S E R  U N I O N.
QUITE IMPERIAL YOU KNOW.




L.B. What do you think of the cut and the Imperial collar?

Sir G. Oh, quite a swagger; with manners as charming as yours we should get along quite nicely.

---

„The Star," 16 September 1908, bl. 8.

# HOOFSTUK 9.

## DIE NASIONALE KONVENSIE.

### OKTOBER 1908.

In 1908 het Oktobermaand, vir die soveelste keer in die geskiedenis, beloof om groot dinge te lewer. Sou daar werklik 'n kentering in die volkslewe kom? Sou daar werklik 'n verenigde nasie gebore word? Die algemene toestande was gunstig daarvoor, en tog was die struikelblokke wat oorkom sou moes word, so groot dat selfs die geesdriftigste unifikasie-voorstanders begin twyfel het aan die moontlikheid daarvan.

Op 9 Oktober het die „Volkstem" hierdie gevoel van twyfel pragtig uitgebeeld: „Oktober-maand is 'n betekenisvollemaand voor't Afrikaanse volk. Op 2 Oktober werd Pres. Steyn geboren, op 5 Oktober Pres. Reitz en op 10 Oktober Pres. Kruger. Op de 13de dier maand werd, in 1867, de eerste diamant in Zuid Afrika gevonden en op de dertigste Oktober 1858 rapporteerde 'n zendeling in Zoutpansberg aan de Transvaalse Regering de eerste ontdekking van goud. Op 19 Oktober 1837 werd, in Natal, de eerste Afrikaner Staat gegrondvest. En op 11 Oktober 1899 brak in Zuid Afrika 'n oorlog uit...Een nieuwe datum zal eerlang aan de reeds genoemden word toegevoegd; op 12 Oktober aanstaande zal te Durban 'n vergadering worden geopend van de bekwaamste mannen waarover ons werelddeel beschikt, ten einde te beraadslagen over de mogelikheid om tot nauwer vereniging van Brits Zuid Afrika te geraken...Zal ditmaal de poging gelukken? Meer dan ooit tevoren is de goede wil voorhanden... Tegenover de goede wil, tegenover 't vage welbehagen, waarmee Unifikasie wordt verwelkomd, staan de machtige elementen van inersie, zelfzucht, angstvalligheid en andere...om niet te spreken van de technies-politieke en ekonomiese moeilikheden, die natuurlik legio zijn. Met 'n bezwaard gemoed zien wij dus de Durbanse Konferensie aanbreken. Indien de tans beraamde poging tot aaneensluiting mislukt, zal Zuid Afrika 'n nuwe gestalte voor de toekomst aanvaarden en in separatistiese richting naar

de vooruitgang streven, die onbereikbaar gebleken was onder 'n ge-unificeerd organisme.

Wat dus ook de uitslag mag wezen van de komende Konferensie, we wensen van harte dat zegen moge rusten op de gewichtige arbeid onzer voormannen...."[1)]

Die „Star" was pessimisties omdat hulle, afgesien van die talle moeilikhede wat in die vooruitsig gestel is, ook nog van mening was dat die Transvaalse afgevaardigdes te min en te onervare was om hulle op 'n behoorlike wyse van hul taak te kwyt.[2)]

Op 9 Oktober, om 9 uur nm., het die eerste groep Transvaalse afgevaardigdes met 'n spesiale trein Johannesburg verlaat. Hierdie groep het bestaan uit mnr. en mev. Fitzpatrick, mnr. en mev. Lindsay vergesel van hul twee dogters, mnr. Price, mnr. Duncan en mnr. Brand. Die volgende aand om 8 uur het dr. Jameson, mnr. Smartt en sir George Farrar vertrek. Mnr. H.W. Milton, die administrateur van Suid-Rhodesië, het op 11 Oktober om 9.30 vm. met die „Kaffir Mail" vanaf Parkstasie vertrek.[3)]

Generaal Botha, met genl. Smuts, genl. De la Rey en mnr. Bok as sy gaste, het Vrydag 9 Oktober op sy plaas, „Rusthof," deurgebring. Die aand het hulle vanaf die spoorweghalte na Standerton met die „Natal Mail" gereis waar hulle in genl. Botha se spesiale salon geslaap het. Nadat hulle in die „Grey's Hotel" ontbyt genuttig het, is hulle na die Vrymesselaarsaal waar genl. Botha 'n groot gehoor $2\frac{1}{2}$ uur lank toegespreek het.[4)] Na middagete het hulle stasie toe gegaan en, net voordat die trein na Durban vertrek het, het 'n spesiale verslaggewer van die „Star" vir genl. Botha gevra om aan hom 'n boodskap vir die bevolking van Transvaal te gee.[5)]

Talle prominente persone was op die perron om van die Transvaalse leiers afskeid te neem. „...Many a hearty handshake was exchanged with the two popular Generals, who left with a chorus of

---

1). „De Volkstem," 9 Oktober 1908, hoofartikel.
2). „The Star," 10 Oktober 1908, bl. 10.
3). do. Bl. 12.
4). do.
5). Sien bl. 100 van hierdie werk.

God speed wishes ringing in their ears.[1]

Te Volksrust is daar 'n tydlank vertoef sodat die drie generaals 'n trop van 150 Australiese skape, op pad na 'n proefboerdery te Ermelo, kon gaan bewonder.[2]

Op pad deur Natal kon die generaals dikwels bekende historiese plekke, soos Colenso, uitwys en dan interessante herinneringe meedeel. Die aand het hulle in Durban aangekom.[3]

Lord Selborne, alhoewel nie 'n afgevaardigde nie, moes tog ook in Durban wees sodat hy gedurigdeur as skakel met Engeland kon dien. Hy het op Maandagoggend in Durban aangekom.[4]

Met uitsondering van Jameson, Smartt en Stanford, wat per trein gereis het, het die Kaapse afgevaardigdes op Woensdag 7 Oktober met die „Kenilworth Castle," in ongunstige weersomstandighede, Kaapstad verlaat. In teenstelling met die afskeid van die Transvaalse voormanne was daar geen tekens van geesdrif toe die Kaapse afgevaardigdes vertrek het nie.[5] By Port Elizabeth het mnre. Maasdorp en Walton by die groep aangesluit en by Oos-Londen het ook mnr. van Heerden aan boord gestap. Op Sondag, toe feitlik al die ander afgevaardigdes reeds in Durban was, het die „Kenilworth Castle" die hawe binnegevaar waar mnr. Moor gewag het om die manne te verwelkom.[6]

Daardie Sondag, die laaste dag van rus voor 'n lang en opdraande stryd, het die meeste van die afgevaardigdes benut deur hulle ten volle aan 'n vakansiegees oor te gee. „...Those who were in town yesterday fell ready victims to the allurements of the beach and its open-air ocean bathing facilities. The revered head of General de la Rey was to be seen bobbing about in the waves, and, indeed, heroes of the Boer War were quite plentiful. The spectacle of gallant soldiers swimming about in the turbulent waters was appreciated highly by the on-looking multitude...."[7]

1). „The Star," 10 Oktober 1908, bl. 12.
2). „De Volkstem," 13 Oktober 1908, bl. 6.
3). do.
4). do.
5). „The Star," 12 Oktober 1908, bl. 7.
6). A. „De Volkstem," 13 Oktober 1908, bl. 6.
B. Die afgevaardigdes van die O.R.K. het die vorige dag reeds in Durban aangekom.
7). „The Star, 12 Oktober 1908, bl. 7.

In die hawe het die Britse vlooteskader, waarvan sir Percy Scott die bevelvoerder was, voor anker gelê. Duisende mense het die vorige oggend om 9 vm. op die „Bluff" gestaan en kyk hoe die „Devonshire," „Good hope" en „Carnarvon" deur 'n deinserigheid geleidelik die gesigsveld binnegevaar het om, met matrose op skouspelagtige wyse aan boord aangetree, by hulle verby te beweeg na hulle ankerplekke toe. Die „Antrim," wat weens 'n steenkooltekort vertraag is, het pas die volgende dag by die res van die eskader aangesluit.[1)]

Die ophef wat deur die Britse owerheid van die aanvang van die sitting van die Nasionale Konvensie gemaak is, het bewys gelewer dat daar veel meer op die spel was as bloot 'n poging om 'n grondwet vir 'n verenigde Suid-Afrika op te stel. Op 12 Oktober het die „Star" bevestig dat die besoek van die vlooteskader „...was something more than a manifestation of good will of the King and of the people of the United Kingdom. It denotes that the Closer Union Movement is no less a matter of Imperial than of Colonial concern...our delegates are endeavouring to bring South Africa into line with other parts of the Empire and to prepare us to take our full share of our imperial responsibilities. For good or for ill, for all time South Africa is now...an integral part of the world politics...."[2)] Hierdie opvatting word ook deur „The State," die orgaan van die „Closer Union"-vereniging, in min of meer dieselfde woorde weergegee.[3)] Die suggestie is dus duidelik. As 'n selfstandige deel van die Britse Ryk sou Suid-Afrika in die toekoms sy deel moes bydra t.o.v. alle oorloë waarin Engeland betrokke mag raak. Toe die Natallers etlike maande later gehuiwer het om by die voorgenoeme unie aan te sluit het die „Closer Union"-vereniging in 'n pamflet die saak baie duidelik gestel: „...There is one great patriotic reason why Natal should join the Union. As everybody knows there is to be an Imperial Naval Conference in London in July to draw up a

---

1). „De Volkstem," 13 Oktober 1908, bl. 6.
2). „The Star," 12 Oktober 1908, hoofartikel.
3). „The State." Volume 1, bl. 36, 13 Oktober 1908.

comprehensive plan for the defence of the Empire. At this Conference the different South African Governments will be represented. This Conference marks the first step towards the Closer Union of the Empire. As everybody knows the phenomenal increase in the German Navy threatens the existence of the Empire. Unless something is done at once to consolidate the unparalleled strength of England and her Colonies the British Navy may become inferior to its rivals, and South Africa and the other Colonies may be left at the mercy of some foreign foe. The Union of South Africa is an essential step in the progress towards Imperial safety. South Africa to-day is divided. It is utterly incapable of defending itself, because it has no head to frame a scheme, nor arm to carry it out. It knows nothing about the dangers which threaten its borders because it is nobody's business to find out what they are, or what steps should be taken against them...Are we going to put a stumbling block in the way or the consolidation of the British Empire against the threatening strength of the Triple Alliance under the leadership of Germany?...Union is not a South African question alone — it is an Imperial question...."[1)]

Toe sir Lewis Michell op 24 Oktober sy eerste indrukke van die Nasionale Konvensie aan sy broer beskryf het, het hy ook op die waarde van vereniging vir die Ryk en op ŉ ander aspek van die besprekinge gesinspeel. Die ander aspek was nl. dat veral die Boere afgevaardigdes in die besprekinge aan bande gelê sou wees deur die wense en die begeertes van die Britse regering. As onderhorige staatsmanne kon hulle slegs besluite neem wat deur die Britse owerheid goedgekeur sou word. Daarom het lord Selborne dan ook spesiaal na Durban afgereis sodat hy as skakel tussen die Konvensielede en Engeland kon dien. Daarom was dit dan ook nodig vir die Boereleiers om hul nog meer as ooit tevore te verneder deur hulself te verloën en so in die guns van die Engelssprekende afgevaardigdes te bly. Alhoewel hy dit nie in hierdie lig gesien het nie, het Michell dit tog duidelik openbaar toe hy aan sy broer geskryf het: "...The Transvaal representatives carry

1). T. Fletcher vers. Natalse argief. Band ACC 666. No. 1.

off the palm for ability and the six Boer Generals are all interesting figures. If we do nothing else we shall, I hope, have done one thing, i.e. killed racialism. The two races are absolutely one now against any outside foe, and I pity the Kaiser if he ever makes a raid on South Africa. To see Botha and Jameson arm in arm is almost laughable, as it is to hear — as we do hear — a Dutch delegate saying, 'My friend Dr. Jameson,' or 'That great man, Mr. Rhodes! ....'"[1]

FEESTELIKE ONTHAAL.

Hoewel genl. Botha probeer het om alle tydrowende sosiale funksies in die kiem te smoor, moes hy tog 'n uitsondering maak van die versoek van die dorpsraad van Durban om die konvensielede feestelik te verwelkom.[2]

Op Maandag 12 Oktober 1908 was al die vaartuie in die Durbanse hawe met vlae getooi. Presies om 3 nm. het admiraal Scott op 'n spesiaal versierde hawegebied aan wal gestap waar 'n erewag hom met 'n koninklike saluut verwelkom het. Die Natalse Veldartillerie het dertien saluutskote afgevuur en daarna is ook die afgevaardigdes deur die burgemeester en sy raadslede verwelkom. Toe het die gesiene besoekers na die stadsaal gegaan. Terwyl hulle die saal binnegestap het, het mnr. Proudman op die orrel gespeel. Die admiraal, sommige van sy offisiere, die burgemeesters van Johannesburg, Pretoria en Bloemfontein, gevolg deur die konvensielede, het onder toejuiging op die verhoog geklim, 'n toejuiging wat deur 'n dawerende gejuig vervang is toe dr. Jameson, genl. Botha en genl. Smuts die trappe bestyg het.[3]

Mnr. Charles Henwood, die burgemeester van Durban, het in sy verwelkomingsrede die verskeie regerings bedank vir die eer wat hulle Durban aangedoen het en die hoop uitgespreek dat hulle daarin sou slaag om 'n grondwet saam te stel wat vir al die kolonies aanneemlik sou wees.[4]

---

1). Sir Lewis Michell vers. ACC 540. No. 29. Bl. 354. 24 Oktober 1908.
2). Premier. Transvaal. Band 60. Omslag 2.
3). „The Star," 12 Oktober 1908, bl. 7.
4). do.

Mnr. Merriman, wat op die verwelkomingsrede geantwoord het, het die hoop uitgespreek dat die Kolonies spoedig sou verenig en dat provinsialisme plek sou maak vir ware Suid-Afrikanerskap.[1)]

Toe Merriman gaan sit het, het die Natallers op ondubbelsinnige wyse hul hoë dunk van die Transvaalse premier geopenbaar. „...There were loud cries of 'Botha,' but instead of having a Dutch oration, the people had to accept a friendly lead from the organist, who played the National Anthem.

Three cheers for the delegates were given, and they then adjourned to the fateful Council Chamber...."[2)]

Intussen het die feestelikhede in Durban voortgeduur en tot laat die nag is daar in 'n verligte Durban fees gevier.[3)]

DIE OPENING VAN DIE NASIONALE KONVENSIE.

Presies nege jaar nadat die eerste skote van die Tweede Vryheidsoorlog geklap het, het die 33 lede van die Nasionale Konvensie in die raadsaal van Durbanse stadsaal met hul werksaamhede begin.

Die tafels het in die vorm van 'n groot ruit gestaan en die lede het aan weerskante daarvan hul plekke ingeneem. Aan die hoof was die plek van sir Henry de Villiers. Regs van hom het die Kaapse afgevaardigdes gaan sit en links van hom was die stoele van die afgevaardigdes van Rhodesië en die O.R.K. Op die ander uiteinde van die ruit, regs van die voorsitter, is voorsiening vir die Natalse afgevaardigdes gemaak en links vir die Transvalers.[4)]

Sommige van die afgevaardigdes wat op daardie geskiedkundige dag die raadsaal binnegestap het, was nie opgewasse vir die taak wat voorgelê het nie. By ander het die nodige geesdrif ontbreek omdat hulle deeglik bewus was van die feit dat, indien daarin geslaag word om die kolonies te verenig, dit die einde van hul politieke loopbane sou beteken.

---

1). „De Volkstem," 13 Oktober 1908, bl. 7
2). „The Star," 12 Oktober 1908, bl. 7.
3). „De Volkstem," 13 Oktober 1908, bl. 6.
4). F.S. Malan. A.w. Bl. 20.

Voordat die meerderheid van die Transvaalse afgevaardigdes hul opwagting gemaak het, is met die werksaamhede begin deurdat mnr. Moor vir sir Henry de Villiers as voorsitter voorgestel het. Geen verdere nominasies is gemaak nie met die gevolg dat De Villiers, met ŉ kort toesprakie in beide tale, die eer aanvaar het.[1)]

Dit is opvallend dat hierdie belangrike vergadering opsetlik sonder gebed geopen is. Reeds die vorige dag het Malan en Steyn aanbeveel dat hierdie gevestigde Boeregebruik nie verontagsaam moes word nie.[2)] Nogtans is dit aan die Engelse element oorgelaat om die bal aan rol te sit op ŉ wyse wat hulle goedgeag het.

Tot eer van kol. Greene van Natal dien vermeld te word dat hy die moed gehad het om in die konvensiesaal protes aan te teken teen die manier waarop die werk aangevoor is en dat hy later ook ŉ mislukte poging aangewend het om die woorde „Relying on the blessing of Almighty God" in die inleiding tot die akte bygevoeg te kry.[3)]

Alhoewel die meerderheid van die Konvensielede hierdie beginselsaak doelbewus negeer het, kon die saak nie daargelaat word nie. Op 3 Junie 1910 het ŉ nuwe koerant, „Zuid-Afrika," wat toe net die lig gesien het, op die elfde bladsy van die eerste nommer ŉ „...woord aan de Nuwe Regering" gerig, nl.: „...De Konstitutie, of Grondwet, verschilt van de oude Transvaalshe Grondwet in een merkwaardig opzicht. De oude grondwet erkende en eerbiedigde God die de wereld rechtmatiglik oordelen zal. De niewe maakt van zijn naam zelfs geen melding!"[4)]

Toe die Transvaalse afgevaardigdes die raadsaal binnestap, het De Villiers net met die Hollandse deel van sy toespraak begin.[5)] Toe hy gaan sit het, is pres. Steyn, op voorstel van Merriman en gesekondeer deur Walton, as vise-president gekies.[6)] Nadat Steyn ook in beide tale ŉ toesprakie gelewer het, is Bok, op voorstel van Botha, as tolk gekies en toe is daar besluit dat die vier klerke van die vier kolonies, mnre.

1). F.S. Malan. A.w. Bl. 20.
2). do.
3). Sir Edgar Walton. A.w. Bl. 308.
4). Koloniale Sekr. Transvaal. Band 936. No. 19213.
5). Sir Edgar Walton. A.w. Bl. 1 tot 2.
6). F.S. Malan. A.w. Bl. 18.

Kilpin, Hofmeyr, De Villiers en Plowman, onder leiding van Kilpin, die sekretariële werk sou doen.[1]

Die voorsitter het toe die volgende boodskap van die Britse koning aan die vergadering voorgelees: „From the Secretary of State for the Colonies, London. His Majesty commanded me to ask you to receive and convey to the members of the Convention at Durban an expression of his deep interest in the subject of closer union...and of his cordial good wishes for the success of their deliberations...."[2]

Op voorstel van Smuts is daar besluit dat die Konvensie soggens vanaf 9.30 tot 5.30 sou sit. Op voorstel van Merriman is besluit dat alle verdere besprekinge in die geheim sou wees en die verslaggewers is versoek om die raadsaal te verlaat.[3] Sauer het voorgestel dat 8 lede ʼn kworum sou vorm. Smuts het 12 lede voorgestel. Die voorstel van Smuts is aangeneem.[4]

Die werksaamhede van die Nasionale Konvensie het nou in alle erns begin. Aangesien die beraadslaginge informeel van aard was en ook omdat die komitees, wat van tyd tot tyd benoem is om sake uit te pluis en aanbevelings te doen, geen verslag van hul samesprekings gehou het nie, is onderwerpe nie in volgorde behandel nie. Die gevolg was dat die besprekinge vir ʼn hele aantal lede al gou baie verwarrend moes gewees het.

## DIE MANNE WAT DIE GRONDWET OPGESTEL HET.

Dit was inderdaad 33 merkwaardige manne wat vergader het om ʼn grondwet vir ʼn verenigde Suid-Afrika op te stel. Nege van hulle het as gevangenes met die binnekante van tronke kennis gemaak. Ses van hulle was Boeregeneraals wie se hoofdoelstelling dit was om die Boererepublieke teen Engeland te beveilig en ses ander was offisiere van die Britse magte. Tog is daar in Suid-Afrika, na ʼn tydsbestek van slegs ses jaar, soveel gemeenskaplike belange opgebou dat hierdie

---

1). F.S. Malan. A.w. Bl. 22.
2). Sir Edgar Walton. A.w. Bl. 9.
3). F.S. Malan. A.w. Bl. 22.
4). Sir Edgar Walton. A.w. Bl. 6.

manne toe slegs een groot doelstelling gehad het.[1)]

Sir Henry de Villiers se vernaamste plig sou wees om orde in die raadsaal te handhaaf. Feitlik al die mosies wat hy voorgestel het, en al die verslae wat hy voorgelees het, is vooraf deur komitees opgestel met die gevolg dat daar amper altyd eenstemmigheid was as De Villiers die woord gevoer het. De Villiers het op 10 van die komitees, wat deur die Konvensie benoem is, gedien. As gevolg van sy heldere insig is talle moeilikhede oorbrug en daardeur is die werksaamhede van die Nasionale Konvensie aansienlik bespoedig.[2)]

Die Kaapse afgevaardigdes is deurgaans deur Merriman gelei en Jameson het as sekondant opgetree. In al die aangeleenthede wat nie vooraf beklink kon word nie, het Merriman sy man gestaan sodat die stemregooreenkoms verskans is, die hoofstad verdeel is en Smuts t.o.v. die stelsel van verteenwoordiging om die bos gelei is.

. Smuts was ongetwyfeld die mees uitstaande persoon op die Nasionale Konvensie. Sy persoonlike netheid was onberispelik en ondanks die kwaai subtropiese hitte het hy elke dag met ŉ gestyfde hemp en ŉ netjiese swart pak sy opwagting in die raadsaal gemaak. Alhoewel die hitte soms so uitputtend was dat die ander afgevaardigdes lomerig en nors geword het, het Smuts altyd vars en helder gebly. Sy toesprake was deurgaans duidelik, kragtig en oortuigend.[3)] Hy was besonder vindingruk en kon soms verrassende oplossings vir byna onoorbrugbare moeilikhede vind. Sy planne was die grondslag van die besprekinge met die gevolg dat daar tereg deur Crafford beweer is: „...The work of the Convention ultimately amounted to a little more than a gradual toning down of Smuts's original thesis...."[4)] Bygestaan deur ŉ personeel van 19 adviseurs wat hy met sorg gekies het, het hy daarvoor gesorg dat Transvaal die leiding in die besprekinge geneem en die rigting aangedui het.

Aangesien talle lede Smuts gewantrou het omdat hulle hom as slim

1). „The Star," 18 Desember 1908, bl. 9.
2). „Minutes...National Convention." A.w. Bl. XXV111 tot XXXV.
3). H.C. Armstrong. A.w. Bl. 154.
4). F.S. Crafford. A.w. Bl. 85.

en onderduims beskou het,[1] was die oorweldigende persoonlikheid van Botha ŉ onmisbare aanvulling vir Smuts. Hy het Smuts in alles ondersteun en almal het hom vertrou. „...Botha promised that when Union was complete he would pool the wealth of the Transvaal. That promise, coming from him, carried more weight than any other argument before the Convention...."[2]

GEHEIMHOUDING.

Die besluit dat alle beraadslaginge in kamera sou plaasvind, was absoluut essensieel. Daar is besef dat dit onmoontlik was om te kan werk as daar gedurig oor die skouers van die afgevaardigdes geloer word want daardeur sou die manne nie die vrymoedigheid gehad het om onomwonde hul opinies uit te spreek nie.[3] Die grootste nadeel van hierdie besluit was egter dat, afgesien van ŉ paar rowwe notas wat deur enkele lede gemaak is en die ingewikkelde amptelike notule wat deur die sekretarisse saamgestel is, die beraadslaginge van hierdie belangrike vergadering vir die nageslag verborge sal bly.

Die „Star" was teleurgestel omdat, alhoewel die besluit oor geheimhouding verwag is, dit nie vermoed was dat dit so gou geneem sou word nie. Die koerant was ook van mening dat dit onmoontlik sou wees vir ŉ vergadering van 33 lede om hierdie besluit na te kom.[4] ŉ Rukkie later het dieselfde koerant besluit dat dit onbillik was om die publiek in die duister te hou in ŉ saak wat hul hele toekoms sou bepaal. Slegs agterdog kon deur so ŉ stap gewek word.[5]

ŉ Week na die besluit het die „Volkstem" gegis dat die afgevaardigdes t.a.v. die mees kardinale punte ŉ vergelyk moes getref het, en dat die grootste struikelblokke oorbrug moes wees, want die Konvensie het nog geen plan verraai om te verdaag nie.[6]

Op 25 November het die „Star" na die werksaamhede van die Konvensie as „Still a Sealed Book" verwys[7] en op 2 Desember kon

1). H.C. Armstrong. A.w. Bl. 154.
2). do.
3). „The Transvaal Leader," 12 Oktober 1908, bl. 8.
4). „The Star," 13 Oktober 1908, bl. 9.
5). do. 15 Oktober 1908, hoofartikel.
6). „De Volkstem," 20 Oktober 1908, hoofartikel.
7). „The Star," 25 November 1908, hoofartikel.

THE DURBAN CONFERENCE.

AS CLOSE AS AN OYSTER.




THE PATIENT FISHERMAN AND THE HIDDEN PEARL.

---

„The Star," 31 Oktober 1908, bl. 10.

hierdie koerant nie nalaat om sy bewondering uit te spreek vir die manier waarop al die afgevaardigdes hul besluit eerbiedig nie.[1]

Op 22 Januarie 1909 het die „Star" meegedeel dat die koerantmanne deur hul kantore teruggeroep is omdat hulle geen nuus van die afgevaardigdes kon bekom nie. „... The proceedings have been kept so private that the phrase 'as secret as the Convention' has come into general use...."[2]

UNIFIKASIE OF FEDERASIE?

Op Dinsdagoggend het die werksaamhede van die Nasionale Konvensie in alle erns begin. Die voorsitter het resolusies gevra en, na 'n paar oomblikke van spannende stilte, het Merriman opgestaan en voorgestel dat die voorgenoeme vereniging die vorm van 'n unie sou aanneem met 'n voorsiening vir die toetreding van aangrensende gebiede op 'n later datum.[3] Smuts het die voorstel gesekondeer. Hy het gevra dat die lede mekaar en die volk moes vertrou. Hy het op die nadele van federasie en disunie gewys en so treffend was sy toespraak dat daarvan geskryf is: „...It was followed throughout with the closest attention by every delegate and which made an impression which will never be effaced from the minds of those who heard it...."[4]

Mnr. Fischer het verklaar dat die O.R.K. ook ten gunste van 'n unie was maar dat sekere plaaslike aangeleenthede deur provinsiale besture behartig sou moes word.[5] Morcom het aangedui dat Natal 'n gefedereerde bestuursvorm sou verkies en Steyn het die mening uitgespreek dat deur billike toegewings feitlik al die besware van die federaliste uit die weg geruim kon word.[6]

Nadat Sauer, Jagger en Burger ook unifikasie bepleit het, het Botha meegedeel dat sy regering bereid was om, in geval van unifikasie, die rykdomme van Transvaal met die ander gebiede te deel.[7] Hierdie

---

1). „The Star," 2 Desember 1908, hoofartikel.
2). do. 22 Januarie 1909, bl. 7.
3). Sir Edgar Walton. A.w. Bl. 11.
4). E.A. Walker. A.w. Bl. 445.
5). F.S. Malan. A.w. Bl. 24.
6). do.
7). do. Bl. 26.

versekering was deurslaggewend. Browne het die oorspronklike voorstel gewysig deur die byvoeging van ꞌn bepaling dat dit die Unieparlement sou vry staan om die magte van die provinsiale rade te verander,[1] en so is die voorstel deur die Nasionale Konvensie aangeneem en die hoeksteen van die Unie van Suid-Afrika gelê.[2]

Die verset van die Natalse afgevaardigdes is, wat hierdie belangrike saak betref, eenvoudig weggeveeg deur die stroom van ꞌn oorweldigende meerderheid. Dit sou egter lank duur voordat die Natalse regering en publiek hulle met hierdie besluit kon vereenselwig. Een van Natal se parlementslede, majoor Silburne „...heeft zijn kiezers toegesproken," het die „Volkstem" berig, „en zich krachtig tegen unifikasie verklaard, omdat het Britse sentiment daardoor zou worden verstikt in Z. Afrika. De majoor zei verder: 'De Engelsen zijn bereid de Boeren te verwelkomen als partners in Z. Afrika, maar alleen als ondergeschikte partners. De Britse belangen moeten overheersen...."[3]

DIE TAALKWESSIE.

Dat gelyke taalregte deur die Nasionale Konvensie toegestaan moes word om die nuwe grondwet vir die Boere-element aanneembaar te maak, was vir die meeste afgevaardigdes baie duidelik. President Steyn het dit as ꞌn voorwaarde vir sy bywoning van die Konvensie gestel[4] en Smuts het dit as ꞌn vereiste in sy skema neergelê.[5]

Afgesien daarvan dat daar in hierdie verband talle petisies by die Nasionale Konvensie ingedien was,[6] het Merriman in sy tas ꞌn eis en ꞌn dreigement, wat feitlik ꞌn ultimatum was, t.a.v. die toekenning van gelyke taalregte gehad. Die publiek van Beaufort-Wes het nl. die volgende skrywe op 3 Oktober aan hul premier laat rig: „...Wij willen het volgende besluit te boek stellen omtrent onze taal — de taal van het volk van Zuid-Afrika — gesproken door verreweg al de

---

1). F.S. Malan. A.w. Bl. 26.
2). do. Bl. 38.
3). „De Volkstem," 17 November 1908, bl. 6. „Een genadige Engelsman."
4). Sien bl.211 van hierdie werk.
5). Sien bl.189 van hierdie werk.
6). Sien bl.227 van hierdie werk.

grootste gedeelte van de blanke bevolking — en ons dierbare geboorte recht. Wij eisen wat ook al mogt gebeuren, zij het Unificatie of Federatie, dat gelijke rechten aan de Hollandse taal zal gegeven worden gelijk met die van de Engelsen in alle opzichten, meer in het bezonder op alle scholen en gouverments posten en plaatsen. Verder spreken wij het uit als onze plechtige en heilige voornemens dat indien aan onze taalrechten inbreuk gemaak zal worden, wij in genen delen onze goedkeuring zullen hechten aan toenadering, integendeel dat wij ons tegen volksovereenkomsten waar onze taal ten achteren geschoven wordt zullen verzetten. Dit besluit te worden overhandigd aan de Eerste Minister van deze Kolonie met het ernstig verzoek het bij de aanstaande Konferentie...aan de leden...bekend te maken...."[1)]

Hertzog, wat reeds op pad na Durban sy voorstel i.v.m. die toekenning van gelyke taalregte geformuleer het, het op Maandag 19 Oktober voorgestel „...beide Hollands en Engels als officiële talen der Unie te erkennen, ze op gelijke voet te stellen en alle parlementaire werkzaamheden tweetalig te maken...."[2)] Steyn het die voorstel gesekondeer en gevra dat daar 'n vereniging van harte sal wees.[3)] Omdat Jameson bang was dat eentalige Engelssprekendes deur so 'n besluit in die gedrang sou kom, het Hertzog toegestem dat taalgelykheid sonder dwang sou wees.[4)] 'n Komitee is benoem om die voorstel dienooreenkomstig te wysig en daar is besluit dat Farrar, om taktiese redes, die gewysigde voorstel sou maak. Botha het Farrar in sy voorstel ondersteun, Merriman het dit gesekondeer en so is die gewysigde voorstel aangeneem.[5)]

Toe daar later besluit is om die besluite i.v.m. stemreg te verskans, het Hertzog daarop aangedring dat daar ook 'n soortgelyke voorsiening gemaak moet word om die Hollandse taal te beveilig. Smuts en Fitzpatrick het op die komitee gedien wat hierdie saak moes oorweeg en hulle het besluit dat dit wenslik sou wees om aan die versoek van Hertzog te voldoen.[6)]

1). Mer. vers. Aangeheg aan no. 247 van 1908. 6 Oktober 1908.
2). F.S. Malan. A.w. Bl. 38 tot 42.
3). Sir Edgar Walton. A.w. Bl. 79 tot 98.
4). do. Bl. 105 tot 106.
5). F.S. Malan. A.w. Bl. 42.
6). „The Star," 21 April 1952, hoofartikel.

Dat die besluit oor gelyke taalregte nie die goedkeuring van sommige toonaangewende Engelssprekendes weggedra het nie, blyk uit die aanstootlike verklaring wat mnr. R.K. Loveday, 'n lid van die Transvaalse Wetgewende Vergadeirng, in Maart 1909 te Barberton van die taalklousule gegee het: „...The more obstacles you put into the way of a language, the less chance you have got of putting it down; give it a free hand and you soon get rid of it...."[1] 'n Paar maande later het mnr. Lance, ook 'n lid van die Transvaalse Wetgewende Vergadering, te Modderfontein verklaar dat „...de Hollandse taal (in die Kaapkolonie) dwarsdoor 't gehele onderwijs-stelsel gebezigd wordt als voertaal. Er was echter wetgeving in 't vooruitzicht gesteld om deze betreurenswaardige toestand van zaken te verbeteren...."[2]

Gelukkig het die wanklanke van die ekstremiste nie net die afkeur van die Afrikaner weggedra nie. Aan lord Selborne, die mees uitstaande Engelse politieke figuur in Suid-Afrika in 1909, kom die eer toe dat hy ook sy gewig teen hierdie persone met hul laakbare uitlatings ingegooi het. Deur die pers het lord Selborne apologie aangeteken: „...Ik lees in de koeranten,...en tot mijn grote leedwezen heb ik vaak woorden gelezen, afkomstig van mijn landgenoten van Britse afkomst, woorden van geringachting voor de hollandse taal...Ik ben niet aansprakelik voor 't feit dat er dwaze lieden zijn van Engelse afkomst; maar, in 't hoge ambt dat ik de eer heb te bekleden, druk ik mijn diepe en oprechte leedwezen uit, aan 't adres mijner hollands-sprekende landgenoten, voor zodanige dwaze woorden...."[3]

Dit is interessant om daarop te let dat die talle petisies om taalgelykheid die Afrikaanse volk weer eens sterk taalbewus gemaak het. 'n Kongres van die Afrikaanse Taalverenigings, waarop Transvaal, die O.R.K. en die K.K. goed verteenwoordig was, is in Kaapstad gehou. Nuwe Afrikaanse spelreëls is by daardie geleentheid opgestel en dit is in al drie die genoemde kolonies gepubliseer.[4]

---

1). „De Volkstem," 26 Maart 1909, hoofartikel.
2). do. 21 September 1909, hoofartikel.
3). do. 19 April 1910, bl. 6.
4). do. 6 April 1909, bl. 4.

VERDERE BESLUITE.

Toe daar op die naam van die nuwe unie besluit moes word, is die naam, „Suid-Afrika," soos deur Smuts in sy skema voorgestel, aanvaar. Toe die naam van die unie in Londen deur die afgevaardigdes heroorweeg is, is die naam verander tot die „Unie van Suid-Afrika."[1]

Daar is verder, op voorstel van Smuts, besluit dat die verteenwoordiger van die Britse kroon die titel van „Goewerneur-Generaal" sou hê, dat 'n minister in beide die parlementshuise mag sit maar slegs mag stem in die Huis waarvan hy 'n lid is en dat geen minister vir langer as 3 maande in sy pos msg bly tensy hy 'n lid van een van die twee Huise is nie.[2] Alhoewel die voorstel van Smuts, nl. dat daar tien ministers sou wees, kwaai deur Merriman teengestaan is, het die Konvensie tog besluit om die getal, soos in Smuts se skema aanbeveel, te aanvaar.[3]

DIE MAGTE VAN DIE UNIE-PARLEMENT.

Generaal Smuts het in sy skema, wat as handleiding van die Nasionale Konvensie gedien het, die daarstelling van 'n sentrale bestuur voorgestel „...which is supreme and whose supremacy is undisputed...an undoubtedly supreme authority for all common concerns of South Africa as a whole...."[4] Hierdie soewereine mag van die parlement, wat ook deur die ander konvensielede begeer is,[5] is volgens Britse model in die grondwet vasgelê. Op 19 Oktober is daar besluit dat die parlement die hoogste wetgewende gesag in die land sou wees[6] en op 18 Desember, toe daar i.v.m. die Protektorate die vrees uitgespreek is dat daar in die toekoms in die naturellebeleid van die parlement ingemeng mag word, het Botha verklaar: „...Als de Unie tot stand was gekomen, dan moest er geen twyfel bestaan dat de Unie-Regering het hoogste gezag van Zuid-Afrika was...."[7]

Sommige van die afgevaardigdes was ten gunste van 'n elastiese

---

1). Sir Edgar Walton. A.w. Bl. 113.
2). do. Bl. 113 tot 114.
3). do. Bl. 114 tot 115.
4). Sien bl. 182 van hierdie werk.
5). Sien punte no. 5 en 6 op bl.190 van hierdie werk.
6). F.S. Malan. A.w. Bl. 40.
7). do. Bl. 154

grondwet sodat dit by die verandering van tyd en omstandighede sou kon aanpas terwyl ander ʼn onbuigbare grondwet begeer het om dit so teen die onstabiliteit van verskillende regerings te vrywaar.[1] Die gevoel dat die nageslag vertrou moet word, het geseëvier, behalwe in drie gevalle waar daar van verskansing gebruik gemaak is met die doel om die vertroue van die volk te wen. Op aandrang van Merriman is die kleurlingstemreg van die K.K. verskans. Op aandrang van Hertzog is die taalkwessie verskans en op aandrang van die Natalse afgevaardigdes is die verteenwoordiging wat aan die kleiner kolonies in die Volksraad toegesê is, ook verskans. Toe Farrar en Fitzpatrick op 6 Mei 1909 die bepalinge i.v.m. die kiesreg wou laat verskans,[2] het Botha hul teengegaan deur die beginsel van verskansing aan te val en te verklaar dat met verskansing daar erken word dat daar fout met die beginsel is en dat dit dus indirek ʼn aanwysing is dat ʼn amendement gemaak kon word.[3]

Die drie verskansinge in die Uniegrondwet sou slegs deur ʼn tweederde meerderheid van die totale aantal lede van beide Huise in ʼn gesamentlike sitting verander kan word.[4]

DIE STEMREGKWESSIE.

In Transvaal en in die O.R.K., waar die vooroorlogse Boere-element verantwoordelik was vir die bepaling vam die kiesreg, kon slegs meerderjarige blanke burgers stem. In die K.K. en Natal, waar Downingstraat gedurende die vorige eeu sy invloed laat geld het, kon naturelle en kleurlinge ook stem mits hulle aan sekere vereistes kon voldoen. Enige persoon wat in hierdie twee kolonies woonagtig was, kon stem mits hy sy naam kon teken, sy beroep en adres kon skryf, vaste eiendom ter waarde van minstens £75 gehad het of ʼn minimum van £50 p.j. aan loon ontvang het.[5]

In die Kaapkolonie, waar daar een blanke teenoor elke vier nie-blankes was, was daar ʼn drang om die nie-blankes beskaaf te

1). Sir Edgar Walton. A.w. Bl. 309.
2). F.S. Malan. A.w. Bl. 234.
3). do. Bl. 235.
4). Sir Edgar Walton. A.w. Bl. 309.
5). A.J.H. van der Walt, Wiid en Geyer. A.w. Vol. 1. Voetnoot. Bl. 128-131.

maak met die gevolg dat daar 'n groot aantal stemgeregtigde nie-blankes was. In Natal, waar daar meer as 10 naturelle teenoor elke blanke was en waar die naturelle baie oorlogsugtig van aard was, was daar geen begeerte om die naturel op te hef nie met die gevolg dat daar in 1908 in die hele Tuinprovinsie slegs drie stemgeregtigde naturelle was.[1)]

In die Kaapkolonie is die kleurling meer soos 'n blanke behandel terwyl hy in die ander kolonies meer soos 'n naturel behandel is. Die kleurlinge wat na die ander kolonies verhuis het, het hul stemreg en status verloor met die gevolg dat hulle, alhoewel hulle meerderwaardig gevoel het, met die naturelle moes assosieer. Dit het tot agitasie en opstokery gelei en daar het 'n gevoel van wrywing tussen die blankes van die suidelike en die noordelike dele ontstaan.[2)] Dit is dus begryplik dat die Konvensielede 'n baie ernstige poging moes aanwend om uniformiteit in die Unie daar te stel om hierdie ongerymdhede, wat met die loop van tyd sou vererger, die hoof te bied.

Die saak is verder bemoeilik deurdat die begeertes van Engeland ook in aanmerking geneem moes word. Dit was heeltemal moontlik dat die Britse regering sou weier om die grondwet te bekragtig indien daar nie aan hul wense voldoen is nie en verder was daar die moontlikheid dat hulle kon weier om die Protektorate by die Unie te laat inlyf.

Indien daar by enige Konvensielid nog enigsins twyfel in hierdie verband was, dan is dit verban toe 'n skrywe oor hierdie aangeleentheid, op versoek van De Villiers, van Selborne ontvang is. In sy uiteensetting het Selborne o.a. ook geskryf: „...You must recognise what a very difficult position H.M. Government will be placed in when they are reminded of the article of the Treaty of Vereeniging, which deals with this question. That article is generally considered, and I think justly, to mean two things — that the question of the native franchise would not be mooted in respect of the Transvaal or Orange River Colony until after responsible government had been granted to those two Colonies, and that the subject would be dealt with shortly after

---

1). „The Government of South Africa." A.w. Vol. 1. Bl. 128 tot 135.
2). do. Bl. 140.

responsible government had come into existence in them. The comment will certainly be made that no more appropriate moment for dealing with it could occur than during the consideration of a Constitution for South Africa...."[1)]

Op 19 Oktober het Merriman voorgestel dat die bestaande koloniale kieswette van krag sou bly en dat dit slegs deur 'n $\frac{3}{4}$ meerderheid van die totale ledetal in 'n gesamentlike sitting van beide die huise gewysig kon word.[2)] Stanford het voorgestel dat aan alle Britse onderdane in Suid-Afrika, afgesien van ras of kleur, stemreg, onderhewig aan kwalifikasies wat die Konvensie mag bepaal, toegestaan sal word.[3)] Sauer het Stanford in sy mosie ondersteun maar die afgevaardigdes van Natal, die O.R.K. en Transvaal het hulle heftig daarteen uitgelaat.[4)]

Botha het die interpretasie wat Selborne aan die betrokke klousule van die Vredesverdrag van Vereeniging gegee het, weerspreek. Hy het verklaar dat Milner aan hom gesê het dat hy dit met hom eens was dat die naturelle nie stemreg behoort te hê nie.[5)] Dit was sy mening dat hulle eers die blanke rasse moes verenig en dan na die ander rasse moes omsien. Die stemregbepalinge kon in die verskillende kolonies gelaat word soos dit was en dan kon die Unieparlement later finaal oor die saak besluit.[6)]

De Wet, Jameson en Burger was dit met Botha eens. Fitzpatrick wou dat die aangeleentheid na 'n spesiale kommissie verwys sou word sodat 'n ideale oplossing gevind kon word. Malan was van mening dat die Kaapse stelsel onbevredigende resultaat gelewer het omdat die vereistes wat gestel is, nie doeltreffend was nie. Hy het gevra dat daar 'n ware beskawingstoets vir die hele land opgestel moes word. Maasdorp het verklaar dat die houding wat die Kaapse afgevaardigdes ingeneem het, hul eie houding was en nie die houding van die volk nie. Die boere in die Kaapkolonie was teen hierdie euwel gekant en daarom is die stemregkwalifikasie etlike jare tevore in die Kaapkolonie

1). E.A. Walker. A.w. Bl. 447.
2). Sir Edgar Walton. A.w. Bl. 119.
3). do.
4). do. Bl. 121 tot 129.
5). F.S. Malan. A.w. Bl. 54.
6). Sir Edgar Walton. A.w. Bl. 136 tot 137.

verhoog. Hy was van mening dat die aanbeveling van die Naturellesake-kommissie, nl. dat daar 'n aparte vorm van verteenwoordiging moet wees, oorweeg moes word. De la Rey was van mening dat die Kaapkolonie hul stelsel kon behou in soverre dit betrekking op die Provinsiale Rade het maar dat hulle onder geen omstandighede kon toelaat dat nie-blankes vir Parlementslede stem nie.[1]

Smuts het beweer dat die toekenning van stemreg aan die naturelle in die Kaapkolonie slegs 'n eksperiment was en in die Kaapkolonie self was daar verskil van opinie oor die voordele daarvan. Aangesien dit te veel tyd in beslag sou neem om op al die aspekte van die saak in te gaan, het hy aan die hand gedoen dat daar slegs oorweging aan die volgende vier moontlikhede gegee sal word, nl.:

1. Om die Kaapse stemregstelsel vir die hele land te aanvaar.
2. Om 'n beskawingstoets vir alle naturelle en gekleurdes daar te stel.
3. Om 'n kleurskeidslyn deur die hele land te trek.
4. Om die posisie in die hele land te laat soos dit was en om dit aan die Unieparlement oor te laat om die saak in die toekoms te besleg.

Smuts het daarop die vier moontlikhede bespreek. Die eerste moontlikheid was buite die kwessie aangesien die volk sou weier om dit te aanvaar en die unifikasiepoging sou dan misluk. Die tweede moontlikheid sou moeilikheid in die Kaapkolonie veroorsaak waardeur die K.K. genoodsaak sou wees om dit af te keur en buitendien sou die ander kolonies nie daarmee genoeë neem nie. Die derde moontlikheid sou hy geensins aanbeveel nie met die gevolg dat hulle slegs die vierde moontlikheid kon aanvaar.[2]

Uiteindelik is deur die konvensie besluit om die voorstel van Merriman, met die amendement van Botha en al die mosies wat ingedien is, na 'n spesiale komitee te verwys. Die komitee het bestaan uit Sauer, Walton, Fitzpatrick, Smuts, Hertzog, Fischer, Smythe, Greene en Coghlan.[3]

Die verslag wat hierdie komitee opgestel het, het aanbeveel dat

---

1). Sir Edgar Walton. A.w. Bl. 130 tot 144.
2). do. Bl. 130.
3). do. Bl. 144.

die regte van die gekleurdes in die Kaapkolonie vir alle tye gewaarborg word maar hulle sou die reg om as parlementslede verkies te word ontsê word. Die vraag t.a.v. die uitbreiding van die kleurlingstemreg na die ander provinsies sou aan die diskressie van die Unieparlement oorgelaat word.[1]

Toe Hull daarop 'n resolusie indien waarvolgens die Kaapse eis om die toelating van kleurlingstemreg verwerp sou word, het Smuts voorgestel dat die komitee hul aanbeveling in heroorweging sou neem en die volgende dag sou rapporteer.[2]

Dit is gedoen en die verslag wat deur Fischer, as voorsitter van die komitee, op Woensdag 4 November ingedien is, is aangeneem. Daarvolgens is bepaal:

1. Die parlement mag deur die wet die kwalifikasies vir die stemgeregtigdes voorskryf maar geen sodanige wet mag enige persoon wat in die Kaapkolonie woonagtig is, op grond van ras of kleur sy stemreg vir Volksraadslede ontneem tensy 'n twee-derde meerderheid van die totale aantal lede van beide Huise in 'n gesamentlike sitting dit goedkeur nie.
2. Tot tyd en wyl so 'n wet aangeneem word, sal die stemregkwalifikasies van die afsonderlike kolonies onveranderd bly.
3. Geen persoon wat voor die aanname van so 'n wet stemgeregtig was mag deur 'n sodanige wet ontkieser word op grond van ras of kleur nie.[3]

Die voorstel dat die meerderheid van die gesamentlike sitting twee-derdes moes wees, was van Botha afkomstig. Daar is verder besluit dat slegs blankes in die Volksraad en in die Senaat sitting mag hê.[4]

As gevolg van hierdie kompromis is die reg van die Kaapse kleurlinge om vir lede van die Volksraad te stem met 'n twee-derde meerderheid verskans terwyl slegs 'n blote meerderheid nodig sou wees om stemreg aan nie-blankes in die Unie te gee. Die Kaapse kleurling het die reg behou om hom vir die Kaapse Provinsiale Raad verkiesbaar

---

1). Sir Edgar Walton. A.w. Bl. 150-152.
2). do. Bl. 153 - 154.
3). do. Bl. 154 - 155.
4). do. Bl. 155.

te stel en in die eerste verkiesing wat daarna gehou is, het hierdie eer dr. Rubusana te beurt geval.[1)]

DIE VYFTIEN RESOLUSIES VAN GENERAAL SMUTS.

Op 23 Oktober het Smuts vyftien resolusies t.o.v. die Unieparlement ingedien:

1. Die Senaat sal uit 36 lede bestaan. Elke provinsie sal 9 Senatore kies.
2. Een-derde van die Senatore sal deur die Goewerneur-Generaal-in-Rade benoem word.
3. Die Senatore sal vir ses jaar gekies of benoem word. Een senator uit elke groep moes elke tweede jaar aftree.
4. Senatore moet manne van ouer as 30 jaar wees en vaste eiendom ter waarde van meer as £500 bokant hul verpligtinge besit.
5. Die Senatore sal uit hul midde 'n President van die Senaat kies.
6. Die Volksraad sal uit drie maal soveel lede as die Senaat bestaan.
7. Die aantal Volksraadslede sal aan die provinsies toegestaan word volgens die aantal geregistreerde blanke stemgeregtigdes.
8. Die beginsel van 'een stem een waarde' sal so ver as moontlik toegepas word.
9. Elke kiesafdeling sal drie lede kies volgens die beginsel van proporsionele verteenwoordiging.
10. Die Volksraad sal vir vyf jaar gekies word.
11. Die bestaande kieswette sal van krag bly tot hulle deur die Parlement gewysig word.
12. 'n Genomineerde Volksraadslid moet die kwalifikasies van 'n kieser hê en hy moet minstens drie jaar in die Unie woonagtig wees.
13. Alle bestaande wette in die kolonies sal van krag bly tot hulle deur die Parlement herroep of verander word.
14. Geldwette kan slegs in die Volksraad voorgestel word en die Senaat mag geldwette nie wysig nie.
15. Indien die Senaat twee jaar lank weier om 'n maatreël van die

---

1). Sir Edgar Walton. A.w. Bl. 155 tot 157.

Volksraad te bekragtig, kan daar 'n gesamentlike sitting van die twee Huise gelas word.[1]

Die aanvanklike bespreking van hierdie vyftien resolusies was van 'n baie gesellige aard. Die eerste vraag was of 'n Senaat wel nodig was. Ten gunste van 'n Senaat is aangevoer dat dit as 'n „Huis van hersiening" sou dien, dat dit oorhaastige wetgewing sou teen werk, dat die provinsies vir minstens vier jaar in hierdie Huis gelyke verteenwoordiging sou hê en dat in hierdie Huis spesiale verteenwoordiging aan gekleurde belange gegee kon word. Sommige van die Kaapse afgevaardigdes was egter van mening dat te veel mag aan die regering gegee sou word deurdat een-derde van die senatore genomineer sou word en dat die gelyke verteenwoordiging van die vier provinsies in die Senaat onbillik was.[3] Toe dit egter duidelik gestel is dat die gelyke verteenwoordiging slegs tydelik van aard sou wees en dat daar van al die kolonies verwag word om opofferinge te maak, het die Kaapse afgevaardigdes hul tweede beswaar teruggetrek. Jagger, wat die eerste beswaar geopper het, het ook met sy premier gebots aangesien Merriman die mosie van Smuts ondersteun het. De Villiers het egter alle besware uit die weg geruim deur voor te stel dat die Senaat uit 32 gekose en 8 genomineerde lede, van wie die helfte spesiaal bevoeg moes wees om in die behoeftes van die nie-blankes te voorsien, sou bestaan. Hierdie voorstel is aangeneem.[4]

Omdat die Konvensielede nie kon besluit of die 32 gekose Senatore direk deur die kiesers gekies sou word en of die Provinsiale Rade hulle sou kies nie, is 'n komitee benoem om die saak te oorweeg en te rapporteer. Die aanbeveling van hierdie komitee, wat deur die Konvensie aangeneem is, was dat die Provinsiale Rade nie minder as agt en nie meer as sestien Senatore sou kies nie en dat die Goewerneur-Generaal-in-Rade dan uit hierdie manne die agt Senatore vir die Provinsie sou kies.[5]

Om waardigheid aan die Senaat te verleen en om te sorg dat daar

---

1). Sir Edgar Walton. A.w. Bl. 158 tot 159.
2). F.S. Malan. A.w. Bl. 58.
3). Sir Edgar Walton. A.w. Bl. 159 tot 160.
4). F.S. Malan. A.w. Bl. 60.
5). do. Bl. 62

ŉ besadigde atmosfeer in die Senaat sal heers, is daar volgens punt no. 4 van Smuts se voorstel, besluit dat ŉ Senator minstens 30 jaar oud moes wees, minstens 5 jaar in die Unie woonagtig moes wees en afbetaalde vaste eiendom ter waarde van minstens £500 moes besit.[1) ] Daar is ook besluit dat aangesien die Senatore buite die partypolitiek sou staan, hulle vir 10 jaar gekies sou word en as ŉ vakature aangevul word daardie vakature slegs vir die oorblywende deel van die oorspronklike 10 jaar geldig sou wees. Die instelling van die Senaat is vir 10 jaar verskans om billike verteenwoordiging aan die kleiner kolonies te verseker.[2)]

Op 2 November het Smuts self die vyftiende punt van sy voorstel gewysig deur voor te stel dat as ŉ wetsontwerp deur die Volksraad aangeneem is en deur die Senaat verwerp of met ŉ amendement, wat die Volksraad afkeur, aangeneem word, dit weer eens deur beide huise oorweeg moet word. Gebeur dit weer dat die Senaat dit afkeur of **wysig** sodat die Volksraad dit afkeur, dan kan die Goewerneur-Generaal ŉ gesamentlike sitting van die huise reël, of die Volksraad ontbind, of beide Huise ontbind, mits dit meer as 6 maande is voor die Volksraad sal moet ontbind. Indien dit weer gebeur nadat die nuwe Parlement gekies is, dan kan die Goewerneur-Generaal ŉ gesamentlike sitting van beide Huise reël met die Spreker van die Volksraad as voorsitter om die saak dan met gesamentlike stemming te beslis.[3)]

De Villiers het die veertiende punt van die resolusies van Smuts gewysig deur ŉ bepaling waarvolgens die Senaat wel die reg sou hê om geldwette wat belastings hef te bespreek.[4)] Op 2 November is ook punte no. 10 en 13 van genl. Smuts se resolusies aangeneem.[5)]

<u>RESOLUSIE NO. 7.</u>

Op 27 Oktober het Smuts voorgestel dat sy sewende resolusie, nl. dat die aantal Volksraadslede van elke provinsie bereken sou word

---

1). Sir Edgar Walton. A.w. Bl. 163.
2). do. Bl. 163 tot 165.
3). do. Bl. 54 tot 55 en 58.
4). Eric A. Walker. A.w. Bl. 451.
5). Sir Edgar Walton. A.w. Bl. 50 tot 52.

volgens die aantal stemgeregtigde blankes van daardie provinsie, bespreek sou word.[1]

'n Komitee is saamgestel om die nodige besonderhede uit te werk en die ander afgevaardigdes het sub-komitees onder mekaar gevorm om verskeie voorstelle in hierdie verband na te gaan. Daar is duidelik besef dat, volgens Smuts se voorgestelde stelsel van verteenwoordiging, Transvaal en die O.R.K. bevoordeel sou word aangesien die kwalifikasie-toets van die K.K. en Natal nie daar van toepassing was nie. Aan die ander kant is daar vryelik van die argument gebruik gemaak dat, aangesien Transvaal groot offers terwille van die komende unifikasie sou maak, een of ander vergoeding aan Transvaal gegee moes word.

Die verhouding tussen die blanke bevolking en die blanke stemgeregtigdes word in die volgende tabel weergegee:

| Provinsie | Blanke bevolking. | Aantal stemgeregtigdes. |
|---|---|---|
| Kaapkolonie. | 569,000 | 129,000 |
| Transvaal. | 288,000 | 106,000 |
| O.R.Kolonie. | 142,000 | 35,000 |
| Natal. | 92,000 | 23,000 |

Ingeval die voorstel van genl. Smuts aanvaar sou word, sou die provinsies die volgende aantal Volksraadslede kon kies:

| | | |
|---|---|---|
| Kaapkolonie | ... | 52 lede. |
| Transvaal | ... | 43 lede. |
| O.R.Kolonie | ... | 15 lede. |
| Natal | ... | 10 lede. |
| | | 120 lede.[2] |

Aangesien die Konvensielede besef het dat hulle 'n permanente basis van verteenwoordiging moes bepaal wat ook die goedkeuring van hul koloniale regerings en die kiesers moes wegdra, is hierdie aangeleentheid selfs in die eet- en rookkamers bespreek en hier is die vraagstuk dan ook opgelos.[3]

In die Konvensiesaal is daar intussen gedebatteer oor die vraag

1). F.S. Malan. A.w. Bl. 62.
2). Sir Edgar Walton. A.w. Bl. 165-166.
3). do. Bl. 167 tot 168.

of die blanke kiesers en of die blanke bevolking as basis van verteenwoordiging geneem sou word. Merriman, wat ongelukkig sy argumente op partypolitieke basis gevoer het, het die harmonie in die raadsaal versteur. Hy het verteenwoordiging volgens die bevolkingsbasis voorgestaan veral omdat die platteland daardeur bevoordeel sou word. De la Rey was die enigste Transvaalse afgevaardigde wat dit met Merriman eens was en Steyn het aangedui dat die O.R.K. ook die bevolkingsbasis voorstaan.[1)]

Farrar, wat Smuts se voorstel heelhartig ondersteun het, het verklaar dat die persone wie se name op die kieserslyste verskyn, beslis nie 'n deel van die vlottende bevolking kon wees nie, maar dat hulle, as belastingbetalers en as kiesers, in werklikheid die regeerders van die land was. De Villiers was dit met Farrar eens.[2)]

Die komitee van ondersoek, bestaande uit Sauer, Jameson, Greene, Hyslop, Smuts, Farrar, Hertzog en Browne, het op 29 Oktober aanbeveel dat:

1. Die Volksraad sal bestaan uit lede wat direk deur die kiesers van die Unie gekies sal word, volgens die voorwaardes wat hierna genoem word, en die totaal sal 121 lede wees.
2. Vir die tydperk hierna genoem sal die lede van die Volksraad aan die verskeie provinsies as volg toegeken word:

| | | |
|---|---|---|
| Kaapkolonie | ... | 51 |
| Transvaal | ... | 36 |
| O.R. Kolonie | ... | 17 |
| Natal | ... | 17[3)] |

3. Tot tyd en wyl die aantal Volksraadslede tot 'n totaal van 150 lede vermeerder het, soos hierna bepaal, sal geen provinsie minder verteenwoordigers hê as wat in die voorafgaande resolusie genoem is nie.

---

1). Sir Edgar Walton. A.w. Bl. 166 tot 172.
2). do. Bl. 170 tot 174.
3). F.S. Malan, bl. 64 tot 66, gee die volgende verduideliking: Die aantal Volksraadslede is op 121 lede gestel. As basis van berekening is die aantal blanke kiesers in elke provinsie geneem. Daarvolgens sou die K.K. 55·46, Transvaal 39·45, die O.R.K. 13·58 en Natal 11·51 lede kry. Word daar benader dan sal die kolonies in dieselfde volgorde 55, 39, 14 en 12 lede kry. Om die kleiner kolonies tegemoet te kom sou die K.K. 4 en Transvaal 3 lede afstaan. Om dan 'n gelyke aantal lede aan die kleiner kolonies te gee sou Natal een by kry; dus K.K. 55-4 = 51 lede. Transvaal 39-3 = 36 lede. Die O.R.K. 14+3 = 17 lede. Natal 12+4+1 = 17 lede.

4. In 1911, en elke vyf jaar daarna, sou daar terwille van die konstitusie 'n sensus van die blanke kiesers gehou word. As 'n provinsie meer kiesers per lid het as die algemene kwota vir die Unie, dan sal daardie provinsie een of meer lede, volgens die vermeerdering, by kry tot 'n totaal van 150 Volksraadslede bereik is. Daarna sal daar geen verdere vermeerdering wees nie tensy die parlement anders besluit.[1]

Alhoewel die aanbeveling van die komitee aangeneem is, was die saak nog nie afgehandel nie. Op 30 Januarie 1909 is daar, op voorstel van Smuts, 'n klousule bygevoeg om die presiese getalle van die blanke volwassenes vas te stel sodat toekomstige berekeninge daarvolgens kon geskied. Die getalle was:

| | | |
|---|---|---|
| Kaapkolonie | ... | 167,546 |
| Transvaal | ... | 106,493 |
| O.R. Kolonie | ... | 41,014 |
| Natal | ... | 34,784.[2] |

Op 3 Mei, toe die Nasionale Konvensie in Bloemfontein gesit het, het Hyslop weer eens die saak aangeroer deur voor te stel dat onder geen omstandighede die aantal verteenwoordigers van enige kolonie verminder sou word nie. Die amendement is goedgekeur, maar aangesien dit die beginsel van gelyke verteenwoordiging oorboord gegooi het, het Farrar en Smuts die daaropvolgende dag voorgestel dat hierdie amendement geskrap moes word. Toe die versoek van die hand gewys is, het Botha dit baie duidelik gestel dat dit twyfelagtig is of hy, as gevolg daarvan, die konstitusie sou onderteken. Op Maandag 10 Mei is aan die versoek van Farrar, Smuts en Botha toegegee.

RESOLUSIE NO. 9.

Tydens sy soek na informasie het Smuts baie tyd bestee aan 'n studie van die stelsel van proporsionele verteenwoordiging. Smuts het van hierdie stelsel gehou omdat dit die ongerymdhede, wat soms in

---

1). Sir Edgar Walton. A.w. Bl. 174 tot 178.
2). do. Bl. 179.
3). F.S. Malan. A.w. Bl. 226 en 244.

enkellid-kiesafdelings voorkon, heeltemal uitskakel. So was dit, volgens Smuts, heeltemal moontlik dat, in 'n kiesafdeling waar daar meer as twee kandidate verkiesbaar was, 'n minderheid die verteenwoordiger kon kies.[1] Word daar egter in elke kiesafdeling drie kandidate verkiesbaar gestel en daar word gebruik gemaak van die stelsel van die oordraagbare stem, dan word hierdie gevaar uitgeskakel.

Oppervlakkig beskou was hierdie stelsel werklik aantreklik, en daarom is dit, toe Smuts die negende punt van sy resolusie as 'n mosie voorgestel het, sonder bespreking aangeneem. Slegs Merriman was nie daarmee gediend nie[2] en met die stemming was sy „No!" die enigste teenstem wat gehoor is.[3] Met verloop van tyd het Merriman herhaaldelik geïnsinueer dat hy nie heeltemal tevrede was met die stelsel van verteenwoordiging waarop daar besluit is nie.[4]

Toe die konsep, nadat die Nasionale Konvensie te Kaapstad verdaag het, gepubliseer is, was die stelsel van proporsionele verteenwoordiging een van die besluite wat heftig deur die Bondparty aangeval is.[5] In werklikheid sou dit beteken dat elke drielidkiesafdeling ongeveer 90,000 stemgeregtigdes sou insluit wat in die ylbewoonde gebiede van die K.K. 'n geweldige groot oppervalk sou behels.[6]

Op 6 April 1909 het Merriman die volgende verslag i.v.m. 'n vergadering van sy eie party aan Botha getelegrafeer: „Prolonged party meeting last night. Very strong feeling on one-man-one-vote question. Universal feeling among farmers of both races and parties in question. We shall have strong amendment on this point and unless some alteration is made ultimate acceptance not certain. Please understand this feeling is not confined to small section who oppose Union."[7]

Aangesien die toepassing van hierdie stelsel vir die digbewoonde Witwatersrand en omgewing baie groot voordele sou besorg, was veral die

---

1). F.S. Malan. A.w. Bl. 242.
2). Sien bl.237 van hierdie werk.
3). F.S. Malan. A.w. Bl. 75
4). do.
5). Sir Edgar Walton. A.w. Bl. 321 tot 322.
6). do. Bl. 181.
7). Premier. Transvaal. Band 60. Omslag 1. 6 April 1909.

opposisie in Transvaal daarop gesteld dat dit toegepas sou word. Daarom het Botha dieselfde dag aan Merriman getelegrafeer: „...I am very sorry to see your difficulties. Amendment on one-vote-one-value question will, as you know, never be accepted by our Progressive friends here, and if friends of Cape insist on this I believe our work at next Convention will be more serious than one can think...."1)

In 'n brief het Merriman toe 'n noukeurige uiteensetting van die houding van die Kolonialers gegee. Hy het meegedeel dat „Ons Land," as die enigste gesaghebbende Hollandse koerant, die Afrikaners teen daardie klousule opgesweep het en dat die Engelssprekende boere selfs meer beslis in hul afkeur as die Hollandssprekendes was. Die verset teen die bepaling het ook, volgens Merriman, reperkussies in Bloemfontein uitgelok met die gevolg dat die O.R.K. die K.K. in hul amendement sou ondersteun.2)

Die Kaapse Parlement het die kwessie van proporsionele verteenwoordiging bespreek en as gevolg daarvan het Malan aan Botha geskryf: „...Er is een zeer sterk gevoel tegen de Kiezersbasis in de vertegenwoordiging van het volk in de Volksraad, doch men is bereid op dit punt enigzins toe te geven, mits artikels 39 en 40 van het Konsept duidelik worden omschreven, zo dat de landelike het voordeel zal krijgen van de 15% in een-lid kiesafdelingen...."3)

Op 11 April het sir Hely Hutchinson vir Merriman gewaarsku dat enige wysiging van die bewoording van artikels 39 en 40 baie versigtig opgestel moes word om nie die beginsel van gelyke reg te skend nie.4)

Op 13 April het die „Cape Times" die amendement van die Kaapse Parlement verduidelik. „...The amendment demands that sparsely populated areas should not be taken merely as 'special cases,' but that in all sparsely populated constituencies less than three members shall be obligatory. Further it asks for a definition of the 'sparesly populated areas'...."5) Die koerant het ook 'n beskrywing, wat Molteno

---

1). Mer. vers. No. 141 van 1909. 6 April 1909.
2). Premier. Transvaal. Band 60. Omslag 1. 6 April 1909.
3). do. 10 April 1909.
4). Mer. vers. No. 149 van 1909. 11 April 1909.
5). „Cape Times," 13 April 1909, hoofartikel.

t.a.v. die houding van die Witwatersrandse afgevaardigdes gegee het, weergegee: „...He hinted darkly at the nomination of trusts; he dwelled on the importance of giving proper representation to the permanent population, he argued that the people in the towns exercise far more influence than the people in the country, man for man, because of the greater facility for exercising the vote, and the better opportunities for focussing public opinion. It was not, he declared, a question of race or of party, it was one of principle, and he believed that 'the commonsense and fairness of the Convention' would recognise this, and, so define their meaning without leaving the interpretation to the Judges...."[1)]

Botha, wat in hierdie saak nie so gesteld daarop was om die opposisie tegemoet te kom as wat met Smuts die geval was nie, het reeds 'n bietjie humor daarin begin sien. Op 15 April het hy die brief van Merriman beantwoord en na aanleiding van die debat in die Kaapse Parlement geskryf: „...Ik zien jy het swaar gesweet op de boven lip niet waar? Maar ik dink jou heele lyf zal nu sweet op de volgende Conventie als jy kom vader staan voor de Kaapsche Amendementen, want dit is zeker, Fitz is mal zoo boos dat zyn aanvallen nu reeds beginnen...ik zie de gewicht van uwe argument voor de Kaap...."[2)]

Op 16 April het Merriman aan Botha getelegrafeer dat die Kaapse parlement die konsepakte aangeneem het en dat die enigste noemenswaardige amendemente op Artikels 39 en 40 betrekking het.[3)] Vier dae later het hy geskryf: „...I hope with you that the ship will not be wrecked in sight of port. It is clear to me, however, that unless some steps are taken in direction of the amendments made and suggested by our Parliament in clauses 39 and 40, that there will be a demand for a referendum which will be very difficult to reject, and which in my opinion amount to rejection — I say this because I think it right that you should know the position, but I discountenance in every way

---

1). „Cape Times," 13 April 1909, bl. 7.
2). Mer. vers. No. 150 van 1909. 15 April 1909.
3). Premier. Transvaal. Band 60. Omslag 1. 17 April 1909.

the idea of trying to 'bluff' — It is no use however to disguise the more serious aspects...Judging from what a moderate man like Philips has told me, I seem to see that there is more behind it than I had dreamed... Evidently he and his friends think that they have 'jockeyed' the Boer...."[1]

Toe dit in Transvaal bekend word dat die Kaapse Parlement besluit het om die beginsel van proporsionele verteenwoordiging te aanvaar mits dit net in stedelike gebiede van toepassing sou wees en dat 'n amendement voorgestel sal word om enkellid-kiesafdelings in alle ylbewoonde gebiede, ook vir die Provinsiale Rade, in te stel het daar 'n storm van verontwaardiging op die Witwatersrand losgebars. Lionel Curtis het aan De Villiers geskryf: „... To distinguish townsmen as an inferior class of citizen is in the circumstances of South Africa equivalent to branding the British section as an inferior race...."[2] Lionel Philips het 'n brief van protes aan Merriman en aan die „Cape Times" gerig[3] en R.H. Brand, van Spoorweghoofkwartier, Johannesburg, het aan Botha 'n eksemplaar van die „Cape Times" met die toespraak van Molteno, asook sy eie kommentaar daarop, gestuur: „...I should like to draw attention to Mr. Molteno's amendment to Clause 39...and particularly to Mr.Molteno's speech...Mr. Molteno proposes that in all sparsely populated districts less than three members should be returned and that the terms 'sparsely populated district' should be defined. In these districts therefore he particularly proposes that proportional representation shall not be in force. The result of such a course would be not that the country would receive more representation than before, but that the representation might be of a different character and the areas would be smaller. ... There are no doubt arguments against too large constituencies — but Mr. Molteno's whole argument is in favour of more representation for the country districts, a matter upon which his amendment has no bearing whatever...Another member also says that 'he considered that the country

1). Premier. Transvaal. Band 60. Omslag 1. 17 April 1909.
2). E.A. Walker. A.w. Bl. 474.
3). Mer. vers. No. 159 van 1909. 21 April 1909.

interests should have a special representation' and that 'a vote in the country was worth more than a vote in the towns.' This argument, of course, has no bearing on the question of proportional representation... it appears to show that the Cape Parliament has no very clear idea of what proportional representation is...."[1]

Lord Selborne het besef dat indien die K.K. nie i.v.m. hul amendement gekonsidereer word nie, die unifikasiepoging sou misluk. Op 29 April 1909 het hy aan Botha geskryf om aan te beveel dat die Kaapse amendemente t.o.v. artikels 39 en 40 aangeneem moet word omdat die unifikasiepoging sou misluk as dit geweier word.[2]

Dit dan was die posisie toe die afgevaardigdes in Mei 1909 na Bloemfontein gereis het om hul werk finaal af te rond. Volgens aanduidings sou die O.R.K. en Natal die K.K. in sy houding steun en toestande het bra ongunstig vir die Randse afgevaardigdes gelyk.

Op 2 Mei het die eerste ontnugtering vir die Kaapse afgevaardigdes gekom. Op daardie Sondag, die dag voordat daar met die samesprekings begin sou word, het Merriman aan sy vrou geskryf: „...I hear that the Natal fellows, who were strongest on amending the Constitution, have been backed down and are now going heart and soul with the Rand people which will make our case very difficult...Steyn is not at all sanguine, neither is Fischer. In fact, I gather that the general opinion here is that it will end in a fiasco. Fischer thinks that Botha has cooled off. Smuts has thrown his lot in with the Rand — where the question is being taken up on race lines entirely. I can see that when it comes to a vote I shall be the only Englishman voting for our amendments...."[3]

Die volgende middag, nadat daar op voorstel van Merriman besluit is dat die regering alle offisiële uitgawes i.v.m. verkiesings sou betaal maar dat kandidate 'n deposito moes maak wat hulle sou verbeur indien hulle nie 'n bepaalde hoeveelheid stemme trek nie,[4] is daar oorgegaan tot die behandeling van klousule 39. Op voorstel van Sauer het die Konvensie tot die volgende dag verdaag sodat die Kaapse

---

1). Premier. Transvaal. Band 44. No. 45/9/09. 23 April 1909.
2). do Band 60. Omslag 1. 29 April 1909.
3). Mer. vers. No. 165 van 1909. 2 Mei 1909.
4). F.S. Malan. A.w. Bl. 224.

afgevaardigdes hul amendemente suiwer kon opstel.[1)]

Die res van die dag het die afgevaardigdes die betrokke klousules bespreek. Farrar, Fitzpatrick en Jagger was besliste opponente daarvan. Jameson het 'n neutrale houding ingeneem en die Kaapse afgevaardigdes het 'n gewysigde amendement, soos deur die O.R.K.-afgevaardigdes saamgestel, noukeurig ondersoek.[2)]

Daardie Maandagaand het Merriman aan sy vrou geskryf dat die O.R.K. die K.K. in sy amendement sou ondersteun. "....We have been wrangling all day and got no further. The Rand people have managed to get things on a proper racial basis and I am sorry to say that friend Jagger is working heart and soul with them. Botha, I think, is all right. The Free State's quite with us...."[3)]

Die volgende dag het Fischer voorgestel dat daar 'n subseksie by art. 40 bygevoeg sou word om 'dunheid van bevolking' te definieer as 'n gebied met een of minder kiesers per vk. myl grond en 'digtheid van bevolking' as 'n gebied met tien of meer kiesers per vk. myl grond en dat alle dunbevolkte gebiede in enkellidkiesafdelings verdeel sou word.[4)]

Jagger het die voorstel geopponeer op grond daarvan dat daar dan in die K.K. 23 enkellid-kiesafdelings sou wees en omdat hy ten gunste van matematiese gelykheid was. Hertzog het verklaar dat, as die amendement nie aanvaar word nie, hy nie die grondwet by die parlement van die O.R.K. sou kon aanbeveel nie. Browne was teen die byvoeging van die amendement en wou dat die delimitasiekomitee toegelaat word om klousule 40 te interpreteer. Merriman het hom ten gunste van die amendement verklaar omdat daarsonder daar 'n politieke rewolusie sou wees en 'n referendum in die K.K. gehou sou moes word. Farrar, De la Rey, Fitzpatrick, en Watt van Natal, het die byvoeging van die amendement heftig geopponeer en Sauer het daarvoor gepleit.[5)] In 'n gees van opgewonde verdeeldheid het die lede van die Nasionale Konvensie daardie Dinsdagmiddag verdaag.

1). F.S. Malan. A.w. Bl. 224.
2). do.
3). Mer. vers. No. 167 van 1909. 3 Mei 1909.
4). F.S. Malan. A.w. Bl. 226.
5). do. Bl. 226 tot 230.

Die spanning wat daar op hierdie stadium in die raadsaal geheers het, is daardie aand pragtig deur Merriman aan sy vrou beskryf: „...this morning they came back to the clause wishing to move yesterday's work. When it came to the vote they were beaten by two — then Botha and his friends got a huff and said they would not go on — and left the Convention. The discussion went on without them, and now they have come back. But there is a good deal of gunpowder about and an explosion may take place at any moment. Poor Botha is very ill (liver I think) and his temper is not very sweet...any way, we shall keep our tempers...." [1]

Die volgende dag, nadat Steyn ten gunste van die amendement gepraat het, [2] het De Villiers aan die woord gekom. Hy het die vergadering meegedeel dat hy sedert die publikasie van die voorgestelde konstitusie herhaaldelik drie punte aan die publiek moes verduidelik, nl. waarom die K.K. slegs 57 parlementslede sou kry, waarom die kiesafdelings so groot sou wees en wat proporsionele verteenwoordiging was. Deur die eerste twee is daar 'n groot onreg aan die K.K. gedoen. Hy self was ten gunste van proporsionele verteenwoordiging maar dit was 'n vreemde stelsel vir Suid-Afrika en dit sou ongeskik vir die land wees. Hy wou nie weer die verteenwoordiging van die K.K. aanroer nie, maar om die ander twee besware op te los wou hy aanbeveel dat enkellid-kiesafdelings in die Unie ingestel sou word. Daardeur sou art. 40 onveranderd bly. Die beginsel van gelyke regte sou gehandhaaf wees en dit sou wegdoen met die stelsel van proporsionele verteenwoordiging. Hy het die hoop uitgespreek dat hierdie oplossing beide partye sou bevredig en hy het 'n ernstige beroep op die afgevaardigdes gedoen om hulle by hierdie voorstel neer te lê. [3]

Merriman het daarop die verdaging van die Konvensie voorgestel sodat hulle die voorstel kon oorweeg. Botha het dit gesekondeer, die hoop uitgespreek dat daar eensgesindheid sou wees en gedreig dat,

---

1). Mer. vers. No. 170 van 1909. 4 Mei 1909. Merriman beklemtoon.
2). F.S. Malan. A.w. Bl. 230.
3). do. Bl. 230 tot 232.

indien die poging tot vereniging misluk, Transvaal 'n finansiële beleid van belastingvermindering sou volg wat vir die ander kolonies baie nadelig sou wees. Hy was bereid om die voorstel van De Villiers gunstig te oorweeg.[1] Fitzpatrick was wantrouig en wou weet of hierdie voorstel die volle goedkeuring van die K.K. gehad het en of daar nie later weer ander voorstelle gemaak sou word nie.[2] Merriman het daarop verklaar dat hy persoonlik van mening was dat 'n oplossing langs hierdie weg gevind sou kon word.[3] Farrar was ook bereid om hierdie voorstel gunstig te oorweeg en nadat Malan ook positief gereageer het, het die Konvensie verdaag.[4]

Daardie aand het Merriman in 'n skrywe aan sy vrou heerlik in sy mou gelag. „...We had a great wrangle yesterday over the Fischer amendments — practically the Cape amendments. It was evident that no conclusion would be arrived at — so this morning the Chief, looking as if butter would not melt in his mouth, got up and put forward an amendment which we had talked over on the way up, which practically disposes of...proportional voting and minority representation, providing South Africa with single member constituencies. This will practically be accepted by the whole Convention except Fitzpatrick and Farrar and they will most likely come round...If this goes through we shall...have done splendidly; far better than we could have dared to hope for. All our men are solid. Jameson has behaved <u>very</u> well. We are quite the same nest of mating doves...."[5]

Toe die Nasionale Konvensie die volgende môre vergader, het Smuts voorgestel dat daar tot die middag verdaag sou word sodat daar meer tyd sou wees vir die oorweging van die voorstel van De Villiers.

Toe die Konvensie die middag vergader, wou Smuts weet of Fischer bereid was om sy voorstel terug te trek en ook wat die houding van Merriman was. In sy dagboek het Malan geskryf: „...De heer Merriman

---

1). F.S. Malan. A.w. Bl. 232.
2). do.
3). do.
4). do.
5). Mer. vers. No. 172 van 1909. 5 Mei 1909. Merriman beklemtoon.

zei dat hij grote moeilikheid had met de vertegenwoordigers der Kaapkolonie, daar het Kaapse Parlement een opdracht had gegeven beide klausules 39 en 40 te amenderen. Hij meende dat het voorstel Fischer meer of min gevolg gaf aan de opdracht van dit Parlement, doch daar het hem gebleken was, dat dit voorstel niet zou worden aangenomen, was hij bereid het amendement van de president te ondersteunen."[1)]

Fischer het verklaar dat hy sy voorstel sou terugtrek mits die voorstel van De Villiers sonder teenstem aangeneem word. Farrar was bereid om dit te ondersteun mits dit vir 10 jaar verskans word en hierin is hy deur Fitzpatrick ondersteun. Malan het beswaar teen die verskansing gehad. Daarop het Botha gevra dat Farrar en Fitzpatrick hul voorwaarde sou terugtrek. Hy het voorgestel dat 'n kommissie benoem moes word om al die voorstelle t.a.v. art. 39 en 40 te oorweeg.[2)] Dit is gedoen en as gevolg van die aanbevelings van hierdie kommissie is daar besluit om die voorstel van De Villiers te aanvaar en om al die bepalinge i.v.m. die Volksraad spesiaal te reserveer vir die goedkeuring van die Kroon.

Mnr. J.H. Hofmeyr was baie ontevrede toe hy berig ontvang het van hoe hierdie moeilikheid opgelos is. Op 8 Mei het hy aan Malan getelegrafeer dat hy, as leier van die Bond, die ooreenkoms afkeur en dit sou beveg.[3)] Hy het geregtelike advies ingeroep en mnr. Hendrikz het vanaf Kaapstad getelegrafeer om Malan te waarsku.[4)] Malan het onmiddellik met Hofmeyr in verbinding getree, hom op die gevare wat so 'n stap sou inhou gewys, en hom oorreed om toe te gee.[5)]

DIE SALARIS VAN PARLEMENTSLEDE.

Op 30 November het Hull voorgestel dat alle parlementslede £300 p.j. aan besoldiging sou ontvang en dat £2 afgetrek sou word vir elke dag waarop 'n lid nie die sitting bywoon nie. Walton wou dat daar 'n daaglikse toelaag aan parlementslede gegee sal word en Beck was van

1). F.S. Malan. A. w. Bl. 234.
2). do. Bl. 236.
3). Malan vers. ACC 583. Vol. 5. 8 Mei 1909.
4). do. 10 Mei 1909.
5). do.

mening dat parlementslede binne ŉ radius van 15 myl vanaf die hoofstad slegs £180 p.j. moes ontvang.[1)]

Die oorsaak vir hierdie verskil van mening kan gevind word in die salarisse wat in die verskeie kolonies aan hul parlementslede betaal is. In Transvaal en die O.R.K. het die parlementslede £300 p.j. ontvang. In die K.K. het die parlementslede wat op die skiereiland woonagtig was, ongeveer £63 p.j. ontvang en die plattelandse lede ongeveer £160 p.j.[2)]

Botha was dit met Hull eens, alhoewel hy ŉ jaarlikse salaris van £400 en ŉ aftrekking van £3 - 3 - 0 per dag vir afwesigheid aanbeveel het. Smuts was van mening dat die betaal van ŉ vaste jaarlikse bedrag sou voorkom dat sessies onnodig lank gerek sou word en dat die aftrekking van ŉ bedrag vir afwesigheid sou voorkom dat parlementslede voor die einde van ŉ sessie vertrek.[3)] Die voorstel van Botha is met 19 teen 11 stemme aangeneem.[4)]

Op voorstel van Jagger is daar besluit dat die ministers, die President van die Senaat en die Spreker van die Volksraad nie geregtig op die jaarlikse vergoeding sou wees nie aangesien hulle deur die publieke beurs vergoed sou word.[5)]

PROVINSIALE BESTUUR.

Op aandrang van Moor is daar op 24 November besluit om die magte van die Provinsiale Rade te bespreek. Daar is besluit dat die Provinsiale Rade onderworpe aan die bepalings van die grondwet sou wees en, op voorstel van Farrar, dat die Provinsiale Rade slegs met goedkeuring van die Unieregering geld mag leen.[6)] Die volgende dag is besluit dat alle lisensiegelde van die Unie eenders sou wees en deur ŉ lisensiewet bepaal sou word en dat die verkoop van alkoholiese drank aan Naturelle deur die Unieparlement beheer sou word.[7)]

---

1). F.S. Malan. A.w. Bl. 100.
2). Sir Edgar Walton. A.w. Bl. 193.
3). F.S. Malan. A.w. Bl. 100.
4). Sir Edgar Walton. A.w. Bl. 197.
5). do.
6). F.S. Malan. A. w. Bl. 83 tot 85.
7). do. Bl. 88 tot 90.

As gevolg van hierdie beperking op die mag van die Provinsiale Rade het Greene die lede van die Konvensie van troubreuk beskuldig en daar was werklik gevaar dat die Natalse afgevaardigdes hulle sou onttrek. Smuts het derhalwe voorgestel dat die besluite waardeur die mag van die Provinsiale Rade so kwaai aan bande gelê is, na 'n spesiale kommissie verwys sou word sodat daar tegemoetkominge vir die Natallers gesoek kon word. Hertzog het beswaar teen die heropening van die besprekinge gemaak met die gevolg dat Smuts sy voorstel moes terugtrek. Hy het egter gesê dat hy die saak op 'n ander manier tot bespreking sou bring.[1]

Merriman het toe verduidelik hoe, volgens sy mening, die Provinsiale Rade saamgestel moes word. Aan die hoof van die Provinsiale Uitvoerende mag wou hy nie 'n luitenant-goewerneur hê nie, maar wel 'n Administrateur. Die Administrateur moes deur die Unie-regering benoem word en hy moes die voorsitter van die Uitvoerende Komitee wees sodat hy 'n werkende aandeel aan die administrasie van die provinsie sou hê en ook die Unieregering verteenwoordig. Om party-politiek teen te werk moes die uitvoerende mag by 'n komitee berus wat deur die Provinsiale Rade vir 'n bepaalde tydperk gekies moes word. Hy wou ook hê dat alle inkomste na die Uniekas sou gaan en dat die Unieregering die Provinsiale Rade van geld sou voorsien.[2]

Fischer het voorgestel dat die Uitvoerende Komitee deels uit die hoofde van die departemente en deels uit lede van die Raad sou bestaan en dat al die lede van die Uitvoerende Komitee deur die Raad aangestel sou word.[3]

De Villiers het voorgestel dat die Aministrateur deur die Raad genomineer maar deur die Unieregering aangestel sou word. Daardeur sou 'n persoon wat in die provinsie gewild was, as skakel tussen die provinsie en die Unieregering dien.[4]

Bostaande twee voorstelle het 'n hewige diskussie as gevolg gehad met die gevolg dat Smuts die kans gekry het waarvoor hy gewag het. Hy

1). F.S. Malan. A.w. Bl. 90.
2). do.
3). do. Bl. 94
4). do.

het voorgestel dat die hele bespreking t.a.v. die Provinsiale Rade na 'n kommissie verwys sou word.[1] Hierdie voorstel is aangeneem en Smuts is gekies as een van die lede wat op hierdie kommissie sou dien.[2]

Op 2 Desember was die verslag van die kommissie gereed. Botha het die Konvensie gevra dat aangesien hy sommige van die tegemoetkominge eers met die Natalse afgevaardigdes wou bespreek, die Konvensie tot die middag moes verdaag. Die versoek is toegestaan.[3]

Wat dit was wat Botha met die Natallers wou bespreek, is onbekend. Dit was egter duidelik dat hulle nie tot 'n ooreenkoms kon geraak nie,[4] met die gevolg dat die Konvensie die samestelling van die Provinsiale Raad bespreek het. Die kommissie het aanbeveel dat die Provinsiale Raad van 'n provinsie uit net soveel lede sou bestaan as wat hy verteenwoordigers in die Volksraad het. Beswaar is gemaak dat Natal dan slegs 17 lede sou hê en dat dit te min is. Na 'n bespreking is besef dat afbakening baie moeilikheid en onkoste sou oplewer as 'n ander basis van verteenwoordiging aangeneem word. Daarop is 'n voorstel van Smuts aangeneem, nl. dat die aanbeveling van die kommissie aanvaar word, maar dat daar 'n minimum van 25 provinsiale raadslede in die kleiner provinsies sou wees en dat die delimitasie-komitee dieselfde sou wees as dié vir die afbakening van die kiessetels vir die Volksraad.[5]

Die volgende dag is besluit dat die uitvoerende mag in die Provinsies uit die gekose lede en die Administrateur sou bestaan. Smartt het voorgestel dat die Administrateur slegs 'n beslissende stem sou hê en Smuts het voorgestel dat die Administrateur sonder medewete van die komitee pligte aan hom deur die Unieregering opgedra, mag uitvoer, d.w.s. pligte ten behoewe van die Unie en nie van die provinsie nie. Verder is besluit dat die Unieregering die Administrateur sou aanstel.[6]

---

1). F.S. Malan. A.w. Bl. 94.
2). „Notulen...van de...Nationale Konventie." A.w. Bl. XXV111-XXV.
3). F.S. Malan. A.w. Bl. 100.
4). do. Bl. 102.
5). do. Bl. 102 tot 104.
6). do. Bl. 104.

Nadat daar besluit is om die Provinsiale hoofstede te bepaal nadat daar op die hoofstad van die Unie besluit is, is die wetgewende magte van die Provinsiale Rade weer eens bespreek. Volgens aangevelings van die komitee moes laer onderwys deur die Provinsiale Rade behartig word. 'n Lang diskussie het hierop gevolg. Botha was ten gunste van beheer deur die Unieregering en het voorgestel dat onderwys vir die eerste 10 jaar na unifikasie deur die Provinsiale Rade behartig sou word en dat dit dan deur die Unie-regering oorgeneem sou word. Smuts het Botha in sy houding gesteun maar hy het verklaar dat hy bereid was om die aanbeveling van die kommissie te aanvaar aangesien die Unieparlement enige wet van die provinsies nietig kon verklaar, omdat die Administrateur op indirekte wyse die invloed van die Unieregering sou kon laat geld en omdat die Parlement die geldelike toelae t.o.v. onderwys sou beheer.[1] Botha het daarop sy voorstel teruggetrek en voorgestel dat „...wetgeving aangaande onderwijs, behalve hoger onderwijs, bij de Provinsiale Raden te berusten voor 5 jaar, en daarna totdat het Parlement andere schikkingen maakt."[2] Hierdie voorstel is met algemene stemme aangeneem.

Toe is die staatsdiens bespreek. Smuts het voorgestel dat daar 'n algemene staatsdienswet vir die Unie sal wees wat op beide die Unie- en die Provinsiale amptenare betrekking sou hê, hoewel die provinsies dan self beheer oor hul amptenare sou uitoefen. Die voordele van hierdie stelsel sou wees dat die amptenare, wat toe in diens was, beskerm sou wees en dit sou dien om die aanname van die konstitusie te bevorder. Ook sou dit maklik wees om uniale en provinsiale amptenare te verwissel. Merriman was van mening dat dit beter sou wees as toegelaat word dat die provinsies hul eie reëlings tref sodat die amptenare nie 'n las vir die sentrale skatkis sou wees nie. Die voorstel van Smuts is aangeneem.[3]

Op Maandag 7 Desember is op voorstel van Merriman besluit dat die Unieregering in elke provinsie 'n ouditeur sou aanstel. Ook is besluit dat alle provinsiale proklamasies deur die Administrateur

1). F.S. Malan. A.w. Bl. 104 tot 112.
2). do. Bl. 112.
3). do.

uitgevaardig sou word en dat die Uitvoerende Komitee as 'n geheel sou handel sonder dat die afsonderlike lede vir verskillende departemente verantwoordelik sou wees.

Die gedagte van Smuts, dat die Kaapkolonie in twee dele of provinsies verdeel behoort te word[1] is aangeroer deurdat die kommissie aanbeveel het dat die Unieparlement die reg sou hê om provinsiale grense te verander en die groter provinsies te verdeel.

Die moontlikheid van so 'n verdeling van die Kaapkolonie het toe reeds heelwat opspraak verwek. So het Malan op 27 Oktober 1908 die volgende telegram van Hofmeyr ontvang: „...Rumoured here Federation scheme is mooted under which the Cape is to be carved up. Such men... as I have consulted are absolutely opposed to carving process, many of them even preferring any compromise in order to preserve integrity of old Colony."[2]

Alhoewel Walton ten gunste van so 'n verdeling was, aangesien die oostelike gedeeltes van die K.K. dit sou verwelkom daar alles reeds in die westelike dele gekonsentreerd was, was die opposisie daarteen te groot. Rassehaat kon deur so 'n verdeling aangewakker word en aangesien Merriman van mening was dat die voorsiening wat deur die kommissie in hul aanbeveling gemaak is, genoegsaam was, is dit so deur die Nasionale Konvensie aangeneem.[3]

BRANDSKADE IN DIE O.R.K.

Op Woensdagaand 28 Oktober 1908 is die regeringsgeboue te Bloemfontein deur 'n brand verwoes. Toe die ontstellende nuus die volgende dag in Durban verneem is, is daar besluit dat die Konvensie sou verdaag tot 10 November sodat die O.R.K. -afgevaardigdes na Bloemfontein kon gaan om ondersoek i.v.m. die skade in te stel.[4]

In 'n artikel in „De Volkstem" is beweer dat, aangesien die argief van die O.R.K. vernietig is, die regering lamgeslaan sou wees.[5] Die

1). Sien bl. 182 van hierdie werk.
2). Malan vers. Vol. 5. ACC 583. 27 Oktober 1908.
3). F.S. Malan. A.w. Bl. 116 tot 118.
4). do. Bl. 68.
5). „De Volkstem," 30 Oktober, hoofartikel.

„Star" het ook die reuse skade beskryf en ŉ pragtige foto van die geboue is gepubliseer.[1] Na ondersoek het dit egter geblyk dat die dokumente nie soveel beskadig was as wat vermoed is nie aangesien die stoorkamers brandvry was.[2]

HITTE IN DURBAN.

Reeds toe daar reëlings i.v.m. die datum van die sitting van die Nasionale Konvensie getref is, is daar besef dat die hitte van Natal uitputtend sou wees. Merriman het hierdie saak in ŉ skrywe aan Botha op 22 Julie 1908 aangehaal[3] en Botha het op 23 September aan Merriman geskryf: „...I am afraid that our work at Durban will be hampered by the heat — but I suppose that we shall be able to 'maak ŉ plan' as the Hotnot said...."[4]

Pas nege dae nadat die lede van die Konvensie met hul werksaamhede begin het, het De Villiers aan sy vrou geskryf: „...The heat is becoming very trying. There is almost daily rain, but it is a tropical mist which does not cool the atmosphere but only adds to the depression. All the delegates at this hotel complain of loss of appetite and the nights are so close that one does not get much sleep...The strain on me is very great...."[5]

Daar was derhalwe ŉ hele paar redes waarom Botha voorgestel het dat die Nasionale Konvensie moes verdaag. Die O.R.K. -brandskade het die verdaging bespoedig, maar die afgevaardigdes sou eers weer na Durban terugkeer om die konsepkonstitusie op te stel en daarna sou die werksaamhede in Kaapstad hervat word.[6] Afgesien van die brandskade en die uitputtende hitte het die gesondheid van De Villiers tot so ŉ mâte verswak dat ŉ tyd van rus noodsaaklik was.

Gedurende die 18 dae van rus was Schalk Burger die enigste Transvaalse afgevaardigde wat ŉ publieke vergadering toegespreek het. Hy het slegs meegedeel dat die besprekinge goed vorder en dat

---

1). „The Star," 29 Oktober 1908, bl. 8.
2). „De Volkstem," 3 November 1908, bl. 6.
3). Mer. vers. No. 90 van 1908. 22 Julie 1908.
4). A. do. No. 222 van 1908. 23 September 1908.
B. Dit is opvallend dat hierdie suiwer Afrikaanse sitaat deur Botha in die mond van ŉ „Hotnot" gelê is. Die opvatting dat Afrikaans ŉ „kombuistaal" is was toe nog nie uitgewis nie.
5). E.A. Walker. A.w. Bl. 445.
6). do. Bl. 452.

geheimhouding nog steeds noodsaaklik was.[1]

Sir Lewis Michell was minder geheimsinnig. Aan sy broer het hy geskryf: „...It is invidious to mention names where so many men have played a noble part in effacing the differences of a sad past, but, as an Englishman, I feel bound to say that the success of our gathering was due in great part to three members of Dutch descent: to the tact of our President, Sir Henry de Villiers: to the great personality of General Louis Botha, and to the sheer genius of his Lieutenant, General Smuts...It is only fair to add that although the hospitality of Durban was unbounded, its prime favourite was not an Englishman. Its enthusiasm was wholeheartedly expended on General Botha. His fine presence, his geniality and his splendid record, both in peace and war, combined to make him the hero of the hour...."[2]


KAAPSTAD.

Botha, Smuts en Hull het op 19 November na Kaapstad afgereis.[3] Na hul aankoms het hulle ontspan deur 'n rondreis op die skiereiland te onderneem. By 'n wynplaas het hulle hul middagmaal geniet en daar het Botha weer eens 'n baie goeie indruk gemaak deur te sê dat die kolonies, deur te verenig, 'n groot diens aan die Britse Ryk sou bewys deurdat krag aan die magtige Ryk toegevoeg sou word.[4] Ook is die Kapenaars gevlei toe die twee generaals die aangename Kaapse klimaat aangeprys het en navraag begin doen het oor die aankoop van grond.[5]

Op 23 November 1908 het die Nasionale Konvensie sy werksaamhede hervat. Die stadsraad van Kaapstad wou nie vir hul kollegas in Durban terugstaan nie en daarom moes die Konvensielede genoeë neem met 'n uitnodiging na 'n onthaal op die kruin van Tafelberg. As gevolg van ongunstige weersomstandighede het slegs 'n paar Konvensielede die uitstappie onderneem.[6]

1). „The Star," 21 November 1908, hoofartikel.
2). Sir Lewis Michell vers. AA 540. No. 29. Hoofstuk 15. Bl. 355.
3). „The Star," 18 November 1908, bl. 7.
4). do. 30 November 1908, bl. 7.
5). do. 9 Desember 1908, bl. 9.
6). do. 10 Desember 1908, bl. 7 en ook 14 Desember 1908 bl. 7.

THE CLOSER UNION CONFERENCE ADJOURNS TO CAPETOWN.




ALICE IN WONDERLAND

"BE NOT AFRAID"

---

„The Star," 11 November 1908, bl.8.

Op 15 Desember het 'n persfotograaf, mnr. E. Peters, die lede van die Nasionale Konvensie in sitting gefotografeer. Hierdie foto sou dien as die plan vir die historiese Roworthskilderstuk.[1]

Op Sondag 13 Desember is 'n spesiale diens in die kerk in Adderleystraat gehou om te bid vir seën op die werk van die Nasionale Konvensie. 'n Hele aantal afgevaardigdes het die diens bygewoon. Toe lord Selborne die gebou binnestap het die kerkkoor „God save the King" gesing. Ds. Steytler het in Engels gepreek en ds. Van Heerden in Hollands.[2]

REGTERLIK.

Sir Henry de Villiers het in die delikate kwessie van hoe om die geregshof by die Unie te laat aansluit, die hoofrol gespeel. Hy het twaalf resolusies in hierdie verband opgestel[3] wat, op voorstel van Smuts, na 'n spesiale komitee verwys is.[4] Die regsgeleerdes wat op hierdie komitee gedien het, het tot 'n vergelyk geraak en hul aanbevelings is sondermeer deur die Konvensie aanvaar.[5] Die ooreenkoms waartoe daar geraak is, is baie mooi deur die „Star" van 5 Februarie 1909 saamgevat: „...It is understood that the existing Supreme Courts of the various Colonies will remain practically as they are, but in the aggregate they will be Divisions. The Chief Justice of South Africa will be the President of the Court of Appeal."[6]

Nadat die kwessie van die hoofstad van die Unie afgehandel is, is besluit dat Bloemfontein die setel van die appélhof sou wees met dien verstande dat dit, indien nodig, ook elders mag sit.[7]

DIE PROTEKTORATE.

Smuts het die kwessie van die inlywing van die Protektorate by die Unie as so netelig beskou dat daar op sy aanbeveling 'n komitee bestaande uit die vier premiers, met De Villiers as voorsitter, saamgestel is.[8]

1). „The Star," 15 Desember 1908, bl. 7.
2). „De Volkstem," 15 Desember 1908, bl. 6.
3). Sir Edgar Walton. A.w. Bl. 199 tot 201.
4). do. Bl. 201.
5). do. Bl. 201 tot 204.
6). „The Star," 5 Februarie 1909, bl. 7.
7). Sir Edgar Walton. A.w. Bl. 204 tot 205.
8). F.S. Malan. A.w. Bl. 128.

Vir hierdie komitee sou dit noodsaaklik wees om gedurig in voeling met Engeland te bly en daarom was dit vir hulle nodig om met Selborne in aanraking te bly.

As gevolg van 'n gesprek wat Selborne met Botha en Smuts gehad het, het hy aan De Villiers 'n streng konfidensiële skrywe gerig waarin hy hom meegedeel het dat die generaals geen vertraging in die oordrag wou hê nie. Verder het hy meegedeel dat die Protektorate gelyk met die res van die Unie behandel sou moet word en dat alle inwoners van daardie gebiede vryheid van beweging deur die hele land sou moet verkry. Hierdie houding is ook deur die Britse parlement onderskryf en daarom sou die Britse regering die oordrag van die Protektorate weier indien daar nie, volgens hul mening, genoegsame regte en vryhede aan die inwoners van die Protektorate verleen word nie.[1)]

Nadat De Villiers en Selborne heelwat t.a.v. die toekomstige bestuur van die Protektorate, hul regte en vryhede e.d.m. gekorrespondeer en tot 'n ooreenkoms gekom het, is die volgende skedule aan die Nasionale Konvensie vir goedkeuring voorgelê:

1. Die Protektorate sal nie onmiddellik by die Unie ingelyf word nie.
2. Die oordrag sal geskied wanneer die Staatsekretaris en die Goewerneur-Generaal-in-Rade dit goedkeur.
3. Magtiging sal aan die Goewerneur-Generaal-in-Rade verleen word om die Protektorate oor te neem; of die een na die ander, of almal gelyktydig.
4. Die voorwaardes van oordrag sal 'n deel wees van die wet van die Britse parlement wat die Suid-Afrikaanse grondwet magtig.
5. Die voorwaardes wat nagekom moet word, is:

   A. Algemeen: i. Naturelle sal nie vervreem word van gronde tans in hul besit nie.

   ii. Geen alkoholiese drank sal aan naturelle verkoop word nie.

   iii. Elke Protektoraat sal sy tolgelde behou.

   iv. Die Nasionale Raad van Basoetoeland sal nie

---

1). E.A. Walker. A.w. Bl. 455 tot 456.

afgeskaf word nie.

v. Moontlike verdere byvoegings van dieselfde aard.

B. Spesiaal. i. Kommissarisse sal benoem word om namens die Hoë Kommissaris die gebiede te bestuur. Met die oordrag van die gebiede sal die Unieregering ook die kommissarisse oorneem, maar daarna sal hulle deur die Goewerneur-Generaal-in-Rade aangestel word. Hulle sal goed besoldig word en nie ontslaan word sonder die goedkeuring van beide die parlementshuise nie.

ii. Aanstellinge vir diens in die Protektorate sal op aanbeveling van die kommissarisse deur die Goewerneur-Generaal-in-Rade gemaak word.

iii. Jaarlikse begrotings sal deur die kommissarisse vir die Protektorate gemaak word en sal deur die Goewerneur-Generaal-in-Rade goedgekeur word.

iv. Die premier van die Unie sal algemene toesig oor die werk van die kommissarisse hou en enige vrae in daardie verband in die Parlement beantwoord.[1]

Op 18 Desember het die lede van die Nasionale Konvensie die skedule oorweeg. Hertzog was van mening dat daar nie op die oorname van die Protektorate besluit moes word nie, omdat die Imperiale Regering dan die mag sou hê om in Suid-Afrikaanse aangeleenthede in te meng. Greene het hom met hierdie standpunt verenig. Hy wou 'n unie van blankes hê en dit sonder deur hul te „...laten dikteren door de Hoge Kommissaris of de 'lieden in Engeland.'"[2]

Smuts het hom met die skema van inlywing vereenselwig aangesien dit sy mening was dat Unifikasie bespoedig en vergemaklik sou word indien die Konvensie 'n duidelik-omlynde naturellebeleid neerlê. Farrar was eens hiermee omdat Engeland dan nie die toekomstige naturellebeleid van die Unie sou betwyfel nie. Botha het 'n bevredigende oplossing as noodsaaklik vir unifikasie beskou en wou dat die voor- en nadele van

---

1). Premier. Transvaal. Band 60. Omslag 11.
2). F.S. Malan. A.w. Bl. 150.

die oordrag deeglik ondersoek word sodat geen mag later die soewereiniteit van die Parlement kon betwis nie.[1]

'n Gerusstellende berig is deur Merriman van Hutchinson ontvang. Daarin is meegedeel dat die Konvensie nie noodwendig die voorstelle van Selborne moes aanneem nie, maar, indien moontlik, „...get the Convention to agree to something that H.M. Government could at all events make a shift of being moderately satisfied with...but if this is impossible, I don't think that the passage of the Constitution, if it contained no reference to the subject, and provide only for the unification of the Colonies, ...would cause delay."[2]

Die skedule, wat deur De Villiers aan die Konvensie voorgelê is, is daarop aangeneem.[3]

VROUE STEMREG.

Op Maandag 14 Desember het Moor kennis gegee van 'n voorstel ten gunste van die toekenning van stemreg aan vroue.[4] Volgens sy mening sou dit skandalig wees om aan die kleurlinge van die K.K. stemreg te gee en die blanke vrouens uit te sluit. Op 11 Januarie 1909 het hy egter sy voorstel teruggetrek ten gunste van 'n wysiging van Smuts nl. om aan die kommissie, wat die ontwerpkonstitusie saamstel, opdrag te gee om daarvoor voorsiening te maak dat 'n blote meerderheid van die Unieparlement stemreg ook aan blanke vroue kan toeken.[5]

DIE HOOFSTAD VAN DIE UNIE.

Toe Botha teen die einde van Mei 1907 in Kaapstad verwelkom is, nadat hy van die Premierskonferensie te Londen teruggekeer het, het hy in 'n oomblik van onbedagsaamheid in 'n toespraak die hoop uitgespreek dat Kaapstad die toekomstige hoofstad van 'n verenigde Suid-Afrika sou wees.[6] Dit was vir hom beslis gelukkig dat hierdie uitlating tydens die bespreking van die toekomstige hoofstad vergeet is want anders sou hy in 'n lelike verleentheid gebring kon word.

---

1). F.S. Malan. A.w. Bl. 153 tot 154.
2). Mer. vers. No. 267 van 1908. 9 November 1908.
3). F.S. Malan. A.w. Bl. 154.
4). do. Bl. 132 tot 144.
5). do.
6). Fremantle vers. ACC 608. Vol. 6. 29 Mei 1907.

Ook Merriman het, 'n paar maande voordat die bepaling van die toekomstige hoofstad 'n twisappel geword het, op heel onbedagsame wyse aan Smuts geskryf: „...Where should the Capital be placed? This is a question which bulks very large in the minds of some people. For myself, I am quite indifferent...."[1)]

Sonder om dit so te bedoel het die „Advertiser" van Graaff-Reinet op 21 Mei 1908 'n vuurhoutjie in 'n Suid-Afrikaanse kruitvat gesteek. In 'n hoofartikel het hierdie koerant Graaff-Reinet as toekomstige hoofstad van die Unie aanbeveel op grond van sy ligging, klimaat, lae sterftesyfer, suiwer water en ruimte vir toekomstige uitbreiding.[2)] Die dorpsraad van Potchefstroom het aan Botha 'n skrywe gerig om hul dorp as hoofstad aan te beveel en Rosmead-Junction, Worcester, Queenstown, Mafeking, Pretoria en Bloemfontein het ook om hierdie onderskeiding begin agiteer.[3)] Natal het die aanspraak van Bloemfontein ondersteun en Botha het verklaar dat Pretoria, as gevolg van sy nuwe spoorwegstasie 'n £200,000 poskantoor, die aangewese plek sou wees.[4)] Teen hierdie tyd het die „Star" dit nodig gevind om te waarsku dat die agitasie slegs groot moeilikhede ten gevolg kan hê en gevra dat die kwessie liefs aan die Unieparlement vir beslegting oorgelaat moes word.[5)] „De Volkstem" was dieselfde mening toegedaan en het daarop gewys dat die Transvaalse regering Pretoria as hoofstad sou verkies en dat verdere aansprake slegs die kanse van Pretoria sou benadeel.[6)]

In Desember het die „Bloemfontein Post" verklaar dat die Transvaalse afgevaardigdes eis dat Pretoria die hoofstad van die Unie moet wees om Transvaal vir sy groot opofferinge te vergoed,[7)] en Malan het verklaar dat Transvaal van sy finansiële posisie misbruik maak om daardeur die hoofstad vir hul provinsie te verseker.[8)]

Selborne, bewus van die gevare wat die hoofstadkwessie inhou,

1). Mer. vers. No. 26 van 1908. 24 Februarie 1908.
2). „Ons Land," 21 Mei 1908, bl. 5.
3). „Notulen...van de...Nationale Konventie." A.w. Bl. XVI-XIX.
4). „The Star," 14 Oktober 1908, bl. 7.
5). do.
6). „De Volkstem," 25 Augustus 1908, hoofartikel.
7). „The Star," 2 Desember 1908, bl. 7.
8). F.S. Malan. A.w. Bl. 158 tot 160.

het aanbeveel dat 'n volkstemming gehou sou word sodat die volk tussen Kaapstad en Pretoria as hoofstad kon kies.[1]

Op 9 Desember het Botha in die Konvensie voorgestel dat daar besluit moes word waar die toekomstige hoofstad van die Unie sou wees om sodoende te verhoed dat dit 'n eleksiekreet in die verkiesing van die eerste Unieparlement word.[2] Hertzog het hom teen die voorstel uitgelaat omdat die hoofstadkwessie by die meeste afgevaardigdes 'n persoonlike kwessie was.[3] Hierin is hy ondersteun deur Hyslop en De Villiers. Greene en Smuts was dit eens met die voorstel van Botha, met die gevolg dat daar, op voorstel van Fischer, besluit is om 'n kommissie te benoem wat sou besluit op die beste manier om vir die toekomstige hoofstad te stem.[4] Ook is daar, op voorstel van Hyslop, besluit dat die finansiële kommissie sou besluit watter vergoeding die provinsiale hoofstede, wat met unifikasie van hul status beroof sou word, sou kry.[5]

Die kommissie wat benoem is, het bestaan uit De Villiers as voorsitter en Hyslop, Botha en Hertzog as lede.[6] Hulle het op 17 Desember verslag gelewer en aanbeveel dat, aangesien hulle nie tot 'n vergelyk kon geraak nie, die premiers gedurende die reses die aangeleentheid moes bespreek. Ook het De Villiers aanbeveel dat 'n onpartydige koninklike kommissie gevra sou word om ondersoek in te stel en 'n aanbeveling te maak.[7] Daar is twee voorstelle t.o.v. die manier van stemming aan die Konvensie voorgelê. Die een manier is deur Hertzog opgestel en die ander deur Botha. In die kommissie was die stemming gelykop en, liewer as om van die beslissende stem van die voorsitter gebruik te maak, is besluit om altwee die voorstelle aan die Konvensie voor te lê.[8]

Die voorstel van Hertzog was as volg:

a. Voordat daar op die hoofstad besluit word, sal eers beslis word in watter een van die vier verteenwoordigende provinsies die hoofstad

---

1). Premier. Transvaal. Band 60. Omslag 11. 11 Desember 1908.
2). F.S. Malan. A.w. Bl. 122.
3). do.
4). do. Bl. 122 tot 124.
5). do. Bl. 128.
6). „Notulen...van de...Nationale Konventie." A.w. Bl. XXIV.
7). F.S. Malan. A.w. Bl. 142.
8). Malan vers. ACC 583. Band 3. 16 Januarie 1909.

geleë sal wees.

b. Die metode sal as volg wees:

1. Elke lid sal 'n stem hê en dit op papier uit bring.

2. Elke lid sal die naam van een van die vier kolonies neerskryf, dit onderteken en aan die hoofsekretaris oorhandig. Die sekretarisse sal die stemme vir die kolonies tel en die uitslag aan die president meedeel.

3. Die kolonie met die minste stemme word nou geëlimineer. Daar word nou op dieselfde manier tussen die drie oorblywende kolonies gestem.

4. Indien daar in die vorige geval gelykop tussen enige van die kolonies gestem word, sal die Konvensie onmiddellik, sonder om verder te gaan, tussen daardie twee kolonies stem en besluit watter een geëlimineer sal word.

5. Daar sal tussen die laaste twee kolonies gestem word op dieselfde manier en die kolonie wat 16 of meer stemme kry, sal gekies word as die kolonie waarin die hoofstad geleë sal wees.

6. Enige afgevaardigde van enige van die vier kolonies het die reg om die kolonie wat so gekies is, te daag deur enige van die oorblywende kolonies, wat nog nie in enkel stemming teen die gekose kolonie gestaan het nie, aan te beveel. 'n Meerderheid van stemme sal dan die kolonie waarin die hoofstad geleë sal wees, aanwys, maar as die kolonie wat so aangewys is, 15 of minder stemme bekom, sal die kolonie wat voorheen aangewys is, die kolonie wees waarin die Uniehoofstad geleë sal wees.[1)]

Die voorstel van Botha was:

a. Elke afgevaardigde skryf die naam van die kolonie, waarin, volgens sy mening, die hoofstad geleë behoort te wees, op 'n stukkie papier, en onderteken dit.

b. Die Hoofsekretaris lees dit hard uit en die ander sekretarisse tel die stemme.

---

1). Malan vers. AJC 583. Band 3. 16 Januarie 1909.

c. Die kolonie met die minste stemme val uit. Ingeval die twee minstes ewe veel stemme het, stem die hele konvensie tussen daardie twee en die kolonie met die minste stemme is geëlimineer.

d. Op dieselfde manier word daar nou oor die oorblywende drie kolonies gestem.

e. Daar word op dieselfde manier tussen die laaste twee kolonies gestem. Die kolonie wat dan 16 of meer stemme kry, sal die kolonie wees waarin die hoofstad geleë sal wees.[1)]

Tydens die reses het die pers weer eens 'n hewige rusie oor die hoofstadkwessie gemaak. Die „Star" het die „Leader" aangeval omdat laasgenoemde beweer het dat die hoofstad moontlik versnipper sou word.[2)] Die „Times of Natal" het Kroonstad, wat toe net per spoor met Natal verbind is, as hoofstad aanbeveel en daardeur aanvalle van die „Bloemfontein Post," die „Friend," die „Cape Times," die „Natal Advertiser" en die „Star" uitgelok.[3)] Die „Star" het foto's van Kroonstad se wye, stowwerige en vormlose hoofstraat en van die hopeloos ondoeltreffende stadsaal gepubliseer. Toe die stadsklerk van Kroonstad 'n foto van die pragtige nuwe stadsaal van Kroonstad aangestuur het, was die „Star" verplig om apologie aan te teken aangesien hul vorige foto dié van die regeringsgeboue was.[4)] Op 23 Januarie het die „Star" die mening uitgespreek dat Graaff-Reinet die hoofstad sou word[5)] en vier dae later het dieselfde koerant beweer dat die keuse tussen Kaapstad en Pretoria sou wees,[6)] terwyl die „Volkstem" gewaarsku het dat as Pretoria nie die hoofstad word nie, Transvaal nie by die Unie sou aansluit nie.[7)]

Toe die Konvensie op 11 Januarie 1909 sy werksaamhede hervat het, was daar 'n duidelike gevoel van spanning in die raadsaal. Daar is besef dat beide Transvaal en die K.K. hul aansprake as geregverdig beskou en dat die kolonie wat die onderspit sou delf, moontlik sou

---

1). Malan vers. ACC 583. Band 3. 16 Januarie 1909.
2). „The Star," 15 Desember 1908, hoofartikel.
3). do. 11 Januarie 1909, bl. 9 tot 10.
4). do. 20 Januarie 1909, bl. 8.
5). do. 23 Januarie 1909, bl. 8.
6). do. 27 Januarie 1909, bl. 7.
7). „De Volkstem", 27 Januarie 1909, hoofartikel. Oorgeneem deur die „Star" van 28 Januarie 1909, bl. 9.

weier om by die Unie aan te sluit.[1] Kragtige argumente in die guns van beide Kaapstad en Pretoria is gelewer[2] en die moeilikheid is verskerp toe Fischer ʼn sentraal geleë stad, nl. Bloemfontein, aanbeveel het.[3] Steyn wou dat die Unieparlement hierdie netelige kwessie sou beslis, maar Botha het geweier en ingestem dat daar vir die hoofstad gestem kon word op die manier soos deur Hertzog aanbeveel, mits die derde punt van sy aanbeveling geskraap word sodat die Unieparlement dan die dorp in die gekose provinsie kon aanwys.[4]

Fitzpatrick het die natuurlike voordele van Pretoria as hoofstad beklemtoon en Merriman het Kaapstad opgehemel. Hy het die nadele wat Pretoria sou inhou benadruk, en o.a. Johannesburg ʼn „university for criminals" genoem.[5] Nou was die vet in die vuur. Farrar het Merriman daarvan beskuldig dat hy onsimpatiek teenoor die nuwe bevolking was. Hertzog was van mening dat Johannesburg te na aan Pretoria was om ʼn heilsame uitwerking op die gevestigde bevolking te hê en met ʼn gees van verbittering en verdeeldheid het die lede van die Nasionale Konvensie vir die naweek verdaag.[6] So hoog het die gevoelens nou geloop dat selfs die sluier van geheimhouding van die werksaamhede van die Nasionale Konvensie afgeskeur is en „The Cape" kon spog met ʼn berig dat „...it is clear enough now that the secrecy which for so long surrounded the Convention, has been penetrated...the delegates are now discussing the capital...."[7]

Op Dinsdag 26 Januarie het Botha weer eens die kwessie van die hoofstad aangeroer. Hy het sy voorstel oor die manier van stem teruggetrek en gevra dat daar besluit sal word of die hoofstad langs die kus of in die binneland sou wees.[8] Smuts het Botha kragtig ondersteun[9] en Steyn het voorgestel dat Botha en Merriman buite die Konvensie tot ʼn ooreenkoms kom. So kon hulle oorweeg of dit nie

---

1). F.S. Malan. A.w. Bl. 158. Voetnoot.
2). Sir Edgar Walton. A.w. Bl. 264 tot 268.
3). do. Bl. 269 tot 270.
4). F.S. Malan A.w. Bl. 186.
5). do. Bl. 188 tot 190.
6). do. Bl. 190.
7). „The Cape," 22 Januarie 1909, bl. 7.
8). F.S. Malan. A.w. Bl. 198.
9). do. Bl. 202.

wenslik sou wees om die hoofstad op een plek te hê en die funksies daarvan elders te plaas nie. Jameson het voorgestel dat die Konvensie sou verdaag om uitvoering aan hierdie besluit te gee en Hull het voorgestel dat die hoofstadkwessie nie weer voor 29 Januarie bespreek sou word nie. Hierdie voorstelle is almal aangeneem.[1]

Op Donderdag 28 Januarie het Botha aan Merriman voorgestel dat die hoofstad Pretoria sou wees en dat dit die setel van die administrasie sou wees maar dat die Parlement in Kaapstad sou sit.

Vrydag het Merriman aan Botha voorgestel dat Pretoria die regeringsetel sou wees en Kaapstad die setel van die Parlement.[2]

Hierdie voorstel is deur Botha verwerp omdat hy aangedring het op die gebruik van die woord „hoofstad" vir Pretoria. Die saak was nou feitlik opgelos. Dit was nou nie meer 'n kwessie van plek of beginsel nie, maar slegs 'n sentimentele houding oor 'n woord.

De La Rey wou hom nie met die kompromis versoen nie. Hy het verklaar dat as Pretoria nie as hoofstad gekies word nie, hy die Unie nie sou ondersteun nie.[3]

Die debat is op Maandag 1 Februarie voortgesit. Hull het voorgestel dat 'n nuwe hoofstad op die oewers van die Vaalrivier gebou sou word en dat Pretoria intussen as regeringsetel en Kaapstad as setel van die Parlement sou dien.[4]

Smuts het beweer dat die verskil tussen die voorstelle van Botha en Merriman so gering was dat die saak geskik kon word. Hy het gevra dat die bespreking die volgende dag hervat sou word. Dit is gedoen. De Villiers het die twee premiers oorreed om in te stem met die voorstel van Smuts, nl. dat Pretoria die setel van die Regering sou wees en dat Kaapstad die setel van die Parlement sou wees.[5] Botha se poging om ook hierdie ooreenkoms met 'n twee-derde meerderheid te laat verskans het misluk en daar is algemeen gevoel dat hierdie eerbare reëling nie

---

1). F.S. Malan. A.w. Bl. 202 tot 204.
2). do. Bl. 206.
3). do. Bl. 210.
4). do. Bl. 216.
5). do.

moedswillig verbreek sou word nie.[1]

Die nuus i.v.m. die kompromis het onmiddellike protes uitgelok. Kaapstad was opgewonde, maar toe berig van die woede wat daar in Pretoria geheers het, ontvang is, het die Kapenaars bedaar en besluit dat hulle tog nie 'n slegte ooreenkoms gemaak het nie.[2] Die „Volkstem" het die ooreenkoms as 'n wanhoopuitweg verwelkom[3] en die „Star" het dit beskryf as 'n „...compact of honour among the delegates that the arrangement suggested, if adopted, shall be permanent. There will be no struggle by Pretoria to grasp all. There will be no effort made by Capetown to win back the executive...."[4] Die Kaapse koerant, „The Cape," was minder ingenome met die ooreenkoms. Op 5 Februarie het hierdie koerant verklaar dat „...the Transvaal was dealing with the question in the meanest spirit of bargaining. The Boer organ in Pretoria and the man in Johannesburg street and the stock exchange are one on the question. 'The Capital or no Union!' they shout. We suppose this is the fine political vigour of the Northern Colonies which 'The State' contrasted with the mellow conservatism of the Cape. The Transvaal delegates played their game well. The Cape delegates have surrendered to an attitude which dishonours the whole principle of National Union."[5]

Met betrekking tot die houding van die Kaapse pers en publiek het sir Hely Hutchinson op 7 Februarie aan Merriman geskryf: „... Capetown was bound to squeal about the Capital compromise, but I think they will not wish to refuse it. The ever optimistic Jameson is confident that the draft will be accepted by the Cape Parliament."[6]

VERGOEDING AAN DIE KOLONIALE HOOFSTEDE.

Toe Botha op 9 Desember vir die eerste keer die hoofstadkwessie aangeroer het, het Greene gevra dat die koloniale hoofstede, wat van hul status beroof wou word, vergoeding sou ontvang.[7] Op voorstel van Hyslop is hierdie aangeleentheid na die finansiële kommissie verwys.[8]

1). F.S. Malan. A.w. Bl. 216.
2). „The Star," 4 Februarie 1909, bl. 7.
3). „De Volkstem," 5 Februarie 1909, hoofartikel.
4). „The Star," 4 Februarie 1909, bl. 7.
5). „The Cape," 5 Februarie 1909, hoofartikel.
6). Mer. vers. No. 16 van 1909. 7 Februarie 1909.
7). F.S. Malan. A.w. Bl. 122.
8). do. Bl. 128.

Op 16 Januarie het Hull verklaar dat die munisipale skulde van die hoofstede as volg was: Kaapstad - £4,440,000; Bloemfontein - £823,000; Pretoria - £1,000,000 en Pietermaritzburg - £1,120,000. Die finansiële kommissie het aanbeveel dat die hoofstede wat hul status verloor, vir 30 jaar lank vergoed sou word deurdat die Unieregering 2% van die skulde sou betaal waarvan 1% sou dien as delgingsfonds.[1]

Walton was van mening dat die aanbeveling te liberaal was. Michell wou die termyn na 25 jaar verminder, Botha wou hê dat die kompensasie na die bepaling van die hoofstad bespreek sou word en De la Rey was teen die betaal van kompensasiegelde.[2]

Toe die hoofstadkwessie finaal afgehandel was, wou die Transvaalse afgevaardigdes geen kompensasie vir Pretoria aanvaar nie omdat hulle dan daardeur sou erken dat Pretoria met die hoofstadooreenkoms iets verloor het. Die afgevaardigdes van die K.K. het daarop ook geweier om kompensasiegeld vir Kaapstad te ontvang omdat hulle dan daardeur sou erken dat Kaapstad op 'n laer voet as Pretoria staan.[3] Daar is gevolglik besluit dat slegs Bloemfontein en Pietermaritzburg kompensasiegeld sou ontvang wat bereken sou word op 2% van die munisipale skuld vir 'n tydperk van 25 jaar. Indien die Unieparlement dit mag goed vind om ook aan Kaapstad en/of Pretoria vergoeding te gee dan mag die vergoeding nie meer as 1% van die munisipale skuld wees nie.[4]

## DIE NAAM VAN DIE O.R.K.

Op Donderdag 14 Januarie, toe die ontwerpkonstitusie onder behandeling was, het Walton aanbeveel dat die ou naam, „Oranje Vrijstaat," weer ingestel moes word.[5]

Op Vrydag 29 Januarie het Jameson, met verwysing na die wenk van Walton, voorgestel dat die naam van die O.R.K. tot „Oranje Vrijstaat" verander sou word. Fitzpatrick het die voorstel

1). F.S. Malan. A.w. Bl. 160 tot 172.
2). do. Bl. 170 tot 172.
3). do. Bl. 218 tot 220.
4). „Debatten van de Buitengewone Zitting van de Wetgevende Vergadering van de Transvaal. 1909. Plaatsgevonden gedurende het tijdperk: 30 Maart — 3 April. Geauthoriseerde uitgave." Bl. 159.
5). F.S. Malan. A.w. Bl. 166.

gesekondeer en dit is sonder teëstem aangeneem.[1]

DIE FINANSIËLE KOMMISSIE.

Op 7 Desember het Smuts voorgestel dat „A committee be appointed to make recommendations in regard to Finance and Trade for the consideration of the Convention, the Committee to consist of two members from each delegation to be nominated by the Prime Ministers and one from Rhodesia."[2]

Die voorstel is aangeneem en daarop is die volgende komitee saamgestel: Mnr. Merriman as voorsitter. (Later is hy deur Sauer vervang. Te Bloemfontein het Merriman weer sy plek ingeneem); mnre. Jagger, Hyslop en Greene (wat later tydelik deur mnr. Smythe vervang is); mnre. Hull en Farrar, met genl. Smuts as sekundus; mnre. Fischer, Browne en Michell.[3]

Die probleme waarmee hierdie komitee te kampe gehad het, was ingewikkeld. In die K.K. was daar tekorte, in Natal was die posisie haglik, in die O.R.K. was daar 'n batige saldo en in Transvaal was daar 'n groot surplus. In die kolonies was daar groot verskille in die heffing van belastings en na unifikasie sou geen provinsie bereid wees om hoër belastings as 'n ander te betaal nie. Aangesien die Transvaalse publiek nie bereid sou wees om 'n hoër belasting ter wille van unifikasie te betaal nie, is daar besluit om hierdie probleem deur die Unieparlement te laat oplos en om geen melding daarvan in die konsepkonstitusie te maak nie. Selfs die gebruiklike klousule, nl. dat alle belastings in die Unie gelykdrukkend sou wees, is nie in die konsepkonstitusie aangehaal nie, en dit is interessant om op te merk dat toe die sanksie van die kiesers gevra is, die weglating van hierdie klousule nie opgemerk is nie.[4]

---

1). F.S. Malan. A.w. Bl. 208.
2). Sir Edgar Walton. A.w. Bl. 230 tot 232.
3). „Notulen...van de...Nationale Konventie." A.w. Bl. XXlV.
4). Sir Edgar Walton. A.w. Bl. 230 tot 233.

Die finansiële kommissie het besluit om die spoorweginkomste, wat voorheen deur die kolonies in die staatskis gestort is, na unifikasie van die algemene inkomste te skei om daardeur die binnelandse verbruiker te help.[1]

Op 17 Desember het die finansiële kommissie sy eerste verslag aan die Konvensie voorgelê. Die spoorweg- en algemene inkomste is geskei; ʼn kommissie moes aangestel word om te oorweeg watter heffinge vir provinsiale doeleindes gebruik sou word; alle bates, lande, myne en minerale regte, skulde, spoorweë, hawes en vuurtorings sou deur die Unieregering oorgeneem word, en die Goewerneur-Generaal sou £10,000 p.j. ontvang.[2]

Toe die Konvensie die aanbevelings oorweeg het, is daar ʼn verstandhouding aangegaan dat geen regering nuwe finansiële verpligtinge sou aangaan vanaf die datum van publikasie van die konsepakte tot en met unifikasie nie. Die verskeie regerings het elk ʼn lys saamgestel van wat as dringende werke beskou is en daar is ooreengekom dat die bedrae wat neergeskryf is. nie oorskry sou word nie. Om in die onmiddellike behoeftes van Natal en die O.R.K. te voorsien het die Transvaalse afgevaardigdes ingestem om aan elk van hierdie twee kolonies £500,000 te leen en daardeur te voorkom dat nuwe lenings aangegaan sou word.[3]

## DIE KONSEPKONSTITUSIE.

Op 18 Desember het Smuts voorgestel dat ʼn komitee aangestel sal word om ʼn konsepwet op te stel waarin die besluite, wat deur die Konvensie geneem is, aangeteken sal word. Hulle moet volmag kry om die bewoording van die besluite te wysig en, waar hulle dit nodig mag vind, om wysigings van genome besluite aan die hand te doen. Alle byvoegings en aanbevelings moet met rooi ink ingevul word. Die

---

1). Sir Edgar Walton. A.w. Bl. 237 tot 238.
2). do. Bl. 239 tot 242.
3). do. Bl. 242 tot 247.

komitee moet bestaan uit die president en een lid uit elke provinsie, deur die premier benoem, asook een lid van Rhodesië. Dit sou hierdie komitee vry staan om die hulp van afgevaardigdes, wat nie lede van die kommissie is nie, in te roep.[1]

Die voorstel van Smuts is aangeneem en toe die kommissie saamgestel is, het dit bestaan uit De Villiers, Merriman, Greene, Hertzog, Smuts en Michell.[2]

Op 18 Januarie is die konsepkonstitusie, vir sover as wat dit gereed was, deur die Konvensie bespreek en 'n paar geringe veranderinge is gemaak.[3] Op aanbeveling van Smuts is besluit dat die Administrateur, behalwe 'n beslissende stem, ook 'n gewone stem in die Uitvoerende Komitee sou hê, sodat hy nie deur die Uitvoerende Komitee oorheers sou word nie.[4] Op voorstel van Hertzog is hy self, Malan, Moor en Smuts as 'n komitee benoem wat die ontwerp ook in Hollands sou opstel.

Omdat Smuts en Malan teen die verkiesing van Senatore was omdat dit 'hoë politiek' in die Provinsiale Rade sou bring, en omdat Merriman en De Villiers dit nie eens met Smuts en Malan was nie, het Farrar voorgestel dat Kieskolleges, bestaande uit die Provinsiale Raadslede en die Parlementslede van elke provinsie, die Senatore sou kies. Smuts het voorgestel dat die woord 'Parlementslede' met die woord 'Volksraadslede' vervang sou word en so is die voorstel aangeneem.[5]

Op 29 Januarie het die ontwerpkommissie die ontwerp in druk aan die Nasionale Konvensie voorgelê. Daar is besluit dat die ontwerp op 'n datum, wat later bepaal sou word, in al die kolonies en in Engeland gelyktydig gepubliseer sou word. 'n Kopie van die ontwerp sou derhalwe aan Selborne gegee word sodat hy dit na Engeland kon aanstuur.[6]

REËLINGS I.V.M. DIE PROSEDURE.

Op 'n vraag van Steyn het Merriman die prosedure, wat na verdaging van die Nasionale Konvensie gevolg moes word, beskryf.

---

1). „Notulen...van de...Nationale Konventie." A.w. Bl. 149 -150.
2). do. Bl. 150.
3). do. Bl. 174.
4). F.S. Malan. A.w. Bl. 176 tot 178.
5). do. Bl. 196.
6). do. Bl. 204.

'n Spesiale sessie van die Parlemente sou in Maart moes sit om die konsep te bespreek en amendemente voor te stel. Hulle moes dan aan die Konvensielede volmag gee om die konsep finaal te bekragtig. Nadat die Konvensie dan weer eens vergader het om finaal oor die amendemente te beslis, moes die Konvensie 'n kommissie benoem wat die akte na Engeland sou neem vir bekragtiging deur die Imperiale Parlement.[1)]

Smuts was van mening dat die tweede Konvensie weer eens aan die Parlemente sou moes rapporteer en hy het teen oorhaastige optrede gewaarsku. De Villiers was van mening dat die plan van Merriman tog uitvoerbaar was. Daar is toe besluit om die saak aan die premiers oor te laat sodat hulle aan die Konvensie kon rapporteer.[2)]

Die volgende dag het De Villiers 'n verslag i.v.m. die prosedure gelewer. Op 30 Maart sou die Parlemente sit om die ontwerp te bespreek. In Mei sou die Konvensie in Bloemfontein die amendemente bespreek en daarna sou die Parlemente gevra word om die ontwerp aan te neem en 'n versoekskrif aan die Imperiale Parlement te rig om hulle te vra om ook die konsepakte goed te keur. 'n Kommissie sou benoem word om die konsepakte na Engeland te neem.[3)]

DIE NOTULE VAN DIE NASIONALE KONVENSIE.

Op 2 Februarie 1909, die dag voordat die Nasionale Konvensie te Kaapstad sou verdaag, het Merriman voorgestel dat die notule van die Konvensie verbrand sou word. Smuts het beswaar daarteen aangeteken op grond daarvan dat dit 'n historiese dokument van groot waarde vir geskiedskrywing sou word. De Villiers het daarop gewys dat die Konvensie weer sou moes sit en dat hulle die notule dan weer nodig sou kry. Greene het geweier om sy eie kopie te vernietig aangesien hy dit as sy persoonlike eiendom beskou het. Die gevolg was dat daar besluit is om die notule geheim te hou.[4)]

---

1). F.S. Malan. A.w. Bl. 206.
2). do.
3). do. Bl. 208.
4). do. Bl. 220.

DIE VERDAGING VAN DIE NASIONALE KONVENSIE.

Op Woensdag 3 Februarie 1909 het die hoofsekretaris van die Nasionale Konvensie die volgende telegram aan die waarnemende premier van Transvaal gestuur: „The Convention adjourned at about twelve o'clock noon, having agreed to a draft act for the Union of South Africa. This draft act is not to be published before eight o'clock on Thursday evening the 9th instant, and it was further resolved that several parliaments should meet on the 30th March for discussing it; this information may be communicated to the press."[1)]

Daar sou nou 'n tyd van kritiek op die werk van die Nasionale Konvensie aanbreek. Tot 30 Maart sou die publiek van Suid-Afrika dit na hartelus kon kritiseer en daarna sou die verskeie parlemente dit bespreek. Daar was 'n moontlikheid dat die konsep afgekeur sou word. In verband daarmee het sir Lewis Michell aan sy broer geskryf: „...though our work may thus be temporarily thwarted, it can never be quite undone...Speaking broadly, however, our draft act is a great step forward. No Colony has secured all it strove for but the spirit of give and take has prevailed. Old feuds have been set to rest, prejudices have died down and South Africa, so long distracted by parochialism, begins at length to see happier and brighter days in store for it...."[2)]

HULDE AAN BOTHA.

Op 17 Desember 1908 het die „Star," volgens sy eie mening, aan genl. Botha hulde betoon deur te verklaar: „...General Botha is hailed as an Imperialist after Milner's own heart...."[3)] Dat hierdie 'huldebetoon' nie onvanpas was nie, blyk uit 'n boodskap wat Botha aan 'n verslaggewer van die Londense „Times" gegee het op die dag waarop die Nasionale Konvensie te Kaapstad verdaag het. Botha het by daardie geleentheid gesê: „I want the King and the British people

1). Premier. Transvaal. Band 44. No. 45/3/1909.
2). Sir Lewis Michell vers. Hoofstuk 15. Bl. 362. 11 Januarie 1909.
3). „The Star," 17 Desember 1908, hoofartikel.

to realise that the trust reposed in us has been worthily taken up. I hope they will have cause to be proud of the young South African nation."[1]

Die „Volkstem" het, net nadat die Konvensie te Kaapstad verdaag het, ook besluit om weer eens die grootheid van hul leier onder die aandag van sy lesers te bring. In hierdie huldebetoon is daar selfs lof aan die generaal toegeswaai wat sy adjudant toekom. So het die „Volkstem" op 5 Februarie 1909 geskryf: „...Aan Genl. Louis Botha mag de betuiging van hulde niet worden onthouden dat hij de grote stoot heeft gegeven aan de poging tot daadwerkelike vereniging...." en misluk die poging tot unifikasie „...dan nog heeft de door Louis Botha uitgelokte Konvensie onvergankelike diensten aan ons werelddeel bewezen...."[2]

Dat Botha wel verdien om geprys te word, word pragtig bewys uit 'n brief wat sir Lewis Michell reeds op 19 Desember 1908 aan sy broer geskryf het. Hy het die reuse vordering wat daar deur die Konvensie gemaak is beskryf en daaraan toegevoeg: „...This result is due in the main to the good sense and courtesy of Louis Botha who stands out above all his fellow members and bids fair to be selected as the first Dominion Premier...."[3]

Ook sir Wilfred Laurier, die premier van Kanada, wat tydens die premierskonferensie te Londen in 1907 'n hegte vriend en bewonderaar van Botha geword het, het nie nagelaat om aan Botha 'n brief van gelukwensing te skryf nie. „...It seems to me that you have successfully grabbled with a very difficult problem and the Union gives the greatest credit to those who were engaged in the work...Your experiment is one of the highest developments of civilization and I sincerely hope it will confirm the friendly union of the two races in South Africa in a common cause for a common purpose...."[4]

-------oOo-----

---

1). „The Star," 4 Februarie 1909, bl. 7.
2). „De Volkstem," 5 Februarie 1909, hoofartikel.
3). Sir Lewis Michell vers. Hoofstuk 15. Bl. 360. 19 Desember 1908.
4). Premier. Transvaal. Band 60. Omslag 1. 15 Maart 1909.

# H O O F S T U K 10.

## BESWARE.


| | | Bl. |
|---|---|---|
| 1. | DIE PORTUGESE HANDELSOOREENKOMS. | 306 |
| 2. | DIE ONTVANGS VAN DIE KONSEPWET IN TRANSVAAL. | 312 |
| 3. | DIE HOUDING VAN DIE BRITSE RYK T.O.V. DIE KONSEPWET. | 318 |
| 4. | DIE HOUDING IN DIE O.R.K. | 318 |
| 5. | DIE HOUDING IN DIE KAAPKOLONIE. | 319 |
| 6. | DIE HOUDING IN NATAL. | 321 |
| 7. | GENERAAL BOTHA EN DIE FINANSIES. | 326 |
| 8. | DIE DATUM VAN DIE AANNAME VAN DIE S.A.-WET. | 327 |
| 9. | REËLINGS I.V.M. DIE PROSEDURE VAN DIE PARLEMENTE. | 330 |
| 10. | BESPREKING DEUR DIE TRANSVAALSE PARLEMENT. | 331 |
| 11. | DIE WETGEWENDE VERGADERING IN KOMITEE. | 337 |
| 12. | DIE WETSONTWERP VOOR DIE WETGEWENDE RAAD VAN TRANSVAAL. | 338 |
| 13. | DIE KAAPSE DEBAT. | 340 |
| 14. | DIE NATALSE AMENDEMENTE. | 342 |
| 15. | DIE AMENDEMENTE VAN DIE O.R.K. | 342 |
| 16. | PERSKRITIEK T.O.V. DIE HOUDING VAN DIE KOLONIALE PARLEMENTE. | 343 |
| 17. | GENERAAL BOTHA ONGESTELD. | 344 |


-----oOo-----

# HOOFSTUK 10.

## BESWARE.

### DIE PORTUGESE HANDELSOOREENKOMS.

Toe die Nasionale Konvensie op Woensdag 3 Februarie te Kaapstad verdaag het, het dit beslis nie 'n tydperk van rus vir die afgevaardigdes ingelui nie. Inteendeel, daar het nou 'n tydperk van byna bo-menslike inspanning op hulle gewag. Die konsepwet is gepubliseer en dit moes verdedig word. In alle dele van Transvaal is daar vergaderinge gehou. Genl. Botha en adv. De Wet het 'n vergadering te Middelburg toegespreek waar die konsepwet eenparig aangeneem is. S.W. Burger het 'n vergadering te Elandspruit toegespreek en Hull te Germiston.[1] Oral was die onderwerp dieselfde en oral was die publieke reaksie ewe gunstig. Dag na dag is vergaderings gehou en die drukpers het elke dag verslae van die vergaderings gepubliseer.[2] Die publiek van Transvaal was Uniebewus en die leiers het daarvoor gesorg dat die konsepakte goed ontvang is.

Intussen moes sake op kantoor ook in orde gebring word. Die premiers en hul bekwaamste assistente was vir byna vier maande weg en die werk het intussen opgehoop. Sommige sake het onmiddellike aandag geverg en ander kon wag. Sommige aangeleenthede was van plaaslike belang en ander kon slegs met medewerking van die ander regerings afgehandel word. Seker die belangrikste van hierdie aangeleenthede was die handel tussen Transvaal en Mosambiek.

Die Portugese regering het 'n handelsooreenkoms, wat meer sekuriteit as die Modus Vivendi sou bied, met Transvaal begeer.[3] Aangesien die repatriasie van die Sjinese arbeiders goed gevorder het, sou die mynindustrie met unifikasie geheel en al van naturelle-arbeid afhanklik wees, en 'n groot persentasie van hierdie naturelle-arbeiders moes in Portugese gebied gewerf word. Met unifikasie op hande, was dit dus nodig om 'n nuwe handelsooreenkoms met Mosambiek aan te gaan wat

---

1). „De Volkstem," 2 Maart 1909, bl. 6.
2). Sien al die Maart 1909 nommers van die „Volkstem" en die „Star."
3). Sien bl. 124 van hierdie werk.

ook die goedkeuring van die ander kolonies sou wegdra.

Tydens die sitting van die Nasionale Konvensie het Botha gevra dat die finansiële kommissie die handeslverkeer met Mosambiek moes bestudeer en 'n aanbeveling maak. Hierdie komitee kon nie daarin slaag om 'n bevredigende voorstel te maak nie met die gevolg dat daar besluit is dat die premiers die saak in hande sou neem.[1] Die premiers het tot 'n verstandhouding gekom, nl. dat 50% van die Transvaalse handel vir 10 jaar deur Delagoabaai sou gaan; 30% sou deur die Natalse hawe gaan en 20% deur die Kaapse hawens. Ook sou alle regte, verpligtinge, ooreenkomste en verdrae waarmee enige kolonie voor unifikasie gebind was, met unifikasie deur die Unieregering oorgeneem word.[2]

Die Transvaalse regering het hierdie ooreenkoms aan die Portugese regering voorgelê en op 23 Januarie het die Transvaalse regering die ander belanghebbendes meegedeel: „After prolonged negotiations with the representatives of the Portuguese Government in reference of the division of trade from the vaious South African Ports to the competitive area in the Transvaal, a definite conclusion has at last been reached. They have informed me that they will conclude an agreement on the basis of the draft which was submitted to and discussed by the members of the Finance Committee with the additional provision that the Transvaal can claim a revision of rates if the trade via Lourenco Marques exceeds 55%.

The object of this provision is, as you know, to have a certain portion of the trade available for the other South African Ports in case Union is brought about. The Portuguese representatives have declined to accept any other terms; and the agreement will have to be concluded on the above basis or not at all. The Transvaal Government propose to proceed with the conclusion of the agreement on the above basis but before doing so I think it only courteous to ask you whether you have any objection to offer."[3]

---

1). Sir Edgar Walton. A.w. Bl. 258 tot 259.
2). do. Bl. 260.
3). Premier. Transvaal. Band 60. Omslag 14. 23 Januarie 1909.

Op 20 Februarie het Moor aan Botha getelegrafeer dat Selborne versoek het dat geen amptelike verklaring oor die besluite van die Konvensie t.o.v. die verdeling van handel gemaak moes word nie aangesien dit die onderhandelinge met die Portugese regering sou benadeel. Aangesien sommige persone in die K.K. reeds van hierdie besluite melding gemaak het, het die Natallers van hom ook 'n verklaring gevra. Hy het daarop gevra dat Botha aan hom 'n verduideliking moes stuur.[1] Botha het toe in kode laat terug telegrafeer: „Portugese negotiations cover whole field of Modus Vivendi including traffic natives and customs. They are not yet complete and full statement is inadvisable. You could however safely state that owing to objections to Modus Vivendi Transvaal Government at Convention submitted for approval to other Governments a scheme for a new agreement. This agreement is not yet complete and therefore a full statement is not possible or advisable at present but Transvaal has arranged that in the event of Union Natal will get 30% of gross tariff to competitive area."[2]

Op 2 Maart het Botha aan die ander premiers getelegrafeer dat die Portugese owerheid begeer dat alle goedere wat in hul kolonie gefabriseer is, vry in Transvaal ingevoer mag word. Aangesien dit voor die Oorlog die geval was en dit nooit meer as £2,000 p.j. bedra het nie, beveel die Transvaalse regering sterk aan dat die konsessie gemaak word.[3] Die ander kolonies het ingestem met die gevolg dat die handelsooreenkoms met die Portugese regering op 1 April onderteken en die volgende dag gepubliseer is.[4]

Op 3 April het die „Star" die volgende kritiek t.o.v. die nuwe handelsooreenkoms gelewer: „...The first is that there is nothing essentially novel about it. The Convention is simply a permanent, revised, and improved edition of an admittedly temporary agreement which has existed between the Transvaal and Mozambique for the last seven years. The second is that it is not an eleventh-hour attempt

1). Premier. Natal. Konfidensiële korrespondensie. Band 107. No. 20/1909. 20 Februarie 1909.
2). Premier. Transvaal. Band 53. No. 95/2/1909. 20 Februarie 1909.
3). do. 2 Maart 1909.
4). A. Koloniale sekr. Transvaal. Band 898. No. 1/17012. 2 April 1909.
B. Sien bylae. Bl.X1 en verder.

of the Transvaal to steal a march on the other Colonies before going into union, though no doubt it is the approach of union which makes a definite Convention necessary. South Africa, under the new Constitution, will have to assume the existing treaty arrangements of all the constituent States, and it was obviously impossible to hand over an agreement which bore the hall-mark of instability in its very name and was moreover unpopular with our neighbours and in many ways unsatisfactory in practice to the two 'contracting parties' themselves. We gather that the present document has been maturing throughout the session of the National Convention and that the Transvaal Government has obtained the approval of the other Colonies at every stage. It is to be regarded therefore as a statement of certain existing business relations between the Transvaal and Mozambique in the form in which the South African Governments as a whole are prepared to accept them as a corollary to the Act of Union...."[1)]

In Natal was die reaksie heeltemal anders as wat verwag is. Die Natalse konvensielede het nie die besware wat geopper sou word voorsien nie en hulle wou selfs dat die ooreenkoms as 'n blywende deel van die konstitusie opgeneem word.[2)] Die „Natal Witness" was egter van mening dat 'n groot onreg aan die Tuinkolonie aangedoen was. „...The agreement now thrust before us is as wrong, unjust, and inequitable as ever the Modus Vivendi was, by which one British Colony was allowed...to accomplish the eventual ruin of another British Colony. We say that to palliate the shameful injustice of the Modus Vivendi by bringing forward another agreement which only aggravates the situation is a direct incentive to Natal to refuse utterly and for ever to go into union with people capable of doing such a thing...."[3)] Hierdie gevoel van verontregting het in Natal so onrusbarend en so vinnig gegroei dat sir Matthew Nathan op 8 April aan Botha getelegrafeer het: „... Curtis is now in Durban. Reports by telephone that feeling against

---

1). „The Star," 3 April 1909, hoofartikel.
2). Sir Edgar Walton. A.w. Bl. 260.
3). „The Natal Witness," 4 April 1909, eerste uitgaaf, hoofartikel.

Transvaal Mozambique agreement is very strong there and if referendum were taken now there would be a large majority against Union."[1]

Mnr. Moor, wat baie onrustig oor die houding van Natal begin word het, het dieselfde dag aan Botha getelegrafeer: „A great deal of opposition has been raised in Durban led by Maydon and C.G. Smith... to free interchange of products between the Transvaal and Mozambique. Curtis has been down here in touch with Maydon and Smith and I am informed by the Governor that they are leaving at once to meet Hull and Smuts who, it is alleged, are going to give them satisfactory assurances as to the operation of the clause (32) in question...I trust you will keep me in close touch with everything that is going on in this connection."[2]

Lord Selborne het die posisie as kritiek beskou en Botha gewaarsku dat dit dringend noodsaaklik was om die Natallers tevrede te stel.[3]

'n Dag later is verneem dat die poppe ook in die Kaapkolonie begin dans het. Merriman het Botha meegedeel: „...Your famous treaty seems to have brought a hornet's nest about your ears. Down here there is practically an agitation. I must say if they refuse to ratify in Lisbon it will not break my heart...."[4]

Die onderhoud wat Maydon en Smith met Smuts en Hull gehad het, het nie die Natallers bevredig nie[5] en op 14 April het Selborne dit weer eens nodig geag om vir Natal in die bresse te tree. Hy het aan Smuts geskryf en gevra: „...that an inter-Colonial agreement should be made which would secure protection in the Transvaal for the produce of the soil of other provinces of the Union from competition assisted in any way by the Portuguese Government...."[6]

Botha het hom intussen vir die houding van die Natallers begin vererg. Op 15 April het hy aan Merriman geskryf: „...Natal's debat heeft op my een pynlyke impressie gemaakt, die eenvoudig russie zoekt,

1). Premier. Transvaal. Band 60. Omslag 1. 8 April 1909.
2). Premier. Natal. „Minute Papers Confidential." Band 107. Omslag 36/09. 8 April 1909.
3). Premier. Transvaal. Band 60. Omslag 1. 8 April 1909.
4). do. 9 April 1909.
5). Premier. Natal. „Minute Papers Confidential." Band 107. Omslag 36/1909. 11 April 1909.
6). Premier. Transvaal. Band 60. Omslag 1. 14 April 1909.

en hun ontevredenheid over de Portugesche Traktaat is voor my de beste bewys dat ik in Transvaal recht heeft gehandeld...."[1] Toe hy daarop ʼn brief van Moor ontvang om sy aandag op art. 22, 28, 32, 34, 35 en 38 van die verdrag te vestig[2] en om op grond daarvan aan hom te verduidelik waarom die Natallers weldeeglik reg tot ontevredenheid het, het hy bitsig gereageer: „I should at the outset make it perfectly clear that the Convention is final and binding and requires no ratification either by the Transvaal Parliament or by the Lisbon Cortes, ...the fears entertained by Messrs. Maydon and Smith were considered to be groundless...."[3]

Intussen is daar egter bevind dat ook die Portugese oorsese owerhede nie tevrede met die verdrag was nie. Sir Hely Hutchinson het ʼn onderhoud met Freire d'Andrade, die Goewerneur-Generaal van Mosambiek, gehad toe laasgenoemde in Kaapstad, na ʼn besoek aan Portugal, aan wal gestap het. As gevolg van hierdie onderhoud het Hutchinson aan Merriman geskryf: „...he shook his head over the ignorance of the people at Lisbon about South African matters...I formed the opinion that he thinks that his task, of getting the matter through, will not be an easy one...."[4]

As gevolg van die besliste weerstand van Natal en die teenkanting van die Portugese gesaghebbendes het ʼn wysiging van die traktaat ʼn noodsaaklikheid geword. Botha het gevolglik op 1 Junie aan d'Andrade getelegrafeer en gevra dat die ooreenkoms so spoedig moontlik hersien moet word om wysigings aan te bring wat Natal tevrede sou stel.[5]

D'Andrade het ʼn baie simpatieke antwoord getelegrafeer en Botha meegedeel dat hy vir Lisboa de Lima na Pretoria sou stuur sodat daar geprobeer kon word om die bes moontlike oplossing, in belang van beide kolonies, te vind.[6]

---

1). Premier. Transvaal. Band 60. Omslag 1. 15 April 1909.
2). Sien bylae. Bl. XV1 en verder.
3). Premier. Natal. „Minute Papers Confidential." Band 107. Omslag 38/09. 15 April 1909.
4). Mer. vers. No. 160 van 1909. 24 April 1909.
5). Premier. Transvaal. Band 53. No. 95/3/09.
6). do. 1 Junie 1909.

ŉ Nuwe ooreenkoms is daarop aangegaan waardeur die besware van Natal uit die weg geruim sou word. In hierdie ooreenkoms is spesiaal voorsiening gemaak vir ŉ lae tarief vir die invoer van ru-materiaal uit Portugese gebied wat vir die vervaardiging van springstowwe gebruik word en dus van groot waarde vir Transvaal sou wees. Aan die ooreenkoms is ook ŉ versoek van die Portugese owerheid geheg dat die ander kolonies dit sou oorweeg om suiker vanaf Mosambiek teen dieselfde tarief as dié vanaf Natal in Transvaal te laat invoer. 1)

Twee dae na die ondertekening van hierdie gewysigde ooreenkoms het Botha van Moor ŉ telegram ontvang om hom mee te deel dat sy saakgelastigdes te Johannesburg met sir Thomas Price en mnr. Ross oor die verdeling van vervoer na die verskeie hawens onderhandel het en dat hulle hierdie aangeleentheid bevredigend gereël het. 2)

DIE ONTVANGS VAN DIE KONSEPWET IN TRANSVAAL.

Op 9 Februarie 1909, om 8nm., is die konsepwet vir publikasie vrygestel en reeds die volgende dag het Hull die volgende telegram van gelukwensing aan Botha gestuur: „Allow me to congratulate you and your colleagues on the constitution which on the whole appears excellent though naturally there will be differences of opinion on some points. Please tell Smuts." 3)

Op 12 Februarie het die „Volkstem" meegedeel dat alhoewel die hoeveelheid kritiek wat op die grondwet uitgeoefen word, oorweldigend is, die grondbeginsels daarvan tog algemeen aanvaar word. Die moeilikhede en probleme waarmee die samestellers te kampe gehad het, word ingesien en daarom is die kritici die lede van die Nasionale Konvensie daarvoor dankbaar dat hulle met iets tasbaars voor die dag gekom het. 4)

Die „Star," wat net voordat die afgevaardigdes na Durban vertrek het, getwyfel het of die onervare politikusse iets positiefs tot stand sou kon bring, het nou totaal van sienswyse verander. Die „Star" het geskryf: „...The rapidity with which the delegates have

1). Premier. Transvaal. Band 53. No. 95/3/09. 12 Junie 1909.
2). Dieselfde. 14 Junie 1909.
3). Dieselfde. Band 60. Omslag 1. 10 Februarie 1909.
4). „De Volkstem," 12 Februarie 1909, hoofartikel.

done their work has not been the rapidity of slip-shod craftsmen. The foundations have been well and truly laid. The Act of Union is an imposing structure, fashioned on a definite principle, complete in itself, fit to meet the test of public opinion...The Act of Union is a notable achievement, for which the people of South Africa owe a profound debt of gratitude to the energy and self-sacrifice and broad-minded patriotism of their political leaders."[1] ŉ Paar dae later het dieselfde blad aanbeveel dat die hele land die konsepgrondwet, net soos dit was, behoort aan te neem.[2]

Die „Closer Union" -vereniging het ŉ konferensie belê om die konsepakte te bespreek. Die konferensie is op 4 Maart afgesluit nadat die volgende resolusie eenparig aangeneem is: „That the Association of Closer Union Societies approves of the draft South Africa Act of Union, and recommends its adoption to the Colonies of South Africa."[3] Mnr. Patrick Duncan, wat die afsluittingsrede gevoer het, het gevra dat die lede hulle daarvoor sal beywer dat geen amendemente voorgestel moes word nie aangesien amendemente slegs weerstand en teenvoorstelle sou uitlok.[4]

Op 3 April het die sekretaris van die Johannesburgse Kamer van Koophandel die volgende bemoedigende skrywe aan Botha gerig: „Sir, I have the honour, by direction, to inform you that at the Annual General Meeting of the members of the Chamber the following resolutions were unanimously adopted, viz:-

1. That the Chamber conveys to the Rt. Hon. the Prime Minister the recommendation that the necessary steps be taken by the Transvaal towards bringing about, as soon as possible, the political Union of South African Colonies on the basis of the draft South Africa Act.
2. That the Chamber places on record its deep appreciation of the services rendered by the Transvaal delegates to the Convention, and of the patience and ability which they applied to the solution of the intricate problems with which the Convention had to deal;

1). „The Star," 10 Februarie 1909, hoofartikel.
2). do. 20 Februarie 1909, hoofartikel.
3). do. 5 Maart 1909, bl. 9.
4). do.

and, further, the Chamber congratulates the delegates upon the results achieved...."[1]

Alhoewel Botha en Smuts betreklik onmiddellik na die publikasie van die konsepakte daarvan verseker was dat daar in Transvaal nie veel weerstand teen die aanname daarvan gebied sou word nie, het hulle nogtans voortgegaan om die aanname daarvan by hul eie mense te propageer en om ook die leiers in die ander kolonies te bemoedig en te vlei. So het Botha op 19 Februarie aan Merriman geskryf dat hy nooit sou toelaat dat daar 'n referendum in Transvaal gehou sal word nie. „...It is my intention to convene public meetings all over the country — in every constituency if possible, to discuss the draft constitution and to obtain resolutions in connection to the provisions...On Tuesday next I am holding a caucus meeting and shall then know what our Parliament will do — after that Smuts and I will hold meetings all over the country...Fitz had a public meeting yesterday which passed off fairly well and to-day he is walking in the air because everyone is congratulating him with his success and also is he stalking about with a wire from J.X. of which he is exceedingly proud...."[2]

Aangesien daar in die Kaapkolonie heelwat weerstand teen die konsepakte gebied is, het ook Smuts op 19 Februarie aan Merriman 'n uiters sielkundige en bemoedigende brief geskryf. Uit hierdie brief blyk dit duidelik dat hy en Botha kort tevore die toestande in die K.K. bespreek het en dat hulle saam besluit het om Merriman te bemoedig. So het genl. Botha sy brief begin deur Merriman te bedank vir sy brief van die dertiende waaruit dit blyk dat „...the fighting spirit of the 'Bulldog' is clearly coming up...."[3] ; 'n houding wat noodsaaklik was om hom teen die aanvalle van Hofmeyr te beskerm. Smuts verwys ook na sy brief van die dertiende „...in which I once more detected the tone proper to a boy of the bulldog breed...."[4] wat dan nodig sou wees om hom teen die aanvalle van Hofmeyr te beskerm. Beide maak verder melding

1). Premier. Transvaal. Band 44. No. 45/3/1909.
2). Mer. vers. No. 23 van 1909. 19 Februarie 1909.
3). do.
4). do. No. 24 van 1909. 19 Februarie 1909.

van die vergadering van sir Percy, van die komende koukusvergadering en van die voorgenome vergaderings in die kiesafdelings. Die doel van laasgenoemde sou, volgens die brief van Smuts, wees om te „...press for resolutions approving the Constitution as a whole, so that the road may be clear for an address from Parliament on the lines suggested by you in your letter to Botha...I think it will be most useful if you were to give the limit to your members to hold meetings in their constituencies and get resolutions generally approving of the Constitution. That will postpone chances of bad faith till later...."[1]

Die vergadering wat Botha en Smuts op 25 Februarie in die hartjie van Pretoria toegespreek het, was ongetwyfeld een van die grootste politieke vergaderinge wat nog in Suid-Afrika gehou is. Die publiek was ten volle uniebewus en almal wat moontlik kon, het die vergadering bygewoon. Die operagebou was stampvol en buite het honderde mense in die straat saamgedrom om te probeer om iets te hoor. Deels om moontlike besering van die publiek te voorkom en deels om hierdie optimiste vir hul bewonderenswaardige entoesiasme te beloon, het Smuts, terwyl Botha binne in die saal besig was om 'n toespraak te lewer, na buite gegaan en die mense 'n uur lank toegespreek. Daarna het hy na binne gegaan en sy toespraak saaklik herhaal. Smuts het beide kere Engels gebesig terwyl Botha, soos altyd, Hollands gebesig het.

In sy toespraak het Botha 'n oorsig gegee van die drang tot unifikasie wat daar by die volk en by hul leiers aanwesig was, oor die werk van die konvensie, hoe dit nodig was om te gee en te neem, en oor die gevare wat verdeeldheid vir die toekoms sou inhou. Hy het sy toespraak afgesluit met die volgende beroep op die gehoor: „...Laten wij liever de broederhand toesteken over de graven van de gevallen dapperen en zeggen: wij hebben één vlag in Zuid Afrika, wij maken één volk en willen een gelukkige toestand in Zuid Afrika zien."[2]

Ook Smuts, wat sommige van die aspekte van die werk van die Konvensie bespreek het, het 'n beroep om samewerking op sy gehoor

---

1). Mer. vers. No. 24 van 1909. 19 Februarie 1909.
2). „De Volkstem," 26 Februarie 1909, bl. 8.

gemaak. „...De kwessie van Vereniging moest men echter in de rechte geest naderen. Niemand trachtte deze vereniging op het land te forséren. Hij hoopte dat dezelfde geest die de afgevaardigden bezield heeft ook het volk bezielen zal — en het volk ertoe brengen... de Unie te beoordelen uit het standpunt van Afrikaners."[1)]

Nadat hul belangstelling bevredig was, het die gedurige persverslae van vergaderings en besprekinge i.v.m. die konsepgrondwet die publiek begin verveel. Hulle het hul belangstelling in die aangeleentheid tot so 'n mate verloor dat die „Star" op 16 Maart meegedeel het dat „The National Convention certainly showed an accurate knowledge of human nature when it limited the period between its own rising and the special session of Parliament to seven weeks...Since the Constitution was published on February 9 the public have had such a dose of it that they are heartily bored with the whole union movement...both the making of 'Constitution' speeches and the reading of them have become a weariness to the flesh."[2)] As bewys vir hierdie stelling het die „Star" beskryf hoe 'n „massavergadering" te Germiston deur slegs 80 mense bygewoon is en hoe mnr. Pohl, wat te Oudtshoorn teen die aanname van die grondwet gepraat het, na afloop van sy toespraak slegs meegedeel is dat sy kiesafdeling van hom sal verwag om vir die aanname daarvan te stem.[3)]

Toe die ergste entoesiasme in Transvaal bedaar het, is die stemme van 'n paar persone, wat besware teen die aanname van die konsepakte gehad het, gehoor. Afgesien van Wolmarans, wat nog steeds stroomop was, het ook Sauer hom teen die finale aanname van die konsepakte uitgelaat deur te verklaar dat dit wenslik sou wees om die konsep eers aan 'n proeftydperk van vyf jaar te onderwerp.[4)] Ook was daar in Pretoria 'n klompie jong wetgeleerdes wat besware teen die aanname van die konsepgrondwet gehad het. Van hulle het genl. Botha aan Merriman

---

1). „De Volkstem," 26 Februarie 1909, bl. 8.
2). „The Star," 16 Maart 1909, hoofartikel.
3). do.
4). Mer. vers. No. 24 van 1909. 19 Februarie 1909. Smuts aan Merriman.

geskryf: „...It is a remarkable thing that the greatest opposition in Pretoria comes from young Africanders — advocates, attorneys, etc., who are all sons of men from the Cape'. They are making matters difficult for us and have formed an organisation called 'Jong Afrika.' They are urging the people of the Transvaal to condemn the draft Constitution principally for the reason that the Parliament will sit in Cape Town...."[1)]

In Johannesburg was daar talle Engelssprekendes wat sterk teen die bepalinge t.o.v. kleurlingstemreg in die K.K. gekant was en hulle het hul daarvoor beywer om die voorsiening vir kleurling-stemreg te laat verwyder. Hulle was selfs gewillig om unifikasie prys te gee liewer as om hierdie konsessie te aanvaar. Van hierdie Engelssprekendes het Botha aan Merriman geskryf: „...An organisation is even now on foot, called the 'Constitution Amendment Association,' to press amongst other points especially this matter and this Society principally finds its supporters amongst the English population along the Reef...."[2)]

In Transvaal was daar ook 'n hele aantal persone wat wou hê dat daar 'n referendum gehou moes word. Hierdie versoek, het Botha aan Merriman geskryf, „...is practically unanimously supported by the Labour Party and the Socialists — this movement has even to a certain extent extended to a section of the country people. I personally, and my party, will never support this although at meetings of Hull and Solomon in their constituencies resolutions were carried in favour of a referendum, and also at a small meeting of Smuts...."[3)]

Die weerstand wat daar in Transvaal teen die aanname van die konsepakte gebied is, was so nietig in vergelyking met die positiewe houding van die oorgrote deel van die bevolking dat Botha in dieselfde brief aan Merriman kon meedeel: „...We have now nearly toured the whole Country and have carried practically unanimous resolutions everywhere, accepting the Draft Constitution and leaving it to Parliament to approve of it with such amendments as may seem desirable to that body...."[4)]

---

1). Mer. vers. No. 23 van 1909. 19 Februarie 1909.
2). Premier. Transvaal. Band 59. Omslag 1. 17 Maart 1909.
3). do.
4). do.

DIE HOUDING VAN DIE BRITSE RYK T.O.V. DIE KONSEPWET.

Volgens 'n verslag wat deur sir Wilfred Laurier opgestel is en in die Londense „Times" van 9 Maart gepubliseer is, was „...the text of the proposed Act of Union...well received throughout the Empire... I look upon it as a wise and statesmanlike attempt to reconcile a very complicated situation, and no better tribute could be paid to the breadth of British institutions than that, in less than ten years after the war, the former foes should be united in framing a constitution...so liberal and so strong...From Canada especially we shall look forward to the happy development of United South Africa. There are some things which might be criticised, but they are of a minor nature, and time will remedy them."[1)]

In Bulawayo het mnr. Coglan, een van die Rhodesiese afgevaardigdes, 'n vergadering toegespreek en sy indrukke van die konsepgrondwet weergegee. Alhoewel hy aanvanklik 'n federalis was, het hy van opinie verander, maar hy wou graag hê dat meer mag aan die Provinsiale Rade toegeken sou word. Die oplossing van die hoofstadkwessie was belaglik en hy self sou nie vir Kaapstad in sy aansprake gesteun het nie. Die houding van die Suid-Afrikaners teenoor die Rhodesiërs was as volg: „...Natal was academic, the Cape was more indifferent, the O.R.C. was more interested and the Transvaal was most sympathetic, being the only state which realised the importance of expansion to the north...."[2)] Aangesien hy die naturelle-arbeidervraagstuk gevrees het, sou hy nie aanraai dat Rhodesië by die Unie aansluit nie. Rhodesië moes eers tot so 'n mate ontwikkel dat hy as florerende staat sou kon aansluit. Vir die Boere hoef hulle nie bang te wees nie. „...I earnestly beg you... to put out of your minds the idea that this is an attempt on the part of the Boer to get back by chicanery what he did not get by force of arms...."[3)]

DIE HOUDING IN DIE O.R.K.

Nadat Steyn vergaderings te Senekal en Winburg toegespreek het,

1). Sir Lewis Michell vers. Hoofstuk 15. Bl. 263 tot 265.
2). „The Star," 1 Maart 1909, bl. 9.

het hy aan Merriman geskryf en 'n mooi uiteensetting van die reaksie van die publiek van die O.R.K. op die ontvangs van die konsepwet gegee: „I am glad to state that the spirit of our people is all that can be desired. The Draft Act was unanimously approved of in both places. It was most encouraging and makes one hopeful for the future...I had a telegram from Fischer to state that Bethlehem also accept the draft. I will address the Congress of the 'Orangia Unie' on the 4th March — my last speech on the Constitution, for I do not think we will have much trouble in the Free State. It is wonderful what an effect the restoration of the name has had on the people — it is all sentiment for they all know, under present conditions, it does not mean so very much...."[1)]

DIE HOUDING IN DIE KAAPKOLONIE.

Onmiddellik na die publikasie van die konsepgrondwet is dit in die Kaapkolonie afgekeur. Reeds op 11 Februarie het mnr. Burton aan Merriman geskryf: „...I feel very ill at ease and cannot help forebodings about the future. We seem to come out the thin end...and what strikes one most is that the cause of good sound first policy and government has suffered. The new metal does not seem to ring true and there has been too much sacrifice to Mammon in its smelting. I wonder whether you will live to regret it...Altogether I am unhappy about the business...."[2)]

Mnr. J.H. Hofmeyr, Onze Jan, was vanaf die staanspoor teen die aanname van die konsepakte gekant. Hy was verbitter omdat hy federasie bo unifikasie verkies het, omdat die bevolkings van die verskeie provinsies nie gelyke verteenwoordiging in die parlementshuise sou hê nie[3)] en omdat hy van mening was dat die Kaapse stelsel van naturellestemreg in die unie toegepas moes word.[4)]

1). A. Mer. vers. No. 25 van 1909. 26 Februarie 1909.
B. In hierdie brief word ook 'n pragtige beskrywing van die karakter van genl. J.B.M. Hertzog gegee.
2). Mer. vers. No. 20 van 1909. 11 Februarie 1909.
3). „The Times of Natal," 11 Februarie 1909, eerste uitgaaf, bl. 5.
4). Hofmeyr vers. Afdeling C. Volume 24. 11 Maart 1909.

As gevolg van hierdie houding van Hofmeyr het sy tak van die „Bond," die Kaapstadtak, 'n lang lys van besware teen die aanname van die voorgestelde grondwet gepubliseer. 'n Federale regeringsvorm is bepleit, die uitsluitting van naturelle uit die Unieparlement is afgekeur, die beginsel van proporsionele verteenwoordiging is aangeval, die organisasie van die spoorweë en finansies is afgekeur en die klousule waarvolgens bestaande koloniale verdrae deur die Unieregering oorgeneem en gerespekteer sou word, is verdoem.[1)]

Op 19 Februarie het Smuts aan Merriman geskryf: „...I cannot understand a man of Hofmeyr's position now cutting himself practically adrift from the noblest aspirations of the people of South Africa, apparently on mere paltry grounds — for the reasons given in his document for differing from the Constitution is purely paltry...."[2)]

Steyn wou Hofmeyr in sy optrede regverdig deur aan Merriman te skryf: „...If Onze Jan should do anything which may appear as if he wished to wreck the Draft Constitution — I don't think he will for he is too far-sighted a statesman to do a thing like that — I believe that his move is made only to check a similar move in Pretoria...."[3)]

Merriman het die besluite van die Bondkongres sterk afgekeur. Aan Botha het hy getelegrafeer: „...the resolutions passed by the Bond...is the voice of Jacob, and I would not answer for him...is it not odd that the Bond, of all people, should be the ones to put a spoke in our wheel?...."[4)]

Botha het egter die besluite van die „Bond" in 'n ander lig gesien. Hy het aan Merriman getelegrafeer: „...I am sorry that you are disappointed at the result of Dordrecht Conference. My impression after reading the paper report of resolutions was that the Conference was rather favourable to Union and that the minor points upon which they desire amendments should not be taken too seriously unless you have private information which leads you to form a different opinion...

1). Mer. vers. No. 24 van 1909. 19 Februarie 1909.
2). do. No. 25 van 1909. 26 Februarie 1909.
3). Malan vers. ACC 583. Volume 5. 3 Maart 1909.
4). Premier. Transvaal. Band 60. Omslag 1. 9 Maart 1909.

I do not think there is much reason for alarm...If Cape and Natal are bent upon putting forward amendments our people will follow the same line and the result would be another Convention with endless discussions on points which have already been fully discussed and threshed out and no Union...."[1]

Merriman was dit met Botha daarmee eens dat die voorstel van amendemente nutteloos en gevaarlik sou wees. Hy het erken dat hy die gewigtigheid van die besluite van die „Bond" oorskat het en het Botha daarvan verseker dat die algemene gevoel kerngesond was en dat die houding van die publiek reeds baie meer positief was as wat die geval 'n paar weke tevore was.[2]

Op 1 April, toe die parlemente reeds met die bespreking van die voorgestelde grondwet begin het, het Merriman aan Botha geskryf om hom van die verloop van die Kaapse debat een en ander mee te deel. Hy het o.a. geskryf: „...There is more opposition than I thought as the Country is very solid Hofmeyr and...they have thoroughly frightened our folk. I never knew we had such a lot of clever fellows in our ranks. Everyone has an amendment...having to spend hours in Caucus is about as cheerful as having to listen to Morcom or Fitz in the Convention. The two points chiefly objected to, and which may cause us some real trouble, are the one vote one value...and the gratification of the Provincial Councils. As it now stands it seems quite clear that a coloured man can be elected. You will smile when I tell you that a good many of our heroes who have been protesting against his disgratification for the Central Part are a good deal alarmed at this and do not like the prospect at all.[3]

DIE HOUDING VAN NATAL.

Die „Times of Natal" het die konsepakte as 'n spesiale uitgaaf gepubliseer. Dit is gretig deur die publiek gekoop en bestudeer. Die volgende dag het hierdie koerant meegedeel dat die publieke reaksie besonder gunstig was en dat die Konsep-akte heel waarskynlik deur Natal

1). Mer. vers. No. 28 van 1909. 9 Maart 1909.
2). do. No. 29 van 1909. 10 Maart 1909.
3). Premier. Transvaal. Band 60. Omslag 1. 1 April 1909.

aangeneem sou word. Die houding van Transvaal is in Natal hoog op prys gestel omdat: „...Everything has been put in for the common benefit. Rights in and to mines and minerals, for instance, which are usually reserved to the State, are to be vested in the Governor-General-in-Council — an unexpectedly big sacrifice on the part of the Transvaal....."[1)]

Toe dit egter blyk dat daar in Natal skerp kritiek teen die voorgestelde grondwet uitgeoefen word, het die „Times of Natal" geskryf: „As we expected the draft Constitution pleases nobody. That possibly is to be counted for righteousness to the delegates...In this Colony opinion fluctuates between an ingrained and rather pathetic jingoism based on distrust and dislike of the Dutch, and those who... hold that Natal is asked to make too many sacrifices...."[2)]

Hutchinson het die houding van Natal as volg in 'n brief aan Merriman beskryf: „...P. Davis and his editors in the Witness and Advertiser are violently unstable, and the Mercury is agreeable to the Bill. The Times of Natal generally supports the Constitution as drafted. The delegates seem much more likely on getting it through than their attitude at times in the Convention lead one to expect. Watt, Hyslop, Greene and Moor are all somewhat enthusiastic...Morcom not helpful. At the unofficial meeting of Members of Parliament Moor's explanation was very well received. Schofield and Gilburn being the only two members who showed themselves obviously hostile. But people to whom my correspondents have talked about it seem to want it... Certain amendments will be more or less insisted on: to make fewer of the provisions of the Bill changeable after a short period of years, and to make it less easy to alter the Constitution. The arrangements as to the Capital is not liked in Natal. Moor has definitely committed himself to a memorandum when the Bill comes from the final Convention...."[3)]

---

1). „The Times of Natal," 10 Februarie 1909, eerste uitgaaf, hoofartikel.
2). Dieselfde, 11 Februarie 1909, tweede uitgaaf, hoofartikel.
3). Mer. vers. No. 21 van 1909. 18 Februarie 1909.

Op 12 Februarie het die „Times of Natal" verklaar dat dit skokkend was dat daar nie ook in die ander kolonies 'n referendum gehou sou word nie. „...If the people in the neighbouring colonies are so utterly lacking in public spirit, we had almost said self-respect, so hopelessly deficient in a sense of what is due to them as a free democracy, to acquiesce tamely in their own humiliation, one may well despair of the boasted South African love of independence...." 1) Die koerant het verder aanbeveel dat die Konvensie en die parlemente die konsepakte meermale sal oorweeg. Verder het dit beweer dat daar 'n gebrek aan sekuriteit is aangesien die reëling i.v.m. die Senaat slegs vir 10 jaar gewaarborg is en dat die reëling t.o.v. die hoofstad die provinsiale selfsug van die groter kolonies openbaar wat die kleiner kolonies bang maak vir die toekoms.

Op Maandagaand 22 Februarie het Moor 'n groot terugslag ondervind. Hy en Morcom het 'n monstervergadering in die Pietermaritzburgse stadsaal toegespreek. Morcom het 'n duidelike gebrek aan entoesiasme openbaar met die gevolg dat die volgende mosie van wantroue, wat dr. James F. Allen voorgestel het, aangeneem is: „...That the voters and citizens assembled in public meeting in the Town Hall this night,... declare hereby that they have no confidence in the Government's policy,..and therefore ask the Prime Minister to recommend his Excellency the Governor to dissolve Parliament that the people of the Colony may... instruct their members in the new Parliament as to their views upon the new Constitution." 2)

Slegs twee dae later het Moor 'n massavergadering in die Durbanse stadsaal toegespreek. Die vergadering, wat deur die Durbanse tak van die „Closer Union" -vereniging georganiseer was, was 'n reuse sukses en is afgesluit met 'n geesdriftige mosie van dank aan die premier. 3)

Hierdie duidelike onstabiliteit wat deur die Natallers geopenbaar

---

1). „The Times of Natal," 12 Februarie 1909, eerste uitgaaf, hoofartikel.
2). do. 23 Februarie 1909, eerste uitgaaf, bl. 5 tot 6.
3). „The Times of Natal," 26 Februarie 1909, tweede uitgaaf, bl. 3.

is, is heftig deur die „Star" gekritiseer. Die „Star" het beweer dat „... If the Act of Union is accepted by the people of Natal...it will not be for any blind admiration of the delegates who have set their hands to it, but because Natal, and especially the great urban community at her port, comes to realise that there is a part waiting for her in South African politics which is incomparably more attractive than self-centered isolation."[1)]

Op 18 Maart, toe Merriman nog van mening was dat sy kolonie die voorgestelde grondwet sonder amendement sou aanneem, het hy hom bloedig vererg vir die agitasie wat daar in Natal op tou gesit is. Hy het aan Botha geskryf dat Natal die nietigste en ook die lastigste van al die kolonies is en dat hul houding slegs 'n vorm van selfhandhawing was aangesien hulle beslis by die unie sou aansluit. Nadat hy op die desorganisasie en die tydvermorsing wat daar deur amendemente meegebring wou word, gewys het, het hy sy brief afgesluit deur volmondig te erken dat hy en sy kollegas geen invloed in die Tuinkolonie het nie. „...If you share my views I feel that a joint representation from you and Fischer...would have a great effect. I doubt whether anything that I could say would do much with Moor who is incurably and most unjustifiably suspicious of the Cape...."[2)]

Die Transvaalse politieke leiers het besluit om Fitzpatrick na Natal te stuur om die mense aldaar te kalmeer. Sir Percy het private vergaderings gehou en die Natallers gevra om die ander kolonies te vertrou. Hy het hulle daarvan verseker dat hul belange in goeie hande geplaas sou word en dat unifikasie tot hul voordeel sou wees. Hy het die Natallers verder onder die indruk gebring dat Transvaal graag wou hê dat hulle by die Unie moes aansluit om die oormatige invloed van die Kaapkolonie teen te werk.[3)]

Toe die verskeie parlemente met die bespreking van die voorgestelde wetsontwerp begin het, het die „Natal Witness" sy uiterste bes probeer om die Natalse parlementslede teen die wetsontwerp en teen die

---

1). „The Star," 23 Februarie 1909, hoofartikel.
2). Premier. Transvaal. Band 60. Omslag 1. 18 Maart 1909.
3). „The Star," 27 Maart 1909, bl. 9.

unifikasiegedagte op te sweep. Op 1 April het hierdie blad verklaar dat sommige ekstremiste geheel en al tot ander insigte gekom het: „... So striking and so complete is that change, we venture to predict, that ere long, if the country only had time to properly reflect and consider, the advocates of the Act of Union will find themselves in a hopeless minority in Natal... The cry: 'Union at any price' is heard no more, and when next Mr. Hyslop utters it, and urges the acceptance ....of this miserable Act, which weak and rotten as it is we are told to take, ... he will find that he has lost touch with the feeling of Natal on that question...."[1)]

Op 3 April het dieselfde koerant gekla dat hul afgevaardigdes „...have forfeited, to a large extent, the confidence of this country by forswearing their principles...they have deceived and mislead the Colony... Major Silburn tells us the Act was described as the 'British South Africa Act' ...the word 'British' was deliberately erased and we ask the inhabitants of this British Colony what they gather from a fact of such sinister significance? ...."[2)]

In sy „Parliamentary Supplement" het die „Witness" dit nodig gevind om die Britse Ryk teen die ideale van die Boere te waarsku: „...To us the present Unification of South Africa seems fraught with most serious danger, the nature of which needs only to be stated in a dozen words to be realised. For if Unification takes place just now, there is little doubt that the first Union Government will be of Dutch complexion, it will rule not one independent Colony, but the whole of South Africa, and the harm it might do to the true cause of the Empire in the sub-continent is simply incalculable...."[3)]

Toe dit duidelik was dat die Natalse parlement die konsepwet met nietige amendemente sou aanvaar, het die „Witness" sowel die Natalse parlementslede as hul rasgenote in Engeland hewig aangeval en beweer dat wanvoorstellings opsetlik gemaak word om die gevare wat Suid-Afrika bedreig te verbloem.[4)]

---

1). „The Natal Witness," 1 April 1909, oggend uitgaaf, hoofartikel.
2). do. 3 April 1909, oggend uitgaaf, hoofartikel.
3). do. „Parliamentary Supplement," 3 April 1909.
4). do. „Durban Edition," 13 April 1909, hoofartikel.

GENERAAL BOTHA EN DIE FINANSIES.

Aangesien die finansiële posisie van die twee kusprovinsies sorgwekkend was, het talle teenstanders van unifikasie in Transvaal ꞌn moontlike verhoging van belastings as ꞌn propagandamiddel teen vereniging gebruik.

Toe genl. Botha op 28 Februarie 1909 ꞌn vergadering te Heidelberg toegespreek het, het hy die publiek daarop gewys dat, volgens beskikbare gegewens, die Unieregering jaarliks ꞌn surplus van £200,000 sou hê. Daar sou gevolglik geen verhoging van belastings in Transvaal na Unifikasie wees nie.[1)]

Volgens ꞌn oorsig oor die finansiële posisie van al vier die kolonies, soos in die „Volkstem" op 9 Maart gepubliseer, het die Kaapkolonie toe ꞌn publieke skuld van £51,250,000 gehad, Transvaal en die O.R.K. saam £35,000,000; daarby het Transvaal nog kort tevore ꞌn lening van £5,000,000 aangegaan; en die skuld van Natal was £20,500,000. Indien hierdie skuld onder die blanke inwoners van die afsonderlike kolonies verdeel sou word, dan sou die skuld van elke Nataller £212 wees, elke Transvaler sou £94 skuld, elke Kolonialer £88 en elke Vrystater £54. Die gemiddelde skuld per blanke sou met unifikasie £97 wees. Natal sou dus die meeste voordeel uit vereniging trek terwyl die skuldelas van al die inwoners van die ander kolonies sou styg.[2)]

Op 18 Maart het Botha aan die ander premiers getelegrafeer: „... I understand that since last revised estimates were prepared of your Colony's finances 1908-1909 the prospects have been considerably improved in certain directions and in these circumstances I am sure you will agree as to desirability of placing latest information before parliament...."[3)] Verder het Botha gevra dat hulle aan hom ꞌn volledige staat vir die jaar 1908-1909 sou stuur asook ꞌn begroting vir die jaar 1909-1910 sodat hy dit kon gebruik as persone wat teen unifikasie gekant was, navraag in die parlement doen.

Merriman, wat slegs ꞌn maand tevore in ꞌn skrywe aan sir Somerset

1). „The Star," 1 Maart 1909, bl. 9.
2). „De Volkstem," 9 Maart 1909, hoofartikel.
3). Mer. vers. No. 51 van 1909. 18 Maart 1909.

French meegedeel het dat die Kaapkolonie slegs op finansiële gebied by unifikasie sou baat,[1] het niks van die versoek van Botha gehou nie. Hy het die saak in heeltemal 'n ander lig as die Transvaalse premier gesien en terug getelegrafeer: „...Of course I will do all I can to send you the information you require. May I without offence venture to point that arguments based on pounds shillings and pence are not very likely to create much enthusiasm for cause which rests on much higher grounds. From a mere material standpoint I am not sure that union is a good bargain for you or for us. But nations are not formed like amalgamating mines by striking bargains...."[2]

Botha het nou begryplikerwys vir Hull gevra om die nodige informasie by De Villiers-Graaff te kry. Die brief wat Hull aan De Villiers-Graaff geskryf het, en wat laasgenoemde aan Merriman voorgelê het, toon duidelik dat Botha werklik die gegewens wou gebruik om moontlike opposisie teen die unifikasiestrewe te demp. „...Hull has asked me to say that he is anxious to make a statement of the four Colonies' financial position jointly when Parliament meets... He is of opinion that he will be able to show a very satisfactory state of our finances jointly and that it will have a good effect...."[3]

Op 26 Maart het Merriman aan Botha getelegrafeer dat hy die gevraagde informasie so spoedig moontlik sou aanstuur.[4]

Dat hierdie voorsorgmaatreël van Botha nie onnodig was nie, het reeds op die eerste dag van die sitting van die Transvaalse parlement geblyk. Mnr. J.W.S. Langerman van Randfontein het gevra dat 'n finansiële staat van al vier die kolonie's aan die parlement voorgelê sou word.[5]

<u>DIE DATUM VAN DIE AANNAME VAN DIE S.A.-WET</u>.

Op 9 Maart het Merriman aan Botha geskryf dat die gevolge van die amendemente van Hofmeyr baie nadelig kon wees aangesien dit die aanname van die grondwet kon vertraag.[6]

---

1). Mer. vers. No. 19 van 1909. 10 Februarie 1909.
2). do. No. 52 van 1909. 19 Maart 1909.
3). do. No. 80 van 1909. 20 Maart 1909.
4). do. No. 104 van 1909. 26 Maart 1909.
5). „Debatten van de Buitengewone Zitting van de Wetgevende Vergadering van Transvaal. 1909." A.w. Bl. 125.
6). Premier. Transvaal. Band 60. Omslag 1. 19 Maart 1909.

In Engeland wou beide die regering en die opposisie gehad het dat daar so min as moontlik vertraging moes wees. Daarom het Selborne aan Botha geskryf en hom meegedeel: „...His Majesty's Government are very anxious to do all they can to assist South Africa in the matter of passing the Constitution Act at the earliest moment, and I can say exactly the same for the Opposition...they are both of them equally desirous of doing all they can to help South Africa.

Now it would be very inconvenient to have an autumn session in November to pass the Constitutional Act. Mind you, I have good reason for thinking that they would do so if absolutely necessary, but we want very much to avoid it; and they would take the Act at the end of July or the beginning of August...." [1)] Selborne het daarop voorgestel dat daar verlof gevra sou word vir die samestelling van ŉ delimitasie-komitee sodat hierdie komitee dan voldoende tyd sou hê om die grense van die kiesafdelings vas te stel.

Drie dae later het Botha geantwoord dat hy dit met Selborne eens was dat dit in die belang van die land sou wees om die saak so gou as moontlik af te handel. „...At the same time I feel that no greater mistake can be made than even the appearance of unduly hurrying through the establishment of Union...The countenance of any step that would lead them to conclude that the measure is being hurried or forced through would necessarily lead to much suspicion and destroy the spirit of trusting those really responsible...In view of the fact that the deputation to London will include important members of the several South African governments I doubt whether it would be possible for this body to proceed to London till after the prorogation of the parliaments in July or August. You will see, therefore, that I do not believe that the Constitution could be brought before the British Parliament before November or December at the earliest. His Majesty's Government would be doing a great service to South Africa if they could see their way to holding a short Autumn Session for the consideration of the Constitution. Such an appeal would probably be made to them

---

1). Premier. Transvaal. Band 60. Omslag 1. 13 Maart 1909.

by either the Convention or by the South African Governments...."[1]

Op dieselfde dag waarop Botha hierdie brief aan Selborne versend het, het hy 'n kopie daarvan aan die ander premiers gestuur[2] en daaraan toegevoeg: "...In the first place, Sir George Farrar approached me saying that we should try to get it through as quickly as possible, and then Dr. Jameson also saw me and urged that we should get the Act through the British Parliament in July or soon after. Now I have received this letter from Lord Selborne. What there may be behind all this I do not know, but I am of opinion that we could make no greater mistake than to hurry unduly in this matter. I hope that if you are approached in the same direction you will be able to give a similar answer to that which I have given Lord Selborne...."[3]

Merriman was ten gunste van bespoediging en daarom het hy op 19 Maart aan Botha getelegrafeer en gevra: "...have you fully considered effect of delay in strengthening hands of all malcontents and particularly injudicious friends of natives...."[4]

Hierdie verskil van mening, asook die noodsaaklikheid van 'n bespreking van die Portugese handelsooreenkoms, het daartoe gelei dat Hull voorgestel het dat die premiers op Woensdag 24 Maart 1909 in Bloemfontein sou ontmoet om sake te bespreek.[5] Al vier die premiers het gunstig op hierdie voorstel gereageer en daar is gereël dat Merriman en Sauer,[6] Moor en Greene,[7] Botha en Hull asook Fischer en Hertzog[8] aan die besprekings sou deelneem.

In Bloemfontein is daar besluit dat die Konvensie te Bloemfontein vanaf 3 Mei tot ongeveer 8 Mei sou sit en alle werk sou afhandel. Op 31 Mei sou die referendum in Natal gehou word. Op 1 Junie sou al die Parlemente sit en die volgende dag sou hulle adresse aan die koning opstel. Op 9 Junie sou die afgevaardigdes na Engeland vertrek. Daar is ook besluit dat die Parlemente op 30 Maart die konsep sonder

1). Premier. Transvaal. Band 60. Omslag 1. 16 Maart 1909.
2). do.
3). Mer. vers. No. 39 van 1909. 16 Maart 1909.
4). do. No. 53 van 1909. 19 Maart 1909.
5). do. No. 36, 56, 63, 74, 88 en 90 van 1909.
6). do. No. 57 van 1909. 19 Maart 1909.
7). do. No. 91 van 1909. 22 Maart 1909.
8). do. No. 87 van 1909. 22 Maart 1909.

amendemente sou aanneem en dat enige amendemente wat daar mag wees, die vorm van aanbevelings aan die Konvensie sou aanneem.[1)]

Aangesien Merriman se notas t.a.v. die besluite te Bloemfontein verwarrend was, het hy Hull gevra om aan hom 'n kopie daarvan te stuur.[2)] Hull het dit gedoen en daaraan toegevoeg: „...With regard to the delegation leaving on the 9th June, General Botha does not at present like the idea and would not like it to be made public. I believe however his objection will disappear as time goes on and I think at the next Convention everyone will see the wisdom of "no delay" ... P.s. Smuts entirely agrees with what was done at Bloemfontein."[3)]

REËLINGS I.V.M. DIE PROSEDURE VAN DIE PARLEMENTE.

Op 27 Maart 1909 het Fischer aan Botha getelegrafeer om te vra hoe hy van voorneme was om die voorgestelde grondwet deur die parlement te laat behandel.[4)] Botha het hom daarop laat weet dat hy, terwille van tydbesparing, van voorneme was om beide Huise die konsepakte gelyktydig te laat bespreek.[5)] Fischer het toe getelegrafeer dat hy die volgende resolusie aan sy parlement sou voorstel: „...That this House, whilst reserving for deliberation whether any and if so what amendments are deemed desireable to be recommended to the consideration of the Convention at its next session, approves of the draft South Africa Act agreed to by the South African National Convention...."[6)] Daarna sou daar waarskynlik twee mosies voorgestel word, nl. dat die ‚digtheid en dunheid van bevolking' gedefinieer moet word en dat daar duidelikheid moes wees i.v.m. die 15% speling in die kwota van kiesers vir afbakeningsdoeleindes.

Merriman het dieselfde dag aan Botha getelegrafeer dat hy van voorneme was om sy parlement onmiddellik in komitee te laat gaan om die voorgestelde akte te bespreek. Ook het hy meegedeel dat almal met wie hy oor die saak gesels het dit goedkeur dat alle amendemente slegs die vorm van aanbevelings sou aanneem.[7)]

1). Premier. Natal. Konfidensiële korrespondensie. Band 107/1909. No. 23/1909. 24 Maart 1909.
2). Mer. vers. No. 102 van 1909. 26 Maart 1909.
3). do. No. 101 van 1909. 26 Maart 1909.
4). Premier. Transvaal. Band 60. Omslag 1. 27 Maart 1909.
5). do.
6). do.
7). do.

Op 29 Maart het Botha aan die ander premiers getelegrafeer hoe hy van voorneme was om die konsepgrondwet deur sy parlement te laat behandel. Hy sou onmiddellik 'n mosie vir die bespreking daarvan indien. Daarna sou 'n lesing, wat gelyk aan 'n tweede lesing-debat sou wees, plaasvind. Dan sou die parlement in komitee gaan om die konsepakte hoofstuk vir hoofstuk of klousule vir klousule te bespreek. Nadat die mosie aan die Wetgewende Raad voorgelees is, sal hulle 'n paar dae lank verdaag sodat die Wetgewende Vergadering eers goeie vordering kan maak. Die Vergadering sou in komitee bly tot hulle finaal op 'n mosie besluit het wat hulle dan vir goedkeuring aan die Raad sou voorlê. Die resolusie van beide Huise moes dieselfde wees en alle amendemente sou die vorm van aanbevelings aanneem.[1)]

Dieselfde dag het Moor laat weet dat hy dieselfde prosedure as Botha sou volg[2)] en Merriman het laat weet dat hy, met uitsondering van die klousule vir klousule bespreking, ook dieselfde prosedure aanvaar.[3)] Fischer het laat weet dat dit te laat was vir hom om veranderinge te maak en dat hy die prosedure sou volg wat hy vroeër aan Botha voorgestel het.[4)]

BESPREKING DEUR DIE TRANSVAALSE PARLEMENT.

Op 30 Maart het Selborne die voorgestelde grondwet by die Transvaalse parlement vir gunstige oorweging aanbeveel. Smuts het 'n Hollandse en 'n Engelse kopie daarvan aan die Huis voorgelê.[5)] Botha het toe voorgestel dat die konsep deur die Huis oorweeg sou word. Nadat hy na die opdrag wat tydens die vorige parlementsitting aan die afgevaardigdes gegee is verwys het, het hy gesê: „...Het is mij aangenaam te kunnen mededelen dat niettegenstaande de uiteenlopende en verschillende belangen die er bij betrokken waren, de afgevaardigden eenstemmig waren in hun eindbeslissingen. Zij aanvaarden haar met een geest van onderling toegeven en met het vaste voornemen om alle moeilikheden te boven te komen en het fundament te leggen voor een verenigd en bloeiend land...

1). Premier. Transvaal. Band 60. Omslag 1. 29 Maart 1909.
2). do.
3). do.
4). do.
5). „Debatten van de Buitengewone Zitting van de Wetgevende Vergadering van Transvaal. 1909." A.w. Bl. 13 tot 14.

Ik heb deze Buitengewone Zitting bijeengeroepen uitsluitend met het doel u dezelve ter overweging voor te leggen... Ik beveel u, als vertegenwoordigers van het transvaalse volk, eenvoudig dit meest belangrijke onderwerp ter zorgvuldige overweging aan. Mijn Ministers, die u dit Wetsontwerp ter goedkeuring aanbevelen, zijn er ten volle van overtuigd dat slechts op nauwere aaneensluiting het toekomstige geluk en de toekomstige welvaart van de volken van alle rassen, die het zuidafrikaanse deel van het Rijk bewonen, kan gegrondvest worden...." 1)

Die volgende dag het Botha, onder applous, voorgestel dat die Huis in komitee sou gaan om die volgende mosie te oorweeg: „...Dat dit huis het Zuid Afrika Wetsontwerp, door de Zuidafrikaanse Nationale Konventie te Kaapstad op 3 Februarie 1909 aangenomen, goedkeure...." 2) Botha het die Huis meegedeel dat dit vir hom 'n moeilike maar ook 'n besonder aangename taak was om die konsepkonstitusie voor te stel. Dit was moeilik omdat daar reeds soveel oor die saak gepraat en geskryf is. Na 'n historiese oorsig van die omstandighede wat tot die byeenroeping van die Nasionale Konvensie gelei het, het hy die verteenwoordiging in die Volksraad verduidelik en die stelsel verdedig deur te sê: „...Een vereniging zoals deze is geen anneksatie, niet iets dat met geweld gaat, maar het vorming van een nationaliteit. Daarbij kan men niet dwingen, want men heeft de samewerking van elkeen nodig; men moest geven en nemen..." 3) Met betrekking tot die gelyke verteenwoordiging in die Senaat het hy gesê: „...De grotere kolonies eisten meer vertegenwoordiging in de Senaat, maar de kleinere stonden op 't beginsel dat ook elders waar men Unie heeft, is aangenomen vertegenwoordiging in het Hogerhuis op gelijke voet. Wij besloten op die voet te beginnen, maar het zo in te richten, dat evenredige vertegenwoordiging later mogelik werd...." 4) Genl. Botha het die instelling van 'n Senaat as noodsaaklik beskryf omdat die weglating daarvan die Britse „Lords" aanstoot sou gee. Hy het verder meegedeel dat Transvaal teen die instelling van Provinsiale Rade gekant was maar dat hulle moes toegee

1).. „Debatten van de Buitengewone Zitting van de Wetgevende Vergadering van Transvaal. 1909." A.w. Bl. 14.
2). do. Bl. 21.
3). do. Bl. 134.
4). do.

omdat die ander afgevaardigdes van mening was dat dit sou voorkom dat die Unieparlement te veel werk kry. Die toekenning van kleurlingstemreg in die Kaapkolonie moes aanvaar word omdat dit ŉ Britse instelling was en indien dit afgeskaf word, sou die Britse parlement die akte verwerp. Genl. Botha het hieraan toegevoeg: „...Onze oplossing is tijdelik... Onze houding is de oude, en dat is, dat wij de kaffers rechtvaardig behandelen, wij willen onze minderen niet onderdrukken. Alleen het Traktaat van Vereeniging heeft ons in Transvaal behoed voor een dergelijk kleurling-stemrecht...."[1)]

Nadat Botha gevra het dat daar geen amendemente gemaak moes word nie, maar dat suggesties die plek daarvan moes inneem, het hy ŉ beroep op die Huis gemaak om die voorgestelde grondwet te aanvaar om daardeur die ideaal, waarna daar reeds so lankal gestreef is, te verwesenlik.[2)]

Farrar het die voorstel van Botha gesekondeer en gesê dat hy baie spyt is dat onderwysaangeleenthede nie aan die Sentrale Regering toegesê is nie. Op aandrang van Natal is daar toegegee dat onderwys vir vyf jaar na unifikasie deur die provinsies behartig sou word. Onderwys is ŉ nasionale aangeleentheid en behoort deur die Unieparlement behartig te word. Ook hy het gevra dat wenke aan die hand gedoen sou word maar dat geen amendemente voorgestel moes word nie.[3)]

Mnr. P. Whiteside het namens die Arbeidersparty beweer dat amendemente en selfs die hou van ŉ referendum noodsaaklik was en hy het voorgestel dat die Goewerneur gevra moes word om die parlement te ontbind sodat ŉ nuwe parlement, met volmag van die volk, oor die wenslikheid van unifikasie kon besluit.[4)]

Mnr. Henry Charles Hull, die Tesourier, het beweer dat ŉ oorsig van die finansiële sy van unifikasie ŉ nuttige middel sou wees om die lede tot ŉ besliste gevolgtrekking te bring. Hy het meegedeel dat alle inkomstes met unifikasie onder die Goewerneur-Generaal-in-Rade sou resorteer en onder die beheer van die Unieparlement sou staan.

---

1). „Debatten van de Buitengewone Zitting van de Wetgevende Vergadering van Transvaal. 1909." A.w. Bl. 135.
2). do. Bl. 135 tot 137.
3). do. Bl. 137 tot 144.
4). do. Bl. 145 tot 154.

Saldo's van fondse wat, met unifikasie, vir 'n spesifieke doel verkry is, soos bv. die Transvaalse Gewaarborgde Lening van £5,000,000, sal vir die doel waarvoor dit bestem was, gebruik word. Saam met die bates sal ook die laste aan die Unieregering oorgedra word met die gevolg dat die sekuriteitswaarde daarvan sou styg en daardeur sou die krediet van die Unie toeneem. Die Spoorweë en Hawens sou deur drie kommissarisse, wat aan 'n minister verantwoordelik sou wees, beheer word. Die Spoorweë en Hawens sou buite die partypolitiek gehou word en dit sou ten bate van die bevolking as geheel beheer word op dieselfde beginsel as wat in Duitsland die geval was.

Daarop het Hull die finansiële posisie van die vier kolonies vir die boekjaar 1907 tot 1908 aan die parlement voorgelê. Daarvolgens was die totale skuld van die vier kolonies, in ronde syfers, 'n bedrag van £113,180,000. Afsonderlik was die skuld van die Kaapkolonie £53,836,000, Natal £33,155,000, die O.R.K. £8,104,000 en Transvaal £29,185,000. In die kas van Transvaal en die O.R.K. was daar 'n batige saldo van £6,247,000. Deur unifikasie sou die rentekoers op die lenings, wat wissel van 3% tot 5%, op 3½% vasgestel word waardeur daar jaarliks 'n bedrag van £180,000 aan rente bespaar sou word.

Om die batige saldo met unifikasie aan te toon het hy van die betrokke kolonies begrotings vir die jaar 1908 tot 1909 ontvang waarvolgens daar 'n totale batige saldo van £370,000 sou wees. Met die gegewens wat hy ontvang het, het hy ook 'n berekening vir die jaar 1909 tot 1910 saamgestel waarin die kredietbalans, as gevolg van die besparing in die verskillende departemente met unifikasie, £450,000 sou wees. Deur unifikasie sou daar feitlik onmiddellik 'n vermindering van belastings in die land wees sodat die Unieregering jaarliks 'n batige saldo van £250,000 sou hê. Hierdie batige saldo sou jaarliks verhoog word as gevolg van die vinnige uitbreiding van mynbou op die Witwatersrand wat nie by die samestelling van sy berekeninge in ag geneem is nie.[1)]

1). „Debatten van de Buitengewone Zitting van de Wetgevende Vergadering van Transvaal. 1909." A.w. Bl. 154 tot 166.

Kol. sir. A.W.Sampson (Parktown) het namens sy kiesers gevra dat die finale aanname van die wersontwerp deur 'n referendum moes geskied omdat die volk die finale beslissing moes vel. Daar is, volgens sy mening, te veel mag aan die parlement toegesê met die gevolg dat die parlement die volk sou regeer en die volk nie die parlement sou laat regeer nie. Dit is nie die wetgewers wat verenig moes word nie, maar die volk.[1] J. Reid (Berea) het hierdie voorstel gesekondeer en daarop het E.P. Solomon, die Minister van Publieke Werke, J.W. Quinn (Union), J.A. Neser (Klerksdorp), W.R. Colina (Ermelo), W.K. Tucker (Roodepoort), J. de Clercq (Middelburg-Oos), L.A.S. Lemmer (Marico) en E. Rooth (Burgersdorp) vir die aanname van die konsepakte, sonder amendement, gepleit.[2]

Mnr. Jacob de Villiers, die Minister van Mynwese, het verwys na die wonderlike gees van samewerking wat daar deur die hele land geopenbaar is en gepleit vir die aanname van die konsepakte sodat, ingeval van oorlog in Europa, die volk van Suid-Afrika soos een man by die Britse Ryk sou staan.[3] Daarop het dr. F.H. Napier (Hospitaal), N.J. de Wet (Middelburg-Wes), W.J. Wybergh (Marshalltown), W.F. Lance (Jeppe), genl. J.H. de la Rey (Ventersdorp), F.D.P. Chaplin (Germiston-Wes), R.G. Nicholson (Waterberg) en F.E.T. Krause (Vrededorp) ook ten gunste van die mosie van Botha gepraat.[4]

Mnr. W. Hoskin (Von Brandis) het versoek dat die volk volledig oor die finansiële sy van unifikasie ingelig sou word en toe het hy die stemregbepalinge aangeval. „...Slechts op grond van verschil in huidskleur, wensen zij een groot gedeelte van de bevolking geheel en al buiten het landsbestuur te houden en om die reden betreur ik het ten zeerste dat er zulk een bepaling is. Met groot leedwezen zie ik dat men het grote beginsel, dat nu in de Kaapkolonie bestaat, wil aanranden...."[5] Botha kon nie help om Hoskin telkens met 'n „Neen, neen" in die rede te val nie, maar toe Smuts begin lag, was dit aansteeklik en spoedig het 'n algemene gelag Transvaal se enigste filantroop die

1). „Debatten van de Buitengewone Zitting van de Wetgevende Vergadering van Transvaal. 1909." A.w. Bl. 166-170.
2). do. Bl. 171 tot 195.
3). do. Bl. 196 tot 198.
4). do. Bl. 198 tot 242.
5). do. Bl. 251 tot 252.

swye opgelê.[1]

Mnr. Munnik (Zoutpansberg-Oos) het die mosie van die premier gesteun en tot lof van hul leier gesê: „...Wij zijn...veel verschuldigd aan het genie van de Ed. Achtb. de Eerste Minister, die oorspronkelik de stappen heeft genomen, welke in deze Konstitutie zijn neergelegd. Ik vertrouw, dat zijn naam voor het nageslacht zal bewaard blijven, als die van de eigenlike ontwerper van de unificatie en van de man, die heeft getracht alle rassenverschillen in dit ongelukkige land te doen verdwijnen...."[2]

Nadat kol. Sampson (Partkown) weer eens teen die aanname van die mosie van die premier gepraat het, het sir W. van Hulsteyn (Yeoville), H.L. Lindsay (Troyeville), T.M. Cullinan (Pretoria-Noordwes), R. Gregorowski (Pretoria-Suidwes), G. Sheffield (Bezuidenhout) en kmdt. B.I.J. van Heerden (Rustenburg-Suid) ten gunste van die aanname daarvan gepraat.[3]

Sir J.P. Fitzpatrick (Pretoria-Suid-Sentraal) het ook vir die aanname van die mosie van die premier gepleit. Hy het duidelik laat blyk dat hy deur die oorweldigende persoonlikheid van Botha geïmponeer was en hy het aangedui hoe Botha en Jameson, wie se sienswayse vroeër so hemelsbreed van mekaar verskil het, nou vir die hele land 'n voorbeeld van broederlike liefde en heelhartige samewerking geword het. Alle onaangenaamhede wat aan die verlede herinner, moes weggewis word en daarom is die enigste merk op die landkaart, wat aan die oorlog herinner het, deur die herstel van die naam van die Vrystaat uitgewis.[4]

Kmdt. J.A. Joubert (Volksrust) wou daarop weet of die deel van die Wakkerstroomse distrik, asook die distrikte van Utrecht en Vryheid, weer aan Transvaal teruggegeé sou word. Verder het hy hom ten gunste van die mosie van Botha uitgelaat. Daarop het ook kmdt. T.F.J. Dreyer (Losberg), F.J. Bezuidenhout (Rodekoppen) en genl. D.J.E. Erasmus (.Pretoria-Oos) ten gunste van die mosie van genl. Botha gepraat.[5]

Botha het toe weer aan die woord gekom. Hy het die versoek om

1). „Debatten van de Buitengewone zitting van de Wetgevende Vergadering van Transvaal. 1909." A.w. Bl. 252.
2). do. Bl. 256.
3). do. Bl. 256 tot 291.
4). do. Bl. 291 tot 300.
5). do. Bl. 300 tot 301.

die hou van 'n referendum van die hand gewys, die lede vir hul pragtige toesprake bedank en weer eens gewys op die voortreflike gees van samewerking wat daar was.[1] Die mosie van Sampson is tot stemming gebring. Drie lede het daarvoor gestem en 59 lede was daarteen. Daarop het die Huis, op voorstel van Botha, in komitee gegaan.[2]

DIE WETGEWENDE VERGADERING IN KOMITEE.

Mnr. Wybergh wou weet wat sou gebeur indien een van die kolonies teen unifikasie sou besluit. Smuts het hom meegedeel dat dit baie onwaarskynlik was, maar dat, indien dit sou gebeur, die ander parlemente daaroor sou moes besluit.[3] Die beswaar dat die Hoërhuis nie 'n gekose liggaam sou wees nie, is deur Smuts uit die weg geruim toe hy daarop gewys het dat al die Wetgewende Rade in Suid-Afrika, met uitsondering van dié van die Kaapkolonie, genomineerde liggame was.[4] R.K. Loveday het aanbeveel dat die bewoording t.a.v. die Senaat so gewysig sou word dat daar geen twyfel sou bestaan omtrent die feit dat slegs blankes daarin sitting mag hê nie.[5] P. Whiteside het aanbeveel dat die eiendomskwalifikasie vir Senatore geskraap sou word, maar Neser was daarteen.[6] Fitzpatrick het meegedeel dat die eiendomskwalifikasie aanvanklik £5,000 bedra het en dat daar vanaf 24 Oktober tot 27 Januarie gespook is om dit eers na £2,000, toe na £1,000 en uiteindelik na £500 te verminder. Word die saak weer aangeroer, dan mag dit wees dat dit weer na £2,000 opgeskuif word.[7] Toe daar oor hierdie aanbeveling gestem is, is dit met 8 teen 51 stemme verwerp.[8]

Nadat die hele konsepakte hoofstuk vir hoofstuk nagegaan is en alle vrae op bevredigende wyse deur die konvensieafgevaardigdes beantwoord is, het die Huis sy normale sitting hervat sonder dat daar 'n wysiging of amendement aangebring is.[9]

Smuts het die Wetgewende Vergadering toe meegedeel dat die ontwerpkonstitusie deur 'n rapport voorafgegaan word. Aan die eerste

1). „Debatten van de Buitengewone Zitting van de Wetgevende Vergadering van Transvaal. 1909." A.w. Bl. 311 tot 314.
2). do. Bl. 314-315.
3). do. Bl. 315-318.
4). do. Bl. 318-332.
5). do. Bl. 336.
6). do. Bl. 336-339.
7). do. Bl. 339-343.
8). do. Bl. 354.
9). do. Bl. 354-390.

paragraaf van die rapport is reeds voldoen aangesien dit bepaal het dat die verskeie parlemente op 30 Maart byeen sou kom om die wetsontwerp te bespreek. Vir die voortsetting van die werksaamhede was dit noodsaaklik dat die ander twee paragrawe ook goedgekeur sou word. Volmag moes aan die afgevaardigdes verleen word om in Mei in Bloemfontein te vergader en dat die parlemente weer eens gelyktydig in Junie moes sit om die finale wetsontwerp goed te keur. Hy het daarop gevra dat die parlement ook die laaste twee paragrawe sou goedkeur. Dit is gedoen en die Wetgewende Vergadering het verdaag.[1)]

Die mededeling van genl. Smuts i.v.m. die rapport wat die ontwerpkonstitusie voorafgaan, was 'n bewering wat hy op eie verantwoordelikheid gemaak het want daar was geen sodanige rapport nie. Terwyl die Wetgewende Vergadering die wetsontwerp bespreek het, het hy besef dat hul geen mandaat het om in Bloemfontein byeen te kom of om die parlemente weer eens bymekaar te roep nie. Op 1 April het hy aan die premiers van die ander kolonies getelegrafeer dat dit die posisie was, sodat hulle ook die „voorafgaande rapport" deur hul parlemente kon laat goedkeur.[2)]

Botha het die nuus, dat die Wetgewende Vergadering die wetsontwerp sonder amendement aangeneem het, aan die ander premiers getelegrafeer[3)] met die gevolg dat hy telegramme van gelukwensinge, o.a. ook van Jameson, ontvang het. Merriman het terselfdertyd laat weet dat die stryd in sy parlement baie groter is as wat hy verwag het.[5)]

DIE WETSONTWERP VOOR DIE WETGEWENDE RAAD VAN TRANSVAAL.

Op 3 April het genl. Smuts die „Zuid Afrika Wet" vir aanname by die Wetgewende Raad van Transvaal voorgestel. In sy toespraak het hy gesê dat dit nie die wenslikheid van unifikasie is wat deur hulle bespreek moes word nie, maar wel die vorm wat unifikasie moes aanneem. Deur unifikasie sou dit wat vir 'n eeu reeds bestaan het, omver gewerp word, en so 'n reuse verandering moes deeglik deur die politieke leiers van die volk oorweeg word. Met betrekking tot die wersontwerp self

1). „Debatten van de Buitengewone Zitting van de Wetgevende Vergadering van Transvaal. 1909. A.w. Bl. 391 tot 392.
2). Mer. vers. No. 12[illegible] van 1909. 1 April 1909.
3). do. No. 133 van 1909. 3 April 1909.
4). Premier. Transvaal. Band 60. Omslag 1. 3 April 1909.
5). do. 5 April 1909.

het hy meegedeel dat hulle die daarstelling van ŉ rekbare grondwet nagestreef het en daarom was hy spyt dat sommige bepalinge verskans is. Die Provinsiale Rade, wat deur sommige persone as ,onryp' bestempel was, was ŉ eksperiment deurdat so ŉ instelling nog nie tevore bestaan het nie. Hy was egter van mening dat dit as eksperiment sal slaag en dat dit tot groot voordeel van die land sou wees. In sommige gevalle was die afgevaardigdes genoodsaak om tot ŉ vergelyk te kom wat in werklikheid teenstrydig met die beginsels van die res van die grondwet was. So is bv. die ou koloniale grense tog in die Senaat gehandhaaf, ŉ beginsel van dualisme is t.a.v. die kleurlingstemreg in die grondwet opgeneem, die onderwys sou vir vyf jaar deur die provinsies behartig word en die hoofstad is verdeel.

Nadat Smuts ook die finansies, die staatsdiens en die spoorweg-diens met unifikasie verduidelik het, het hy een en ander meegedeel oor toestande in Suid-Afrika soos dit na unifikasie sou wees. Die land sou geleidelik ontwikkel, maar omdat dit deur unifikasie op die ware pad van toekomstige ontwikkeling geplaas sou word, sou die land van dag tot dag en van geslag tot geslag vooruitgaan.[1)]

Die Wetgewende Raad het onmiddellik in komitee gegaan. Kol. Dalrymple het die aanname van die wetsontwerp gesekondeer en die mening uitgespreek dat dit foutief was om amendemente voor te stel soos in die ander kolonies wel gedoen word.[2)]

Mnr. A.D.W. Wolmarans het die Raad meegedeel dat aangesien almal goed bekend was met die redes waarom hy teen unifikasie was, hy dit nie sou herhaal nie. Hy wou egter graag meedeel waarom hy teen die aanname van die voorgestelde grondwet gekant was. Hy kon hom nie versoen met die idee dat parlemente, wat sterwende was, ŉ Senaat vir ŉ tydperk van 10 jaar sou kies nie. Om die Senaat deur die Provinsiale Rade te laat kies sou slegs ŉ kanaal tot magsuitbreiding vir die Provinsiale Rade skep. Die Volksraad is nie saamgestel volgens die bevolking van die Unie nie, daar word te veel opofferinge van Transvaal gevra en die

1). "Debatten van de Wetgevende Raad van de Transvaal. (Buitengewone Zitting van het Eerste Parlement.) 1909. Plaatsgevonden gedurende het tijdperk : 30 Maart 1909 tot 3 April 1909. Geauthoriseerde Uitgave." Bl. 24 tot 38.

2). do. Bl. 38 tot 40.

publiek het nie behoorlik geleentheid gekry om hul menings te lug nie. Mnr. Wolmarans het daarop voorgestel dat ’n referendum gehou sou word.[1)]

Mnre. M. Langermann, G.J.W. du Toit, A.G. Robertson, J. Roy, P.D.A. Roux, W.H. Buhrman, J.R. van der Merwe,[2)] E. Esselen, M.R. Greenlees, R. Feetham en W.A. Martin het ten gunste van die voorstel van genl. Smuts gepraat en Wolmarans kon nie daarin slaag om ’n sekondant vir sy voorstel te kry nie.[3)]

Smuts het die debat afgesluit deur die lede te bedank vir die bemoedigende toesprake en vir die groot vertroue wat hulle in die regering het. Deur die aanname van die konsepwet sonder amendement deur die Transvaalse parlement is daar ’n voorbeeld van groot belang vir die res van die land gestel. „...Wij, de jongste Kolonie hebben een voorbeeld gegeven aan de rest van Zuid Afrika. Ofschoon wij niet kunnen verwachten, dat dit voorbeeld zal worden gevolgd, kunnen wij toch hopen, dat de leidraad-, die De Transvaal gegeven heeft, op de Konventie te Bloemfontein zal worden gevolgd en dat aldaar geen fundamentele wijzingingen gemaakt zullen worden...Dit is een goed begin...dat De Transvaal, wegens haar grootmoedigheid in deze aangelegenheid betoond, recht heeft op de dankbaarheid niet alleen van Zuid Afrika, doch van het gehele Britse Rijk."[4)]

Op 7 April kon Botha met ’n gevoel van tevredenheid aan die ander premiers skryf: „I have the honour and pleasure to inform you that the Transvaal Parliament has approved of the draft South Africa Act agreed to by the South African National Convention at Capetown on 3rd February, 1909, without reservation."[5)]

DIE KAAPSE DEBAT.

Reeds voor 30 Maart was dit baie duidelik dat die bespreking van die voorgestelde grondwet deur die Kaapse Parlement baie tyd in beslag sou neem. So het Fischer op 27 Maart aan Merriman getelegrafeer: „...I see news telegrams from Capetown to-day state you anticipate

1). „Debatten van de Wetgevende Raad van de Transvaal. (Buitengewone Zitting van het Eerste Parlement.) 1909." A.w. Bl. 40 tot 53.
2). do. Bl. 78. In sy toespraak het mnr. Van der Merwe die hoop uitgespreek dat dit na unifikasie moontlik sou wees om ’n Universiteitskollege te Potchefstroom op te rig.
3). do. Bl. 53 tot 107.
4). do. Bl. 108.
5). Premier. Transvaal. Band 44. No. 45/4/09. 7 April 1909.

three weeks session which heaven forbid...."[1]

Hofmeyr het, pas nadat Merriman die konsepakte aan sy parlement vir aanname voorgelê het, tot die aanval oorgegaan en hierin is hy bygestaan deur Schreiner en Sprigg. Merriman is deur hulle in so 'n moeilike posisie geplaas dat hy dankbaar was vir die ondersteuning wat hy van Malan en sy Bondslede asook van Jameson en sy Unioniste ontvang het.[2] Die „Star" het op 2 April die toestand in die Kaapkolonie so negatief gevind dat die hoofartikel, met „The Cape Wreckers" as opskrif, die Kaapse parlement aanwys as die eintlike rots waarop Unifikasie gevaar geloop het om vernietig te word.[3]

Op 6 April het Botha dit nodig gevind om Merriman te waarsku dat Transvaal nooit die amendemente wat voorgestel word, sou aanvaar nie[4] en Steyn, wat ook die mens in Merriman gesien het, het 'n pragtige brief van bemoediging aan sy vriend geskryf.[5]

Die houding van die Kaapse teenstanders het so 'n nadelige uitwerking op Botha, wie se gesondheid veel te wense gelaat het, gehad dat Selborne aan hom geskryf het om hom moed in te praat. „...If you are absolutely firm, tho', as always, conciliatory in manner, you will win. I prophesy without hesitation that when it comes back to them for 'aye' or 'no', the Cape Parliament will not wreck unification ... If the Cape Parliament refuses union under these terms I should be sorry, very sorry; but what would happen? The Transvaal could unite with the Free State and Natal, and Pretoria would be the one and only Capital for all purposes. When hereafter the Cape repented and came in ...the capital would have been permanently fixed at Pretoria...."[6]

Die feit dat die ander drie kolonies vas van voorneme was om te verenig, of dit nou die K.K. sou insluit of nie, het die Kaapse ekstremiste laat skietgee. Op 17 April was dit duidelik dat die unifikasiebeweging sou wen. Op daardie dag het Merriman aan Botha getelegrafeer dat die enigste belangrike amendemente betrekking op art.

1). Mer. vers. No. 100 van 1909. 27 Maart 1909.
2). Sir Edgar Walton. A.w. Bl. 321 tot 322.
3). „The Star," 2 April 1909, hoofartikel.
4). Mer. vers. No. 141 van 1909. 6 April 1909.
5). do. No. 145 van 1909. 6 April 1909.
6). Premier. Transvaal. Band 60. Omslag 1. 8 April 1909.

39 en 40 het en dat hulle heeltemal in die gees van die voorgestelde grondwet is.[1] In 'n brief wat hy drie dae later aan Botha geskryf het, het hy meegedeel: „...we had 44 amendments moved in the Assembly of which 3 were carried, the rest either rejected or withdrawn. Schreiner spoke 64 times and Fremantle 46!! ....[2]"

DIE NATALSE AMENDEMENTE.

Alhoewel die Natalse Parlement byeengeroep was om die voorgestelde grondwet te bespreek, het hierdie vergadering meer aandag aan die bespreking van die handelsverdrag tussen Transvaal en Mosambiek gegee.[3] As gevolg van hierdie bespreking was daar 'n langer sittingstyd nodig maar tog het die Natalse Parlement op 22 April kon bekend maak dat hulle ten gunste van unifikasie was en dat 'n paar amendemente t.o.v. die grondwet voorgestel is. Hulle wou die versekering hê dat Natal nooit minder as 17 Volksraadslede sou hê nie, dat die Administrateur slegs 'n beslissende stem moes hê, dat vryhandel in die Unie gewaarborg sou word, dat daar nie minder instede van nie meer as drie spoorweg-kommissarisse sou wees nie, dat hul handelsregte beskerm sou word afgesien van enige verdrag met Portugal en dat daar 'n klousule in die grondwet opgeneem moes word waarvolgens die verkoop van alkoholiese drank aan naturelle belet sou word.[4]

Nadat 'n oorsig van die Natalse amendemente gegee is, het die „Star" meegedeel: „...It will be seen at once that in spite of their length they form a far less serious programme than the much smaller list submitted by the Cape Colony...and completely justify the prophets who have always maintained that the Cape Colony and not Natal would be the real source of danger at Bloemfontein."[5]

DIE AMENDEMENTE VAN DIE O.R.K.

Fischer het verwag dat die parlement van die O.R.K. geen noemenswaardige besware teen die aanname van die voorgestelde grondwet sou hê nie met die gevolg dat hy op 27 Maart aan Merriman getelegrafeer het: „...I hope, unless led astray by the other Parliaments, ours will finish

1). Premier. Transvaal. Band 60. Omslag 1. 17 April 1909.
2). do. 20 April 1909.
3). „The Star," 22 April 1909, hoofartikel.
4). Premier. Transvaal. Band 60. Omslag 1. 22 April 1909.
5). „The Star," 22 April 1909, hoofartikel.

in three or four days...."[1]

Die moontlikheid dat die Vrystaatse wetgewers deur die beraadslaginge van ander parlemente beïnvloed kon word, het spoedig 'n werklikheid geword. Onder invloed van die Kaapse debat het die **parlement** van die O.R.K. die volgende amendemente voorgestel:

1. Dat die ‚dunheid en digtheid van die bevolking' gedefinieer sou word.
2. Dat die uitsonderinge t.o.v. die kwota van kiesers duidelik omskryf sou word.
3. Dat daar kwalifikasies vir die Provinsialeraadslede opgestel sou word.
4. Dat die woorde ‚of lokale' na die woord ‚Provinsiale' in reël 5 van seksie 96, hoofstuk 6, t.a.v. die hooggeregshof, bygevoeg sou word.[2]

As gevolg van hierdie amendemente het die „Star" van 17 April geskryf: „...The Transvaal Parliament has passed the draft Act of Union as it stands. So to all intents and purposes has the Orange River Colony, though the resolution was coupled in this case with an eleventh-hour recommendation, borrowed from the Cape Colony, that one of the clauses in the Constitution should be further defined...."[3]

PERSKRITIEK T.O.V. DIE HOUDING VAN DIE KOLONIALE PARLEMENTE.

Aangesien Transvaal die enigste van die vier kolonies was wat die konsepgrondwet sonder amendement aangeneem het, het die „Star" daarop gewys dat daar nie as gevolg daarvan gemeen moes word dat die Transvaalse wetgewers die konsepakte as fouteloos beskou het nie. „...More than one improvement was suggested in the Transvaal Parliament ...There is very little doubt...that if the Act of Union rested solely with the Transvaal, the future Senate would be a very different body; the Provincial Councils would be entirely remodelled, primary education would be relegated to its proper sphere...the white franchise would be securely 'entrenched' and...the principle of 'equal rights' would be expressed in a form which would finally dispose of any clamour for further 'definition.' ...."[4]

---

1). Mer. vers. No. 110 van 1909. 27 Maart 1909
2). Premier. Transvaal. Band 60. Omslag 1. 2 April 1909.
3). „The Star," 17 April 1909, hoofartikel.
4). do.

Die „Volkstem" was ook van mening dat die optrede van die Kaapse en Natalse parlementslede onbillik was. Nadat hierdie koerant aangetoon het dat die afgevaardigdes van Transvaal en die O.R.K. volmag gehad het om die grondwet te aanvaar feitlik soos dit was, is beweer: „...de Natalse en Kaapse afgevaardigden hebben in last om 't ontwerp tot in zijn grondbeginzelen te wijzigen. De Kaapkoloniese voorstellen tasten diep in 't neergelegde beginsel van vertegenwoordiging, 'twelk — uit Transvaalse standpunt — 'n onveranderlike voorwaarde van de unie is. De veranderingen door de Pisang-kolonie aan de hand gedaan, zijn even talrijk als ingrijpend...."[1] Verder word aangedui dat die verwerping van die Natalse amendemente geen nadelige gevolg sou hê nie, maar dat Transvaal en die O.R.K. rotsvas moes staan teen die eise wat die Kaapse parlement stel.

Teen die einde van April het „The State" 'n oorsig oor die gebeure van die vorige maand gegee en Schreiner en Hofmeyr bitsig aangeval. „...The plea of delay is the last refuge of those who cannot make up their minds to swallow the medicine which, though unpalatable to themselves, will restore health to South Africa... The quarrel with Hofmeyr that he insists on maintaining a narrow, illiberal, racial attitude towards the Constitution which, if it spreads, will do far more harm to South Africa than the worst of Constitutions can create or the best of Constitutions can mend...."[2]

GENERAAL BOTHA ONGESTELD.

Toe die politieke leiers in Mei 1908 besluit het om saam te staan in 'n reuse poging om die verskillende Britse gebiede in Suid-Afrika te verenig, het hulle daardeur 'n taak onderneem wat hul senuwees tot die uiterste toe sou span, hul vernuf tot die uiterste toe sou toets en hul uithoudingsvermoë tot die uiterste toe sou verg.

Generaal Botha, wat die hart en siel van die hele unifikasie-beweging was, het daarin die verwesenliking van 'n grootse lewensideaal gesien. Hy het gedurig in spanning geleef en die onvermydelike botsings

1). „De Volkstem," 4 Mei 1909, hoofartikel.
2). Hofmeyr versameling. Afd. B. Vol. 13. Band: „National Convention. News Paper Cuttings." Desember 1908 tot Augustus 1909.

het hom so benadeel dat hy teen die einde van die sittingstyd in Kaapstad sy ewewig begin verloor het.

Op 19 Februarie kon hy Merriman, wat navraag gedoen het, verseker: „...I am quite well and ready for a big fight...."[1] Die opgehoopte werk, die beraadslaginge, die tref van noodsaaklike reëlings, die hou van talle vergaderings en die siekte van mev. Botha[2] het die kragte van die generaal gedreineer. Sy geneesheer het hom aangeraai om hom 'n tydlank stil te gedra en aan Merriman het Botha op 17 Maart laat telegrafeer: „...I held too many meetings and feel that a few weeks rest is necessary."[3]

Op 6 April het Botha aan Fischer geskryf: „...Ik zelf ben nu 'pooteuit' en heb reeds langen tyd my niet wel gevoeld. Ik hoop nu om van avond naar de plaats te keeren om te zien of een beetje rust my niet zal rechtruk...."[4]

Dat Botha werklik oorvermoeid was, blyk uit die feit dat hy nie na die lewende hawe op die Johannesburgse Paasskou gaan kyk het nie. Lionel Philips het as gevolg daarvan aan Botha geskryf: „...I was awfully sorry to receive your telegram saying that you would not be able to come to the Show on account of ill-health...You certainly have had a terriffic strain recently...."[5]

Teen 27 April was die krisistyd van die siekte skynbaar oor. Op daardie dag het Botha aan Selborne geskryf: „...You will understand that I was prevented from replying to your letters through indisposition. I am now feeling much better...."[6] Selborne het daarop geantwoord: „...I am very glad indeed that you are really taking care of yourself and resting. South Africa cannot spare you from Bloemfontein...."[7]

Botha het nou talle briewe van sy vriende en bewonderaars ontvang. Fitzpatrick het geskryf: „...I can't tell you how sorry I am that you have been laid up at this juncture and I only hope that you will be able to stand the strain now...."[8] Merriman het die komende seereis

1). Mer. vers. No. 23 van 1909. 19 Februarie 1909.
2). Premier. Tvl. Band 60. Omslag 1. 9/3/09. Brief van Mer. aan Botha.
3). Mer. vers. No. 43 van 1909. 17 Maart 1909.
4). Premier. Transvaal. Band 60. Omslag 1. 6 April 1909.
5). do. 13 April 1909.
6). do. 27 April 1909.
7). do.
8). do.

na Engeland as 'n opbeurende gedagte gebruik[1] en Maydon het geskryf: „...I am sorry to hear that you have been out of sorts and hope you are now yourself again and that Mrs. Botha is suffering less...."[2]

Volgens 'n brief van Merriman aan sy vrou was Botha se lewer die oorsaak van sy ongesteldheid[3] met die gevolg dat selfs die seereis na Engeland geen goeie gevolg gehad het nie. Nadat die afgevaardigdes hul opdrag in Engeland uitgevoer het, is Botha na Beiere om daar 'n badkuur te ondergaan. Op 10 September het die „Volkstem" berig dat „...generaal Botha veel baat gevonden heeft aan 't bad te Kissingen, en dat hij zich tans sterker gevoelt dan voor vele jaren het geval is geweest."[4] Op 29 Desember het Botha self aan Merriman geskryf: „... I hope to be in Cape Town...when I also expect to see you. The newspaper reports about my health were groundless. I have not since my return from Europe felt so fit as I am now...."[5]

------oOo------

---

1). Premier. Transvaal. Band 60. Omslag 1. 14 Mei 1909.
2). do. 27 Mei 1909.
3). Sien bl. 277 van hierdie werk.
4). „De Volkstem," 10 September 1909, bl. 6.
5). Mer. vers. No. 617 van 1909. 29 Desember 1909.

# H O O F S T U K 11.

## DIE BEKRAGTIGING VAN DIE SUID-AFRIKA-WET.


| | Bl. |
|---|---|
| 1. DIE BLOEMFONTEIN-KONVENSIE. | 348 |
| 2. DIE ONTVANGS VAN DIE KONSEPWET. | 351 |
| 3. DIE REFERENDUM IN NATAL. | 354 |
| 4. FINALE AANNAME VAN DIE AKTE DEUR DIE KOLONIALE PARLEMENTE. | 360 |
| 5. VOORLOPIGE REËLINGS T.A.V. DIE AMALGAMASIE VAN DIE SPOORWEË. | 363 |
| 6. AFBAKENING. | 364 |
| 7. SCHREINER NA ENGELAND. | 365 |
| 8. DIE SEELY-MISVERSTAND. | 366 |
| 9. DIE AFGEVAARDIGDES. | 368 |
| 10. REËLINGS I.V.M. DIE VERBLYF IN ENGELAND. | 370 |
| 11. FINALE REËLINGS. | 371 |
| 12. DIE VERTREK VAN DIE AFGEVAARDIGDES. | 372 |
| 13. ONTHAAL IN ENGELAND. | 373 |
| 14. DIE AANNAME VAN DIE SUID-AFRIKA-WET. | 374 |
| 15. DANK EN HULDE, VERAL AAN GENERAAL SMUTS. | 380 |
| 16. DIE AFGEVAARDIGDES NA DIE AANNAME VAN DIE SUID-AFRIKA-WET. | 383 |


------oOo------

# H O O F S T U K 11.

## DIE BEKRAGTIGING VAN DIE SUID-AFRIKA-WET.

### DIE BLOEMFONTEIN-KONVENSIE.

Op 20 April het Ernest F. Kilpin die verskeie Suid-Afrikaanse regerings laat weet: „By direction of the President, I have the honour to inform you that in accordance with paragraph 2 of the Convention's report, adopted on the 3rd February last, it has now been decided that the Convention shall reassemble in Bloemfontein on the 3rd May."[1]

In Transvaal is die berig met gemengde gevoelens ontvang. Die houding van Hofmeyr en sy ondersteuners het verbittering veroorsaak en die gees van harmonie is versteur. Op 30 April het Fitzpatrick uiting aan sy gevoel van ontevredenheid in 'n skrywe aan Botha gegee: „...It begins to look rather hopeless when impossible men go back on their words in a compromise which Heaven knows was difficult enough. What is perfectly clear to me is that the section which is wanting to reopen matters is the one which never was in favour of Unification... it is the one which will never be a loyal and unselfish supporter of Union when it comes about. They will always be selfish and want bribing in order to get them to do and bear what others are prepared to face out of real patriotism. Why make them strong? Better fight them now and finish it. I fear that the Transvaal will not face this union again if there is a delay. And who can blame them after what has been said of us all in the Cape and seeing that they seem to care for nothing but what they can get out of us?...."[2]

Toe die Konvensie op 3 Mei in Bloemfontein byeengekom het, was hul taak nietig in vergelyking met die taak wat voorgelê het toe hulle etlike maande tevore in Durban vergader het. Toe was daar slegs vrome hoop. Alles was gehul in 'n waas van onsekerheid. In Mei 1909 moes slegs die amendemente van die verskeie parlemente nagegaan word en talle van hierdie amendemente was nietig van aard. Die enigste gevaarpunt was die Kaapse agitasie teen die stelsel van proporsionele

1). Premier. Transvaal. Band 44. No. 45/7/09. 20 April 1909.
2). do. Band 60. Omslag 1. 30 April 1909.

verteenwoordiging.[1]

Slegs sir Lewis Michell was afwesig toe die afgevaardigdes die „Oude Raadzaal," waar Pres. Kruger en lord Milner tien jaar tevore finaal gebots het, binnegestap het.[2]

Kolonel Greene het 'n kopie van die handelsooreenkoms wat die vier Britse kolonies op 2 Februarie aangegaan het, aan die voorsitter oorhandig.[3] Sir Henry de Villiers het 'n brief van lord Selborne voorgelees waarin die hoop uitgespreek is dat die deputasie wat die akte na Engeland sou neem, nie later as 17 Julie in Londen sou wees nie. Die Konvensie het toe verdaag sodat die lede hul amendemente in orde kon kry.[4]

Toe die sitting die agtermiddag hervat is, is die voorgestelde grondwet van voor af nagegaan. 'n Paar amendemente i.v.m. woordgebruik is gemaak en Malan het voorgestel dat daar voorsiening gemaak sou word om die koloniale grondwette met unifikasie buite werking te stel. Smuts was van mening dat dit onnodig was.[5]

Toe daar by klousule 39 gekom is, het Sauer voorgestel dat klousules 39 en 40 oorgeslaan sou word omdat die Kaapse amendemente nog nie gereed was nie. Fitzpatrick het botweg geweier om toe te stem en dr. Jameson het tevergeefs probeer om Fitzpatrick te oorreed om sy beswaar terug te trek. Op voorstel van Sauer is daar toe besluit om tot die volgende dag toe te verdaag.[6]

Die volgende dag is daar met die bespreking van artikels 39 en 40 begin en op 5 Mei, toe 'n breekpunt bereik is, het sir Henry de Villiers op uiters diplomatiese wyse die moeilikheid besleg deur 'n voorstel te maak wat daartoe gelei het dat alle kiesafdelings enkellidkiesafdelings sou wees.[7]

Die res van die werk van die Konvensie was feitlik net formeel. Die salarisse van parlementslede is bespreek, daar is besluit dat die Uitvoerende Komitees elk uit vier lede sou bestaan, dat die provinsiale

1). „The Star," 3 Mei 1909, hoofartikel.
2). F.S. Malan. A.w. Bl. 222.
3). Sien bylae; bl.XI van hierdie werk.
4). F.S. Malan. A.w. Bl. 222.
5). do.
6). do. Bl. 224.
7). Sien bl. 277 tot 279 van hierdie werk.

afdelings van die Hooggeregshof onder 'n regterpresident sou staan en dat alle ander regters van appél slegs tydelik aangestel sou word.[1] Op versoek van Selborne is daar wysiginge in die finansiële klousules gemaak waardeur die belange van die Britse aandeelhouers beveilig is.[2]

Met die onderhandelings so goed as afgehandel, het die besprekings eentonig en vervelig geword. Die kwaai botsing oor die Kaapse amendemente het gevoelens hoog laat opvlam met die gevolg dat daar 'n ontevrede en nukkerige houding by die lede te bespeur was. Die afgevaardigdes het mekaar met suspisie bejeën en sommige van hulle het gewens dat dit tyd was om te verdaag. So het Merriman die Saterdagoggend in die Raadsaal besluit om liewer aan sy vrou te skryf as om na die besprekinge te luister: „...On the whole things have gone very well enough, as I wrote to you, we had a great struggle over the Cape amendments. Now the only thing is Natal who is reluctant and is giving some trouble — even going so far as to threaten standing out which is so ridiculous that only our good manners prevent us from telling them what absurdity it is to talk of such a thing. I am anxious to get away. The atmosphere is so full of intrigue and suspicion. The only people who stick together are the Cape and Free State... All the others have been to quarrel.

I am writing in the Convention with a dreary flood of eloquence that seems never to stop going on — dribble, dribble, drone, drone, drone, until one feels that life is not worth living. If only they will stop talking! ....[3]"

Nadat die verslag van die finansiële kommissie op Maandag 10 Mei deur die afgevaardigdes aanvaar is,[4] het Malan voorgestel dat die woorde „Trusting in the guidance and blessing of God Almighty" in die voorwoord van die akte bygevoeg sou word. Smuts het beswaar teen hierdie voorstel aangeteken omdat die sin grammatikaal foutief saamgestel was. Die meeste van die afgevaardigdes was van mening dat so 'n byvoeging huigelary sou wees met die gevolg dat dit met 16 teenoor

1). F.S. Malan. A.w. Bl. 240.
2). Premier. K.K. Korrespondensie lêer no. 240. No. 61/09. 7 Mei 1909.
3). Mer. vers. No. 81 van 1909. 8 Mei 1909.
4). F.S. Malan. A.w. Bl. 244.

13 stemme afgestem is.[1] Daar is verder besluit dat die afgevaardigdes na Engeland geen beginselkwessie van die wet sou laat wysig nie en dat die afgevaardigdes die volgende dag die konsepakte sou onderteken.

Die werk van die lede van die Nasionale Konvensie was nou afgehandel. Hulle het die aand 'n staatsbanket bygewoon waar lord Selborne en die ander Britse Goewerneurs as gashere opgetree het.[2] In sy toespraak het Moor beweer dat hy 25 jaar reeds unifikasie begeer het en dat hy daar oortuig van was dat Natal by die unie sou aansluit.[3] Selborne was luimig in sy uitlatinge: „...The bread the people of South Africa would be invited to eat would be home-made bread," het hy gesê, „and not any patent concocted elsewhere. If union were consummated it would be the work of South Africans and no one else...."[4]

Op Dinsdag 11 Mei 1909, om 11.30 vm., het die voorsitter van die Nasionale Konvensie die lede versoek om elk tien kopieë van die konsepakte te onderteken. In elke landstaal was daar vyf kopieë sodat elke provinsie sy twee kopieë sou ontvang en die orige twee in die argief van die Unie in bewaring gehou kon word.[5]

Na die ondertekening van die konsepwet het Merriman die voorsitter vir sy dienste bedank en Smuts het die sekretarisse van die Konvensie en die personeel van die sekretariaat bedank vir die deeglike en bekwame wyse waarop hulle hul werk gedoen het.[6] Om eenuur die volgende middag het die Transvaalse afgevaardigdes per spesiale trein na Transvaal vertrek.[7]

DIE ONTVANGS VAN DIE KONSEPWET.

By die Engelssprekendes het daar nou 'n gevoel van vertwyfeling ontstaan. Hulle het begin glo dat daar met hulle toedoen toegewings gemaak is vir iets waarvoor die land nog nie ryp was nie. So het Goldwin Smith op 7 Mei aan Merriman geskryf: „...we have rather blindly extended the political system of England, which after all is very much the result of a series of accidents, to all the Colonies

---

1). F.S. Malan. A.w. Bl. 247 tot 249.
2). „The Star," 11 Mei 1909, bl. 5.
3). „Times of Natal. Country Edition." 12 Mei 1909. Bl. 5.
4). do. Eerste uitgaaf, 11 Mei 1909, bl. 5.
5). „The Star," 11 Mei 1909, bl. 5.
6). „Notulen...van de...Nationale Konventie." A.w. Bl. 286.
7). „The Star," 11 Mei 1909, bl. 5.

with too little regard for local character and circumstance. I suspect that some of them would be better ruled by a standing Council of State than by the present system of party cabinets which seems to me to be everywhere showing radical defects...."[1]

Merriman, wat tydens die laaste paar dae van die sitting van die Konvensie haastig geword het omdat hy verdere teenstand gevrees het, het die volgende oorsig van moontlike reaksies op die konsepakte aan sy vrou beskryf: „...I have been naturally anxious as so much depended on the result and so many people would have rejoiced at failure... I had a conference with Botha, Moor and Fischer. The former looks and is very ill and seems to have lost all go. I had the greatest difficulty to get him to see the importance of pushing the act along and getting it through in England. However, if all goes well, it is decided to leave the end of June... I should not wonder if the old Mole[2] did his little best to put a spoke in the wheel... I think we have the Dutch church solid with us for Union and I think also the bulk of the Dutch farmers...."[3]

Op 12 Mei is die wetsontwerp in Natal deur die „Times of Natal" verwelkom. „...The final draft of the Union Act is now before the people of South Africa, and we think that the majority of South Africans will feel genuine satisfaction that the Convention has found a way out of its difficulties. We know that there are those who take a different view, and whose fervent prayer was that the Convention might break up without coming to any agreement. Such people would prefer the status quo to be maintained. But would it? The status quo has been bad enough, but the consequences of continued and indefinite disunion would be infinitely worse...."[4]

Die „Natal Mercury" het ook sy tevredenheid met die konsepakte te kenne gegee en die Natalse „Advertiser" het verkies om 'n neutrale houding aan te neem.[5]

Op 13 Mei het Merriman aan Botha getelegrafeer: „I am pleased to

1). Mer. vers. No. 180 van 1909. 7 Mei 1909.
2).Dit was Hofmeyr se bynaam. Sien bl.387 van hierdie werk.
3). Mer. vers. No. 183 van 1909. 9 Mei 1909.
4). „The Times of Natal," 12 Mei 1909, eerste uitgaaf, hoofartikel.
5). „The Star," 12 Mei 1909, bl. 9.

inform you that the draft act as amended has been very well received here and I do not anticipate any trouble from wreckers."[1]

Mnr. Hofmeyr, wat van voorneme was om die aanname van die akte met alle mag te weerstaan, het op versoek van Malan sy opposisie laat vaar en verklaar dat die Bond bereid sou wees om die konstitusie te aanvaar.[2] Namens die filantrope het dr. MClure 'n brief aan Hutchinson gestuur sodat hy dit aan die Imperiale Parlement kon voorlê. Protes is teen die trek van 'n kleurskeidslyn aangeteken[3] en dr. M.H. Brown, een van die mede-ondertekenaars van die stuk, het in 'n afsonderlike skrywe aan Merriman verklaar dat die K.K. te veel prysgee ter wille van unifikasie.[4]

Onder die voorsitterskap van sir Gilbert Parker het die „Imperial South African Association," op voorstel van Walter H. Long, en gesekondeer deur Lionel Philips, die volgende besluit aan Merriman gestuur: „... That this meeting records with great satisfaction the result of the deliberations of the National Convention which has provided for a Unification of the South African Colonies under the British Flag. It heartily congratulate the delegates on the accomplishemnt of a task which will stand as a monument of conspicuous ability, great toil, and patriotic devotion...."[5]

Mnr. Molteno het vanaf Engeland aan Merriman 'n telegram van gelukwensing gestuur[6] en die „Star" het meegedeel dat die Londense „Times" „...in a leading article this morning characterises the South African Union Bill as a political achievement of which the statesmen and people of South Africa have every reason to be proud...."[7]

Mnr. Deakin, die premier van Australië, het vanaf Melbourne aan Merriman getelegrafeer: „Commonwealth Australia felicitates people of South Africa with their representatives in Convention and local legislatures upon having resolved to enter into union of all your Colonies. This, while strengthening your powers of peaceful progress,

---

1). Premier. Transvaal. Band 60. Omslag 1. 13 Mei 1909.
2). J.H. Hofmeyr. A.w. Bl. 631.
3). Mer. vers. No. 285 van 1909. 22 Junie 1909.
4). do. No. 508 van 1909. 10 Augustus 1909.
5). do. No. 426 van 1909. 16 Junie 1909.
6). do. No. 531 van 1909. 20 Augustus 1909.
7). „The Star," 26 Julie 1909, bl. 7.

adds another to oversea dominions constituting outlying defensive units of Empire...."[1]

Mnr. Ward, die premier van Nu-Seeland, het ook aan Merriman 'n telegram van gelukwensing gestuur: „On behalf of the Government and people of New Zealand I desire to offer my heartiest congratulations upon the consummation of the great work of South African Union. I am satisfied it marks a distinct step forward not only in the prosperity and progress of South Africa itself but in the consolidation of the great Empire to which we are all proud to belong and so anxious to see strengthened."[2]

DIE REFERENDUM IN NATAL.

Toe die besluit van die Pretoriakonferensie, nl. dat afgevaardigdes vir die hou van 'n Nasionale Konvensie benoem sou word, in die Natalse Parlement bekendgemaak is, het mnr. Baynes gevra dat dit beskou sou word „...as an indispensable condition that any resolution with regard to Closer Union will be decided by a referendum in Natal."[3] Die regering het toegegee met die gevolg dat Natal die enigste van die vier kolonies was waar 'n referendum gehou sou word.

In Natal was daar nou onsekerheid. Aan die een kant was hulle bang vir isolasie. As die ander kolonies saamsmelt en Natal bly buite die unie, dan sou die gevolge daarvan uiters nadelig vir hul handel en hul ontwikkeling wees. Aan die ander kant was hulle weer bang vir die Boere-oorwig. Hulle was bang vir 'n vereniging waar die Boere leiding in die unie sou neem en maj. Silburn het gewaarsku dat die Boere 'n republiek nastreef maar dat hulle hierdie republikeinse gevoel bedek onder 'n dekmantel van Suid-Afrikaanse nasionaliteitsgevoel.[4]

Mnr. Hyslop het sy landgenote op 13 Mei probeer gerusstel deur aan hulle die versekering te gee dat die belange van Natal nie deur die Unieparlement verwaarloos sou word nie. Wat die Konvensie betref „...the other Colonies met Natal in a reasonable spirit. All the

---

1). Mer. vers. Aangeheg aan no. 293 van 1909. 23 Junie 1909.
2).do. Aangeheg aan no. 293 van 1909. 24 Junie 1909.
3). „National Convention Papers. 1908-1909." Band 110. „Closer Union Questions, motions, etc. in Parliament." 1 Julie 1908.
4). „De Volkstem," 26 Januarie 1909, bl. 6.

principal. Natal amendments are given effect to... As to the Mozambique treaty, Gen. Botha's letter to the Prime Minister clears up a great many points in exactly the same sense as the delegates endeavoured to do when the subject was before the Assembly for discussion...."[1] Verder het hy meegedeel dat die meeste Natallers die uitwerking wat die verdrag sou hê, totaal verkeerd begryp. Slegs suiker kon ten nadele van Natal vry in Transvaal ingevoer word, maar Mozambiek vind dit voordeliger om hul suiker na Portugal uit te voer en verder word suiker ten bedrae van £500,000 jaarliks in Suid-Afrika ingevoer.

Op 17 Mei is daar in 'n buitengewone Natalse Staatskoerant bekendgemaak dat die referendum op 10 Junie gehou sou word en dat die Natalse parlement op 16 Junie byeen sou kom.[2]

As gevolg van die gunstige ontvangs van die geamendeerde konsepwet deur die Natalse pers was al die ander kolonies gerus oor die moontlike verloop van die referendum. Intussen was daar ondermynende kragte aan die werk en hiervan het Merriman te hore gekom. Op 20 Mei het hy aan Botha getelegrafeer: „...Poor Natal. I am curious to know Moor's new trouble. As I gathered all was going well. We have unearthed some very dubious transactions of theirs as to secret rebates. Have got a copy of agreement."[3]

Teen hierdie tyd was Botha ook reeds bewus van die feit dat alles in Natal nie pluis was nie. Op 21 Mei het hy aan Fischer getelegrafeer dat, volgens feite tot sy beskikking, hy van oordeel was dat die referendum in Natal teen Unifikasie sou beslis.[4]

Die „Star," wie se verslaggewers met die publiek van Natal in aanraking gekom het, was egter van mening dat die referendum ten gunste van aansluiting sou wees aangesien sir David Hunter en G. Maydon, die leiers van die anti-unifikasiebeweging, in onguns by die publiek geraak het omdat hulle tydens 'n staking van die spoorwegwerkers die stakers gesteun het. Hulle het ook in onguns by die spoorwegwerkers self gekom.

1). „The Star," 13 Mei 1909, bl. 7.
2). „National Convention Papers" ens. A.w. 17 Mei 1909.
3). Mer. vers. No. 201 van 1909. 20 Mei 1909.
4). Premier. Transvaal. Band 60. Omslag 1. 21 Mei 1909.

Die spoorwegwerkers „...realise by this time that they have been made the catspaw of men who had other objects to serve than the betterment of the lot of the working classes...."[1] 'n Dag later het die „Star" berig dat die publieke opinie in Natal beslis ten gunste van unifikasie was[2] en op 4 Junie was die „Star" daar absoluut oortuig van.[3]

Op 21 Mei het Moor vir Botha besoek i.v.m. 'n voorskot vir herstelwerk aan en vir die uitbreiding van die Natalse spoorweë. Ter wille van die bewaring van die goeie verhouding tussen die verskillende regerings het Botha aangebied om 'n voorskot van £500,000 te maak mits die ander premiers dit goedkeur dat die Unieregering die bedrag aan Transvaal sou terugbetaal.[4] Mnr. Fischer het geen beswaar daarteen gehad nie, en alhoewel Merriman ook toestemming gegee het, was die manier waarop dit gedoen is, vir Moor, wat by Botha was en derhalwe die antwoord sou sien, baie skokkend. „...It seems to us that Natal is rather in the position of a young woman who puts up the price of her favours. The sooner the nuptials are concluded the better for all parties concerned... It would perhaps be desirable not to make too much fuss in press."[5]

Slegs ses dae later het Maydon aan Botha geskryf dat hy die konsepakte nie sal aanvaar nie omdat Natal nie goed genoeg deur die akte beskerm word nie. Verder het hy meegedeel dat die stemming tydens die referendum teen unifikasie sou wees. Notas onderaan die brief gemaak, dui aan dat Botha geskok was oor die houding van 'n man wat hy as 'n vriend beskou het.[6]

Maydon en Hunter het deur middel van hul pasgestigte „Anti-Unification League" vergaderings deur die kolonie georganiseer[7] en genl. Botha het besluit dat dit hoog tyd was vir hom om in te gryp. Sir Percy Fitzpatrick sou na Natal gestuur word om vergaderings te hou wat die „Anti-Unification League" sou teenwerk[8] en Botha het 'n persoonlike skrywe aan Maydon gerig om sy optrede af te keur.[9]

1). „The Star," 21 Mei 1909, hoofartikel.
2). do. 22 Mei 1909, bl. 9.
3). do. 4 Junie 1909, bl. 7.
4). Mer. vers. No. 209 van 1909. 21 Mei 1909.
5). do. No. 210 van 1909. Mei 1909.(Die dag word nie aangedui nie.)
6). Premier. Transvaal. Band 60. Omslag 1. 27 Mei 1909.
7). „De Volkstem," 28 Mei 1909, bl. 6.
8). do. 11 Junie 1907, bl. 7.
9). Premier. Transvaal. Band 60. Omslag 1. 4 Junie 1909.

Op 17 Mei het die „Times of Natal" berig: „The time between this and June 10 will doubtless be taken up with public meetings in all parts of Natal. The Closer Union Societies intend to carry on an active campaign in favour of Union, and it is almost equally certain that those who oppose the draft Act will endeavour to place their views before the electors...."[1)]

Twee dae later het dieselfde koerant berig dat die „Closer Union" -vereniging reeds baie bedrywig was. „...More than a week ago circulars were sent to members of Parliament and other prominent public men, asking for their co-operation in the work. We believe that a number of gentlemen have agreed to assist and on Friday morning a committee meeting will be held in the Legislative Assembly, when a plan of campaign will be agreed upon...."[2)]

Volgens bostaande berig geoordeel was twee dinge nou baie duidelik. Eerstens dat die „Closer Union" -vereniging 'n reuse propagandaveldtog van stapel sou stuur om unifikasie te bepleit en tweedens dat die „Times of Natal," net soos al die ander Natalse koerante, van voorneme was om 'n neutrale en objektiewe houding in te neem.

Die eerste vergadering wat deur die „Closer Union" -vereniging georganiseer was, is op Donderdagaand 20 Mei in die Durbanse stadsaal gehou. Die vergadering, wat as gevolg van die optrede van die opposisie, 'n totale mislukking was, was in werklikheid die grootste oorwinning wat die „Closer Union" -vereniging kon behaal. Volgens die „Times of Natal:" „...These rowdies located themselves at the two ends of the balcony, near the platform, and their tactics were of the hooligan order, the throwing of chewed tobacco forming part of the methods adopted...."[3)]

Die vergaderings wat op 22 Mei te Camperdown[4)] en op 24 Mei te Newcastle[5)] gehou is, het gunstig verloop, en die metodes van die opposisie het skerp kritiek in die pers uitgelok.[6)] Die „Times of Natal"

1). „Times of Natal," 17 Mei 1909, eerste uitgaaf, bl. 5.
2). do. 19 Mei 1909, bl. 5.
3). do. 21 Mei 1909, bl. 5.
4). do. 22 Mei 1909, bl. 5.
5). do. 24 Mei 1909, hoofartikel.
6). do. 25 Mei 1909, bl. 5.

het sy neutrale houding laat vaar en 'n ywerige ondersteuner van die unifikasiegedagte geword. Groot opskrifte soos „Industries Strengthened by Unity" en „What Isolation Really Means" het voorbladnuus nou daagliks bekendgemaak.[1]

Vergaderings was nou aan die orde van die dag. Op Dinsdagaand, 1 Junie, het die „Closer Union"-verenigings hulself van die steun van Pietermaritzburg verseker.[2] Daarop is geslaagde vergaderings te Ladysmith en Eshowe gehou terwyl die „Anti-Unification League" die steun van Prestbury erlang het.[3]

Op 4 Junie is bekendgemaak dat die massavergadering wat die „Anti-Unification League" te Durban gehou het, misluk het.[4] Later, op dieselfde dag, het die „Times of Natal" in groot swart druk bekendgemaak dat die ander kolonies die voorgestelde grondwet aanvaar het en dat hulle gevolglik sou verenig, of Natal daarby aansluit of nie.[5]

Aan die unifikasiestroom was daar nou geen keer meer nie. Die „Closer Union" -verenigings het hul propagandasluise oopgetrek en Natal letterlik met pamflette toegegooi, soos: „Advantages of Draft South Africa Act," „What we stand to lose," „Sound Reasons for Union," „Dutch Dominance??," „The Transvaal Mozambique Agreement. Points to be remembered,"[6] „Pertinent points for the Referendum," ens. Spotprente is geteken om die Natalse roeiboot langs die Suid-Afrikaanse skip asook Natal in die modder, Natal op die oop see, ens. aan te dui en die „Anti-Unification League" is aangeval as die „Authors of the most misleading and untrue statements ever placed before the Natal electors."[7]

1). „The Times of Natal," 27 Mei 1909.
2). do. 2 Junie 1909, hoofartikel.
3). do. 3 Junie 1909, bl. 5.
4). do. 4 Junie 1909.
5). do. 4 Junie 1909, tweede uitgaaf, bl. 5.
6). Hierdie pamflet is besonder interessant. Daarin word o.a. op die volgende feite gewys:-
a. Transvaal kon ongeskoolde arbeiders in Mosambiek rekruteer.
b. Mosambiek het in 1907 64% van die handel met Transvaal gehad maar nou sou hulle 50% kry. Vir Natal is 30% vir 10 jaar gewaarborg.
c. Die Delagoabaaispoorlyn is 90 myl nader aan Johannesburg as die die Natalse spoorlyn.
d. Die steilste hellings van die Delagoabaaispoorlyn is 1 teen 60 en dié van Natal is 1 teen 30.
e. Om 300 ton goedere van Ressano Garcia na Germiston te vervoer kos £275. Om dieselfde hoeveelheid goedere vanaf Durban na Germiston te vervoer kos £406.
f. Vervoer vanaf Durban verhoog die lewenskoste in die binneland. Dit strem immigrasie en benadeel die land as geheel.
7). T. Fletcher versameling. ACC 666. No. 1. Natalse argief.

Sommige van die Transvaalse leiers het 'n aktiewe aandeel aan hierdie intensiewe propagandaveldtog in Natal gehad. So het Botha Moor se aansoek om 'n £500,000-lening gunstig oorweeg en Maydon op die gevare van sy optrede gewys.[1] Farrar het ook van hom laat hoor en gewaarsku dat, as die Natallers teen unifikasie sou besluit, die gevolg daarvan vir hul kolonie rampspoedig sou wees.[2] Die grootste bydrae is egter gelewer deur sir Percy Fitzpatrick wat na Natal gereis het om persoonlik die mense te beïnvloed.

Op uitnodiging van die „Closer Union" -vereniging het sir Percy sy eerste vergadering te Newcastle toegespreek. Die stadsaal was gepak van mense, en die burgemeester, mnr. P.A. Talmage, het Fitzpatrick aan 'n geesdriftige gehoor voorgestel. In sy toespraak het Fitzpatrick drie redes waarom Natal by die Unie moes aansluit, aangedui: Die oplossing van handelsgeskille, die aansluitting onder voorwaardes wat later nie weer aangebied sou word nie en die saamstaan ter wille van hul gemeenskaplike verdediging.[3]

Van Newcastle af is sir Percy na Dundee en toe na die „St Georges Colliery." Op beide plekke is hy met groot geesdrif ontvang en op beide plekke is daar met oorweldigende meerderhede ten gunste van unifikasie gestem.[4]

Die toesprake van sir Percy, wat vir die Natallers telkens die spyker op die kop geslaan het, het inderdaad 'n groot indruk op sy gehoor gemaak. Die Natallers het reeds erken dat hulle nie opgewasse teen die Zoeloebedreiging was nie en op 9 Junie is bekend gemaak dat die Natalse finansies vir die vorige boekjaar weer 'n debiet getoon het. Die inkomste van die betrokke jaar was £3,491,440 en die uitgawes was £3,658,999.[5]

Op die vooraand van die hou van die referendum het die „Star" berig: „...Sir Percy himself has no doubt of the result, but would

---

1). Sien bl. 356 van hierdie werk.
2). „The Times of Natal," 8 Junie 1909, eerste uitgaaf, byvoegsel, bl.9.
3). do. 9 Junie 1909, eerste uitgaaf, bl. 5.
4). do.
5). do.

have liked to have a shot at Maritzburg before the referendum. Arrangements would not permit this...."[1]

Op 10 Junie is die referendum gehou. Op 11 Junie het die „Times of Natal" berig dat die uitslag die volgende aand, Saterdagaand, bekend sou wees en dat die stemming ten gunste van unifikasie, veral in die distrikte, baie sterk was.[2]

Op Maandag het die „Times of Natal" die uitslag van die referendum bekendgemaak onder die volgende opskrifte: „Natal joins her sister States. Unexpected large majority. Every division gave a Union lead." Die stemming was drie teen een, nl. 11,121 vir unifikasie en 3,701 daarteen.[3]

Op 15 Junie het die „Volkstem" die uitslag van die referendum in Natal aan sy lesers bekend gemaak en geskryf: „...Uit 'n totaal aantal kiezers van ongeveer 20,000, hebben derhalve omtrent de helft 't der moeite waard geacht z'n stem voor of tegen te gaan registreren ...Inderdaad geloven we 't niet ver mis te zullen hebben wanneer we alle lof in verband met de uitslag van de stemming zullen toekennen aan ... 'n transvaalse politikus, sir Percy Fitzpatrick...."[4]

Onmiddellik nadat die uitslag van die referendum in Natal bekend gemaak is, het daar 'n nuwe gesindheid in Natal ontstaan. Daar was geen uitgelate entoesiasme nie, maar wel 'n besef dat daar groot veranderinge binne enkele maande gemaak sou word en dat elke inwoner sou moes werk om die belange van 'n grotere eenheid te bevorder. Die persone wat teen unifikasie was, het, met enkele uitsonderinge, hul opponente geluk gewens en beloof om die Unie heelhartig te ondersteun. As gevolg van die oorweldigende meerderheid van stemme wat daar vir unifikasie uitgebring is, is daar selfs besluit om die deputasie wat na Engeland sou gaan om federasie te bepleit, te kanselleer.[5]

FINALE AANNAME VAN DIE AKTE DEUR DIE KOLONIALE PARLEMENTE.

Om die konsepakte vir die tweede keer deur die parlemente te

---

1). „The Star," 9 Junie 1909, bl. 9.
2). „The Times of Natal," 11 Junie 1909, eerste uitgaaf, bl. 5.
3). do., 14 Junie 1909, bl. 5.
4). „De Volkstem," 15 Junie 1909, hoofartikel.
5). „The Star," 14 Junie 1909, bl. 9. „New Spirit at Durban."

loods en om 'n paslike adres aan die Britse koning op te stel sou geen moeilike taak wees nie. In Natal het die publiek reeds te kenne gegee wat hul parlement moes doen. Die O.R.K. en K.K. was tevrede omdat hul amendemente bevredigend opgelos is en in Transvaal het die heelhartige samewerking tussen die regering en die opposisie die aanname van die grondwet buite twyfel gelaat.

Slegs een gevaarpuntjie het voor die sitting van die parlemente opgedoem, en dit was toe Fischer vir Botha meegedeel het dat hy van voorneme was om toestemming van sy parlement te vra om by die unie aan te sluit.[1] Botha het Fischer onmiddellik gewaarsku om dit nie te doen nie. „...I sincerely hope you will reconsider your proposal because that will give opening to others there to move at once...that authority to enter union be only given if all four Colonies join and that would seriously endanger Union."[2]

Op 1 Junie 1909 is die derde sitting van die eerste parlement van Transvaal deur lord Selborne geopen.[3] Toe is daar, op voorstel van Smuts, besluit dat die parlementshuise in 'n gesamentlike sitting die Suid-Afrika Wetsontwerp sou bespreek.[4]

Generaal Smuts het daarop die inleidingsrede gelewer. Nadat hy na de amendemente wat te Bloemfontein gemaak is, verwys het, het hy sy rede afgesluit deur te sê: „...indien dit dokument aangenomen wordt, en indien de verschillende delen van Suid Afrika zich verenigen op de grondslag van deze ontwerpwet, Zuid Afrika een tijdperk van velvaart en van werkelike Unie zal ingaan. Indien deze welvaart komt, zullen alle moeilikheden, die zo geducht schenen, geheel verdwijnen...."[5]

Nadat verskeie ander sprekers, met uitsondering van Wolmarans, almal ten gunste van die aanname van die wetsontwerp gepraat het, het Smuts voorgestel: „Dat Zijne Majesteit de Koning per nederig Adres verzocht worde de nodige stappen te doen nemen ter machtiging van de

---

1). Premier. Transvaal. Band 60. Omslag 1. 21 Mei 1909.
2). do.
3). „Debatten van de Wetgevende Raad van de Transvaal. Derde zitting van het eerste Parlement. 1909." Bl. 3.
4). do. Bl. 10.
5). do. Bl. 16 tot 20.

wetgevende nauwere aaneensluiting onder één Regering, onder de naam van Zuid Afrika, van deze kolonie met zodanige der andere kolonies van de Kaap de Goede Hoop, Natal en de Oranje Rivier Kolonie als daartoe mogen besluiten, overeenkomstig de bepalingen van het Zuid-Afrika Wetsontwerp." Hierdie voorstel is aangeneem.[1)]

As voorsitter van die komitee, wat belas sou wees met die opstel van die adres aan die koning, is mnr. A.D.W. Wolmarans gekies.[2)] 'n Pragtige adres is opgestel en daarna het mnr. Wolmarans hom stil gedra. Die adres lui as volg: "...

Aan Zijne Majesteit EDUARD VII, bij de Gratie Gods Koning van het Verenigd Koninkrijk Groot Brittanje en Ierland, en van de Britse Bezittingen over de Zee, Verdediger van het Geloof, Keizer van Indië,

Wij, Uwer Majesteits meest onderdanige en getrouwe onderdanen, de President en Leden van de Wetgevende Raad, en de Speaker en Leden van de Wetgevende vergadering van De Transvaal, in Parlement vergaderd, hebben een Besluit genomen voor de wetgevende nauwere aaneensluiting, onder één goevernement, onder de naam van Zuid Afrika, van deze Kolonie met zodanige der Kolonies van de Kaap de Goede Hoop, Natal en De Oranje Rivier Kolonie, als daartoe moge besluiten, overeenkomstig de bepalingen, niet in strijd zijnde met de beginselen, neergelegd in het Wetsontwerp, als goedgevonden mogen worden door Uwer Majesteits Minister van Kolonieën en enige raad van afgevaardigden die benoemd moge worden door de verschillende Kolonies om met hem te konfereren, en wij smeken daarom dat het Uwe Majesteit goedgunstiglik moge behagen, de nodige stappen te doen nemen om de voorgestelde nauwere aaneensluiting te machtigen.

En in alle nederigheid verzekeren wij Uwe Majesteit van onze blijvende getrouwheid en aanhankelikheid aan Uwer Majesteits Troon en Persoon.

A.D.W. Wolmarans.[3)]
A.D.W. Wolmarans. (Voorzitter.)

---

1). „Debatten van de Wetgevende Raad van de Transvaal. Derde zitting van het eerste Parlement. 1909." Bl. 16 tot 20.
2). do. Bl. 21.
3). do. bl. 21 tot 22.

Smuts het toe voorgestel dat, na aanleiding van die besluit van die Nasionale Konvensie op 3 Februarie 1909, die regering gemagtig word om afgevaardigdes te benoem om met die Britse Minister van Kolonies te onderhandel oor die aanname van die Zuid-Afrika-Wetsontwerp en dat die instruksies, soos aanbeveel deur die Konvensie in die tweede rapport, goedgekeur sal word as ŉ leidraad vir die afgevaardigdes.[1)]

Op 5 Junie 1909 is daar weer eens ŉ groot hoogtepunt in die Suid-Afrikaanse eenheidstrewe bereik. Op daardie dag het die „Star" berig: „...the Act of Union of the South African Colonies may be considered to have reached its final stage. It has been passed by a practically unanimous vote through the Parliaments of the four Colonies...."[2)]

VOORLOPIGE REËLINGS T.A.V. DIE AMALGAMASIE VAN DIE SPOORWEË.

Op 18 Junie het Botha aan die ander premiers getelegrafeer: „As Union is now assured it seems to the Transvaal Government that some steps might be taken for clearing the ground for the amalgamation of the railways which will be one of the first matters to be undertaken by the Union Government...."[3)]

Botha het daarop die volgende voorstelle gemaak:

1. Dat geen nuwe voorrade aangekoop sal word indien enige van die bestaande administrasies dit kan voorsien nie. ŉ Voorradekomitee moet gekies word wat sal bestaan uit een verantwoordelike verteenwoordiger van elke administrasie. Hierdie komitee sal in Germiston sit en hulle sal alle voorrade beheer.
2. Geen nuwe metodes, standaarde of finansiële beheer mag ingestel word sonder die goedkeuring van al die administrasies nie.
3. Voorlopige stappe om die aaneensluiting te vergemaklik mag gedoen word mits die algemene bestuurders van die spoorweë dit goedkeur.
4. ŉ Algemene spoorwegwet moet opgestel word.
5. Daar moet geleidelik oorgeskakel word na ŉ uniale spoorwegrooster.

1). „Debatten van de Wetgevende Raad van de Transvaal. 1909." A.w. Bl. 22 tot 23.
2). „The Star," 5 Junie 1909, hoofartikel.
3). Premier. Transvaal. Band 44. No. 45/16/09. 18 Junie 1909.

6. Oorweging moet geskenk word aan die daarstelling van 'n sentrale kantoor vir beheer oor spoorwegwaens.
7. Diensvoorwaardes moet opgestel word en reëlings moet met die personele getref word sodat daar geen verwarring met die oorskakeling sal ontstaan nie.
8. Vakatures wat mag ontstaan, sal by voorkeur uit die personele van die ander kolonies gevul word.
9. Onnodige poste, soos dié van die Kaapse en Natalse agente in Johannesburg en Kroonstad, moet afgeskaf word.
10. Die Kaapse en Natalse spoorwegadministrasies moet elk 'n tariefklerk benoem wat 'n studie van die tariewe van die ander administrasies sal maak om daarna 'n uniforme tarief voor te stel.
11. Die statistiekepersoneel van die verskillende administrasies moet met mekaar reëlings tref sodat daar vanaf 1 Januarie 1910 uniformiteit van statistiese opnames deur die land sal wees.[1)]

Die Kaapse regering het laat weet dat hulle die voorstel van die Transvaalse regering goedkeur maar dat, volgens hul mening, die vierde punt onnodig was.[2)] Die regering van die O.R.K. het ook die voorstel goedgekeur en die mening uitgespreek dat Bloemfontein die kaserne van die spoorweë moet word.[3)] Die Natalse regering was van mening dat alle reëlings i.v.m. die aaneensluitting van die spoorweë na unifikasie getref moes word.[4)] Op versoek van Botha[5)] het Moor toestemming tot die samestelling van die voorgestelde komitee gegee op voorwaarde dat punte no. 1 en 10 nie deur die bestuurders bespreek mag word nie en dat alle besluite van die komitee deur die verskeie regerings goedgekeur moes word.[6)]

AFBAKENING.

Merriman was van mening dat dit wenslik sou wees om 'n afbakeningskomitee te benoem voordat die afgevaardigdes na Engeland vertrek. Die komitee kon dan, met baie tyd tot hul beskikking, die

1).Premier. Transvaal. Band 44. No. 45/16/09. 18 Junie 1909.
2).do. 21 Junie 1909.
3).do.
4).do.
5).do. 25 Junie 1909.
6).do. 6 Julie 1909.

kiesafdelings van die land afbaken.[1] Aangesien beide Fischer en Moor dit met hom eens was, het hy aan Selborne geskryf om te vra dat regter Smith deur Transvaal benoem sou word omdat hy en regter Lawrence van Kaapstad in 1906 die afbakeningswerk in Transvaal gedoen het.[2]

Op 24 Junie het genl. Botha aan mnr. de Graaff geskryf dat sy kabinet nie die aanstelling van 'n afbakeningskomitee sou goedkeur nie aangesien sy regering teen die hou van 'n verkiesing voor April 1910 was.[3] As gevolg van hierdie houding van die Transvaalse regering is die samestelling van die afbakeningskomitee uitgestel.

SCHREINER NA ENGELAND

Aangesien Schreiner, vergesel van 'n naturelledeputasie, op 16 Junie na Engeland sou vertrek om hulle aldaar te beywer vir die toekenning van stemreg aan die naturelle in Suid-Afrika,[4] het Merriman op 10 Junie aan De Villiers geskryf om hom te vra om ook met dieselfde boot te reis sodat hy Schreiner en sy metgeselle kon teenwerk.[5] Ook het hy op 17 Junie vir Botha gewaarsku dat Solomon, die Transvaalse A.G. in Londen, onder die invloed van Schreiner was.[6]

Dit was spoedig duidelik dat die Schreinerdeputasie 'n totale mislukking sou wees. Botha het aan Solomon 'n kabelgram gestuur om hom te versoek om Schreiner teen te werk en „...to use your great influence with him to restrain him from making mischief...."[7] Die „London Times" het meegedeel dat Schreiner nie die ware belange van die naturelle verteenwoordig nie en dat talle kleurlinge teen sy houding gekant was.[8] „The Cape" het berig dat Schreiner se sending tot 'n mislukking gedoem was omdat die Britse regering nie die wil van die volk van Suid-Afrika in hierdie belangrike aangeleentheid sou teengaan nie.[9]

---

1). Premier. Transvaal. Band 60. Omslag 1. 23 Junie 1909.
2). do. 15 Junie 1909.
3). do. 24 Junie 1909.
4). do. 10 Junie 1909.
5). Mer. vers. No. 39A van 1909. 10 Junie 1909.
6). Premier. Transvaal. Band 44. No. 45/12/09. 17 Junie 1909.
7). do.
8). „The Cape." 30 julie 1909, bl. 5, „Indaba."
9). do.

DIE SEELY - MISVERSTAND.

Op 28 Mei het die „South African News" berig dat „...Colonel Seely...turning to the procedure to be observed in connection with the passage of the Bill, said a fresh Bill would be necessary. In this the Imperial Government would introduce amendments to which he was confident the Colonial Premiers would agree. After their consent had been obtained, the Bill was likely to be introduced in the House of Lords, and after the passage through that House it was improbable that further amendments would be made in the House of Commons."[1)]

Die Kaapse ministerie het die saak onmiddellik in 'n baie ernstige lig beskou aangesien dit unifikasie kon benadeel. Hulle het 'n verklaring van hul houding opgestel en 'n verduideliking gevra.[2)]

Merriman het die besluit van die Kaapse Ministerraad aan die ander premiers getelegrafeer en daaraan toegevoeg: „...the extraordinary utterance of Seely in the Commons...is calculated to seriously embarrass the cause of union. We shall, if course sketched is adopted, be at the mercy of every faddist who is behind this movement...."[3)]

Moor het teruggetelegrafeer dat hy Merriman in sy houding ten volle steun.[4)] Fischer het getelegrafeer dat dit raadsaam sou wees om eers die egtheid van die Reuterberig na te gaan[5)] en Botha het getelegrafeer dat hy Solomon versoek het om by die Koloniale Kantoor navraag t.o.v. die egtheid van die berig te doen.[6)]

Op 29 Mei het Merriman aan Botha getelegrafeer dat Hutchinson die egtheid van die nuusberig bevestig het[7)] en op 1 Junie het hy getelegrafeer dat dit onwaarskynlik was dat sy parlement aan die Kaapse afgevaardigdes volmag van optrede sou gee aangesien die Imperiale regering ongewensde suspisies gewek het t.o.v. aangeleenthede soos naturellestemreg.[8)]

---

1). Mer. vers. Aangeheg aan no. 222 van 1909. 28 Mei 1909.
2). do. No. 222 van 1909. 28 Mei 1909.
3). do. No. 218 van 1909. 28 Mei 1909.
4). do. No. 224 van 1909. 28 Mei 1909.
5). do. No. 220 van 1909. 28 Mei 1909.
6). A. do. No. 219 van 1909. 28 Mei 1909.
B. Vir opdrag van Botha aan Solomon sien: Premier. Transvaal. Band 44. No. 45/11/09. 28 Mei 1909.
7). Mer. vers. No. 232 van 1909. 29 Mei 1909.
8). do. No. 248 van 1909. 1 Junie 1909.

Botha, wat nog geen antwoord van Solomon ontvang het nie, was dit met Merriman eens dat so 'n houding van die Imperiale Regering gevaarlike gevolge kon inhou. Hy het aan Merriman teruggetelegrafeer: „...It seems inadvisable to bind delegates still further...any strict limitation on their authority may easily lead to deadlock in England..."[1)]

Merriman was egter van mening dat dit gewaagd sou wees om die magte van die afgevaardigdes nie te beperk nie aangesien die filantrope daar misbruik van kon maak, en weer eens het hy die houding van die Imperiale Regering skerp aangeval: „...You will see in 'Quick and Garrar' an account of the difficulty experienced by the Australian delegates. Downing Street has grown no wiser. They are like the Bourbons...."[2)]

Botha het dieselfde dag van Solomon 'n telegram ontvang waarin hy meegedeel het dat die Reuterberig nie 'n juiste weergaaf van Seely se toespraak was nie. Slegs om tegniese redes sou die akte in Engeland weer eens opgestel word sodat amendemente, waarop die Imperiale regering en die afgevaardigdes mag besluit, daarin opgeneem kon word.[3)]

Die oorhaastige optrede en die skerp uitlatings van Merriman is in Engeland afgekeur. Op 5 Junie het sir S. French hom gewaarsku: „...the angry denunciations which the 'Daily Mail' reports you made of Seely's speech has given offence in official circles here. Speech evidently misrepresented to you. Mackarness hopes you may be able to put matter right in another speech."[4)] Dieselfde dag het Solomon aan Botha getelegrafeer: „...Inform Premier of Cape Colony secretly from me that serious misunderstanding has arisen here owing to alleged attack by him on Imperial Government...hope that he may take an early opportunity of publicly correcting misunderstanding...."[5)]

Merriman het die gevolge van sy uitlatinge nie in 'n ernstige lig beskou nie en op 8 Junie het hy aan Botha getelegrafeer: „...

1). Premier. Transvaal. Band 60. Omslag 1. 1 Junie 1909.
2). do. 2 Junie 1909.
3). Mer. vers. No. 258 van 1909. 2 Junie 1909.
4). do. No. 259 van 1909. 5 Junie 1909.
5). Premier. Transvaal. Band 60. Omslag 1. 5 Junie 1909.

Sorry if Seely has his bristles up. He should blame Reuter. I said no more than obliged in view of situation...."[1]

Op 9 Junie het French vir Merriman weer eens dringend gewaarsku „...that it was really most important that any misunderstanding should be cleared up without delay...."[2] Die gevolg was dat Merriman ŉ publieke verklaring uitgereik het waarin apologie aangeteken is en daarmee het die saak doodgeloop.[3]

DIE AFGEVAARDIGDES.

Op 27 April het Selborne aan Botha geskryf dat die afgevaardigdes nie later as 17 Julie in Engeland moes wees nie en dat lord Methuen as Hoë Kommissaris sou ageer tydens sy afwesigheid.[4]

Dit was nou nodig vir die verskillende regerings om hul afgevaardigdes te benoem en op 14 Mei het Merriman aan Botha geskryf dat hy versoek is om Hofmeyr as ŉ afgevaardigde te benoem. Hy self was teen die insluitting van Hofmeyr in die Kaapse afvaardiging maar hy wou graag verneem wat Botha se houding was.[5]

Sir Hely Hutchinson, wie se advies ook gevra is, het Merriman aangeraai om „the Mole" nie uit te nooi nie aangesien dit slegs sou dien om sy invloed te versterk en omdat dit dan in sy mag sou wees om groot moeilikhede te veroorsaak.[6] Botha het verkies om hom nie met hierdie aangeleentheid te bemoei nie en daarom het hy op 19 Mei op ontwykende manier geantwoord: „...Very glad to hear things are going well your way especially 'broederlyke liefde' on a higher plane...My Cabinet has decided, on my suggestion, that Smuts and Farrar accompany me as Transvaal deputation to London. I am anxious to hear from you whether you will take sir Henry with you...I do think he ought to go...."[7]

Op 20 Mei het Merriman getelegrafeer: „...I propose taking Jameson and Sauer as political representatives. Have asked sir Henry to go in position of President, he has a sort of right. Hofmeyr has

1). Mer. vers. No. 264 van 1909. 8 Junie 1909.
2). do. No. 268 van 1909. 9 Junie 1909.
3). do. No. 288 van 1909. 24 Junie 1909.
4). Premier. Transvaal. Band 60. Omslag 1. 27 April 1909.
5). do. 14 Mei 1909.
6). Mer. vers. No. 196 van 1909. 18 Mei 1909.
7). do. No. 199 van 1909. 19 Mei 1909.

put himself out of count by recent Bond resolutions...to invite him after what has passed would cover us with ridicule and also himself, which does not so much matter...."[1]

Aangesien dit nou as finaal beskou kon word dat Sauer en Jameson vir Merriman sou vergesel, het Botha aan Merriman getelegrafeer dat die keuse van Merriman ook sy keuse sou wees omdat die Progressiewe Party in Transvaal beslis die benoeming van Hofmeyr sou afkeur.[2]

Botha het intussen aan Smuts en Farrar geskryf om hulle uit te nooi om hom as afgevaardigdes na Engeland te vergesel[3] en die „Star" het berig dat „...General Smuts has been especially delegated by the Transvaal Government to represent this Colony at the Imperial Defence Conference to be held in London."[4]

Op 25 Mei het Merriman aan Botha getelegrafeer dat daar sterk druk op hom uitgeoefen word om Hofmeyr as addisionele afgevaardigde uit te nooi en hy het versoek dat Botha Farrar se toestemming daarvoor moes vra.[5] Botha het geantwoord dat hy Farrar pas die volgende dag sou kon spreek maar dat hy self die insluitting van een van die Konvensielede, soos Malan, sou voorstaan.[6]

Op 27 Mei het Merriman 'n half verskonende brief aan Botha geskryf waarin hy Hofmeyr se aanspraak om as afgevaardigde benoem te word heftig aangeval het en meegedeel het dat hy self moontlik nie sou gaan nie.[7] Dieselfde dag het Merriman, heeltemal teen sy sin, 'n vriendelike skrywe aan Hofmeyr gerig om hom te vra om as afgevaardigde na Engeland te gaan.[8]

Farrar, onbewus van die feit dat Hofmeyr reeds deur Merriman uitgenooi was, het op 29 Mei getelegrafeer dat hy onder geen omstandighede vir Hofmeyr by die afgevaardigdes moes insluit nie aangesien dit baie onaangename reperkussies in Transvaal sou hê.[9] Toe Merriman daarop antwoord dat hy reeds vir Hofmeyr uitgenooi het,[10]

---

1). Premier. Transvaal. Band 60. Omslag 1. 20 Mei 1909.
2). do. 21 Mei 1909.
3). do. Band 44. No. 45/12/09. 18 Mei 1909.
4). „The Star," 21 Mei 1909, bl. 7.
5). Mer. vers. No. 215 van 1909. 25 Mei 1909.
6). do. No. 216 van 1909. 25 Mei 1909.
7). Premier. Transvaal. Band 60. Omslag 1. 27 Mei 1909.
8). Mer. vers. No. 217 van 1909. 27 Mei 1909.
9). Premier. Transvaal. Band 60. Omslag 1. 29 Mei 1909.
10). do.

is daar onmiddellik in Transvaal 'n agitasie op tou gesit om sir Percy Fitzpatrick ook as 'n afgevaardigde benoem te kry. Op 7 Junie het Botha aan Merriman geskryf: „...Ik kryg moeilikheid met Fitz. Hy en zyn party dring nu by my aan om Fitz ook een der delegaten te laten maken, de Progressieve pampieren maak reeds aanvallen zeggende dat u neem net Jameson uit 5 waarvan 4 S.A.P. is en zy moet nu Fitz by Farrar hebben, nu dat Onze Jan gaan...."[1)]

Dit was derhalwe as gevolg van die insluitting van Hofmeyr by die Kaapse afgevaardigdes dat Botha op 25 Junie moes bekendmaak dat die Transvaalse regering vir Farrar, Fitzpatrick, Smuts, Hull en die premier as afgevaardigdes na Engeland benoem het.[2)]

Omdat Botha dit nodig geag het om 'n tolk en sekretarisse saam te neem, het hy aan Selborne geskryf dat, afgesien van die amptelike afgevaardigdes, hy ook deur sy vrou, mnr. Bok, mnr. Brand, mnr. Lane en kol. Beeves vergesel sou word.[3)]

Die „Star," in 'n oorsig oor die manne wat as afgevaardigdes na Engeland sou gaan, het verklaar dat dit jammer was dat die Kaapse regering slegs een man uit die Progressiewe Party gekies het. Gelukkig was die gekose Progressiewe afgevaardigde, dr. Jameson, die gelyke van enige twee ander van die afgevaardigdes. Die O.R.K. moes sir John Fraser in hul afvaardiging ingesluit het. „...Our own delegates are perhaps the most representative selection of any. Indeed, they may be said to contain the effective force of our representation at the National Convention. Five out of the eight Transvaal members who took part in that gathering are now going to England...General Botha, Mr. Smuts, Mr. Hull, Sir George Farrar and Sir Percy Fitzpatrick...."[4)]

REËLINGS I.V.M. DIE VERBLYF IN ENGELAND.

Op 1 Junie het Botha aan die ander premiers getelegrafeer dat dit raadsaam sou wees vir al die Suid-Afrikaanse afgevaardigdes om

1). Mer. vers. No. 261 van 1909. 7 Junie 1909.
2). „The Star," 25 Junie 1909, bl. 7.
3). Premier. Transvaal. Band 60. Omslag 1. 10 Junie 1909.
4). „The Star," 26 Junie 1909, hoofartikel.

in dieselfde hotel in Engeland tuis te gaan.[1]

Merriman het laat weet dat die Kaapse afgevaardigdes sou verkies om hul eie reëlings te tref.[2] Aangesien beide Moor en Fischer dit met Botha eens was[3] het Botha vir Solomon gevra om, in oorleg met die A.G. van die O.R.K. en Natal, reëlings te tref vir die gesamentlike verblyf van hul afgevaardigdes.[4]

Op 7 Junie het Merriman aan Botha geskryf dat hy en sy vrou in die „Farming Hotel" sou tuisgaan en „...I am delighted to hear that we are going to be fellow passengers on the 23rd. Still more that Lord Selborne is not going on the same ship...."[5]

Op 9 Junie het Merriman aan Botha getelegrafeer dat die „Union Castle" -redery vry passaat vir die afgevaardigdes na Engeland aangebied het. Volgens sy mening moes die amptelike afgevaardigdes nie van hierdie aanbod gebruik maak nie.[6] Botha was dit met hom eens aangesien hulle dan onder 'n verpligting teenoor die kompanjie sou kom. Verder het hy meegedeel: „...Sorry to say that we shall not be fellow passengers. We have booked some time ago for Carnbrook Castle sailing on the 31st (sic.) inst. ...."[7]

Op 15 Junie het genl. Botha aan Solomon getelegrafeer: „...Hull and wife and in all probability Fitzpatrick will be of party. Farrar will not be staying at same hotel with us. Hull suggests Hyde Park Hotel. Should be very glad if you would obtain for me full particulars of best continental watering places where I can get good rest and treatment. Afraid Carlsbad will be too lively...."[8]

FINALE REËLINGS.

Op 11 Junie het Botha aan Selborne geskryf om te vra dat hy sy invloed moes gebruik om die Akte sonder versuim deur die Imperiale parlement aangeneem te kry, aangesien hy so gou as moontlik na 'n

---

1). Mer. vers. No. 253 van 1909. 1 Junie 1909.
2). do. No. 257 van 1909. 2 Junie 1909.
3). Premier. Transvaal. Band 44. No. 45/12/09. 4 Junie 1909.
4). do.
5). do. Band 60. Omslag 1. 7 Junie 1909.
6). do. Band 44. No. 45/14/09. 9 Junie 1909.
7). A. do. 10 Junie 1909.
B. Junie het slegs 30 dae.
8). Premier. Transvaal. Band 44. No. 45/12/09. 15 Junie 1909.

gesondheidsoord wou gaan.[1]

Die antwoord wat Botha van Selborne ontvang het, getuig van 'n diepe gevoel van agting vir die politieke leier van Transvaal. „...If you are detained in London one day after July it will not be my fault... I telegraphed very strongly on the subject to H.M. Government and will do my very best on arrival in England to get them to arrange the business as to set you free at the earliest possible moment...I had the pleasure the other day of being introduced to your grandson. He is a splendid boy and I think you are very lucky...."[2]

Aangesien daar weer eens teen die gevaar van onthale en sosiale funksies gewaak moes word, het Crewe, die Sekretaris van State, vroegtydig die nodige reëlings getref om hierdie aangeleenthede te beperk.[3]

## DIE VERTREK VAN DIE AFGEVAARDIGDES.

Mnr. Hofmeyr was die eerste afgevaardigde wat na Londen vertrek het. Op 21 Junie het 'n skare mense hom in die Kaapse dokke gaan vaarwel toeroep en by daardie geleentheid het hy verklaar dat dit sy taak sou wees om die byvoeging van Britse amendemente tot die akte teen te gaan.[4] Dit was dus duidelik dat dit sy voorneme was om sy premier in alle opsigte te ondersteun aangesien Merriman op 3 Junie aan Hofmeyr geskryf het om hom te vra om saam met die ander Kaapse afgevaardigdes te staan in die afkeuring van amendemente.[5]

By sy vertrek het Farrar 'n verklaring uitgereik waaruit blyk dat ook hy van mening was dat dit hul vernaamste taak in Engeland sou wees om te sorg dat geen groot veranderinge in die voorgestelde grondwet gemaak sou word nie. So het die „Star" berig: „...Sir George regards the task of the delegation as largely formal and ceremonail. The real work of Constitution-building has been done on this side, and, apart from attending to formalities, nothing desolves upon the delegation

1). Prèmier. Transvaal. Band 60. Omslag 1. 11 Junie 1909.
2). do. 12 Junie 1909.
3). do. Band 44. No. 45/10/1909. 22 Mei 1909.
4). „The Star," 22 Junie 1909, bl. 7.
5). Hofmeyr vers. Afdeling B. Vol. 13. 3 Junie 1909.

now but to ensure that the design of the architects is not departed from on any vital principle.[1]

Op Woensdag 28 Junie 1909 het die Transvaalse afgevaardigdes, vergesel van hul eggenotes en personeel, na Bloemfontein vertrek. Daar het hulle by die afgevaardigdes van die O.R.K. en Natal aangesluit en saam het hulle na Kaapstad vertrek. Op 30 Junie het hulle met die „Carnbrook Castle" na Engeland vertrek.[2]

ONTHAAL IN ENGELAND.

Die afgevaardigdes van die drie noordelike kolonies het op 19 Julie in Londen aangekom. „Dr. Jameson awaited General Botha's arrival, and was the first to greet him on his alighting from his motor car."[3] Daardie aand was Botha die gas van Solomon en daar is berig dat die afgevaardigdes die volgende aand op 'n dinee deur die hertog van Crewe onthaal sou word en dat die koning ook teenwoordig sou wees. Later het dit geblyk dat slegs Botha tot hierdie geleentheid uitgenooi was.[4] „...The King and Queen were present at the dinner, ...the guests included Mr. and Mrs. Asquith, Mr. Balfour, General Botha and Mrs. Botha, and Lord and Lady Selborne...."[5]

Op Saterdag 24 Julie is daar 'n noenmaal ter ere van die afgevaardigdes en hul eggenotes te Buckinghampaleis gegee. Die lede van die Britse kabinet en etlike ander vername persone was ook teenwoordig.[6] Die koningin het by die geleentheid die halssnoer met die Cullinandiamant gedra. „...There were four round tables, the King, Queen, Prince of Wales and Princess of Wales presiding at each table. General Botha, Dr. Jameson, Sir George Farrar and Mr. Hull sat at the King's table, while Mr. Merriman, Sir Percy Fitzpatrick, General Hertzog and Mr. Smythe sat at the Queen's table. Mr. Moor, General Smuts, Mr. Hofmeyr, Mr. Watt and Col. Greene sat at the Prince's table and Mr. Steyn, Mr. Sauer, Mr. Hyslop and Mr. Browne sat at the table

---

1). „The Star," 28 Junie 1909, hoofartikel.
2). Premier. Transvaal. Band 44. No. 45/13/1909. 24 Junie 1909.
3). „The Times of Natal," 20 Julie 1909, eerste uitgaaf, bl. 5.
4). do.
5). do. 21 Julie 1909. Tweede uitgaaf, bl. 5.
6). do. 23 Julie 1909. Tweede uitgaaf, bl. 5.

of the Princess of Wales...."[1]

Op 28 Julie is die afgevaardigdes in die Gildesaal, by geleentheid van die stigting van die „British Empire Club," onthaal. Hierdie dinee is 'n maand lank uitgestel sodat die afgevaardigdes dit kon bywoon. Die hertog van Devonshire het as gasheer opgetree en al die gaste het toesprake gelewer. Laaste aan die beurt was genl. Smuts. „...General Smuts had a splendid ovation, the cheering lasting some minutes...He recalled the fact that it was a Dutchman, William of Orange, who brought England responsible government, a gift which had been returned with compound interest since in other parts of the world...."[2]

Op 30 Julie is die afgevaardigdes asook die manne wat die Imperiale verdedigingskonferensie in Londen bygewoon het, in die Kantoor van Buitelandse sake op 'n dinee onthaal. Die lede van beide die Britse parlementshuise was teenwoordig. Geen toesprake is gelewer nie en die aanwesiges het slegs gesellig met mekaar die aand deurgebring.[3]

Mnr. Asquith het van hierdie geleentheid gebruik gemaak om Botha te pols i.v.m. 'n geskikte persoon om as Goewerneur-Generaal van die Unie te benoem. Etlike dae daarna het Asquith die name van lord Gladstone en lord Buxton genoem en Botha het daarop aanbeveel dat Gladstone, wie se oorlede vader deur die Boere hoog geag is, as die eerste Goewerneur-Generaal van Suid-Afrika aangestel moes word.[4]

Aangesien hierdie belangrike aanstelling met Botha bespreek is, en omdat sy aanbeveling aanvaar is, was dit op hierdie tydstip reeds duidelik dat dit die vaste voorneme van die Britse regering was om genl. Botha as die eerste premier van die verenigde Suid-Afrika te benoem.

## DIE AANNAME VAN DIE ZUID-AFRIKA-WET.

Dat sake in Engeland baie vinnig sou verloop, soos Selborne vir Botha beloof het, was spoedig duidelik. French het op 9 Julie aan

1). „The Times of Natal," 26 Julie 1909, tweede uitgaaf, bl. 5.
2). „The Natal Witness," 29 Julie 1909, tweede uitgaaf, bl. 5.
3). „The Times of Natal," 31 Julie 1909, tweede uitgaaf, bl. 5.
4). F.V. Engelenburg. A.w. Bl. 184.

Merriman geskryf: „...the Bill will come before the House of Lords earlier than was anticipated...hardly any amendments, even of a verbal character, will be necessary, and the preliminary discussion of the Bill will commence as soon as possible after the arrival of the Transvaal delegates on the 17th instant...."[1)]

In Engeland het daar op hierdie tydstip groot opgewondenheid geheers as gevolg van 'n sensasiewekkende begroting van Lloyd George asook 'n botsing tussen die „House of Lords" en die „House of Commons" met die gevolg dat die Britse publiek hulle nie juis veel sou steur aan die aangeleenthede van 'n paar klein Britse kolonies in die suidelike halfrond nie.[2)]

Op 20 Julie het die afgevaardigdes en lord Crewe begin om die voorgestelde wet te bespreek. Die amendemente wat deur Crewe voorgestel is, sou slegs dien om die betekenis van sommige klousules duideliker uit te bring en om aanvullings te maak wat feitlik vanselfsprekend was. So bv. het Crewe voorgestel dat daar voorsiening gemaak moes word vir die benoeming van 'n plaasvervanger ingeval die Goewerneur-Generaal die land tydelik moes verlaat.[3)]

In teenstelling met die eeue-oue Britse gebruik is die Suid-Afrika-Wetsontwerp op 22 Julie deur die „House of Lords" in behandeling geneem voordat dit vooraf deur die „Commons" bespreek is. Die oorsaak vir hierdie afwyking word deur die „Star" as volg verklaar: „... Possibly it may have been felt that in connection with a measure which means so much to South Africa and to the Empire the Secretary of State for the Colonies should personally take charge of the Bill in its earlier stages; possibly it may also have been felt that the sympathetic treatment which the draft act was certain to receive from the Peers might have a sobering influence upon the faddists of the House of Commons, who are ever ready to believe the worst of their kith

---

1). Mer. vers. No. 380 van 1909. 9 Julie 1909.
2). F.V. Engelenburg. A.w. Bl. 184.
3). E.A. Walker. A.w. Bl. 483.

and kin in the Colonies and to espouse the cause of the subject races...."[1]

Op 22 Julie het die afgevaardigdes op die trappe van die troon in die House of Lords gesit om te hoor hoe lord Lionel Crewe die akte voorstel.[2] Lord Courtney Chelsea het daarop aangedring dat die woorde „to people of European descent" geskraap moes word.[3] Na hom het elke spreker wat aan die woord gekom het, dieselfde versoek gerig.[4] Ter wille van hul vriendskap het lord Chelsea aan Merriman geskryf: „...Do not be over anxious about my suggested amendment. There is no chance of the provisio touching European descent being removed, even if I pressed the question to a division...."[5] Die wetsontwerp is sonder wysiging deur die „House of Lords" aangeneem.

Op 26 Julie om 11 vm. het die afgevaardigdes in die kantoor van die Sekretaris van State byeengekom om die moontlike amendemente van die Britse laerhuis met die markies van Crewe te bespreek.[6] Crewe het die vergadering meegedeel dat dit die voorneme van die Britse regering was om die magte van die Hoë-Kommissaris aan die Goewerneur-Generaal oor te dra. Tot en met unifikasie mag daar na die „Privy Council" geappelleer word en die verbod op die verkoop van alkoholiese drank aan naturelle moes na unifikasie van krag bly.[7] Die amendement wat die meeste teenstand sou uitlok, was die voorstel van Crewe dat daar aan die Naturelle van die Kaapkolonie die reg gegee moes word om ook as parlementslede gekies te kan word.[8]

Daardie middag het Merriman aan Smuts geskryf: „...I do not see any particular objection to the proposed changes...they seem to have met our wishes in all other respects...."[9] Smuts het geantwoord: „...the reservation in regard to the Cape Native franchise seems to me to be in accordance with the provisions of the Constitution and we

1). „The Star," 28 Julie 1909, hoofartikel.
2). E.A. Walker. A.w. Bl. 484 tot 485.
3). Mer. vers. No. 466 van 1909. 28 Julie 1909.
4). do.
5). do.
6). do. No. 447 van 1909. 23 Julie 1909.
7). do. Aangeheg aan no. 457 van 1909. 26 Julie 1909.
8). E.A. Walker. A.w. Bl. 485.
9). Mer. vers. No. 457 van 1909. 26 Julie 1909.

could not therefore very well object to it...."[1]

Op 4 Augustus het Crewe aan Merriman geskryf om hom gerus te stel oor die aanname van die akte deur die Britse Laerhuis. Hy het ook meegedeel dat die akte voor 20 Augustus aangeneem sou wees.[2]

Op 16 Augustus, tydens die tweede lesing van die Suid-Afrika-Wet in die Britse Laerhuis, het kol. Seely die parlementslede die versekering gegee dat die regte van die naturelle nie deur die Unieregering aangetas sou word nie. Indien die Imperiale regering eis dat gelyke regte aan die naturelle toegestaan word sou die unifikasie van die Suid-Afrikaanse state onmoontlik gemaak word.[3]

Mnr. Lyttelton het daarop gepraat en verklaar dat die gekleurde rasse nie as die gelykes van blankes behandel kon word nie.[4] Sir C. Dilke was dit nie hiermee eens nie aangesien daar volgens sy mening net sulke bekwame naturelleleiers as blankeleiers was. As voorbeeld het hy dr. Abdurahman genoem.[5] Mnr. Molteno het beweer dat as gevolg van die toekenning van stemreg aan Naturelle in die Kaapkolonie die ontwikkeling van die nie-blankes bevorder is.[6]

Nadat mnre. Keir Hardie en Griffith die toekenning van naturellestemreg bepleit het, het mnr. Balfour dit heftig geopponeer.[7] Mnr. Asquith, die premier, het die eenparige aanname van die wet bepleit en toe het die Huis in komitee gegaan.

Weer eens was die naturellestemregkwessie die brandpunt van die besprekinge. Die Arbeidersparty wou die woorde „van Europese afkoms" geskraap hê en mnr. Barnes het voorgestel dat daardie vereiste geskraap moes word in soverre as wat dit die K.K. en Natal aangaan.[8]

Mnr. Asquith het daarop gesê dat, indien die amendement aanvaar word, die naturelle tog nie gelyke regte sou hê nie, aangesien die voorstel nie betrekking op Transvaal en die O.R.K. het nie. „...He informed the Committee that he had in his hand a most authorative

---

1). Mer. vers. No. 458 van 1909. 26 Julie 1909.
2). do. No. 481 van 1909. 4 Augustus 1909.
3). „South Africa." Hoofkantoor: „Winchester House," Old Bondstraat, Londen. Bl. 423. 21 Augustus 1909.
4). „South Africa." Bl. 423.
5). do.
6). do.
7). do. Bl. 424.
8). do.

communication from the Prime Minister of Cape Colony,[1] who declared that the delegation that had come to this country had no power expressed or implied to accept any amendment that would destroy the compromise which was come to after prolonged deliberation...Mr.Asquith appealed to the Committee most impressively not to do anything which might wreck a great work of reconciliation."[2] Sir C. Dilke het die toestand as teleurstellend beskryf omdat ŉ Indiër in die „House of Commons" sitting mag hê maar nie in die Unieparlement nie. Hy het verklaar dat hy gewis vir ŉ amendement sou stem.[3] Ook mnre. Harold Cox, Keir Hardie en Ellis Griffith het die amendement voorgestaan.[4] Tot die verbasing van die Huis het ŉ Arbeiderlid, mnr. Gwenn, verklaar dat hy teen die amendement sou stem. Mnr. Lyttelton het verklaar dat hy ook teen die skeidslyn was maar dat, na die meriete van die saak geoordeel, die amendement laat vaar moes word.[5] Mnr. Ramsay MacDonald was daar oortuig van dat indien die kleurskeidslyn ingestel word dit permanent sou wees. Misluk die akte dan sou die Unie van Suid-Afrika waarskynlik na ŉ jaar tot stand kom.[6] Kol. Seely het weer eens gewaarsku teen die gevare van so ŉ amendement. Daar is gestem en die amendement is verwerp met 155 teen 55 stemme.[7]

Daarna is verdere amendemente voorgestel. Die groot totaal was 53 amendemente,[8] maar na verduideliking is almal teruggetrek en toe die Huis weer sy normale sitting aanvaar, was daar geen amendement nie.

Die akte is daarop vir die derde keer bespreek. Mnr. Asquith het gesê: „I wish, in submitting this motion to the House, to take the opportunity of putting on record the fact that this Bill, consisting of over 150 clauses and a very complicated schedule, has, after the most careful consideration by this House, been passed without amendment. It would, however, be a totally false impression were it suggested that

---

1). Hierdie dokument is op versoek van Seely op 17 Augustus 1909 deur Merriman opgestel. Sien Mer. vers. No. 522 van 1909. 17 Augustus 1909.
2). „South Africa." Bl. 424.
3). do.
4). do.
5). do.
6). do.
7). do.
8). E.A. Walker. A.w. Bl. 485.

as regards all provisions of this Bill there is unanimity of opinion in the House. In particular as regards some of the clauses which deal with the treatment of natives — the access of native members to the Legislature...there is not only no difference of opinion, but absolute unanimity in the way of regret that those particular provisions should have been inserted in the Bill. I wish...to make it perfectly clear that we here exercised, not only restraint of expression, but reserve of judgment...simply because we desire that this great experiment of establishing free self-government in South Africa should start on the lines and in accordance with the ideas of our fellow-citizens there which they have deliberately and after long consideration come to...I think that if we have yielded, as we have... it has been because we thought it undesirable...to put forward anything that could be an obstacle to the successful working of the Bill...We here...wish this magnificent experiment all possible success...."[1)]

Die debat van 20 Julie is deur al die Suid-Afrikaanse afgevaardigdes met groot belangstelling gevolg. Laat die aand het hulle een na die ander die raadsaal verlaat. Toe die derde lesing teen middernag aangeneem is, was sir Percy Fitzpatrick die enigste afgevaardigde in die Huis.[2)] Daar was net een persoon wat teen die aanname van die Suid-Afrika-Wet gestem het, en dit was mnr. Lupton.[3)]

Sir Lewis Michell het die manier waarop sommige Britse parlementslede die naturelle-stemregkwessie bespreek het, sterk aangeval. In sy „herinneringe" het hy op 19 Augustus geskryf: „...All the faddists, defenders of lost causes, and the like, made their final despairing cry in the Commons, ostensibly to safeguard Native rights, which, as a matter of fact, had not been threatened but actually entrenched...Lupton, Keir Hardie, Byles and Ramsy MacDonald...shew that none of them were in any way qualified to discuss our native policy, and the House of Commons, recognising this, passed the Bill

---

1). „South Africa." Bl. 425.
2). „The Times of Natal," Saterdag 21 Augustus 1909, bl. 5.
3). „South Africa." Bl. 425.

without division...."[1]

Daar is besef dat die besluite i.v.m. die naturellestemreg slegs voorlopig van aard was met die gevolg dat sir Walter Hely-Hutchinson te Paarl verklaar het: „...for the present the Native Franchise had been satisfactorily settled, but...the problem, though temporarily adjusted, would in the fullness of time require to be permanently solved...."[2]

Die „Star" het ook hierdie opvatting benadruk. Op 21 Augustus is meegedeel dat die wet deur beide die Britse Parlementshuise sonder amendement aangeneem is en dat nog slegs die formaliteit van koninklike bekragtiging nodig was om die wet van krag te maak. „...We cannot keep too clearly before our minds the fact that the Union Constitution is not, and does not pretend to be, a settlement of that (die naturellestemreg) question. It is nothing more than a preliminary clearing of the ground...."[3]

DANK EN HULDE, VERAL AAN GENERAAL SMUTS.

Alhoewel daar ʼn gevoel van wrewel was oor die manier waarop veral sommige van die Arbeiders in die Britse Parlement hulle oor die netelige naturelle- en kleurlingstemregkwessie uitgelaat het, het die „Volkstem" verkies om dit alles te verswyg en om slegs op eenvoudige manier hul dank aan die Britse regering te betuig. Op 24 Augustus het hierdie blad geskryf dat die „...Liberalen en Konservatieven hebben samengewerkt ten einde 't wetsontwerp niet te verongelukken. Zij verdienen daarvoor de dank van dit ons wereld-deel."[4]

In Londen het die afgevaardigdes hul dank aan sir Henry de Villiers betuig deur aan hom ʼn geskenk te oorhandig. Sir Henry het dit baie hoog waardeer en hy het aan sy vrou geskryf: „...I was very pleased to-day to receive from my fellow delegates a beautiful silver

1). Sir Lewis Michell vers. ACC 540 No. 29. Hoofstuk 15. Bl. 369.
2).do. Bl. 370.
3).„The Star," 21 Augustus 1909, hoofartikel.
4).„De Volkstem," 24 Augustus 1909, hoofartikel.

president's hammer with a finely wrought ivory handle as a memento of my presidency over the Convention. The arms of the different Colonies are affixed in engraved gold and there is a somewhat flattering inscription on the mallet itself. The presentation was made by President Steyn on behalf of the delegates. I appreciated the gift more than any honour that can be conferred on me...."[1)]

Op 27 Augustus het die „Volkstem" genl. Smuts bedank vir die voortreflike wyse waarop hy hom van sy taak gekwyt het. „...In Londense diplomatieke kringen heeft generaal Smuts gulden opinies geoogst wegens de bewonderenswaardige gaven waarover hij beschikt. Sijn staatsmans-beleid en schranderheid, gepaard met de meest uitgebreide en grondige kennis van zaken, hebben bewondering afgedwongen van állen met wie hij in aanraking kwam...Iedere rechtgeaarde Afrikaner moge trots zijn op generaal Smuts...hij is en blijft Afrikaner in merg en been...."[2)]

Die „Star" het op 4 Oktober geskryf: „...General Smuts usually knows what he is about, and we yield to no one in our admiration of his ability to talk at length to any kind of audience and leave a pleasant impression without saying anything definite at all. It is an invaluable quality in a politician, and General Smuts is a politician <u>par excellence</u>."[3)]

Sir J. Rose-Innes het geen geheim van sy bewondering vir generaal Smuts gemaak nie. Op 27 September het hy o.a. aan Merriman geskryf: „...Mark my word; he will go far — a singularly clear head, immense capacity for work, an exact knowledge of what he wants, and great courage, both physical and moral. These are qualities that carry a man a long way; and all these our friend possesses...."[4)]

Merriman het 'n paar maande later aan Rose-Innes geskryf en getoon dat hy ook die voortreflike eienskappe van genl. Smuts gewonder. „...He is surprisingly able, a huge worker and a most omnivorous reader.

---

1). E.A. Walker. A. w. Bl. 485.
2). „De Volkstem," 27 Augustus 1909, hoofartikel.
3). A. „The Star," 4 Oktober 1909, hoofartikel.
    B. Die „Star" beklemtoon.
4), Mer. vers. No. 572 van 1909. 27 September 1909.

He would make his mark in any society in the world. His only fault is an appearance of insincerity which rather distracts from his influence. But this may be due to his being more clever than most of us and letting his ideas travel too fast...." 1)

Op 28 Januarie 1910 het die „Volkstem" in die hoofartikel die groot gawes van genl. Smuts beskryf: „Onze Koloniale Sekretaris bezit benijdbare gaven als publiek spreker; hij heeft 'n afkeer van 't uiten van gemeenplaatsen en maakt indruk op 't verstand, eerder dan op 't gemoed zijner toehoorders. Nog kort geleden had te Londen 'n groot eetmaal plaats, in verband met de Imperiale Verdedigings-konferentie; befaamde staatslieden van 't Verenigde Koninkrijk en hoog geplaatste ministers der Britse koloniën hielden toespraken; op 't laatst kreeg de Koloniale Sekretaris van Transvaal 'n beurt, en ofschoon de stof tot redevoeren al totaal uitgeput scheen, hield genl. Jan Smuts de boeiendste toast van die avend en kreeg zijn speech in 't betreffende "Times"-verslag méér ruimte dan al de andere speeches te zamen! " 2)

Hierdie toespraak van genl. Smuts het ook weerklank in Natal gevind. Die „Times of Natal" van 5 Augustus 1909 deel die volgende mee: „Members of the Imperial Defence Conference were entertained at a banquet by the United Service Club last night...During this speech Mr. Smuts, referring to the Empire, said it was not a tie of blood, but a tie of community of interests, justice, fairplay, and equality, which held them together. When they saw the fleet at Spithead, they did not forget that it was not the machinery, but the nerve that would decide the issue at the last resort...." 3)

Generaal Botha, wat herhaaldelik met onderskeiding in Engeland behandel is, het na die warmbad van Kissingen, in Beiere, vertrek terwyl die Britse Laerhuis nog besig was om die Suid-Afrika-Wetsontwerp te bespreek. Toe hy berig ontvang dat die wet deur daardie Huis

---

1). Rose-Innes versameling. No. 482 van 1 Maart 1910.
2). „De Volkstem," 28 Januarie 1910, hoofartikel.
3). „The Times of Natal," 5 Augustus 1909, tweede uitgaaf, bl. 5.

aangeneem is, het hy aan mnr. Asquith geskryf: „...Now that the South African Bill has safely passed both Houses of Parliament and thereby the Union of the four self-governing Colonies in South Africa has practically become an established fact, I cannot refrain from congratulating you and the great party of which you are the leader upon the success which has followed your liberal policy in South Africa ...My greatest regret is that one noble figure is missing — one man who should have lived to see the fruits of his work — the late Sir Henry Campbell-Bannerman."[1)]

Op 2 September 1909 het Balfour aan Botha geskryf: „...No doubt the problems connected with the native population are likely to be encumbering not merely to this, but to subsequent generations. Such high qualities of statesmanship have, however, been shewn by men of all parties in South Africa and, if you will permit me to say so, by none more than by yourself, that no difficulty should prove insurmountable...."[2)]

DIE AFGEVAARDIGDES NA DIE AANNAME VAN DIE SUID-AFRIKA-WET.

Die hoë agting wat die Britse koning vir genl. Botha gehad het word treffend bewys deur die feit dat hy sy persoonlike geneesheer, dr. Bertrand Dawson, beveel het om genl. Botha medies te ondersoek. Die bevinding van dr. Dawson was dat genl. Botha slegs ooreis was. „Dr. Dawson is convinced that a thoroughly prolonged rest cure extending over several weeks is all that is necessary," het die Natalse „Times" geskryf. „General Botha, accompanied by his wife and secretary, dr. Bok, leaves for Kissingen, Bavaria, at the end of the week...."[3)]

Op 31 Augustus het die superintendent van die bad te Kissingen die volgende verslag oor die gesondheidstoestand van genl. Botha opgestel: „Zed. is hier nu geweest ene maand, en ik moet zeggen dat ik nog zelden iemand in zó korte tijd zoveel heb zien vooruitgaan. De

1). Basil Williams. A.w. Bl. 71.
2). Premier. Transvaal. Band 60. Omslag 1. 2 September 1909.
3). „The Times of Natal," 30 Julie 1909, tweede uitgaaf, bl. 5.

geneesheren alhier stelden onmiddelik na aankomst van de generaal ħ degelik onderzoek in naar de toestand van zijn gezondheid, en konstateerden, na dat onderzoek, dat er niets radikaals met hem verkeerd was; doch dat 't noodzakelik was ħ strenge kuur te ondergaan, tengevolgelike verzwakking van 't gestel...."[1] Die verslag het verder meegedeel dat sy hart verswak was en dat dit gevolglik ook die ander organe benadeel het. Na die behandeling het hy 24 lb. aan gewig verloor. Hy was meer beweeglik en sy hart was normaal.

Nadat die Suid-Afrika-Wet deur die Britse Parlement aangeneem is, het ook die ander afgevaardigdes na verskeie dele van Europa afgereis. Pres. Steyn is na Oeynhausen, Wesfale, waar ook hy ħ gesondheidskuur ondergaan het.[2] Mnr. Hofmeyr het met vakansie na die vasteland gegaan en op 16 Oktober is hy dood aan hartverlamming.[3] Mnr. Moor het van die geleentheid gebruik gemaak om Marconi te besoek en informasie i.v.m. die oprigting van die eerste radio-uitsaaistasie vir Suid-Afrika in te win.[4] Mnr. Fischer het op 11 September na Suid-Afrika vertrek[5] en genl. Smuts het op 20 Augustus na Frankryk gegaan.[6] Teen die einde van die maand het hy ook na Kissingen gegaan.

Botha en Smuts het saam met Merriman en Moor na Suid-Afrika teruggereis.[7] Die aand van 16 September het Botha en Smuts in Pretoria aangekom en vroeg die volgende oggend was Smuts verdiep in sy werk op sy kantoor.[8]

Op 20 September 1909 het koning Georg Vll die Suid-Afrika-Wet onderteken.[9]

------oOo------

---

1). „De Volkstem," 28 September 1909, hoofartikel.
2). „South Africa." Bl. 425.
3). B. Cloete. A.w. Bl. 220.
4). „The Times of Natal," 23 Augustus 1909, tweede uitgaaf, bl. 5.
5). do. 19 Augustus 1909, tweede uitgaaf, bl. 5.
6). do.
7). „South Africa." Bl. 425.
8). „De Volkstem," 17 September 1909, bl. 6.
9). C.M. van den Heever. A.w. Bl. 270.

# HOOFSTUK 12.

## UNIFIKASIE.


| | Bl. |
|---|---|
| 1. DIE ROWORTHSKILDERSTUK. | 386 |
| 2. DIE DOOD VAN TWEE BEKENDE MANNE. | 386 |
| 3. REELINGS I.V.M. DIE OPENING VAN DIE EERSTE UNIEPARLEMENT. | 387 |
| 4. DIE STATISTIEK-KONFERENSIE. | 388 |
| 5. TRANSVAAL EKSPERIMENTEER MET PROPORSIONELE VERTEENWOORDIGING. | 390 |
| 6. WET NO. 9 VAN KONING EDUARD V11. | 392 |
| 7. UNIEDAG. | 393 |
| 8. DIE GOEWERNEUR-GENERAAL. | 396 |
| 9. DIE TRANSVAALSE LEIERS TREE VERSIGTIG OP. | 400 |
| 10. DIE LAASTE SITTING VAN DIE TRANSVAALSE PARLEMENT. | 402 |
| 11. FINANSIES VOOR EN MET UNIFIKASIE. | 403 |
| 12. DIE £300 -TOEKENNING. | 405 |
| 13. BOTHA HOU DIE KAAPKOLONIE IN ONSEKERHEID. | 410 |
| 14. DIE EERSTE PREMIER VAN DIE UNIE. | 415 |
| 15. DIE UNIEGEBOU. | 426 |
| 16. DIE AFSKEID VAN LORD SELBORNE. | 428 |
| 17. DIE BOTHAKABINET. | 429 |
| 18. 31 MEI 1910. | 430 |
| 19. DIE EERSTE UNIEPARLEMENT. | 431 |


------o0o------

# H O O F S T U K 12.

## UNIFIKASIE.

### DIE ROWORTHSKILDERSTUK.

Op 15 Desember 1908 het mnr. E. Peters, ŉ persfotograaf van Kaapstad, ŉ foto van die lede van die Nasionale Konvensie geneem terwyl die Konvensie in sitting was.[1] Mnr. Edward Roworth, ŉ kunsskilder, het aan Merriman voorgestel dat hy, met hierdie foto as leidraad, ŉ skilderstuk van die Nasionale Konvensie sou maak en dat hierdie skilderstuk dan in die Unieparlementsgebou gehang sou word. Merriman was hierdie voorstel goedgesind en hy het aan Smuts geskryf om sy opinie daaromtrent te vra.[2]

Generaal Smuts het daarop aan Merriman geskryf: „...I think Roworth's idea is good and his proposal quite fair. It will however be desirable for you to have a talk with him first about the ultimate price of the painting otherwise we may get ourselves into a mess...."[3] Daarop het genl. Smuts verwys na die skildery wat mnr. Wichgraf van die laaste Uitvoerende Raad van die Z.A.R. gemaak het. Hierdie skilderstuk, wat £500 sou kos, het uiteindelik £1,500 gekos en in ŉ kelder êrens in Berlyn beland.[4]

Nadat Merriman met Roworth ŉ onderhoud gehad het, is daar ooreengekom dat die skilderstuk £1,000 sou kos. Smuts was tevrede met die prys en hy het aanbeveel dat dit so aanvaar sou word.[5]

### DIE DOOD VAN TWEE BEKENDE MANNE.

Op 3 September 1909 is J.W. Leonard, die leier van die vooroorlogse „Reform Committee," in Brussel oorlede,[6] en op Saterdag 16 Oktober 1909 het sir Lewis Michell in sy „Herinneringe" geskryf: „To-day a prominent political figure was taken from South Africa... Mr. Hofmeyr was not a leader of a masterful type like Rhodes, but

1). Sien bl.287 van hierdie werk.
2). Koloniale sekr. Transvaal. Band 926. No. 1/18413. 14 September 1909
3). Mer. vers. No. 568 van 1909. 19 September 1909.
4). do.
5). do. No. 578 van 1909. 29 September 1909.
6). „The Star," 4 September 1909, bl. 9.

possessed great influence among his countrymen behind the scenes, and worked mainly underground and in silence, hence his nickname, 'the Mole' ...."[1]

Generaal Botha het op 23 Oktober aan mnr. Merriman geskryf: „...There can be no doubt that Hofmeyr's going will leave a large gap in South African politics, and that we have lost one of our greatest, if not the greatest, public man in South Africa. It has been gratifying to see that from all sides such warm and sympathetic testimonies have been given of his work and character...."[2]

Die Merrimangesin het anders oor die afsterwe van mnr. Hofmeyr gevoel. Op 23 Oktober het die premier se moeder aan Agnes geskryf: „...I look upon Mr. Hofmeyr's death as a singular inter-position of Providence — his underground influence...would probably have kept racial feeling alive...."[3]

<u>REËLINGS I.V.M. DIE OPENING VAN DIE EERSTE UNIEPARLEMENT.</u>

Op 19 Julie 1909 is berig dat daar in Kaapstad 'n beweging op tou gesit is om koning Eduard Vll en die koningin te vra om die eerste Unieparlement te open.[4]

Op 28 Julie is bekendgemaak dat die afgevaardigdes in Londen die kroonprins gevra het om die eerste Unieparlement te open. Hy het ingewillig om dit te doen mits onvoorsiene omstandighede dit nie onmoontlik sou maak nie.[5] Die Britse Parlement het die besluit op 16 Augustus goedgekeur[6] en drie maande later het Selborne aan Botha geskryf om die nodige reëlings i.v.m. die onthaal van die prins en prinses te bespreek voordat hy met die ander premiers in verbinding tree.[7] Volgens die manier waarop Selborne die saak benader het, kan slegs geoordeel word dat hy toe reeds geweet het dat Botha as die eerste premier van die verenigde Suid-Afrika aangewys sou word.

Op 7 Mei 1910, slegs drie weke voor unifikasie, is koning

1). Sir Lewis Michell vers. ACC 540. No. 29. Hoofstuk 15, bl. 370.
2). Mer. vers. No. 595 van 1909. 23 Oktober 1909.
3). do. No. 594 van 1909. 23 Oktober 1909.
4). „The Times of Natal." 20 Julie 1909, eerste uitgaaf, bl. 5.
5). „The Natal Witness," 28 Julie 1909, tweede uitgaaf, bl. 5.
6). „South Africa." A.w. Bl. 422.
7). Premier. Transvaal. Band 45. No. 45/24/09. 26 November 1909.

Eduard Vll oorlede. Alle reëlings i.v.m. die opening van die Unieparlement is daardeur gekanselleer en daar is besluit dat die hertog en hertogin van Connaught met die „Balmoral Castle" na Suid-Afrika vir die opening van die parlement sou reis.[1)]

DIE STATISTIEK-KONFERENSIE.

Op 11 Desember 1909 het Fischer voorgestel dat 'n statistiek-konferensie gehou sou word om informasie te bekom waardeur al die vertakkinge van die bestuur op 'n eenvormige grondslag saamgesnoer kon word om daardeur die taak van die eerste Unieregering te vergemaklik.[2)]

Die Transvaalse regering het vanaf die staanspoor geopenbaar dat hulle die hou van so 'n konferensie nutteloos beskou en dat hulle afgevaardigdes sou benoem omdat hulle nie vir Fischer aanstoot wou gee nie. Mnr. Browne en mnr. F.B. Smith, die Transvaalse Direkteur van Landbou, sou die konferensie te Kaapstad bywoon maar hulle sou nie die reg hê om Transvaal in enige opsig te bind nie,[3)] en Botha het aan Merriman geskryf dat die hou van so 'n konferensie nie van veel waarde kon wees nie.[4)] Nadat hy van Merriman verneem het dat Jagger en Fremantle, twee van die Kaapse Parlementslede, aangestel is om die konferensie by te woon,[5)] het hy laat weet dat Smith en E.H.L. Gorges, die Assistent-Koloniale Sekretaris van Transvaal, gestuur sou word om die konferensie by te woon.[6)]

Op 31 Desember het Browne die opdragte van die Koloniale Sekretaris aan Gorges gestuur en hom meegedeel dat beide Smuts en Hull die konferensie as onnodig geskou tensy daarin geslaag kon word om 'n goeie statistikus aan te wys wat nuttige voorbereidende werk vir unifikasie kon doen.[7)] In sy brief aan Smith het Browne geskryf dat die Transvaalse regering slegs tot die hou van die konferensie toe-

---

1). A. Koloniale Sekr. Tvl. Bande no. 933 en 934.
B. In die portaal van die Johannesburgse biblioteek is daar 'n pragtige model van die „Balmoral Castle."
2). Koloniale Sekr. Tvl. Band 928. No. 2/18888. 11 Desember 1909.
3). do.
4). Premier. Transvaal. Band 44. No. 45/15/1909. 13 Desember 1909.
5). do. 21 Desember 1909.
6). do. 30 Desember 1909.
7). Koloniale Sekr. Tvl. Band 928. No. 8/18888. 31 Desember 1909.

gestem het omdat hulle nie die indruk wou skep dat Transvaal altyd teenstribbel as ʼn ander kolonie ʼn voorstel maak nie.[1]

Generaal Smuts het op 31 Desember aan Gorges en Smith geskryf: „...You will note that Customs and Railway statistics do not come within the scope of the Conference...Generally speaking I am not sanquine that any useful purpose can be served by trying to arrange now for the preparation and publication of statistics which will be useful when the Union Government is established...The Transvaal delegates should consider putting forward a suggestion that the Secretary for State for the Colonies be asked to select immediately such a statistician who could come out to South Africa and spend the months intervening before Union in collecting all the statistical material of the Governments constituting the Union, investigating the lines on which these statistics are prepared and obtaining useful statistics of other Colonies and countries for comparison...."[2]

Op 7 Januarie het Gorges aan Smuts geskryf dat daar met die samesprekinge begin is alhoewel die afgevaardigdes van die O.R.K. pas die aand in Kaapstad sou aankom. Jagger is tot voorsitter gekies. Fremantle het voorgestel dat ʼn jaarboek vir die eerste Unieparlement saamgestel moes word en Jagger wou dat volledige statistiese gegewens vir die Unieparlement opgestel moes word.[4] Mnr. Browne het daarop aan Gorges geskryf dat hy reeds ʼn antwoord opgestel gehad het wat besware teen die voorstelle sou aandui, toe genl. Smuts koue water daaroor gegooi het. „...Smuts thought it was unnecessary to send it as obviously all their talk was moonshine and nothing would or could come out of it. I think his idea is that the Conference should just report, you and Smith urging mild objections and that then nothing more would be done."[5]

---

1). Koloniale Sekr. Tvl. Band 928. No. 8/18888. 31 Desember 1909.
2). do. No. 6/18888. 31 Desember 1909.
3). do. No. 9/18888. 31 Desember 1909.
4). do. No. 18/18888. 7 Januarie 1910.
5). do. No. 25/18888. 10 Januarie 1910.

Die uiteindelike besluit wat deur die konferensie geneem is, het daarop neergekom dat ʼn spesiale statistiese oorsig opgestel sou word en dat ʼn beampte aangestel sou word om toe te sien dat dit in al die kolonies op dieselfde manier aangepak word.[1]

Op 14 Mei het Moor aan Botha getelegrafeer dat sy regering die aanbeveling van die konferensie goedgekeur het en hy wou graag verneem wat die houding van die Transvaalse regering was.[2] Botha het geantwoord: „...Your telegram of to-day re statistical extract. Transvaal Govt. have decided to take no action on the report but to let the matter stand over for Union Government."[3]

Volgens aantekeninge wat in die lêers van die Koloniale Sekretaris gemaak is, het die hele aangeleentheid hiermee doodgeloop.[4]

TRANSVAAL EKSPERIMENTEER MET PROPORSIONELE VERTEENWOORDIGING.

Dit was vir die Transvaalse afgevaardigdes ʼn baie groot teleurstelling toe art. 39 van die Suid-Afrika-konsepwet te Bloemfontein tot so ʼn mate deur die voorstel van De Villiers gewysig is dat proporsionele verteenwoordiging daardeur uitgeskakel is.[5]

Aangesien die Transvaalse regering vas geglo het dat daar groot voordele aan proporsionele verteenwoordiging verbonde was, is daar besluit om die „Proportional Representation Society" van Engeland te vra om hul sekretaris, mnr. Humphries, na Transvaal te stuur sodat hy toesig kon hou oor die munisipale verkiesings van Pretoria en Johannesburg wat in Oktober en November 1909 volgens daardie stelsel gehou sou word.[6]

Die doelstelling en die werking van hierdie nuwe manier van verkiesing word as volg beskryf: „...The system of the single transferable vote has for its object the representation (whether in parliament or on municipal councils) of all bodies of citizens in proportion to their strength. It requires, in the first instance, the formation of constituencies or wards, returning at least three

1). Premier. Transvaal Band 44. No. 45/15/09. 14 Mei 1909.
2). do.
3). do.
4). Koloniale Sekr. Tvl. Band 928. No. 31/18888. 13 Junie 1910.
5). Sien bl. 277 tot 278 van hierdie werk.
6). Blouboek. T.g. 5/1910. Bl. 5. 27 Oktober 1909.

members, and preferably five, six, seven, or more members. For when a constituency returns but one member it is clear that the seat must fall to the largest group within that constituency, and there can be no division of the representation between the majority and the minority. The creation of larger constituencies returning several members at once renders possible a proportionate division of the representation allotted to each constituency. Multi-member constituencies, however, do not in themselves ensure proportional representation. It would still be possible with the 'general ticket' or 'block' system for the majority in such constituencies to monopolise the representation. With this system of voting...each elector may have as many votes as there are members to be elected. To secure the representation of the minority, it is necessary to limit the voting power of each elector to one vote. The effect of this limitation is obvious, for, if there are six members to be elected for one constituency, and each elector has but one vote, it follows that any one-sixth of the electors, by concentrating their votes upon the candidate of their choice, could secure his return. The voters could arrange themselves into six groups, each of which would return a member.

This limitation of the voting power to one vote, whilst it ensures the representation of minorities, does not necessarily secure a representation both of majorities and of minorities in proportion to their strength, and this, the object in view, is achieved by the simple device of making the single vote transferable. An illustration will show the effect of this provision. A popular candidate standing for a constituency or ward returning six members might possibly poll two-sixths of the votes. His supporters would be strong enough to return two members, and, were there an open poll, they would doubtless give their votes to other candidates whose return they desired as soon as the success of their favourite was assured. But as the ballot is secret, the result of the voting is not known until the close of the poll, and, in the absence of some suitable provision,

the elector might waste his vote by voting (1) for some candidate who had already received more than enough, or (2) for some candidate who was receiving so little support that there was no possibility of his election. If, however, electors were enabled, at the time of voting, to indicate a second choice, and thereby to give instructions to the Returning Officer to transfer their votes to this second choice in the event of either of the contingencies named, then any two-sixths of the electors would be enabled to secure two members, with even a greater certainty than if the poll were an open one. The single transferable vote provides these facilities. With this system the elector votes for his favourite by placing the figure 1 against his name, and gives the necessary instructions to the Returning Officer by placing, in the order of his preference, the figures 2, 3, 4, and so on against the names of other candidates. The Returning officer, by giving effect to these instructions, arranges the electors in groups of equal size, technically called 'quotas,' each of which is represented by one member, and in this way the proportionate representation of all the electors is secured."[1)]

Na afloop van die munisipale verkiesings te Johannesburg en Pretoria was dit duidelik dat die toepassing van hierdie stelsel, hoewel vreemd en gevolglik stadig, tog deeglike resultaat lewer en nie verwarring veroorsaak nie. Die „Star" was van mening „...that the authors of the change may fairly congratulate themselves that they have proved it practicable in working and fair in result. The business of counting the votes and allotting the preferences was sure to be a slow one at the first time of asking, but there was no hesitation and no confusion."[2)]

<u>WET NO. 9 VAN KONING EDUARD V11.</u>

In die inleiding tot die amptelike kopie van Wet no. 9 van koning Eduard V11 word daar meegedeel: „This Act may be cited as the South Africa Act, 1909."[3)]

---

1). Blouboek. T.G. 5/1910. Bl. 5 tot 6.
2). „The Star," 29 Oktober 1909, hoofartikel.
3). „Official Year Book." A.w. Bl. 77.

In die wet self word daar derhalwe erken dat dit 'n Britse wet is wat deur die Britse Parlement aangeneem en deur die Britse koning goedgekeur is om op 'n gemengde bevolking aan die suidhoek van Afrika toegepas te word. Die wet is, soos uit die voorafgaande studie blyk, 'n vrug en 'n uitbouing van die voortreflike grondwet wat deur die loop van eeue in Engeland ontwikkel het. Of hierdie stelsel met sukses op vreemde bodem oorgeplant sou kon word, was iets wat slegs die toekoms sou kon bepaal.

Op 19 November 1909 het Crewe twee kopieë van die wet, wat deur die koning onderteken was, aan die Transvaalse regering gestuur.[1] Op 11 Desember is die wet in 'n Staatskoerant gepubliseer[2] en op 2 Maart 1910 het die Staatsdrukker 260 eksemplare van die wet vir die verskeie regeringsdepartemente gedruk.[3] In die eerste Jaarboek van die Unie van Suid-Afrika word die wet ook volledig weergegee.[4]

UNIEDAG.

Op 24 Junie 1909 het Botha aan Selborne geskryf: „...We should endeavour to get the British Parliament to pass the constitution during the present session but always under the distinct understanding that the constitution should not be promulgated before the 1st August 1910. This date was very carefully considered during a conversation at which Mr. Fischer, Merriman, Smuts and myself were present at Bloemfontein...."[5]

Toe Sauer van hierdie skrywe verneem, het hy aan Botha getelegrafeer: „...it will be extremely difficult in our Parliament for us to maintain the understanding come to. I had hoped that the Act of Union would be proclaimed 1st January next and that members of parliament would be elected during April which date I learnt from you would suit your people."[6]

---

1). Premier. Transvaal. Band 44. No. 45/3/1909. 19 November 1909.
2). do. 11 Desember 1909.
3). do. Band 45. No. 45/2/09. 7 Februarie 1909.
4). „Official Year Book." A.w. Hoofstuk 2.
5). Premier. Transvaal. Band 60. Omslag 1. 24 Junie 1909.
6). do. 23 Junie 1909.

Genl. Botha het nie van hierdie brief gehou nie en het aan De Villiers-Graaff getelegrafeer: „I shall be very sorry if there is any misunderstanding of my attitude which I made very clear at the Convention...I saw great danger in unduly hurrying the matter...I said that the first union elections could not take place before the end of 1910 or beginning of 1911...and that the constitution should not be promulgated before the 1st August 1910...According to a telegram which I have received from Fischer he entirely agrees with my attitude...."[1)]

Op 29 Junie het Hutchinson aan Merriman geskryf: „...Evidently the Transvaal people are at present determined not to agree to a date earlier than 30/6/10. Brand...also wants 1/1/10, your date, but so far has not been able to get them to agree. Fischer...says that he is in favour of 1/1/10 but says that Botha is very strongly in favour of the later date, and hesitates to press his own view...."[2)]

Op 21 Julie het die „Star" gewaarsku: „...there are indications that a serious difference of opinion may arise between the representatives of the Cape Colony and the Transvaal as to the date when the Act should become operative...We know that the Het Volk ministry have not exhausted the list of schemes which they wish to see inaugurated before they surrender the control of the affairs of the Colony to the first Union Ministry. With another large Treasury surplus in prospect, General Botha and Mr. Hull may wish to ensure that the Transvaal, and not South Africa as a whole, shall derive the full benefit on any excess of revenue in the current financial year. Without wishing to prophesy, we should be inclined to say that on the whole the odds are rather in favour of the choice of July 1, 1910, as 'the appointed day'...."[3)]

'n Week later het die „Star" bekendgemaak dat „...the delegates have amicably settled their differences as to the choice of date...

1). Premier. Transvaal. Band 60. Omslag 1. 24 Junie 1909.
2). Mer. vers. No. 307 van 1909. 29 Junie 1909.
3). „The Star," 21 Julie 1909, hoofartikel.

They have recommended that May 31, the anniversary of the signing of the Treaty of Peace drawn up at Vereeniging, shall be 'the appointed day' upon which South Africa shall take her rightful place among the great dominions of the Empire, and the Imperial Government has endorsed the recommendation."[1)]

Die „Star" was baie tevrede met die keuse van die datum. Daar is verwys na genl. Smuts wat 8 jaar tevore teen Engeland geveg het en wat op die staatsbanket in Engeland verklaar het: „...Should the occasion for war unfortunately arise, the endurance, experience and patriotism of the people of South Africa would be at the disposal of the Empire."[2)] Verder het die koerant meegedeel: „...So far no steps have been taken to commemorate the declaration of Peace of Vereeniging either by means of a monument or of an annual celebration. The unification of South Africa is the best and the most lasting monument of that historic event, and it is in the highest degree appropriate that the date which marked the extinction of the old order in South Africa should be selected to signalise the consummation of Union."[3)]

Volgens ŉ verklaring van mnr. Walton sou hierdie besluit baie nadelig vir die belange van die Kaapkolonie wees. „...The Transvaal Government possibly feels that its surplus should be spent in the Transvaal, and desires time for that object. The Free State wishes to carry out arrangements for advances to farmers, while Natal is spending a considerable sum in connection with the reduction of gradients on the main line. As the Cape Government has stopped all loan expenditure the Cape will suffer especially by the delay. The main drawback, however, is that public confidence cannot be restored until Union is established...."[4)]

Op 4 Augustus 1909 het die „South African News" die ontevredenheid wat daar in die Kaapkolonie geheers het, in ŉ hoofartikel geskets: „...Cablegrams indicate that the date, May 31, was adopted more or

---

1). „The Star," 30 Julie 1909, hoofartikel.
2). do.
3). do.
4). do. 31 Julie 1909, bl. 9.

less as a matter of compromise between the representatives of the South African Colonies now in London. We must confess that we are getting rather tired of continual compromises in which the advantage always seems to remain with the party which possesses the greatest effrontery and the most raucous voice...."[1] Die koerant het ook op die gevare van vertraging gewys, „...the greatest of which is the feverish and indecent haste of the Transvaal to carry through legislation on subjects which certainly ought to be left to the decision of the Union Parliament, and its anxiety to dispose of every penny of its surplus revenue, so as to avoid bringing anything beyond what they are compelled into the union of hearts, of which we heard so much when claptraps had still a mission to discharge."[2]

Op 24 November 1909 het die Sekretaris van State aan die Kaapse ministers gekabel dat, as gevolg van ŉ besluit van die afgevaardigdes in Londen, 31 Mei 1910 as Uniedag aan die koning voorgestel sou word tensy die ministers ŉ ander aanbeveling maak.[3] Mnr. Merriman het geantwoord dat die Kaapse ministers genoeë met die genoemde datum neem[4] met die gevolg dat die Koning op 2 Desember ŉ proklamasie uitgevaardig het om 31 Mei 1910 as Uniedag te proklameer.[5]

Op 24 Maart 1910 het genl. Botha aan die ander premiers in ŉ skrywe voorgestel dat 31 Mei 1910 as openbare vakansiedag geproklameer sou word en ook dat dit as een van die jaarlikse vakansiedae van die Unie beskou sou word.[6] Die ander regerings het onmiddellik laat weet dat hierdie voorstel hul volle goedkeuring wegdra.[7]

DIE GOEWERNEUR-GENERAAL.

Om namens die troon te mag optree in ŉ pos waaraan daar ŉ belastingvrye salaris van £10,000 p.j. verbonde sou wees,[8] afgesien van die eer en die voorregte aan so ŉ posisie verbonde, was

1). „The South African News," 4 Augustus 1909, hoofartikel.
2). do.
3). Premier, Kaapkolonie. Korrespondensie lêer 241. No. 302/09. 24 November 1909.
4). do. 30 November 1909.
5). do. 2 Desember 1909.
6). Premier. Transvaal. Band 45. No. 45/36/09. 24 Maart 1910.
7). do.
8). do. Band 60. Omslag 1. 1 April 1909. Brief van Selborne.

voorwaar 'n aantreklikheid wat menige aspirant Goewerneur-Generaal laat watertand het.

Op 14 Julie 1909 was daar reeds gissings oor wie die moontlike persoon sou wees wat met hierdie hoë onderskeiding vereer sou word. Op daardie dag het mnr. A.B. Marnham vanaf Doverstraat, Portland Place, Engeland, aan Merriman geskryf en hom meegedeel dat hy en Sauer van mening was dat sir Henry de Villiers die mees geskikte persoon vir hierdie pos sou wees.[1] Op 11 Augustus het Hutchinson aan Merriman geskryf dat die benoeming van Winston Churchill 'n sterk moontlikheid was.[2]

Omdat lord Selborne gedurende sy verblyf in Suid-Afrika so 'n uiters belangrike rol op meesterlike wyse gespeel het, was daar talle persone wat van mening was dat hy hierdie gesogte aanstelling moes kry. Die moontlikheid daarvan is egter uitgeskakel deur die houding van die regerende Britse party. Hul mening was dat aangesien hulle die unifikasie van Suid-Afrika moontlik gemaak het die eerste Goewerneur-Generaal 'n liberalis moes wees.[3]

Op 2 November het die „Star" berig dat, volgens inligting ontvang, mnr. Gladstone moontlik as die eerste Goewerneur-Generaal van Suid-Afrika aangestel sou word. Hierdie keuse is oral deur die pers afgekeur en opmerkings wat gemaak is, strek Gladstone nie tot eer nie. „...Most of them are based on the iniquities of Mr. Gladstone's father or on his own want of distinction as a Cabinet Minister than on any positive disqualification for the post," het die „Star" geskryf. „Thus the 'Eastern Province Herald' thinks that the appointment would be received in this country without any feeling of enthusiasm; the 'Natal Mercury' regards Mr. Gladstone as the weakest member of the present Liberal Cabinet...while the 'Advertiser' describes it as 'an impossible appointment' and calls for the 'most

1). Mer. vers. No. 417 van 1909. 14 Julie 1909.
2). do. No. 514 van 1909. 11 Augustus 1909.
3). „De Volkstem," 14 September 1909, bl. 6.

vigorous and unqualified protest against the nomination' ...."[1]

Alhoewel Asquith en Botha reeds op 30 Julie 1909 besluit het wie die eerste Goewerneur-Generaal van die Unie sou wees,[2] het dit vir die ander politieke leiers in Suid-Afrika 'n geheim gebly. Op 6 Desember het Fischer aan Merriman geskryf: „...I suppose we may now take it as settled that Gladstone is to be the first Governor General of South Africa. I think we might have done worse, both he and his wife seemed nice and unlikely to be political firebrands or shirkers socially....[3]"

Toe die aanstelling van lord Gladstone op 24 Desember 1909 amptelik bekendgemaak is, het genl. Botha aan Solomon getelegrafeer: „Please communicate following to Gladstone:- My colleagues and I have heard with the greatest satisfaction of your appointment as first Governor General of South Africa. We assure you of a very cordial welcome from all sections of South Africans, and are convinced that your appointment will result in good to South Africa.[4]"

Na 'n samespreking met Fischer en Botha het Merriman aan Molteno, die Kaapse A.G. in Londen, geskryf dat daar verneem is dat Gladstone pas op 19 April in Suid-Afrika sou aankom en dat hy gevolglik min tyd sou hê om die eerste premier van die land aan te wys en om die nodige reëlings vir die groot veranderinge in die land te tref. Dit sou wenslik wees dat Gladstone aan die begin van April reeds met sy werksaamhede in Suid-Afrika begin.[5]

Op 6 Februarie het Merriman verneem dat Gladstone pas teen die middel van Mei in Suid-Afrika sou aankom en dat hy slegs 14 dae tot sy beskikking sou hê om die reëlings t.o.v. die verandering in bestuur teweeg te bring. Die oorsaak vir hierdie ongerymdheid het hy aan lord Selborne toegeskryf. Aan Rose-Innes het hy geskryf: „...I suppose Selborne is not anxious to have two kings...two lions on the African shore...."[6]

---

1). „The Star," 2 November 1909, hoofartikel.
2). Sien bl. 374 van hierdie werk.
3). Mer. vers. No. 604 van 1909. 6 Desember 1909.
4). Premier. Transvaal. Band 45. No. 45/29/09. 24 Desember 1909.
5). Mer. vers. No. 14 van 1910. 31 Januarie 1910.
6). Rose-Innes vers. No. 497 van 1910. 6 Februarie 1910.

Op 17 Februarie het genl. Schobell aan Merriman geskryf dat Gladstone op 17 Mei in Kaapstad sou aankom. „...It is possible that this date may be altered, and it is requested that the date be kept confidential...Possibly your opinion...which I passed on to lord Crewe, may cause the alteration in date hinted at...."[1)]

Merriman het probeer om deur middel van kontakte in Engeland vir Gladstone te oorreed om vroeër te vertrek. So het hy met Solomon in verbinding getree en ook het hy van die dienste van Basil Williams gebruik probeer maak. Williams het laat weet: „...I tried to get the hint you gave me conveyed to him indirectly — not of course with your name — but I suppose he wants to have his fling in England for a month or two first...."[2)]

Op 18 Maart het Merriman aan Botha geskryf: „In accordance with our conversation...I wrote to Solomon strongly urging that Gladstone should be here before the 17th May, in view of the difficulties it would involve and the time it would take to form a Union Cabinet. Solomon now writes to me that the British Government is strongly opposed to Gladstone's arrival in South Africa before the 17th May...."[3)]

Met betrekking tot die karakter van lord Gladstone is daar taamlik uiteenlopende berigte in Suid-Afrika ontvang en dit is opvallend dat juis Merriman ongunstige beskrywings van die potensiële Goewerneur-Generaal ontvang het.

In Julie 1909 het Merriman aan Marnham geskryf dat Gladstone, volgens sy mening, as Goewerneur-Generaal aangestel moes word.[4)] Marnham het geantwoord: „...The man you named...is really an impossible man. If South Africa wants an ass, you would have one, for he was removed from the House of Commons owing to his absolute incapacity, and the only way the Government could get rid of him was by sending him up to the Lords...."[5)]

1). Mer. vers. No. 32 van 1910. 17 Februarie 1910.
2). do. No. 63 van 1910. 3 April 1910.
3). Premier. Natal. Konfidensiële korrespondensie. Band 108/1910. No. 9/1910. 18 Maart 1910.
4). Mer. vers. No. 417 van 1909. 14 Julie 1909.
5). do.

Op 27 April 1910 het Schobell aan Merriman geskryf: „...What an extraordinary foolish man Lord Gladstone must be...he will not impress the people of this country much. Lady Barrymore says he sings part songs, need I say any more? ...."[1]

As gevolg van hierdie informasie het Merriman so 'n afkeer in Gladstone gekry dat hy op 5 Junie 1910 aan prof. Goldwin Smith geskryf het: „...'Lord' Gladstone strikes one as a very poor specimen of English statesmen...."[2]

Gelukkig was daar ander persone wat nie so 'n swak opinie van Gladstone gehad het nie. Botha het deur sy aanbeveling bewys dat hy hierdie staatsman hoog ag en sir Richard Solomon het in April 1910 aan Rose-Innes geskryf: „...I think that you and Lady Innes will like the Gladstones. He is a good honest gentleman who will inspire other people and not interfere with his advisers. She is a charming little lady and so pretty...."[3]

Op 17 Mei 1910 het lord en lady Gladstone met die „Walmer Castle" by Kaapstad aangekom. As gevolg van die dood van die koning is hulle stil ontvang.[4] Die vier premiers het hulle op Suid-Afrikaanse bodem verwelkom[5] en die „Volkstem" het verklaar: „...Voor 't eerst, sedert vele jaren, zal in Zuidafrika 'n opperste bewindsman aanwesig zijn die door z'n nationaliteit 't vertrouwen van de Engelsman inboezemt en door z'n persoonlikheid 't vertrouwen van de Afrikaner uitlókt. Dit is, voorwaar, 'n veel-betekenend begin, voor Verenigd Zuidafrika."[6]

DIE TRANSVAALSE LEIERS TREE VERSIGTIG OP.

Nadat hulle van Londen af teruggekeer het, het beide Botha en Smuts hulle stil gedra en in alles wat hulle gedoen het, was hulle besonder versigtig. Slegs in gevalle van dringende aard het hulle met die ander premiers in verbinding getree en selfs dan het hulle

1). Mer. vers. No. 84 van 1910. 27 April 1910.
2). do. No. 217 van 1910. 5 Junie 1910.
3). Rose-Innes vers. No. 485 van 1910. 8 April 1910.
4). „The Star," 17 Mei 1910, bl. 9.
5). „De Volkstem," 17 Mei 1910, hoofartikel.
6). do.

hul slegs tot die onderwerp van bespreking bepaal. So het Botha in Maart 1910 met die ander premiers i.v.m. die seël van die Goewerneur-Generaal in verbinding getree[1] en gereël dat Gladstone sy privaat seël sou gebruik tot tyd en wyl die Unieregering 'n seël ontwerp wat deur die koning goedgekeur sou word.[2]

Om te voorkom dat daar verwarring tussen die magte van die sentrale en die provinsiale besture met die oorskakeling sou ontstaan, het Botha 'n memorandum opgestel om hierdie moontlikheid teen te werk. In die begeleidende brief het hy duidelik verraai dat hy uitermate versigtig was: „...If the necessary preliminary steps are not arranged prior to the 31st May I am afraid chaos will result on and after that date, as pointed out in the memorandum. This extreme urgency must be my excuse for moving the matter even at the risk of my reasons for doing so being misunderstood...."[3]

Merriman het geantwoord dat hy die doel van Botha nie verkeerd verstaan nie en dat hy dankbaar was dat iemand die taak onderneem het. Aangesien ook die Kaapse regering reeds aan hierdie saak heelwat aandag bestee het, sou hy heelwat aanvullings wou maak.[4] Die Natalse regering was van mening dat die ondersekretarisse van die verskillende kolonies 'n skema moes opstel vir die onmiddellike uitvoering van publieke sake na 31 Mei.[5] Drie dae later is daar aan hierdie wenk voldoen deurdat Gorges aan die ondersekretarisse van die ander kolonies 'n memorandum gestuur het en daaraan toegevoeg het: „...At the Colonial Secretary's direction I am sending you a few copies of a memorandum which he has prepared on the subject of Provincial Administration after Union...If you have any observations to offer on questions referred to in the Memorandum please put them in writing and I will submit them to Mr. Smuts...."[6] Die ander kolonies het die memorandum aanvaar.[7]

1). Premier. Transvaal. Band 45. No. 45/34/09. 14 Maart 1910.
2). do. 18 Maart 1910.
3). Mer. vers. No. 46 van 1910. 4 Maart 1910.
4). do. No. 52 en 57 van 12 en 18 Maart 1910.
5). Koloniale Sekr. Tvl. Band 716. No. 34/11155. 2 April 1910.
6). do. No. 32/11155. 5 April 1910.
7). do. No. 33/11155 tot 37/11155. 6 tot 11 April 1910.

## DIE LAASTE SITTING VAN DIE TRANSVAALSE PARLEMENT.

In sy saaklike en treffende openingsrede van die laaste sitting van die Transvaalse Parlement het lord Selborne verklaar dat slegs sake van groot belang bespreek sou word en dat 'n gesamentlike sitting van die parlementshuise noodsaaklik sou wees vir die verkiesing van senatore vir die Unieparlement.[1)]

Volgens proklamasie[2)] het die gesamentlike sitting van die twee Huise op 20 April plaasgevind en by daardie geleentheid is die volgende persone as senatore gekies:

| | | |
|---|---|---|
| 1. | W.H. Buhrman. | Ermelo. |
| 2. | J.H. de la Rey. | Lichtenburg. |
| 3. | W.F. Lance. | Jeppestown. |
| 4. | G.G. Munnik. | Pietersburg. |
| 5. | E.P. Solomon. | Pretoria. |
| 6. | W.K. Tucker. | Johannesburg. |
| 7. | P. Whiteside. | Johannesburg. |
| 8. | A.D.W. Wolmarans. | Pretoria.[3)] |

Voor die Huise verdaag het, het 'n paar lede mosies ingedien om hul dank en waardering uit te spreek aan die lede van die Nasionale Konvensie wat hulle op so 'n voortreflike wyse van hul taak gekwyt het. Dit is interessant om daarop te let dat mnr. Wolmarans in sy hartelike dankbetuiging al die ander lede oortref het.[4)]

Op 28 April 1910 is die laaste sitting van die eerste en enigste parlement van Transvaal gehou. Genl. Botha het genl. C.F. Beyers, die spreker, bedank vir sy waardevolle dienste en sy waardering uitgespreek oor die wyse waarop almal saamgewerk het in belang van Transvaal en in die verkryging van 'n groot nasionale ideaal. Sir George Farrar het genl. Botha se woorde beaam en nadat genl. Beyers geantwoord het, het die parlement ontbind.[5)]

1). „The Transvaal. Debates of Both Houses of Parliament. Comprising the period from the 6th day of April, 1910, to the 28th day of April 1910." Bl. 3 tot 4.
2). Premier. Transvaal. Band 44. No. 45/19/09. 18 April 1910.
3). „Debates of Both Houses of Parliament. 1910." A.w. Bl. 84 & 567.
4). do. Bl. 85 tot 88 en 568 tot 571.
5). do. Bl. 685 tot 687. 28 April 1910.

Die volgende dag het die „Volkstem," na aanleiding van die ontbinding van die Transvaalse Parlement, geskryf: „Gister werd... ten einde gebracht de laatste buitengewone zitting van het tegenwoordige Transvaalse parlement... Deze laatste zitting is 'n 'buitengewone' geweest, en was gekenmerkt door allerlei nuttige maatregelen... Van belang in dit opzicht zijn de schikkingen voor de oprichting van verschillende grote gebouwen in de hoofdstad, waarin gehuisvest zal worden de Unie Regering...."[1)]

FINANSIES VOOR EN MET UNIFIKASIE.

Op 13 September 1909 het die „Cape Times" 'n rooskleurige beskrywing van die finansies van die komende Unie gegee. Onder die opskrif: „Half a million to start with, all from the Transvaal," is entoesiasme vir die komende Unie ingeboesem.[2)]

Dat dit op daardie tydstip baie nodig was om die swaarbelaste Kapenaars te bemoedig, blyk duidelik uit 'n telegram wat Merriman aan Smuts op 27 September gestuur het: „Strictly confidential. Would your government give their assent to our imposing half penny stamp on consumption cigarettes to meet possible remission of part of excise. You are aware of embarassing position."[3)]

Smuts het die volgende dag geantwoord dat die Transvaalse regering geen beswaar teen die voorgenome belasting gehad het nie. „...The step is not likely to lead to any increase in excise... Union excise duties...will have to be equalised...already our excise is higher than yours...."[4)]

Merriman was dit met Smuts eens en het hom meegedeel dat hy slegs die stap oorweeg het omdat daar druk op hom uitgeoefen is. Verder het hy meegedeel: „...I agree with you that...Union must have uniform excise and lowering ours would complicate matters. The only

---

1). „De Volkstem," 29 April 1910, bl. 6.
2). „The Cape Times," 13 September 1909, hoofartikel.
3). Mer. vers. No. 514 van 1909. 27 September 1909.
4). do. No. 575 van 1909. 28 September 1909.

practical measure of relief would be gradual buying out of small distilleries. What are your views?"[1] Smuts het laat weet dat hy nie oor voldoende informasie beskik om Merriman op hierdie vraag te kan antwoord nie.[2]

Toe Smuts op 11 Oktober verneem dat die Kaapkolonie gedurende die vorige finansiële jaar 'n tekort van £364,000 getoon het,[3] het hy Merriman bemoedig deur te telegrafeer: „I regret profoundly to hear of your troubles. Please do not hurry. I am sure a little time and patience will bring you in sight of a solution."[4]

Op 8 Februarie 1910 het Moor voorgestel dat daar voor unifikasie deur die koloniale tesouriers op 'n skema ooreengekom sou word waarvolgens die finansiële beheer deur die Unieregering oorgeneem sou kon word.[5]

Merriman het laat weet dat hy dit eens met die voorstel was maar dat dit wenslik sou wees vir elke kolonie om eers sy eie voorstelle te formuleer sodat die voorstelle dan tydens 'n konferensie teen die einde van Maart met mekaar vergelyk kon word.[6]

Botha het ook die voorstel verwelkom en laat weet dat hy verkies dat die konferensie nie voor die middel van April gehou sou word nie. Ook het hy gevra dat elke kolonie daarvoor sou sorg dat die gewone finansiële state vir die kolonies voor unifikasie opgestel sou word.[7]

Die enigste beswaar wat mnr. Fischer teen die reëlings gehad het, was dat daar aangeneem is dat die oorspronklike voorstel tot die hou van die konferensie van Natal af gekom het. Hy het aan Merriman geskryf dat hy reeds in November 1909 so 'n voorstel gemaak het „... which was met with so cold a response that I am too timid to raise the question again...."[8]

Op 12 April 1910 het Hull aangekondig dat daar 'n voordelige balans van £1,365,000 in die Transvaalse kas was. „...Of the above

1). Mer. vers. No. 576 van 1909. 28 September 1909.
2). do. No. 577 van 1909. 29 September 1909.
3). „The Star," 12 Oktober 1909, hoofartikel.
4). Mer. vers. No. 588 van 1909. 11 Oktober 1909.
5). do. No. 17 van 1910. 8 Februarie 1910.
6). do. No. 20 van 1910. 11 Februarie 1910.
7). do. No. 25 van 1910. 14 Februarie 1910.
8). do. No. 29 van 1909. 16 Februarie 1909.

balance £690,000 will be handed over to the Union to pay for services sanctioned, but not completed by 30th May next, leaving an unappropriated balance of £675,000. ....[1]"

As gevolg van die besuinigingsmaatreëls wat in die Kaapkolonie toegepas is, kon Merriman op 17 Mei met trots 'n memorandum publiseer waarvan sir Lewis Michell aan sy broer geskryf het: „...In spite of depressed times, he was able to hand over Treasury assets amounting to nearly a million sterling. It was accomplished by risking his popularity, but this he disdained in order that we might enter the partnership with a substantial balance in hand, and his action... deserves far more credit than it has ever received....[2]"

DIE £300 -TOEKENNING.

Tydens die laaste sitting van die Transvaalse Parlement moes daar slegs 'n paar aangeleenthede van belang bespreek word, en een van hierdie aangeleenthede was om te besluit wat daar met die surplus wat daar in die Transvaalse kas was, gedoen sou word.

Deels as gevolg van 'n gevoël van dankbaarheid teenoor die Transvaalse parlementslede, maar veral omdat daar besef is dat die dienste van die parlementslede as gevolg van unifikasie vroegtydig beëindig sou word, het genl. Smuts, nadat hy die regsgeldigheid van sy voorgenome maatreël deeglik ondersoek het, aanbeveel dat die buitengewone sitting van die parlement as gewone sitting verklaar sou word. Daarna het Smuts, met verwysing na Wet no. 12 van 1907, waarin die vergoeding aan parlementslede omskryf is, voorgestel dat daar 'n spesiale vergoeding van £300 aan elke parlementslid betaal sou word.[3]

Op 30 April het mnre. W. Dalrymple, J. Roy, W.A. Martin, L. Curtis en R. Feetham die volgende verklaring aan die pers uitgereik:

„What happened in the Council.

We desire to make the following statement as to our position

1). „The Star," 12 April 1910, bl. 9.
2). Sir Lewis Michell vers. ACC 540. No. 29. Hoofstuk 16. Bl. 394 tot 395. 17 Mei 1910.
3). „De Volkstem," 28 April 1910, bl. 12.

as members of the Legislative Council with reference to the resolution adopted on Thursday afternoon by the Legislative Assembly recommending that for the purpose of the Payment of Members Act, 1907, the extraordinary session, which has just terminated, should be considered as an ordinary session.

Just before the Legislative Council resumed its sitting at 2.30 on Thursday afternoon, the Colonial Secretary asked to see Mr. Curtis, and showed him in the lobby a motion referring to the payment of members which was, according to Mr. Curtis's recollection, identical with the motion which Mr. Smuts subsequently moved in the Assembly. Mr. Smuts told Mr. Curtis he wished to introduce this motion into the Legislative Council as an unopposed motion, and that he could not do so if any member blocked him. He asked Mr. Curtis not to block the motion, and further expressed the hope that the motion would be allowed to pass unopposed. Mr. Curtis informed the rest of us of what Mr. Smuts had said, and when after the sitting had lasted a few minutes business was suspended and the matter was discussed between us. As a result of this discussion Mr. Curtis sent Mr. Smuts, who was in the Assembly, the following note a few minutes after three:-

'April 28.

Dear Smuts, -- We shall not block the motion on the understanding that by not doing so we are not interpreted as approving its terms. Dalrymple, Martin, Feetham, and myself will oppose the motion on the ground of its illegality, but Feetham and I would oppose a Bill if introduced on its merits. -

(Signed) L. Curtis.'

...We decided not to block the motion by refusing leave to bring it in without notice, as we felt that if we adopted this course we should prevent a public discussion, while we were not likely to prevent the Government from making the proposed payment...The objection to the motion on the ground of its illegality was based on the view that Parliament could not legally give any authority for the

proposed payment of members on the 'ordinary session' basis except by means of a Bill, and that the motion was in effect a request to the Government to break the law for the benefit of members.

Mr. Roy, who shared our objection to the proposal on the ground of illegality, expressed during our discussion of the matter his intention of walking out of the House without voting when the matter was brought up."[1)]

Dit is vanselfsprekend dat Smuts, nadat hy die nota van Curtis ontvang het, sou besluit om nie die mosie deur die Wetgewende Raad te laat bespreek nie. Aangesien daar nie weer 'n sitting van die Transvaalse Parlement sou wees nie, was daar 'n ander wetlike bepaling waarvan Smuts besluit het om gebruik te maak. Die gebeure is deur die „Star" as volg uiteengesit: „...We cannot think that anyone... will endorse...the transaction which took place in the Assembly on Thursday afternoon, when an 'extraordinary' session was converted by simple resolution into an 'ordinary' session and members consequently became entitled, at least in their own belief, to the ordinary renumeration for a year's Parliamentary work...Let us first piece together the facts of the story which culminated in General Smuts' motion of Thursday. The 'extraordinary' session which began on April 6 would have provided each member, under the Payment of Members Act, 1907, with a fee of 'ten pounds, together with a further sum of two pounds for every working day on which such member is not absent.' In other words, the total renumeration for a session of sixteen working days would have been exactly £42 a head. The session seems hardly to have begun before there was a general movement in favour of increasing what was regarded as so inadequate an allowance. It was urged that this session was lasting far longer than anyone expected, that it was not merely a formal ceremony, but a time of hard legislative work, and that the labourer was worthy of his hire... The Government was sympathetic; but how was the thing to be done?

---

1). „The Star," 30 April 1910, bl. 9. „The £300 grant."

The first plan, we gather, was a proposal to follow the example of a neighbouring Colony, and introduce a special Bill providing every member with a bonus of £100. That sum would perhaps have represented the payment due for the fragment of the Parliamentary year; ...there would have been no legal or constitutional objection. We do not know what induced the Government to drop this plan... In any case nothing further came of it, and an alternative scheme was presently found and adopted, which had the double merit, first of avoiding the protracted publicity of passing a Bill through Parliament, and second of providing members not with £100 but with £300 apiece... We look upon General Smuts' speech, in fact as a plain enough admission in itself of the illegality of his motion, which was nevertheless accepted and carried without protest in the Assembly. That impression is confirmed by a glance at the method of payment which the motion involves. These £300 cheques -- amounting in all to an additional tax on the public of something like £20,000 -- have not been voted by Parliament at all, but are apparently to be issued by warrant of the Governor in Council under an Act which only authorises this method of procedure when Parliament is not sitting, and insists on the subsequent sanction of Parliament at its next ensuing session. We should certainly like an opinion on the legality of applying it to the case of a Parliament which is actually in session at the time and will never be in session again. Finally this motion, which affects the members of both Houses, was only submitted to one of them. The reason for this curious omission is gradually becoming apparent. Plainly the Government had succeeded in lulling the Lower House to sleep, but was threatened with an exposure in 'another place,' and was afraid to face the music...

The Transvaal Parliament has simply ridden roughshod over its own Laws in a desperate determination to escape the attention of the public...It has decided to invite the Cabinet to distribute the money

without a shadow of legal sanction beforehand or the chance of obtaining sanction afterwards."[1)]

Op 2 Mei het mnr. Patrick Duncan ten behoewe van kol. Dalrymple, Richard Feetham en Lionel Curtis, by hoofregter sir James Rose-Innes en regter Bristowe aansoek gedoen om die Nasionale Bank van Suid-Afrika te belet om 'n groter bedrag aan die parlementslede uit te betaal as waarop hulle geregtig was. Nadat die pleidooi gelewer is, het die hoofregter verklaar dat, op grond van die getuienis wat gelewer is, dit nie wenslik was vir die hof om 'n opinie uit te spreek nie.[2)]

Toe daar op 4 Mei bekendgemaak is dat die saak op 6 Mei in die Hooggeregshof sou dien, is daar ook besef dat indien die Regering die saak verloor, hulle die uitbetaling van die toekenning kon verseker deur die parlement weer eens te laat sit en die 'Betaling van Parlementslede Akte van 1907' te wysig.[3)]

Op 10 Mei is die uitspraak in hierdie saak gegee. Die regters het bevind dat die wet oortree is maar: „...The general rule of our law is that no man may sue in respect of a wrongful act, unless it constitutes the breach of a duty due to him by the wrongdoers, or unless it causes him some damage in law...."[4)] Die hoofregter het verder verklaar dat die Unieregering verplig sou wees om die uitbetaling goed te keur en dat sake van 'n dergelike aard deur die Hoë Hof van die Parlement verhoor moes word.

Op 12 Mei het die waarnemende goewerneur, genl. Hadfield, die besluit van die Volksraad bekragtig en die geld is uitbetaal.[5)]

„De Volkstem" was die enigste koerant in Suid-Afrika wat van mening was dat die uitbetaling van hierdie geld billik was. Die Volksraadslede was finansieel nie sterk nie en sommige lede het groot opofferinge gemaak om hul land en volk te dien. Die toelaes aan lede

---

1). „The Star," 30 April 1910, hoofartikel.
2). do. 2 Mei 1910, bl. 9.
3). do. 4 Mei 1910, bl. 9.
4). do. 10 Mei 1910, bl. 7 tot 8.
5). „De Volkstem," 13 Mei 1910, hoofartikel.

tydens buitengewone sittings was baie gering en aangesien die laaste sitting drie weke geduur het, kon daar geen beswaar geopper word omdat daar besluit is om dit as 'n gewone sitting te verklaar nie.[1]

In die Kaapkolonie is die optrede van die Transvaalse regering sterk afgekeur. „The Cape" het verklaar dat die voorstel van genl. Smuts betreurenswaardig is en verbasing is uitgespreek omdat sir Percy Fitzpatrick die sekondant was.[2]

Die „Cape Times" het Hadfield aangeval omdat hy, wetende dat die uitbetaling onwettig sou wees, tog die magtigingsbriewe onderteken het.[3]

Die Kaapse ministers het 'n beroep op die Transvaalse parlementslede gemaak om slegs hul regmatige £42 van die £300 -tjek te hou en om die balans terug te stuur.[4]

BOTHA HOU DIE KAAPKOLONIE IN ONSEKERHEID.

As gevolg van die hartlike samewerking van die vorige jaar het daar 'n drang ontstaan om die samewerking voort te sit deur middel van 'n koalisieregering. Aangesien die Transvaalse leiers nie geneë was om so 'n vergelyk te tref nie, het die politici van die ander kolonies hulle begin aanval en mnr. Burton het aan Merriman geskryf: „...I have had a talk with Fischer who is with us heart and soul as to the prime importance of incitating the new Government not[5] from the Transvaal...."[6]

'n Maand later het die „Volkstem" verklaar dat beide Botha en Fitzpatrick teen die samestelling van 'n „chow-chow" -regering was. „... 't Lijkt ons 'n beetje verspot om te verwachten dat, nu de verschillende partijen 'n jaar lang zamen gewerkt hebben, ...alle bestaansreden voor die partijen eensklaps opgehouden zou hebben, — eenvoudig omdat men nu 'n groter regering en volksraad gaat krijgen!

---

1). „De Volkstem," 13 Mei 1910, hoofartikel.
2). „The Cape," 6 Mei 1910, hoofartikel.
3). „The Cape Times," 18 Mei 1910, hoofartikel.
4). „The Star," 11 Mei 1910, bl. 9.
5). Burton benadruk.
6). Mer. vers. No. 313 van 1909. 30 Junie 1909.

De partij-verdeling in ons land is gebasseerd op onderscheiden beginselen, niet op de verwezenliking van ꞌn zuidafrikaanse verėniging ... ꞌn Koalitie-ministerie betekent ꞌn papbroek-regering...en onder zo ꞌn regering kan er natuurlik nauweliks sprake zijn van ꞌn oppositie... Nee, onze partij-organisatie is geen organisatie van sentiment, die vandaag of morgen kan worden opgelost in ꞌn kleurlose sprie van algemene beginsel-insolventie...."[1]

Op 21 Augustus het die tydskrif „South Africa" bevestig dat Botha ten gunste van ꞌn sterk regering en ꞌn sterk opposisie was. „Mr. Chaplin, the acting leader of the opposition in the Transvaal, in pointing out the other night that General Botha's statement meant the end of any idea of coalition, took the opportunity of adding that he personally entirely agreed that a strong Government checked by a strong Opposition was the best thing for the Country... in short, it seems clear that the much canvassed ideal, which would practically constitute the first Union Government as a continuation of the National Convention, has definitely broken down...."[2]

Op 24 Augustus is bekendgemaak dat die eerste algemene verkiesing in die Unie teen die einde van 1910 sou plaasvind en dat ꞌn voorlopige tussenregering die bestuur van die land na unifikasie sou waarneem.[3]

Toe daar gedurende die volgende drie maande niks van die voornemens van die Transvaalse leiers verneem kon word nie, is daar vermoed dat iets in Transvaal aan die broei was. Geleidelik het die spanning toegeneem sodat Fischer op 6 Desember aan Merriman geskryf het: „...I don't know whether Slim Jannie unburthened himself to you whilst in Cape Town as to the Transvaal's plans for Union. As yet we are in the dark as to their intentions...."[4]

Op 29 Desember is die spanning verlig. Toe het Botha aan Merriman geskryf dat daar talle lede van die Progressiewe Party in die land was wat graag by die regerende partye sou wou aansluit as

---

1). „De Volkstem," 27 Julie 1909, hoofartikel.
2). „South Africa." Bl. 425.
3). „De Volkstem," 24 Augustus 1909, hoofartikel.
4). Mer. vers. No. 604 van 1909. 6 Desember 1909.

slegs die sentiment van ras uitgeskakel kon word. Hy het daarop voorgestel dat die Suid-Afrikaanse Party, die Bondparty, die Orangia-Unie en die Het Volk-party moes verenig onder die naam van 'n nuwe Suid-Afrikaanse Party en dat 'n program van beginsels opgestel sou word wat vir die Progressiewes aanneemlik sou wees. Indien hulle daarin kon slaag, sou die gematigdes vir 'n baie lang tydperk die land kon bestuur.[1)]

Merriman het hierdie voorstel verwelkom en geskryf: „...A better name than South African Party you could not have. It really embraces all we stand for, all we have accomplished...."[2)] Smuts het hierdie voorstel ook goedgekeur en op 10 Februarie aan Merriman geskryf: „...If we finally adopted all over South Africa some such name as 'S.A. Party' we would consolidate under a good name and prevent provincial sectionalism inside the party...."[3)]

As gevolg van die bekende feit dat daar 'n sterk vriendskapsband tussen genl. Botha en dr. Jameson bestaan het, het „The Cape" gewaarsku dat daar 'n komplot tussen hierdie twee manne gesmee sou wees wat Merriman se val sou bewerkstellig. „...The prospects of a Botha-Jameson coalition have been received with considerable satisfaction in exalted political circles some of whom have been previously consulted informally in regard to this probability...of course, the notion of such a thing as a Botha-Jameson Coalition has been at once indignantly denied on both sides, ...but the suggestion will none the less surely be repeated later on, and thus the public mind is expected to become gradually accustomed to the idea and to that of the political effacement of Mr. Merriman, as a certain result."[4)]

Mnr. Fischer het Botha en Smuts bly wantrou en op 18 Februarie het hy selfs so ver gegaan as om Merriman teen hulle te waarsku: „... Of course, the present game is, by blackguarding some of the Cape and all the O.R.C. poisers that be, and influencing the Transvaal and some at the Cape, to cause a split in our camp; first divide and

---

1). Mer. vers. No. 617 van 1909. 29 Desember 1909.
2). do. No. 1 van 1910. 5 Januarie 1910.
3). do. No. 19 van 1910. 10 Februarie 1910.
4). „The Cape," 7 Januarie 1910, hoofartikel.

then dictate! As if we are fools enough not to see and prevent the game...."[1]

In twee briewe van 22 Februarie 1910 het genl. Smuts geskryf dat die Transvaalse regering nog altyd getrou aan die Kaapse regeerders was. Aan Fremantle het hy geskryf dat die Transvaalse regering beslis teen enige vorm van koalisie gekant was en dat hulle baie versigtig moes optree aangesien die krag van die Progressiewes aan toeneem was.[2] Aan Merriman het hy geskryf: „...The Progressives are determined to steer the issue of the next elections in the direction of racialism, as they expect in that way to prevent their moderate followers from going over to us. We, on the other hand, must lose no occasion of driving home the fundamental truth that our party is already racially composite and our policy absolutely non-racial as our past record also shows...Jameson's attack on you has of course done you no end of good. These men are small and their methods are smaller...."[3]

Op dieselfde dag het Steyn ook aan Merriman geskryf om hom gerus te stel oor die houding van Botha en Smuts. Hy het verklaar dat die koalisiepraatjies van Jameson ongegrond was en dat Botha geen kommentaar daarop wou lewer nie omdat hy soveel as moontlik van die planne van die Progressiewes wou uitvind. „...All the violent articles and speeches (van „The Cape" en dr. Jameson[4]) have but one object — that is to try and drive a wedge in between you and Botha and make co-operation between you impossible...."[5]

Drie dae later het „The Cape" berig dat genl. Botha beslis nie die fout sou begaan om met die Progressiewes te wil saamwerk nie. „...On the other hand we have an embarassing and almost unworthy silence. General Botha remains as dumb as the sphinx, although one word from him will put an end to the schemes for a ...Coalition

---

1). Mer. vers. No. 34 van 1910. 18 Februarie 1910.
2). Fremantle vers. ACC. 608. Vol. 12. 22 Februarie 1910.
3). Mer. vers. No. 37 van 1910. 22 Februarie 1910.
4). Sien die hoofartikel van „The Cape" van 18 Februarie 1910 t.a.v. die toespraak van dr. Jameson te Kaapstad en die gevolgtrekkinge waartoe hierdie koerant daarna geraak het.
5). Mer. vers. No. 38 van 1910. 22 Februarie 1910.

Government ... Malan, who is now...the leader of the Bond, sits lost in silence...apparently waiting with an air of profound wisdom to see which way the cat will jump. Mr. Merriman alone speaks out...The silence of General Botha appears almost unchivalrous towards the Cape Premier...the General neither adds to his dignity nor his popularity in taking shelter behind Mr. Merriman from the attacks of the Coalitionists...."[1)]

Op 4 Maart het „The Cape" verklaar dat selfs „...the magnificent efforts of our enterprising Press to gather a statement from General Botha...seem doomed to failure. The "Transvaal Leader" followed the General for weeks and all he heard was more about irrigation and brotherly love...."[2)]

Die posisie het nou ook vir Merriman onuithoubaar geword. Op 1 Maart het hy hulp, informasie en bemoediging by die hoofregter van Transvaal gesoek en o.a. gekla dat „...the whole noxious business in inexpressibly distasteful. The lying of Jameson and the cowardly silence of Botha...."[3)] Rose-Innes het geantwoord dat dit onwaarskynlik was dat Botha enige verklaring sou maak voor 22 Maart. Sy vermoede was dat Botha op daardie dag voor die kongres van die „Het Volk" -party 'n verklaring sou maak waardeur die grondslag van die „Het Volk" -party verbreed sou word om daardeur 'n Suid-Afrikaanse Party in die lewe te kon roep.[4)]

Die feit dat selfs Rose-Innes nie geweet het wat die planne van Botha was nie, het Merriman diep onrustig laat voel. Op 15 Maart het hy vanaf Port Elizabeth aan sy vrou geskryf: „...I see Botha is still going round letting off the most amazing lot of platitude. <u>He is going to humbug us</u>.[5)] I am quite sure..."[6)] Twee dae later het hy aan Rose-Innes geskryf: „...The situation up your way is perplexing and the question that looms very large is whether Botha is humbugging us

1). „The Cape," 25 Februarie 1910, bl. 5. „Indaba."
2). do. 4 Maart 1910, bl. 5.
3). Rose-Innes vers. No. 482 van 1910. 1 Maart 1910.
4). Mer. vers. No. 50 van 1910. 11 Maart 1910.
5). Merriman beklemtoon.
6). Mer. vers. No. 54 van 1910. 15 Maart 1910.

or humbugging Jameson. Not perhaps a very dignified dilemma but there is a most refreshing smack of sliminess about it and at any rate it gives the Union a start on sound South African lines..."[1)]

Dat Merriman se gemoedsrus totaal versteur was, blyk uit ŉ ander deel van sy brief aan Rose-Innes. Merriman het homself bejammer en sy toevlug tot sentimentele gedagtes geneem: „...It is odd, how, when one gets away, all one's worries and troubles seem so very small that one is ashamed to have let them bulk so largely...'A little rule, a little sway, a sunbeam on a wintry day — Is all the great and mighty have, between the cradle and the grave.' And how much less when one is neither great nor mighty? ...."[2)]

Die verwagte verklaring is nie op 22 Maart gemaak nie. Die penarie waarin Merriman hom nou bevind het, was so groot dat Hely Hutchinson drie dae later aan hom geskryf het: „...I have been making enquiries as to what Botha said about Coalition...he certainly gave more than one of my friends to understand that he was in favour of it. Of course, he may have been misunderstood. I don't suppose it much matters what was said; the important thing is what is to be done. I cling to the hope that there will be no racial division in the new parliament, and that the First Union appointments will be made on lines such as those on which the Convention nominations were made."[3)]

Hierdie brief van die Kaapse goewerneur kon slegs dien om Merriman verder te verontrus aangesien Jameson in sy toespraak te Kaapstad geïnsinueer het dat hy met Botha onderhandel het oor „... schemes for a 'Best-Men' or Coalition Government...."[4)]

DIE EERSTE PREMIER VAN DIE UNIE.

Aangesien die man wat as eerste premier van die Unie van Suid-Afrika aangewys sou word, ŉ onsterflike figuur in die geskiedenis

1). Rose-Innes vers. No. 483 van 1910. 17 Maart 1910.
2). do.
3). Mer. vers. No. 60 van 1910. 25 Maart 1910.
4). „The Cape," 25 Februarie 1910, bl. 5. „The Indaba."

van die land sou wees, was hierdie aanstelling ŉ eer wat deur al die politieke leiers van die land begeer is.

Op 19 Desember 1908, pas nadat die Nasionale Konvensie te Kaapstad verdaag het, het sir Lewis Michell aan sy broer geskryf dat genl. Botha „... stands out above his fellow members and bids fair to be selected as the first Dominion Premier...."[1)]

In Maart 1909 het die opvatting dat sir Henry de Villiers as eerste premier van die Unie aangewys sou word, tot so ŉ mate veld gewen dat kol. sir A.W. Sampson in die Transvaalse Wetgewende Vergadering daar melding van gemaak het.[2)] Hierdie gerugte is ŉ jaar later nog versprei met die gevolg dat Rose-Innes op 17 Maart 1910 in ŉ brief aan Merriman daarvan melding gemaak het.[3)]

Alhoewel al vier die premiers aanspraak op hierdie hoë onderskeiding kon maak was die keuse in werklikheid beperk tot mnr. Merriman en genl. Botha.

Mnr. Merriman het aanspraak op die premierskap gehad op grond van sy ouderdom; in Mei 1910 sou hy byna 70 jaar oud wees. Ook was hy die premier van die oudste Britse kolonie in Suid-Afrika. Hy het veertig jaar van sy lewe op die publieke verhoog deurgebring en sy parlementêre en administratiewe loopbaan was voortreflik. Sy naam is genoem as die beste finansier in die land en dit was bekend dat hy publieke eiendom goed versorg het. Sy vriende het hom as reguit, eerlik en openhartig beskou en Fischer, Hertzog en Steyn het hom openlik in sy aanspraak gesteun.

Daar is egter ook besef dat daar talle faktore was wat teen die benoeming van Merriman getel het. As Engelssprekende Suid-Afrikaner was hy dislojaal teenoor Engeland tydens die Vryheidsoorlog. Hy was geneig om te eerlik, te openhartig en te reguit te wees. Sy ondersteuners het gereedelik erken dat hy hom nie in die toekoms kon indink nie. Hy was geneig om agteraf van mense kwaad te praat en

---

1). Sien bl. 304 van hierdie werk.
2). „Debatten van de Wetgevende Vergadering van de Transvaal. 1909." A.w. Bl. 262.
3). Rose-Innes vers. No. 483 van 1910. 17 Maart 1910.

herhaaldelik het hy dit selfs op skrif gestel. Hy het sy afkeer in die nuwe bevolking van die Witwatersrand nooit verbloem nie en daardeur het hy ook talle Engelse, wat groot belange in die mynbou gehad het, vervreem. Omdat hy meer waarde aan die plattelandse stem as aan die stedelike stem geheg het, het hy die bewoners van die stedelike gebiede in sy eie kolonie vervreem. Sy drastiese finansiële maatreëls en die onbillike belastings wat hy op die Kaapse wynboere gelê het, is sterk afgekeur met die gevolg dat talle Kolonialers verkies het dat genl. Botha as eerste premier aangewys sou word.

Op 26 Junie 1909, net voordat die afgevaardigdes na Engeland vertrek het, het die „Star" berig dat mnr. Merriman as „Privy Councillor" aangestel is. Die koerant het daaraan toegevoeg dat hy hierdie eer verdien het maar dat hy beslis nie die premier van Suid-Afrika mag word nie. „...It cannot be said that the Union of South Africa has been in any sense the guiding ideal of his political career. He has found himself, by the irony of chance, in a leading position among those who accomplished that Union. He has accepted rather than guided public opinion...."[1)]

Generaal Botha het self geen aanspraak op die benoeming as premier van Suid-Afrika gemaak nie. Tydens die Tweede Vryheidsoorlog het hy, as opperbevelhebber van die Transvaalse weermag, groot roem verwerf. Die Natallers het gedurende daardie jare 'n baie hoë agting vir die generaal opgebou. As premier van Transvaal was sy loopbaan kort maar skitterend. As gevolg van sy optrede as Minister van Landbou het hy hom van die heelhartige ondersteuning van die boeregemeenskap verseker en die steekhoudende toepassing van sy toenaderingsbeleid het hom van die ondersteuning van die opposisie in Transvaal, die Engelse in Suid-Afrika, die Britse regering, die Britse koning en die Britse ryk verseker. Lord Selborne het herhaaldelik van sy hoë agting vir genl. Botha melding gemaak en op 21 Maart 1910 het sir Wilfred Laurier, die premier van Kanada, aan

---

1). „The Star," 26 Junie 1909, hoorartikel.

